UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# "RAS, VOLK EN NASIE" EN "KERK EN SAMELEWING" AS BELEIDSTUKKE VAN DIE NED. GEREF. KERK
## – *'N KERK-HISTORIESE STUDIE*

DEUR

JOHAN MATTHYS VAN DER MERWE

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN 'N DEEL
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD
DOCTOR DIVINITATIS
IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE AFDELING B,
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOTOR: PROF DR PB VAN DER WATT

PRETORIA SEPTEMBER 1990

© University of Pretoria

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HY WAT VIR HOM 'N TOEKOMS WIL SKEP,

MAG NIE DIE VERLEDE UIT DIE OOG VERLOOR NIE!

- President Paul Kruger

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## DANKBETUIGING

By die voltooiing van hierdie studie, 'n aantal kort woorde van opregte dank:

* Aan my promotor, professor PB van der Watt vir sy leiding, inspirasie en tyd te midde van 'n baie druk werksprogram. Sy entoesiasme, sy liefde vir kerkgeskiedenis en sy akademiese bekwaamheid sal my altyd bybly.

* Aan al die personeel in die Transvaalse kerkargief, die kantoor van die Algemene Sinode en die Merensky Biblioteek, wie se uitnemende diens die opsporing van belangrike dokumente vergemaklik het.

* Aan familie en vriende vir hulle voortdurende belangstelling.

* Aan my ouers, vir hulle ondersteuning, motivering en ruim finansiële bydrae - veral wat die dupliseer en bind van hierdie proefskrif betref.

* Aan my vrou, vir jou daadwerklike ondersteuning, maar veral vir ure se geduldige en noukeurige tikwerk. Jou bydrae tot hierdie studie spreek vanself! Aan jou, Hannie, dra ek hierdie studie op.

* Aan die Here van die kerk, aan wie al die eer, en al die lof en aan die aanbidding toekom - tot in alle ewigheid.

JM VAN DER MERWE


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUD

PAGINA

*AFKORTINGS* 1

*VERANTWOORDING* 3

HOOFSTUK 1

OP WEG NA RAS, VOLK EN NASIE: DIE HISTORIESE AANLOOP

1.1 *DIE JAAR 1960* 10

1.2 *COTTESLOE: DESEMBER 1960* 15

1.2.1 Die Gebeure vooraf 15

1.2.2 Die Beraad self 20

1.2.3 Reaksie op die Cottesloe-beraad 22

1.2.3.1 Die Federale Raad van Ned. Geref. Kerke 24

1.2.3.2 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal 27

1.2.3.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Kaapse Sinode) 28

1.3 *DIE GEVOLGE VAN DIE COTTESLOE-BERAAD* 31

1.3.1 Ekumeniese Afkeur 31

1.3.2 Die stigting van die Christelike Instituut 32

1.3.3 Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke 33

1.3.4 Nuwe Aandag aan Rasseverhoudings 33

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1.3.5 Die Besluit van die Kaapse Kerk 1961 34

1.4 *DIE KAAPSE SINODE 1965* 35

1.5 *OPVOLGENDE BELANGRIKE SINODES VAN DIE NED. GEREF. KERK* 49

1.5.1 Die Algemene Sinode 1966 49

1.5.2 Die Kaapse Sinode 1969 51

1.5.3 Die Algemene Sinode 1970 54

1.6 *EVALUERING* 56

1.7 *SAMEVATTING* 58

1.8 *VOETNOTAS* 59

## HOOFSTUK 2

## VAN KOMMISSIE VERSLAG TOT AMPTELIKE BELEIDSTUK - RAS, VOLK EN NASIE EN VOLKEREVERHOUDINGE IN DIE LIG VAN DIE SKRIF

2.1 *DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE* 67

2.2 *DIE INHOUD VAN DIE VERSLAG* 69

2.2.1 Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif 70

2.2.1.1 Algemene Opmerkinge 70

2.2.1.2 Skrifgegewens: Ou Testament 72

2.2.1.3 Skrifgegewens: Nuwe Testament 74

2.2.1.4 Huwelik en Gemengde Huwelik 76

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.2.2 Die Kerk, die Koninkryk en die Ekumene 78

2.2.2.1 Die Kerk, die Koninkryk en die Ekumene 78

2.2.2.2 Horisontalisme en die Horisontale dimensie 81

2.2.2.3 Die Teologie van Rewolusie 82

2.2.3 Die Kerk en Maatskaplike Geregtigheid 83

2.2.3.1 Prinsipiële uitgangspunt 83

2.2.3.2 Staatkundige Aspekte 84

2.2.3.3 Opvoeding 85

2.2.3.4 Die Kerk en sy diakonaat 86

2.2.3.5 Bantoetuislande 86

2.2.3.6 Die Bantoe in Blanke gebiede 87

2.2.3.7 Trekarbeid 88

2.2.3.8 Die Kerk en Trekarbeid 88

2.2.3.9 Die Kerk en Maatskaplike Geregtigheid ten opsigte van die Kleurlinggemeenskap in Suid-Afrika 89

2.2.3.10 Die Kerk en Maatskaplike Geregtigheid ten opsigte van die Indiër en ander Asiate in Suid-Afrika 89

2.2.4 Kerk en Sending 90

2.2.4.1 Die Eenheid van die kerk en die bestaan van afsonderlike Ned. Geref. Kerkverbande vir verskillende bevolkingsgroepe 90

2.2.4.2 Die Heiligheid van die kerk en die Geestelike Gemeenskap tussen Moeder- en Dogterkerke 91

2.2.4.3 Die Katolisiteit van die kerk en die Inheemse Eie-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

soortigheid van die kerk onder volkere 92

2.2.4.4 Die Apostolisiteit van die kerk en die Sendingtaak van Moeder- en Dogterkerke 92

2.2.5 Slotopmerkings 93

2.3 *DIE VERSLAG IN OËNSKOU* 94

2.4 *DIE VERSLAG TER TAFEL* 96

2.4.1 Die Sinode besluite 96

2.4.2 Die Sinode besluite in Oënskou 105

2.5 *DIE PUBLIKASIE VAN DIE VERSLAG* 107

2.6 *SAMEVATTING* 109

2.7 *VOETNOTAS* 111

HOOFSTUK 3

DIE NED. GEREF. KERK MET RAS, VOLK EN NASIE IN DIE BRANDPUNT

3.1 *REAKSIE OP RAS, VOLK EN NASIE VANUIT SUID-AFRIKA* 116

3.1.1 Die Openbare mening 116

3.1.1.1 Gemengde Huwelike 117

3.1.1.2 Gesamentlike Aanbidding 121

3.1.2 'n Gemeente in beroering: Migdol - Wes-Transvaal 124

3.1.3 'n Ring laat sy waarskuwende stem hoor: Die Ring van Piet Potgietersrus 130

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.1.4 Die Streeksinodes reageer 133

3.1.4.1 Wes-Transvaal 133

3.1.4.2 Die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika (Kaapse Sinode) 136

3.1.5 Die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk: 1978 142

3.1.6 Die Federale Raad van Kerke 147

3.2 *REAKSIE VANUIT DIE BUITELAND* 153

3.2.1 Die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN) 154

3.2.2 Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode 168

3.2.2.1 Gemengde Huwelike 169

3.2.2.2 Gesamentlike Aanbidding 172

3.2.3 Die Switserse Federasie van Protestantse Kerke 175

3.2.3.1 Theology - Advocate or Critic of Apartheid? 176

3.2.4 Die Gereformeerde Bond van Duitsland 191

3.3 *RAS, VOLK EN NASIE: GEWEEG EN TE LIG BEVIND* 197

3.4 *SAMEVATTING* 206

3.5 *VOETNOTAS* 208

HOOFSTUK 4

BELANGRIKE IMPULSE OP WEG NA 'N NUWE BELEIDSTUK

4.1 *INLEIDING* 216

4.2 *DIE HERVORMINGSDAGGETUIENIS: 31 OKTOBER 1980* 218

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

4.2.1 Die Aanloop 218

4.2.2 Die Inhoud van die Getuienis 222

4.2.3 Die Doel van die Getuienis 225

4.2.4 Reaksie op die Getuienis 234

4.2.4.1 Positiewe Reaksie op die Getuienis 234

4.2.4.2 Negatiewe Reaksie op die Getuienis 241

4.2.5 'n Grootskaalse storm bars los 250

4.2.6 Die Afloop 260

4.2.7 'n Beoordeling van die Hervormingsdaggetuienis 266

4.3 *DIE OPE BRIEF* 271

4.3.1 Die Aanloop tot die Ope Brief 271

4.3.2 Die Doel van die Ope Brief 275

4.3.3 Die Inhoud van die Ope Brief 278

4.3.4 Reaksie op die Ope Brief 289

4.3.4.1 Positiewe Reaksie op die Ope Brief 289

4.3.4.2 Negatiewe Reaksie op die Ope Brief 298

4.3.5 'n Beoordeling van die Ope Brief 310

4.4 *DIE VERGADERING VAN DIE WÊRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE: OTTAWA 1982* 315

4.4.1 Die Aanloop 316

4.4.2 Ottawa: 17 - 27 Augustus 1982 325

4.4.2.1 Die Nagmaalsboikot 325

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.4.2.2 Die Naudé-brief 328

4.4.2.3 "Racism and South Africa" aan die orde 330

4.4.2.4 Dr Allan Boesak: President van die WGK 346

4.4.3 Reaksie op die Ottawa-besluit 353

4.4.4 'n Beoordeling van die Ottawa-gebeure 357

4.5 *DIE BELHAR-BELYDENIS: 1982* 359

4.5.1 Die Aanloop tot die Belhar-sinode 360

4.5.2 Die Drie en Twintigste Vergadering van die Sinode van die Ned. Geref. Sendingkerk: 22 September - 6 Oktober 1982 363

4.5.2.1 'n Spanningsvolle begin 363

4.5.2.2 Die Ned. Geref. Sendingkerk en Apartheid 370

4.5.2.2.1 Die Afkondiging van 'n status confessionis 370

4.5.2.2.2 Die Ned. Geref. Kerk beskuldig van kettery 379

4.5.2.2.3 ·Die Ned. Geref. Kerk opgeroep tot Skuldbelydenis 383

4.5.2.2.4 Die Verklaring oor Rassisme en Suid-Afrika (Ottawa) 389

4.5.3 Die Konsep-belydenis 1982 391

4.5.3.1 Die Inhoud 392

4.5.3.2 Amptelike Reaksie van die Ned. Geref. Kerk 398

4.5.4 'n Beoordeling van die gebeure 434

4.6 *SAMEVATTING* 439

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.7 *VOETNOTAS* 442

## HOOFSTUK 5

## 'N NUWE BELEIDSTUK WORD 'N WERLIKHEID

5.1 *'N HISTORIESE BESLUIT* 458

5.2 *DIE HERSIENINGSKOMMISSIE* 461

5.3 *DIE WERKSWYSE VAN DIE KOMMISSIE* 461

5.4 *DIE VERSLAG VAN DIE HERSIENINGSKOMMISSIE VAN RAS, VOLK EN NASIE* 464-572

verbatim

5.5 *DIE VERSLAG: KERK EN SAMELEWING VOOR DIE ALGEMENE SINODE* 572

5.5.1 'n Vroeë wending - die verkiesing van.'n moderator 572

5.5.2 Kerk en Samelewing ter tafel 578

5.6 *DIE PUBLIKASIE VAN KERK EN SAMELEWING* 596

5.7 *SAMEVATTING* 599

5.8 *VOETNOTAS* 601

## HOOFSTUK 6

## KERK EN SAMELEWING BRING DIE NED. GEREF. KERK IN BEROERING:

6.1 *ONMIDDELLIKE REAKSIE* 605

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

6.2 *ONWEERSWOLKE OOR DIE NED. GEREF. KERK* 615

6.2.1 Die Silverton-byeenkoms: 2 September 1983 617

6.2.2 Protes!: Daad by die Woord gevoeg! 626

6.2.2.1 Die Aanloop 626

6.2.2.2 Die Skilpadsaal-vergadering: 28 November 1986 632

6.2.2.3 Na die Skilpadsaal - 'n Verklaring uit die Ned. Geref. Kerk 635

6.2.3 'n Grootskaalse storm binne die Ned. Geref. Kerk 636

6.3 *NOG 'N AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK WORD 'N WERKLIKHEID* 645

6.3.1 'n Onversoenbare houding 645

6.3.2 Die Buitengewone vergadering van die Algemene Sinodale Kommissie: 22 Junie 1987 653

6.3.3 Die Antwoord van die Ned. Geref. Kerk 662

6.3.4 Kerkstigting word 'n werklikheid: 27 Junie 1987 665

6.3.4.1 Reaksie op die Kerkstigting 671

6.3.4.2 'n Naamkrisis 677

6.3.4.3 Die Afrikaanse Protestantse Kerk brei uit 678

6.3.4.4 'n Eerste Sinode vir die Afrikaanse Protestantse Kerk 683

6.4 *DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE BOND* 691

6.4.1 Die beswaardes hergroepeer 691

6.4.2 Die Nederduitse Gereformeerde Bond in die Spervuur 696

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6.4.2.1 Die Voorsitter bedank 699

6.4.2.2 In gesprek met die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie 700

6.4.2.3 Die Ned. Geref. Bond: - 'n Probleemkind van die Ned. Geref. Kerk 706

6.5 *"DIE NED. GEREF. KERK TREUR, MAAR IS NIE SONDER TROOS NIE"* 709

6.6 *SAMEVATTING* 714

6.7 *VOETNOTAS* 717

*BRONNELYS* 736

*SAMEVATTING* 755

*SUMMARY* 758

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| **AKLAS** | ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE VIR LEER EN AKTUELE SAKE |
| **ANC** | AFRICAN NATIONAL CONGRESS |
| **APK** | AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK |
| **AS** | ALGEMENE SINODE |
| **ASK** | ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE |
| **BM** | BREË MODERATUUR |
| **CS** | CHURCH AND SOCIETY |
| **DK** | DIE KERKBODE |
| **DRC** | DUTCH REFORMED CHURCH |
| **FRK** | FEDERALE RAAD VAN KERKE |
| **GES** | GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE |
| **GKN** | GEREFORMEERDE KERKE NEDERLAND |
| **HR** | HUMAN RELATIONS AND THE SOUTH AFRICAN SCENE IN THE LIGHT OF SCRIPTURE |
| **KS** | KERK EN SAMELEWING |
| **NED GEREF** | NEDERDUITSE GEREFORMEERDE |
| **NGB** | NEDERDUITSE GEREFORMEERDE BOND |
| **NGK** | NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK |
| **NGSK** | NEDERDUITSE GEREFORMEERDE SENDINGKERK |
| **NHK** | NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA |
| **RES** | REFORMED ECUMENICAL SYNOD |
| **OVS** | ORANJE-VRYSTAAT |
| **PAC** | PAN AFRICAN CONGRESS |
| **PCR** | PROGRAM TO COMBAT RACISM |
| **RSK** | RING SENDINGKOMMISSIE |
| **RVN** | RAS, VOLK EN NASIE |
| **SARK** | SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE |
| **SWA** | SUIDWES-AFRIKA |
| **TBVC** | TRANSKEI, BOPHUTHATSWANA, VENDA EN CISKEI |
| **UNISA** | UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| **USA** | UNITED STATES OF AMERICA |
| **VK** | VOORTSETTINGSKOMITEE |
| **WARC** | WORLD ALLIANCE OF REFORMED CHURCHES |
| **WGK** | WÊRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE |
| **WRK** | WÊRELDRAAD VAN KERKE |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

## VERANTWOORDING

* In die kontemporêre geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk staan sy twee beleidsdokumente - *Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* en *Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die Ned. Geref. Kerk* as twee bakens uit. Die aanloop tot en die gevolge van hierdie twee stukke het die geskiedenis van die kerk die afgelope dekades wesenlik beïnvloed, meer nog, daar kan met stellige sekerheid beweer word dat die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk sedert 1960 ingeweef is in die gebeure rondom hierdie beleidsdokumente. Wie die geskiedenis van dié kerk dus wil bestudeer, kan nie anders om dit die vertrekpunt te maak nie. Die kerk het na 1960 'n bepaalde koers ingeslaan, maar moes dit na heroorweging verander - met tragiese gevolge! Dit is die *status quaestionis* van hierdie studie. Wat het aanleiding gegee tot *Ras, Volk en Nasie,* en wat was die gevolge van hierdie beleidsdokument? Waarom het die Ned. Geref. Kerk in 1982 besluit om die stuk te hersien en'n nuwe dokument *Kerk en Samelewing* die lig laat sien? Was daar 'n wesenlike verskil tussen *Ras, Volk en Nasie* en *Kerk en Samelewing,* en wat was die uitwerking wat laasgenoemde op die kerk gehad het? Dit is op derglike vrae wat hierdie studie probeer antwoord.

* Die aktualiteit van die studie word benadruk deur die diepgaan-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

de invloed wat hierdie gebeure nie alleen op kerklike terrein nie, maar ook in Suid-Afrika as geheel uitoefen en in die toekoms nog gaan uitoefen! *Kerk en Samelewing* was reeds die leidende oorsaak dat 'n ver-regse konserwatiewe Afrikaanse kerk sy verskyning op die kerklike toneel gemaak het, terwyl die gebeure by *Cottesloe* - dertig jaar gelede! - een van die vernaamste struikelblokke op die weg van 'n tweede groot kerkeberaad is.[1] Die noodsaaklikheid van hierdie studie blyk verder as die uitsprake van liberale en konserwatiewe kritici van die Ned. Geref. Kerk gehoor word. Enersyds is daar lidmate en akademici wat *Kerk en Samelewing*: "bloot net nog 'n apartheidsdokument"[2] noem, terwyl ander dit tipeer as: "'n patetiese dokument wat geen tekens van bekering toon nie, omdat dit geen berou bevat nie."[3] Andersyds is daar diegene wat meen dat dié beleidstuk uit "reaksie-teologie" bestaan en die gevolg is van 'n liberalistiese aanslag teen die kerk.[4] Hierdie en talle ander uitsprake in dieselfde trant is ongetwyfeld gegrond in totale onkunde oor wat die afgelope dekades binne die Ned. Geref. Kerk gebeur het, en dan ondermeer onkunde wat voortspruit uit die feit dat geen omvattende studie oor hierdie tydperk van die kerk se geskiedenis nog gedoen is nie! Alhoewel daar verskeie werke verskyn het[5] wat enkele aspekte van hierdie studieveld aansny is dit 'n terrein wat tot nou toe nog braak gelê het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

* Die feit dat hierdie studie juis 'n poging is om hierdie braakgrond te ontgin, maak die probleme wat die bestudering van kontemporêre geskiedenis oplewer ook hier 'n realiteit, alhoewel tog gepoog is om dit te oorbrug.

Die eerste probleem is ongetwyfeld die van "afstand". Die aanname word dikwels gemaak dat die skrywer van kontemporêre geskiedenis nie 'n juiste perspektief op gebeure kan verkry nie - hoofsaaklik vanweë 'n gebrek aan afstand van die onmiddellike gebeure van sy eie tyd! Alhoewel hierdie feit moeilik ontken kan word, was die "nabyheid" egter in die geval van hierdie studie een van die grootste winspunte. Dit het die geleentheid gebied vir onderhoude met persone wat self by die gebeure betrokke was en wat as't ware self die geskiedenis help vorm het. Hierdie voorreg het ongetwyfeld tot groter insig in die gebeure gelei, insig wat dikwels ook die interpretasie van gebeure vergemaklik het. Dit word egter geensins ontken nie dat hierdie "nabyheid" in sekere gevalle tog verhoed dat alle kousale verbande aangetoon word, maar aan die einde van die dag was die voordele van die "nabyheid" veel groter as die nadele.

'n Tweede probleem wat 'n realiteit was, is dié van objektiwiteit. Beswaar word dikwels gemaak dat die nodige objektiwiteit nie in kontemporêre gekiedskrywing bestaan nie. Hierdie be-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

swaar is egter relatief, omdat geen gekiedskrywing objektief kan wees nie. Geskiedenis is immers: "a continuous process of interaction between the historian and his facts, an unending dialogue between the present and the past."[6]

Dit is egter 'n feit dat persoonlike uitgangspunte, en in die onderhawige studie ondermeer die skrywer se betrokkenheid by die Ned. Geref. Kerk ook eie *interpretasiekaders* bepaal. Ten einde hierdie uitgangspunte só objektief as moontlik te hou, is seker gemaak dat na alle kante van die saak geluister en gekyk is.[7] Dit was daarom moontlik om sodanige apriori's voortdurend te toets, en interpretasiekaders daarvolgens aan te pas.

'n Derde probleem, naamlik die beskikbaarheid én toeganklikheid van bronne, was waarskynlik die grootste ten opsigte van hierdie studie. Alhoewel beskikbare bronne byna altyd toeganklik[8] was, is dit juis die bekombaarheid van bepaalde bronne wat dikwels problematies was. Verskeie belangrike verklarings is per abuis opgespoor, nadat alle normale pogings op niks uitgeloop het nie. Hierdie feit het direk daartoe aanleiding gegee dat bepaalde belangrike dokumente *verbatim* in hierdie studie aangehaal word. Omdat hierdie dokumente 'n integrale deel van die studie uitmaak, is dit in die teks opgeneem en nie in



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bylaes agter ingevoeg nie. Terwyl dit die studie in omvang heelwat verleng het, is dit histories noodsaaklik dat hierdie dokumente in een manuskrip saamgebring word, om dit nie net meer bekombaar te maak nie, maar om dit ook vir die nageslag te bewaar! Dit sal ook opval dat daar dikwels van nuusblaaie en ander kontemporêre bronne gebruik gemaak is. Alhoewel dit die interpretasie van gebeure ongetwyfeld bemoeilik het, was hierdie bronne onontbeerlik vir dié studie, omdat daar weinig ander bronne bestaan!

* Die metode wat in hierdie studie gevolg is, blyk uit die subtitel: "*'n kerk-historiese studie*". Omdat die betekenis daarvan voor die handliggend is, slegs enkele opmerkings:

$ Dit moet beklemtoon word dat hierdie studie uit 'n historiese perspektief benader is, en dat die ondersoekmetode hoofsaaklik kerkhistories van aard is. Dit het egter nie ander vakwetenskaplike rigtings uitgesluit nie.

$ Omdat dokumente, verklarings ens. vanuit 'n kerkhistoriese perspektief bestudeer is, is aan die inhoud daarvan aandag gegee alleen in so verre dit die verstaan en interpretasie van die geskiedenis dien.

$ Daar is gepoog om deurgaans evaluerend te werk. By verskillende belangrike aspekte van die studie is die beoordeling van gebeure afsonderlik gedoen, terwyl daar ook deurgaans kommen-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

taar gelewer is op gebeure. In die beoordeling is telkens gepoog om die klem nie net op afsonderlike gebeure te laat val nie, maar om dit in terme van die geheel te beoordeel.

* Die *terminus ad quem* van hierdie studie is 1987. Alhoewel die gevolge van *Kerk en Samelewing* veel verder as 1987 strek, staan die jaar uit weens die tragiese gebeure wat tot die stigting van 'n nuwe kerk gelei het. Hierdie afskeiding van bykans 8 000 van die kerk se lidmate het nie sy gelyke in die geskiedenis van die kerk nie. Waar daar in die verlede reeds twee kerke uit die Ned. Geref. Kerkgeledere ontstaan het - naamlik die *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* en die *Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* gedurende die helfte van die vorige eeu - kan die omvang daarvan nie in dieselfde asem genoem word as die van 1987 nie. Die intensiteit van hierdie gebeure het nie sy gelyke nie, - wat meer is - geen ander reaksie op *Kerk en Samelewing* kan met hierdie droewige gebeure vergelyk word nie. Deur 1987 as afsluitingsdatum te gebruik, word gepoog om hierdie gebeure uit te lig en te beklemtoon, omdat dit nooit as bloot "nog reaksie" te midde van ander beskou mag word nie. Terselftertyd is baie van die ander reaksie wat ontvang is, die motivering agter die hersiene weergawe van *Kerk en Samelewing* wat voor die 1990 Algemene Sinode moet dien.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 1.1 *VOETNOTAS*

1. In Rapport van 6 Mei 1990 is berig dat Eerw Frank Chikane, hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) die Cottesloe-beraad as een van die redes aangevoer het woordom die SARK nie aan 'n nuwe kerkeberaad kon deelneem nie.
2. JC Adonis, onderhoud, 25/6/90
3. De Kat, Julie 1990, p 70
4. NJ van Loggerenberg, onderhoud, 10/8/90
5. Vergelyk hiervoor bv. *Die Ned. Geref. Kerk 1905 - 1975* - PB van der Watt; *Perspektief op die Ope Brief* - DJ Bosch, A König en WD Nicol; *The Apartheid Bible* - JA Loubser - vgl Bronnelys
6. EH Carr, *What is History,* p 30
7. As voorbeeld dien dat kommentaar oor dieselfde gebeure uit beide *Sowetan* en *Die Afrikaner* verkry is.
8. Slegs die argivaris van die Ned. Geref. Sendingkerk het my toegang tot die Handelinge van die 1982 sinode geweier.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 1

# OP WEG NA RAS, VOLK EN NASIE: DIE HISTORIESE AANLOOP

## 1.1 *DIE JAAR 1960*

1960 staan in die annale van die Suid-Afrikaanse geskiedenis opgeteken as een van die stormagtigste jare ooit. Verskeie gebeure het aanleiding gegee tot spanning, onsekerheid en onrus. Nie net byna alle terreine van die gemeenskapslewe nie, maar ook die Nederduitse Gereformeerde Kerk is intens daardeur geraak.

Die merkwaardige gebeure is ingelei op 20 Januarie 1960 toe die destydse Eerste Minister dr. HF Verwoerd aankondig dat die Afrikanervolk by wyse van 'n referendum sou besluit op die daarstelling van 'n Republiek al dan nie.[1] Nog 'n saak van belang was 3 Februarie 1960 toe die Britse Eerste Minister, Harold Mcmillian sy nou reeds bekende "winds of change" toespraak voor die gesamentlike sitting van die twee huise van die parlement in Kaapstad gehou het.[2]

Die vryheidsdrang wat Afrikastate in dié jare beetgepak het, het die spanning verder verhoog, aangesien hierdie uhuru ook na Suid-Afrika oorgewaai het. Nie-blanke politieke organisasies het 1963 as vryheidsjaar vir Suid-Afrika beoog. Dit was juis hierdie aspirasies wat tot grootskaalse onluste gelei



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het gedurende Maart 1960 - onluste wat die hele land in paniek gedompel het.

Die onluste en daarmee gepaardgaande geweldpleging was hoofsaaklik die gevolg van die stryd tussen die ANC en die PAC. Albei hierdie organisasies was in 'n wedloop gewikkel om die steun van hulle mense te kry.[3]

Op 21 Maart 1960 het hierdie onluste 'n hoogtepunt bereik met die gebeure te Sharpeville. Die aard van die oproer het die Suid-Afrikaanse Polisie genoodsaak om op die skare te skiet. 69 Swart mense is gedood en 180 is beseer.[4] Dit het verdere reaksie tot gevolg gehad. Motors en treine is onder die klippe gesteek, 'n landswye staking is uitgeroep en massa optogte is gehou. Die oproer was van so aard dat militêre kordonne rondom gevaarpunte getrek is. Op 24 Maart 1960 is alle vergaderings en massa-samekomste in een en dertig verskillende distrikte verbied en op 30 Maart is 'n noodtoestand afgekondig. Hierdie noodtoestand was die eerste sedert die Randse mynwerkerstaking van 1922.[5]

Die gebeure te Sharpeville en die afkondiging van 'n noodtoestand het wye en uiteenlopende reaksie uitgelok. Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van Transvaal wat tydens die onluste op Potchefstroom in sitting



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was, het hulle kommer en leedwese uitgespreek oor die tragiese wending van gebeure. Innige meegevoel en simpatie is met diegene betuig wat dierbares deur die dood verloor het, en die regering is wysheid en leiding toegebid, sodat die gebeure hulle nie weer herhaal nie.[6]

In April 1960 het die Vrystaatse Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vergader. Hy het sy afkeer in enige betogings uitgespreek. 'n Beroep is op lidmate van die kerk gedoen om kalm te bly, selfbeheersing te openbaar en hulle van onsimpatieke behandeling van Nie-blankes te weerhou. Lidmate is opgeroep om veral vir die owerheid voorbidding te doen te midde van moeilike omstandighede.[7]

Dit was egter die wêreldwye ongunstige publisiteit wat die onluste tot gevolg gehad het, wat kerkleiers gedwing het om die standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk daaroor te stel. Die reaksie op Sharpeville was heeltemal buite verhouding met die gebeure self.[8] Dit was veral die Anglikaanse Kerk, meer spesifiek biskop AR Reeves van Johannesburg, wat 'n belangrike rol gespeel het in die storm wat losgebars het. Met sy eie verklarings en verslae het hy heftige reaksie teen die regering en sy apartheidsbeleid ontlok.[9] Dit is juis hierdie wêreldwye storm van kritiek wat in Desember 1960 aan die WRK die geleentheid gebied het om



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aktief in Suid-Afrika betrokke te raak.

Op grond van die reaksie uit die buiteland, en die gebeure in Suid-Afrika self, het die moderatuur van die Transvaalse Sinode op 25 Maart 1960 besluit om samesprekings met die moderature van ander sinodes te hou, sodat 'n verklaring namens die Nederduitse Gereformeerde Kerk uitgereik kon word.

Die samesprekings het op 29 - 31 Maart in Kaapstad plaasgegevind. Nege lede van die Kaapse, Transvaalse en Vrystaatse moderature was teenwoordig. Die verklaring wat uitgereik is, is egter namens die predikante in hulle persoonlike hoedanigheid uitgereik. In die verklaring is beswaar aangeteken teen die verdraaiing van die waarheid in die buiteland, en die regering is versoek om die beleid van afsonderlike ontwikkeling op so 'n wyse uit te voer dat menslike verhoudings nie daardeur sou vertroebel word nie. Blanke lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerke is opgeroep tot selfbeheersing én Christelike ewewigtigheid en 'n beroep is op alle wetsgehoorsame en verantwoordelike Nie-blankes gedoen om hulle nie te laat mislei deur agitators wat slegs hulle eie belange dien nie.[10] Die kerkleiers het hulle nou aangesluit by die besluite van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van Transvaal en 'n beroep is op al



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

die Nederduitse Gereformeerde Kerke gedoen om Sondag 10 April 1960 as 'n dag van verootmoediging waar te neem.

Dit is duidelik dat hierdie nege predikante die erns van die situasie besef het, en dat hulle aan alle belanghebbende groepe 'n oproep tot verantwoordelikheid wou rig, gebaseer op 'n basis van Christelike broederskap.[11]

Om die predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in te lig en aan hulle die geleentheid te bied om samesprekinge oor die noodtoestand en rassespanning in die land te voer, het die moderature van die Transvaalse en Kaapse Sinodes broederlike onderhoude gereël wat op 11 en 17 Mei 1960 in Pretoria en Kaapstad onderskeidelik plaasgevind het. By hierdie geleenthede is sake rondom die verhouding tussen kerk en owerheid, die implementering van regeringsbeleid, die verhouding tussen Moeder- en Dogterkerke en die invloed van die noodtoestand op die sending bespreek.[12] Hieruit blyk duidelik dat die kerk onder moeilike omstandighede steeds die kerk van Jesus Christus wou bly.

Om die spanning in die land verder te verhoog het nog 'n skokkende gebeurtenis op 9 April 1960 plaasgevind toe 'n aanslag op die lewe van die Eerste Minister dr HF Verwoerd gemaak is, net nadat hy die Randse Paastentoonstelling geopen



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het. Alhoewel later bewys is dat hierdie gebeurtenis geen verband met die onluste gehad het nie, het dit bygedra om die "vreespsigose" waarin baie inwoners van die land vasgevang was te vererger.[13]

Dit was te midde van hierdie vrees en spanning dat die WRK aktief by die probleme in Suid-Afrika betrokke geraak het. Vanweë die ingewikkelde rasseproblematiek in Suid-Afrika en die feit dat die WRK hom ten doel gestel het om 'n "substantial contribution to the cause of justice and freedom for all races of mankind"[14] te lewer, kon hy nie anders as om hier rigtinggewend te probeer optree nie.

## 1.2 *COTTESLOE: DESEMBER 1960*

### 1.2.1 Die gebeure vooraf

Die WRK het aktief begin optree toe eerwaarde D Kitagawa, sekretaris van die "Intergroup Relations" op 24 Maart 1960 'n persoonlike skrywe aan FJ van Wyk van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rassebetrekkinge gerig het. Op 30 Maart het dr WA Visser't Hooft op sy beurt briewe aan ds CB Brink, prof BJ Marais en biskop A Reeves geskryf om meer inligting oor die toestand in Suid-Afrika te bekom.[15] Intussen het die Algemene Sekretaris kabelgramme aan al agt die Suid-Afrikaanse lidkerke van die Wêreldraad gestuur waarin hy hulle van sy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

belangstelling en voorbidding verseker het, en gevra het dat hulle aan hom inligting oor hulle optrede met betrekking tot die noodtoestand stuur.[16]

Deur middel van hierdie persoonlike sowel as amptelike korrespondensie het die WRK gaandeweg betrokke geraak by die komplekse rasseproblematiek in Suid-Afrika. Dit was egter vanuit Suid-Afrika self dat veral twee persone 'n sterk invloed op die optrede van die WRK uitgeoefen het.

Die eerste was kannunik CD Zulu van Natal. Zulu was van mening dat samesprekings tussen die kerke en regeringsleiers in Suid-Afrika slegs deur 'n buite instansie bewerkstellig sou kon word. Hy beklemtoon dit in 'n brief aan Kitagawa dat dit wesenlik noodsaaklik is dat 'n gesant na Suid-Afrika gestuur word. So 'n gesant moes hoofsaaklik van Duitse afkoms wees, omdat kritiek uit Duitsland die regering die hardste sou tref.[17] Steenkamp meen dat dit deel van die WRK se goed beplande ingrype was, om te sorg dat apartheid tot niet gemaak word.[18] Die belangrikste van Zulu se opmerkings was egter dat die WRK 'n persoon na Suid-Afrika stuur om oor gesprek te onderhandel, en om die openbare mening van die Christendom in die buiteland aan die kerke in Suid-Afrika oor te dra.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

'n Tweede persoon wat 'n wesenlike invloed uitgeoefen het was A Blaxall. Hy stuur op 6 April 1960 'n telegram aan Visser't Hooft. Hieruit kom dit duidelik na vore dat dit Blaxall was wat dit aan Visser't Hooft gesuggereer het om telegramme aan al die lidkerke in Suid-Afrika te stuur, en te vra wat hulle omtrent die noodtoestand doen. Hierdie telegramme is dan ook op 12 April aan al die lidkerke gestuur, ondermeer ook om te verneem of hulle met die besoek van 'n hoë amptenaar genoë sou neem.[19]

Dit is insiggewend dat beide Zulu en Blaxall 'n sterk invloed op die optrede van die WRK uitgeoefen het. Beide was groot teenstaanders van die regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling, en het dus hier 'n gulde geleentheid gehad om die kerke wat regeringsbeleid ondersteun het by te kom.

Op 18 April 1960 het RS Bilheimer[20] as gesant van die WRK uit Geneve na Suid-Afrika vertrek. Sy taak was om die verskillende lidkerke in Suid-Afrika te ontmoet. Reeds op 20 April is die gedagte geopper dat 'n konferensie, onder leiding van die verteenwoordiger van die WRK, tussen die lidkerke gehou moes word sodat die noodtoestand in Suid-Afrika bespreek kon word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die moderatuur van die Kaapse Sinode het ingestem mits verteenwoordigers van die Nederduitse Gereformeerde Kerke en die Church of the Province vooraf ontmoet om uitlatings van dr Joost de Blank te bespreek. De Blank het nie alleen fel teen die optrede van die regering tydens die onluste te velde getrek nie, maar het ook in die buiteland die Nederduitse Gereformeerde Kerke skerp aangeval.[21] Hy het ondermeer 'n beroep op die WRK gedoen om die Nederduitse Gereformeerde Kerke te skors, indien die kerk hom nie openlik teen apartheid uitspreek nie. Verder het hy gevra dat die wêreldliggaam 'n kommissie van ondersoek na Suid-Afrika stuur. Hierdie optrede van De Blank, asook die verdagmakende uitlatings van biskop Ambrose Reeves van Johannesburg en aartsdeken CT Wood van Kaapstad het gesorg vir 'n laagte punt in die verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Church of the Province.[22] Hierdie onenigheid tussen die twee kerke was een van die vernaamste struikelblokke op die weg na 'n beraad van die lidkerke van die WRK.

Nadat die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Church of the Province tot 'n vergelyk gekom het, het al die lidkerke toestemming verleen dat die beraad gehou kon word. 'n Beplanningskomitee is in die lewe geroep waarop elke kerk twee lede benoem het. Die taak van die beplanningskomitee



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was om te besluit oor die presiese bewoording van die vyf onderwerpe wat op die beraad bespreek sou word, en om die werkswyse van die verskillende groepe onder oë te neem.[23]

Daar is besluit dat die beraad op 7 - 14 Desember 1960 te *Cottesloe* Johannesburg sou plaasvind. Die hele beraad sou agter geslote deure plaasvind en 'n verklaring sou na die beraad aan die pers uitgereik word. 'n Uitvoerende komitee bestaande uit dr JB Webb, ds CFB Naude, eerw G Sidebot-ham en mnr FJ van Wyk is benoem om die administratiewe reëlings waar te neem.[24] Die WRK is gevra om 'n voorsitter vir die beraad te benoem aangesien dit weens die gespanne toestand in Suid-Afrika nie moontlik was om eenparig 'n 'n voorsitter aan te wys nie.[25]

Die onderskeie kerke het vroeg in Junie 1960 begin om voorbereidings vir die beraad te tref. Dit was vroeg reeds duidelik dat hulle goeie rekenskap van hulleself wou gee, en daarom is bekwame persone aangewys om die voorbereidende werk te doen.[26] So het die moderatuur van die Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n breë studiekommissie benoem om sy memoranda op te stel.[27] Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal het op 16 Junie 1960 vyf studiekommissies benoem om memoranda oor die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

vyf onderwerpe op te stel.[28] Die vyf onderwerpe wat op die beraad bespreek sou word was:

"1. The factual Situation in South Africa

2. The Christian understanding of The Gospel for Relationships among Races

3. An Understanding of Contemporary History from a Christian Standpoint

4. The Meaning of the Current Emergency in South Africa

5. The Witness of the Church with regard to Justice, Mission and Co-operation"[29]

1.2.2 Die Beraad self

Die konferensie het soos beplan vanaf 7 - 14 Desember 1960 in die Cottesloe College Residence van die Universiteit van die Witwatersrand plaasgevind. Tagtig verteenwoordigers - 61 Blankes, 16 Swartes en 3 Kleurlinge - namens die lidkerke en 6 amptenare van die WRK het in 'n gemoedelike atmosfeer aan die besprekings deelgeneem.[30] Aan die einde van die konferensie is 'n verklaring uitgereik wat in die woorde van Van der Watt "baie Afrikaners, van wie die grootste gedeelte tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk behoort het - met 'n skok getref."[31]

Die verklaring het uit drie dele bestaan. In die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

eerste deel van die verklaring is verwys na die breë tema van die konferensie, naamlik die Christelike standpunt ten opsigte van rasseverhoudings. Alhoewel daar geen eenstemmigheid oor apartheid bereik kon word nie, is alle vorme van rassediskriminasie verwerp. Teenoor diegene wat apartheid op Christelike gronde verwerp het, was daar ander wat 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling as die enigste werkbare oplossing vir Suid-Afrika verdedig het.[32]

Die tweede deel het bestaan uit 'n aantal besluite rakende rasse-aangeleenthede, met spesifieke verwysing na die rasseverhoudinge en die roeping wat die kerk in die bepaalde verhoudinge het.[33] Saam met die derde deel was dit hierdie besluite wat as die mees omstrede beskou is. Dit was veral die volgende sake wat as "liberaal, verwarrend, 'n ongeoorloofde staatsgreep"[34] en dies meer afgemaak is.

"1. We recognise that all racial groups who permanently inhabit our country are a part of our total population, and we regard them as indigenous. Members of all these groups have an equal right to make their contribution towards the enrichment of the life of their country and to share in the ensuing responsibilities, rewards and privileges.
3. The Church has a duty to bear witness to the hope which is in Christianity both to White South Africans in their uncertainty and to non-White South Africans in their frustration.
6. No-one who believes in Jesus Christ may be excluded



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

from any church on the grounds of his colour or race. The spiritual unity among all men who are in Christ must find visible expression in acts of common whorship and witness, and in fellowship and consultation on matters of common concern.

9. Our discussions have revealed that there is not sufficient consultation and communication between the various racial groups which make up our population. There is a special need that a more effective consultation between the Government and leaders accepted by the non-White people of South Africa should be devised. The segregation of racial groups carried through without effective consultation and involving discrimination leads to hardship for members of the groups affected.
10. There are no Scriptural grounds for the prohibition of mixed marriages. The well-being of the community and pastoral responsibility require, however, that due consideration should be given to certain factors which may make such marriages inadvisable.
11. We call attention once again to the disintegrating effects of migrant labour on African life. No stable society is possible unless the cardinal importance of family life is recognised, and, from the Christian standpoint, it is imperative that the integrity of the family be safeguarded.
12. It is now widely recognised that the wages received by the vast majority of the non-White people oblige them to exist well below the generally accepted minimum standard for healthy living. Concerted action is required to remedy this grave situation.
15. It is our conviction that the right to own land wherever he is domiciled, and to participate in the government of his country, is part of the dignity of the adult man, and for this reason a policy which permanently denies to non-White people the right of collaboration in the government of the country of which they are citizens cannot be justified.
16. (a) It is our conviction that there can be no objection in principle to the direct representation of Coloured people in Parliament."[35]

### 1.2.3 <u>Reaksie op die Cottesloe-Beraad</u>

Die reaksie op *Cottesloe* was hewig en uiteenlopend. Terwyl sommige dit as 'n teken van 'n tydige ommeswaai weg van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

apartheid verwelkom het, was ander van mening dat 'n konsekwente toepassing daarvan ongetwyfeld tot die ineenstorting van die Christendom sou lei.[36] Dit was veral van die kant van die Afrikaanse pers wat hewige kritiek gekom het, en selfs die Eerste Minister dr HF Verwoerd het in sy nuwejaarsboodskap daarna verwys en gesê: "In feite het die kerk nog nie gepraat nie. Die stem van die kerk moet nog gehoor word en wel op sinodes waarop lidmate sowel as predikante teenwoordig sal wees."[37]

'n Paar weke later het die Federale Raad van die Nasionale Party in Kaapstad vergader en ondermeer beklemtoon dat dit nie regeringsbeleid is dat Kleurlinge deur hulle eie mense in die Parlement verteenwoordig sal word nie. Daar is ook na die beraad verwys en die party het dit as sy oorwoë mening uitgespreek dat geen ander instansie in staat is om besluite te neem vir die beswil van die Nie-blankes as juis die owerheid nie.[38]

Ook op kerklike terrein was daar beroering. Onrus en ontevredenheid is weerspieël in die briewe kolomme van die openbare pers, talle kerkrade het skerp veroordelende besluite geneem, openbare vergaderings is gehou en die kerk se afvaardiging is genadeloos gekritiseer. Dit was veral kerkleiers soos dr AP Treurnicht, redakteur van *Die*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

*Kerkbode* en dr JD Vorster wat sterk teen die beraad stelling ingeneem het.[39]

Treurnicht het beklemtoon dat *Cottesloe* nie die stem van die kerk as geheel was nie en dat oor sake soos Kleurling-stemreg nog lank nie klaar gepraat was nie. Vorster was van mening dat die *Cottesloe*-verklaring in 'n groot mate kritiek op regeringsbeleid en optrede was, terwyl al die positiewe gevolge van die beleid van skeiding nie raakgesien is nie. In 'n poging om gemoedere verder te kalmeer het vier Stellenbosse hoogleraars, proff FJM Potgieter, PA Verhoef, TN Hanekom en WJ van der Merwe op 24 April 1961 'n openbare verklaring uitgereik. Daarin het hulle hul trou aan die beginsel van veelvormigheid bevestig, die kerk se beleid van eiesoortige ontwikkeling onderskryf en hulself duidelik teen integrasie uitgespreek.[40]

1.2.3.1 <u>Die Federale Raad van Ned. Geref. Kerke</u>

Die eerste amptelike reaksie van die kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerke het gekom toe die Federale Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke op 22 - 24 Maart 1961 in Kaapstad vergader het. Dit was noodwendig dat die Raad standpunt sou moes inneem oor die beraad. Die Raad het die volgende oor die *Cottesloe-beraad* besluit:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

"Hierdie vergadering, nadat dit kennis geneem het van die verklaring uitgereik deur die Kerkekonferensie in Johannesburg wil:

I(a) dit herbevestig dat hy sy standpunt aangaande die beleid van afsonderlike ontwikkeling, soos deur die Kerk aanvaar en toegepas, o.m. in die totstandkoming van lewenskragtige inheemse Kerke, handhaaf;

(b) met nadruk verklaar dat die beleid van differensiasie Skriftuurlik gegrond is; die enigste realistiese oplossing vir die probleme van rasseverhoudinge in ons land aanbied en daarom die belange van alle bevolkingsgroepe die beste dien;

(c) dit betreur dat in sommige kringe hierdie historiese beginselstandpunte voorgestel word as in stryd synde met die beste belange van die nie-blanke bevolkingsgroepe;

(d) opnuut sy vaste voorneme boekstaaf om voortdurend en onvermoeid te ywer vir die billike en regverdige behandeling van alle mense in ons heterogene bevolking;

(e) sy geloof in die gemeenskap van die heiliges en die eenheid van die gelowiges bely, met die vaste oortuiging egter dat integrasie op kerklike gebied in ons land nie 'n demonstrasie hiervan is nie, maar sodanige eenheid eerder sal benadeel as bevorder.

II Hoewel sommige van die resolusies van die Kerkekonferensie op sigself, indien anders geformuleer, nie onaanneemlik is nie, kan die vergadering hom met die bevindinge nie vereenselwig nie en wel om die volgende redes:

(a) Die strekking van die geheel en die gesamentlike getuienis van die resolusies is sodanig dat dit die beleid van afsonderlike ontwikkeling aantas en ondermyn;

(b) Sommige van die bevindinge is met die beginsel en beleid van differensiasie pertinent in stryd, bv. punte 15 en 16 waar politieke integrasie voorgestaan word, en punte 6 en 10 waar met 'n ontoelaatbare aanwending van die Skrif, sosiale en kerklike integrasie bepleit word;

(c) 'n groot aantal van die resolusies handel oor sake van die praktiese politiek waaroor die Kerk as instituut hom nie behoort uit te spreek nie tensy een of ander duidelike Skrifbeginsel in die gedrang kom;

III Hierdie vergadering betreur dit dat:

(a) die bevindinge van die Kerkekonferensie wêreldkundig



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemaak is voordat ons Kerke deur hul vergaderinge geleentheid gehad het om hulle daaroor uit te spreek;

(b) kritiek op die landsbeleid van hierdie verhoog af uitgebring is, terwyl die Kerk nog altyd toegang tot die Regering gehad het om hom oor enige saak te spreek."[41]

Die Raad het verder gegaan en 'n voorstel aanvaar waarin by die Kaapse en Transvaalse Sinodes aanbeveel word om hul lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke te beëindig.[42] Hierdie besluite was rigtinggewend vir al die sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerke wat in 1961 sou vergader. Een van die vernaamste redes waarom nie een van die Nederduitse Gereformeerde Kerke hierdie besluit sou teenstaan nie was die beplande kerkvereniging wat in 1962 sou plaasvind. Hierdie vereniging het voorrang geniet, en 'n stem ten gunste van *Cottesloe* kon 'n ernstige struikelblok op die weg na vereniging wees.

Op voetspoor van die Raad van Kerke het beide die sinodes van Natal en SWA die besluite van *Cottesloe* veroordeel en gevra dat die Transvaalse en Kaapse Sinodes hulle lidmaatskap van die WRK moes beëindig. Die Sinodale kommissie van die Vrystaatse kerk het op sy beurt verder beklemtoon dat die kerkeberaad hom op verskeie punte aan 'n ongeoorloofde grensoorskryding van die kerk as instituut skuldig gemaak het en dat talle besluite te



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

doen gehad het met praktiese politiek.[43] Aangesien die Transvaalse en Kaapse Kerke die enigste twee Nederduitse Gereformeerde Kerke was, wat lid van die WRK was,[44] het slegs hulle aan die *Cottesloe-beraad* deelgeneem. Dit is daarom te verstane dat hierdie sinodale vergaderings die arena was waar die *Cottesloe-beraad* en sy besluite onder spervuur sou kom.

1.2.3.2 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal

Gedurende April 1961 het die Transvaalse Sinode in Pretoria vergader.[45] Hierdie sinode sou in die skadu van die besluite van die Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke plaasvind en dit sou 'n beslissende invloed uitoefen. Verder is Van der Watt van mening dat die voorafgaande protesvergaderinge en talle afkeurende besluite van kerkrade wat op *Cottesloe* gevolg het, die Nederduitse Gereformeerde Kerk se afvaardiging reeds voor die sinode skuldig verklaar gehad het: "ontrou aan die rassebeleid van kerk en owerheid."[46] Volgens die sinode was die bevindings van *Cottesloe* 'n oorskryding van sinodale besluite rakende gemeenskaplike aanbidding, gemengde huwelike, grondbesit en die vryheid om die Evangelie te verkondig.[47] Die sinode het besluit: "Die Sinode betreur die neem en bekendmaking van ingrypende besluite deur die Kerkeberaad te Cottesloe geneem,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

alvorens 'n bevoegde kerklike vergadering hulle in behandeling kon neem en besluit dat al die bevindings wat in botsing is met die Kerk se geformuleerde beleid nie aanneemlik is vir hierdie vergadering nie. Die Sinode keur die besluite van die Kerkeberaad in die geheel gesien af."[48]

Dit is opvallend dat die uitspraak van die sinode en die reaksie van die Eerste Minister dr HF Verwoerd byna woordeliks ooreenstem. Dit laat die vraag onwillekeurig ontstaan of talle aantygings dat die Afrikaner-Broederbond 'n groot aandeel in die besluite van die sinode gehad het nie 'n sterk moontlikheid is nie.[49]

Die Transvaalse Sinode het *Cottesloe* in sy geheel verwerp. Nou moes nog net die Kaapse Sinode sy beslissing fel.

1.2.3.3 <u>Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Kaapse Sinode)</u>

Die Kaapse Sinode het vanaf 19 Oktober tot 9 November 1961 in Kaapstad vergader.[50] Teen daardie tyd, byna 'n jaar na *Cottesloe* het die emosies oor die beraad al heelwat afgekoel. Die besprekings kon in 'n baie meer ontspanne atmosfeer plaasvind, en heelwat minder aandag



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is aan die beraad gewy.[51]

Die Kaapse afvaardiging na *Cottesloe* het in sy verslag 'n deeglike uiteensetting gebied en veral daarop gewys dat die meeste van die gewraakte besluite berus op die vroeë publikasies van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, ondermeer die Sendingbeleid van 1945, die verslag oor die Naturellevraagstuk-kongres 1950, die beleidsverklaring van 1956, die besluite van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode 1958 en ook die memorandum wat die Kaapse Kerk voorberei het met die oog op die kerkeberaad. Dit het gehandel oor besluite soos gesamentlike aanbidding, die verbod op gemengde huwelike, trekarbeid, grondbesit, medeseggenskap in die regering van die land en direkte verteenwoordiging van die Kleurlinge.[52] Tog soos te wagte, het die sinode die besluit van die Federale Raad van Kerke oor *Cottesloe* as sy besluit aanvaar. Hiermee het die Nederduitse Gereformeerde Kerke *Cottesloe* finaal amptelik veroordeel.

Dit is opvallend dat die Nederduitse Gereformeerde Kerke almal negatief oor *Cottesloe* geoordeel het. Die vraag kan myns insiens met reg gevra word: waarom? Waarom die totaal negatiewe oordeel en waarom was *Cottesloe* so opspraakwekkend? Die vernaamste rede hiervoor is gesetel



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die feit dat die besluite wat geneem is, beslis in stryd was met die idee van territoriale apartheid wat onder dr HF Verwoerd beslag gekry het.[53] Dit word baie gou duidelik wanneer die "Consultation statement" onder oë geneem word.[54]

Toe lede van die Nederduitse Gereformeerde Kerk afvaardiging hulle by *Cottesloe* met hierdie besluite wat teen bepaalde apartheidswette gemik was, vereenselwig het, is die indruk geskep dat daar by die manne 'n totale ommeswaai in beleid plaasgevind het.[55] Dit was ook die mening van die breëre kerkvergaderings. Tog meen ek dat Van der Watt korrek is wanneer hy sê dat die afvaardiging hom op verskeie besluite aan 'n ongeoorloofde oorskryding van die kerk se grense skuldig gemaak het, nie so 'n eenvoudige stelling is nie. Om te beweer dat die kerk slegs met die verkondiging van die Evangelie te doen het, is 'n verloëning van sy profetiese roeping. Natuurlik het die kerk nie die reg om politieke beleid voor te skryf nie, maar dit onthef hom nie van die verantwoordelikheid om vir die staat 'n gewete te wees nie. En dit is wat die Nederduitse Gereformeerde afvaardiging gedoen het: geen radikale beleidsveranderings is voorgestel nie, maar 'n waarskuwende stem is gehoor. "Die alarmklok is gelui om te sê: daar is gevaar."[56]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Nederduitse Gereformeerde Kerke het die besluite te *Cottesloe* amptelik verwerp. In die geheel gesien is dit negatief beoordeel en die afgevaardigdes veroordeel! Tog sou daar belangrike gevolge uit hierdie kerkeberaad voortvloei, gevolge waarvan trillings tot diep in die volgende dekades nog gevoel sou word.

### 1.3 *DIE GEVOLGE VAN DIE COTTESLOE-BERAAD*

Die gevolge van die *Cottesloe-beraad* was verreikend. Daarom is dit nodig om die belangrike gevolge van nader te bekyk.

#### 1.3.1 <u>Ekumeniese Afkeur</u>

Die eerste belangrike gevolg was dat 'n sterk ekumeniese afkeur in die Nederduitse Gereformeerde Kerke ontstaan het. Wat aanvanklik as positief beleef is, het gaandeweg negatief verander. In hierdie ekumeniese afkeur was die *Cottesloe-beraad* en die gebeure daarna die snelleraksie. So het prof EP Groenewald kort na die sitting van die Transvaalse Sinode in 1961 geskryf dat die betekenis van die *Cottesloe-beraad* daarin geleë is dat daar by die kerke wat daaraan deelgeneem het 'n beter onderlinge verstandhouding tot stand gekom het. Na die beraad het ernstige ver-vervreemding egter tussen die Engelse kerke en die Ned. Geref. Kerke ontstaan.[57] Lombard tipeer dit wanneer hy sê:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

"in plaas daarvan dat Cottesloe 'n 'major breakthrough' in interkerklike verhoudings in Suid-Afrika te weeg gebring het, het dit 'n 'serious breakdown' en vyandigheid tot gevolg gehad."[58]

1.3.2 Die stigting van die Christelike Instituut

'n Verdere belangrike gevolg van die beraad was die stigting van die Christelike Instituut van Suid-Afrika.[59] Sedert die einde van die vyftigerjare het 'n aantal leraars van die drie Afrikaanse kerke gereeld in studiekringe byeengekom. Hierdie studiekringe het in Mei 1962 tot die stigting van die ekumeniese tydskrif *Pro Veritate* gelei. Die redakteur was die prominente Nederduitse Gereformeerde Kerk predikant CF Beyers Naudé. Die uitsluitlike doel was Skrifgronde te besin oor aktuelevraagstukke.[60] Alhoewel die gebeure 'n positiewe stap op die ekumeniese weg was, het hierdie organisasie van die begin af hewige kritiek uit die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontlok. Die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode in 1963[61] en die Algemene Algemene Sinode self in 1966 het hulle skerp teen die Christelike Instituut uitgespreek. Die Instituut is onder meer verwerp as 'n dwaalrigting wat die leer van die kerk ondermyn en wat lidmate en ampsdraers dislojaal maak.[62] Hierdie afkeur moet in die perspektief van die algemene negatiewe oordeel oor die ekumene na *Cottesloe* gesien



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word.

1.3.3 Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke

'n Verdere gevolg wat in geheel positief was, maar wat vanuit Nederduitse Gereformeerde kringe negatief beoordeel is, was die naamsverandering van die Christenraad van Suid-Afrika na die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in 1968. Herhaalde pogings om die Nederduitse Gereformeerde Kerk daarby te betrek het finaal misluk as gevolg van een van die eerste publikasies wat die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke die lig laat sien het, naamlik "'n Boodskap aan die Volk van Suid-Afrika."[63] Hierdeur is die agterdog teen die organisasie verder versterk. Hierdie agterdog beklemtoon juis juis die ekumeniese gesindheid wat na *Cottesloe* geheers het. Na my mening is De Villiers reg wanneer hy sê dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk homself hierdeur ekumenies geïsoleer het,[64] die meeste ekumeniese bande is in 'n mindere of meerdere mate verbreek.

1.3.4 Nuwe Aandag aan Rasseverhoudings

Die gevolge van die *Cottesloe-beraad* was egter nie net negatief nie. Een van die belangrikste positiewe invloede wat die *Cottesloe-beraad* op die Nederduitse Gereformeerde Kerk gehad het, was dat daar opnuut weer oor die rasseverhoudings besin is. In kerklike tydskrifte het talle arti-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

kels en briewe oor verskillende aspekte van die rassevraagstuk verskyn. Dit is veral die verskyning van vier boeke waarin hierdie hele probleem aangespreek is wat die fokus die fokus opnuut daar geplaas het. *Vertraagde Aksie* van Geyser e.a.; *Die Opkoms van die Derde Stand* van DP Botha; *Grense: 'n Simposium oor rasse- en ander verhoudinge* van GBA Gerdner e.a. en *Ras, Volk en Nasie* interme van die Skrif van JCG Kotzé.[65]

Die *Cottesloe-beraad* het die oë van die Nederduitse Gereformeerde Kerk dus opnuut kom oopmaak vir die problematiek in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die kerk is opnuut daarmee gekonfronteer en alhoewel *Cottesloe* amptelik hoofsaaklik negatiewe reaksie uitgelok het sou een van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (die Kaapse Kerk) "positief" reageer.

### 1.3.5 Die Besluit van die Kaapse Kerk 1961

Die belangrikste uitvloeisel van die *Cottesloe-beraad* was sekerlik dat die Kaapse Sinode in 1961 besluit het om 'n permanente sinodale kommissie vir rasseaangeleenthede te benoem. Die versoek tot so 'n kommissie is deur die Ring van Kaapstad tot die sinode gerig: "Die hoogeerwaarde hoogeerwaarde Sinode word versoek om ernstige oorweging te



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te skenk aan die daarstelling van 'n permanente kommissie vir die bestudering van Rasseaangeleenthede."[66] Hierdie kommissie sou in 1965 'n besonder deeglike verslag aan die sinode voorlê - 'n verslag wat na vele wysigings en byvoegings die fondament sou word van die latere studiestuk *Ras, Volk en Nasie* in 1974.

In sy geheel gesien is Van der Watt na my mening reg wanwanneer hy sê dat *Cottesloe* "'n taamlik verlammende uituitwerking gehad het veral wat die debat rondom die rassevraagstuk gedurende die verloop van die sestiger jare betref."[67] Die enkele faktor wat die debat enigsins aan die gang gehou het was die kommissie vir die bestudering van rasseaangeleenthede van die Kaapse Sinode en hulle verslag van 1965.

## 1.4 *DIE KAAPSE SINODE 1965*

Hierdie sinode van die Kaapse Kerk was van besondere belang. Hier sou die eerste verslag van die kommissie vir die bestudering van rasseaangeleenthede dien. Soos reeds gesê, was dit hierdie verslag wat die stem van *Cottesloe* van sinodesaal tot sinodesaal tot en met 1970 sou voortdra. Die verslag het uit agt verskillende rapporte bestaan naamlik:

1. Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2. Gemengde huwelike

3. Die Kerk en Kerklike verhoudinge

4. Kerk en staat met betrekking tot Bevolkingsverhoudinge

5. Kerk en Maatskappy

6. Die stelsel van trekarbeid in Suid-Afrika

7. Bevolkingsverhoudinge en die gesinslewe van die Nie-blanke bevolkingsgroepe

8. Kommunisme in Suid-Afrika.[68]

Wanneer hierdie verskillende rapporte van nader bekyk word is die verband met die "Cottesloe Statement" duidelik sigbaar. Hierdie groot mate van ooreenstemming is 'n duidelike teken van die feit dat ons hier as't ware met die kerk se eerste "amptelike" verantwoording ten opsigte van die *Cottesloe* beraad het. Soos reeds gesê het *Cottesloe* die kerk se oë opnuut kom oopmaak en hom selfs in 'n mate tot verantwoording kom roep. Die kerk is opgeroep tot 'n selfverantwoording ten opsigte van sy rol in Suid-Afrika met sy komplekse probleme.

Om die mate van ooreenstemming tussen die onderskeie rapporte en die "Consultation statement" aan te toon is dit nodig om dit met mekaar te vergelyk.

In die eerste verslag wat handel oor *Ras, Volk en Nasie in*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

*die lig van die Skrif* is 'n deeglike studie gemaak van die begrippe ras, volk en nasie in die Bybel. 'n Sterk saak is uitgemaak dat die "Skrif inderdaad erns maak met die feit van die bestaan van nasies, volke en in 'n sekere sin ook rasse."[69] Voogdyskap is ook aangespreek en daaronder is verstaan "die roeping van 'n Christelike volk om in waaragtige naasteliefde die onontwikkelde volke met wie hulle onder die alwyse en voorsieninge bestel van God in aanraking kom, uit en ooreenkomsig die Skrif te onderrig"[70] en verder "Die enkelinge uit die minderbevoorregte groepe wat bo die niveau van die massa uitstyg sal deur die voog met waardigheid behandel moet word, sonder dat hulle uit eie volksverband losgemaak word."[71]

Hierdie is 'n duidelike ooreenkoms met II.1:
"Members of all these groups have an equal right to make their contribution towards the enrichment of the life of their country and to share in its ensuing resposibilities, rewards and priviledges" en II.6 "No-one who believes in Jesus Christ may be excluded from any church on the grounds of his colour or race."[72]

Die tweede deel van die verslag handel oor *Gemengde huwelike*. Na 'n duidelike definisie van wat 'n gemengde



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

huwelik is, verklaar die kommissie: "die Heilige Skrif bevat geen direkte gebod of verbod ten opsigte van die vermenging van lede van verskillende rasse nie. Die huwelik berus op die vrye natuurlike keuse van twee mense. Rasverbondenheid maak die huwelik tussen eie volksgenote natuurlik en vanselfsprekend, maar 'n huwelik met iemand buite eie volkskring is nie as ongeoorloofd beskou nie"[73] en verder "Gemengde huwelike op sigself is nie as sondig bestempel nie."[74]

Die rapport gaan egter voort deur te sê: "Daar kan egter omstandighede en oorweginge van prinsipiële aard wees waaronder 'n begrensing van hierdie vryheid tot vermenging noodsaaklik word bv. waar opsetlike integrasie afgedwing sou word, of die uitwissing van grense as ideologiese beginsel gestel sou word, of vermenging op so 'n groot skaal plaasvind dat dit die eiesoortigheid van volke daarmee vernietig"[75] en verder "Die Christelike staat sou onder gegewe omstandighede in belang van die betrokke volkgroepe en tot welwese van die hele maatskappy, deur wetgewing rassevermenging kan verbied."[76] Die verslag sluit af deur te meld dat dit die pastorale verantwoordelikheid van die kerk is om duidelik te sê dat gemengde huwelike ongewens is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Groot mate van ooreenstemming bestaan tussen bogenoemde en II.10 "There are no Scriptual grounds for the prohibition of mixed marriages. The well-being of the community and the pastoral responsibility require however, that, due consideration should be given to certain factors which may make such marriages inadvisable"[77] en tog kom die mate van verskil ook duidelik na vore wanneer die rapport afsluit met "om sodanige huwelike met krag af te raai en teen te gaan."[78]

In die derde rapport wat handel oor die *Kerk en Kerklike verhoudinge* word beklemtoon dat die kerk 'n "eiesoortige Goddelike instelling (unica) een (una) heilig (sancta) en algemeen (catholica)"[79] is. Die rapport gaan dan voort deur te sê: "So word alle biologiese, historiese en volkekundige verskeidenhede van die mens *opgeneem* in die kerk hoewel nie opgehef nie. Elke volk het 'n aanspraak daarop, hoewel in gemeenskap met mekaar sodat die Kerk nie ontaard tot nasionale Kerk of volkskerk nie, maar ook nie tot eenvormige wêreldkerk nie"[80] en verder "Daarby mag die verskeidenheid (pluriformiteit) nie ontaard tot verskeurdheid (pluraliteit) en doen die Kerke verband diens as die weg waarlangs die Kerk die goeie orde handhaaf."[81] Hierna volg 'n breedvoerige bespreking oor die historiese ontwikkeling van die afsonderlike Dogterkerke. Die kerk



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verbind hom tot "voortgesette interkerklike gesprek" in die lig van "a) die Skriftuurlike imperatief tot eenheidstrewe

b) sy eie verklaarde sendingbeleid en die leiding wat hy gegee het en geroepe is om te gee in die interkerklike besinning oor sending aangeleenthede en bevolkingsverhoudinge in Suid-Afrika."[82]

Dit is in ooreenstemming met II.5 "The Chruch as the Body of Christ is a unity, and within this unity the natural diversite among men is not annulled but sanctified" en weer II.6 "The spiritual unity among all men who are in Christ must find visible expression in acts of common whorship and witness, and in fellowship and consultation on matters of common concern."[83] Die bevestiging van die kerk se geroepenheid tot interkerklike samewerking kan geïnterperteer word as 'n antwoord op II.9 "Our discussions have revealed that there is not sufficient consultation and communication between various racial groups which make up our population."[84]

Alhoewel daar 'n groot mate van ooreenkoms sigbaar is, is dit myns insiens geregverdig om te sê dat die rapport met die groot klem op die historiese ontwikkeling van die afsonderlike kerke wil beklemtoon dat dit afsonderlike



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

kerke vir verskillende bevolkingsgroepe voorstaan. Hierin word dus 'n verdere duidelike klemverskil sigbaar.

Die vierde deel van die verslag wat handel oor die verhouding tussen *Kerk en staat met betrekking tot Bevolkingsverhoudinge* beklemtoon die feit dat dit "die taak van die Kerk teenoor die Staat is, om op organiese wyse in te werk op die volksgewete deur die verkondiging van die Bybelse erns van naasteliefde, met inagneming daarvan dat dit naaasteliefde nie diskwalifiseer nie. Die Kerk sal hom uitspreek teen verabsolutering van eie volk en suiwerend inwerk op die nasionale gevoel van kulturele skeppende energie. Tegelyk sal dit hom nie leen tot 'n aftakeling van die volksgevoel as sodanig, omdat volksverbondenheid en die belewing van Christelike eenheid met nie-volksgenote nie in spanning of teenstelling met mekaar hoef te wees nie."[85] Die kerk wil sy eie profetiese roeping duidelik hier bevestig en dit word verder uitgebrei: "waar die Kerk in sy amptelike vergadering deur middel van sorgvuldig voorbereide uitsprake, herderlike briewe ens. 'n volk tot gehoorsaamheid aan die gebooie en geloof in die beloftes van God oproep."[86]

In ooreenstemming hiermee verklaar die "Consultation statement" II.3: "The Church has a duty to bear witness to



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

the hope which is in Christianity both to White South Africans in their uncertainty and to non-White South Africans in their frustration" en verder II.4: "In a period of rapid social change the Church has a special responsibility for fearless witness within society."[87] Alhoewel daar dus 'n groot mate van ooreenkoms is beklemtoon die "eie volk" en "eie volksgevoel" wat as't ware in die verslag die profetiese roeping van die kerk kwalifiseer, tog ook 'n duidelike klemverskil. Waar die "Consultation statement" beklemtoon dat die profetiese roeping van die kerk onvoorwaardelik moet wees, stem die verslag daarmee saam in soverre dit nie in botsing kom met die "eie" en "eie volksgevoel" nie.

Die vyfde deel van die verslag wat handel oor die *Kerk en Maatskappy* bevestig dat die kerk ook 'n roeping teenoor die maatskappy het. Die rapport verklaar: "Die Kerk is geroep om midde in die wêreld 'n teken van Gods teenwoordigheid te wees." In hierdie teken-wees van die kerk moet hy ook krities staan teenoor die maatskappy waarvan hy deel is.[88] 'n Belangrike deel van die verslag is dat die "kerk moet waak daarteen om nie sondermeer bepaalde politieke doelstellings aan te prys nie" en verder "die kerk mag hom aan die ander kant nie afsydig hou van bepaalde maatskaplike vraagstukke en hom as't ware op eie terrein



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wil terugtrek nie, maar moet die eise van die Koninkryk van God op alle terreine verkondig."[89]

Alhoewel die "Consultation statement" nêrens eksplisiet van die maatskappy melding maak nie word talle maatskaplike kwessies pertinent aangespreek, byvoorbeeld: "job reservation" II.13,[90] "opportunity must be provided for the inhabitants of Bantu areas to live in conformity with human dignity" II.14.[91] Stemreg, grondbesit, lone en trekarbeid kom aan die beurt. Dit is dan ook opvallend dat dit juis hierdie sake was wat soveel aandag in die media gekry het. Dat daar veral hier 'n groot verskil tussen die verslag en die verklaring is, blyk duidelik. Dit kom egter vreemd voor dat die verslag meen dat die kerk nie "bepaalde politieke doelstellings moet aanprys nie" en dit terwyl dit juis is wat die kerk gedoen het. Myns insiens het *Cottesloe* juis die kerk se oë vir die onreg kom oopmaak, onreg wat die gevolg was van die beleid wat deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk geïnisieer is.[92]

In die sesde rapport wat handel oor *Die stelsel van trekarbeid in Suid-Afrika* word eerstens vermeld dat dit 'n verskynsel is wat regoor die wêreld voorkom. As voordele word genoem dat dit 'n belangrike bydrae lewer tot die ganse ekonomiese struktuur van die land. Dit red die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bantoebevolkingsgroep van totale ekonomiese insinking en hongersnood; dit lei die "Bantoe" in die westerse arbeidstruktuur op en bevorder sy industrialisasieproses.

Die verslag gaan egter ook voort om op die ernstige nadele van die stelsel te fokus, onder andere, dat die stelsel grootliks daarvoor verantwoordelik is dat die huislike lewe van die "Bantoe" in duie stort en ernstige sosio-godsdienstige probleme veroorsaak.[93] Die konklusie waartoe die rapport kom is: "dat dit nie die taak van die geïnstitueerde Kerk is om 'n oplossing te vind nie - dit moet in die hande van deskundiges gelaat word. Die Kerk moet alleen wys op die morele implikasies en skrikwekkende uitwerking van die stelsel, en beklemtoon dat 'n kanker wat so in die lewe van die Bantoebevolking voortwoed noodwendig die hele sosiale en godsdienstige lewe van al die bevolkingsgroepe in ons vaderland moet aantas" en verder: "die Kerk kan nie anders nie as om ernstig by die staat aan te dring dat 'n deurtastende ondersoek gedoen word na die stelsel met die doel om die stelsel so te verander dat die nadele daarvan verwyder mag word, of om 'n nuwe stelsel te ontwerp wat die voordele van die oue behou, maar sonder sy nadele."[94]

Wanneer hierdie rapport met die verklaring vergelyk word is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die groot mate van ooreenkoms duidelik. "We call the attention once again to the disintegrating effects of migrant labour on African life. No stable society is possible unless the cardinal importance of family life is recognised, and from the Christian standpoint, it is imperative that the integrity of the family be safeguarded."[95] Dit is duidelik dat die rapport trekarbeid in dieselfde lig sien as die verklaring. Hiermee is opnuut aandag gegee aan een van die land se groot kopsere, - sodanig so - dat 'n beroep tot die staat gerig is vir 'n deurtastende ondersoek.

Die sewende rapport wat handel oor *Bevolkingsverhoudinge en die gesinslewe van Nie-blanke bevolkingsgroepe* spreek talle probleme in die Nie-blanke samelewing aan.[96] Verstedeliking en industrialisasie het ontwrigting en ongesonde ekonomiese maatskaplike en behuisingstoestande meegebring. Losse geslagtelike verkeer van die "Bantoe" in die stedelike en industriële gebiede het daartoe gelei dat buite-egtelike geboortes onder "Bantoes" grootliks toegeneem het.[97] Verder het die insinking van die gesinslewe by die "Bantoe" gelei tot verwildering van die "Bantoe-jeug" - "Die dissipline van die gemeenskap kan nie meer toepas word nie."[98] Trekarbeid is weer eens as die groot sondebok uitgesonder en dit is ironies, dat die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sogenaamde "voordele" van trekarbeid, naamlik industrialisasie en ekonomiese opbou hier as redes vir hulle morele en sedelike ineenstorting voorgehou word. Hierdie anomalie laat die vraag ontstaan of die sogenaamde voordele inderdaad "voordele" was. Dit word beklemtoon dat die kerk nie onverskillig teenoor hierdie gesinsverbrokkeling by die Nie-blanke mag staan nie.[99] Waar 'n arbeidsreëling "sedelike verval in die hand werk is dit die plig van die Kerk om die aandag daarop te vestig." Hierdie rapport word afgesluit deur te bevestig dat die "kerk se program van evangelisering, gesinsorg en jeugwerk veral onder die Bantoe opnuut meer omvattend beplan moet word."[100]

Dit is duidelik dat hierdie rapport 'n poging van die kommissie was om die omvattende maatskaplike nood wat onder die Nie-blanke geheers het aan die orde te stel. Dit is in totale ooreenstemming met die *Cottesloe-verklaring* wat lui: "In its social witness the Church must take cognisance of all attitudes, forces, policies and laws which affect the life of a people, but the Church must proclaim that the final criterion of all social and political action is the principles of Scripture regarding the realisation of all men of a life worthy of their God-given vocation."[101] Hierdie sosiaal-maatskaplike problematiek kom ook regdeur



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

die hele *Cottesloe-verklaring* voor, maar dan veral in II.7: "We regard with deep concern the revival in many areas of African society of heathen tribal customs incompatible with Christian beliefs and practice. We believe this reaction is partly the result of a deep sense of frustration and a loss of faith in western civilisation"[102] asook in II.11: "No stable society is possible unless the cardinal importance of family life is recognised, and from the Christian standpoint, it is imperative that the integrity of the family be safeguarded."[103] Dit is dus duidelik dat beide die rapport en die verklaring groot nadruk lê op die sosio-maatskaplike probleme, met spesifieke verwysing na die gesin. Ook hier is die kerk se oë opnuut geopen vir die omvattende nood.

Die laaste rapport handel oor *Kommunisme in Suid-Afrika* en die rol van die ANC en PAC. 'n Duidelike band word gelê tussen die optrede van die organisasiesen die kommunisme. Die feit dat "anti-Christelike" kommunisme onderliggend in die rassespanning teenwoordig is, word beklemtoon en die regering se optrede teen die organisasies word hierdeur geregverdig.[104]

Wanneer bogenoemde vergelykings onder oë geneem word is dit myns insiens duidelik dat hierdie agt rapporte van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Kaapse Sinode van 1965 die eerste "amptelike" reaksie in die vorm van 'n studiestuk op die *Cottesloe-beraad* was. Niemand kan ontken dat *Cottesloe* die gewete van die kerk opnuut kom aanspreek het nie. Met reg kan na my oordeel gesê word dat die *Cottesloe-beraad* 'n appél op die Nederduitse Gereformeerde Kerke kom maak het, hulle konfronteer het, hulle oë opnuut oopgemaak het vir probleme wat nie meer raakgesien is nie. Dit het die Nederduitse Gereformeerde Kerke gedwing om homself te verantwoord ten opsigte van sy eie beleid en optrede. Hierdie verslag van die kommissie was die eerste belangrike positiewe stap te midde van al die negatiwiteit op weg na so 'n verantwoording. Dit was 'n begin vir verdere besinning wat uiteindelik sou uitoop op *Ras, Volk en Nasie* in 1974.

Alhoewel hierdie verslag dus 'n geweldig belangrike rol gespeel het, meen Kinghorn dat daar duidelik twee teenstellende lyne sigbaar was. Dit was syns insiens te danke aan die eweredige verdeling van die kommissie tussen diegene wat hulle met die *Cottesloe-beraad* vereenselwig het en diegene wat hulle daarvan gedistansieer het.[105] Die sinode self het ook nadat die verslag punt vir punt bespreek is, besluit om: "a) dit soos deur die Sinode geammendeer vir verdere bestudering en formulering en verslag aan die volgende Sinode na die kommissie terug te



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

verwys.

b) die rapporte met die kommentaar van die Sinode aan die kommissie vir Aktuele Sake van die Algemene Sinode as studiestukke voor te lê."[106]

Dit was veral laasgenoemde besluit wat geweldig belangrik was. Dit toon duidelik aan dat die Kaapse Sinode hierdie rapporte, en daarmee ook die inhoud daarvan onder die aandag van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in sy geheel wou bring. Deur hierdie besluit sou die verklaring van die *Cottesloe-beraad* op die agendas van al die sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk bly, en sou die probleme waarop die aandag opnuut gevestig is uit alle oorde oorweeg word.

## 1.5 *OPVOLGENDE BELANGRIKE SINODES VAN DIE NED. GEREF. KERK*

### 1.5.1 Die Algemene Sinode 1966

Dat die Kaapse Sinode met sy verslag van 1965 'n belangrike beginpunt was, is reeds aangetoon. Hierdie verslag was ook die basis van die verslag van die kommissie vir Aktuele Sake van die Algemene Sinode van 1966.[107]

Die verslag van die kommissie vir Aktuele Sake was nog meer gesofistikeerd. Die sake waaraan aandag gegee is was:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

a. Menslike verhoudinge prinsipiëel in die lig van die Skrif
b. Kerklike verhoudinge
c. Menslike verhoudinge in die maatskappy.[108]

Kinghorn is van mening dat hierdie verslag van die sinode nie 'n "allemansdokument" kon wees n i e vanweë die akademiese kwaliteit daarvan. Hy gaan voort deur te sê "Na heelwat wysiginge is dit aanvaar, maar dit was klaarblyklik nog nie goed genoeg om wêreldkundig gemaak te word nie. Daar was nog sake wat eers deurdink moes word."[109] Hierdie feit is nie heeltemal korrek nie, omdat 'n geredigeerde weergawe van die verslag wel gepubliseer is. Op versoek van die Breë Moderatuur het dr FE O'Brien Geldenhuys en mnr WL Maree, inligtingsdirekteur van die Transvaalse Kerk, die verslag geredigeer en in Engels vertaal. Die finale produk is deur die Inligtingburo's van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in brosjure-vorm laat druk.[110]

Hiedie publikasie was die eerste poging om op die druk vanuit die ekumene te antwoord. Die sinode het verder nogmaals aan die Aktuele Sake Kommissie opdrag gegee om met die studie voort te gaan. Van der Watt oordeel dalk reg wanneer hy sê: "In sy geheel gesien is daar 'n mate



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

van stagnering by die Algemene Sinode in sy besinning wat betref afsonderlike ontwikkeling. Weg was die gedagte van beleid as metode - inteendeel, die Algemene Sinode het die grense tussen rasse, die verskeidenheid en pluriformiteit opnuut beklemtoon en vanselfsprekend daarmee saam die noodsaaklike roeping om die nasionale karakter van 'n volk, die die volkseie te bewaar."[111] Die belang van hierdie sinode was egter die feit dat die sake wat op *Cottesloe* aandag geniet het ook hier weer op die agenda was, maar meer meer nog dat die verslag van die kommissie vir Aktuele Sake gepubliseer is. Dit was rigtinggewende stappe wat voorgebou het op die verslag van die Kaapse Sinode van 1965.

1.5.2 Die Kaapse Sinode 1969

In opdrag van die sinode van 1965 is die verskillende rapporte van die kommissie hersien. Die kommissie rapporteer in 1969 terug en meld dat "dit wat toegevoeg is in kursief weergegee word."[112] Hierdie toevoegings is insiggewend. Waar daar in 1965 nog 'n groot ooreenkoms tussen die onderskeie rapporte en die *Cottesloe-verklaring* was, dui hierdie toevoegings nou 'n duidelike klemverskuiwing aan. Met reg kan beweer word dat die *status quo* in kerk en samelewing nou verdedig is, in skerp teenstelling met die kritiese woorde wat in 1965



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehoor is.

Wat ras en volk betref word gesê dat Gen 10 en 11 op 'n *differensiëringsproses* dui wat tot groter *pluriformiteit* van volke en rasse gelei het. Die pluriformiteit wat by die skepping reeds gegee is, is veral deur die sonde aangetas, maar moet nie gesien word as vrug van die sonde nie.[113] Ten opsigte van gemengde huwelike word gesê dat die spanning wat die huwelikslewe in hierdie gebroke werklikheid kenmerk en wat ten gevolge van menghuwelike groter word, raak nie die *wese* van die huwelik nie, maar wel die *welwese* daarvan. Hieruit word dit duidelik dat gemengde huwelike as ongewens beskou is.

Trekarbeid het ook deurgeloop onder hierdie toevoegings. So word daar gevra of die stelsel nog regverdigbaar is en dan gekonkludeer: "daarom moet die ideaal bly dat hierdie arbeiders in hulle tuislande 'n bestaande heenkome sal vind. Langs hierdie weg kan groepsverbondenheid beter bewaar bly."[114] Met reg kan hier gevra word hoe dit inderdaad prakties uitgevoer kon word. Hoe kon die probleem van trekarbeid opgelos word wanneer arbeiders wel in hulle tuislande 'n vaste heenkome gevind het, maar nog groot afstande na hulle werkplekke moes reis.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is duidelik dat die denkpatroon wat hier gevolg is klem lê op pluriformiteit, verskeidenheid en grense tussen rasse. Hierdie denkpatroon pas in by die teologie van die groot Nederlandse teoloog A Kuyper. Die invloed is te verstane uit die feit dat een van die groot eksponente van hierdie teologie prof FJM Potgieter ook op die kommissie gedien het. Terme soos veelvormigheid, pluriformiteit, differensiëring en die bepaalde uitleg van Gen 10 en 11 was kenmerkend van hierdie teologie. Kinghorn toon oortuigend aan dat daar 'n nou band tussen die denke van Potgieter en Kuyper ontstaan het.[115] Hierdie invloed sou ook op die Algemene Sinode van 1970 nog sterker na vore kom.

Hierdie geamendeerde verslag is met dank teenoor die kommissie aanvaar. Kennis is geneem van die veranderings en dit is deurgestuur na die Algemene Sinode.[116] Die stukke wat na die sinode deurgestuur is, sou weer eens die rassekwessie op die agenda van die Algemene Sinode hou. Langs hierdie weg het ook die besluite van *Cottesloe* nog steeds op die agenda van 1970 gedien - reeds tien jaar na die beraad self! 'n Poging om 'n amptelike antwoord op *Cottesloe* te formuleer, sou binne kort in alleryl begin.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.5.3 Die Algemene Sinode 1970

Hierdie sinode het rigtinggewend en bepalend opgetree op die weg na die formulering van 'n amptelike beleidstuk. 'n Belangrike stap vorentoe was ongetwyfeld die vorming van 'n *Ad Hoc*-studiekommissie wat 'n diepgaande studie moes maak van die rasse en ekumeniese vraagstukke.[117] Dit het voortgespruit uit die verslag van die kommissie vir Aktuele Sake wat gehandel het oor die verhouding van Moeder- en Dogterkerke. Deel van hierdie kommissie se verslag het ook die verslag van die kommissie vir die bestudering van rasseaangeleenthede bevat. Die benoeming van hierdie *Ad Hoc*-studiekommissie moet inderdaad as 'n kompromis besluit gesien word omdat geen eenstemmigheid oor bogenoemde verslae bereik kon word nie.[118]

Die opdrag aan die *Ad Hoc*-studiekommissie was om aandag te gee aan:

"Die verslae en aanbevelings van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode van Grand Rapids en Lunteren;

Die brief wat die Moderamen van die Gereformeerde Kerke van Nederland ontvang het;

Die verslae van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke van Frankfurt 1964 en Nairobi 1970;

Die verslae van die All Africa Conference of Churches;

Die verslae van (a) die Ad Hoc-kommissie van die Raad



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van Kerke van 1957 en (b) van die Algemene Sinode van 1966;

Die verslae van die Sinodale Studiekommissie wat voor die Kaapse Sinode van 1969 gedien het oor die Rassevraagstuk en oor Ekumeniese Aangeleenthede;

Die verslag van die Kommissie oor Gemengde Huwelike wat deur die Breë Moderatuur benoem is;

Die verslag oor Trekarbeid, Onderlinge en Ekumeniese verhoudinge;

Die jongste tendense by sommige ekumeniese instansies oor geweld, rewolusie, horisontalisme, ens.;

Die kontemporêre situasie in S.A. t.o.v. Rasse- en ekumeniese aangeleenthede."[119]

Die kommissie is gevra om sy verslae so spoedig moontlik te voltooi met rapport van voortgang aan die Breë Moderatuur. Die verslag sou in oorleg met die Breë Moderatuur en die ASSK gefinaliseer word sodat dit as basis van bespreking kon dien by die Federale Raad van Kerke, die Suid-Afrikaanse lidkerke van die GES en ander ekumeniese instansies met rapport aan die volgende sinode.[120]

Die volgende persone is op die kommissie benoem: dr JD Vorster, dr FE O'B Geldenhuys, proff EP Groenewald, PA Verhoef, di PES Smith, DS Snyman, DPM Beukes, JS Gericke



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

en ds WA Landman. Tydens sy eerste vergadering op 21 Oktober 1970 is ds WA Landman as voorsitter en ds PES Smith as skriba gekies. Prof AB du Toit en dr JC de Villiers is in die plek van prof EP Groenewald benoem.[121] Die weg was nou vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk gebaan om tot 'n amptelike verantwoording t.o.v. die probleme wat te *Cottesloe* geïdentifiseer is te kom, - 'n dekade na die beraad self.

## 1.6 Evaluering

Saam met van der Watt kan ons nie anders as om te sê dat *Cottesloe* ongetwyfeld sy tyd vooruit was nie. Dit is die objektiewe oordeel wat die geskiedenis daaroor fel.[122] Ook O'Brien Geldenhuys sê "Cottesloe was sy tyd twintig jaar vooruit. Die onrus geskep deur die te vroeë sensasionele bekendmaking van die besluite wat die NG afvaardiging daar onderskryf het, het ongelukkig die ontwikkeling van die kerk se eie denke in dieselfde rigting tragies met dekades vertraag."[123]

Alhoewel die Nederduitse Gereformeerde Kerke sedert die dertigerjare by die rassekwessie betrokke was, en kennis geneem het van die problematiek in 'n eie Suid-Afrikaanse konteks[124] het *Cottesloe* ongetwyfeld as katalisator gedien in die denke binne die kerk. Deur die beraad is die kerk se



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aandag weer eens op die problematiek van die samelewing rondom hom gevestig. Dit het die Nederduitse Gereformeerde Kerke gedwing om standpunt in te neem en hulleself te verantwoord ten opsigte van hulle eie rol binne die sosiaal-maatskaplike omstandighede in Suid-Afrika. Ongelukkig het die politieke spanning en die daarmee gepaardgaande vreespsigose wat in 1960 geheers het, daarvoor gesorg dat hierdie beraad uit alle amptelike oorde negatief beoordeel en veroordeel is. In plaas daarvan dat dit die kerk tot positiewe betrokkenheid aangespoor het, het dit verlammend ingewerk op die teologiese denke van die kerk. Wat nie ontkom kon word nie, is dat dit die WRK opgeroep het tot 'n verantwoorde beleid.

Weens die algemene negatiewe oordeel sou dit die kerk egter tien jaar neem om 'n daadwerklike poging aan die gang te kry, tot die formulering van so 'n beleid. In hierdie dekade moet die Kaapse Sinode uitgesonder word. Vanaf 1961 het hulle die pas aangegee en gesorg dat die stem van *Cottesloe*, hoewel ietwat vermom, tog hard en duidelik in die sinodesale van die Nederduitse Gereformeerde Kerk weerklink het. Dit is jammer dat die Kaapse Sinode in 1969 op sy eie standpunt begin teruggaan het en van meer gebaande teologiese weë gebruik gemaak het, deur die *status quo* te begin verdedig. Hiermee is die profetiese stem wat in 1965 en 1966 nog helder



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

en luid weerklink het in 'n groot mate gedemp. Dit was egter reeds 'n duidelike aanduiding in watter rigting sake sou beweeg. Die invloed van Kuyper was onontkombaar en dit sou die Nederduitse Gereformeerde Kerk vergesel tot lank na 1974.

Dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1970 sover gekom het om 'n *Ad Hoc*-studiekommissie aan te stel moet inderdaad positief beoordeel word. Tien jaar na *Cottesloe* het die kerk weer aktief begin besin oor 'n amptelike rassebeleid en daarmee het die verlammende uitwerking van *Cottesloe* gaande weg minder geword. Veel meer sou egter nodig wees om die Nederduitse Gereformeerde Kerk ten volle daarvan te bevry.

## 1.7 *SAMEVATTING*

Die jaar 1960 sal in die annale van die Suid-Afrikaanse geskiedenis opgeteken staan as een van die stormagtigste ooit - óók wat die kerklike terrein betref. Te midde van die angs en spanning van politieke onluste en 'n noodtoestand het die WRK aktief in Suid-Afrika betrokke geraak. Dit het uitgeloop op die *Cottesloe-beraad* in Desember 1960. Aan die einde van die beraad is 'n verklaring uitgereik wat beroering veroorsaak het. Die amptelike reaksie van die Nederduitse Gereformeerde Kerke daarop was negatief en dit het gelei tot 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sterk ekumeniese afkeur. Tog het daar ook positiewe gevolge uit die *Cottesloe-beraad* voortgevloei. Die heel belangrikste was die stigting van die kommissie vir die bestudering van rasseaangeleenthede deur die Kaapse Sinode in 1961. Hierdie kommissie het 'n diepgaande verslag in 1965 voor dié Sinode gelê, waarin die invloed van *Cottesloe-beraad* duidelik sigbaar was. Hierdie verslag is na die Algemene Sinode van 1966 deurgestuur. Sodoende het *Cottesloe* en die rassekwessie op die agenda van die kerkvergaderings gebly. In 1969 het die Kaapse Sinode 'n geamendeerde verslag goedgekeur wat weer eens na die Algemene Sinode van 1970 gestuur is. Hierdie Sinode van 1970 sou daadwerklik optree toe 'n *Ad Hoc*-studiekommissie aangestel is om die hele aangeleentheid te bestudeer. Die verslag van hierdie kommissie sou in 1974 die lig sien as *Ras, Volk en Nasie.*

## 1.8 *VOETNOTAS*

1. AN Pelzer (red), Verwoerd aan die woord, p 306
2. JJ Steenkamp, Die Wêreldraad van Kerke se bemoeienis met die Rassevraagstuk in Suid-Afrika, p 198
3. RTJ Lombard, Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en Rassepolitiek, p 191
4. Vir 'n gedetaileerde weergawe van die gebeure verwys ek na die ongepubliseerde DD proefskrif van JJ Steenkamp; p 198 e.v.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5. RTJ Lombard, aw, p 192

6. Handelinge van die Ned. Geref. Sendingkerk Transvaal, 1960, p 147

7. Handelinge van die Ned. Geref. Kerk OVS, 1960, p 244

8. JJ Steenkamp, aw, p 212

9. JJ Steenkamp, aw, p 214

10. Handelinge van die Ned. Geref. Kerk Transvaal, 1961, p 36 - 38

11. JJ Steenkamp, aw, p 245

12. Handelinge van die Ned. Geref. Kerk Transvaal, 1961, p 31

13. RTJ Lombard, aw, p 192

14. Report of the General Secretary to the meeting of the Central Committee of the WCC in ST. Andrews Scotland 1960, The Ecumenical Review, October 1960, p 58

15. RTJ Lombard, aw, p 201

16. Vergelyk JJ Steenkamp, aw, p 235 - 247 vir volledige besonderhede oor die voorafgaande skrewe op weg na Cottesloe

17. RTJ Lombard, aw, p 202

18. JJ Steenkamp, aw, p 248

19. JJ Steenkamp, aw, p 249

20. RS Bilheimer was 'n leraar van die United Presbyterian Church in die VSA en een van die vier mede-algemene sekretarisse van die WRK

21. Vir 'n volledige beskrywing van die stryd tussen De Blank



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en die Nederduitse Gereformeerde Kerke vgl JJ Steenkamp, aw, p 255 e.v.

22. PB van der Watt, Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 - 1975, p 104
23. RTJ Lombard, aw, p 208
24. Handelinge van die Ned. Geref. Kerk Transvaal, 1961, p 370 e.v.
25. RTJ Lombard, aw, p 208
26. Cottesloe Consultation sp, The Report of the consultation among South African member churches of the World Council Churches, 1960, p 95 - 96
27. Handelinge van die Ned.Geref. Kerk Suid-Afrika, 1961, p 241 - 242
28. Handelinge van die Ned. Geref. Kerk Transvaal, 1961 p 367 - 368
29. Consultation, aw, Contents
30. PB van der Watt, aw, p 106
31. PB van der Watt, aw, p 106
32. Consultation, aw, p 73
33. Consultation, aw, p 74 - 76
34. PB van der Watt, aw, p 106
35. J Kinghorn (red), Die Ned. Geref. Kerk en Apartheid, p 119
36. RTJ Lombard, aw, p 219
37. J Kinghorn (red), aw, p 119
38. PB van der Watt, aw, p 107



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

39. PB van der Watt, aw, p 108

40. PB van der Watt, aw, p 110

41. Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1961, p 54

42. Handelinge van die Raad van Ned. Geref. Kerke, 1961, p 55

43. PB van der Watt, aw, p 108

44. Albei hierdie Kerke het hulle lidmaatskap van die WRK na 1961 opgesê

45. Handelinge van Ned. Geref. Kerk Transvaal, 1961

46. PB van der Watt, aw, p 109

47. Handelinge van Ned. Geref. Kerk Transvaal, 1961, p 360 - 361

48. Handelinge van Ned. Geref. Kerk Transvaal, 1961, p 382

49. In Stroomversnellings p 58 skryf dr. O'Brien Geldenhuys: "In die tyd voor Cottesloe dat ek lid was van die Broederbond kan ek eerlik sê dat ek nooit bewus was van direkte inmenging van die Broederbond by aanstellings of by kerksake in die algemeen nie. Maar direk ná Cottesloe het hy baie beslis in sy omsendbriewe aan die afdelings standpunt ingeneem teen die Cottesloe-besluite. As lid van die Broederbond en deelnemer aan Cottesloe het ek trouens self'n persoonlike brief van die hoofkantoor ontvang om my te versoek om die beluite te repudieer" en verder "Ek het 'n gerug gehoor dat Broederbondlede 'n geheime vergadering in Pretoria gehou het (waarheen ek nie uitgenooi is nie!) om hul strategie teen Cottesloe te



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

bespreek."

50. Handelinge van die Ned. Geref. Kerk Suid-Afrika, 1961
51. RTJ Lombard, aw, p 235
52. PB van der Watt, aw, p 110 sowel as Handelinge van Ned. Geref. Kerk Suid-Afrika, 1961, p 264 - 270
53. J Kinghorn (red), aw, p 119
54. Consultation Statement, aw, p 74 - 78
55. PB van der Watt, aw, p 111
56. PB van der Watt, aw, p 111
57. EP Groenewald, Die Transvaalse Kerk en die Cottesloe-beraad, NGTT, Jun 1961, p 142
58. RTJ Lombard, aw, p 242
59. RTJ Lombard, aw, p 243
60. PB van der Watt, aw, p 112
61. Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1966, p 37 e.v.
62. Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1966, p 459, 546
63. RTJ Lombard, aw, p 243
64. E de Villiers, Kritiek uit die Ekumene, in J Kinghorn (red), aw, p 147
65. PB van der Watt, aw, p 112
66. Handelinge van Ned. Geref. Kerk Suid-Afrika, 1961, p 51
67. PB van der Watt, aw, p 114
68. Handelinge van die Kaapse Sinode, 1965, p 196 e.v.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

69. Handelinge, aw, p 196

70. Handelinge, aw, p 196

71. Handelinge, aw, p 196

72. Consultation Statement, aw, p 74

73. Handelinge, aw, p 199

74. Handelinge, aw, p 199

75. Handelinge, aw, p 199

76. Handelinge, aw, p 199

77. Cosultation Statement, aw, p 75

78. Handelinge van die Kaapse Sinode, 1965, p 199

79. Handelinge, aw, p 212

80. Handelinge, aw, p 213

81. Handelinge, aw, p 213

82. Handelinge, aw, p 215

83. Consultation Statement, aw, p 74

84. Consultation Statement, aw, p 75

85. Vgl. Handelinge van die Kaapse Sinode, 1965, p 213 - 214

86. Handelinge, aw, p 217

87. Consultation Statement, aw, p 74

88. Handelinge, aw, p 226

89. Handelinge, aw, p 226

90. Consultation Statement, aw, p 75

91. Consultation Statement, aw, p 75

92. Die Ned. Geref. Kerke het 'n aktiewe rol gespeel in die vorming van 'n beleid van afsondelike ontwikkeling. Vgl.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarvoor die boek van RTJ Lombard, aw

93. Handelinge, aw, p 231

94. Handelinge, aw, p 231

95. Consultation Statement, aw, p 75

96. Handelinge, aw, p 232

97. Handelinge, aw, p 232

98. Handelinge, aw, p 232

99. Handelinge, aw, p 233

100. Handelinge, aw, p 233

101. Consultation Statement, aw, p 74

102. Consultation Statement, aw, p 75

103. Consultation Statement, aw, p 75

104. Handelinge van die Kaapse Sinode, 1965, p 244

105. J Kinghorn (red), aw, p 121 - 127

106. Handelinge, aw, p 31

107. J Kinghorn (red), aw, p 129

108. Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1966, p 85

109. J Kinghorn (red), aw, p 129

110. Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1970, p 22 e.v.

111. PB van der Watt, aw, p 115

112. Handelinge van die Kaapse Sinode, 1969, p 193

113. Handelinge, aw, p 194

114. Handelinge, aw, p 195



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

115. J Kinghorn (red), aw, p 121 - 127

116. Handelinge, aw, p 28

117. Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1970, p 785

118. J Kinghorn (red), aw, p 129

118. Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1970 p 786

120. Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1970, p 786

121. PB van der Watt, aw, p 115

122. PB van der Watt, aw, p 114

123. FE O'Brien Geldehuys, In die stroomversnellings, p 58

124. Vgl. RTJ Lombard, aw.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 2

# VAN KOMMISSIE VERSLAG TOT AMPTELIKE BELEIDSTUK - RAS, VOLK EN NASIE EN VOLKEREVERHOUDINGE IN DIE LIG VAN DIE SKRIF

## 2.1 *DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE*

Nadat die kommissie met sy werksaamhede begin het, het hulle spoedig tot die oortuiging gekom dat 'n veel omvattender studie as wat aanvanklik beplan was nodig sou wees. Hierdie breër studieveld het vereis dat 'n veel groter paneel van deskunige persone by die ondersoek betrek moes word, en daar is in oorleg met die Breë Moderatuur besluit om vier subkommissies aan te stel.[1]

Die eerste subkommissie het bestaan uit dr FE O'Brien Geldenhuys (sameroeper), Proff PA Verhoef, AH van Zyl, AB du Toit, dr JL de Villiers en ds PES Smith. Hulle taak was om *Ras, en Volk in die lig van die Skrif* en *Gemengde Huwelike* te bestudeer.[2] Die tweede subkommissie het bestaan uit proff HDA du Toit (sameroeper), B J Marais, JA Heyns, FJM Potgieter, drr J Murray Janson, HW Rossouw, DJ Louw en ds C Colyn. Hulle opdrag het bestaan uit die bestudering van *die Kerk en Ekumene*, wat onder meer die wese, taak, begrensing en roeping van die kerk, die ekumene-eenheid en -waarheid, jongste tendense oor geweld, rewolusie en horisontalisme



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behels het.[3] Die derde subkommissie het bestaan uit proff JJ Muller (sameroeper), CJ Kriel, B Lategan, SI du Toit en Jannie Pieters, drr B Muller, JJF Durand, D Crafford, C du P le Roux, CI van Heerden, CH Badenhorst, di JJ Sieberhagen, DP Botha, AJ van Wijk, AM Scheffler, FS Malan en HJ Möller. Hulle moes *Kerk, Maatskappy en Staat* bestudeer met inbegrepe van die eise van geregtigheid en verantwoordelikheid ten opsigte van sosio-ekonomiese, staatkundige en opvoedkundige aspekte, medemenslike, kerklike, maatskaplike en staatkundige verhoudinge in Suid-Afrika; gesinslewe, trekarbeid en lone.[4] Die laaste subkommissie het bestaan uit proff WJ van der Merwe (sameroeper), CWH Boshoff, TN Hanekom, DW de Villers, drr JM Cronje, PB van der Watt, WA Krige, NJ Smith, di DS Snyman, SH van der Spuy en IJ Haasbroek. *Kerk en Sending* was op hulle agenda, in besonder die ontstaan en voortbestaan van kerke, ouer en jonger kerke, onderlinge verhoudinge en gesamentlike aanbidding.[5]

Hierdie subkommissies is nie toegelaat om self verdere persone te koöpteer nie, maar hulle kon waar hulle dit nodig sou ag mondelinge of skriftelike informasie vra van ander persone bv. staatsinstansies en -amptenare, deskundiges en vakmanne. Hierdie deskundiges se verslae is as adviserend aan die *AD Hoc-kommissie* beskou.[6] Die verslae van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

subkommissies is verder ook aan alle dosente van die Ned. Geref. Kerk se teologiese fakulteite en inrigtings in Suid-Afrika gestuur vir hulle kritiese kommentaar en waar nodig, verbeterde formulerings.[7] Daarmee het die kommissie probeer om die "wydste en mees verteenwoordigende deskundige hulp en leiding wat binne die Ned. Geref. Kerk beskikbaar is in die opstel van die verslag in te span."[8]

Na vier jaar se teologiese besinning en formulering was die verslag in 1974 gereed om voor die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk te dien.

## 2.2 *DIE INHOUD VAN DIE VERSLAG*

Dat die verslag omvangryk was, word duidelik uit die feit dat dit uit vier afdelings bestaan het en 64 bladsye beslaan het. Die temas van die vier afdelings was onderskeidelik:

1. Ras, Volk en Nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif
2. Die Kerk, die Koninkryk en die Ekumene
3. Die Kerk en Maatskaplike Geregtigheid
4. Kerk en Sending.[10]

Hierdie vier temas was alreeds 'n duidelike aanduiding van die rol wat die memorandum van die Kaapse Sinode van 1969 in hierdie verslag gespeel het.[11]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Omdat hierdie verslag sekerlik die belangrikste finale impuls was op weg na *Ras, Volk en Nasie* en *Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*[12] word die inhoud in hooftrekke weergegee. Die skematiese raamwerk van die verslag dien ook as struktuur vir hierdie verkorte weergawe.

2.2.1 Ras Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif

2.2.1.1 Algemene Opmerkinge

Hierdie algemene opmerkinge word ingelei deur die belangrike stelling dat die kerk homself nie die weelde kan veroorloof om die besinning oor rasse- en volkereverhoudinge op 'n gegewe moment as afgedaan te beskou nie.[13] Verder word beklemtoon dat die Woord as norm en uitgangspunt geneem moet word en 'n duidelike omskrywing van die begrippe ras, volk en nasie word gemaak.[14]

Heelwat aandag is gegee aan die formulering van 'n duidelike hermeneutiese uitgangspunt.[15] Die volgende hermeneutiese beginsels is neergelê:

"Die Bybel moet verklaar word volgens erkende



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gereformeerde, wetenskaplike hermeneutiese beginsels in ooreenstemming met sy eintlike bedoeling en is nie 'n wetenskaplike handboek vir empiriese sosiologie of volkekunde nie.

Die Skrif moet nie biblisisties gebruik word nie, maar tekste moet in hulle verband en in samehang met die geheel van die openbaringsgeskiedenis verklaar word.

Alhoewel die Bybel nie 'n wetenskaplike handboek is nie, bied dit tog fundamentele gegewens en beginsels wat vir alle lewensterreine normatiewe betekenis het, ook vir rasse- en volkereverhoudings.

In sy hantering van die Skrifgegewens sal die kerk hom voortdurend bewus moet bly van die sentrale tema van sy prediking, t.w. die verkondiging van die weg van heil in Christus en die koms van die Koninkryk van God en sal hy die norme moet aantoon en aanprys wat op alle lewensterreine met hierdie tema ooreenstem.

Die kerk het aan die ander kant 'n kritiese funksie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

ten opsigte van staat en maatskappy wanneer die Skrifnorme wat op alle lewensterreine moet geld nie eerbiedig word nie.

In die uitoefening van hierdie funksie moet die kerk teen twee uiterstes waak: teen 'n gebrek aan die een kant aan durf, en aan die ander kant aan diskressie. Die kerk mag hom nie deur aanpassing sy vrymoedigheid laat ontneem nie, maar hy mag ook nie sonder pastorale bewoëndheid en begrip optree nie."[16]

Die belangrikheid van hierdie hermeneutiese beginsels lê daarin dat dit die riglyne was wat die kommissie vir homself neergelê het in sy studie-opdrag. Ironies genoeg was dit juis hierdie aspek van die verslag wat in sy finale vorm sou deurloop onder hewige kritiek.[17]

2.2.1.2 <u>Skrifgegewens: Ou Testament</u>

In hierdie deel is uitvoerig aandag gegee aan die terme *'am* en *goi*. Die verslag lui: "Die Bybel gebruik wel 'n aantal terme soos 'am, goi ens. om menslike groeperinge aan te dui, maar hierdie gebruik is nie deurlopend konsekwent nie, en staan veral in die diens van die heilshistoriese betekenis wat die woorde in die Skrif verkry



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

het."[18] Die konklusie waartoe die kommissie gekom het was dat "terme soos dit in die Bybel gebruik word, nie sondermeer op die rasse- en volkesituasie van ons tyd oorgedra kan word nie, ten eerste omdat die Skrif geen rasse-vraagstuk ken nie, en ten tweede omdat die terme volk en nasie primêr 'n heilshistoriese vervulling het."[19]

'n Verdere aspek waaraan aandag gegee is, was die eenheid van die menslike geslag en die oorsprong van etniese verskeidenheid. Die verslag beklemtoon die wesenlike eenheid van die menslike geslag, tesame met die oer-samehang en die prinsipiële gelykwaardigheid van alle volke. Etniese verskeidenheid word gebaseer op veral twee hoofstukke uit die Ou Testament, naamlik Gen. 10 en 11. "Volgens Gen. 10 is die volkereverskeidenheid die gevolg van 'n voortgaande verdeling in die genealogiese lyn terwyl Gen. 11:1 - 9 dit voorstel as die gevolg van verstrooiing. In die proses van die voortgaande differensiëring van die menslike geslag in volke en rasse is daar nie net vloek nie, maar ook seën, nie net 'n oordeel oor die sondige oormoed van die Babelbouers nie, maar ook 'n daad van genade waardeur die mensheid nie vernietig word nie, maar sodat hulle die Here sou kon soek" (Hd 17:27) en die "bedoeling van God met die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vervulling van die aarde bereik kon word."[20]

Die Noagitiese profesie,[21] die kulturele situasie in die nabye Ooste[22] en Israel en die Nasies[23] word almal aan die orde gestel voordat ten slotte aandag gegee word aan die aksente in die Ou Testamentiese prediking. Hier word beklemtoon dat dit tot die belangrikste taak van die kerk behoort om die heil wat in Christus werklikheid geword het, die deel van alle mense en volke te laat word. Dit is die taak van die kerk om hom te beywer om die seëninge van die evangelie konkrete gestalte in die lewe en sosiale strukture van 'n volk te laat verkry, maar "aan die anderkant sal hy die moderne neiging vermy om ongekwalifiseerd alle verskeidenheid tussen volke uit te wis."[24] Die klem val dus duidelik op 'n volkeverskeidenheid binne die eenheid van die menslike ras, waar Skrifgegewens uit die Ou Testament ter sprake is.

2.2.1.3 <u>Skrifgegewens: Nuwe Testament</u>

Die kommissie beklemtoon nogmaals dat ook die Nuwe Testament nie die moderne wetenskaplike onderskeiding tussen die begrippe "volk", "nasie", "bevolking" en etnos ken nie, en geen spesifieke aandag aan die begrip ras gee



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie.[25] Aandag word veral gegee aan die kultuurhistoriese situasie van die Nuwe Testamentiese tydvak. Uit die getuienis wat die Nuwe Testament aangaande volkereverhoudinge op die algemene maatskaplike terrein bied, meld die verslag dat die Nuwe Testament 'n gelykwaardigheid van volke en die eenheid en solidariteit van die menslike geslag handhaaf. Die Nuwe Testament verwys egter ook sonder negatiewe diskwalifikasie na die verskeidenheid van volkere, maar verhef dit nie tot enigste en hoogste beginsel nie. Hierdie volkereverskeidenheid hou egter steeds die gevaar in van 'n sondige geskeidenheid tussen volkere en hiermee moet die kerk deeglik rekening hou.[26] Vir die reëling van volkereverhoudinge geld slegs een etiese norm, naamlik die gebod tot naasteliefde.[27] Die kommissie beklemtoon dat die kerk van Jesus Christus oor alle kulturele bepalinge, geografiese en nasionale grense heen sal strek. Hierdie eenheid word egter geïnterpreteer as 'n eenheid in Christus, 'n geloofsgemeenskap wat alle skeidinge transendeer.[28] 'n Verskeidenheid binne die kerk dui altyd op 'n verskeidenheid binne één kerk. Die eenheid van die kerk staan dus voorop, en tog wys die kommissie daarop dat hierdie eenheid *nooit die verskeidenheid ophef nie*. "Die natuurlike verskeidenheid van mense en volkere bly in die kerk van Christus



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voortbestaan, maar word in Hom geheilig."[29] Hierdie verskeidenheid van die kerk mag egter nooit lei tot geestelike verwydering nie. Daarom moet die Nuwe Testamentiese gedagte van broederskap in Christus en van die koinonia ernstige aandag ontvang.

2.2.1.4 Huwelik en Gemengde Huwelik

'n Gemengde huwelik word deur die kommissie gedefinieer as *huwelike tussen persone van verskillende rasse of etniese groepe,*[30] en aandag word gegee aan die besluite van GES - 1968 rakende gemengde huwelike. Die kommissie stem met die besluite van GES saam dat die Bybel "hom nie vir of teen sodanige huwelike uitspreek nie,"[31]en tog is daar ook wesenlike verskil met die besluite van GES wanneer die verslag lui: "volgens die GES van Lunteren, moet die kerk en staat hulle weerhou om sodanige huwelike te verbied, omdat hulle geen reg het om die wye keuse van 'n huweliksmaat te beperk nie."[32] Die kommentaar van die kommissie hierop is dat dit 'n oorvereenvoudiging en 'n eensydige siening van die feite is. Omdat die huwelik wel sosiale, godsdienstig-kerklike en staatkundig-juridiese implikasies het, gaan so 'n huwelik nie buite die bemoeienis van maatskappy, staat en kerk om nie. Dit is inderdaad deel van die kerk se pastorale roeping



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om in gegewe omstandighede, met die oog op 'n bepaalde sosiale struktuur waarbinne rasgemengde huwelike 'n "Fremdkörper" is, teen die aangaan van derglike huwelike te waarsku. Die kommissie is van mening dat die bepaalde maatskaplike struktuur en kultuurpatroon in Suid-Afrika "die aangaan van derglike huwelike uiters ongewens maak."[33] Ten slotte lui die verslag dan ook dat die verbodsbepaling ten opsigte van gemengde huwelike en ontug, binne die raamwerk van die situasie in Suid-Afrika uitgebrei behoort te word en ook op ander bevolkingsgroepe van toepassing gemaak moet word.[34]

Dit is dus duidelik dat die kommissie hier die status quo wou verdedig. Alhoewel hierdie verdediging nie op Skrifgronde berus nie, word dit oor 'n sosiaal-maatskaplike boeg gegooi. Dat die kerk wel 'n pastorale verantwoordelikheid in hierdie opsig het, kan nie afgemaak word nie, maar tog moet die vraag gevra word of die kerk nie meer aandag moes gee aan "gemengde huwelike" waar daar van Christene en nie-Christene sprake is nie. Dit lê immers wel nader aan die kerk se terrein as "praktiese implikasies". Verder is die besluite van GES wat suiwer op *Skrifgronde* gebaseer was, deur die verslag met dieselfde praktiese implikasies genegeer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit doen vreemd voor dat praktiese implikasies swaarder weeg as suiwer Skrifgegewens.

### 2.2.2 Die Kerk, die Koninkryk en die Ekumene

#### 2.2.2.1 Die Kerk, die Koninkryk en die Ekumene

Die uitgangspunt van die kommissie was dat besinning oor die kerk steeds gedoen moes word vanuit die perspektief van die koninkryk van God.[35] Die koninkryk van God word gesien as "alreeds aanwesig", maar sal eers aan die einde van die tyd met die wederkoms van Christus "teenwoordig" wees. Omdat Christus die koninkryk van God wat deur die sonde verwoes is, kom herstel het, word die kerk opgeroep tot gehoorsaamheid aan God op alle terreine van die lewe. Hierdie gehoorsaamheid word verder gekwalifiseer deur te wys op die taak van die kerk, die organisasie van die kerk en die verhoudinge waarin die kerk staan.[36]

'n Belangrike verhouding, naamlik die van kerk en volk word ook aangespreek. Klem word gelê op die feit dat die term volk van God nie beteken dat die kerk 'n volkskerk is nie, maar dan mag die kerk ook nie afsydig staan teenoor die volk nie "want midde in die volk vind die kerk sy bestaansruimte".[37] Vir sovêr die volk een van die deur-God-gewilde samelewingskringe is, bestem om te



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

dien vir die vooruitgang van die koninkryk, moet die kerk die volk as dienaar van God aanvaar. Die kerk mag dus wel die saak van die volk dien, maar die saak is ten diepste die saak wat God aan die volk stel. Die kommissie beklemtoon dat die grens tussen kerk en politiek nooit oorskry mag word nie[38] en dat die kerk ook teenoor die volk se Godgegewe taak van profeet, priester en koning moet nakom. Tog mag die kerk ook nie bo of los van die volk aan wie hy God's Woord verkondig bly swewe nie. Die kerk het die roeping om die waardes en diepste oortuigings in die kultuur van 'n volk deur gemeentebou en sending steeds onder die Woord van God te plaas, met dié verwagting dat die basiese Christelike oortuiging steeds meer en meer die kern daarvan sal word. "Daarom sal 'n verskeidenheid van volke ook 'n verskeidenheid van inheemse kerke tot gevolg hê"[39] en hoewel die kerk van Christus in ons bedeling wel 'n verskeidenheid van gestaltes, wat met die volkereverskeidenheid saamhang, vertoon, is dit nie geslote in die sin dat dit net vir lede van een volk bedoel is nie. Hiermee is die eenheid van die kerk ook aan die orde gestel.

Die eenheid van die kerk is volgens die kommissie geleë in sy herkoms, bestemmings, toerusting en bron van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waaruit die kerk lewe,[40] en kom verder na vore in belydenis, gemeenskap en diens. Hierdie eenheid is nie net 'n onsigbare eenheid nie, maar moet ook sigbaar na vore kom, aangesien die Skrif ten spyte van verskille onder mense net een kerk van Christus in die wêreld ken. Die kommissie maak 'n duidelike onderskeid tussen *verskeidenheid* en *verskeurdheid,* en definieer verskeurdheid as daar waar die eenheid van die kerk deur pluriforme kerke bedreig word en ons nie meer verskeidenheid binne een kerk het nie, maar 'n verskeidenheid van kerke.[41] Die begrip ekumenisiteit word gebruik om hierdie verskeidenheid van kerke binne die eenheid aan mekaar te koppel.[42] Ekumene mag egter nooit bo die waarheidsvraag verhoog word nie, en ekumeniese gesprek moet altyd binne die grense van die kerk self gevoer word.

Uit bogenoemde blyk dit dus duidelik hoe die teologie van Kuyper, wat reeds in die verslag van die Kaapse Sinode van 1969 duidelik na vore gekom het, ook 'n houvas en invloed op hierdie verslag uitgeoefen het.[43] Alhoewel die eenheid van die kerk bely word, word 'n sterk band tussen kerk en volk gehandhaaf en val die klem onwillekeurig op 'n verskeidenheid van kerke as direkte uitvloeisel van die verskeidenheid van nasies.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

2.2.2.2 Horisontalisme en die Horisontale dimensie

Horisontalisme kom volgens die kommissie nie in 'n sistematies uitgewerkte vorm voor nie, maar vorm 'n algemene tendens binne die ekumeniese denke.[44] Dit word gedefinieer as 'n beklemtoning van die betekenis van God's herskeppingswerk vir die aardse lewe ten koste van die betekenis van die herskeppingswerk self. Horisontalisme laat daarom die kerk opgaan in sy verhouding tot die wêreld, met verontagsaming van die ander verhouding waarin die kerk ook staan.[45] 'n Beoordeling van hierdie teologiese denkrigting moet voorafgegaan word deur 'n erkenning dat die kerk inderdaad 'n taak op horisontale vlak het, maar die kommissie beklemtoon dat die Bybel nie die valse teenstelling van vertikaal, horisontaal ken nie. Die Bybel ken aan die vertikale verhouding van God en mens voorrang toe en grond hierin die mens se horisontale verhouding tot die wêreld. "Alleen die mens wat leef uit die nuwe lewe wat sy deel in die opstanding van Jesus Christus geword het, is in staat tot vernuwende arbeid in hierdie wêreld."[46] Hiermee word die derde deel van hierdie afdeling aan die orde gestel, naamlik die *Teologie van die Rewolusie.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

2.2.2.3 Die Teologie van Rewolusie

Die kommissie sien die ontstaan van die *Teologie van die Rewolusie* teen die agtergrond van horisontalisme as 'n verset teen die status quo.[47] Die probleem is dat alhoewel geweld nie openlik gepropageer word nie, dit ook nie heeltemal uitgesluit word nie. Klem word gelê op die feit dat die kerk en teologie wat reformaties wil dink ook reformaties moet handel in die vernuwing van die samelewing, en al die strukture van die maatskappy waarin ons lewe. Alhoewel daar omstandighede kan voorkom waarin geweldadige verset geregverdig is,[48] is die kommissie van mening dat die *Teologie van die Rewolusie* die boodskap van die Bybel aan moderne politieke frases en slagspreuke opoffer. Juis daarom sal die volk in sy teologie voortdurend moet waak teen 'n politieke teologie na links en regs.

Opsommenderwys is die kommissie van mening dat verklaar kan word dat die kerk en die Christendom ook 'n roeping op die terrein van die samelewing het wat wel die daadwerklike transformasie van die samelewing tot gevolg sal hê: "Transformasie van die samelewing, daarop moet ons geloof in Christus uitloop - net so seker soos wat die kruis 'n horisontale balk het. Maar die horisontale



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

balk kan alleen standhou as die vertikale dit vashou. Die horisontale het alleen sin as dit uit die vertikale voortvloei."[49]

### 2.2.3 Die Kerk en Maatskaplike Geregtigheid

#### 2.2.3.1 Prinsipiële uitgangspunt

Die kommissie is van mening dat die Bybel die prinsipiële uitgangspunt moet bly, ook vir die bepaling van die onderlinge verhoudinge tussen mense. Naas die feit dat die mens na God's beeld geskape is, geld hier die grondbegrippe en norme van liefde, geregtigheid, waarheid en vrede, voortvloeiende uit die versoening met Christus, as herskeppende en vernuwende daad, van waaruit gelowiges geroep word om reeds in hierdie bedeling tekens van die koninkryk van God op te rig, ook op maatskaplike terrein.[50]

Tot die taak van die kerk hoort juis die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk in alle lewensverbande - ook vir hulle dienswerk in die maatskappy. Verder skenk die verslag hier aandag aan die kerk en volkereverhoudinge, en klem word gelê op die feit dat die ongelykheid in ontwikkelingspeil grootliks aan die historiese situasie toe te skryf is. Dit bring mee dat die kerk in sy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verkondiging sal moet rekening hou met die feitelike praktiese situasie, maar dan sonder dat die praktiese situasie as normatief aanvaar word, en daarom word die kerk se betrokkenheid by sosio-ekonomiese ontwikkeling duidelik uiteengesit. Die kerk self mag nooit by die nood en behoefte van mense verbygaan nie, maar moet deur middel van doelgerigte diakonaat en barmhartigheidsdiens hulp verleen waar nodig.[51]

2.2.3.2 Staatkundige Aspekte

In hierdie afdeling van die verslag handel die kommissie veral oor die verhouding kerk-staat. Die taak van die kerk word omskryf as verkondiger van die Woord van God op alle lewensterreine, en daarom ook aan die owerheid.[52] Die taak van die kerk bestaan daarin dat die norme van God's Woord in die onderlinge verhoudinge van mensegroepe tot mekaar, en van die pligte van die owerheid in hierdie verband verkondig moet word, en dat die kerk moet waarsku wanneer onreg geskied. Hierdie optrede moet met durf en deskresie uitgevoer word.

Van die staat word op sy beurt verwag om openbare orde te handhaaf, maar in alles wat hy doen moet die staat volgens Skriftuurlike norme optree. Die kommissie was



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verder van mening dat "'n staatkundige stelsel wat gebou is op eiesoortige ontwikkeling by verskillende bevolkingsgroepe kan in die lig van die Skrif prinsipieël verantwoord word."[53] Die maatstaf wat egter altyd as norm moet geld, is die gebod van naasteliefde, wanneer die verhouding tussen hierdie afsonderlike ontwikkelende volke ter sprake kom. Christene word verder opgeroep om die beginsels van die koninkryk van God ook op politieke terrein deur te voer, op so 'n wyse dat politiek in die lig van God's Woord beoefen word. Die Christen moet steeds daarna strewe dat sy politieke denke en aksie op geregtigheid gerig sal wees.[54]

2.2.3.3 <u>Opvoeding</u>

Die derde subtema van hierdie afdeling wil *Opvoeding* definieer as 'n voorbereiding en toerusting van die mens vir sy eintlike doel, naamlik diens aan God en aan sy koninkryk op alle lewensterreine."[55] Die aandeel van die kerk in opvoeding bestaan daarin dat die kerk in Suid-Afrika hom steeds moet beywer vir die daarstel en uitbou van onderwysfasiliteite. Die kerk het ook 'n beslissende rol te speel waar daar nog 'n agterstand ten opsigte van die ander bevolkingsgroepe in vergelyking met die Blankes bestaan, omdat die kerk hom voortdurend vir



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

die uitwissing van hierdie agterstand moet beywer.[56]

2.2.3.4 Die Kerk en sy diakonaat

Hierdie subtema sluit baie nou by bogenoemde aan. Een van die vernaamste take van die kerk is die leniging van nood en die bekamping van onreg. Die kerk moet voortdurend dien as gewete van die volk, om armoede, lae lone, swak behuising en ander sosio-ekonomiese probleme onder die ander bevolkingsgroepe onder die aandag te bring. Die kerk moet meer doen deur sy lidmate op te voed tot matigheid en soberheid van lewenswyse en vermyding van onnodige luukse sodat beter hulpbetoon aan mindergegoedes verleen kan word. Die verslag beklemtoon dat dit dringend noodsaaklik geword het dat die diakonaat van die kerk 'n nuwe gestalte aanneem, ten einde ook as taak te aanvaar die stimulering en aktivering van die gemeente tot diensbetoon.[57]

2.2.3.5 Bantoetuislande

Die kommissie meen die taak van die kerk is om "belang te stel in die *Bantoetuislande* as onderontwikkelde gebiede."[58] Hy moet voortdurend aandag gee aan die sosio-ekonomiese aspekte en bevordering van die oortuiging dat die snelle ekonomiese nywerheidsontwikke-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ling van die *Bantoetuislande* ernstig voorrang moet geniet en die kerk moet 'n gees van offervaardigheid wat hiervoor nodig is by sy lidmate opskep, sodat gelukkige tuistes vir die groots moontlike deel van die Bantoevolke gebied kan word.

2.2.3.6 Die Bantoe in Blanke gebiede

Die geweldige probleme wat die Bantoe in Blanke gebiede beleef, word hier onderskryf. Gesinsontwrigting, losse geslagtelike verkeer, aftakeling van die gesinslewe, die oorsaak van 'n hoë misdaadsyfer, die wette op instromingsbeheer, die aanpassingsproses by die Bantoe en behuising word as knelpunte geïdentifiseer. Dat dit hier oor 'n groot aantal maatskaplike probleme gaan, is duidelik. Die kommissie meen "die kerk moet sy profetiese stem laat hoor in die gevalle waar die ekonomiese sektor (nywerhede, bedryf, handel ens.) nie sy verantwoordelikheid besef t.o.v. die ekonomiese en arbeidsomstandighede van die stedelike Bantoe nie en die Bantoe as bron van goedkoop arbeid uitbuit."[59] Daarmee saam word die taak van die kerk gesien as een van hulpverlening en vorm deel van die diakonaat van die kerk.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.2.3.7 Trekarbeid

Hierdie tema sluit baie nou by die voorafgaande aan. Die kommissie erken die ingewikkeldheid van die ekonomiese struktuur in Suid-Afrika en is van mening dat die skielike beëindiging van trekarbeid tot groot ontwrigting en ontbering kan lei.[60] Tog kan die ontwrigting wat trekarbeid in die gesinslewe van die Bantoe veroorsaak nie ontken word nie. Trekarbeid is een van die faktore wat lei tot die ontwrigting van huweliks- en gesinslewe van die betrokke Bantoes. Die trekarbeidstelsel skep verder groot probleme vir die kerk omdat daar van werklike gemeentebou weinig sprake is. Hierdie ontwrigtende uitwerking van trekarbeid op die kerklike en sosiaal-maatskaplike lewe van die Bantoe is onverenigbaar met die Skriftuurlike eise van die Christelike etiek, en moet uitgeskakel word.[61] As oplossing vir die probleem moet radikale ontwikkeling en konsolidasie van die tuislande plaasvind. Ontspanningsfasiliteite, voldoende kontak met gesinne, pensioenfondse vir arbeiders en die opsporing van onverantwoordelike trekarbeiders kan alles help om die probleem te verlig.

2.2.3.8 Die Kerk en Trekarbeid

Die kerk kan hier 'n belangrike rol speel deur die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vorming van swart leiers, opvoeding ten opsigte van arbeid, 'n sinvolle gesinslewe en die uitbreiding van kerklike arbeid, en die kerk sal sy arbeid aan trekarbeiders in die stede en hulle gesinne in die tuisland moet uitbrei, om die lig van die evangelie op al die fasette van die lewe te laat val.[62]

2.2.3.9 Die Kerk en Maatskaplike Geregtigheid ten opsigte van die Kleurlinggemeenskap in Suid-Afrika

Die kommissie beklemtoon dat die Kleurlinge in kerklike en sosiale verhoudinge tussen die bevolkingsgroepe van Suid-Afrika 'n unieke posisie ten opsigte van die Blankes beklee.[63] Verskeie knelpunte word aangespreek, onder andere die staatkundige posisie, proklamasie van groepsgebiede, lone, drankmisbruik en onsekerheid by die Kleurlinge oor tot watter groep hulle tuishoort. Kragtens sy wese, opdrag en invloed het die kerk sy eie groot verantwoordelikheid t.o.v. die oplossing van hierdie probleme.[64]

2.2.3.10 Die Kerk en Maatskaplike Geregtigheid ten opsigte van Indiërs en ander Asiate in Suid-Afrika

In groot ooreenstemming met die posisie van die Kleurlinge word ook die posisie van die Indiërs deur die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kommissie aangespreek. Ook in hierdie geval het die kerk en staat 'n roeping om voortgesette aandag aan die knelpunte in die geval van Asiate te gee, omdat dit die taak van die kerk is om te help waar daar nood bestaan. Die kommissie is van mening dat die regering versoek moet word om 'n spesiale kommissie aan te stel sodat die eise van maatskaplike geregtigheid in alle opsigte in hulle geval verder toegepas kan word.[65]

2.2.4 <u>Kerk en Sending</u>

2.2.4.1 <u>Die Eenheid van die Kerk en die bestaan van afsonderlike Ned. Geref. Kerkverbande vir verskillende bevolkingsgroepe</u>

Die kommissie is van mening dat die bestaan van afsonderlike kerkverbande in ooreenstemming is met die Skriftuurlike meervormige bestaanswyse van die kerk waardeur elkeen in sy eie taal-, kultuur- en volksverband die groot dade van God hoor en verkondig.[66] Hierdie onderskeie kerkverbande word tot wesenlike eenheid saamgesnoer kragtens die gemeenskaplike geloof in en die verbondenheid aan dieselfde Here en Sy Woord, kragtens die aanvaarding van dieselfde Gereformeerde belydenis en kerkregering en vanweë hulle historiese verbondenheid. Die eenheid wat so tot stand kom, moet bely word en sigbaar tot uitdrukking kom op plaaslike vlak en op die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

vlak van meerdere kerkvergaderings, en dit behels ondermeer die kontak van lidmate uit verskillende kerkverbande op persoonlike vlak en sporadiese samekoms van gemeentelede vir besondere geleenthede sowel as beraadslaging in amptelike kerklike vergaderings.[67]

#### 2.2.4.2 Die Heiligheid van die Kerk en die Geestelike Gemeenskap tussen Moeder- en Dogterkerke

Volgens die kommissie beteken die heiligheid van die kerk dat "hy aan God toebehoort en daarom as unieke (eenmalige) instelling bestaan wat onderskei moet word van alle ander instellings in die wêreld, deurdat hy wesenlik eiesoortig en andersoortig is."[68] Hierdie heiligheid kom tot openbaring in én word gevoed deur die gemeenskap van die heiliges, 'n gemeenskap wat beleef word waar gelowiges in gemeenskap met Christus deur sy Woord en Gees bymekaar is. Gemeenskap vind plaas en word bevorder ook waar gelowiges uit verskillende kerke by geleentheid saam bid. Die kommissie beklemtoon egter dat daar as gevolg van allerlei historiese, politieke, en menslikheidsfaktore 'n gevaar bestaan dat gesonde pogings tot geestelike gemeenskap deur gesamentlike aanbidding misverstaan kan word, en die saak wat gedien moet word, sodoende daaronder ly. Dit is daarom deel van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

roeping van die kerk om sy lidmate in te lig dat gesamentlike aanbidding by geleentheid, iets heel anders is as die integrasiegedagte wat deur die pers en allerlei instansies daarin gelees word.[69]

2.2.4.3 Die Katolisiteit van die Kerk en die Inheemse Eiesoortigheid van die Kerk onder die volkere

Die algemeenheid van die kerk geld ten opsigte van die wêreld, die waarheid en die gehoorsaamheid. Die kommissie stel dit duidelik dat die Christelike geloof universieël is, en dat dit die taak van die kerk is om dit te lokaliseer. Lokalisasie beteken dan dat 'n "verskeidenheid van kerke" binne die een universiële kerk ontstaan op grond van taal- en kultuurverskille. Die verslag lui: "om te evangeliseer is 'n handeling waardeur die universialiteit van die Christelike geloof geproklameer word. Om die kerk te verinheems is 'n handeling van lokalisering van evangelie binne 'n bepaalde milieu."[70]

2.2.4.4 Die Apostolisiteit van die Kerk en die Sendingtaak van Moeder- en Dogterkerke

In die apostolisiteit van die kerk gaan dit ten diepste oor die feit dat die kerk van Christus bestaan as 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sendende kerk, waar en onder watter mensegroep hy ookal mag bestaan, juis omdat die kerk missionêr op die wêreld gewy is. Die kommissie is van mening dat hierdie sendingaksie as 'n eie of as 'n gesamentlike onderneming van Moeder- en Dogterkerke aangepak kan word, solank daar seker gemaak word dat die sendingaksie van die een nie deur die ander gestrem word nie.[71]

### 2.2.5 Slotopmerkings

Die verslag word afgesluit met die volgende woorde: "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is hom diep bewus van die ernstige vraagstukke wat daar ten opsigte van volkere-, rasse- en menslike verhoudinge in Suid-Afrika bestaan. Hy streef steeds na dieselfde ideale van maatskaplike geregtigheid, menslike regte en selfbeskikking van volke en mense, gegrond op God's Woord, as ander Christelike kerke. Hy is ook oortuig van die noodsaaklikheid dat die kerk sy profetiese roeping moet vervul, simpatieke begrip moet hê, Skriftuurlike leiding moet gee en voorbidding moet doen. Waar die Ned. Geref. Kerk van ander kerke verskil, is dit nie te wyte aan 'n verskil van siening ten opsigte van morele begrippe of Christelike etiek nie, maar op grond van 'n verskillende siening van die situasie in Suid-Afrika en die boodskap van God's Woord daaroor. Die verskil is nie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

een van ideale en doelstellings nie, maar van die beste metodes om hulle te bereik."[72]

## 2.3 *DIE VERSLAG IN OËNSKOU*

Wanneer die verslag in sy hooftrekke onder oë geneem word, is dit duidelik dat die verslae van die Kaapse Sinodes van 1965 en 1969 'n groot invloed uitgeoefen het, terwyl dieselfde temas wat by *Cottesloe* ter tafel was by herhaling ook hier voorkom. Rasse en volke, gemenge huwelike, kerk-eenheid, maatskaplike probleme bv. trekarbeid, grondbesit, sedeloosheid, opvoeding e.a. en die posisie van Kleurlinge is verskillende aspekte wat soos 'n goue draad deur al die verskillende verslae heen lei.

In hierdie verslag het die kommissie hulle standpunt duidelik kom maak. Die volgende sake rakende hierdie temas is opvallend:

Die Hermeneutiese riglyne wat neergelê word, word nie konsekwent toegepas nie. Alhoewel die verslag erken dat die Bybel nie die modêrne onderskeid tussen ras, volk en nasie ken nie, word die Skrif juis gebruik om die volkereverskeidenheid te verifieer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

* Alhoewel daar van slegs een menslike geslag sprake is, word beklemtoon dat daar 'n groot *verskeidenheid van volke* binne hierdie een mensheid is - hierdie verskeidenheid word beskou as deel van die seën van God op die mensheid.

* In aansluiting by bogenoemde is die Kuyperiaanse invloed duidelik aanwesig in die algemene siening oor eenheid en verskeidenheid. Die gebruik van die terme eenheid en verskeidenheid en laasgenoemde wat onderskei word van verskeurdheid, beklemtoon die feit. Die eenheid van die menslike geslag, maar 'n verskeidenheid van volkere en eenheid van die kerk met 'n verskeidenheid van kerke wys duidelik daarop. Skematies kan ons dit as volg voorstel:

| | |
|---|---|
| Eenheid | Menslike Geslag |
| Een Menslike Geslag | Verskeidenheid van Volke |
| Een Kerk van Christus | Verskeidenheid van Kerke |

* Trekarbeid word as wortel van die maatskaplike probleme geïdentifiseer, en tog is dit ironies dat die verslag die konsolidasie van tuislande aanmoedig sodat Nie-blankes hulle daar kan gaan vestig. Met reg kan gevra word hoe dit die probleem van trekarbeid sou oplos. Omdat arbeiders wat hulle dan in die tuislande sou vestig nog steeds



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as trekarbeiders in Blanke gebiede sou moes gaan werk.

* Sporadiese gesamentlike aanbidding word teenoor 'n "integrasie gedagte" gestel. Alhoewel kontak dus nie uitgesluit word nie, word dit duidelik vanuit 'n bepaalde hoek belig deur dit met integrasie te kontrasteer.

* Dit wil voorkom of die praktiese situasie en praktiese implikasies duidelik in bepaalde gevalle swaarder geweeg het as Skrifgegewens. Dit word veral duidelik in die uitspraak oor gemengde huwelike.

Dit is juis hierdie aspekte van die verslag wat op die sinode opnuut aandag sou kry, en wat die uiteindelike publikasie in kruisvuur sou laat beland.

## 2.4 *DIE VERSLAG TER TAFEL*

### 2.4.1 Die Sinode besluite

Die verslag van die *Ad Hoc-studiekommissie* oor Rasse- en Ekumeniese vraagstukke het op 21 Oktober 1974 voor die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk gedien en die bespreking daarvan het geduur tot en met die aandsitting van 22 Oktober.[73]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die verslag self het uit 'n aantal "vetgedrukte stellinge" bestaan met die motiverings en verduidelikings in fyn druk. Op aanbeveling van die Breë Moderatuur is die vetgedrukte dele van die verslag as aanbevelings of voorstelle deur die Sinode behandel, terwyl van die res slegs kennis geneem is. Indien enige kritiek of wenke rakende hierdie motiverings voor 9 November 1974 deur enige van die vergaderings ingelewer sou word, sou die Breë Moderatuur na bevind van sake handel en kon die kommissie weer saamgeroep word.[74]

Dat die bespreking van hierdie verslag met groot afwagting en spanning gepaard gegaan het, is duidelik af te lei uit die gebeure kort voor die behandeling van die verslag. Die moderator het 'n beroep op die pers en almal wat aan die debat sou deelneem, gedoen om met groot verantwoordelikheid op te tree.[75] 'n Verdere aanduiding van die gevoel by sommige in die sinodesaal blyk uit die voorstel van JT Jordaan en HO Bekker wat behels het dat:

i) Verteenwoordigers van die pers versoek word om alle berigte wat hulle skrywe voor publikasie aan die sinode se Perskommissie voor te lê ten einde seker te maak dat geen berig die kerk in verleentheid bring nie,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ii) die sinode se eie Perskommissie opdrag gegee word om aan die einde van die bespreking en standpuntstelling deur die sinode so spoedig moontlik 'n volledige berig in die kerklike tydskrifte beskikbaar te stel.[76] Alhoewel hierdie voorstel verwerp is, was dit 'n goeie aanduiding van wat sou volg. Daar was duidelik 'n groot groep afgevaardigdes wat bekommerd was dat die kerk weer in 'n politieke toutrekkery betrokke sou raak,[77] en aan die openbare media uitgelewer sou word.

Die verslag is op aanbeveling van die kommissie punt vir punt bespreek. In *Afdeling Een* is dit opvallend dat die verslag so geammendeer is dat die klem nog sterker op etniese verskeidenheid geval het. Dit word duidelik uit die volgende ammendamente wat almal aanvaar is:

a) Rakende die oorsprong van etniese verskeidenheid is 'n voorstel van SJ Elof en E Ellis wat soos vol lui: "die Heilige Skrif leer en handhaaf ook die etniese verskeidenheid van die menslike geslag"[78] aanvaar.

b) Waar die verslag oor Israel en die nasies handel[79] is die inhoud as volg verander: "Die eis van God vir die bestaan van Israel in sy verhouding tot ander volke,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mag nie reglynig op die volkere situasie van ons tyd toegepas word nie" na "mag nie reglynig *maar tog wel analogies*."[80]

c) Waar die verslag handel oor die getuies van die Nuwe Testament aangaande volkereverhoudinge op algemene maatskaplike terrein is die bewoording verander om te lui: "Die Nuwe Testament aanvaar en handhaaf die feit van die verskeidenheid van volkere."[81]

In teenstelling met hierdie klem op *verskeidenheid* is voorstelle wat meer klem op *eenheid* wou lê, verwerp. Dit blyk duidelik uit 'n ammendament van IH Eybers en B Cross waar dit gaan oor die getuienis van die Nuwe Testament aangaande volkereverhouding binne die kerk van Christus: "Die Nuwe Testament ken geen veelheid van kerke nie. Wanneer daar in die Nuwe Testament van 'n verskeidenheid in die kerk sprake is, gaan dit altyd om die verskeidenheid binne die één kerk. Die eenheid van die kerk staan dus voorop."[82] Hierdie ammendament is verwerp en die voorstel van die kommissie wat lui: "Hoewel die N.T. geen veelheid van kerke ken nie, kan daar sekere oortuiginge wees vir 'n groepering in verskillende kerke"[83] is aanvaar.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die deel van die verslag wat handel oor die prinsipiële uitgangspunt oor gemengde huwelike is aanvaar. Toe die praktiese oorwegings egter aan die orde gestel is, is soveel ammendamente ingedien dat die onderskeie voorstellers en sekondante na die voorsitter en skriba van die kommissie verwys is.[84] Na onderlinge beraadslaging is die volgende voorstel aanvaar:

> "In die beoordeling van rasgemengde huwelike moet met die volgende oorwegings rekening gehou word:
>
> 1. Sodanige huwelike is fisies moontlik
> 2. Faktore wat die gelukkige bestaan en volle ontplooiing van 'n Christelike huwelik strem, sowel as faktore wat eventueel die Godgegewe verskeidenheid en identiteit vernietig, maak *so 'n huwelik ongewens en ongeoorloof.* Sodanige faktore word gevind waar daar groot verkille by die egliede is t.o.v. sake soos godsdiens, maatskaplike struktuur, kultuurpatroon, biologiese afstammelinge ens.
> 3. Sodanige huwelike bly ongewens solank die belemmerende faktore bestaan."[85]

Dat hier geen eenstemmigheid oor hierdie voorstel was nie blyk uit die feit dat proff JA van Wyk en IH Eybers en ds WA Landman laat aanteken het dat hulle in die minderheid gestem het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

In *Afdeling Twee* van die verslag is die tendens wat reeds in *Afdeling Een* duidelik na vore gekom het, voortgesit. So is 'n voorstel van die kommissie: "Verskeurdheid van die kerk tree daar in waar die eenheid van die kerk deur pluriforme kerke bedreig word en ons nie meer 'n verskeidenheid binne die een kerk het nie, maar 'n verskeidenheid van kerke"[86] op voorstel van P Rossouw en DD Roslee geammendeer met: "Verskeurdheid van die Kerk tree dáár in waar die eenheid van die Kerk deur sondige verdeeldheid bedreig word terwyl *pluriformiteit as skriftuurlike ontwikkeling reg van bestaan het.*"[87] Die sinode het hierdie ammendament op aanbeveling van die kommissie as voorstel aanvaar.

In *Afdeling Drie* van die verslag was dit veral die dele wat handel oor die kerk en die feitelike paktiese situasie wat heelwat reaksie uitgelok het. Die klem op volkereverskeidenheid is ook hier duidelik voorgesit. Die volgende voorstel van MJP Olivier en WC Oosthuyzen is dan ook deur die sinode aanvaar: "Te midde van die verskillende volke wat saam in dieselfde land woon, moet rekening gehou word met die eenheid sowel as verskeidenheid van die menslike geslag. Kragtens die eenheid is daar die gemeenskaplike kultuur en gemeengoedere wat brûe tussen volke is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Kragtens die verskeidenheid is daar eie kultuurgoed wat eie is aan elke volk. Alhoewel verskillende prosesse werksaam is wat hierdie gemeengoedere vermeerder en volke nader aan mekaar bring, moet die kerk sy roeping nie so verwul dat die eie goedere vernietig word nie, maar so dat leiers van die onderskeie volkere en die volkere self nie net hulle eie sal bewaar en uitbou nie, maar ook in hulle onderlinge verhoudinge geregtigheid sal laat geskied volgens die gebod van naasteliefde."[88] Wanneer hierdie voorstel met die oorspronklike in die verslag vergelyk word, val die klem duidelik weer hier op *verskeidenheid, eie goedere* en *onderskeie volkere.*[89]

Dat die sinode tog 'n balans wou handhaaf en die goue middeweg van dié dag wou bewandel blyk uit die verwerping van die voorstel van DJ Conradie en GC Kraft waarin hulle bepaalde tye en grense van woonplek van verskillende volke as normatief uit die Skrif wou aflei op grond van Deut 32 en Hd 17:26.[90] Verdere voorstelle wat 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling soos deur die regering van die dag voorgestaan direk Skriftuurlik te begrond is ook verwerp.[91]

In *Afdeling Vier* was dit veral die verhoudinge en kontak



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tussen Moeder- en Dogterkerke wat heelwat reaksie ontlok het. Dat die sinode amptelike kontak op plaaslike vlak nie deel van sy amptelike beleidstuk wou maak nie, word duidelik uit die voorstel van DA Kruger en GJ Viljoen wat verwerp is: "Die sigbare eenheid van die Ned. Geref. Kerkebande behoort op plaaslike vlak sowel as op die vlak van meerdere kerklike vergaderings tot uitdrukking te kom dmv kommunikasie met PSK's; SPSK's; RSK's en Ekumeniese kommissies."[92] Hierdie standpunt word bevestig deur die verandering van die voorstel van die kommissie deur 'n voorstel dat kontak deur "Breë vergaderings" vervang word met "federale vergadering".[93] Kontak moes dus duidelik hoofsaaklik in die Federale Raad plaasvind. Deur hierdie besluite is die klem weer eens op die afsonderlike kerke vir eie volke met eie belange geplaas.

Dat die sinode duidelik 'n middeweg ingeslaan het en nie in uiterstes wou verval nie word ook duidelik waar die *Heiligheid van die kerk* aan die orde kom.[94] 'n Ammendament van PH Coetzee en FAH van Staden wat soos volg lui, is deur die sinode verwerp: "Hierdie gemeenskap word nie alleen belewe deur gelowiges wat sigbaar teenwoordig is nie, maar ook met die groot skare van gelowiges van die onsigbare kerk en aangesien die verskillende bevolkingsgroepe in



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verskillende kerke elkeen in sy eie taal-, kultuur-, of volksverband sy bestaan gevind het, besluit die Sinode dat daar geen noodsaaklikheid vir uiterlike saamaanbidding met gelowiges van ander rasse- en taalgroepe bestaan nie ..."[95] terwyl 'n voorstel van BJ Marais en JA van Wyk ook verwerp is: "Hierdie Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk besluit om dit by al ons kerkrade aan te beveel om vir doeleindes van kerkbesoek sy deur oop te stel vir alle aanbidders afgesien van ras of kleur."[96] Hieruit is dit duidelik dat die voorstel van die kommissie wat aanvaar is min of meer 'n kompromie tussen bogenoemde voorstelle behels waarin voorsiening gemaak is vir "saam aanbidding" deur verskillende kerke by bepaalde geleenthede, maar terselftertyd ook gesê is dat geestelike gemeenskap daar beleef word waar gelowiges in gemeenskap met Christus deur sy Woord en Gees bymekaar is.[97]

Dat daar by die sinode 'n vrees vaardig was dat die verskillende aspekte van die verslag uit verband geruk kon word, blyk duidelik uit die voorstel van AP van der Colf en EJ Smith wat deur die sinode aanvaar is: "Die Sinode besluit om te waarsku teen die moontlikheid dat 'n verwronge beeld van die standpunt van die Ned. Geref. Kerk geskep kan word oor die sake waaroor verslag A18 handel, indien besluite



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

los van die logiese samehang van die verslag as geheel gelees word en ook indien besluite sonder motiveringe en beredeninge gelees word."[98] Die sinode het verder besluit om dié besluite soos goedgekeur deur die sinode, tot kennis van lidmate te bring en dit is aan die Breë Moderatuur opgedra om in oorleg met NG-Kerkuitgewers die materiaal van die verslag, nadat hulle gefinaliseer is, in 'n reeks bondige pamflette te verwerk om as basismateriaal om besprekingsgroepe te dien.[99] Verder is aan die Breë Moderatuur opdrag gegee om die verslag tydens die reses met verteenwoordigers van die ander Ned. Geref. Kerke te bespeek.[100]

2.4.2 Die Sinode besluite in Oënskou

Wanneer die besluite van die sinode, en met name die dele van die verslag wat deur die sinode verander is, onder oë geneem word is daar verskeie sake wat duidelik uitstaan.

* Eerstens was daar duidelik twee strome op die sinode teenwoordig. Enersyds was daar die groepering wat meer konserwatief was wat en al die klem laat val het op die verskeidenheid, pluriformiteit, en afsonderlike ontwikkeling. Dat hulle by vêrre in die meerderheid was, blyk duidelik uit die besluite van die sinode. Andersyds was daar egter ook 'n meer liberale groep teenwoordig wat die klem laat val het op sigbare kerkeenheid en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesamentlike aanbidding. Alhoewel hulle in die minderheid was, kan die afleiding tog gemaak word dat hulle 'n groot mate van balans in die besluite van die sinode bewerkstellig het en gekeer het dat die besluite totaal in een rigting gestuur is.

* Tweedens vloei uit bogenoemde voort dat die sinode inderdaad die status quo van die politieke bestel in Suid-Afrika gesekondeer het. Die regeringsbeleid van afsonderlike ontwikkeling is wel nie Skriftuurlik gefundeer nie, maar tog deur die sinode, as gevolg van die volkere verskeidenheid wat wel Skriftuurlik gefundeer is as die enigste praktiese oplossing vir die situasie in Suid-Afrika erken.

* Derdens is die kerk se standpunt oor rasgemengde huwelike onomwonde gestel. Alhoewel die Skrif dit nie verbied nie, is dit weer eens die praktiese situasie en met name die beskerming van eie volk en eie kultuur wat die kerk noodsaak om sodanige huwelike as ongewens te verklaar.

* Vierdens is amptelike ekumeniese kontak tussen die verskillende Ned. Geref. Kerke beperk tot die Federale



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Raad. Deur hierdie besluit is die klem nogmaals op pluriformiteit en verskeidenheid geplaas, en het die sinode die standpunt van die Kaapse Sinode van 1969 geëndosseer.

* Samevattend het die sinode dus die standpunt van die Ned. Geref. Kerk, wat implisiet in die verslag van die kommissie teenwoordig was, nog meer eksplisiet kom stel. Verskeidenheid is beklemtoon en eenheid tot 'n groot mate genegeer.

## 2.5 *DIE PUBLIKASIE VAN DIE VERSLAG*

Die verslag van die *Ad Hoc-studiekommissie* oor Rasse- en Ekumeniese vraagstukke soos deur die Algemene Sinode van 1974 goedgekeur, is in Maart 1975 gepubliseer onder die titel: *Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif.*[101] Hierdie publikasie was die verwerkte verslag wat op die sinode ter tafel was, en is deur die Breë Moderatuur vir publikasie voorberei.

Die publikasie self het uit ses hoofstukke bestaan en 102 bladsye beslaan, en is saamgestel uit 66 stellings wat in vetgedrukte letters aangedui is. Hierdie stellings, dié wat deur die Algemene Sinode goedgekeur is, is verder in ses



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoofstukke verdeel naamlik:

1. Algemene Opmerkinge
2. Die Kerk, die Koninkryk en die Ekumene
3. Die Kerk en Maatskaplike geregtigheid
4. Die Kerk en Sending
5. Huwelik en Gemengde Huwelike.
6. Slot

'n Verdere belangwekkende stap was die feit dat die Ekumeniese kantoor van die Ned. Geref. Kerk "die boekie" in Nederlands, Engels, Duits en Frans laat vertaal het. Dit was 'n deurdagte poging om ook binne ekumeniese kringe die beleid van die kerk bekend te maak. Hiermee wou die Ned. Geref. Kerk na die wêreld gaan om gesprek aan die gang te sit soos dr FE O'Brien Geldenhuys skryf: "Met Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif onder my arm het ek na Europa gegaan en dit oorhandig aan die topbestuurs-liggame van die Prostestantse Kerke in Engeland, Nederland, Duitsland en Switserland. Die versoek aan almal was: Hier is die N.G. Kerk se siening oor die Suid-Afrikaanse situasie. Maak 'n studie daarvan en laat ons dan verder daaroor praat."[102]

Met reg kan hierdie publikasie die Ned. Geref. Kerk se eerste amptelike antwoord op *Cottesloe* genoem word. Vrae wat daar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

gevra is, wou hy nou beantwoord. Dit was 'n ope uitnodiging tot dialoog - dialoog wat vir die volgende vyf jaar sou duur. Te midde van hierdie dialoog sou die reaksie op *Ras, Volk en Nasie* die Ned. Geref. Kerk opnuut weer in die brandpunt van kritiek plaas.

## 2.6 *SAMEVATTING*

Kort nadat die kommissie met sy werksaamhede begin het, het die omvangrykheid van die opdrag hulle genoop om 'n groter paneel van deskundige persone te benoem. Die Breë Moderatuur het besluit om vier subkommissies aan te stel om die verskillende temas te bestudeer. Die temas was:

1. Ras en Volk in die lig van die Skrif en Gemengde Huwelike
2. Die Kerk en Ekumene
3. Kerk, Maatskappy en Staat
4. Kerk en Sending.

Advies kon ook waar nodig van ander instansies ingewin word.

Na vier jaar van besinning en formulering is die finale verslag in Oktober 1974 voor die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk ter tafel gelê. Dit het met groot spanning en afwagting gepaard gegaan en is na 'n bespreking wat twee dae geduur het, op enkele wysigings na goedgekeur. Die wysigings



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat wel aangebring is, het die standpunt van die kerk nog meer eksplisiet gestel en die klem het duidelik op verskeidenheid en pluriformiteit geval. Dit is duidelik dat die kerk die politieke beleid van afsonderlike ontwikkeling wou sekondeer. Die sinode het aan die Breë Moderatuur opdrag gegee om die finale verslag persgereed te maak en te publiseer.

In Maart 1975 is die verslag onder die titel *Ras, Volk en Nasie en Volkeverhoudinge in die lig van die Skrif* gepubliseer. Die publikasie is ook onder andere in Engels, Duits, Frans en Nederlands vertaal as 'n daadwerklike poging van die Ned. Geref. Kerk om sy beleid ook duidelik in buitelandse ekumene-kringe te stel.

Hierdie publikasie was die Ned. Geref. Kerk se amptelike antwoord op probleme wat reeds in 1960 by *Cottesloe* geïdentifiseer is, en hiermee wou die kerk in gesprek tree met buitelandse sowel as binnelandse kerke. Die reaksie op *Ras, Volk en Nasie* sou die Ned. Geref. Kerk egter opnuut in die brandpunt van kritiek plaas.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2.7 VOETNOTAS

1. Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1974, p 216
2. Handelinge, aw, p 217
3. Handelinge, aw, p 217
4. Handelinge, aw, p 217
5. Handelinge, aw, p 217
6. Handelinge, aw, p 217
7. Handelinge, aw, p 217
8. Handelinge, aw, p 217
9. Handelinge, aw, p 218
10. Handelinge, aw, p 218 - 279
11. Vgl 1.5.2 in hoofstuk 1
12. Beleidstuk wat op sinode 1974 goedgekeur is
13. Handelinge, aw, p 218
14. Handelinge, aw, p 218
15. Handelinge, aw, p 220
16. Handelinge, aw, p 221 - 222
17. Vgl 2.6 en hoofstuk 3 van hierdie studie
18. Handelinge, aw, p 222
19. Handelinge, aw, p 224
20. Handelinge, aw, p 225
21. Handelinge, aw, p 228
22. Handelinge, aw, p 229



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

23. Handelinge, aw, p 231
24. Handelinge, aw, p 236
25. Handelinge, aw, p 239
26. Handelinge, aw, p 242
27. Handelinge, aw, p 243
28. Handelinge, aw, p 245
29. Handelinge, aw, p 245
30. Handelinge, aw, p 246
31. Handelinge, aw, p 247
32. Handelinge, aw, p 247
33. Handelinge, aw, p 248
34. Handelinge, aw, p 249
35. Handelinge, aw, p 249
36. Handelinge, aw, p 250
37. Handelinge, aw, p 251
38. Handelinge, aw, p 252
39. Handelinge, aw, p 252
40. Handelinge, aw, p 253
41. Handelinge, aw, p 254
42. Handelinge, aw, p 254
43. Vgl hoofstuk 1 p 44
44. Handelinge, aw, p 255
45. Handelinge, aw, p 256
46. Handelinge, aw, p 257



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

47. Handelinge, aw, p 258

48. Handelinge, aw, p 260

49. Handelinge, aw, p 261

50. Handelinge, aw, p 262

51. Handelinge, aw, p 264

52. Handelinge, aw, p 264

53. Handelinge, aw, p 265

54. Handelinge, aw, p 265

55. Handelinge, aw, p 265

56. Handelinge, aw, p 266

57. Handelinge, aw, p 266

58. Handelinge, aw, p 266

59. Handelinge, aw, p 269

60. Handelinge, aw, p 270

61. Handelinge, aw, p 271

62. Handelinge, aw, p 271

63. Handelinge, aw, p 272

64. Handelinge, aw, p 272

65. Handelinge, aw, p 273

66. Handelinge, aw, p 273

67. Handelinge, aw, p 274

68. Handelinge, aw, p 274

69. Handelinge, aw, p 275

70. Handelinge, aw, p 276



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

71. Handelinge, aw, p 278

72. Handelinge, aw, p 279

73. Handelinge, aw, p 608 - 629

74. Handelinge, aw, p 608

75. Handelinge, aw, p 608

76. Handelinge, aw, p 609

77. Die vrees vir 'n tweede Cottesloe was duidelik nog voor oë, en staan in die teken van die verlammende uitwerking van Cottesloe - vgl Hoofstuk 1

78. Handelinge, aw, p 610

79. Handelinge, aw, p 231

80. Handelinge, aw, p 611

81. Handelinge, aw, p 611

82. Handelinge, aw, p 612

83. Handelinge, aw, p 245

84. Handelinge, aw, p 612

85. Handelinge, aw, p 616

86. Handelinge, aw, p 254

87. Handelinge, aw, p 614

88. Handelinge, aw, p 618

89. Handelinge, aw, p 262

90. Handelinge, aw, p 621

91. Handelinge, aw, p 621

92. Handelinge, aw, p 624



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

93. Handelinge, aw, p 624
94. Handelinge, aw, p 274
95. Handelinge, aw, p 625
96. Handelinge, aw, p 625
97. Handelinge, aw, p 275
98. Handelinge, aw, p 628
99. Handelinge, aw, p 628
100. Handelinge, aw, p 628
101. Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif
102. FE O'Brien Geldenhuys, In die Stroomversnellings, p 81



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 3

# DIE NED. GEREF. KERK - MET RAS, VOLK EN NASIE IN DIE BRANDPUNT

## 3.1 *REAKSIE OP RAS, VOLK EN NASIE VANUIT SUID-AFRIKA*

### 3.1.1 Die Openbare mening

Die besluite oor rasse- en ekumeniese sake van die Algemene Sinode van 1974 wat in die publikasie *Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* vervat is, het onmiddellike reaksie tot gevolg gehad. Dit was veral die openbare media wat 'n groot rol gespeel het in die eerste reaksie op dié besluite. Vanaf Dinsdag 22 Oktober 1974 was koerante vol opspraakwekkende berigte waaronder die volgende: "Ontugwet moet vir nog volke geld"[1]; "Gemengde Huwelike: Ongeoorloof sê Sinode"[2]; "Kerklike debat oor gemengde huwelike bly oop"[3]; "4 Bruin besoekers verwerp sinodebebesluit"[4]; "Move on 'mixed' marriage"[5]; "Saambid: 'n Harde nee van die Sinode"[6]; "Saambid van Rasse: swye"[7]; "Velkleur maak vir prediker geen verskil"[8]; "Saambid: Kerkrade kan besluit"[9]; "Kerke met oop Deure"[10].

Wanneer hierdie reaksie bestudeer word, is dit duidelik dat die media aan veral twee temas heelwat aandag geskenk het, naamlik: *Gemengde huwelike* en *Gesamentlike aanbidding*. Dit is verder opvallend dat hierdie twee sake van beide kante



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

van die spektrum benader is. In sommige gevalle is die sinode geloof vir positiewe besluite wat geneem is terwyl dieselfde besluite uit ander oorde skerp veroordeel is. Ten einde hierdie reaksie te evalueer, word die twee temas afsonderlik aan die orde gestel.

3.1.1.1 <u>Gemengde Huwelike</u>

Op Dinsdag 22 Oktober 1974 berig *Die Burger* op sy voorblad onder die opskrif *Gemengde Huwelike: Ongeoorloof sê Sinode*: "'n Belangrike aanbeveling van die Landman-kommissie in verband met gemengde huwelike is gisteraand deur die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk ingrypend gewysig. Terwyl in die oorspronklike aanbeveling gesê word dat sekere omstandighede gemengde huwelike uiters ongewens maak, maar dat sulke omstandighede nie vir alle tye en alle situasies normatief is nie, het die Sinode nou besluit dat sulke huwelike ongewens bly solank die belemmerende faktore bestaan. So 'n huwelik is ook nie net ongewens nie, maar ongeoorloof."[11] Hierdie besluit het skerp reaksie ontlok, en dit was veral ds. Alan Boesak, student te Kampen in Nederland, wat van mening was dat 'n groot konfrontasie tussen die Ned. Geref. Kerk van Afrika, die Ned. Geref. Sendingkerk en die Ned. Geref. Kerk aan die kom was[12] - inderdaad profetiese



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

woorde, wat die weg sou aandui waarlangs oor hierdie besluite gedebateer sou word.

Die debat oor *Gemengde huwelike* sou nog vir die volgende jare steeds opslae maak, en deel bly van die kerklike gesprek. In *Die Kerkbode* van 28 Januarie 1976 het ds FA Kock opnuut olie op die vuur van hierdie geskil gegooi deur die sinodebesluite krities te bevraagteken.[13] Hy het ondermeer gevra: "Presies watter faktore, en in watter mate aanwesig, kwalifiseer nou in hierdie verband as sterk genoeg om die gelukkige bestaan en volle ontplooiing van 'n Christelike huwelik daadwerklik te strem? Met ander woorde: wanneer is die Kerk geroepe om daadwerklik alarm te blaas, en wanneer kan sake maar toegelaat word om hulle historiese gang te gaan?"[14] en verder: "Wat is die presiese lading, inhoud en konnotasie van die uitdrukking wat so maklik gebruik word, naamlik: godgegewe verskeidenheid en identiteit."[15] Uit die reaksie wat hierdie artikel ontlok het is dit duidelik dat ds Kock 'n fundamentele standpunt van die Ned. Geref. Kerk bevraagteken het.

Die eerste sterkbewoorde brief verskyn reeds op 31 Maart 1976 in *Die Kerkbode* onder die opskrif *Sinode en Rasge-*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*mengde Huwelike.* Hierin skryf HL du Plessis dat die Ned. Geref. Kerk die lig van die Evangelie veral na die eie kudde uitdra om hulle te voed en te steun[16] en verder "wanneer 'n mens dan stukke lees soos die oor die sinode en rasgemengde huwelike (D.K. 28.01.76) dan voel 'n mens soos 'n kind wat soos golwe geslinger en heen en weer gedrywe word deur winde van leringe en verandering."[17] Hy vervolg deur te vra: "Het die Kerk deur al die jare van sy bestaan in Suid-Afrika nog altyd onchristelik opgetree deur nie sy stem teen die verbod op gemengde huwelike te verhef nie, of het ons geestelike leiers nou nuwe waarhede in die Woord van God ontdek wat voorheen bedek was, of kan dit dalk wees dat die Kerk hom nou die reg toeëien om soos sekulêre bewegings 'n kontroversiële mening uit te spreek, en laat hy dan toe dat sommige leraars openlik van daardie mening mag verskil sonder om as verkeerd gereken te word? Waar vind die leek dan die waarheid as die waarheidsverkondigers toegelaat word om teenstrydighede as die waarheid openlik te verkondig? Kan 'n Kerk wat sulke praktyke toelaat dan nog aanspraak daarop maak dat dit nog waarlik Kerk is of het dit miskien ontaard tot 'n openbare meningsvormer in plaas van Evangelieverspreider en ons profete tot redevoerders in plaas van Woordverkondigers, Waarheidsverkondigers"[18]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- voorwaar 'n striemende aanval wat duidelik aantoon dat die Algemene Sinode in 1974 baie naby aan "te vêr" gegaan het. Die beleid van die Ned. Geref. Kerk was duidelik baie diep gewortel onder sy lidmate, en dit sou veel kos om dit te verander.

Op 4 Augustus 1976 skryf GJ Naude in *Die Kerkbode*: "Ons wil die br. HL du Plessis van harte dank vir hierdie skrywe" en vervolg dan: "Dit is ons sterkste beswaar teen die skrywe van 28/1/76 in D.K. 'dat die grootpad vir onse God gebaan moet word' deur sogenaamde belemmerende faktore wat wil verhinder dat alle mense in een stroom gekeer word, wat evolusionêr verswak moet word om 'n ongehinderde vrye verkeer tussen onderskeie kleur- of kultuurgroepe, veral op kerklike gebied deur gesamentlike aanbidding en die invoeging van die hele kerk (moeder en dogter) onder een sentrale kerkbestuur of algemene sinode te bring"[19] en verder: "hierdie opheffing van volksgrense is die wêreldkreet van eenheid van die dag wat seker nie die ryk van Christus nie, maar veeleer die ryk van die Anti-Chris bevorder."[20]

Uit bogenoemde (en talle ander briewe in dieselfde trant) blyk dit duidelik dat die Ned. Geref. Kerk vasgevang was



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in sy beleid van afsonderlike ontwikkeling van baie jare. Dit is opvallend dat kritiek op die besluite oor *gemengde huwelike* telkens wanneer lidmate aan die woord was uit meer konserwatiewe kringe gekom het. Die Ned. Geref. Kerk kon dit nie waag om meer liberale besluite te neem sonder om talle van sy lidmate wees en verwese te laat nie. JJP Nortier se woorde sou inderdaad profeties word: "Ek glo nie daar is groter en ernstiger sake vir ons Kerk om oor te besluit vir die toekoms, as gesamentlike aanbidding en gemengde huwelike nie.
Omdat die besluite wat geneem moet word so gewigtig is, moet elke lidmaat van ons Kerk sy knieë voor die Here buig, en sy lig en leiding vra, en ook dat die Here ons daarvoor sal bewaar dat daar nie besluite geneem sal word wat ons kerkbesoek skade sal aandoen, en skeuring in ons kerk veroorsaak nie."[21]

Hiermee word ook die tweede tema wat reaksie uitgelok het aan die orde gestel, naamlik *Gesamentlike aanbidding.*

3.1.1.2 Gesamentlike Aanbidding

Op Woensdag 23 Oktober 1974 was *Gesamentlike aanbidding* voorbladnuus in *Die Burger* onder die opskrif "Saambid: Kerkrade kan beslis" en berig die dagblad: "Kerkrade van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

die N.G Kerk sal voortaan die vryheid hê om self te besluit oor gesamentlike aanbidding, het die Algemene Sinode gister in Kaapstad besluit. 'n Voorstel deur prof. dr. Ben Marais dat die Sinode by Kerkrade aanbeveel om hul deur vir alle volkgroepe oop te gooi, is egter verwerp."[22] Dit was die begin van 'n debat wat nog vir jare in die media sou voortduur, en uit verskillende oorde verskillend geïnterpreteer sou word. So het *Die Transvaler* van Woensdag 23 Oktober 1974 berig dat *gesamentlike aanbidding* verwerp is onder die opskrif "Saambid: 'n Harde nee van die Sinode!"[23] Dit is opvallend dat selfs tussen dié twee dagblaaie 'n duidelike klemverskil was.

Op 2 November berig *Die Burger* onder die opskrif "Kerke met oop Deure" dat die besluite wat geneem is insake *gesamentlike aanbidding* verwelkom moet word en vervolg: "Nou dat die Algemene Sinode namens almal verklaar het dat gesamentlike aanbidding - of beter gesê gemengde aanbidding - in sekere omstandighede en by sekere geleenthede (waaroor plaaslike kerkrade self kan besluit) wenslik en moontlik is, en die seën van die Kerk het as 'n vorm van geloofsgemeenskap waarby die moeder- en dogterkerke, of blanke en anderskleurige kerke, saam



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

betrokke kan wees kragtens hulle gemeenskaplike geloof, sal daar hopelik oor die hele land 'n meer ontspanne en onbevange houding hierteenoor wees."[24] Die berig word afgesluit met die woorde: "Die Kerk se deur - en ons hart - is oop vir elke medegelowige."[25]

Almal sou egter nie hierdie besluite van die sinode so positief waardeer nie. In verskeie briewe en artikels is hierdie besluite "nader gekwalifiseer" en is 'n duidelike teësinnigheid teen die besluite te bespeur.[26] Net soos met *gemengde huwelike* het die sinode so vêr gegaan as wat hy kon, sonder om groot weerstand op te wek. Van oral het duidelike waarskuwingsklanke gekom. So skryf ds DJ Conradie byvoorbeeld: "Die pleit in moeder- en dogterkerke (en wat van die dogterkerke onder mekaar?) is nie vreemd in hierdie tyd van humanistiese aspirasies nie. Die vraag bly of daar tyd vir Christene binne die kerke is om hul oor die institutêre (of humanistiese) organisasie van wit, bruin en swart binne die N.G. Kerkeverband, meer te bekommer as oor die redding van siele?"[27] 'n Ander lidmaat skryf: "Nou het hulle elkeen hulle eie kerk in hulle gemeenskap en sal dus uit hulle pad moet gaan om by ons kerk uit te kom. Ek kan nie die nodigheid of nut daarin sien nie. Nee ons moet nou nie heeltemal oorhoops



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

raak met ons 'liefde' teenoor ons naaste nie."[28]

Uit bogenoemde berigte wat maar 'n druppel in die emmer is, is dit duidelik dat daar groot verskil van mening was onder lidmate van die Ned. Geref. Kerk. Die lidmate was duidelik gewoond aan 'n beleid van afsonderlike kerke, - 'n eie kerk vir elke volk soos wat dit sedert 1857 ontwikkel het, derhalwe is enige beweging weg van hierdie beleid af met groot agterdog bejeen.

Dit is egter nie net in die openbare pers waar *gemengde huwelike* en *gesamentlike aanbidding* opslae gemaak het nie. Toe die streeksinodes van die Ned. Geref. Kerk in 1975 vergader was dit duidelik dat gemeentes, ringe en sinodes duidelik bekommerd was dat sake te vinnig loop en ook hier is afkeur enersyds en waarskuwende klanke andersyds gehoor!

### 3.1.2 <u>'n Gemeente in beroering: Migdol - Wes-Transvaal</u>

*Ras, Volk en Nasie* het in baie gemeentes beroeringe veroorsaak. Hiervan was die gemeente Migdol in Wes-Transvaal 'n uitstekende voorbeeld. Op grond van die besluite wat die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in 1974 geneem het, het hulle die volgende versoekskrif aan die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sinode van Wes-Transvaal wat in Augustus 1975 te Potchefstroom byeengekom het, gerig:

"Geagte Broeders,

Die Kerkraad van Migdol wil dit hiermee onder die Sinode se aandag bring dat die besluite van die Algemene Sinode in verband met rasse-aangeleenthede - in besonder betreffende gesamentlike aanbidding, die beskikbaarstelling van kerklike geboue in blanke gebiede aan nie-blankes, en gemengde huwelike - groot beroeringe in ons gemeente veroorsaak het, soveel so dat 'n paar van ons lidmate hulle lidmaatskap van die N.G. Kerk opgesê het (om by die Hervormde Kerk van Afrika aansluiting te soek).

Met die oog op genoemde beroering en ontevredenheid in ons gemeente, is 'n buitengewone kerkraadsvergadering op 26 Februarie 1975 gehou, waarop die Algemene Sinode se genoemde besluite deeglik bespreek is, en waarna die kerkraad die volgende eenparige besluite geneem het:

> 'In die lig van die jongste besluite van die Algemene Sinode in verband met rasse-aangeleenthede, en in besonder oor die kwessies van gesamentlike aanbidding van blank en nie-blank, die beskikbaarstelling van kerkgeboue (kerke en/of kerksale) in blanke gebiede aan nie-blankes (vir watter doel ook al), asook die kwessie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van gemengde huwelike tussen blank en nie-blank, besluit die kerkraad dat:

1) In die gemeente Migdol daar geen gesamentlike aanbidding tussen blank en nie-blank (in die blanke gemeente) mag plaasvind nie.

2) Hier geen blanke kerkgeboue (kerk of kerksaal) beskikbaar gestel mag word aan nie-blankes nie, vir watter doeleindes ookal.

3) Geen gemengde huwelik tussen blank en nie-blank geduld sal word nie; MAAR

4) Dat ons sal voortgaan om die beginsel en toepassing van afsonderlike ontwikkeling in sy tradisionele vorm, ook op die gebied van die kerk - sy godsdiensoefeninge en werksaamhede - te handhaaf en uit te bou, op voetspoor van die gebruik van ons vaders; asook om voortvloeiende hieruit, die kerklike of sendingbeleid van die daarstelling en uitbouing van afsonderlike inheemse jongkerke, volgens etniese vereistes, te eerbiedig en te handhaaf, tot eer van God en tot heil van al ons lidmate in moeder- sowel as dogterkere; en

5) Ons ons sal beywer om dit (voorafgaande besluite) algemene beleid van die N.G. Kerk te maak.

Versoek: Met die oog op die voorafgaande word die Sinode



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

versoek om die hele aangeleentheid nogeens de novo te ondersoek en te bespreek, veral met inagneming van die feit dat die Algemene Sinode se besluite in dié verband baie radikaal is en teenstrydig met diepgewortelde opvattinge en praktyke van ons lidmate - opvattinge en praktyke wat ook nog nie klink en klaar bewys is as synde in stryd met Gods Woord, of synde uit kwade gesindheid van hart, nie.

AG de Witt V.D.M.

Namens die Kerkraad van Migdol

Migdol 5 April 1975"[29]

Wanneer hierdie versoekskrif onder oë geneem word is dit duidelik dat die besluite van die Algemene Sinode van 1974 soos wat dit in *Ras, Volk en Nasie* opgeneem is, heeltemal te "radikaal" of eerder te "liberaal" was. Twee sake wat direk met *Ras, Volk en Nasie* verband hou, word as probleme aangedui naamlik: *gemengde huwelike* en *gesamentlike aanbidding* - én dit nadat *Ras, Volk en Nasie gemengde huwelike* as "uiters ongewens"[30] tipeer het en *gesamentlike aanbidding* tot bepaalde geleenthede beperk is.[31] Hierdie standpunt van die gemeente verteenwoordig dus die meer konserwatiewe gevoel wat binne die Ned. Geref. Kerk teenwoordig was, 'n gevoel wat ook tydens die bespreking van die verslag op die sinode duidelik na vore gekom het.[32]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is daarom nie moeilik om die duidelike politieke ondertone raak te sien nie. Die regeringsbeleid van die dag, naamlik die van afsonderlike ontwikkeling word direk op die kerk van toepassing gemaak, terwyl die sendingbeleid van die Ned. Geref. Kerk ook ingespan word om die gemeente se standpunt te verdedig. Dit is ironies dat "diepgewortelde opvattinge en praktyke van lidmate" die norm is waarvolgens die besluite van die Algemene Sinode veroordeel is, omdat hierdie opvattinge en praktyke "nog nie klink klaar bewys is as synde in stryd met Gods Woord" te wees nie. Die praktyk is dus weer eens bo die Woord gestel, 'n tendens wat ook by die Algemene Sinode voorgekom het, en wat duidelik 'n groot rol gespeel het in die formulering van die kerk se standpunt oor *gemengde huwelike*.[33] Die gemeente het dus bloot voortgegaan op dieselfde weg wat die Algemene Sinode ingeslaan het, 'n weg waar die praktyk die norm was en waar dié norm geregverdig is, omdat die Woord dit nie eksplisiet verbied het nie.

Die volgende twee aanbevelings het voor die sinode gedien:

"1. Die Sinode neem kennis van pte. 1 - 4, en aanvaar dit as die goeie reg van die kerkraad om die besluite te neem en te implementeer in die lig van die besluite



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Algemene Sinode.

2. Die versoek om die hele aangeleentheid de novo te ondersoek moet as gravamen langs die gewone kerklike kanale met die redes daarvoor ingedien word, veral met die bewyse dat die besluite in stryd is met Gods Woord."[34]

Albei bogenoemde aanbevelings is verwerp en die volgende amendemente is aanvaar:

"1. Dat dit binne die goeie reg van die Kerkraad van Migdol is om punte 1 - 4 te handhaaf.

2. Die sinode besluit dat die Kerkraad van Migdol se punt 5 die weg van gravamen mag bewandel."[35]

Hierdeur was die pad vir die gemeente oop om die weg van gravamen te bewandel. Uit hierdie besluite van die sinode kan met redelike sekerheid afgelei word dat die oorgrote meerderheid afgevaardigdes na die sinode tevrede was met die besluite van die Algemene Sinode. Dit blyk duidelik uit pt 2 van die amendement wat aanvaar is, dat die sinode hom nie met hierdie standpunt wou vereenselwig nie en bloot aan die gemeente toestemming tot die weg van gravamen verleen het, en tog was die gebeure in die Ned. Geref. Gemeente Migdol'n vroegtydige waarskuwing van wat in die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

toekoms sou gebeur indien die beleidsrigting wat die kerk wou inslaan nie by gemeentelede inslag sou vind nie. Die geskiedenis het geleer dat hierdie stelling korrek is.

Beroeringe het egter nie net op gemeentevlak voorgekom nie, maar ook op ringsvlak. Die eerste waarskuwende klanke binne die Ned. Geref. Kerk is ook hier gehoor.

### 3.1.3 <u>'n Ring laat sy waarskuwende stem hoor: Die Ring van Piet Potgietersrus</u>

Dit was egter nie net gemeentes wat in beroering was nie. Ook verskeie Ringe het probleme gehad met besluite in *Ras, Volk en Nasie*. Tydens die sitting van die Sinode van Noord-Transvaal in 1975 het die volgende pleidooi teen *gesamentlike aanbidding* afkomstig uit die Ring van Piet Potgietersrus voor die sinode gedien.

"Die Ring wil die volgende stel aan hoogeerwaarde Sinode:

7.1 Dat die kerk op hierdie stadium uiters versigtig en met wysheid sal beraad, in eie kring asook op ekumeniese byeenkomste, oor sulke kontensieuse sake soos gesamentlike aanbidding en gemengde huwelike.

7.2 Die Ring stel 'n hoë prys op die eenheid van die Kerk van Christus onder die volkere van die wêreld, maar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

het 'n hoë waardering vir die eie gestalte wat die Kerk van Christus onder elke volk van die wêreld aanneem.

7.3 Die Ring sien die noodsaaklikheid in van kontak met die kerke wat die N.G. Kerk deur die jare opgebou het en steun skakeling met die jongere kerke op Kerkraads, Rings en Sinodale vlak.

7.4 Die Ring sien egter nie die heilsnoodsaaklikheid daarvan in om gesamentlike aanbidding te steun met die veronderstelling dat dit tot enige heil en stigting vir beide groepe sal dien of dat dit in enige behoefte of nood sal voorsien nie.

7.5 Die Ring sien nie sy weg oop om teen die agtergrond van die kerkgeskiedenis in ons land en die sendingbeleid van die kerk deur die jare, hierdie saak voor ons blanke lidmate te verdedig nie.

7.6 Die Ring wil ten slotte vriendelik waarsku dat hy voorsien dat gesamentlike aanbidding of selfs die bepleiting daarvan in kerklike kringe uiteindelik nie die wesenseenheid van die kerk van Christus sal bevorder nie, maar dat dit juis die spontane samehorigheid van die Kerk in gevaar sal stel en dat dit per slot van sake net een saak is wat skade ly en dit is die Evangelie. Die Kerk word wysheid en verantwoordelikheid toegebid in sy beraad oor hierdie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangeleentheid."[36]

Dit is duidelik dat die besluit oor *gesamentlike aanbidding* in die gemeentes van hierdie ring probleme geskep het, daarom die woord van waarskuwing. Tereg het die sinode 'n ondertoon van kommer in die skrywe bemerk. Dit is derhalwe aan die kommissie wat verantwoordelik was vir die Herderlike Brief opgedra om gerusstellende riglyne in die verband aan gemeentes deur te gee.[37] Hierdie besluit is as volg in die Herderlike Brief verwoord: "Juis in hierdie tyd van groter kontak met en skakeling tussen Moeder- en Dogterkerke, word kerkrade en lidmate versoek om met groot takt en wysheid op te tree. Kontak moet nie afgedwing word of demonstratief wees nie, maar gesonde kontak by geleentheid moet ook nie verhinder word nie. In elke geval moet die kerkrade self oor hierdie saak besluit, volgens die beleid wat die Algemene Sinode neergelê het."[38]

Dié sinode het duidelik die besluite van die Algemene Sinode en die formulering daarvan in *Ras, Volk en Nasie* wat as volg lui: "Geestelike gemeenskap word onder meer daar beleef waar gelowiges in geestelike gemeenskap met Christus deur sy Woord en Gees bymekaar is. Hierdie gemeenskap kan ook beoefen word waar gelowiges uit verskillende kerke by



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geleentheid saambid. Die wyse waarop dit in die kerk sal plaasvind, is die verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad",[39] onderskryf. In die motivering vervolg *Ras, Volk en Nasie*: "Hoe hierdie besondere geleenthede ingerig moet word, is die verantwoordelikheid van die 'plaaslike kerkraad wat met die nodige wysheid' moet handel sodat die doel van die byeenkoms nie deur die wyse van die byeenkoms vernietig sal word nie."[40]

Die geskiedenis het intussen beslis dat ook hierdie waarskuwingswoord van die Ring van Piet Potgietersrus tydig was. Dit was duidelik dat die lidmate van die Ned. Geref. Kerk nog nie gereed was vir "oop kerke" nie. Daarvoor was die beleid van afsonderlike ontwikkeling te diep gewortel. Al het die sinode kontak oor die kleurskeidslyn tot die uiterste minimum beperk, was slegs die moontlikheid daarvan vir sommige die spreekwoordelike rooi doek voor die bul.

Kritiek teen *Ras, Volk en Nasie* het egter ook vanuit die streeksinodes van die Ned. Geref. Kerk gekom.

### 3.1.4 Die streeksinodes reageer

#### 3.1.4.1 Wes-Transvaal

Die Sinode van Wes-Transvaal het in die hantering van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Migdol-versoek reeds in 'n mate getoon wat sy standpunt was.[41] Tog het die probleem van *gesamentlike aanbidding* meer aandag van die sinode geverg en weer was dit die stelling wat lui: "Geestelike gemeenskap word onder meer daar beleef waar gelowiges in gemeenskap met Christus deur sy Woord en Gees bymekaar is. Hierdie gemeenskap kan ook beoefen word waar gelowiges uit verskillende kerke by geleentheid saam aanbid. Die wyse waarop dit in die kerk sal plaasvind, is die verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad",[42] wat probleme veroorsaak het.

Op voorstel van ds MJP Olivier en oudl AP van der Colf het die sinode besluit om bogenoemde besluit as volg te interpreteer: "Waar gelowiges uit verskillende kerke by geleentheid saam kan aanbid moet ons nooit vergeet dat die primêre in aanbidding nie die gelowige is wat opgaan na die plek van aanbidding om daar te gaan aanbid nie. In teendeel die primêre is God wat deur Sy Woord en Gees tot die aanbidder spreek. Natuurlik is 'n erediens die ontmoeting tussen God en Sy volk. Hy spreek deur Sy Woord en Gees tot Sy volk en hulle bring aan Hom die groot offer van die aanbidding, die offer van hulle harte. As God nou deur Sy Woord en Gees tot Sy volk spreek dan spreek Hy tot Sy volk deur 'n bepaalde taal, die taal wat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die aanbidder kan verstaan en waarin en waardeur so 'n erediens sinvol kan wees. Die gewone en normale orde is dan dat elke etniese groep in sy bepaalde kultuur- en taalverband in hulle eie plekke van aanbidding bymekaar kom om te aanbid. Die 'by geleentheid' is dan die hoogs uitsonderlike, die bona fide gevalle waarvoor die kerkraad self besluit 'hoe en op watter wyse' hierdie spreke van God tot Sy volk en Sy volk se offer van aanbidding aan Hom sal plaasvind."[43]

Dit is opvallend dat *gesamentlike aanbidding* ook hier die vernaamste struikelblok was. Hierdie besluit van die sinode was maar een van die talle pogings om die Algemene Sinode se besluit nader te kwalifiseer en toon opnuut aan dat daar kommer in kerklike kringe bestaan het oor genoemde besluit. Alhoewel die sinode nie saam met die gemeente Migdol die weg van gravamen wou bewandel nie was die gevoel duidelik: tot hier toe en nie verder nie was die waarskuwing wat weerklink het. Die Sinode van Wes-Transvaal het hom deur hierdie uitspraak geskaar by die koor van stemme wat opgeklink het om die Ned. Geref. Kerk te waarsku dat verdere besluite in die rigting groot probleme sou veroorsaak.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.1.4.2 Die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika (Kaapse Sinode)

Die Kaapse Sinode het sedert *Cottesloe* in 1960 die voortou geneem in die stryd om te antwoord op die vrae wat te *Cottesloe* gevra is.[44] Dit was daarom geensins 'n verrassing dat hierdie sinode 'n heel ander gees sou adem oor die besluite in *Ras, Volk en Nasie* nie. Waar die oorgrote meerderheid menings van binne die Ned. Geref. Kerk waarskuwend van aard was, omdat dit uit meer konserwatiewe kringe gekom het, was die Kaapse Sinode 'n positiewe uitsondering! Nie alleen was voorstelle rondom *Ras, Volk en Nasie* meer progresief nie, maar hulle het ook 'n beduidende rol gespeel in die verspreiding van die verslag.

Daar is ten nouste met dr FE O'Brien Geldenhuys in die verband saamgewerk. Die Kaapse Buro van Inligting het gesorg vir die adresetikette vir die versending van die die verslag aan lede van die kabinet; alle volksraadslede; senatore en provinsiale raadslede; lede van die wetgewende vergadering van Suidwes-Afrika; afdelingsrade; stadsrade; universiteite en kolleges.[45] Hieruit is dit duidelik dat die sinode hierdie verslag positief ondersteun het! Dit staan in skrille kontras met ander streeksinodes, o.a. Vrystaat,[46] Suid- Trans-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vaal,[47] Natal,[48] Midde-Afrika[49] en Oos-Kaapland[50] wat slegs van die verslag kennis geneem het, en in enkele gevalle gevra het dat die besluite deur kerkrade aan lidmate oorgedra word.

Die sinode het egter ook verder gegaan en belangrike besluite geneem in sake *Ras, Volk en Nasie*. Op aanbeveling van 'n tydelike kommissie van die sinode is die volgende voorstel oor *rasgemengde huwelike* aan die vergadering voorgelê: "die sinode versoek die Algemene Sinode om heroorweging te skenk aan die formulering van sy besluit van 1974 insake Rasgemengde Huwelike (Hd 1974, 4.4 p 248, 616) en beveel die volgende aan: 'In beoordeling van rasgemengde huwelike moet met die volgende oorwegings rekening gehou word: Met die feit dat sodanige huwelike, kragtens die volstrekte eenheid van die menslike geslag, fisies moontlik is, voorts met die feit dat die belemmerende faktore wat in gegewe omstandighede die gelukkige bestaan en volle ontplooiing van 'n rasgemengde huwelik strem, soos byvoorbeeld die omstandighede wat met 'n bepaalde maatskaplike struktuur en kultuurpatroon saamhang, soos in Suid-Afrika, die aangaan van derglike huwelike uiters ongewens maak, maar dat terselftertyd bedink moet word dat dergelike



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omstandighede nie noodwendig vir alle tye in alle situasies normatief is nie.'[51]

Op hierdie voorstel is twee amendemente ingedien wat albei verwerp is, terwyl die voorstel aanvaar is. Albei hierdie amendemente was egter duidelik daarop ingestel om die sinode te hou by die besluite van die Algemene Sinode.[52] Die sinode het sy besluit as volg gemotiveer: "Die amendement wat deur die Algemene Sinode aanvaar is sê te veel en is daarom as beleidsuitspraak onverantwoord. Dit gaan veral om punt 2 van die amendement wat soos volg lui: 'Faktore wat die gelukkige bestaan en die volle ontplooiing van 'n Christelike huwelik strem, sowel as faktore wat eventueel die godgegewe verskeidenheid en identiteit vernietig maak so 'n huwelik ongewens en ongeoorloof. Sodanige faktore word gevind waar daar groot verskille by die egliede is ten opsigte van sake soos godsdiens, maatskaplike struktuur, kultuurpatroon, biologiese afstammeling ens.' Die sinsnede 'sowel as faktore wat eventueel die godgegewe verskeidenheid en identiteit vernietig' laat die vraag ontstaan volgens watter norm die 'godgegewe verskeidenheid en identiteit' bepaal word en presies wanneer die grenslyne in hierdie verband oorskry word?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ons hou rekening met die feit dat daar geen enkele suiwere ras bestaan nie en dat die etniese verskeidenheid in die dinamiese proses van die geskiedenis voortdurend gewysig word. Die betrokke sinsnede gaan uit van die veronderstelling dat die kerk in staat is om die 'godgegewe verskeidenheid' as 'n normatiewe gegewe in 'n konkrete historiese situasie te definieer. Ons is van oordeel dat die kerk geen grond in die Skrif vir hierdie pretensie het nie en dat hy dus vir sy standpuntbepaling van die status quo van die historiese situasie afhanklik is.

Ook die gebruik van die woorde 'en ongeoorloof' in die amendement, lei tot 'n konklusie wat nie deur die gegewens van die Skrif gesteun word nie. Nêrens in die Skrif word huwelike tussen persone wat ten opsigte van maatskaplike struktuur, kultuurpatroon en biologiese afstamming van mekaar verskil as ongeoorloofd bestempel nie. Daarby het die woord ongeoorloofd in hierdie verband kerkregtelike en staatsregtelike implikasies: indien sodanige huwelike tog voltrek word, is die veronderstelling dat die betrokke persone onder tug geplaas moet word, en dat die gereg in hulle geval sy loop sal neem. Ons is van mening dat hierdie toevoeging



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n oorspanning van die kerk se beleidsuitspraak is, en wat die kerk betref nie in praktyk sal funksioneer nie."[53]

Hieruit kan afgelei word dat die Algemene Sinode se besluit vir hierdie sinode te kras was en op 'n grensoorskryding van die kerk se terrein neergekom het. Waar die meeste kritiek teen *gemengde huwelike* van die ander kant van die spektrum afkomstig was, was hierdie kerkvergadering van mening dat die kerk te ver gegaan het, in die opsig dat *gemengde huwelike* as *ongeoorloof* verklaar is. Met hierdie besluit het kritiek ook vanuit die teenoorgestelde kant gekom. Hierdeur het die Ned. Geref. kerk met *Ras, Volk en Nasie* in die spervuur beland.

'n Verdere belangrike voorstel wat op die sinode aanvaar is het gehandel oor die *verskeidenheid van volke* in die Nuwe Testament. Die aanbeveling van die Sinodale Kommissie vir die Studie van Rasse-aangeleenthede wat voor die sinode gedien het, het soos volg gelui: "Die sinode versoek die Algemene Sinode om heroorweging te skenk aan die formulering van sy besluit van 1974 insake die *verskeidenheid van volke* (Hd 1974 pt 3.2.4 p 611) en beveel aan dat die toegevoegde woorde: 'en handhaaf' of



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verval of dat die woorde 'die beginsel van' na 'handhaaf' ingevoeg word. In die eerste geval lui die geëmendeerde besluit soos volg: 'Die Nuwe Testament aanvaar die feit van die verskeidenheid van volkere' en in die tweede geval: 'Die Nuwe Testament aanvaar en handhaaf die beginsel van die verskeidenheid van volkere' - dus ook met die weglating van die woorde 'die feit.'"[54]

Op grond van 'n orde voorstel van ds GJ van der Merwe is die voorstel en 'n aantal amendemente na die kommissie terug verwys om met 'n nuwe voorstel na die sinode te kom.[55] Die tydelike kommissie het soos volg aanbeveel: "Die Sinode versoek die Algemene Sinode om die besluit vervat in die Handelinge 1974 punt 3.2.4 bl 242 en 611 in heroorweging te neem en beveel aan dat die toegevoegde woorde 'en handhaaf' verval en dat die geëmendeerde besluit soos volg sal lui: 'Die Nuwe Testament aanvaar die verskeidenheid van volkere as 'n positiewe gegewe vir alle tye.'"[56] Hierdie voorstel is aanvaar en was 'n daadwerklike poging van die sinode om van die rigiede beleid van *volkeverskeidenheid* weg te beweeg. Alhoewel hierdie denkrigting nog sterk teenwoordig was, was die eerste tekens daar dat 'n amptelike vergadering van die Ned. Geref. Kerk probeer het om homself daarvan los te



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

maak. Hierdeur het die Kaapse Sinode 'n daadwerklike poging aangewend om die klem wat die Algemene Sinode van 1974 op *verskeidenheid* gelê te negeer.

Met hierdie twee positiewe voorstelle sou die Kaapse Sinode weer eens die pasaangeër wees oppad na 'n meer toegeeflike beleid. Die Algemene Sinode van 1978 moes egter eers hieroor besluit. Waar die ander sinodes wat wel reageer het almal geskerm en gewaarsku het, het die Kaapse Sinode weer eens 'n stap vorentoe geneem in 'n poging om die Ned. Geref. Kerk op 'n meer gematige middeweg te hou!

### 3.1.5 Die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk: 1978

Die vyfde vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk het vanaf Woensdag 18 Oktober 1978 in Bloemfontein vergader[57], en was die eerste vergadering van die Algemene Sinode na die publikasie van *Ras, Volk en Nasie.*

In die verslag van die Breë Moderatuur is aan die sinode gerapporteer dat die Ekumeniese Kantoor die sinodale rapport van 1974 redaksioneel verwerk het en dat dit in Afrikaans, Nederlands, Engels en Duits vertaal is. Dit is egter veelseggend dat die verslag vervolg: "terwyl die rapport oor



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die wêreld versprei is, is daar nog talle gemeentes van ons kerk wat geen enkele kopie bestel het nie!"[58] Die Breë Moderatuur het dan ook by die sinode aanbeveel dat die sinode 'n beroep op kerkrade doen om minstens vir elke kerkraadslid een kopie van *Ras, Volk en Nasie* te bestel.[59]

Hierdie was ongetwyfeld 'n situasie wat gevaarligte in die kerk laat flikker het. Was dit die eerste tekens dat die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk nie meer in voeling was met die lidmate van die kerk nie? Waarom is daar nie van so 'n belangrike beleidstuk meer gemaak nie, of het gemeentes en streeksinodes dit doelbewus vermy deur slegs daarvan "kennis te neem?" Wat ook al die rede mag wees, die geskiedenis het bewys dat hierdie tendens sou voortgaan en dat daar as't ware 'n generasiegaping tussen die Algemene Sinode en die gewone lidmate van die Ned. Geref. Kerk sou ontstaan, totdat die bom in 1986 met verreikende gevolge sou bars.[60]

Die Breë Moderatuur meld verder dat daar oor die algemeen *waardering* bestaan vir die eerste deel van *Ras, Volk en Nasie* waar die Bybelse gegewens behandel word "bv dat

- 'ras' as begrip nie in die Skrif voorkom nie;
- ons nie aanvaar dat die afstammings van Kanaän



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Cham) vir ewig verdeel is nie;

- ons nie ons volk met Israel as Volk vergelyk nie;
- ons die eenheid en gelykwaardigheid van alle mense as skepsele van God handhaaf;
- ons verskeidenheid eerbiedig, maar nie tot enigste en hoogste beginsel verhef nie;
- ons die Skrif as uitgangspunt en norm aanvaar in ons besinning oor rasse- en volkeverhoudinge."[61]

Die kritiek teen *Ras, Volk en Nasie* het hoofsaaklik gewentel rondom die hoofstukke wat met die praktyk te doen gehad het. Dit het gewissel van versigtige vrae oor bepaalde standpuntinnames, soos die feit dat 'n staatkundige bestel van afsonderlike ontwikkeling uit die Skrif afgelei kan word, tot die felste kritiek wat dié beleidstuk met apartheid gelyk gestel het.[62]

Dit was in die gees van hierdie eerste kritiese opmerkings i.v.m. *Ras, Volk en Nasie* dat die sinode heroorweging moes skenk aan die twee versoeke van die Kaapse Sinode.[63]

Wat die versoek oor *rasgemengde huwelike* betref, het die sinode besluit om sy standpunt te handhaaf, maar om die woord "ongeoorloof" te vervang met "*hoogs* afkeurenswaar-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dig."[64] Rondom die probleem van 'n verskeidenheid van volke het die Algemene Sinode sy standpunt van 1974 gehandhaaf.[65]

Die wyse waarop die Algemene Sinode dié twee standpunte van die Kaapse Sinode doodgewoon van die tafel gevee het, het aangetoon dat die sinode nog nie gereed was vir meer progressiewe besluite nie. Hierdie houding van die Algemene Sinode sou grootliks bydrae tot die geloofwaardigheidskrisis waarin die kerk gedompel sou word.

'n Verdere belangrike saak waaraan die sinode aandag moes gee was die reaksie rondom die besluit oor *gesamentlike aanbidding*, en dit is op geen dubbelsinnige wyse gedoen nie. Die Sinodale Kommissie van Midde Afrika het die volgende aanbeveling gedoen: "1 Die Algemene Sinode neem met droefheid kennis van die besluite van sommige kerkrade waarvolgens toegang tot plaaslike gemeentes se kerkgeboue en lede van ander volksgroepe onder *alle* omstandighede (bv. begrafnisse) verbied word.

2 Die sinode wys kerkrade daarop dat om so 'n willekeurige hindernis in die weg van persone te lê wat verlang om in die huis van die Here 'n erediens by te woon:

2.1 in stryd met die Woord van God is en

2.2 'n verontagsaming is van die gees van verskeie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sinodes se besluite en in die besonder van die besluite van die Algemene Sinode van 1974."[66]

Die Sinode het op aanbeveling van die tydelike kommissie van Leer en Aktuele Sake besluit om die aanbeveling as volg te wysig: "Die Algemene Sinode is van oordeel dat die besluite van sommige kerkrade waarvolgens toegang tot plaaslike gemeentes se kerkgeboue vir lede van ander bevolkingsgroepe onder *alle* omstandighede (bv. begrafnisse en huwelike) verbied word, nie strook met die besluite van die Algemene Sinode in die verslag nie" en om punt 2 te vervang met: "Die Algemene Sinode vestig andermaal die aandag van kerkrade op die besluit in Handelinge 1974 p 275, punt 2.3 soos gewysig op p 625 wat soos volg lui: 'Geestelike gemeenskap word onder meer daar beleef waar gelowiges in gemeenskap met Christus deur sy Woord en Gees bymekaar is. Hierdie gemeenskap kan ook beoefen word waar gelowiges uit verskillende kerke by geleentheid saam aanbid. Die wyse waarop dit in die kerk sal plaasvind, is die verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad."[67]

Hierdie was duidelik die eerste tekens dat die Algemene Sinode nie geweet het wat om met dié betrokke probleem te maak nie, 'n probleem wat deur homself geskep is as gevolg



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

van die dubbelsinnighede in sy beleidstuk van 1974. Ener-syds is die outonomie aan kerkrade oorgedra, en andersyds is hulle "verplig" om aan die sinode besluite te voldoen - besluite wat kompromieë behels het en wat geen duidelike aanwysings gegee het nie. Die vraag kan met reg gevra word, soos wat talle gemeentes dit ook gedoen het, waarom fisiese saambid nodig was as dit "in die Gees" kon gebeur.

*Ras, Volk en Nasie* was nie die oplossing vir die kerk se probleme nie. Die dubbelsinnigheid daarvan is deur die lidmate uit beide kante van die spektrum duidelik aangetoon. Die lompe hantering van die probleme tydens die Algemene Sinode van 1978 het bloot bevestig dat die Ned. Geref. Kerk hier vir homself 'n probleem geskep het, waarin hy verstrik geraak het. Deur sy beleid van kompromieë het die Ned. Geref. Kerk gevaarlik naby daaraan gekom om tussen die spreekwoordelike twee stoele deur te val waarop hy probeer sit het. Dit sou ook deur die Federale Raad van Kerke bevestig word.

### 3.1.6 Die Federale Raad van Kerke

Op grond van die feit dat die verslag van die kommissie nie betyds vir die vergadering van 16 - 25 Oktober 1974 in Kaapstad vertaal kon word nie, het dit nie op die Federale



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Raadsvergadering in 1974 gedien nie. Die Breë Moderatuur het soos volg reageer: "Ons sou graag die verslag wou bespreek met die Federale Raad, waar ons jonger kerke verteenwoordig is, maar moes die bevrugtende samewerking, kommentaar en kritiek ontbeer. Dit was ongelukkig onvermydelik en nie opsetlik nie."[68] Dit is inderdaad jammer dat die jonger kerke geen amptelike kommentaar kon lewer op so 'n belangrike studiestuk nie, veral voordat dit gepubliseer is nie.

Die Federale Raad sou eers weer op 16 - 18 Maart 1978 in Pretoria vergader,[69] reeds drie jaar nadat *Ras, Volk en Nasie* gepubliseer is en die wêreld ingestuur is! Juis daarom is dit nie vreemd dat daar geen direkte kommentaar of enige verwysing na hierdie publikasie in die notules van dié vergadering voorkom nie. Die koeël was as't ware klaar deur die kerk en dit sou derhalwe geen doel dien om die dokument op daardie laat stadium te bespreek nie, en tog het van die lede van die FRK hulle wel implisiet teen die dokument uitgespreek.

Hierdie stelling word gestaaf deur die versoeke wat van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika en die Reformed Church in Africa ontvang is dat die Federale Raad 'n sinode moes word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie strewe na groter kerkeenheid oor volksgrense heen was duidelik in stryd met *Ras, Volk en Nasie* wat dit uitdruklik gestel het: "In sy vormgewing moet die kerk nie bo of los van die volk aan wie hy God's Woord verkondig bly swewe nie .... Daarom kan 'n verskeidenheid van volke ook 'n verskeidenheid van inheemse kerke tot gevolg hê" en verder "die kerk van Christus vertoon in ons bedeling wel 'n verskeidenheid van gestaltes wat met die volkere verskeidenheid saamhang."[70] Alhoewel *Ras, Volk en Nasie* wel van oop kerke praat was die basiese uitgangspunt dat elke volk sy eie kerk moes hê.[71] Die blote feit dat twee van die Dogterkerke met hierdie versoek na die FRK gekom het, is 'n duidelike aanduiding dat hulle met *Ras, Volk en Nasie* verskil het.[72] Hier was 'n duidelike mosie van wantroue in die beleid van afsonderlike kerke wat deur die blanke Ned. Geref. Kerk gehandhaaf is. Dit was dan ook te wagte dat die Breë Moderatuur van die Ned. Geref. Kerk 'n stuk sou voorlê waarin hulle standpunt teen die stigting van so 'n sinode duidelik gestel is, en waarin gepleit is dat die Federale Raad is sy huidige vorm moes bly voortbestaan.[73] Nadat debat gevoer is oor die onderskeie standpunte is tot stemming oorgegaan waar 25 ten gunste van 'n sinode en 12 daarteen gestem het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die volgende verdere besluite is deur die Raad geneem:

" - Die huidige struktuur van die Federale Raad is nie doeltreffend om die doelstellings van die Kerke vir strukturele uitdrukking van hulle eenheid weer te gee nie.

- Daarom beveel die Federale Raad die vorming van 'n sinode in die plek van die huidige Federale Raad aan. Hierdie sinode moet saamgestel word uit die afgevaardigdes van die Ned. Geref. Kerk, die NG Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa.

- Die Federale Raad kan behou word as die breër interkerklike verbinding van die familie van NG Kerke."[74]

Wat die jurisdiksie van so 'n sinode aanbetref het die vergadering besluit dat "hierdie sinode behoort bevoegdheid verleen te word om bindende besluite te neem met 'n twee-derde meerderheidstem van die volle getal afgevaardigdes van die konstituerende kerke oor

- Die belydenisskrifte en leer van die kerk
- Die Kerkorde
- Alle ander sake wat direk betrekking het op gemeenskaplike belange van al die konstituerende kerke."[75]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit hierdie besluite is dit duidelik dat *een* Ned. Geref. Kerk die doel was wat voor oë was. Dit was die eerste duidelike aanduiding in watter rigting die Dogterkerke wou beweeg, en terselftertyd 'n duidelike verwerping van die beleidstuk *Ras, Volk en Nasie.* Op hierdie wyse is die Ned. Geref. Kerk voor 'n fundamentele keuse gestel: die Moeder kon volhard met haar beleid van afsonderlike kerke en daardeur van haar Dogters vervreemd raak of sy kon hulle volwassenheid erken en saam 'n nuwe weg inslaan.

Hierdie besluite van die FRK het voor die vyfde Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in 1978 gedien. Vanweë die groot hoeveelheid voorstelle en beskrywingspunte is dit na 'n Tydelike kommissie vir Algemene Sake verwys. Hierdie kommissie se aanbevelings is met 'n meerderheidstem aanvaar en het as volg gelui:

"1. Die Sinode verklaar:

1.1 dat die daarstelling van sinodes nie tot die wese van die kerk behoort nie, maar tot die welwese;

1.2 dat daar nie gereformeerde kerkregtelike gronde bestaan vir die vorming van 'n oorkoepelende sinode wat bindende besluite vir outonome kerke kan neem nie;



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1.3 dat 'n gesagdraende oorkoepelende sinode nie noodsaaklik is om óf sake van gemeenskaplike belang te bespreek óf uitdrukking te gee aan eenheid tussen outonome kerke van die Ned. Geref. Kerkfamilie nie;

1.4 dat 'n oorkoepelende sinode wat bindende besluite neem, inbreuk op die outonomie van selfstandige sinodes impliseer.

2. Die sinode wys in die lig hiervan die gedagte van en versoeke in verband met die daarstelling van 'n oorkoepelende sinode beslis af.

3. Die sinode stel steeds 'n hoë prys op die beleid van verskillende kerke vir verskillende volksgroepe soos dit onder die voorsienige beskikking van God gedurende die afgelope eeu en 'n half in Suid-Afrika gegroei en met buitengewone seën vir ons onderskeie Ned. Geref. Kerke ontwikkel het. Die sinode besluit derhalwe om by die beleid te volstaan.

4. Die sinode stel egter ewe hoë prys op die eenheidsband en nou skakeling tussen selfstandige kerke van die familie van Ned. Geref. Kerke. Die sinode besluit dat verband behou moet word deur die bestaande Federale Raad van Ned. Geref. Kerke wat desnoods deur meer uitgebreide verteenwoordiging



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verder uitgebou kan word.

5. Aangesien die sinode ook oortuig is dat Protestantse Kerke van behoudende geloofsgrondslag nouer met mekaar behoort te skakel, gee die sinode aan die Breë Moderatuur opdrag om ondersoek in te stel en die volgende Algemene Sinode met aanbevelings te bedien oor die verantwoordelikheid van die Ned. Geref. Kerk om in Suider-Afrika die beste vorm van samewerking en kontak tussen sodanige kerke daar te stel."[76]

Met hierdie besluit het die Ned. Geref. Kerk hom gehou by die beleid wat in *Ras, Volk en Nasie* gekonstateer is, maar terselftertyd ook die eerste tree op die weg van konfrontasie met die Dogterkerke gegee. Groot teleurstelling is veral deur lede van die Jongkerke uitgespreek en verhoudinge binne die familie is tot 'n spanningsvolle punt gedryf.[77] Per implikasie is *Ras, Volk en Nasie* se standpunt oor eie kerke vir afsonderlike volke met hierdie gebeure deur die Dogterkerke verwerp, en is die weg gebaan vir verdere konfrontasie binne die Ned. Geref. Kerkfamilie.

## 3.2 *REAKSIE VANAF DIE BUITELAND*

In sy boek *In die stroomversnellings* skryf dr FE O'Brien



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Geldehuys, die eerste Direkteur van Ekumeniese sake, "Met Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif omder my arm het ek na Europa gegaan en dit oorhandig aan die top beheerliggame van die Protestantse Kerke in Engeland, Nederland, Duitsland en Switserland. Die versoek aan almal was: Hier is die NG Kerk se siening oor die Suid-Afrikaanse situasie. Maak 'n studie daarvan en laat ons dan verder daaroor praat."[78] Die Ned. Geref. Kerk wou duidelik die antwoord wat hy sedert *Cottesloe* aan die wêreld skuldig was nou wyd bekend maak. Hierdie ope uitnodiging tot reaksie is nie deur almal aanvaar nie, maar die wat wel reageer het, het skerp kritiese geluide oor die beleidstuk laat hoor.

### 3.2.1 <u>Die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN)</u>

Om die reaksie van die GKN op *Ras, Volk en Nasie* in die regte lig te sien moet teruggegaan word na die sitting van die Generale Sinode te Lunteren gedurende Maart 1974. Die hoofdis op die agenda by hierdie sinode was 'n verslag van die WRK, naamlik *Program to Combat Racism.* Hierdie verslag sou die verhouding tussen die GKN en die Ned. Geref. Kerk beslissend beïnvloed,[79] want dit was hierdie sinode wat besluit het om "zich te stelen achter het PCR wat betreft het Speciale Fonds." Hierdie besluit het groot beroering in kerklike kringe in Suid-Afrika veroorsaak. Dit het daartoe



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelei dat 'n sterk afvaardiging van die GKN na Suid-Afrika gestuur is vir verdere samesprekings met die Breë Moderatuur se dagbestuur.[80] Hierdie samesprekings kon egter nie verhoed dat die Algemene Sinode in 1974 met 'n oorweldigende meerderheid 'n ingrypende besluit na aanleiding van 'n mosie van die Breë Moderatuur geneem het nie. Dit het gelui: "dat indien die sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland nie binne afsienbare tyd die ernstige leerdwalinge uit hulle midde deur middel van leertug verwyder nie, en indien hulle besluit insake steun aan terroriste op ons grense nie later as die eerste sitting van die volgende sinode herroep word nie, ons die band tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland as verbreek beskou."[81]

Die jare na 1974 is gekenmerk deur sporadiese korrespondensie en intieme gesprekke tussen die afgevaardigdes van die Ned. Geref. Kerk en die GKN rondom hierdie gewraakte besluit[82] - duidelik 'n tydperk van spanningsvolle konfrontasie.

Teen hierdie agtergrond moet die reaksie op *Ras, Volk en Nasie* van die GKN dan ook gesien en geïnterpreteer word. Tydens die laaste samesprekings in Januarie 1978[83] is 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoofsaaklike beoordeling deur die GKN van *Ras, Volk en Nasie* aan Breë Moderatuur van die Ned. Geref. Kerk voorgelê. Vanweë die groot belang van hierdie evaluering word dit in hooftrekke woordeliks weergegee.

Die beoordeling van *Ras, Volk en Nasie* word ingelei deur 'n positiewe aanname dat daar belangrike veranderinge in die Ned. Geref. Kerk se prinsipiële beskouing plaasgevind het, in so 'n mate dat die afvaardiging hulle grootliks daarmee kon vereenselwig.[84] Hulle was van mening dat: "in die bijbelse bezinning over de volkerenverhoudingen in Zuid-Afrika er in het standpunt van de N.G. Kerk een duidelijke verandering te bespeuren valt. Veel minder van vroeger wel het geval was wordt in dit geschrift getracht aan de idee van de eigensoortige ontwikkeling, als leidend beginsel van de Zuidafrikaanse politiek, een bijbelse fundering te geven."[85] Die afvaardiging was van mening dat die Christosentriese klem veel meer op die voorgrond geplaas is as bepalende faktor vir die optrede van die kerk in die Suid-Afrikaanse samelewing, en dat dit een van die grootste winspunte van *Ras, Volk en Nasie* was. En "wanner het door werking in de praktijk zou mogen verkrijgen, een geweldige verandering ten goede zou beteken."[86]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hand aan hand hiermee word die kritiek uitgespreek dat hierdie winspunt juis in 'n groot mate genegeer word deur "allerlei formuleringen en restricties dat men de bestaande praktijk tegen een consequente toepassing van deze theologische inzichten tracht te beschermen"[87] en verder: "Soms is dit voorranggeven aan bepaalde facetten van het staatkundige apartheidssysteem zelf zo overheersend, dat het licht van de bijbelse boodschap nauwelijks de kans krigt zijn bevrijdende werking te doen."[88] As voorbeeld vir hierdie stelling word die hele kwessie rondom *gemengde huwelike* gebruik. "Hoewel de N.G. Kerk theologisch niet kan ontkennen, dat zodanige huwelijken door de Schrift niet verboden worden, blijft zij als kerk, zij het onder allerlei clausuleringen en versluierende redeneringen, toch zakelijk achter de Zuidafrikaanse immoraliteits-wetgeving staan, die huwelijken tussen blanken en niet-blanken verbiedt."[89] Hieruit lei die afvaardiging af dat die Ned. Geref. Kerk op 'n indirekte wyse Bybelse gronde wil aanvaar vir hierdie bepaalde regeringswette.

Die afgevaardigdes meen verder dat: "een veel bijbelse begrip van de verhouding tussen volk en volk, kerk en volk, kerk en overheid"[90] in *Ras, Volk en Nasie* na vore kom en vervolg: "ook het oefenen van gerechtigheid als taak van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

de overheid, van de profetsche critiek op de ongerechtigheid als taak van de kerk etc etc." Dit alles maak dat een allesoorheersende vraag egter gevra moet word naamlik: "Hoe kan een kerk als de Nederduitse Gereformeerde Kerk zulk een veelszins uitnemende theologie, die met ras en bodem en volkse identiteit, maar in Christus, in het Koninkrijk Gods zijn gerechtigheid haar uitgangspunt heeft, zich niettemin in zulke lovende woorden, met zul een 'besondere waardering', 'volgehoue belangstellingen en voorbidding' achter 'die gesindheid en optrede van die sentrale, provinsiale en plaaslike owerhede en die betrokke ministers, departemente en amptenare van die RSA stellen en zich, wat met al de maatregelen, dan toch zeker met het streven van alle gezagsdragers van hoog tot laag in Zuid-Afrika vereenzelvigen?"[91] Dit blyk duidelik dat die noue band tussen die Ned. Geref. Kerk en die staat vir die GKN 'n groot probleem was, wanneer hulle vervolg: "Hoe verder men leest, hoe onbedwingbaarder, ja hoe benauwender de vraag zicht opdringt: zyn de N.G. Kerk en haar synode, die dit alles heeft aanvaard en goedgekeurd, zich er dan niet bewust, dat er tussen de leer, die in dit geschrift is neergelegd en het door haar zo hoog geprezen optreden van de machthebbers in Zuid-Afrika een kloof gaapt, die nauwelijks te overbruggen schijnt? En ziet de N.G. Kerk



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

niet, dat deze politieke en sociale situatie ook har eigen verhouding met de niet-blanke kerke en christenen in hun land op een zodanige wijze beinvloedt, dat het geen in dit geschrift over de eenheid van de kerk en over die zichtbare openbariang van die eenheid gezegd wordt, daaroor diep wordt overschaduwd?"[92]

Die groot vraag wat derhalwe beantwoord moes word was, indien die kerk kennis gedra het van sy profetiese taak teenoor volk en owerheid, waarom hy niks gedoen het om die onreg wat in die samelewing bestaan het teë te gaan nie en duidelik kant gekies het ten gunste van die verontregtes in die samelewing, in plaas van om "al de lof en prijs" aan die Suid-Afrikaanse regering te bring nie.

Die verklaring meld dat, alhoewel dit pynlik is om die vrae te vra, is die doel daarvan om die "discrepantie tussen leer en leven" duidelik aan te toon. Die afvaardiging is van mening dat die oorsaak van hierdie "discrepantie" te vind is "dat in heel dit geschrift de fundamentele kwestie van de blanke suprematie over de niet-blanke volken in Zuid-Afrika en het souvereinerecht van de blanke regering om over depolitieke status, de woongebieden, de arbeidvoorwaarden, de algemene ontwikkelingsmogelijkheden van de



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

niet-blanken, kortom over hun fundamentelerechten en vrijheden te beschikken, niet principieel aan de orde, laat staan in Frage gesteld wordt. Veeleer is deze blanke suprematie, is dit blanke beschikkingsrecht over de niet-blanken, de grote voorveronderstelling, waaraan alles ondergeschikt gemaakt wordt wat voorts over de onderlinge verplichtingen van blank en niet-blank, over gerechtighed en liefde, over gebreken in de sameleving, over mogelijke critiek van de kerk op de overheid gezegd wordt. Dit alles maakt, dat hoe duidelijk er ook afstand wordt genomen tegenover allerlei onbijbelse opvattingen met betrekking tot het politieke en sociale leven (pietistische scheiding van geloof en politiek, horizontalistische opvatting van het Koninkrijk Gods etc. etc.), niettemin op het meeste aangelegen punt, de critische functie van het Woord van God, zijn kracht verliest."[93]

Dit vind volgens die afgevaardigdes veral plaas "wanneer de voor dit geschrift zeer fundamentele kwestie van de eigensoortige ontwikkeling van de verschillende bevolkingsgroepen aan de orde komt (p72)."[94] Dit blyk duidelik dat die konklusie waartoe *Ras, Volk en Nasie* oor hierdie saak gekom het naamlik: "'n Staatkundige stelsel wat gebou is op eiesoortige ontwikkeling by verskillende bevolkingsgroepe



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kan in die lig van die Skrif prinsipieël verantwoord word. Hierin moet egter altyd die gebod tot naasteliefde gestel word as die etiese norm vir die reëling van gesonde volkereverhoudinge"[95] vir die GKN 'n groot kopseer was. Die grootste probleem was die feit dat "dit stelsel van eigensoortige ontwikkeling etc. in Zuid-Afrika eenvoudig door de blanken aan de niet-blanke volken wordt *opgelegd*, op de wije zoals de blanke regering dat belieft, zonder enig mede-beslissingsrecht van de niet-blanken, dat alle daaruit voortvloeiende maatregelen wederom daar de blanken worden gedecreteerd *over* de niet-blanken en zonder de niet-blanken, goedschiks of kwaadschiks; dat ieder verzet of protest daartegen als opstand tegen het wettig gezag wordt aangemerkt en ieder beroep op zelfbeschikkingsrecht van de niet-blanke bevolking, als revolutie, liberalisme of communisme wordt gebrandmerkt, dat op deze wijze in naam van het wettig gezag op grote schaal onderdrukking en tijrannie plaats vindt etc., etc. - dat alles komt in heel dit geschrift nergens aan de orde. Men krijgt de indruk, dat zelfs de vráág, of een 'eiesoortige ontwikkeling', die op deze wijze van overmacht, dwang, onderdrukking en slechts met de hulp van de mees draconische en vrijheidsberovende wetten tot stand moet komen, inderdaad 'in die lig van die Skrif prinsipieel verantwoord kan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

word', bij de opstellers van het geschrift nauwelijks is opgekomen. Immers niet de wil van alle betrokken 'verskillende bevolkingsgroepe', maar allen de wil van de blanke bevolkingsgroep is wet in Zuid-Afrika!

Slechts eenmaal - voor zover wij zien - wordt deze situatie met zoveel woorden genoemd, ne. op p. 33, maar dan geheel terloops, als gold hetgeen in Zuid-Afrika de spil is, waarom alles draait als een mogelijk eens voorkomend 'geval': 'in die geval, waar 'n volk tydelik in die posisie geplaas is om oor die lotgevalle van 'n ander volk of volkere te beslis, moet hy sy optrede noukeurig toets aan hierdie eis tot geregtigheid van veral noulettend waak teen selfbevoordeling ten koste van andere' etc. Uit heel het verband is duidelijk, dat met 'die geval' hierdie situatie in Zuid-Afrika bedoeld is en met 'het volk, dat in de positie geplaatst is om over de lotgevallen van een ander volk of volkeren te beslissen' de blanke bevolking van Zuid-Afrika."[96]

Die afvaardiging was van mening dat twee sake uit bogenoemde duidelik blyk:

"Ten eerste, dat de vraag, of de blanken over het lot van de niet-blanke mogen en moeten beslissen, geen vraag is. Immers zij zijn 'in die posisie geplaas'. in de tweede



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plaats: Er kan geen twijfel aan bestaan dat het geschrift van de N.G. Kerk met 'die eis van sociale gerechtigheid' *ernstig* bezig is."[97]

Die feit dat talle maatskaplike probleme en dan veral trek-arbeid en die verwoestende uitwerking wat dit op die gesinslewe van Nie-blankes het, is aangeprys maar - "tot de wortel van de ongerechtigheid dringt men aldus *niet* door. De vulling van wat gerechtigheid hier zou moeten betekenen blijft daarom beperkt tot het wegnemen van bepaalde *gevolgen* van het onrecht. Zij bestaat niet in het aan de kaak stellen van het onrecht zelf, nl. dat over mensen wordt beschikt, met mensen wordt gesleept, mensen worden vernederd zonder dat zij in hun eigen 'lotgevallen' ook maar enige inspraak, zeggenschap, zelfbeschikkingsrecht hebben."[98]

Erkenning word gegee vir die feit dat "veel aandacht aan de materiële kant van de sociale (on)gerechtigheid geskenk ward en dat talle oplossings vir de probleem aangebied word."[99] Nogtans is dit wat volgens die afvaardiging ontbreek "de erkenning van de mens in zijn volle, zijn eigenlijke mens-zijn, zijn vrijheid en recht als gelykwaardige tegenover andere mensen ... zij spaart,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontziet wat juist als de wortel van alle kwaad de Suidafrikaanse sameleving bedreigt en vergiftig: het kwaad van de discriminatie, dat de blanken hun dominerende positie vezekert."[100]

Wat die Ned. Geref. Kerk en Sending aan betref word erkenning gegee vir die feit dat dié kerk groot werk op die terrein verrig het. Kritiek word egter uitgespreek teen die feit dat *Ras, Volk en Nasie* klem lê op die *eenheid van die kerk* wat bely en beleef moet word, maar dat dit nie in die praktyk so funksioneer nie. Hieruit vloei daar vir die afvaardiging drie belangrike vrae voort:

"a) hoe komt het, dat in dit geschrift, waarin het juist over de volkereverhouding, ook in de kerk, gaat alléén de blanke moeder aan het woord is en de niet-blanke dochters wel as gelykwaardig erkend, maar geen ogenblik zelf naar hun mening gevraag wordt? Was het niet noodzakelijk geweest aan de totstandkoming van dit geschrift ook de niet-blanke N.G. Kerken te doen deelnemen?

b) De verhouding van blanke en niet-blanke kerken komt in dit geschrift slechts ter sprake onder het hoofd: Kerk en Sending (hoofdstuk 4) en wordt niet



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behandeld onder het hoofd 'Die Kerk, die Koninkryk en die Ekumene' (hoofdstuk 2). Wordt daardoor niet al te zeer de indruk gewekt, dat de niet-blanken kerken, voortdurend als dochterkerken aangeduid, nog nauwelijks in hun zelfstandigheid worden erkend en nog geheel als *object* van beraad en overleg en nergens als zelfstandige partners functioneren? Loopt de N.G. Kerk niet het gevaar de indruk te wekken, dat zij in de kerklijke verhoudingen evenals in de maatschappelijke, de blanke suprematie nog geheel als uitgangspunt neemt?"[101]

c) Derdens handel die afvaardiging oor die hele tema van kerkeenheid. Alhoewel die uitgangspunt aangeprys word, verklaar die verslag: "Wat wij echter missen is de *wil* en de *aandrang* tot zichbare gemeenschap; wat wij overal voelen en tasten is de weerhouding, de nadruk op het exeptionele ('sporadiese') van gemeenschappelijke aanbidding, de vrees om de met gewillige kerkraden en kerkleden te prikkelen."[102]

Alhoewel daar dus wel heelwat positief deur die GKN raakgesien is, sluit hulle hulle verslag 'in grote onbevredigdheid" af. Hierdie ontevredenheid spruit voort



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uit die feit dat hulle hulle nie meer positief oor die verslag kan uitspreek nie, juis omdat die geskrif van "zoveel toegewijd Schrifteonderzoek getuigt en daarvan ook zulke duidelijke resultate naar voren brengt." Die groot beswaar is egter dat "de principiële consequentie, die daaruit getrokken dient te worden, helaas ontbreek."[103] Verdere ontevredenheid spruit ook voort omdat "wij daardoor niet in staat zijn onze geestelijke verbondenheid met de Nederduitse Gereformeerde Kerk en onze diepe besorgdheid ten aansien van de volkeren van Zuid-Afrika gestalte te geven door ons solidair met haar te verklaren, haar met raad en daad bij te staan in de moelijke positie, waarin zij zich zonder twijfel bevindt. Wij moeten ons, tot ons diep leedwezen in het geding, dat land en volk van Zuid-Afrika zo diep verdeelt, tegenover haar stellen; stellig niet tegenover de belijdenis en de leer, die in het geschrift 'Ras, Volk en Nasie' tot uitdrukking wordt gebracht, maar tegenover de houding, die de N.G. Kerk - naar onze overtuiging - ondanks deze belijdenis en leer blijft innemen tegenover de politiek van blanke suprematie en eigenrichting, waraan de niet-blanke volken onderworpen worden. Wij kunnen onze blijvende verbondenheid met de N.G. Kerk slechts waarmaken in ons vortdurend gebed en door op broederlijke doch besliste wijze haar af te manen van de



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

heillozeweg, waarop zij zich naar onze diepe overtuiging bevindt; en dat wel op grond van hetgeen zij zelf in het door haar aanvaarde en goedgekeurde geschrift zo duidelijk als de eis van Gods heilig Woord in het licht heeft gesteld."[104]

Dit is duidelik dat die GKN ernsige kritiek teen RVN uitgespreek het. Die kern van die kritiek is ongetwyfeld die politieke bestel wat in Suid-Afrika aan die orde was, naamlik die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Volgens die GKN het die Ned. Geref. kerk by monde van *Ras, Volk en Nasie* hierdie beleid Bybels gesanksioneer. Dit was ook onverstaanbaar dat die Ned. Geref. Kerk wel teologies van sy profetiese roeping kennis gedra het, maar dit nie prakties uitgevoer het nie. Hierdie kritiek van die GKN het *Ras, Volk en Nasie* tot op die been oopgekloof en die diepliggende skisofreniese spanning wat daar in die beleidstuk was ontbloot.

Dat hierdie kritiek 'n bepalende faktor was in die finale verbreking van die bande tussen die GKN en die Ned. Geref. Kerk omdat *Ras, Volk en Nasie* duidelik nie aan die verwagtinge voldoen nie, kan nie ontken word nie. Dieselfde kritiek wat deur die WRK in 1960 te *Cottesloe* uitgespreek



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

is[105] het ook hier duidelik na vore gekom. Na 14 jaar was die Ned. Geref. Kerk volgens die GKN basies nog op dieselfde pad, en is die wortel van die kwaad naamlik apartheid nog nie profeties krities aangespreek nie. Binne die mileu van die GKN se besluit om die PCR-fonds te ondersteun is hierdie kritiek deur die Ned. Geref. Kerk as eensydig afgemaak. Dieselfde kritiek uit ander oorde sou egter by sommige kerkleiers die vraag laat ontstaan of dit nie inderdaad geregverdig was nie.

### 3.2.2 Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode

Vir die eerste keer sedert sy bestaan het hierdie liggaam in Suid-Afrika vergader op uitnodiging van die Ned. Geref. Sendingkerk in Suid-Afrika. In samewerking met die Ned. Geref. kerk in Suid-Afrika is al die reëlings getref en kon die afgevaardigdes gerieflik gehuisves word. Die vergadering is in die sinodale saal in Kaapstad vanaf 10 tot 20 Augustus 1976 gehou en het uit meer as 100 afgevaardigdes uit 38 kerke in 25 lande bestaan.[106]

Alhoewel *Ras, Volk en Nasie* nog nie op daardie stadium aan die afgevaardigdes beskikbaar gestel was nie[107] is twee sake wat direk met die beleidstuk verband hou deur die Ned. Geref. Kerk geopper, naamlik *gemengde huwelike* en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*gesamentlike aanbidding.*[108] Die kerk se standpunt oor hierdie sake is duidelik weer onder die aandag van die afgevaardigdes gebring. Die sinode het derhalwe aan albei hierdie sake aandag gegee.

3.2.2.1 Gemengde Huwelike

In 1972 het GES te Sydney die volgende besluit oor gemengde huwelike geneem: "Holy Scripture does not give a judgement about racially mixed marriages; contracting a marriage is primarily a personal and family concern. Church and state should refrain from prohibiting racially mixed marriages, because they have no right to limit the free choice of a marriage partner on the ground of race or colour."[109]

Dit was veral op grond van hierdie besluit dat daar in *Ras, Volk en Nasie* 'n hele hoofstuk aan *gemengde huwelike* gewy is. Die saak sou dus outomaties weer in 1976 ter prake moes kom.

Die Advisory Committe IV het voorgestel dat die besluite van Sydney deur die onderstaande vervang word:

"1.1 Holy Scripture does not give any explicit judgement about racially mixed marriages.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Biblical teaching on marriage and on the unity of mankind however offers no ground to regard such marriages as impermissible.

1.2 Marriage is not only a personal concern, but also involves the individual's relations towards God, the church, the family and society.

1.3 In practice account will have to be taken of the role which religious, cultural and ethnic differences may play in the adaption within the marriage on personal, family and social level. Here the church has a prophetic and pastoral calling.

1.4 Church and state should refrain from limiting the free choice of a marriage partne on the grounds of race or colour."[110]

Na verskeie amendemente is die volgende besluit eenparig geneem: "Holy Scripture does not give any explicit judgement abou racially mixed marriages. Biblical teaching on marriage and on the unity of mankind offers no ground to regard such marriages as impermisble. Marriage is not only a personal concern, but also involves the individual's relationship towards God, the church, the family an society. In practice account will



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

have to be taken of the problems which racial, ethnic and cultural differences may cause in a marriage on the personal, family and social level. Church and state should refrain from limiting the free choice of a marriage partne on the grounds of race or colour. In all these matters the church has a pastoral and prophetic calling."[111]

Hieruit is dit duidelik dat daar nog steeds 'n groot kloof tussen die standpunt van die Ned. Geref. Kerk soos dit in *Ras, Volk en Nasie* weergegee is en die GES was. Die GES was steeds van mening dat nóg die staat nóg die kerk enige mens kan verbied om met iemand van 'n ander ras in die huwelik te tree, en tog het die standpunt van die Ned. Geref. Kerk ook 'n duidelike invloed op hierdie herformulering van die Sydney besluit gehad. Dit is veral die deel wat lui: "In practice account will have to be taken ... " wat duidelik terug gevoer kon word na die rol wat die praktyk ook in *Ras, Volk en Nasie* gespeel het. Ook die laaste toevoeging: "In all these matters the church has a pastoral and prophetic calling" dui op 'n duidelike verwatering van die Sydney besluit. Alhoewel die GES dus per implikasie kritiek teen *Ras, Volk en Nasie* gelewer het, is die stem van die Ned. Geref. Kerk nog



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

duidelik gehoor en het die Ned. Geref. Kerk dus in 'n mate tog erkenning vir sy standpunt gekry, sonder dat dit onvoorwaardelik verwerp is. Dit was egter die laaste sitting van hierdie sinode waar hierdie standpunt van die Ned. Geref. Kerk nog geduld is.

3.2.2.2 Gesamentlike Aanbidding

Die Ned. Geref. Kerk wou opnuut sy eie standpunt oor *gesamentlike aanbidding* ook onder die aandag van die GES bring. Hulle het derhalwe voorgestel dat "Resolution no 11 Common Whorship", wat soos volg gelui het: "(i) The unity of the Body of Christ should come to expression in common whorship, including Holy Communion, among Christians regardless of race. It may be that linguistic or cultural differences make the formation of seperate congregations, often with their own type of preaching and whorship, advisable; in these cases it is wise not to force an outward and therefore artificial form of unity but to recognize the differentiation within the circle of God's people. However, the worshipping together of people of diferent races is a sign of the deepest unity of the church, and can be an example for the life of society as a whole"[112] geamendeer word sodat dit as volg sou lees: "The unity of the Body of Christ should come



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

to expression in common whorship, including the Lord's Supper, among Christians regardless of race. It may be that linguistic or cultural differences make the formation of seperate congregations often with their own type of preaching and whorship advisable; in these cases it is wise not to force an outward and therefore artificial form of unity but to recognize the differentiation within the circle of God's people. The existence of different churches for different indigenous groups *must* be accepted, but no person may be excluded from common whorship solely on the grounds of race or colour.
The whorshipping together of people of different races, is as sign of the unity of the church and the communion of the saints and can be a Christian witness for the life of the world."[113]

Op grond van hierdie voorstel van die Ned. Geref kerk het die GES die volgende voorstel van "Advisory Committee IV" aanvaar:

"The unity of the church as the body of Christ must be acknowledged. It may be that linguistic or cultural differences make the formation of seperate congregations,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

often with their own type of preaching and whorship, advisable; in these cases it is wise not to force an outward and therefore artificial form of unity by to recognise the differentiation within the circle of God's people. Where different churches for different indigenous groups exist, no person may be excluded from common whorship on grounds of race or colour. Common whorship, including the Lord's Supper, among Christians regardless of race is an expression of the unity of the body of Christ. Such whorshipping together of people of different races, is a sign of the unity of the church and the communion of the saints and can be a Christian witness to the world."[114]

Dit blyk duidelik uit bogenoemde dat die Ned. Geref. Kerk sy invloed laat geld het. Veral die frase: "to recognize the differentiation within the circle of God's people" dui aan dat die beleid van differensiasie of dan ook afsonderlike kerke ook hier 'n groot rol gespeel het.

Waar die Ned. Geref. Kerk in sy voorstel aangedring het op die feit dat: "the existence of different churches for different indigenous groups *must be* accepted", is hierdie feit in die aanvaarde voorstel heelwat sagter



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gestel en terwyl die Ned. Geref. Kerk ook van mening was dat: "no person may be excluded from common whorship *solely* on the grounds of race or colour", het die aanvaarde voorstel bloot gelui: "no person may be excluded from common whorship on grounds of race or colour." Alhoewel die Ned. Geref. Kerk se standpunt wel geakkomodeer is, het die GES tog ook in sy besluit aangetoon dat daar wel 'n klemverskil teenwoordig was. Die poging van die Ned. Geref. Kerk om sy beleid soos in *Ras, Volk en Nasie* vervat hier 'n besluit van die GES te maak, het duidelik nie ten volle geslaag nie. Alhoewel die GES *Ras, Volk en Nasie* per implikasie dus nie ten volle verwerp het nie is dit ook nie ten volle aanvaar nie. Wanneer die 1980, 1984 en 1988 sinodebesluite van GES bestudeer word, is dit duidelik dat hierdie die klein begin van kritiek teen die Ned. Geref. Kerk was. Gaandeweg sou hierdie sinode ook inval in die wêreldkoor van protes teen die beleid van die Ned. Geref. Kerk.[115]

3.2.3 Die Switserse Federasie van Protestantse Kerke

Die Switserse Federasie van Protestantste Kerke het gedurende 1978 'n besoek aan Suid-Afrika gebring, en terselftertyd 'n geskrif: *Theology - Advocate or Critic of Arpartheid? A Critical study of the "Landman Rapport"*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*(1974) of the Dutch Reformed Church (SA)* aan die Ned. Geref. Kerk oorhandig.[116]

Hierdie rapport oor *Ras, Volk en Nasie* was een van die deeglikste en omvattendste kritiese studiestukke wat oor dié beleidstuk die lig gesien het. Dit het 31 bladsye beslaan en is inhoudelik in drie hoofstukke verdeel naamlik: "0 Introductory Remarks

1 The Theological Basis of the Report

2 Specific Problems"[117]

Vanweë dié omvattendheid, maar ook groot historiese belang van die dokument en die feit dat dit onbekombaar is, word die samevatting wat deur die outeurs self aan die begin van elke hoofstuk gemaak is, hier verbatum weergegee.

3.2.3.1 Theology - Advocate or Critic of Apartheid?

"0 Intoductory Remarks"

Die geskrif word ingelei deur 'n aantal opmerkings waarin bepaalde voorveronderstellings aanvaar word:

"1. A critical appreciation must include an effort to do justice to the inherent logic of the Report itself.

2. The DRC's Report itself contains criticism of the



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

situation in South Africa but this criticism keeps within definite limits, which constitute one of the main problems of the Report.

3. In reading a theological Report of this kind and subjecting it to criticism, we ourselves are also addressed and faced with the question: Is not our own pastoral and theological approach to the question of Nation and State such that all the questions we must put to our brothers and sisters in South Africa are also, mutatis mutandis, questions directed to our own theology and church policy?"[118]

Hierna volg die "eerste hoofstuk" van die verslag wat handel oor die teologiese basis van *Ras, Volk en Nasie*, ondermeer oor die interpretasie van die Bybel; die Ned. Geref. Kerk se standpunt oor heilsgeskiedenis; God se dade in die wêreld en in die geskiedenis en ekklesiologie.

"1. <u>The Theological Basis of the Report</u>

1.1 <u>Biblical Interpretation</u>

In accordance with sound Reformed tradition, the Report rejects a biblicistic method of



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

interpretation. It warns us not to interpret the biblical texts against the grain of their context or to treat the Bible as if it were a textbook of sociology or ethnology and so on; i.e. expecting it to yield information or principles of a sociological or ethnological character contrary to its obvious main thrust.

It is questionable whether these hermeneutic princples have been consistently applied in the actual course of the study. In fact the Report rejects reference to the 'historical situation' as a hermeneutic principle and makes the quest for principles which are valid regardless of time or place the supreme goal of biblical interpretation. These methodical approaches conflict with the anti-biblicist principle. One of the inevitable consequences of a dehistoricising interpretation of this kind is a loss of sensitivity to the historical remoteness of the world of the Bible and the contemporary world. The South African race problem as viewed by white South Africans is therefore projected into the biblical situation and the inevitable impression left with the reader of the Report is that of a 'racist' interpretation of the



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bible."[119]

"1.2 The standpoint of 'salvation history'

In the Report of the DRC (SA) the tension in the 'history of salvation' between the 'already' and the 'not yet', between God's revelation in Christ and the expectation of the Kingdom of God, plays a major role. It is repeatedly stressed that the knowledge of this 'not yet' should not mislead Christians into a 'quietist' attitude. Yet the Report's main thrust is directed against 'horizontalism' and 'ecumenical theology', i.e. against the illusion that changing this world is equivalent to establishing the Kingdom of God. The constant emphasis in the Report is that a divinely willed situation of imperfection is characteristic of the present time, a situation of imperfection is chracteristic of the present time, a situation dominated by sin and in which we can only strive against the worst effects of sin. All that the Church can establish in the world are signs of the coming Kingdom of God, depending on the circumstances at any given time.

We must emphasise on the contrary that the dynamic factor of the presence of God in His Spirit 'today'



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

is too little in evidence if at all. Yet the Spirit of God is the power of His Kingdom already at work in the world. More attention to the pneumatological dimension would have saved the Report from the fatalistic tone it now carries. We must also ask how far this static view may also be due to the strict doctrine of predestination which is reflected even in these pages."[120]

"1.3 God's action in the world and in history

The theology of the Report is consciously aligned to 'salvation history'. But this alignment remains purely 'formal' unless it is realized that the history of salvation implies the 'material' dimension of incarnation. Incarnation is meant here in the strict christologecal sense as well as in a wider sense. For the fact that God became man in Jesus Christ and reveals Himself in human history has consequences going far beyond the field of christology, consequences which have not been allowed for in the Report.

Various symptoms enable us to diagnose this lack of a theology of the incarnation, including:

- A yawning gap between the Church's proclamation



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

and its concrete witness;

- The 'verticalism' of the Report - an illusion in the struggle against supposed 'horizontalism' - exacts its toll by depriving the authors of the Report of any reasonable explanation of the horizontal elements of their own commitment;
- A ghetto-ecclesiology combined simultaneously with a naive confusion of the Church with Nation and State;
- A failure to note the connections between language and historical context."[121]

"1.4 Ecclesiology

Despite its fidelity to the traditional confessional statements, the ecclesiology of the Report reveals a fatal lacuna. It fails to take sufficient account of the character of the Church is presented as a fellowship. When the fellowship of the Church is presented as a'spiritual fellowship' the Report is in danger of 'spiritualising' its ecclesiology. Under these circumstances, other 'horizontal' loyalties tend to prevail over 'vertical' loyalties which call for fellowship in the Church. Consequently the ties with the 'population group' seem



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stronger in the Report than the obligation to church fellowship in Christ."[122]

Die volgende hoofstuk handel oor spesifieke probleme in *Ras, Volk en Nasie* soos wat die Switserse kerke dit geïdentifiseer het naamlik: Eenheid, Geregtigheid, Liefde en Vrede.

"2. <u>Specific Problems</u>

While it is not possible to discuss all the unresolved questions in detail we cannot avoid at least some reference to the problems which we consider to be the most far-reaching. Some sequence being necessary, and if possible one which is not unfamiliar to the authors of the Report, I shall present my comments under the headings: Unity, Justice, Love and Peace, consepts which play an important role in the Report itself."[123]

"2.1 <u>Unity</u>

The emphasis placed by the Report itself on the unity of the human race is to be welcomed. But the weight of this thesis is seriously weakened by the consistent presentation of the diversity of peoples,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

languages and 'races' divinely willed and by the defence of the justification of as 'separate development' of these peoples.

The unity of mankind is considered to transcend all differences and divisions; but the question of the concrete consequences which should follow the recognition of this unity is hardly raised at all.

When we speak of the unity of the Church, it should be possible to affirm that one of the tasks of the Church of Christ, the new Adam, is to establish in the midst of its plurality signs of the unity of mankind on the basis of both creation and new creation, within a world which elevates division to a supreme principle."[124]

"2.2 <u>Justice</u>

How is the prophetic task of the Church, to which appeal is frequently made, compatible with the positivist attitude to law which permeates the whole Report? TLhe diagnosis of the consequences of the apartheid policy offered in the Report itself ('problems' p. 76f., 'points of friction' p. 84) is so devastating (e.g. restriction of sovereignty, job reservation, homelands, townships, the situation of



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

the coloureds and Asians) that one wonders how such a policy can still be endorsed in principle and proposals be made for improving it. The truth is, however, that the theological hermeneutic examined in 1.1 of this paper makes such an attitude, which seems so inconsistent to the outsider, really quite consistent, by making it possible to demonstrate that the Bible, while not enjoining 'separate development' does not actually forbid it either.

On the basis of individual statements in the Report, it is permissible to ask whether apartheid is sinful (the sinful division of peoples for selfish motives) or merely threatened by sin, as are all human undertakings.

But even the measure of justice attainable in this world demands a fundamental change of direction to make it possible for all the groups involved ('population groups') to enjoy equal rights of selfdetermination."[125]

"2.3 <u>Love</u>

In theory, the command to love the neighbour plays an important part in the Report, since it is one of the ethical principles of timless validity which can



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

be derived from the Scriptures. It must also be the ethical standard for the regulation of relationships among peoples (p. 33). But this authentically Calvinist (Puritan) principle finds scarcely any concrete application at all; this is due to the methodological principles already pointed out (esp. in 1.2 and 1.3: Eschatological passivity and insufficient attention to the dimension of incarnation issue in practice in an ill-founded two kingdoms doctrine).

The dimension of brotherly love is strikingly absent in the chapters dealing with relationships between the Dutch Reformed Church in South Africa and its 'daughter churches' (paternalism instead of partnership).

Since Christ's love finds symbolic expression in the marriage of Christians, the Church should firmly oppose any interference by the State in matters related to marriage (prohibition of mixed marriages)."[126]

"2.4 <u>Peace</u>

Peace cannot be adequately defined in terms of its opposite (for example, as the opposite of war or



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

conflict etc.). Peace means that harmonious relations prevail between God and man and between man and man. When harmonious relations between men are made impossible by enforced segregation, order may prevail for a time but not peace, for order is by no means the equivalent of peace. Such order is based on force (e.g. compulsory transfer of population, etc.) and not only endangers 'peace in the biblical sense' but also peace in the sense of 'the absence of war'.

Peace presupposes reconciliation. Reconciliation includes:

- renouncing attempts to justify oneself;
- admission and confession of one's own sin;
- readiness to repent (metanoia = change of mind and all its practical consequences);
- readiness to take the initiative in reconciliation and to lose face in doing so.

Our contribution to reconciliation in South Africa presupposes our readiness to express our solidarity with ou South African brothers and sisters in sin and forgiveness."[127]

Dit blyk duidelik uit bogenoemde dat die opstellers van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie geskrif *Ras, Volk en Nasie* deeglik bestudeer het en al die probleme duidelik blootgelê het. Hierdie kritiek op *Ras, Volk en Nasie* is deur 'n kerklike afvaardiging wat ook professore van die teologiese fakulteite ingesluit het in 'n eendaagse konferensie bespreek. Tydens hierdie geleentheid was die afgevaardigdes van mening dat die geskrif en die Ned. Geref. Kerk se antwoord daarop 'n veel indringender teologiese konferensie vereis het, en die Ned. Geref. Kerk is deur die Switserse Kerke uitgenooi om die gesprek in Switserland voort te sit.

Die konferensie is vanaf 2 - 6 April 1979 te Le Louverain Switserland gehou. Die Suid-Afrikaanse afvaardiging het bestaan uit dr FE O'Brien Geldenhuys, dr EPJ Kleynhans, proff JA Heyns, CWH Boshoff, AB du Toit, NJ Smith, PA Verhoef en WD Jonker.[128]

Die hoofdoel van die beraad was om te besin oor die verantwoordelikheid van die kerk in die huidige Suid-Afrikaanse opset. Die afgevaardigdes is in drie groepe verdeel wat bestaan het uit 'n Bybelse groep, 'n Dogmatologies-etniese groep en 'n Missiologies en Ekumeniese groep.[129]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

'n Finale rapport is aan die einde van die konferensie opgestel. Hierin is opnuut beklemtoon dat die boodskap van die Woord van God ook vandag konkrete gestalte in die samelewing moet kry, dat die kerk in sy bestaan, van God ontvang, dat die kerk die liggaam van Christus is, dat die unieke eenheidskarakter van die kerk vereis dat dit oop sal wees en dat daar geen onverenigbaarheid tussen broederlike gemeenskap en die verskeidenheid van persone bestaan nie. Dat die kerk die dienskneg is van die Here, en daarom ook self moet dien. Die afgevaardigdes het beklemtoon dat hulle saamstem dat die taak van die kerk gesien moet word as die van versoening. solidariteit en hoop.[130]

Wat egter van besondere belang was, was 'n sewetal kritiese vrae wat deur die Switserse Kerke aan die Ned. Geref. Kerk vir verdere oorweging gerig is naamlik:
"Doen die N.G. Kerk alles in sy vermoë om hierdie solidariteit met almal wat ly in die huidige situasie in die Republiek van Suid-Afrika te betoon?

Bv. met: -

1) almal wat nie kan deelneem in die beslissings oor die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toekoms van Suid-Afrika nie

2) wat aangehou word sonder behoorlike regsproses of ingeperk word om politieke redes

3) wat in Suid-Afrika bly sonder wetlike regte

4) wat hulle self nie ten volle kan ontwikkel nie as gevolg van die gebrek aan voldoende onderwys in die verlede

5) wat hoewel hulle oor dieselfde kwalifikasies beskik steeds wag op gelyke werksgeleenthede

6) wat geskei is van hulle families deur die sisteem van trekarbeid

7) wat die naasbestaandes is van hulle wat uit die Republiek van Suid-Afrika gevlug het."[131]

Die Switserse afvaardiging het beklemtoon dat hulle geen kollektiewe beskuldiging wou rig nie en ook nie opsoek was na 'n leë erkenning van skuld nie, maar juis wou bevestig dat hulle vir die Ned. Geref. Kerk en vir hulle self bid sodat moed, volharding en wysheid geskenk mag word.[132]

Dit is dus duidelik dat ook die Switserse Federasie van Protestantse Kerke 'n sterk appél op die Ned. Geref. Kerk gemaak het, en uit hulle pad gegaan het om hulle stand-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

punt op 'n objektiewe eerbare manier te stel. Die feit dat hulle selfs bereid was om 'n Ned. Geref. deputasie vir samesprekings na Switserland te nooi beklemtoon juis die erns waarmee hulle die hele aangeleentheid benader het. Wanneer hierdie appél met die van *Cottesloe* vergelyk word[133] is die tekens van ooreenkoms helder sigbaar. Die Ned. Geref. Kerk is naamlik hier in Switserland opnuut uitgedaag om aktief betrokke te raak by die samelewingsprobleme van alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Om hieraan te voldoen sou die kerk duidelik moes afwyk van sy beleid van eie kerke vir afsonderlike volke. Per implikasie het die uitdaging van die Switserse Kerk behels dat die Ned. Geref. Kerk sy tradisionele beleid krities en omvattend sou moes hersien.

Wat egter soos 'n paal bo water uitstaan is dat die kritiek wat die Switserse Kerke teenoor *Ras, Volk en Nasie* geopper het in 'n groot mate ooreengestem het met die kritiek van die GKN. Skrifgebruik, die profetiese roeping van die kerk, aktiewe betrokkenheid by samelewingsprobleme, steun aan die regeringsbeleid van afsonderlike ontwikkeling en klem op volkereverskeidenheid was van die belangrikste probleme. Die kloof tussen teologie en praktyk is opnuut aangetoon. Gaandeweg het die verskil-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

lende strome van kritiek begin saamvloei om 'n magtige rivier te vorm, wat aan die aanstorm was teen 'n brose damwal. Dit sou net 'n kwessie van tyd wees voordat hierdie wal sou breek.

### 3.2.4 Die Gereformeerde Bond van Duitsland

Na afloop van die Switserse beraad het die Suid-Afrikaanse afvaardiging na Duitsland vertrek om afgevaardigdes van die Gereformeerde Bond van Duitsland te ontmoet.

Die samesprekinge op 9 April het begin deurdat Joachim Guhrt verslag gedoen het van die konsultasie wat vanaf 12 - 16 Maart 1979 in Pretoria gehou is.[134] In die samesprekinge wat hierop gevolg het, is sterk klem gelê op die kerk se verantwoordelikheid om te sorg dat niemand in Suid-Afrika as tweederangse burgers behandel word nie.[135] Die Ned. Geref. afvaardiging het toegegee dat indien hulle die *status quo* sou probeer handhaaf almal op rampspoed sou afstuur, maar het dit ook duidelik gemaak dit dat nie die taak van die kerk is om die politieke sisteem of situasie te verander nie.[136] Sterk klem is verder gelê op die feit dat die Kerk van Jesus Christus, God se verteenwoordiger, God se agent vir rekonsiliasie in Suid-Afrika is, en daarom mag die kerk hom nie identifiseer met die uitsluitlike



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

belange van die blankes of van die swartes nie. Deur radikale standpunte na of een of die ander kant in te neem sou niks verbeter nie, maar eerder spanning en konfrontasie veroorsaak.[137]

Die namiddag is gewy aan 'n bespreking van die sogenaamde Barmenverklaring waarin prof Esser, die moderator van die Gereformeerde Bond 'n uiteensetting gegee het van wat presies in die dertigjare die kerk in Duitsland, die evangeliese "bekennende" belydeniskerk daartoe gedwing het om die verklaring op te stel en daarvolgens te probeer lewe. Die Barmenverklaring het juis daarop gestaan dat Jesus Christus in Sy gemeente die middelpunt van God se openbaring aan die wêreld is. Juis daarom moet die gemeentes so lewe sodat hulle op alle vlakke van die maatskappy van die burgergemeenskap moet deursuur met die krag van sy getuienis wat nie op enige iets anders dui as die eise van die evangelie van Jesus Christus en sy heerskap wat in die lewe van die kerk moet geld nie.[138] Die samesprekings is in 'n broederlike gees afgesluit, met die verwagting van noue ekumeniese bande.

Op 22 September 1979 het die "Executive Committee of the Reformierte Bund" die volgende deklerasie aangaande sy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verhouding met die gereformeerde kerke in Suid-Afrika uitgereik.[139]

In hierdie verklaring is aandag gegee aan die Duitse weergawe van *Ras, Volk en Nasie*: "Menschliche Beziehungen der Völkerschaften Südafrikas in Licht der Heiligen Schrift,"[140] en beklemtoon dat: "Without going into this report in detail, there are some questions discussed which are of real significance for further meetings and discussions."[141]

Die res van die verklaring bestaan dan ook uit 'n aantal kritiese vra oor *Ras, Volk en Nasie.* Die eerste vraag naamlik: "Ethnology - a Theological Principle?"[142] handel oor die veelbesproke volkereverskeidenheid. Die deklerasie lui: "The central issue to which the report first turns and from which it arrives at ecclesiological and ethical statements, is the evaluation of the diversity of peoples in biblical testimony."[143] Met verwysing na *Ras, Volk en Nasie* se hantering van die Ou- Nuwe Testament konkludeer die Reformierte Bund: "We can therefore, only regard the NG report of 1974 as a theological confirmation of the present political system in South Africa, in which the seperation of the races means in practice the dominion of



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

the one and the discrimination, denial of rights and exploitation of the other. Even when it is said that the precept of the love of one's neighbour is valid as the ethical norm for the correct ordering of relations between racial groups, the love of one's neighbour is still subordinate to the principle of separate development."[144]

'n Tweede vraag wat gevra word, handel oor "The Use of Scripture". Erkenning word gegee vir die feit dat *Ras, Volk en Nasie* reg aan die begin bepaalde hermeneutiese riglyne neerlê, maar die Skrifgebruik van dié beleidstuk word tog bevraagteken. Die verklaring lui: "It is plain to see that the report tries to act in accordance with this principle. It is to be asked however, how, for all that, it reaches an interpretation of Scripture which makes the diversity of peoples and its resultant principle of separate development the central factor of the understanding it has gained. We are here faced with a use of Scripture which has already often led the Church in its history the wrong way"[145] en verder "The message of the Bible does not order the facts of the world, but moves men away from set positions in today's world and frees them from false structures."[146]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

'n Derde vraag handel oor die "Politico-social Role of the Church." Die Reformierte Bund meen dat die Ned. Geref. Kerk probeer om "from its understanding of Scripture to maintain a perception and ordering of a suitable attitude for Christians and for the Church in the present situation in South Africa. In this connection, however, the Church puts itself at the disposal of the state system as a stabilising factor, and in doing so becomes an institution of 'civil religion' whose function it is to preserve the social system that happens to exist at the moment."[147]

'n Vierde vraag handel oor die "Biblical Destiny of Mankind" Hier word alle klem gelê op die versoening wat Christus kom bewerk het gelê. "It is therefore the Church's duty to preach reconciliation, to live by it, and to stand up for it." Die verklaring lui verder: "a system of living together that is based on seperation according to ethnic groups stands in contradiction to reconciliation. Apartheid or seperate developement isolate men from one another and reconciliation is thereby denied."[148]

'n Vyfde vraag wat gevra word, handel oor die "Prophetic Function of the Church." Die Reformierte Bund is duidelik van mening dat die Ned. Geref. Kerk nie sy profetiese



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

roeping vervul nie, en vra: "Where do they show themselves as advocates for those of mankind whose fundamental rights have been taken from them?"[149] Die Reformierte Bund was van mening dat: "The concrete prohetic utterance and action in South Africa must be experienced by die churches there themselves."[150]

'n Verdere belangrike aspek wat in die verklaring aangeraak word, is die Eenheid van die Kerk. Klem word gelê op die feit dat die Bybel eenheid ken: "not only as unity of the spirit, but put into effect in bodily communion, so that no one is master over the other" en vervolg dan: "It is with sorrow that we see that the reformed churches of South-Africa are far removed from the lived communion of the Body of Christ."[151]

Die verklaring word afgesluit met die volgende konklusies:
"1. We, the Reformierte Bund, wish to strengthen and support the black reformed churches in a consciousness of the fact that they have the right and the duty as sufferers of injustice to argue for justice and fairness as the expressions of reconciliation. They cannot simply wait until justice is offered and conceded to them.
2. We wish to promote the black churches of South Africa



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

further in their ability to take up a clear position which they can advocate before the public of their own land and of the whole world on those questions which concern their ecclesiastical, social, political, and economic disadvantage.

3. We wish, in solidarity with the black reformed churches of South Africa, also to maintain our dialogue with the white reformed churches."[152]

Dit is duidelik dat bogenoemde kritiek teen *Ras, Volk en Nasie* langs dieselfde weë beweeg het as die van talle ander kerke. Volkereverskeidenheid, Skrifgebruik, steun aan regeringsbeleid, die afwesigheid van 'n versoenende rol, die profetiese roeping van die kerk en kerkeenheid is nogmaals uitgewys as probleme in dié beleidstuk. Die Reformierte Bund het hulle hierdeur gevoeg by 'n koor van protes teen die amptelike beleidstuk van die Ned. Geref. Kerk - *Ras, Volk en Nasie.* Die rivier het nog magtiger begin aanstroom teen die verbrokkelende damwal. In 1982 sou die wal finaal breek en deur die vloedwater meegesleur word.

## 3.3 *RAS VOLK EN NASIE: GEWEEG EN TE LIG BEVIND*

Wanneer die reaksie op *Ras, Volk en Nasie* bestudeer word is die verskillende oorde waaruit die kritiek gekom het insigge-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

gewend. Dit is opvallend dat die meeste reaksie wat vanuit Suid-Afrika self gekom het *Ras, Volk en Nasie* gekritiseer het omdat die besluite wat daarin vervat was te liberaal sou wees. Veral twee sake het aandag geniet, naamlik *gemengde huwelike* en *gesamentlike aanbidding.* Byna al die reaksie uit eie geledere het die sinodebesluite hieroor verwerp, omdat dit in stryd was met die "tradisionele beleid van afsonderlike ontwikkeling." Dit blyk dus duidelik dat die oorwegend konserwatiewe lidmate van die Ned. Geref. Kerk nie geneë geneem het met die besluite nie. Daar was 'n duidelike gevoel téén die beleidstuk.

Hierdie stand van sake word die beste geïllustreer deur die woorde van die redakteur van *Die Kerkbode* net na die publikasie van *Ras, Volk en Nasie*: "Dit is 'n belangrike publikasie omdat die amptlike standpunte van ons Kerk oor hierdie brandende kwessie daarin saamgevat word" en dan vervolg hy: "By die lees van hierdie boekie moet daar egter met twee sake rekening gehou word: Die eerste is dat die boekie nie deurgaans in die presiese teologiese taal en terminilogie gestel is wat in die oorspronklike verslag voor die sinode gegee is nie. Dit is 'n vereenvoudigde samevatting sodat die gewone belangstellende lede van die publiek wat nie die voorreg gehad het om in die gebruik van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ingewikkelde teologiese terme geskool te word nie, dit ook kan opneem en vir hulleself duidelikheid kan kry oor die sake waaroor dit gaan en die standpunte van ons Kerk daaroor. Die tweede saak wat hiermee ten nouste saamhang, is 'n waarskuwing: dat iemand wat in hierdie boekie stellinge of uitdrukkinge teëkom waarmee hy nie vrede het nie, nie somaar daarmee op loop moet gaan en daarop by voorbaat allerlei konstruksies moet gaan bou nie, maar homself liewers eers moet vergewis van die oorspronklike teks."[153] Hierdie apologetiese relaas oor die "boekie" wat immers die amptelike beleidstuk van die Ned. Geref. Kerk was, en wat wêreldwyd versprei is toon duidelik aan dat *Ras, Volk en Nasie* wat die lidmate van die Ned. Geref. Kerk aan betref, nie aan hulle vereistes voldoen het nie. Dit was volgens baie 'n breuk met die tradisionele, iets wat onnodig was, en waarvoor hulle geen rede kon insien nie. Wat *Ras, Volk en Nasie* betref het die oorwegend konserwatiewe lidmate van die Ned. Geref. Kerk dit geweeg en te lig bevind. Presies dieselfde wat by *Cottesloe* gebeur het, het ook in 'n mindere mate hier gebeur - alles wat afgewyk het van regeringsbeleid, is veroordeel en bevraagteken - omdat die lidmate van die Ned. Geref. Kerk gewoond was aan 'n kerklike beleid wat regeringsbeleid onderskryf het. Nogmaals het die gevaarligte vir die kerk begin flikker.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Solank as wat die kerk die tradisionele beleid van afsonderlike ontwikkeling en afsonderlike kerke vir verskillende volke sou bly handhaaf, sou daar geen probleme wees nie. Enige afwyking is met groot agterdog bejeen en summier veroordeel. Juis daarom was daar soveel kritiek oor *gemengde huwelike* en *gesamentlike aanbidding.* Die Ned. Geref. Kerk het wat talle van sy lidmate betref, gevaarlik naby daaraan gekom om hierdie verbode grense te oorskry.

Ook vanuit die buiteland het dieselfde reaksie gekom, al was dit dan om presies die teenoorgestelde redes. Reeds by die *Cottesloe-beraad* in 1960[154] het die WRK 'n appél op die Ned. Geref. Kerk gemaak om homself te verantwoord ten opsigte van die probleme in die Suid-Afrikaanse samelewing. *Ras, Volk en Nasie* was hierdie antwoord, en tog is dit vanuit alle oorde en ook in die buiteland gekritiseer en bevraagteken. Dat *Ras, Volk en Nasie* as beleidstuk nie die paal in die buiteland gehaal het nie word die beste geïllustreer deur die verslag van die afvaardiging van die Ned. Geref. Kerk na verskillende oorsese konsultasies: 1 - 16 April 1979.

"Ons as afgevaardigdes lê die volgende aanbevelings aan die betrokke kerklike liggame voor vir gunstige oorweging:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

1. Die Sinode wys 'n kommissie van vakkundiges aan wat Ras, Volk en Nasie grondig sal hersien en verwerk. Die motivering hiervoor is die volgende:

1.1 Sy besluit oor die noodsaaklikheid van voortgaande besinning oor volkereverhoudings.

1.2 RVN was bedoel, in die eerste plek, as 'n standpuntstelling van die N G Kerk as 'n poging om helderheid te kry in eie geledere en standpuntstelling ten opsigte van sy eie lidmate, dit wil sê, vir interne gebruik.

Maar hierdie publikasie is in die afgelope vier jaar wyd versprei in die buiteland en dit blyk dat daar talle misverstande ontstaan het as gevolg van die aanwending van die interne idioom.

1.3 Sedert 1974 is daar in die kerk daadwerklik verder besin oor hierdie aangeleenthede.

1.4 Die kommentaar wat van verskillende kerke en instansies ingekom het, regverdig verdere oorweging."[155]

Wanneer al hierdie kommentaar bestudeer word, is dit duidelik dat dit hoofsaaklik uit kritiek bestaan het waarvan die volgende die vernaamste was:

1) Die gesag en hantering van die Skrif ten opsigte van uitsprake wat in *Ras, Volk en Nasie* voorgekom het.

2) Die historiese situasie in Suid-Afrika wat as hermeneu-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tiese sleutel aangewend is.

3) Die eksegese van Gen 11 (par 9.1 in RVN) in die lig van sy teologiese boodskap.

4) Die feit dat 'n bepaalde politieke beleid, naamlik die van afsonderlike ontwikkeling Skriftuurlik gefundeer is.

5) Die standpunt rondom *gemengde huwelike*.

6) Die feit dat die nadere omskrywing van bepaalde begrippe soos geregtigheid, menseregte e.a. afwesig was.

7) Die versoeningsrol wat die kerk moes speel in die samelewing.

8) Die hele redenasie rondom eenheid en verskeidenheid binne die Ned. Geref. Kerk, en die meegaande kwessie oor gesamentlike aanbidding.

9) Die profetiese stem van die kerk wat nie hard genoeg gehoor is nie - ten opsigte van die staat en die politieke stelsel.

10) Onbetrokkenheid van die kerk by die nood van duisende Nie-blanke Suid-Afrikaners.

Aan die wortel van hierdie kritiek was ongetwyfeld die skisofreniese onderskeid tussen leer en lewe wat in *Ras, Volk en Nasie* gemaak is. Die hele standpunt rondom *gemengde huwelike* dien hier as uitstekende voorbeeld.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Alhoewel *Ras, Volk en Nasie* lui dat: "die verbod op 'rasgemengde' huwelike in die Skrif oorwegend godsdienstig gemotiveerd is en dat die Bybel hom nie letterlik vir óf teen sodanige huwelik uitspreek nie"[156] word die praktyk tot norm gemaak wanneer bevestig word dat sodanige huwelike "uiters ongewens"[157] is. Uit al die kritiek wat gelewer is, was die grootste probleem hierdie kloof wat daar tussen leer en lewe bestaan het. Met die leer van die kerk was daar in der waarheid nie soveel fout te vind nie, maar sy onvermoë om hierdie leer tot sy volle implikasies deur te voer was 'n groot bron van ongenoegdoening.

Net soos by *Cottesloe* het die Ned. Geref. Kerk hom vasgeloop, en het sy antwoord nie aan die vereistes voldoen nie. Te midde van die 1976 Soweto-onluste en die dood van die swart aktivis Steve Biko was die vrae wat vanaf die buiteland gevra is al dringender en die kritiek al skerper. Die onvermoë van die kerk om hierop 'n antwoord te bied word duidelik geïllustreer deur die gebeure rondom die ekumeniese bande met die Reformierte Bund.

In 'n persverklaring wat die Reformierte Bund se verklaring van 22 September 1979 vergesel het, word die volgende gesê: "Against the background of the terrible consequences of the



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Homeland policy, against the background of the news we get about torture and banning, against the background of a church divided according to race, we have asked their advocating for the disadvantages and oppressed and their involvement in the struggle for church unity.
Our dialogue partner could not give a satisfactory answer, because they had to hold on in general to the present official line of the N.G.K. as outlined in the 1974 Synod Report 'Human relations and the Sout African scene in the light of the Scripture.'"[158]

*Ras, Volk en Nasie* kon nie antwoord op die vrae wat gevra is nie. Die tragiese gevolge hiervan word duidelik uit die besluit van die Reformierte Bund op 24 April 1982 waarin hulle verklaar dat: "Unfortunately the Reformierte Bund does not see itself at the moment in a position to continue official dialogue with the Nederduitse Gereformeerde Kerk."[159] Hierdie besluit is geneem nadat 'n afvaardiging Suid-Afrika besoek het, en samesprekinge gevoer is op 31 Januarie 1982. Tydens hierdie samesprekinge: "the representatives of the NG Church referred essentially to the report 'Human Relations and the South African Scene in the Light of the Scripture' sanctioned by the 1974 NG Church Synod and examined in our own Declaration."[160] Dit kon die Reformierte Bund nie tevre-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

de stel nie - die gevolg - die opskorting van dialoog en kontak totdat die Ned. Geref. Kerk self 'n basis vir hernude dialoog sou skep:

"1.1.1 by concrete support in word and deed, acting as an advocate, of those who suffer under the system of Apartheid;

1.1.2 by public witness on behalf of reconciliation and justice;

1.1.3 by unequivocal Synod resolution which reject Apartheid in the spheres of church and politics, within the meaning of the Declaration of 1979."[161]

Ook die Switserse Federasie van Protestantse Kerke sou in 1982 finaal alle amptelike kontak met die Ned. Geref. Kerk verbreek as gevolg van die onvermoë van die kerk om positief te reageer op die kritiese vrae wat die Switserse Kerke aan die Ned. Geref. Kerk gevra het.[162]

Die Ned. Geref. Kerk was met *Ras, Volk en Nasie* terug in die troebel waters soortgelyk aan die in 1960.[163]

*Ras, Volk en Nasie* moes as gespreksbasis dien - en dit het, maar het nie aan die verwagtinge voldoen nie. Dit kon die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

vrae wat gevra is nie beantwoord nie. Net soos in die jare na 1960 het die Ned. Geref. Kerk nou twintig jaar later weer ekumenies geïsoleerd geraak. Die dialoog wat rondom *Ras, Volk en Nasie* begin het, het ook daar gestrand. Met reg kan beweer word dat die Ned. Geref. Kerk met hierdie beleidstuk vanuit die brandpunt in 'n doodloopstraat beland het - *Ras, Volk en Nasie* is geweeg, maar te lig bevind.

Uit ander oorde sou nuwe impulse moes kom, impulse op weg na vernuwing, 'n nuwe beleid en 'n nuwe beleidstuk!

## 3.4 *SAMEVATTING:*

Die Ned. Geref. Kerk het hom ten doel gestel om met *Ras, Volk en Nasie* as amptelike beleidstuk 'n basis vir dialoog te skep. Dit was daarom dan ook nie vreemd dat die kerk met hierdie stuk in die brandpunt beland het nie.

Reeds tydens die sitting van die Algemene Sinode in 1974 het hewige openbare reaksie in die media verskyn. Vir die volgende jare sou twee kontensieuse sake die onderwerp van menige brief in korrespondensie kolomme wees, naamlik: *gemengde huwelike* en *gesamentlike aanbidding.* Die besluite oor hierdie aangeleenthede het veral nie die goedkeuring van meer konserwatiewe lidmate weggedra nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In gemeentes, ringe en sinodes was daar beroering en oral is waarskuwende klanke gehoor. Met *Ras, Volk en Nasie* het die Ned. Geref. kerk volgens sy meerderheid lidmate so ver gegaan as wat hy maar kon. Die FRK het egter in teenstelling met die algemene gevoel binne die blanke Ned. Geref. Kerk die beleidstuk implesiet verwerp.

*Ras, Volk en Nasie* is egter ook in die buiteland versprei. Die GKN, die Switserse Federasie van Protestantse Kerke, die Reformierte Bund in Duitsland en die GES het hewige kritiek teen die beleidstuk van hulle kant af laat hoor. Dieselfde vrae wat tydens die *Cottesloe-beraad* gevra is, is weer gevra, en *Ras, Volk en Nasie* kon nie daarop antwoord nie. Dit het weer eens gelei tot byna totale ekumeniese isolasie van die Ned. Geref. Kerk.

Die hewige kritiek vanuit konserwatiewe kringe binne Suid-Afrika en die onaanvaarbaarheid van die beleidstuk in die buiteland het duidelik getoon dat *Ras, Volk en Nasie* geweeg is, maar te lig bevind is. Vanuit die brandpunt het die kerk daarmee in 'n doodloopstraat beland. Nuwe impulse sou nodig wees om hom weer daaruit te kry!



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

## 3.5 *VOETNOTAS*

1. Die Transvaler, 22 Oktober 1974, p 7
2. Die Burger, 22 Oktober 1974, p 1
3. Die Burger, 31 Oktober 1974, p 18
4. Die Burger, 22 Oktober 1974, p 15
5. The Argus, October 22 1974, p 5
6. Die Transvaler, 23 Oktober 1974, p 8
7. Die Transvaler, 24 Oktober 1974, p 6
8. Die Burger, 31 Oktober 1974, p 18
9. Die Burger, 23 Oktober 1974, p 1
10. Die Burger, 2 November 1974, p 18
11. Die Burger, 22 Oktober 1974, p 1
12. Die Burger, aw, p 15
13. Die Kerkbode, 28 Januarie 1976, p 115
14. Die Kerbode, aw, p 115
15. Die Kerkbode, aw, p 115
16. Die Kerkbode, 31 Maart 1976, p 413
17. Die Kerkbode, aw, p 413
18. Die Kerkbode, aw, p 413
19. Die Kerkbode, 4 Augustus 1976, p 151
20. Die Kerkbode, aw, p 151
21. Die Kerkbode, aw, p 151
22. Die Burger, 23 Oktober 1974, p 1
23. Die Transvaler, 23 Oktober 1974, p 8



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

24. Die Burger, 2 November 1974, p 10

25. Die Burger, aw, p 10

26. Vergelyk as voorbeeld die artikel van LJ Swanepoel in Die Kerkbode, 14 Julie 1976, p 50 ev.

27. Die Kerkbode, 20 Oktober 1976, p 8

28. Die Kerkbode, 1 Desember 1976, p 694

29. Handelinge van die Wes-Transvaalse Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1975, p 908 - 909

30. Ras, Volk en Nasie, p 100

31. Ras, Volk en Nasie, p 86

32. Vergelyk hoofstuk 2 van hierdie studie

33. Ras, Volk en Nasie, p 96 - 101

34. Handelinge, aw, p 909

35. Handelinge, aw, p 910

36. Handelinge van die Noord-Transvaalse Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1975, p 262 - 263

37. Handelinge, aw, p 367

38. Handelinge, aw, p 499

39. Ras, Volk en Nasie, p 86

40. Ras, Volk en Nasie, p 87

41. Vergelyk hiervoor 3.1.2 van hierdie studie

42. Ras, Volk en Nasie, p 86

43. Handelinge, Wes-Transvaal, p 910

44. Vergelyk hoofstuk 1 van hierdie studie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

45. Handelinge van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1975, p 479
46. Handelinge van die Vrystaatse Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1975, p 200
47. Handelinge van die Suid-Transvaalse Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1975, p 471
48. Handelinge van die Natalse Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1975, p 452
49. Handelinge van die Midde-Afrika Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1975, p 141
50. Handelinge van die Oos-Kaaplandse Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1975, p 419
51. Handelinge van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1975, p 25
52. Handelinge, aw, p 26
53. Handelinge, aw, p 203
54. Handelinge, aw, p 25
55. Handelinge, aw, p 25
56. Handelinge, aw, p 26
57. Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1978
58. Handelinge, aw, p 30
59. Handelinge, aw, p 30
60. Vergelyk hoofstukke 5 en 6 van hierdie studie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

61. Handelinge, aw, p 31

62. Handelinge, aw, p 31

63. Vergelyk punt 3.2.4.2 van hierdie studie

64. Handelinge, aw, p 980

65. Handelinge, aw, p 980

66. Handelinge, aw, p 980

67. Handelinge, aw, p 981

68. Notule van die Vergadering van die FRK, 1978, p 11 - 12

69. Notule, aw, p 11 - 12

70. Ras, Volk en Nasie, p 46

71. Ras, Volk en Nasie, p 47 - 48

72. Hierdie verskil sou binne jare op 'n totale breuk uitloop - vgl hoofstuk 4 van hierdie studie

73. Handelinge, aw, p 550

74. Handelinge, aw, p 551

75. Handelinge, aw, p 551

76. Handelinge, aw, p 891 - 895

77. Vergelyk hoofstuk 4 van hierdie studie

78. FE O'Brien Geldenhuys, aw, p 81

79. PB van der Watt, Die Ned. Geref. Kerk 1905 - 1975, p 138

80. PB van der Watt, aw, p 140

81. PB van der Watt, aw, p 141

82. PB van der Watt, aw, p 141



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

83. Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1978, p 41
84. Handelinge, aw, p 122
85. Handelinge, aw, p 122
86. Handelinge, aw, p 122
87. Handelinge, aw, p 122
88. Handelinge, aw, p 123
89. Handelinge, aw, p 123
90. Handelinge, aw, p 123
91. Handelinge, aw, p 123
92. Handelinge, aw, p 123
93. Handelinge, aw, p 124
94. Handelinge, aw, p 124
95. Ras, Volk en Nasie, p 72
96. Handelinge, aw, p 124
97. Handelinge, aw, p 125
98. Handelinge, aw, p 125
99. Handelinge, aw, p 125
100. Handelinge, aw, p 126
101. Handelinge, aw, p 126
102. Handelinge, aw, p 126
103. Handelinge, aw, p 127
104. Handelinge, aw, p 127
105. Vergelyk hoofstuk 1 van hierdie studie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

106. Handelinge, aw, p 48

107. Acts of the Reformed Ecumenical Synod, 1976, p 278

108. Acts, aw, p 278

109. Acts of the Reformed Ecumenical Synod, 1972: ook Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1974, p 35

110. Acts of the Reformed Ecumenical Synod, 1976, p 47

111. Acts, aw, p 47

112. Acts, aw, p 279

113. Acts, aw, p 279

114. Acts, aw, p 47

115. Vergelyk hiervoor die Handelinge van GES, 1980, 1984 en 1988

116. Verslag van die Oorsese Afvaardiging aan die Breë Moderatuur, 1979, p 23

117. Theology - Advocate or Critic of Apartheid?

118. Theology, aw, p 3

119. Theology, aw, p 6

120. Theology, aw, p 9

121. Theology, aw, p 13

122. Theology, aw, p 17

123. Theology, aw, p 19

124. Theology, aw, p 20

125. Theology, aw, p 24



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

126. Theology, aw, p 28

127. Theology, aw, p 31

128. DRC Africa News, Vol 4, Mei 1979

129. Verslag, aw, p 4

130. Verslag, aw, p 4

131. Verslag, aw, p 6

132. Verslag, aw, p 6

133. Vergelyk hoofstuk 1 van hierdie studie

134. Bylae tot die Hersieningskommissie vir Ras, Volk en Nasie, Bylae 8, p 1

135. Bylae, aw, p 1

136. Bylae, aw, p 1

137. Bylae, aw, p 2

138. Bylae, aw, p 2

139. Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1982, p 155

140. Handelinge, aw, p 156

141. Handelinge, aw, p 156

142. Handelinge, aw, p 156

143. Handelinge, aw, p 156

144. Handelinge, aw, p 157

145. Handelinge, aw, p 157

146. Handelinge, aw, p 157

147. Handelinge, aw, p 157



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

148. Handelinge, aw, p 157

149. Handelinge, aw, p 158

150. Handelinge, aw, p 158

151. Handelinge, aw, p 158

152. Handelinge, aw, p 159

153. Die Kerkbode, 28 Mei 1975, p 691

154. Vergelyk hoofstuk 1 van hierdie studie

155. Bylae tot Hersieningskommissie

156. Ras, Volk en Nasie, p 98

157. Ras, Volk en Nasie, p 100

158. Handelinge, aw, p 159

159. Handelinge, aw, p 160

160. Handelinge, aw, p 160

161. Handelinge, aw, p 160

162. Die Kerkbode, 30 Junie 1982, p 1

163. Vergelyk die groot mate van ooreenstemming tussen die Cottesloe-beraad se verklaring in hoofstuk 1 van hierdie studie en die verklaring van die Reformierte Bund



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# HOOFSTUK 4

# BELANGRIKE IMPULSE OP WEG NA 'N NUWE BELEIDSTUK

## 4.1 *INLEIDING*

Die Ned. Geref. Kerk het met sy beleidstuk *Ras, Volk en Nasie* onherroeplik op die rotse geloop. Al wat oorgebly het was die sigbare wrak as stille getuienis van 'n beleid wat onaanvaarbaar was.[1] Dit was te midde van hierdie mislukking dat die Sesde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Oktober 1982 in Pretoria byeengekom het.

In die verslag van die Breë Moderatuur is die volgende oor *Ras, Volk en Nasie* gesê: "Hierdie brosjure is deur die NG Kerk in Afrikaans, Engels, Duits en Nederlands beskikbaar gestel, en word letterlik wêreldwyd versprei. Hierdie publikasie het vele stormwaters met moedswillige roofvisse getrotseer en het by menige tussen-kerklike dialoog die basis vir bespreking gevorm.
Dit is dikwels verdedig, maar tussen alle waardering deur het die wysheid van die eerste paragraaf al helderder na vore gekom:

'Die Kerk kan homself nie die weelde veroorloof om die besinning oor rasse- en volkereverhoudinge op 'n gegewe moment as afgedaan te beskou nie ... ten eerste omdat

sy roeping om opnuut na die woord van God te luister, nooit beëindig word nie en ten tweede, omdat die huidige situasie nie staties is nie en ten derde, omdat die Kerk homself voortdurend moet afvra of vroeëre uitsprake oor rasse- en volkereverhoudinge wel in alle opsigte strook met die Woord van God.'"[2]

Op grond hiervan het die Breë Moderatuur dan ook aanbeveel:

"1) die Algemene Sinode bly homself gelyk en besluit dat *Ras, Volk en Nasie* indringend in die lig van die Skrif hersien word vir oorweging deur die volgende Algemene Sinode.

2) Die Algemene Sinode dra hierdie taak aan die Breë Moderatuur op vir die mees dienstige praktiese uitvoering."[3]

Dit was dus duidelik dat die Ned. Geref Kerk diep onder die besef was van die noodsaak vir 'n nuwe beleidstuk. Enersyds was die hoofsaaklik negatiewe reaksie wat *Ras, Volk en Nasie* plaaslik sowel as in die buiteland uitgelok het een van die vernaamste redes vir bogenoemde aanbeveling. Andersyds het daar sedert 1980 'n aantal gebeurtenisse plaasgevind wat as't ware belangrike nuwe impulse was op weg na die besluit. Die Hervormingsdaggetuienis 31 Oktober 1980; Die Ope Brief

9 Junie 1982; die sitting van die WGK in Ottawa Augustus 1982 en die Belharbelydenis Oktober 1982; het ongetwyfeld 'n belanrike rol gespeel as stimuli op weg na 'n nuwe beleidstuk. Terwyl die veroordeling van *Ras, Volk en Nasie* hoofsaaklik 'n negatiewe handeling was, is die eerste positiewe klanke nou gehoor - op weg na 'n nuwe beleidstuk.

## 4.2 *DIE HERVORMINGSDAGGETUIENIS: 31 OKTOBER 1980*

In *Die Kerkbode* van 5 November 1980 is 'n getuienis van agt teoloë van die Ned. Geref. Kerk gepubliseer.[4] Die akademici wat dié *Getuienis* onderteken het was CFA Borchardt, HJB Combrink, BA Muller, WP Esterhuyse, JA Heyns, WD Jonker, HW Rossouw en AB du Toit. Hierdie *Getuienis* het die kerk binne enkele dae in beroering gehad, en in die openbare media het berigte verskyn onder opskrifte soos: "Teoloë besorg oor kerk se onvermoë",[5] "Teoloë stel saak oor Hervorming"[6] en "Verligtes in NGK seek nèw church."[7] Met reg kan beweer word dat 'n storm in die geledere van die Ned. Geref. Kerk losgebars het, wat in intensiteit sou toeneem voordat dit in April 1981 tot bedaring sou kom, maar waar het alles begin?

### 4.2.1 <u>Die aanloop</u>

Dat die *Getuienis* nie as 'n losstaande gebeurtenis gesien kan word nie is duidelik. Dit is voorafgegaan deur 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

taamlike landswye gevoel van besorgdheid in die Ned. Geref. Kerk-geledere.[8] In die breë gesien mag hierdie *Getuienis* nie losgemaak word van die snelle ontwikkeling op kerklike, maatskaplike en politieke terrein aan die begin van die tagtigerjare in Suid-Afrika nie. Beide buitelandse en binnelandse omstandighede[9] en ontwikkelinge gedurende die voorafgaande jare het verantwoording van die kerk gevra oor sy antwoorde op die eise en probleme van die dag.

Een van die belangrikste gebeure wat waarskynlik die finale impuls tot die *Getuienis* was het in Maart 1980 plaasgevind. Gedurende Maart 1980 is 'n moderatuurskonferensie van al die kerke van die Ned. Geref. Kerkfamilie in Pretoria gehou. Dat hierdie byeenkoms in 'n gesindheid van groot begrip en broederlikheid plaasgevind het, is deur die betrokkenes deur 'n gesamentlike verklaring en deur berigte in die media bevestig. Daar is ooreengekom dat na afloop van die gesamentlike verklaring geen persoonlike of kerklike verklarings uitgereik sou word nie.[10]

In die gesamentlike verklaring is ondermeer aandag gegee aan die *Wet op Gemengde Huwelike* en die *Ontugwet*. Dit het gelui dat indien die owerheid sou oordeel dat die omstandigheid dit regverdig om hierdie wette in heroorweging te

neem, die kerke geen prinsipiële besware daarteen kan inbring nie.[11]

Die toenmalige moderator van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, dr EPJ Kleynhans, het hierdie ooreenkoms oënskynlik verbreek toe hy op 12 Maart 1980 met die SAUK-TV en op 13 Maart 1980 met *Die Transvaler* en op 14 Maart met *Beeld* en *Die Volksblad* onderhoude gehad het.[12] Hierdie gebeure het tot grootskaalse spanning binne die Ned. Geref. Kerkfamilie gelei.

Die dagbestuur van die Kommissie vir Ekumeniese Aangeleenthede van die Algemene Sinode bestaande uit prof JA Heyns en drr P Rossouw en FE O'Brien Geldenhuys het die dagbestuur van die Breë Moderatuur dringend en herhaaldelik versoek om weer 'n gesamentlike vergadering van al die moderature te reël. Hierdie versoek is nie toegestaan nie.[13] Dit het grootliks tot die verwydering wat tussen die kerke ingetree het bygedra.

Dit is opvallend dat drie van die ondertekenaars, naamlik proff JA Heyns, WJ Jonker en AB du Toit deel was van die oorsese Ned. Geref. deputasie in 1979. Dat die gebeure tydens hierdie besoek en die gesprekke wat gevoer is 'n ver-

dere belangrike stimilus op weg na die *Getuienis* was, word inderdaad deur Heyns bevestig.[14]

Vroeg in 1980 het proff Heyns en Jonker byeengekom en begin praat oor die moontlikheid van 'n verklaring om die "eendimensionaliteit" wat in die denke van die kerk teenwoordig was te deurbreek. Op 'n spontane wyse is besluit om bepaalde teoloë van beide die fakulteite van die Ned. Geref. Kerk te betrek. Heyns beklemtoon dat dit op 'n spontane wyse plaasgevind het, op grond van die feit dat die bepaalde kollegas al vantevore met mekaar oor die sake gepraat het, en daar 'n gemeenskaplike oortuiging by almal van hulle aanwesig was.[15] Die feit dat die *Getuienis* uiteindelik deur agt teoloë onderteken is laat onwillekeurig die vraag ontstaan: Waarom net die agt? Hierop antwoord die ondertekenaars dat hulle nie die indruk wou skep dat dit 'n fakulteit of 'n spesifieke drukgroep in die kerk was nie.

Daar is besluit om verskillende konsepte op te stel en dit is oor en weer aan mekaar gestuur. Die uiteindelike vorm wat die *Getuienis* aangeneem het, is in 'n groot mate net so ontleen aan die konsep wat HW Rossouw opgestel het. Die drie stellings gevolg deur bepaalde motiverings het hom

ideaal geleen vir die doel wat die teoloë met die verklaring wou bereik.[16]

Die *Getuienis* is uiteindelik in *Die Kerkbode* so na as moontlik aan Hervormingsdag gepubliseer, omdat dit ook groot simboliese waarde gehad het.

4.2.2 Die Inhoud van die Getuienis

Die *Getuienis* het uit drie basiese stellinge bestaan wat telkens gemotiveer is. Die volledige getuienis lui as volg:

> "In die gees van Hervormingsdag wil ons graag as gereformeerde gelowiges die volgende getuienis lewer:
>
> 1. Naas ons opregte dankbaarheid vir baie wat op die kerklike terrein gedoen en bereik is, spreek ons ons diepe besorgdheid uit oor die skynbare onvermoë van die geïnstitusionaliseerde kerk in Suid-Afrika
>
> (a) om sy Godgegewe roeping van versoening op 'n betekenisvolle en geloofwaardige wyse te vervul in 'n situasie van toenemende spanning en polarisasie tussen die verskillende bevolkingsgroepe in ons land;
>
> (b) om die owerheid en die samelewing met geestelike leiding te bedien deur 'n helder en eenstemmige getuienis omtrent die beloftes en eise van God se Koninkryk met betrekking tot die sosiale werklikheid;
>
> (c) om die onderlinge vervreemding en frontvorming tussen Christene te bekamp, en daarmee die verdeeldheid van die kerk teen te werk wat die geloof in die gemeenskap van die heiliges tot skande maak.
>
> 2. Met die nodige verootmoediging pleit ons as lede van die Ned Geref Kerk by alle medegelowiges en by alle ampsdraers wat in

kerklike vergaderinge en liggame oor sake van beleid en optrede besluite moet neem, om met mekaar te besin oor en biddend te streef na:

(a) die uitskakeling van liefdelose en rassistiese gesindhede en handelinge wat krenkende voorvalle veroorsaak en die boodskap van Gods versoenende genade ontkragtig;

(b) die solidariteit van die Christelike liefde met almal wat deur sosiale praktyke, ekonomiese wanverhoudinge en politieke maatreëls in omstandighede van verhelpbare lyding en nood gedompel word;

(c) 'n vorm van kerklike eenheid waarbinne die verbondenheid van gelowiges met dieselfde belydenis ook sigbare gestalte kan aanneem.

3. Ons is daarvan oortuig dat die Ned Geref Kerk langs hierdie weg saam met ander kerke 'n God-verheerlikende bydrae kan lewer

(a) tot die bevordering van wedersydse vertroue en aanvaarding tussen die verskillende bevolkingsgroepe in ons land, wat die onontbeerlike grondslag vorm vir 'n vreedsame samelewing;

(b) tot 'n dieper bewussyn van die eise van Gods Woord, in die lig waarvan owerheid en onderdaan geroepe is om die bestaande orde te hervorm, sodat aan elke mens die leefruimte gegun word waarin hy as beelddraer van God tot sy reg kan kom;

(c) tot die daadwerklike getuienis dat die bestaande groepsverskille tussen mense nie deur vooroordele, eiebelang en selfhandhawing tot 'n bron van botsing gedemoniseer hoef te word nie, maar deur die krag van Gods herskeppingsgenade juis ontgin kan word tot wedersydse verryking en steun van mekaar in die één liggaam van Christus.

Opgestel en onderteken deur: CFA Borchardt, HJB Combrink, AB du Toit, WP Esterhuyse, JA Heyns, WD Jonker, BA Müller, HW Rossouw."[17]

Dit is duidelik dat die kern van die kritiek teen *Ras, Volk en Nasie* ook hierin sterk na vore gekom het. Die skynbare onvermoë van die geïnstitusionaliseerde kerk om sy Godge-

gewe roeping van versoening te vervul, die plig van die kerk om sy lidmate en die staat van profetiese leiding te voorsien, die uitskakeling van verdeeldheid en polarisasie, en die oproep tot kerkeenheid, die uitskakeling van alle vorme van rassisme en betoning van solidariteit met die wat ly onder die huidige politieke stelsel, die onvoorwaardelike aanvaarding van mekaar deur alle bevolkingsgroepe in die land, 'n dieper bewussyn van die eise van God's Woord en daadwerklike getuienis dat die bestaande groepsverskille tussen mense nie deur vooroordele, eie belang en selfhandhawing tot 'n bron van botsing gedemoniseer hoef te word nie, was alles duidelik in ooreenstemming met die kritiek wat tydens die *Cottesloe-beraad* oor die Ned. Geref. Kerk uitgespreek is.[18] Dit het ook grootliks ooreengestem met die kritiek wat die GKN, die Reformierte Bund en die Switserse Federasie van Protestantse Kerke oor die beleidstuk *Ras, Volk en Nasie* geopper het.[19] Wanneer in ag geneem word dat proff JA Heyns, AB du Toit en WD Jonker almal deel was van die 1979 deputasie na die buiteland, is dit nie vergesog om hieruit af te lei dat hierdie kritiek teen *Ras, Volk en Nasie*, en veral ook die reaksie vanuit Ned. Geref. Kerkkringe 'n groot faktor was in die aanleiding tot die *Getuienis* nie. In die twintig jaar sedert *Cottesloe* het die Ned. Geref. Kerk wel beleidsgewys vorentoe beweeg,

maar fundamenteel het daar weinig aan sy beleid verander. Met hierdie *Getuienis* het die roepstem van *Cottesloe* weer duidelik weerklink. Dit was ook die mening van dr FE O'Brien Geldenhuys. Op Sondag 7 Desember 1980 berig *Rapport* onder die opskrif: *Agt teoloë se getuienis: Die Tweede Cottesloe.*[20] "Dit is die grootste gebeurtenis op kerklike gebied sedert Cottesloe twintig jaar gelede" en verder "Dr Geldenhuys het gesê dat die getuienis van die agt teoloë die belangrikste gebeurtenis na Cottesloe is omdat dit die groeiende onrus in duisende lidmate se harte oor drie kern-probleme verwoord, nl.: Die toenemende polarisasie tussen bevolkingsgroepe, die roepende nood vir maatskaplike en politieke hervorming en die oënskynlike onvermoë van die kerk om hierin die nodige leiding te gee."[21] Maar wat was die doel van die *Getuienis*?

4.2.3 <u>Die Doel van die Getuienis</u>

Die bekendmaking van die *Getuienis* was 'n belangwekkende stem in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk. Die vraag wat egter beantwoord moet word, is wat was die motivering vir so 'n verreikende stap, watter doel het die agt teoloë voor oë gehad toe hulle besluit het om die *Getuienis* op te stel en te publiseer?

'n Belangrike brief in die verband het in *Die Kerkbode* van 17 Desember 1980 verskyn.[22] Die skrywer was prof JA Heyns - een van die ondertekenaars. In die brief het hy 'n deeglike verantwoording gegee van wat die bedoeling van die *Getuienis* was. Heyns skryf:

"Die bedoeling van die Hervormingsdag-getuienis is, op kort termyn, om woorde uit die Getuienis self aan te haal: 'met mekaar te besin'.

Waar hierdie besinning moet plaasvind? Oral waar daar mense saam is en hulle van mening is dat dit sake is waaroor daar behoort besin te word. Maar veral hoop ons vind die besinning plaas hier in die korrespondensiekolomme van Die Kerkbode.

Waarom moet hierdie besinning plaasvind? Om twee redes: omdat die Woord van die Here dit gebied. Dit gaan immers om sy kerk in 'n wêreld wat ook sy wêreld is. Maar ook die situasie waarin ons ons bevind, maak besinning dringend noodsaaklik.

Waaroor moet die besinning plaasvind? Die besinning sal op drie vlakke moet voltrek word. Die eerste vlak behoort te gaan oor die teoretiese beginsels wat in die Getuienis aan die orde gestel is. En hier moet dan gevra word: presies wat alles is opgesluit in die aantal beginsels wat gestel is? Watter ander beginsels moet hieraan toegevoeg word,

want die genoemdes is beslis nie die engiste wat ter sprake is nie? Gee wat gestel is nie moontlik 'n eensydige kyk op die ingewikkelde probleem waarmee ons worstel nie, en watter addisionele aspekte behoort by te kom om die beeld in 'n gebalanseerde perspektief te kry? Maar die tweede vlak van besinning is net so belangrik: Wat is die praktiese implikasies van al die teoretiese beginsels? Dit help immers nie om goeie Bybelsgefundeerde beginsels te hê, en dit kan nie in die praktyk gestalte aanneem nie. Beginsels alleen kan die wêreld nie red nie, al moet met beginsels begin word. En die derde vlak van besinning moet gaan oor die vraag: hoe moet dit alles nou in die praktyk bewerkstelling word? Langs watter weg moet die geïdentifiseerde bestemming bereik word? Dit help ook nie om ideale te hê en niemand weet óf en hóe dit verwerklik kan word nie. En wie moet dan sorg dat dit in die praktyk gebring word? Een kerk alleen, of baie kerke saam, en hoe gaan hulle te werk?"[23] Heyns gaan dan voort om die "sake of probleemareas" wat in die *Getuienis* aan die orde gestel is, en wat indringende diskussie vra, te identifiseer naamlik: "Versoening; Geestelike leiding; Ons eie persoonlike gesindheid; Hervorming van die samelewing; Volkere verskeidenheid en die Eenheid van die Kerk."[24]

Onder versoening vra hy: "presies wat is dan die Bybelse inhoud daarvan? As die kerk in terme van die versoening gedefinieer moet word, en as selfs die bediening van die versoening aan die kerk opgedra is, hoe moet so 'n kerk in ons land lyk? Konkreet: hoe moet die N.G. Kerk lyk in 'n land waar Witmense, Swartmense en Bruinmense gelowiges is? Hoe moet die kerk homself geloofwaardig maak as God se versoeningsoord en versoeningsinstrument in hierdie wêreld?"[25]

Onder Geestelike leiding vra hy: "Oor watter sake moet die kerk aan die owerheid en samelewing leiding gee sonder om te verval in die gevaar van lopende kommentaar te bied op alles en nog wat? En as die kerk dan doen wat hy moet doen, hoe en waar moet die kerk dit doen? Net by wyse van sinodale besluite eenmaal elke vier jaar of mag die kansel ook daarvoor gebruik word? Moet die kerk bv. kennis neem van die 1000 wette wat van die wetboek gaan verdwyn en homself nie afvra: gaan daarmee nie wette verlore wat moes gebly het nie, en bly daar nie wette wat ook moes gegaan het nie?"[26]

Onder ons eie persoonlike gesindheid vra hy: "Is dit nie dalk die terrein waarop die kerk met sy boodskap van die

evangelie van Jesus Christus sy grootste bydrae kan lewer nie? Moet elke gelowige homself nie as ambassadeur van liefde en geregtigheid beskou nie? En as hy dit moet wees, hoe is hy dit en waar is hy dit? Net in die rustige atmosfeer van die kerk of ook in die spanningsvolle lewe saam met andersdenkendes en anderskleuriges, onder meerderes en minderes?"[27]

Onder Hervorming van die samelewing vra hy: "Het ons samelewing hervorming nodig? Het ons dan nie al die optimum lewensomstandighede, soos salarisse, woongeleenthede, ontspanningsgeriewe ens. vir almal bereik nie? En as dit nie die geval is nie, het die kerk as kerk daarmee iets te doen? Wat is met ander woorde die kerk se roeping op die gebied van die sosiale lewe? Of het die kerk daar geen roeping nie? ... En as die kerk hier wel 'n roeping het om sodoende aan Gods mens groter ruimte te gee om sy taak as mens te kan uitoefen - weer eens, hoe doen die kerk dit en hoe mag hy nie doen nie?"[28]

Onder Volkereverskeidenheid vra hy: "Die verskeidenheid van volke, tale en kulture in ons land, is dit maar net die gevolge van sonde of sit daar meer in? Is dit vir ons maar net 'n verleentheid of ook 'n goddelike geleentheid? Meer

nog: presies wat is die taak van die kerk in so 'n situasie? Hoe moet hy die geleentheid om die boodskap uit te dra, benut? Trouens het die Skrif vir so n situasie 'n boodskap? En wat is daardie boodskap - veral as die situasie in 'n dinamiese proses van voortstuwende ontwikkeling voortdurend besig is om ingrypend te verander?"[29]

Oor die Eenheid van die Kerk vra hy: "Is die eenheid van die kerk maar net 'n hoorbare belydenis van woorde of ook 'n sigbare gebeurtenis van die daad? En hoe moet die eenheid van bv. die N.G. Kerk en die jonger kerke daar uitsien? Het elkeen nie 'n reg om homself te wees nie, maar word die verskeidenheid dan nie deur die eenheid verslind nie? En as elkeen 'n reg het om homself te wees, word die eenheid nie deur die verskeidenheid totaal verblind nie?"[30]

Heyns sluit sy brief soos volg af: "Dit is maar enkele van die probleme en enkele van die talle vrae wat in die Getuienis opgesluit lê en waaroor daar dringend besin sal moet word. As ons dit nie doen nie, is die moontlikheid nie uitgesluit nie dat ons deur die tempo van die veranderinge meegesleur en daardeur uiteindelik verswelg sal word. Ons sal moet vasstel - helder en duidelik moet vasstel - wat onderhandelbaar is en wat nie, wat verander kan en mag

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word en wat nie verander mag word nie. Konkreet en by die naam sal dit gedoen moet word. Kom ons help mekaar daarin. Ruimte vir hierdie soort gesamentlike en openlike besinning - dit is die bedoeling van die Getuienis."[31]

Dit blyk duidelik uit hierdie brief dat dialoog en besinning die hoofdoel van die *Getuienis* was. Dit moes die kerk en sy lidmate se aandag opnuut op die komplekse probleme van dié tyd vestig. Sonder om direk na *Ras, Volk en Nasie* te verwys is dit duidelik dat Heyns ook die skisofreniese onderskeid in die beleid en dié beleidstuk van die Ned. Geref. Kerk wou aanspreek - vandaar die belangrike vraag na die onderskeid tussen die "hoorbare belydenis van woorde en die sigbare gebeurtenis van die daad."

Die inhoud van hierdie brief is ook in *Die Transvaler* gepubliseer onder die opskrif: "Getuienis moet volk wakker skud."[32] In die berig word ook beklemtoon: "Die Getuienis wil waarlik niks anders wees en niks anders beoog as 'n stimulerende ruimte vir nadenke en besinning. Dit wil ons mense wakker roep om nie aan die slaap gevind te word as vyandelike magte hulle verskyning in ons midde maak nie. Dit is 'n poging om eerlik en opreg te vra na die gestalte van die kerk wat in diens staan, allereers van die konin-

kryk van God, maar wat ook die heil van alle mense van die land op die hart dra en by die volke in dié land nie in onverskilligheid wil verbygaan nie."[33]

Een van die ander ondertekenaars, prof AB du Toit skryf ook in *Die Kerkbode*: "Hierdie Getuienis is waarlik nie gebore uit 'n kritikasterige gesindheid teenoor die Ned. Geref. Kerk of enige ander kerk nie. Dit is gebore uit die diepe oortuiging dat die eise van die Woord van God en die benouende tydsgewrig waarin ons lewe, alle gelowiges in hierdie land, en daarom ook alle kerke, voor 'n groot en uiters dringe verantwoordelikheid plaas" en verder: "Wat ons van ganser harte bepleit en as noodsaaklik beskou, is dat ons almal met 'n nuwe indringendheid, omvattendheid en bereidheid tot selfkritiek na hierdie vraagstukke sal kyk: *Dringend* omdat die uurglas laer sak. *Omvattend* omdat hierdie saak nie net 'n verantwoordelikheid van sekere kerkleiers en sinodes is nie, maar van ons almal. *Bereid tot selfkritiek* omdat geen kerk of Christen ooit mag meen dat hy 'gearriveer' het nie."[34]

Du Toit beklemtoon voorts dat dit nie die ondertekenaars se doel was om pasklaar antwoorde en oplossings te gee nie, maar dat hulle eerder vanuit die riglyne van die Skrif en

in die lig van die behoeftes van die situasie 'n soort agenda wou opstel, vertrekpunte wou aandui - maar dan mag daar "onder geen omstandighede, daarvan is ons oortuig, met 'n blote agenda volstaan word nie."[35]

Hier was duidelik van 'n nuwe impuls sprake. Die ondertekenaars het deur middel van die *Getuienis* hulle poging aangewend om die Ned. Geref. Kerk uit sy doodloopstraat te bevry. Sonder om antwoorde te gee het hulle bloot vrae gestel, vrae wat die Ned. Geref. Kerk opnuut aan die dink moes sit, vrae wat tot hernude besinning en gesprek binne die Ned. Geref. Kerk sou lei. Hulle wou duidelik reaksie uitlok - en reaksie was daar! Hewige reaksie het gevolg, want hier was 'n *Getuienis* van agt van die Ned. Geref. Kerk se teoloë - en hulle getuienis het die "tradisionele beleid" van die Ned. Geref. Kerk bevraagteken.

Nieteenstaande hulle doelstellings wat duidelik uitgespel is, was hierdie oproep tot hervorming vir baie lidmate en kerkleiers 'n steen des aanstoots. In plaas dat gesprek gevoer is, is die grofgeskut van die Ned. Geref. Kerk nadergeroep om ook met hierdie poging korte mette te maak. Teen April 1981 sou "alles reeds weer stil wees."

### 4.2.4 Reaksie op die Getuienis

Die storm wat na die verskyning van die *Getuienis* losgebars het, was byna soortgelyk aan dié na *Cottesloe*. Hierin het die openbare media 'n groot rol gespeel en in byna al die dagblaaie het berigte verskyn onder opskrifte soos: "Keerpunt vir Kerk, of maar net nog 'n teologiese betoog";[36] "Vreugde en twyfel in NG kring";[37] "Agt dink suiwer sê hoë N.G. man";[38] "Die getuienis is 'n visarendjie vir ons mense";[39] "Getuienis moet volk wakker skud";[40] "Agt N.G. Teoloë diep besorg";[41] "Trap fyn by dié delikate sake, hoor NG teoloë"[42] en "Die getuienis geen teologie."[43]

Daar was duidelik 'n groot meningsverskil oor die *Getuienis*. Vir sommige was dit 'n lipunt terwyl ander dit skerp veroordeel het. Gaandeweg sou dié verskille in 'n volskaalse penne-stryd ontaard wat veral in die korrespondensiekolomme van *Die Kerkbode* gevoer is. Om hierdie reaksie in die regte perspektief te stel moet 'n onderskeid gemaak word tussen positiewe en negatiewe reaksie.

#### 4.2.4.1 Positiewe Reaksie op die Getuienis

Een van die eerste belangrike persone wat hom positief oor die *Getuienis* uitgespreek het was prof David Bosch van die Universiteit van Suid-Afrika.[44] Hy was van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mening dat hy homself geheel en al in die verklaring van die agt kon vind en hy "lees daarin 'n diepe onrus oor die relevansie van die NGK se bediening in die huidige tydsgewrig, kommer oor die onvermoë van kerkleiding om Bybelse riglyne aan te dui, kommer oor die feit dat NGK-lidmate ongebreideld voortgaan met krenkende opmerkings en optrede teenoor swart mense skynbaar sonder dat van die Kerk se kant iets daaraan gedoen word."[45] Hy het ook sy blydskap uitgespreek oor die feit dat die agt beklemtoon het dat die kerk steeds moes hervorm, en veral ook dat hulle gesê het dat die kerk 'n God-verheerlikende rol te speel het "saam met ander kerke."[46] Bosch was verder van mening dat: "as 'n mens 'n berg wil verwyder, moet jy klip vir klip wegdra. Hier was nou nog 'n klomp ouens wat 'n groot klip opgetel en weggedra het. Ons dank die Vader daarvoor. Die berg sou regtig beweeg indien 'n hele sinode hierdie getuienis sou onderskryf. Dit sou op ons Suid-Afrikaanse situasie die impak kan hê wat Barmen se belydenissinode in Hitler-Duitsland gehad het."[47]

Ds David Botha, moderator van die Ned. Geref. Sendingkerk was ook baie gelukkig oor die getuienis. Hy was van mening dat die sake wat aangeroer is, besonder

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

belangrik was, en dat die getuienis van die agt nie net die blanke Ned. Geref. Kerk nie, maar ook die Jongkerke aangespreek het.[48]

In *Rapport* van 16 November 1980 skryf Willem de Klerk onder die opskrif: "Dié getuienis is 'n 'visarendjie' vir ons mense"[49] dat die *Getuienis* 'n ernstige woord is aan "almal wat ore het om te hoor." Hy sê voorts dat dit "bly staan, swart op wit, as 'n woord wat 'n beroep doen op die Woord en vra om 'n antwoord" en verder: "In my eie taal het hulle die volgende gesê: Die kerk - en dit geld sekerlik vir alle kerke in Suid-Afrika - het in ons politiek onder meer vyf belangrike opdragte." En dan tipeer hy die opdragte as volg:

"* Die kerk moet hemel en aarde beweeg om versoening te bring in ons gespanne rassesituasie
* Die kerk moet skerp kyk na ons sosiale werklikheid deur die bril van die liefde en geregtigheid
* Die kerk moet binne sy kerke-familie vervreemding teenwerk sodat die moeder en dogter nie hul hand onnodig teen mekaar optel nie
* Die kerk erken volkereverskeidenheid, maar rassisme is 'n sonde
* Die kerk het 'n hervormingstaak, ook wat politieke orde en stelstels betref."[50]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy gaan verder deur te sê dat 'n mens in hierdie belydenis verskillende dinge kan lees. "Dis positief gestel, suiwer geformuleer, maar dis nie 'n stuk Christelike ideologie of dogmatiek nie. Dis 'n appél, 'n besorgdheid, 'n alarm wat alle kerke konfronteer"[51] en verder: "Dit het tyd geword dat die kerk sterker leiding gee in die uitdra en deurvoering van die vyf oproepe van die genoemde getuienis."[52]

De Klerk sluit sy artikel af met die volgende woorde: "Die getuienis van die teoloë is aan ons adres gerig. Landwyd - aansluitend by die kerklike herdenking van Luther se afranseling van die kerk van sy tyd - is hierdie verklaring 'n uitdaging aan elke kerk en elke lidmaat om van rekenskap te gee ...
Na 'n soort proeflees van dié artikel deur 'n dominee vriend, dra ek sy kommentaar oor: 'Jou woord is maar flou. Sê vir die mense hulle moet weer 'n slag die boek Jona lees!' Dieselfde dominee gee my toe 'n vreemde aanhaling - ook nie wyd bekend nie: N.P. van Wyk Louw het in 'n gedig die beeld gebruik van Christus - 'Hy, Visarendjie van God (het) in ons benoude vlees geval.' 'Miskien,' so sê die dominee, 'is die getuienis van die agt ook 'n visarendjie (met 'n kleinletter) vir ons

mense.'"[53]

Verdere belangrike positiewe reaksie het ook van ds Henno Cronje, direkteur van Inliging van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal gekom. Hy het gesê: "die landsomstandighede en bevolkingsvraagstukke vereis dat die kerk sy sosiale roeping betyds nakom. Anders bestaan die gevaar dat sy werk deur nie-Christelike of kwasi-Christelike liggame oorgeneem kan word." Hy het verder ernstig aandag vir die agt se verklaring gevra: "By niemand behoort twyfel te bestaan oor die opregte bedoeling by 'hierdie agt van ons beste teoloë' nie."[54]

Na mate die *Getuienis* wyer bekend geword het, het al meer predikante en lidmate hulle steun daaraan toegesê. Op 31 Desember 1980 verskyn daar in die korrespondensiekolom van *Die Kerkbode* 'n brief met die name van 'n aantal leraars wat die *Getuienis* onderskryf het. Hulle was: "Di Wilhelm van Deventer, Wessel Odendaal, Pine Pienaar, Floors Avenant, Freddie Marinkowitz, Almero Cloete, Koos Oosthuizen, Norman Burger, Wimpie Fourie, Johannes Schabbort, Hennie Pretorius, Schnettler de Witt, Piet Kamfer, Pieter van der Wezthuizen, Carel Olivier, Bennie Fourie, Deon Thom, Petrus Strydom en JG van der Watt."[55] Op 21

Januarie 1981 verskyn daar in dieselfde kolom 'n verdere brief van "Voormalige studente aan Die Kweekskool" waarin hulle as voormalige studente van die agt teoloë die agt vir die *Getuienis* bedank. Hulle doen ook 'n beroep op die "geagte professore" om hulle in die openbaar voor te gaan met grondige Bybeluitleg oor daardie konkrete sake wat hulle in gedagte gehad het. Die brief is onderteken deur: di Carel Anthonissen (Aasvoëlkop), HL Bosman (Pretoria), Johan Botha (Stellenbosch), Bertie du Plessis (Suidoos-Pretoria), Leon Fouche (Knysna), Pieter Fourie (Stellenbosch), Klippies Kritzinger (Pretoria), Jan Mostert (Warmbad), Johan Scott (Drie Riviere), AF van der Merwe (Malmesbury), PJ van der Walt (Vereeniging), AS van Dyk (UWK), Nestor van Niekerk (Malmesbury), mnr. Okkie Bosman (USKOR), dr. Ettienne de Villiers (Hugenote Kollege), JW Hofmeyr (Unisa), Bobby Loubser (Brakpan), Dirk Smit (UWK), drs. Johann Kinghorn (US), Louis Louw (Vereeniging), Johan Symington (Unisa), prop. Christo Lombard (UWK).[56]

Op 4 Februarie 1981 het 'n verdere sewetal predikante hulle instemming en waardering met die *Getuienis* betuig, en die hoop uitgespreek dat dit so wyd as moontlik sou uitkring. Hulle was EDC Bruwer, PGJ Meiring, WJC Cil-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

liers, FE O'B Geldenhuys, DJ Bosch, CL van W Scheepers en W Nicol.[57]

Dit was duidelik dat steun vir die *Getuienis* aan die toeneem was. Ook in die dagblaaie het briewe verskyn waarin lesers hulle steun aan die *Getuienis* toegesê het.[58] Selfs gemeentes het by wyse van kerkraadsbesluite hulle steun aan die *Getuienis* toegesê. So het die kerkraad van die gemeente Arconpark in Vereeniging die volgende oortuiging uitgespreek:

"1. Dat die diepe besorgdheid waarvan in die Getuienis sprake is, geensins onvanpas is nie, en dat ons as gelowiges in hierdie besorgdheid deel.

2. Dat ons 'n dringende beroep doen op die opstellers van hierdie Getuienis om ons langs kerklike weë verder voor te gaan in hierdie saak, wat ons van die grootste aktualiteit beskou selfs vir die voortbestaan van die Kerk van die Here hier in Suid-Afrika.

3. Dat waar die Getuienis verder uitgebou word, verdere uitsprake in die taal van die lidmaat van die kerk geskryf sal word en nie in teologiese taal nie, sodat elke lidmaat dit kan verstaan en werklik daaraan kan meewerk."[59]

Wat egter opvallend is, is dat die Ned. Geref. Kerk nêrens amptelik 'n woord ter ondersteuning van die *Getuienis* gerep het nie. Die ondersteuners daarvan was of individue of groepe individuele predikante of gemeen-meentes. Was dit 'n aanduiding dat die kerk nie geweet het hoe om die saak te hanteer nie, of kon hy homself nie met die inhoud vereenselwig nie? Wanneer die negatiewe reaksie op die *Getuienis* bestudeer word is dit duidelik dat laasgenoemde die geval was.

4.2.4.2 Negatiewe Reaksie op die Getuienis

Wanneer die negatiewe reaksie bestudeer word, word dit gou duidelik dat daar baie meer teenkanting teen hierdie gebeure was, as wat daar ondersteuning voor was. Predikante, lidmate, gemeentes, streeksinodes en *Die Kerkbode* het dié agt teoloë skerp veroordeel.

Van die eerste negatiewe reaksie het reeds op 7 November by monde van dr Dirk Fourie, Actuarius van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk gekom. Onder die opskrif: "Trap fyn by dié delikate sake, hoor NG teoloë" het dr Fourie die agt in *Beeld* betug.[60] Hy het ondermeer gesê: "Volkereverhoudinge is te delikaat en te ingewikkeld om allerlei swewende algemene raad oor te gee" en verder

"Sulke algemene getuienisse van professore raak nog kant nog wal." Dr Fourie het drie bedenkinge geopper: "Aan wie se adres is die Getuienis gerig? Waarom lewer ampsdraers van die NG Kerk nie hul getuienis deur middel van kerkvergaderings soos die kerkbeleid vereis nie?"[61] Hy het voorts gesê: "Betreffende die kwessie van versoening: Die NG Kerk beoefen naasteliefde teenoor sy Jongkerke en kerke met wie hy ekumeniese betrekkinge het, maar hoe moet ons by al die ander bevolkingsgroepe uitkom?
Waar moet ons begin? By Swapo? By die Broederkring? By die aktiviste?
Oor die agt se kommer oor die 'skynbare onvermoë van die georganiseerde Kerk om die owerheid en samelewing van geestelike leiding te bedien ten opsigte van die beloftes en eise van Gods Koninkryk met betrekking tot die sosiale werklikheid': Ons lewer nie lopende kommentaar op politieke gebeurtenisse nie. Die NG Kerk tree net op wanneer hy oortuig is dat hy sy getuienis moet lewer ten 'opsigte van spesifieke Skrifbeginsels wat in die spel kom.'
Oor die 'sogenaamde kerklike eenheid': Die meeste van die broers wat die Getuienis onderteken het, was voorstaanders van groter georganiseerde kerkeenheid toe dit op die laaste Algemene Sinode ter tafel was. Ons Algemene Sinode het dit in geen onsekere terme verwerp 'omdat die

NG Kerk sy eie identiteit en selfregering wil behou.'"[62]

Hierdie venynige relaas van dr Fourie sou die weg aandui waarlangs baie op die *Getuienis* sou reageer. Daar was duidelik by diegene wat nie met die inhoud saamgestem het nie geen behoefte tot gesprek en besinning nie. Hulle het voor die voet aangeval, want hierdie stem moes ten alle koste stilgemaak word.

So skryf WR Laubscher van Rawsonville byvoorbeeld in *Die Kerkbode* van 4 Februarie 1981: "Hierdie professore tree na vore as 'n drukgroep en hulle hele skrywe verteenwoordig 'n aftakeling van ons geïnstitusionaliseerde kerk omdat hy nie sy Godgegewe roeping van versoening vervul nie, omdat hy nie die owerheid met geestelike leiding bedien nie en omdat hy nie frontvorming tussen Christene bekamp nie" en verder "Dit val op dat die professore aanval en aftakel maar nie presies uitspel wat hulle wil hê nie. Hulle getuienis is in orakeltaal geklee." Hy sê voorts: "Die propagandistiese groepe bluf niemand nie. Hulle is voorstaanders van kerkintegrasie. En hierdie beleid wil hulle in ons kele afdruk. Dit is duidelik dat die professore 'n gemengde NG Kerk wil hê. Hulle wil 'n Katolieke kerk hê. Die

volkskerke van die Hervorming moet blykbaar verdwyn. Moet die volkstaal ook eindelik verdwyn omdat die anderskleuriges wat die gemengde erediens moet bywoon nie van die taal van die 'politieke verdrukker' hou nie?"[63] Talle briewe in dieselfde trant het verskyn.

Op 11 Maart 1981 het 'n aantal leraaars van Klerksdorp 'n "Broederlike woord aan die 'Getuies'" gerig.[64] Dit was 'n duidelike woord van waarskuwing waarin hulle ondermeer hulle ontsteltenis en vrese na aanleiding van die *Getuienis* geopper het. Die predikante wat dit onderteken het was: HJ van Niekerk, HC van Rooyen, NE Laubscher, CJ Theron, HCG Robbertze, JJ Wessels, G Deysel, APC Duvenhage JPJ Smit, J van Heerden, JC Scholtz, JM Wolmarans, WJ van Beek, PA Crous en PF de Jager.[65]

Die mees venynigste reaksie het by monde van prof dr AD Pont, hoogleraar in Kerkgeskiedenis aan die Teologiese Fakulteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk, gekom.

Onder die opskrif "Die getuienis geen teologie"[66] skryf hy dat die agt teoloë die *Getuienis* seker so na as moontlik aan 31 Oktober die lig laat sien het om: "bietjie ekstra vaart en geloofwaardigheid" aan die *Getuienis* te

gee. "Dit was seker nodig want hierdie getuienis bied, teologies gesproke, bitter min wat op die vlak van die teologie hervormend kan funksioneer." Hy vervolg: "Word daar gelet op die Stellenbosse getuienis, dan word dit duidelik dat dit nie veel meer is nie, as 'n soort kerklik-godsdienstige verklaring van 'n klompie linkse Afrikaners wat dit hulle ideaal gemaak het om die Kleurling in te trek in die Blanke gemeenskap en om die Kleurling politieke regte in die Blanke gemeenskap te gee" en verder "Is die Stellenbosse getuienis werklik 'n hervormingsgetuienis? Die antwoord is negatief. Dit is nie juis 'n pleidooi vir hervorming nie, maar veel eerder 'n pleitrede vir 'n ou dwaling." Hierdie dwaling word dan getipeer as *integrasie* wat op sy beurt weer verband hou met liberalisme, sosialisme en kommunisme.[67] Dit was duidelik dat Pont van die veronderstelling uitgegaan het dat alles wat teen apartheid en rassisme was, liberaal en kommunisties moes wees. Alhoewel hy nie lidmaat van die Ned. Geref. Kerk was nie, toon hierdie radikale en verdraaide siening van die *Getuienis* duidelik aan wat die gevoel van die ver-regse Afrikaner was. Wie bevooroordeeld en met 'n politieke bril na die *Getuienis* gekyk het kon nie anders reageer nie. Of die Woord in hierdie standpunt enigsins 'n rol gespeel het, is 'n ope vraag.

In *Die Kerkbode* van 19 November het die redakteur op 'n veel gematiger wyse kritiek teen die *Getuienis* gelewer. Die blad het gemeld dat daar in die *Getuienis* 'n paar dinge gesê word waarmee hy homself ten volle kan vereenselwig,[68] en vervolg dan: "Daar is ongelukkig verskynsels in die kerklike en burgerlike lewe in ons land wat hervorm moet word en in dié opsig deel ons die broers se kommer. Maar dan moet ons daarby sê dat lidmate van die Christelike kerke in Suid-Afrika wat nie die kommer deel nie en wat hulle vereenselwig of behae skep in die ongelukkige verskynsels wat in die 'Getuienis' genoem word, nie die ware gees van die kerke verteenwoordig nie" en verder: "die kerke moet dan ook nie aan diesulkes se optrede gemeet word nie."[69]

Die redakteur het vervolg deur te sê dat die dinge waarvoor die *Getuienis* aandag vra wel aandag kry in korrespondensie kolomme, op kerkvergaderings en kerklike konferensies. "Wat ons hiermee wil sê, is dat die 'Getuienis' niks nuut sê nie - eintlik net die sake weer aan die orde stel waaroor veel gedink, gepraat en geskryf word."[70] Dit is beklemtoon dat die Ned. Geref. Kerk ook op ekumeniese gebied veel doen. Implesiet is prof JA

Heyns ook oor die vingers getik wanneer die redakteur vervolg: "Een van die ondertekenaars van die 'Getuienis' is trouens self lid van die betrokke kommissie en hy weet dus dat daar inderdaad 'besin en biddend gestreef' word na oplossings van probleme op kerklike en ander verhoudingsterreine."[71]

Verdere kritiek is uitgespreek teen die feit dat die ondertekenaars nie duidelik uitspel wat hulle presies beoog en hoe hulle presies meen die kerkleiding te werk moet gaan nie. Die berig is afgesluit deur die volgende samevatting: "ons neem kennis van die 'Getuienis'. Ons wonder oor wat die broeders konkreet voorstel. Ons verklaar dat dit 'n wanbeeld van ons Kerk is as die indruk geskep word dat ons Kerk nie besig is om self sy getuienis te lewer nie."[72]

Hieruit was dit duidelik dat die Ned. Geref. Kerk tevrede was met die huidige situasie. Binne die ekumeniese bande wat nog bestaan het, het die kerk wel "iets" gedoen. Die feit dat "een van die ondertekenaars" lid van die betrokke kommissie was bevestig juis die feit dat die "iets" nie genoeg was nie, dat dit vir baie 'n bron van groot kommer en frustrasie begin word het. As alles so

goed gevlot het soos wat *Die Kerkbode* wou voorgee het Heyns waarskynlik uit frustrasie en 'n groot mate van ongenoegdoening wel die *Getuienis* onderteken.

'n Verder punt van kritiek wat geopper is, was die feit dat die agt hul getuienis nie op die erkende kerklike vergaderings laat hoorhet nie. So was ds Henno Cronje van mening dat die *Getuienis* beslis groter trefkrag sou gehad het as die beswaardes dit liewer op die erkende kerklike vergaderings geopper het. "Gesamentlike verklarings het om die een of ander rede by die meeste mense verdag geraak."[73] Ds Lafras Moolman, Direkteur van Inligting van die Ned. Geref. Kerk in Wes-Kaapland het ook langs hierdie weg beswaar gemaak. Terwyl hy van mening was dat die *Getuienis* in meer verstaanbare taal opgestel moes wees, was dit nog 'n saak wat in sinodale vergaderings bespreek moes word nadat bestaande studiekommissies vooraf daaroor besin het."[74]

Die Kuratorium van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria het hom ook geskaar by hierdie stroom van kritiek. Na afloop van 'n Kuratoriumvergadering op 19 November 1980 waarop die *Getuienis* bespreek is, is die volgende brief aan die Raad van Dosente

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gestuur:

"Liewe Broeders

Op die vergadering van die Kuratorium gehou op 19 November 1980 het die Getuienis 31 Oktober 1980 voor die vergadering gedien.

Die vergadering het van die skrywe kennis geneem en na indringende bespreking is die volgende besluit geneem:

Die Kuratorium is dit roerend eens dat die Kerk voortdurend moet reformeer en tans ook in baie opsigte moet reformeer.

Die Kuratorium wil die teologiese dosente op wie dit van toepassing mag wees aan die Universiteit van Pretoria (Afdeling B) egter broederlik versoek om:

1. nie openbare verklaringe ('getuienisse') te maak wat wantroue in die geïstitueerde Kerk insinueer en die kerklike besluite en handelinge in 'n swak lig stel nie.

2. Nie sodanige verklaringe op 'n georganiseerde wyse te doen sodat dit die skyn gee van besluitneming buite regmatige kerkvergaderinge om nie. Selfs al staan dit nie direk teenoor kerklike besluite nie, laat dit tog vrae ontstaan waarom juis hierdie weg (en nie die ordelike kerklike weg) gevolg word en dit boonop aan Hervormingsdag koppel.

Hiermee wens ons die besluit van die Kuratorium onder u vriendelike aandag te bring.

U broeder in Christus

GJC Venter

Skriba Kuratorium"[75]

Dit was duidelik dat die negatiewe kritiek teen die *Getuienis* uit baie oorde venynig en aanvallend was. Hierdie ongevraagde vyandigheid het hoofsaaklik daartoe gelei dat 'n grootskaalse storm losgebars het.

### 4.2.5 'n Grootskaalse Storm bars los

Gaandeweg het die storm wat rondom die *Getuienis* losgebars het, in omvang gegroei. Die feit dat verskillende groepe predikante en gemeentes dit gesteun en verwerp het, het duidelik tot grootskaalse polarisasie gelei. Die erns van die situasie is verder beklemtoon deur 'n dringende oproep uit die kantoor van die Algemene Sinode wat in *Die Kerkbode* van 4 Februarie 1981 verskyn het. In die verklaring is gesê dat die Ned. Geref. Kerk van die volksplanting af 'n geseënde kerk was en dan word vervolg:

> "Ons erken God se hand oor ons land en ons mag ons verantwoordelikheid ten opsigte van al ons lidmate nie ontduik nie.
> Ons staan in die verbintenis om ons voorregte tot nut en saligheid van ons eie en van alle mense veral in die RSA aan te wend.

Ons durf nie toelaat dat hierdie verantwoordelikheid ons ontneem word of dat broederstryd, polarisasie, groepvorming, etikettering, toedigting van motiewe e.d.m. die gebod van ons Here - dat ons mekaar moet liefhê soos Hy ons liefgehad het - enigsins in gedrang kom nie.

Ons moet waak teen emosionele oor-reaksie om soos fluitjiesriet deur elke verklarinkie drasties beweeg te word.

Ons moet ons geestelike volwassenheid bewys met ons bereidheid tot 'n onbevooroordeelde voortgang van dialoog as gelowiges, en met ons bereidheid en moed om die leiding van die Heilige Gees prakties te volg.

Ons moet met passende lojaliteit ter wille van die Here van die Kerk nie die eenheid van Sy kerk skaad deur enige gesindheid, handeling of gebaar nie. Ons as lidmate van die NG Kerk behoort met groot beheersdheid so op te tree dat die wese en verantwoordelikheid van die kerk geen skade berokken word nie, maar positief uitgebou word.

Ons is op mekaar as God se verloste kinders aangewys. Laat die taal en daad van Nehemia dié van ons almal wees.

'Ons, Sy knegte, sal ons klaarmaak en bou. Die God van die hemel sal ons dit laat geluk.'

Die Breë Moderatuur het kennis geneem van die onlangse verklarings en mededelings in die openbare pers waarin die kerkleiding ter sprake gebring is. Dit sal die aandag van die Breë Moderatuur by sy volgende vergadering geniet.

(Dr. P. Rossouw, Hoof-Uitvoerende Amptenaar van Algemene Sinode doen die oproep waarmee die Dagbestuur van die Breë Moderatuur hom vereenselwig.)"[76]

Kort op die hakke van hierdie oproep het 'n "Verklaring van die Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal insake Kerke en Volkereverhoudinge op 17 Februarie 1981" gevolg.[77] Dit het soos volg gelui:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Na aanleiding van verklarings en korrespondensie in die openbare pers t.o.v. Kerke- en Volkereverhoudinge reik die Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal die volgende verklaring uit:

1. KOERS: Daar is duidelike koers deur die Algemene Sinode aangedui t.o.v. verskeidenheid, eenheid en verhoudinge. Dié koers word in hierdie sinodale gebied gevolg, sonder om op volmaaktheid aanspraak te maak.

2. VEROOTMOEDIGING: In hierdie sinodale gebied het al meermale 'n oproep tot gelyktydige verootmoediging in die nood van die tydsituasie en óók oor kerklike onvolkomendheid uitgegaan. Dit geld ook i.v.m. die onderhawige kerklike besluite.

3. KERKLIKE LEIDING: In hierdie sinodale gebied word slegs leiding van *kerkvergaderings* aanvaar en deur *kerkvergaderings* gegee (onder leiding van die Heilige Gees). Die Sinodale Kommissie eerbiedig Sinodale besluite en wil daarom aanspoor tot die uitvoering van kerklike besluite. Dit word hier onder meer gedoen.

4. GEHOORSAAMHEID AAN SINODALE BESLUITE: Christus regeer Sy kerk ook deur middel van Sy ampsdraers in hul vergaderinge. Daarom, al is die besluit onvolmaak, is dit tog die verantwoordelikheid van 'n ordelike kerk om hom daaraan te hou of langs die ordelike weg te laat verander.

Vertikale en horisontale versoening en geregtigheid word wel verkondig, met konsekwensies vir die Koninkryk in die algemeen. Goeie verhoudinge word beslis deur prediking, kategese en gesprekke bevorder. Die barmhartigheidsbesluit van die Algemene Sinode(Ras, Volk en Nasie, bl. 69) word op verskillende maniere uitgevoer.

Kerkrade en lidmate is al uitdruklik deur die sinodale kommissie gevra om noukeurig aandag aan verhoudingsbesluite te gee en doen dit weer (Ras, Volk en Nasie bl. 86 en Acta 1974 bl. 927, 981. Acta 1974 bl. 643, 645, 274 pt. 1.4., Acta 1978 bl. 976). 'n Opsomming hiervan vind u in Die Kerkbode van 24 September 1980. Die sinodale kommissie wys met instemming ook na die redaksionele artikel in Die Kerkbode van 19 November 1980.

> 5. AANTYGINGS: By die lig van wat hierbo vermeld is, word die volgende aantyging in die pers as onverantwoordelik ter syde gestel: 'Die kerk is innerlik verlam en blykbaar nie in staat om leiding te gee nie' en stuur op 'n 'pad van isolasie' af.
> 6. GROEPSVORMING EN VERKLARINGE: Ampsdraers en lidmate in die sinodale gebied word versoek om nie die kerklike gemeenskap verder te vertroebel met vorming van groepe en verklaringe wat die kerkregtelike toets nie kan deurstaan nie en twyfel in die getuieniskrag en besluite van die kerk wek.
> Ampsdraers en lidmate word ook gevra om die koers wat deur die sinodes (volgens die Woord) aangegee word, getrou te volg en hulle nie te laat verwar deur allerlei verklaringe nie.
> 7. VOORBIDDING: Gemeentes word weereens opgeroep om voorbidding te doen vir vrede en bestendigheid binne en buite die kerk, vir uitbouing van alle goeie verhoudige, vir besondere wysheid aan die hoë owerheid, vir helderheid en moed om ordelik volgens die wil van God te reformeer."[78]

In dieselfde uitgawe van *Die Kerkbode* is ook 'n verklaring van die Sinodale Kommissie van Suid-Transvaal gepubliseer.[79] Hierdie verklaring het grootliks met die van Wes-Transvaal ooreengstem en het soos volg gelui:

> "1. Ons glo dat die beleid van ons NG Kerk, naamlik dat afsonderlike selfstandige kerke vir verkillende bevolkingsgroepe tot stand gebring word 'sodat elkeen in sy eie taal die groot dade van God kan hoor en verkondig', in beginsel Skriftuurlik gegrond is. Dit het in die praktyk geseënde vrugte gedra en daar is geen gegronde rede om hierdie beleid te wysig nie.
> 2. Ons aanvaar dat alle gelowiges in Christus één is (Gal. 3:28). Dit is die kerk as instituut en elke lidmaat se plig om die liefde en barmhartigheid in die eerste plek teen-

oor alle huisgenote van die geloof te betoon in amptelike samesprekings, gesamentlike kerklike ondernemings, gesindheid, gesprekke en die onderlinge opbouing in die allerheiligste geloof. Met dankbaarheid kan gemeld word dat sulke amptelike samesprekings o.a. gereeld met die dogter NG Kerke - die NG Kerk in Afrika, die Ned Geref Sendingkerk en die Reformed Church in Afrika - plaasvind en dat dit die afgelope paar jaar in omvang en diepte toegeneem het.

3. Ons staan afwysend teenoor elke vorm van druk wat 'n strukturele eenheid van kerke wil bewerkstellig waarin 'n kerkvergadering bindende besluite neem wat 'inbreuk op die outonomie van selfstandige sinodes impliseer' (Besluit van Algemene Sinode 1978).

4. Die aantygings dat die NG Kerk innerlik verlam sou wees en oënskynlik nie in staat is om in die teenswoordige situasie leiding te gee nie is onbroederlik en onverantwoord. Sodanige bewerings word weerlê deur die feite dat die Woordverkondiging steeds in die openbaar en in die huise weerklink; dat kerkvergaderings prinsipiële besluite oor gemeenskaplike sake geneem het wat in baie gevalle uitgevoer is; dat die geestelike werk op die verskillende akkers voortgaan, en dat studie en beplanning steeds ernstige aandag geniet.

5. Die druk op ampsdraers om 'nie te swyg nie' maar lopende kommentaar oor politieke aangeleenthede te lewer, is onvanpas, aangesien die NG Kerk uit beginsel geen politiek bedryf nie.

Mense van verskillende politieke oortuigings moet met die Evangelie bedien word en sodanige politieke kommentaar van kerklike kant is in die reël nie bevorderlik vir die voortgang van die Evangelie nie. Steeds moet ons onthou dat die koninkryk van ons Meester nie van hierdie wêreld is nie (Joh. 18:36). Die opmerking dat 'die NG Kerk die regering kan lig' vind ons dus uiters vreemd en dit getuig van 'n onbybelse begrip van wat die kerk is en wat sy roeping is.

6. Die verwyt dat die NG Kerk ekumenies in isolasie is, weerspieël nie liefde en lojaliteit teenoor ons Kerk in 'n moeilike tydvak nie. Sommige kerke en regerings van hierdie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> wêreld, veral onder die druk van die humanisme, liberalisme en kommunisme, probeer om die hele RSA met al sy samelewingsverbande in isolasie te plaas. Ons verwerp 'n kerklike ekumene wat nie gegrond is in die waarheid en die gesag van die Bybel, die onbetwisbare koningskap van Christus en die liefde en respek vir medegelowiges nie.
>
> 7. Met die aanklag dat die kerk 'n skynbare onvermoë het om sy roeping van versoening tussen die verskillende bevolkingsgroepe in ons land vervul, word uit die oog verloor dat die primêre taak van die kerk is om versoening tussen God en mens deur Christus te verkondig (2 Kor. 5:19 - 20). Die kerk se bediening is eerstens gerig op die bediening van sy eie lidmate en evangelieverkondiging na buite. Die Kerk het egter nie amptelik toegang tot ander bevolkingsgroepe in hul geheel nie. Die kerk lewer wel openbare getuienis oor die toepassing van Bybelse beginsels, maar is ook bewus daarvan dat daar revolusionêre magte onder al die bevolkingsgroepe is wat die NG Kerk en sy boodskap doelbewus aftakel.
>
> 8. Die Sinodale Kommissie doen 'n ernstige beroep op ampsdraers en lidmate dat ons in hierdie veelbewoë tyd ons vertroue op God stel, lojaal aan ons NG Kerk bly, reformeer waar nodig en ons roeping volgens die Skrif volvoer, ondanks teenstand en stryd.
>
> Deur die eeue heen het die Heilige Gees ons Kerk deur die Woord in kerkvergaderings gelei en daarom moet ons ons in geen opsig laat verwar deur afwykende standpunte nie."[80]

Hieruit was dit duidelik dat die "amptelike" stemme in die Ned. Geref. Kerk hulle nou aangesluit het by die koor van kritiek teen die *Getuienis*. Dit was nou reeds duidelik: die Ned. Geref. Kerk was nog nie bereid om oor die sake wat in die *Getuienis* geopper is in gesprek te tree nie. *Ras, Volk en Nasie* was immers die amptelike beleidstuk en dit

wat nie daarmee ooreengestem het nie is summier veroordeel.

Hierdie stelling word bevestig deur 'n verklaring van die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk wat kort na sy vergadering van 10 - 11 Maart 1981 uitgereik is. Dit het soos volg gelui:

> "Ons loof God as die goeie Gewer van elke gawe en herinner met erns dat elkeen rekenskap sal gee oor die hantering van voorregte.
> Dit is nodig om weer te wys op die vaste fondament van die Heilige Skrif, die riglyne van ons belydenisskrifte en die leiding van die Heilige Gees waarop en waarvolgens met nederige ootmoed en moed voortgebou moet word.
> Meer toegewyde aandag word gevra vir die verlossingsdoel van Jesus Christus dat elke verloste al sy gawes tot nut en saligheid van andere met blymoedigheid moet aanwend.
> Alle optredes (gesindheid en verklarings) wat met kwade, nalatige of ondeurdagte bedoelings die Kerk as Moeder van die gelowiges aangetas, goeie orde, onderlinge vertroue en gepaste kerklike verhoudinge versteur het, word met vermaning betreur.
> Alle positiewe optredes word waardeer. Ons Kerk het verder beleidsbesluite wat die koers van ordelike openheid en gemeenskaplike besinning duidelik stel sodat daar nie rede vir onsekerheid en verwarring hoef te bestaan nie en die pad van die NG Kerk in die RSA met vertroue bewandel kan word, want die NG Kerk wil slegs middel in God se hand vir sy doel wees.
> Aan alle gelowiges veral in Mosambiek, Zimbabwe, Angola, SWA en die vloedgeteisterde gebiede word die versekering van voorbidding, warme belangstelling gegee en 'n handreiking van bemoediging bied.
> 'n Dringende oproep word op alle lidmate, ouderlinge en diakens, leraars en teologiese fakulteite (dosente en studente) gedoen om te alle tye (ook tydens die komende algemene verkiesing) met Christelike leiding, grote be-

> heersdheid, versigtigheid en volgehoue voorbidding elk sy eie verantwoordelikheid so te vervul dat onse God vereer word en die naasteliefde so triomfeer dat die versoenende en vernuwende evangelie met duidelike oortuigingskrag sal spreek."[81]

Die spanning is verder verhoog deur 'n brief wat deur 86 BD III studente aan die Teologiese Fakultueit te Pretoria op 20 Maart 1981 in *Beeld* gepubliseer is. Hierin het hulle die integriteit van die betrokke dosente bo verdenking geplaas.

> "Deon kitching, Harold Hutton, Schalk Pienaar, Johann Venter en Frik Smit, 'n klaskomitee, BD III-klas, Teologiese Fakulteit, afdeling NG Kerk, Universiteit van Pretoria, skryf:
> Dit is met 'n groeiende gevoel van onrus, verbasing en selfs teleurstelling dat ons die huidige polemiek rondom 'Die Getuienis' van die agt teoloë volg. Die skrywers van hierdie brief, as studente van die Teologiese Fakulteit, afdeling Ned. Geref. Kerk van die Universiteit van Pretoria, voel veral diep verontrus oor die skerper wordende aanval op die 'integriteit' van die professore wat 'Die Getuienis' onderteken het.
> Hier verwys ons na proff. J.A. Heyns (dogmatiek); F.A. Borchardt (algemene kerkgeskiedenis); A.B. du Toit (Nuwe Testament). Die ander professore is verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch, en is dus uit die aard van omstandighede nie aan ons bekend nie. In Die Kerkbode (lees maar bv. die brief van W.R. Laubscher van Rawsonville - Kerkbode 4.02.1981) en in Die Voorligter, asook in die dagblaaie, word briewe geplaas wat duidelik 'n aantasting van die integriteit van die drie genoemde professore is. Die indruk word gewek dat hierdie teoloë voorgee om behoudende kerkmanne te wees. Terwyl hulle dan net mooi teenoorgesteld sou optree.
> Die volgende verwyte word hulle toegeslinger (sommige skriftelik, ander mondelings - selfs

van die kansel tydens preke!):

1. Hulle is voorstanders van die God - is - dood - teologie.

2. Hulle maak hulle skuldig aan teologiese horisontalisme.

3. Hulle bepleit totale integrasie sonder voorbehoud.

4. Baie briefskrywers voel klaarblyklik ook bekommerd oor hulle opvoedingstaak m.b.t. die teologiese studente, aangesien die professore hul sg. negatiewe invloede op ons sal oorplant by wyse van indoktrinasie tydens lesings, besprekings en gesprekke.

ONGEGROND

As studente wat drie jaar lank intens gemoeid was, en nog steeds is, met hierdie drie dosente, voel ons dat hierdie aantygings ongegrond, totaal onwaar en beledigend is t.o.v. die integriteit van genoemde dosente. As teologiese studente wat 'n sterk Calvinisties-gereformeerde standpunt handhaaf; wat ons hele lewe bou op die onfeilbare Woord van God en die Belydenisskrifte van ons geliefde Ned. Geref. Kerk, is ons oortuig dat hierdie drie professore se integriteit absoluut bo verdenking staan, en wel om die volgende redes:

1. In hulle wetenskaplike arbeid handhaaf hulle voortdurend 'n suiwer Bybelse standpunt. Menigmaal staan ons verstom voor hulle heldere beredeneringe en deeglik gemotiveerde uitsprake. 'n Mens kan in hulle lesings, in hulle gebede in die klas, in hul gesprekke vóór en ná die klas, hulle nederige afhanklikheid van die Heilige Gees raaksien!

2. In hulle optrede jeens ons as studente word 'n gebalanseerde verhouding gehandhaaf en nog nooit het ons die gevoel gekry dat hulle besig is om ons te indoktrineer nie.

3. Graag wil ons bevestig dat die wyse waarop hulle leer en lewe kombineer, nog altyd vir ons 'n navolgenswaardige voorbeeld was.

4. Nog nooit het hulle enigsins die onfeilbaarheid van die Woord van God bevraagteken nie. Hulle uitsprake was altyd ooreenkomstig die Belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk.

5. In die lig van bg. is dit kristalduidelik dat: hulle ons nooit probeer indoktrineer het nie; dat hulle nie God - is - dood - teoloë is nie en ook nie 'n teologiese horisonta-

lisme voorstaan nie. M.a.w. hulle integriteit is totaal bo verdenking.

**REFLEKSIE**

Dit is ook vir ons 'n diepe teleurstelling dat hierdie briefskrywers 'n direkte refleksie werp op ons as teologiese studente se vermoë om te onderskei tussen Bybelse Waarhede en menslike indoktrinasie. As toekomstige verantwoordelike bedienaars van die Goddelike woord oefen ons onsself nou al in positiewe kritiese denke en beskou ons dit as 'n belediging wanneer daar gepraat word van indoktrinasie van dosente se kant af.

Verder bepaal Artikel 5.3 van die Ned. Geref. Kerk se kerkorde: 'Die sorg vir, asook die beheer en toesig oor die opleiding van evangeliebedienaars word deur n kuratorium behartig.' Indien enige van hierdie besware jeens die integriteit van die mense gegrond was, sou die vinger van beskuldiging na die kuratorium gewys moet word, omdat hulle verantwoordelik is vir bogenoemde sake (Artikel 5.3). By implikasie trek hierdie briefskrywers die vermoë van die kuratorium in twyfel, aangesien hulle dan:

1. Dosente met duistere motiewe sou aanstel.
2. Nie in staat is om toesig te hou oor die opleiding van die teologiese studente nie.

Hierdie belydenis kan enige dag t.o.v. enige van ons dosente aan die Teologiese Fakulteit, afdeling Ned. Geref. Kerk van Pretoria, deur ons as studente gelewer word. Omdat hierdie drie professore nou in die brandpunt van kritiek staan wil ons dit met graagte m.b.t. hulle situasie lewer.

**SPONTAAN**

Hierdie skrywe is nie 'n ondersteuning of 'n weerspreking t.o.v. die inhoud van 'Die Getuienis' nie, maar gaan om die integriteit van die genoemde professore. Mag hierdie dringende gevoel, wat spontaan onder ons as teologiese studente van die BDIII-klas ontstaan het, ernstig ter harte geneem word deur diegene wat erns maak met hulle roeping voor God.

Tydens 'n klasvergadering op 9 Maart 1981 het 86 persone uit 'n klas van 93 besluit dat hierdie standpunt uitdrukking gee aan hulle gevoelens en het hulle óók die hele brief soos

> hier opgeteken, aanvaar. Ses studente het teen die skrywe van die brief gestem en een het buite stemming gebly. Die stemming is op demokratiese wyse gehou."[82]

Uit hierdie brief was dit duidelik dat die oorgrote meerderheid van die studente die standpunt en optrede van die dosente gesteun het. Hierdie brief het egter tot groot ontevredenheid by die Ned. Geref. Kerkleiding gelei. Dit was waarvoor hulle "gevrees" het. Die invloed en standpunt van die *Getuienis* het nou by die bron van teologiese opleiding in die Ned. Geref. Kerk in Transvaal inslag gevind. Heyns beklemtoon dat dit vir die ondertekenaars aan die anderkant 'n riem onder die hart was dat jong teoloë hulle instemming met die *Getuienis* betuig het. Dit het beklemtoon dat die tyd vir 'n verandering in die denke van die Ned. Geref. Kerk aangebreek het.[83] Wat die kerkleiding betref moes iets drasties gedoen word om hierdie toedrag van sake te beëindig.

4.2.6 Die Afloop

Die felheid van die storm het die Ned. Geref. Kerk genoodsaak om iets te doen. Die wyse waarop lidmate, predikante en sinodale kommisssies tot die stryd toegetree het, was nie alleen die kerk nie waardig nie, maar is boonop deur die media uitgebuit, en het die kerk onbereken-

bare skade berokken.

Dit was veral in Transvaal waar daar groot probleme was.[84] Die direkte gevolg hiervan was dat 'n vertroulike byeenkoms van alle Transvaalse predikante op Maandag 23 Maart 1981 by Hartebeespoortdam naby Brits gehou is. Die *Transvaler* het op 21 Maart 1981 as volg daaroor berig:

"Predikante van die NG Kerk in die hele Transvaal kom Maandag byeen om onduidelikhede en verwarring in eie geledere te probeer uitstryk en versoening tussen die verskillende faksies onder teoloë te probeer bewerkstellig.
Dit is 'n vertroulike en geslote geleentheid op 'n terrein by Hartebeespoortdam" en verder "Die byeenkoms volg op voortgesette woelinge in die Kerk ná 'Die Getuienis' van agt teoloë verlede jaar op Hervormingsdag. Na verneem word is die bedoeling onder meer om predikante te oorreed om van amptelike kanale vir meningstellings gebruik te maak sodat daar weer uit een mond gepraat kan word!"[85]

Die tema van die byeenkoms was: "Die uitdagings en rol van die predikant in die hedendaagse samelewing."[86] Alhoewel die byeenkoms geslote was en geen persverklaring na die tyd uitgereik is nie, het inligting tog na die pers uitgelek. *Die Burger* berig op 25 Maart 1981 onder die opskrif "Agt se

Getuienis loop deur in Transvaal"[87] dat talle sprekers die agt op broederlike wyse tereg gewys het.

Dr Dirk Fourie, voorsitter van die Suid-Transvaalse Sinodale Kommissie het gesê: "die Getuienis van die agt het nêrens enige Skriftuurlike grondslag nie, en die naam van Jesus Christus kom nie daarin voor nie." Hy het voortgegaan deur te sê dat die kerk geen taak het "ten opsigte van versoening sover dit volksgroepe betref nie. Byvoorbeeld, as 'n klomp swartes in Rustenburg klippe gooi, het die kerk niks daarmee te doen nie, behalwe om die polisie wat rus en vrede moet bewaar by te staan."[88] Hy het die agt teoloë verder gevra om die *Getuienis* te repudieer.

Dr DD Rosslee, voorsitter van die Wes-Transvaalse Sinodale Kommissie, het gesê die kerk se taak ten opsigte van die samelewing is net onregstreeks van aard,[89] terwyl ds Nico Mostert, voorsitter van die Oos-Transvaalse Sinodale Kommissie 'n skerp aanval op die pers gedoen het. Hy het gesê: "Die pers is die mees ondemokratiese instelling in die land en die vyand van die Kerk. Persmanne word aangestel en nie gekies nie en is aan niemand verantwoordelik nie."[90]

Hierdie uitlatings van kerkleiers toon duidelik aan op watter vlak teologie op daardie stadium deur die kerkleiding bedryf is. Dit is ook duidelik een van die vernaamste redes waarom die *Getuienis* soveel steun van teoloë ontvang het. Tydens die byeenkoms het die sowat 540 predikante wat dit bygewoon het, Heyns minute lank toegejuig nadat hy die *Getuienis* verdedig het en geweier het om dit terug te trek.[91]

Prof Heyns moes ondermeer kwaai wal gooi teen wat hy die onregverdige verdagmakery van die *Getuienis* genoem het. Hy het gesê: "Sommige mense sê die Getuienis is kommunisties en ateïsties. Die Getuienis is egter gebore in die harte van mense wat die kerk van Jesus Christus liefhet en wat die Bybel onvoorwaardelik aanvaar. Dit is die credo van mense met integriteit." Hy het sy kommer oor die verwydering tussen kerke in Suid-Afrika uitgespreek en gesê die ganse kerk moet tot besinning geroep word. Hy het voortgegaan deur te beklemtoon dat die *Getuienis* nie teruggetrek kan word nie, anders sou die besluite van die Algemene Sinode ook gerepudieer moes word. Hy het verder gesê dat dit nodig is dat die hele kerk die hand in eie boesem steek en terugkeer na die Bybel. Hy het beklemtoon dat die ondertekenaars net reg en geregtigheid in Suid-Afrika wil hê en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie integrasie bepleit nie.[92]

Op Woensdag 1 April 1981 het *Die Kerkbode* berig: "Die byeenkoms van Transvaalse predikante verlede week by Brits het die spanning in die Ned. Geref. Kerk verlig. Dit was 'n 'mooi dag vir die Kerk' het ds Kobus Potgieter, waarnemende voorsitter van die Algemene Sinodale Kommissie gesê. Die byeenkoms van 540 Transvaalse predikante uit vier sinodale gebiede was 'baie nodig' en die vertroue is onderling weer herstel nadat reguit gepraat is."[93] Volgens ds Potgieter het die predikante byeenkoms die geleentheid gebied om:

"# inligting deur te gee waaroor baie predikante nie beskik het nie

# vertroue tussen broers te herstel (daar is onder meer besluit om mekaar die voordeel van die twyfel te gee)

# riglyne te trek t.o.v. die hantering van die pers, Sinodebesluite en Ras, Volk en Nasie."[94]

*Die Kerkbode* het verder berig dat "daar nie sprake van soortgelyke byeenkomste in ander sinodale gebiede" is nie.

Hiermee was die saak afgehandel. Klaarblyklik was al die betrokke partye tevrede dat hulle, hulle sê kon sê. Die

venyn waarmee die ondertekenaars aangeval is het opnuut beklemtoon dat veel meer nodig sou wees om die "eendimensionaliteit in die Ned. Geref. Kerk se denke" te deurbreek. Die grofgeskut het in 'n groot mate daarin geslaag om hierdie "visarendjie" stil te maak, maar die saad was gesaai. Die eerste belangrike stap op weg na 'n nuwe beleid is geneem, en al het dit 'n storm ontketen kan die belang daarvan nie hoog genoeg geskat word nie. Alhoewel die verdagmakery nog nie op 'n end was nie het die stof hierna gaan lê.

In *Die Kerkbode* van 8 Oktober 1986 is 'n terugblik op die Hervormingsdaggetuinis gepubliseer. Prof Heyns het toe gesê dat hy nog volkome by die *Getuienis* staan, en nog nooit daaroor getwyfel het nie. Hy het verder gevoel dat 'n blote herhaling van die *Getuienis* nie wenslik is nie. 'n Ander weg moes ingeslaan word, en Heyns het die hoop uitgespreek dat: "die hersiene Ras, Volk en Nasie wat binnekort voor die Algemene Sinode dien hieraan sal voldoen."[95] Prof Willie Jonker het ook bevestig dat hy steeds by elke woord van die *Getuienis* staan. "Ek sou niks wou terugtrek nie, want dit is nie net vir 'n bepaalde geleentheid bedoel nie, maar dis 'n program waarvolgens die kerk behoort te lewe."[96] Prof Jonker het verder gesê dat

hy diep dankbaar was oor wat die afgelope ses jaar gebeur het: "Ek voel bemoedig deur die positiewe tekens wat sigbaar geword het."[97]

Op 25 Mei 1990 het prof Heyns beklemtoon dat die Ned. Geref. Kerk nie 'n "Kerk en Samelewing" sou gehad het as dit nie vir gebeure soos die *Hervormingsdaggetuienis* was nie.[98] Op 5 November 1980 is die eerste saad vir grondige beleidsveranderings in die Ned. Geref. Kerk gesaai. Tien jaar later sou die volle vrug daarvan duidelik sigbaar word.

4.2.7 <u>'n Beoordeling van die Hervormingsdaggetuienis</u>

Dr JW Hofmeyr het in 1981 'n belangrike evaluering van die *Getuienis* gemaak wat nie nagelaat mag word nie. Hy het reg gehad toe hy gesê het dat die *Getuienis* inderdaad wins- en verliespunte gehad het.[99]

Hy het die verliespunte as volg uitgewys:
"Eerstens sal gesê moet word dat die Getuienis te vaag geformuleer was. Hierdie vaagheid het ook 'n sekere twyfel oor die bedoeling daarvan gewek. Teenoor die gevaar van te woordryk te wees is dit waarskynlik te weinig konkreet en eenvoudig geformuleer." Prof JA Heyns, een van die onder-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tekenaars het hierop reageer deur te beklemtoon dat dit juis 'n getuienis van 'n aantal akademici moes wees, wat op 'n bepaalde vlak geskryf is en wat slegs 'n bepaalde groep as teiken gehad het. Die teiken was nooit bedoel om die algemene lidmate te wees nie, en juis daarom is die getuienis in "akademiese taal" geskryf.[100]

In die tweede plek meen Hofmeyr dat: "'n mens moet erken dat die tradisionele kerklike kanale (via kerkraad-ring-sinode) nie gevolg is met die bekendmaking van die Getuienis nie."[101] Hierop het prof CA Borchardt gereageer deur te wys op die feit dat die *Getuienis* in die amptelike blad van die Ned. Geref. Kerk, *Die Kerkbode* gepubliseer is, en daar inderdaad dus wel van *'n* kerklike weg gebruik gemaak is. Hier was dus 'n duidelike onderskeid tussen meer as een kerklike weg. Die ondertekenaars is volgens Borchardt ook deur die ander dosente aan die Teologiese Fakulteit aan Pretoria ondersteun in hulle mening dat *Die Kerkbode* inderdaad *'n* kerklike weg was.[102] Derdens was Hofmeyr van mening dat: "'n mens ook moet erken dat die Getuienis 'n mate van spanning en polarisasie binne kerklike geledere tot gevolg gehad het, hoewel dit nooit as protesskrif bedoel was nie." Hiermee moet instemmigheid betuig word. Die sogenaamde "dambyeenkoms" was immers 'n konkrete bewys van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie stelling.

Hofmeyr toon ook 'n aantal belangrike winspunte aan. Hy sê: "Dat die Hervormingsdaggetuienis ten spyte van baie teenkanting en pogings om dit te kelder, steeds lewend is, sal moeilik ontken kan word. Immers, die gesprek duur steeds voort. Besinning wat een van die hoofdoelstellinge was, het nie net gerealiseer nie, maar dit het eweneens nuwe openheid tot gevolg gehad. Verder is gesprek nie net deur teoloë en kerkleiers gevoer nie, maar dit het ook deurgewerk na die gewone lidmaat."[103]

Hy het verder gesê dat die *Getuienis* waarskynlik ook tot konkrete vernuwing gelei het, maar dat dit indirek bepaalbaar was. Dit het ook duidelik onderlinge gesprek binne die Ned. Geref. Kerk gestimuleer.

Hofmeyr het dit beklemtoon dat die *Getuienis* nie maar net as nog 'n verklaring afgemaak moet word nie, maar dat dit as 'n tipe waterskeiding aan die begin van die jare tagtig beskou moet word. Hy het voorts gesê: "Die moontlikheid bestaan dat die Hervormingsdaggetuienis 'n soort Barmenverklaring van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika kan word."[104a]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

In teenstelling met Hofmeyr het JHP Serfontein die volgende eensydige beoordeling van die *Getuienis* gemaak:

"* The 'Witness' did not propagate the unification of four racially separated NG Churches, but merely mentioned a 'form of unity'.

* It did not specify to which social measures and practices of the goverment the theologians objected, and wanted to have abolished.

* Nowhere did they submit any clear specific proposals which could form the basis of debate.

* They did not advise or guide church ministers and officials on what to do if they were in agreement with the vague sentiments of the 'witness'.

* The 'witness' is in no way comparable with the statements issued by Cape and Transvaal NGK delegates who attended the Cottesloe consultation 20 years ago, which contained specific objections to certain goverment laws and actions."

Hy het voorts gesê: "Essentially the 'witness' constituted a basic acceptance of the policy of separate development while advocating reforms to remove 'unnecessary' apartheid measures, and to prevent too obvious discrimina-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tion."[104b]

Dit is duidelik dat sy kritiek hoofsaaklik berus op die sogenaamde "vaagheid" van die *Getuienis*. Wanneer die doel van die *Getuienis* in ag geneem word, blyk dit dat Serfontein dit juis beoordeel het op grond van dit wat die stuk juis nie wou wees nie! Die doel was immers nooit om konkrete riglyne te stipuleer nie, maar om debat te stimuleer!

Die geskiedenis het sedertdien die volgende woorde van dr F Gaum bevestig: "As dit later sou blyk dat die Getuienis bygedra het om die verdere ondersoek na die eise van God se Woord vir ons tyd en land en omstandighede te stimuleer - en om die Kerk te laat reformeer waar nodig - was dit goed en nodig dat dit gelewer is afgesien van watter kritiek ook al daarteen ingebring kan word."[104c] Hierdie *Getuienis* was inderdaad die eerste van 'n reeks gebeure wat soos suurdeeg op die denke in die Ned. Geref. Kerk sou inwerk. Die waarde van hierdie *Getuienis* sal in die annale van die Ned. Geref. Kerk nooit hoog genoeg aangeslaan kan word nie. Dit was die begin van 'n nuwe begin vir die Ned. Geref. Kerk - 'n tydperk van hernude Skrifstudie en dialoog waarin die beleidstandpunt van die kerk opnuut onder die soeklig gekom het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

## 4.3 *DIE OPE BRIEF*

Die *Hervormingsdaggetuienis* was die eerste belangrike impuls op weg na vernuwing in die beleid van die Ned. Geref. Kerk. Nadat die storm wat rondom hierdie *Getuienis* losgebars het, gaan lê het sou min of meer 'n jaar verbygaan voordat 'n tweede belangrike stimulus die Ned. Geref. Kerk sou tref. Hierdie tweede impuls was die *Ope Brief aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk,* en is op 9 Junie 1982 in *Die Kerkbode* gepubliseer.[105] Omdat die *Ope Brief* inhoudelik grootliks met die *Getuienis* ooreengestem het, het dit groot openbare reaksie uitgelok. Talle berigte het in die openbare media verskyn onder opskrifte soos: "Groot groep leraars reik ope brief uit oor kerk se roeping",[106] "'n Brief wat pleit vir egte versoening",[107] "Nuwe lewe in kerkgesprek",[108] "Brief kan deure vir NGK oophou: bekende teoloë"[109] en "Kerk in beroering oor brief".[110] Met hierdie brief is die spreekwoordelike kat weer eens duidelik in die hoenderhok losgelaat - met 'n groot gefladder tot gevolg. Maar waar het alles begin?

### 4.3.1 Die Aanloop tot die Ope Brief

In die bundel *Perspektief op die Ope Brief*[111] gee twee van die ondertekenaars van die brief, A Lückhoff en W Nicol, 'n historiese perspektief op dié *Brief*. Uiteraard is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie beskouing belangrik omdat dit van dié medewerkers afkomstig is.

In hierdie historiese perspektief word 'n kort oorsig van die beleid van die Ned. Geref. Kerk sedert die vyftigerjare gegee. Volgens Lückhoff en Nicol het die debat rondom *Ras, Volk en Nasie* die debat binne die Ned. Geref. Kerk - amptelik, maar veral nie-amptelik gestimuleer.[112] Volgens hulle is die dekade sewentig gekenmerk deur hierdie indringende diskussie, diskussie waar die kerk se amptelike standpunte oor die eenheid van die kerk, asook sy profetiese roeping in die Suid-Afrikaanse konteks bevraagteken is. Die *Hervormingsdaggetuienis* was dan ook in 'n sekere sin die kulminasie van hierdie debat.[113] Hierdie *Getuienis* kan dan ook beskou word as die eerste indirekte impuls op die opstellers van die *Ope Brief*.

Kort na die publikasie van die *Getuienis* het 'n verdere belangrike gebeurtenis plaasgevind wat ook 'n duidelike invloed op die *Ope Brief* uitgeoefen het. Dit was die uittrede van dr FE O'Brien Geldenhuys aan die einde van 1980 as hoof-uitvoerende amptenaar van die Ned. Geref. Kerk. Kort na sy uittrede het hy 'n verklaring uitgereik waarin hy bepaalde standpunte van die Ned. Geref. Kerk gekritiseer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het - en dit het tot geweldige reaksie gelei.[114] 'n Verdere belangrike impuls op die opstellers van die *Ope Brief* was die verskyning van die boek *Storm-kompas* laat in 1981. Die bundel opstelle, onder redaksie van prof NJ Smit en drr FE O'Brien Geldenhuys en PGJ Meiring het opnuut 'n storm ontketen, veral vanweë die 44 "stellings oor die Ned. Geref. Kerk in die huidige Suid-Afrikaanse konteks" wat daarin opgeneem is.[115]

Kort hierna het die teologiese kongres aan die Universiteit van Pretoria op 18 - 21 Jauarie 1981 gevolg. Die tema van die kongres was: "Die kerk in die tagtigerjare". Tydens hierdie byeenkoms was dit veral die referate van dr P Rossouw en proff HJC Pieterse en DJ Bosch wat wye publisiteit geniet het.[116] Hierdie gebeure kan inderdaad vergelyk word met 'n koor van stemme wat gaandeweg vanuit die Ned. Geref. Kerk begin opklink het. Dit was dan ook onder die geklank van hierdie koor, binne die atmosfeer van hierdie voorafgaande gebeure dat die *Ope Brief* op 9 Junie 1982 in *Die Kerkbode* verskyn het.[117]

Die opstellers van die *Ope Brief* stel dit duidelik dat bogenoemde atmosfeer 'n groot invloed uitgeoefen het op die *Brief*. Dit was vir hulle: "sonder meer duidelik dat die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Ope Brief* direk aansluit by die kritiese vrae van die sewentigerjare."[118] Hulle het vervolg: "Dit is welbekend dat daar binne die amptelike standpunt van die kerk, soos weerspieël in Ras, Volk en Nasie ..., twee rigtings onderskei kan word: 'n standpunt wat meer ruimte bied aan die eenheid van die kerk en die skakeling tussen gelowiges uit verskillende rasse, en 'n meer geslote standpunt wat hierdie kontak in elk geval tot die minimum wil beperk. Die Ope Brief sluit doelbewus by eersgenoemde standpunt aan. Trouens vir elke gedagte in die Ope Brief kan daar voorlopers in Ras, Volk en Nasie ..., aangetoon word. Die *Ope Brief* stel sake net duideliker, sodat die gewone lidmaat dit maklik kan begryp."[119] Dit was daarom vir die ondertekenaars van die *Ope Brief* duidelik dat die inhoud van die *Brief* 'n kulminasies van hierdie breër denke wat binne die Ned. Geref. Kerk teenwoordig was gedurende die afgelope dekades.

'n Verdere belangrike rede vir die opstel van die *Brief* was ongetwyfeld die ekumeniese bande van die Ned. Geref. kerk wat in die binne- en buiteland as sorgwekkend getipeer is.[120] Die klanke wat van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode, die Christian Reformed Church in North America, die Reformierte Bund, die Switserse Raad van Kerke en die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wêreldbond van Gereformeerde Kerke opgegaan het, en die wyse waarop die Ned. Geref. Kerk hierop gereageer het, het dit ook nodig gemaak om aan die buitelandse kerke te toon dat daar persone in Suid-Afrika was wat hulle kritiek gehoor het, en wat bereid was om iets daaraan te doen.[121]

Dit is duidelik dat hier 'n groep mense was wat nie langer kon swyg nie. Die troebel vaarwater waarin die Ned. Geref. Kerk hom bevind het, het dit onmoontlik gemaak. Die *Ope Brief* het duidelik 'n verdere dimensie by die van die *Hervormingsdaggetuienis* kom byvoeg. Die *Getuienis* wat afkomstig van 'n groep akademici - wat hulle stem laat hoor het. Nou het 'n verdere groep lidmate van die Ned. Geref. Kerk hulle hierby aangesluit! Die *Ope Brief* was die stem van 123 Christene wat nie langer kon stilbly nie ...

4.3.2 <u>Die Doel van die Ope Brief</u>

'n Vraag wat deels reeds beantwoord is, maar tog verdere aandag verdien is dié na die doel van die *Ope Brief*. Wat was die pretensie van die opstellers, en wat wou hulle daarmee bereik?

Prof DJ Bosch antwoord soos volg: "Dit is 'n oproep aan die kerk, in die naam van die Koning van die kerk om, op



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bepaalde punte, die kloof tussen die teologiese en sosiologiese gestaltes van die kerk te verklein" en verder "Die Ope Brief is dus nie 'n poging om oor elke aspek van die kerklike lewe standpunt in te neem nie. Dit gaan slegs oor sekere aspekte van kerk-wees wat in die oordeel van die ondertekenaars in hierdie bepaalde tydsgewrig dringende aandag moet kry."[122]

Hulle het verder beklemtoon dat die *Ope Brief* geensins aanspraak maak op 'n nuwe geloofsbelydenis nie: "Ons wou die dokument nie eens 'n 'getuienis' of 'n 'verklaring' noem nie. Sulke terme is te pretensieus omdat hulle 'n sekere finaliteit suggereer, so asof daar nie meer vrae en bespreking moontlik is nie"[123] en verder "'n Ope Brief is egter iets anders as 'n belydenis of verklaring. Dit is, in die eerste plek aan 'n bepaalde adres gerig (in hierdie geval die Ned. Geref. Kerk) en dit verwag as brief ook 'n antwoord. 'n Brief beteken per definisie gesprek, aksie en reaksie. Dit is 'n diskussiebydrae, nie 'n finale dokument nie."[124]

Hierdie standpunt kom ook duidelik na vore in die "begeleidende opmerkings" wat saam met die *Brief* gepubliseer is. Dié opmerkings het soos volg gelui: "Hierdie ope brief is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gebore uit die begeerte om te probeer sê hoe ons die betekenis van die evangelie vir die Suid-Afrikaanse situasie verstaan. Dit het gegroei oor 'n tydperk van maande. Ons bedoeling is nie om te kenne te gee dat die Ned. Geref. Kerk hierdie sake veronagsaam nie. Etlike van die dinge wat hier genoem word, geniet wel ernstige aandag in die kerk, en baie van ons het die geleentheid om daaraan mee te doen. Alhoewel ons hiermee ons diepe oortuiging probeer uitdruk, bied ons dit nie aan as 'n finale woord nie, maar as 'n diskussie bydrae. Die diskussie in die kerk oor die betekenis van die Bybel vir ons landsituasie is van groot belang, en met hierdie brief wil ons daardie diskussie graag dien. Ons vra die lidmate van die kerk om dit in dié gees te lees en oorweeg."[125]

Na enkele verwysings oor die hantering van die *Brief* deur die Breë Moderatuur[126] is die "opmerkings" afgesluit met die hoop dat "die ope brief die diskussie binne die NG Kerkfamilie sal dien."[127]

Dit is dus duidelik dat die *Ope Brief* net soos die *Hervormingsdaggetuienis* dialoog en gesprek wou stimuleer. Dit is gebore uit 'n opregte besorgdheid oor die aktualiteit van die Ned. Geref. Kerk binne die tydsgewrig waarin dit gepu-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bliseer is. Ongetwyfeld kan hierdie stimulasie, wanneer dit dit in die lig van die gebeure tot en met, en na 1986[128] gesien word, nie hoog genoeg na waarde geskat word nie.

### 4.3.3 Die Inhoud van die Ope Brief

Die *Ope Brief* het soos volg gelui:

> "Ons, predikante en gelegitimeerdes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, spreek dit as ons oortuiging uit die egte versoening in Christus tussen mense en groepe die grootste enkele behoefte in die kerk en daarom ook in ons land en samelewing is. Ons glo dat die kerk van Christus in Suid-Afrika in hierdie opsig 'n besondere bydrae te lewer het en wel (1) deur al duideliker gestalte te gee aan versoening en aan die eenheid van die kerk, en (2) deur sy profetiese roeping ten opsigte van die samelewing uit te oefen.
>
> 1. *Oor die versoening en die eenheid van die kerk*
>
> 1.1 Ons is oortuig dat die primêre taak van die kerk in ons land *die bediening van die versoening in Christus* is.
>
> 1.1.1 In die eerste plek beteken dit dat die uitdra van die boodskap van versoening tussen God en mens die onvervreembare voorreg van die kerk is. Sonder hierdie aspek van die versoening sou die hele saak waarom dit hier gaan sy diepste sin en betekenis verloor.
>
> 1.1.2 Dit is eweneens die kerk se onvervreembare voorreg om terselfdertyd die boodskap van versoening tussen mens en mens - selfs tussen hulle wat vroeër vyande was - uit te dra en te getuig dat Christus vir die gelowiges 'n einde aan alle menslike vyandskap gemaak het en ons 'tot een nuwe mensheid verenig' het (Ef. 2:15,16).
>
> 1.1.3 Ons bely dat die eenheid van die kerk 'n gawe en opdrag van God is. Net soos die versoening, is dit deur God tot



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stand gebring en juis daarom is dit ook ons verantwoordelikheid om sigbare gestalte daaraan te gee. Gevolglik sal die kerk stry teen faktore wat sy eenheid bedreig. Dit sluit faktore in soos leerdwaling, liefdeloosheid, eiegeregtigheid, eksklusivisme, vooroordeel en die vooropstel van persoonlike of groepsbelange.

1.1.4 Die eenheid van die kerk maak ruimte vir verskeidenheid binne die kerk ten opsigte van taal en kultuur. Juis vanweë die versoening dien hierdie verskeidenheid tot wedersydse verryking en nie tot verdeeldheid nie.

1.1.5 Die eenheid behoort egter tot 'n ander orde as die verskeidenheid. Die eenheid is primêr, die verskeidenheid sekondêr. Die eenheid is normatief en word bely (Twaalf Arikels en Nicea), die verskeidenheid nie.

1.2 Vir die konkrete bestaan van die kerk in Suid-Afrika beteken bostaande onder meer

1.2.1 dat geen enkele kerk (denominasie) die gesprek en gemeenskap met ander kerke kan ontbeer, of hulle deure vir mekaar mag sluit nie;

1.2.2 dat die kerk geen ander maatstaf vir lidmaatskap as die belydenis van die ware geloof in Christus mag aanlê nie (Nedelandse Geloofsbelydenis, art. 27);

1.2.3 dat die verskillende kerke binne die verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerke wat in elk geval dieselfde belydenis het en histories uit dieselfde kerk voortspruit, alles in werking behoort te stel om sigbare gestalte te gee aan die eenheid wat bely word;

1.2.4 dat nou reeds, terwyl onderhandelinge aangaande 'n duideliker strukturele eenheid nog gevoer word, alle lidmate van kerke binne die verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerke ten alle tye welkom sal wees in enige byeenkoms van enigeen van hierdie kerke;

1.2.5 dat die lede van die een Liggaam van Christus mekaar as broers en susters sal aanvaar, nie mekaar se Christenskap



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sal betwyfel nie, na mekaar se belange sal omsien, die een die ander hoër sal ag as hom- of haarself, mekaar se laste sal dra, onderlinge liefde deur woord en daad sal betoon en vir mekaar in die gebed sal intree.

2. *Oor die profetiese roeping van die kerk*

2.1 Ons is oortuig dat die kerk se roeping verder strek as die bediening van die versoening binne die vier mure van die kerk. Ons verwerp daarom die opvatting dat die kerk hom net met sogenaamde 'geestelike sake' moet besig hou en hom verder moet terugtrek van die ander samelewingsterreine.

2.1.1 Die versoening sluit 'n profetiese getuienis aan die hele samelewing in en daarom mag die kerk nie swyg oor verskynsels soos sedelike verval, gesinsontwrigting en diskriminasie nie.

2.1.2 Die kerk sal altyd getuig dat geen samelewingsordening van die fundamentele onversoenbaarheid van mense en mensegroepe mag uitgaan en 'n samelewingsbestel op so 'n uitgangspunt mag baseer nie.

2.1.3 Die kerk het 'n grootse geleentheid om God se 'proeftuin' in die wêreld te wees. Dit beteken dat God deur die lewe van die kerk aan die wêreld iets wil toon van die eenheid, onderlinge liefde, vrede, begrip, mededeelsaamheid en geregtigheid wat Hy vir die hele samelewing bedoel.

2.1.4 Uiteraard is dit alles in die kerk self ook nog maar gebrekkig verwerklik! Tog mag hierdie toedrag van sake nie die aanleiding wees dat die kerk sy profetiese taak ten opsigte van die samelewing op die lange baan skuif totdat hy miskien eendag volledig geloofwaardig geword het nie.

2.2 Vir die konkrete situasie in die Suid-Afrikaanse samelewing beteken bostaande ondermeer

2.2.1 dat die kerk sy profetiese getuienis met groot vrymoedigheid in die Suid-Afrikaans samelewing mag lewer; ons leef immers onder 'n staatsbestel wat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

homself uitdruklik Christelik noem en dus saam met die kerk na die Woord van God wil luister;

2.2.2 dat 'n bestel waarin onversoenbaarheid tot 'n samelewingsbeginsel verhef word en die verskillende dele van die bevolking van Suid-Afrika van mekaar vervreem, onaanvaarbaar is;

2.2.3 dat so 'n bestel dit bykans onmoontlik maak vir die inwoners van Suid-Afrika om mekaar werklik te leer ken, te vertrou en aan mekaar lojaal te wees;

2.2.4 dat die wette wat simbole van hierdie vervreemding geword het, onder meer dié oor gemengde huwelike, rasseklassifikasie en groepsgebiede, nie skriftuurlik verdedig kan word nie;

2.2.5 dat geregtigheid, en nie bloot wet en orde nie, die rigtinggewende uitgangspunt in die reëling van die samelewing sal wees. Ons glo dat die voorkoms van die gedwonge verskuiwing van mense, ontwrigting van huweliks- en gesinsbande vanweë trekarbeid, onderbesteding aan Swart onderwys, onvoldoende en swak behuising vir Swartmense en lae lone nie rym met die Bybelse eise van geregtigheid en menswaardigheid nie;

2.2.6 dat alle mense wat Suid-Afrika as hulle vaderland beskou, betrek behoort te word by die uitwerk van 'n nuwe samelewingsbestel;

2.2.7 dat hierdie bestel gebou behoort te word op orde en vrede wat die vrug is van geregtigheid, wat beteken dat alle mense gelyke behandeling en geleenthede behoort te geniet.

3. *Ons solidariteit*

Met bogenoemde wil ons nie slegs ons diepe oortuiging ten opsigte van die konkrete Suid-Afrikaanse werklikheid in die lig van die Skrif boekstaaf nie, maar wil ons ook

3.1 ons diepe skuld voor God bely omdat ons self ook die eenheid van die kerk van Christus nie voldoende uitleef nie en mede aandadig is aan baie van die maatskaplike wantoestande wat ons aangedui het;

3.2 uitdruklik verklaar dat ons nóg oor die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kerk nóg oor die owerheid praat vanuit 'n gesindheid van selfverheffende kritiek. Ons getuienis spruit uit 'n diepe solidariteit met die kerk en 'n bewussyn van medeverantwoordelikheid ten opsigte van die huidige samelewingsbestel;

3.3 bely dat ons glo aan bekering, die vergewing van sondes, en 'n nuwe lewe in gehoorsaamheid aan God;

3.4 die bede uitspreek dat ons brief daartoe mag meewerk dat die kerk van Christus in Suid-Afrika 'n duideliker visie op sy roeping sal kry, en die uitwerking van 'n nuwe samelewingsbestel in Suid-afrika bespoedig mag word;

3.5 getuig dat die Evangelie van Jesus Christus - God se goeie nuus aan die wêreld - ook in hierdie spesifieke omstandighede aan die mense van Suid-Afrika hoop wil verleen;

3.6 die versekering gee dat ons sal volhard in ons voorbidding vir die kerk, asook vir die owerheid in sy uiters moeilike taak."[129]

Dit is deur die volgende 123 gelegitimeerdes en predikant van die Ned. Geref. Kerk onderteken: SW Albertyn, CA Anthonissen, JAS Anthonissen, FDJ Basson, JH Basson, DP Bekker, HH Biermann, J Bohnen, GM Booy, DJ Bosch, HL Bosman, CJ Botha, DP Botha, JG Botha, JJ Botha, JSF Botha, J Bouwer, H Brand, JD Bredenkamp, GA Breytenbach, ECD Bruwer, JJ Burden, JA Burger, JC Buys, WJC Cilliers, WS Conradie, FS de Jager, PGR de Villiers, JT de Jongh van Arkel, DC de Wet, AW Doyer, PJ Dumas, JJF Durand, CP du Toit, SI du Toit, JJ Els, PJJ Els, C Erasmus, PJA Fourie, D Ganzevoort, FE O'B Geldenhuys, JHG Gous, RC Herhodt, SJ



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Herhodt, MH Heyns, S Heyns, WJM Janson, ACF Koch A König, BJ Kotze, WA Krige, JJ Kritzinger, PR Kruger, PJ Kühne, GJ Langeveld, DG Laurie, WPF Lawrenz, HI Lederle, GPV le Roux, JA le Roux, SJ le Roux, AF Louw(Pretoria), AF Louw(Harare), LK Louw, AH Lückhoff, PJ Maartens, JC Malan, BJ Marais, DJ Marais, JC Marais, S Marais, SJ Marais, PGJ Meiring, W Nicol, JA Nieder-Heitmann, JN Odendaal, CC Olivier, OJ Olivier, LvZ Pieters, WA Pieters, HJC Pieterse, EAC Pretorius, HL Pretorius, PAC Pretorius, GJ Retief, JH Roberts, WA Saayman, CLvW Scheepers, EH Scheffler, FEA Scheffler, DA Scholtz, B Schreuder, DJR Schutte, SO Skeen, DJ Smit, JH Smit, NJ Smith, CJ Smuts, JH Spies, JD Steyn, CJ Swart, J Symington, JP Theron, GP van der Merwe, PJ van der Walt, AS van Dyk, JF van Heerden, AS van Niekerk jr, E van Niekerk, GWS van Rooyen, HL van Schalkwyk, PJF van Vuuren, AJ van Wijk, DC van Zyl, HC van Zyl, WF Vermaak, JC Vermeulen, JN Vorster, GF Wessels, JSF Wessels.

Daar is baie duidelik 'n nou band tussen *Ras, Volk en Nasie* en die inhoud van hierdie brief. Die ooreenkomste kan egter ook verder teruggevoer word, sodat bepaalde stellinge van die *Cottesloe-verklaring* ook weer hier neerslag vind. Wanneer byvoorbeeld oor die eenheid van die kerk gehandel word stel *Ras, Volk en Nasie* dit duidelik in paragraaf 33:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

"Die eenheid van die kerk is nie net 'n onsigbare eenheid nie, maar ook 'n sigbare werklikheid."[130] Wanneer die verhoudige binne die Ned. Geref. Kerk-familie aan die orde kom word die saak soos volg geformuleer: "Die sigbare eenheid van die Ned. Geref. Kerk-verbande behoort op plaaslike vlak sowel as die vlak van die meerdere kerklike vergaderings tot uitdrukking te kom. Dit behels onder andere die kontak van lidmate uit verskillende kerkverbande met mekaar op persoonlike vlak en die sporadiese samekoms van gemeentelede vir besondere geleenthede sowel as wedersydse beraadslaging in amptelike kerkvergaderings."[131] Die tweeslagtigheid van die kerk se standpunt blyk ook uit die besluit oor lidmaatskap: "Die kerk van Christus vertoon in ons bedeling wel 'n verskeidenheid van gestaltes wat met die volkereverskeidenheid saamhang, maar is nie geslote in die sin dat dit net vir lede van een volk bedoel is nie."[132] Hierop volg egter 'n verduideliking waarin dit duidelik gestel word dat kerke wel 'n volkseie, aparte karakter mag hê, maar in beginsel nie geslote mag wees vir lede van ander volke nie: "Sou 'n dergelike oordraging van lidmaatskap egter die orde en vrede in die kerk en in die volk versteur ..., sou ter wille van die welwese van die betrokke kerk 'n tydelike ordereëling teen oordraging nie afgekeur kon word nie."[133]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie tweeslagtigheid word in die *Ope Brief* uitgeskakel en daar word aangesluit by die klem op die eenheid van die kerk - vergelyk 1.2 van die *Ope Brief*. Geen toegewings aan die sondige verskeurdheid word meer toegelaat nie en ware geloof in Christus word as enigste maatstaf vir lidmaatskap aangelê. Hierdie standpunt stem ook duidelik ooreen met die verklaring van die *Cottesloe-beraad*, II.6: "No-one who believes in Jesus Christ may be excluded from any church on the grounds of his colour or race. The spiritual unity among all men who are in Christ must find visible expression in acts of common whorship and witness, and in fellowship and consultation on matters of common concern."[134]

'n Volgende voorbeeld is die raar skakeling tussen volke. In die derde hoofstuk van *Ras, Volk en Nasie* word gehandel oor die Kerk en Maatskaplike Geregtigheid. Daar word duidelik gevra vir 'n nouer band en meer samewerking tussen volke: "In die oproep tot bekering en heiligmaking wil die kerk 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing tot stand bring, wat 'n sterk band oor volksgrense heen tussen mense bring. 'n Meer ontspanne, spontane en natuurlike verhouding tussen die verskillende volksgroepe in Suid-Afrika is uiters



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

noodsaaklik. Ten spyte van bemoedigende pogings om beter verhoudinge te skep, is daar ook tekens van vervreemding, misverstande, vooroordele en spanning tussen verskillende bevolkingsgroepe. Eerlike onderlinge begrip word uiters moeilik waar op baie maniere die kontak tussen lede van verskillende volksgroepe tot 'n minimum beperk word. Goeie volkereverhoudinge vereis onderlinge begrip en waardering. Spontane en natuurlike kontak tussen lede van verskillende volke impliseer nie noodwendig die uitwissing van die identiteit van een van die betrokke volksgroepe nie. Dit kan inteendeel lei tot 'n beter begrip en waardering vir mekaar se volkseie. Daarom moet kommunikasie en onderlinge begrip bevorder word deur eerlike dialoog, samesprekinge en gesamentlike beplanning op die verskillende lewensvlakke."[135]

Dit is duidelik *dat* samewerking moes plaasvind, maar oor *hoe* dit moes gebeur sê *Ras, Volk en Nasie* niks. In teenstelling hiermee stel die *Ope Brief* die saak reguit - vgl 2.2.2: "dat 'n bestel waarin onversoenbaarheid tot 'n samelewingsbeginsel verhef word en die verskillende dele van die bevolking van Suid-Afrika van mekaar vervreem, onaanvaarbaar is" en 2.2.6: "dat alle mense wat Suid-Afrika as hulle vaderland beskou, betrek behoort te word by die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uitwerk van 'n nuwe samelewingsbestel."

By *Cottesloe* is die volgende verklaar: "It is our conviction that the right to own land wherever he is domiciled, and to paricipate in the goverment of his country, is part of the dignity af the adult man, and for this reason a policy which permanently denies non-White people the right of collaboration in the goverment of the country of which they are citizens cannot be justified".[136] Die ooreenkoms is nogmaals duidelik.

Laastens dien die veelbesproke *gemengde huwelike* as duidelike voorbeeld: Die Algemene Sinode van 1974 het besluit: "dat die Bybel hom nie letterlik vir of teen sodanige huwelik uitspreek nie."[137] Op grond van praktiese oorwegings is egter geoordeel dat gemengde huwelike "ongewens en ongeoorloof" is.[138] Die *Ope Brief* verklaar onomwonde in 2.2.4 dat die wet op *gemengde huwelike* "nie Skriftuurlik verdedig kan word nie." Ook hier is 'n duidelike ooreenkoms met *Cottesloe*: "There are no Scriptural grounds for the prohibition of mixed marriages ..."[139]

Die volgende afleidings kan dus oor die inhoud van die *Ope Brief* gemaak word:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1. Daar is inderdaad 'n nou band tussen die *Ope Brief* en *Ras, Volk en Nasie*. Die *Brief* lig onmiskenbaar die Skriftuurlik gefundeerde standpunte van die beleidstuk toe en doen heeltemal weg met die praktiese oorwegings. In plaas daarvan om op beide die stoele van Skrif-imperatief en praktyk te probeer sit kies die *Ope Brief* onomwonde vir eersgenoemde. Daardeur word die tweeslagtigheid van *Ras, Volk en Nasie* wat weens die beroep op Skrif en praktyk ontstaan genegeer.
2. Tweedens het die stem van *Cottesloe* opnuut helder in die Ned. Geref. Kerk weerklink - 22 jaar na die beraad self! Die *Ope Brief* het die kerk opnuut kom herinner aan die vrae wat by *Cottesloe* gevra is, en wat nog grotendeels onbeantwoord gelaat is.
3. Derdens toon bogenoemde vergelykings duidelik aan dat die Ned. Geref. Kerk met *Ras, Volk en Nasie* gepoog het om op *Cottesloe* te antwoord. Die skisofreniese karakter van die beleidstuk het dit egter onaanvaarbaar gemaak.
4. Vierdens was hier nou nog 'n stem wat in skrille kontras met *Ras, Volk en Nasie*, die praktyk aan die Skrif ondergeskik wou stel.

Nodeloos om te sê, sou ook hierdie appél heftige reaksie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

uit konserwatiewe kringe ontlok, maar te midde van die negatiewe kritiek het dit ook groot lof uit talle oorde ontvang. Om die *Ope Brief* in sy konteks te verstaan moet die reaksie ook bestudeer word.

### 4.3.4 Reaksie op die Ope Brief

Alhoewel die reaksie op die *Ope Brief* nie so omvangryk soos die op die *Hervormingsdaggetuienis* was nie, het talle kerkleiers en lidmate tog daarop reageer. Dit was veral in die korrespondensiekolomme van *Die Kerkbode* waar daar vir maande lank 'n pennestryd gevoer is. Ten einde die reaksie in perspektief te sien word eers die positiewe en daarna die negatiewe reaksie aan die orde gestel.

#### 4.3.4.1 Positiewe reaksie op die Ope Brief

Die dagblad *Beeld* het op Donderdag 10 Junie 1982 twee belangrike artikels in dié verband gepubliseer. In die artikels is die menings van, van die belangrikste kerkleiers gepubliseer, en omdat baie lidmate dit gelees het en hulle eie mening daaroor gevorm het kan dit nie nagelaat word nie.

Prof Willie Jonker was van mening dat "die Breë Moderatuur nie sy weg oopgesien het om die brief wat deur



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

123 predikante en gelegitimeerdes onderteken is, as 'n buitengewone stuk aan die Algemene Sinode voor te lê nie. Die Breë Moderatuur lê daar gewoonlik stukke voor, en kon dit ook met hierdie een gedoen het. Hy hoef nie sanksie daaraan te gegee het nie, maar kon aan die Sinode gesê het dat hy so 'n buitengewone stuk ontvang het, en die Sinode gevra het hoe om daarmee te handel. Vir die doel kon dit na 'n kommissie verwys word. Dit is veral jammer dat die Breë Moderatuur dit nie wou ontvang nie, omdat hy hom tot dusver nie afwysend teenoor die inhoud uitgespreeek het nie."[140] Prof Jonker was nietemin van mening dat die Breë Moderatuur volgens die letter van die wet korrek opgetree het. Wat verder vir hom opvallend was, was: "hoe baie jong predikante die moed geneem het om hul name daarby te voeg, ook die uit Zimbabwe. As 'n mens die gegewens saamlees, is dit 'n boodskap aan die NG Kerk wat kom van mense wat in noue kontak met ons eie jongkerke, is. 'Om die rede alleen moet die brief nie verwaarloos word nie. Aan die opstellers se integriteit hoef ons nie te twyfel nie.'"[141] Prof Jonker het verder gesê: "'n saak soos die ope brief is belangrik vir ons verhouding met buitelandse kerke. 'Sulke tekens van besinning word in die buiteland waardeer. Maar nie net deur hulle nie, ook deur ons jongkerke'".[142]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Prof JA Heyns, self 'n lid van die Breë Moderatuur het gevra "dat die gesprek oor die ope Brief nie by kerkregtelike aspekte sal vassteek nie, maar sal deurdring na die vraag of die inhoud in ooreenstemming met die Skrif is."[143] Hy was verder van mening dat die brief in die buiteland geïnterpreteer sal word as 'n bewys "dat in die NG Kerk ernstig geworstel word met lewensbelangrike sake. Dit is om die rede dat die brief nie net uit 'n binnelandse nie, maar veral ook uit 'n buitelandse oogpunt, beoordeel moet word."[144]

Dr Willem Landman, voormalige Direkteur van Inligting en dertig jaar lank Skriba van die Kaapse Sinode was ook van mening dat die *Brief* van die uiterste belang vir die Ned. Geref. Kerk se binnelandse en buitelandse verhouding was. Hy het sy blydskap uitgespreek oor die feit dat sake soos die groepsgebiede-wet, die wet op *gemengde huwelike* en ander nou in die brief 'n besprekingspunt geword het: "Die Kerk moet verantwoording doen oor die sake en gewillig wees om te erken waar hy foute gemaak het. Hy moet 'n antwoord daarop teenoor homself en teenoor die ganse Christelike gemeenskap gee. Dit moet hy permanent doen, elke dag van sy lewe."[145] Dr Landman het verder



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesê: "hierdie nuwe klanke, net soos die op politieke gebied, laat mense in die buiteland regop sit. Dit is vir die Kerk se ekumeniese kontak, ook in die binneland met sy eie dogterkerke van groot belang."[146]

Die reaksie uit die jongkerke was ook duidelik positief. Die algemene gevoel was dat die *Ope Brief* aan die Ned. Geref. Kerk en die debat wat daaruit sou voortvloei, die verhouding tussen die Kerke in die Ned. Geref. Kerkfamilie net ten goede sou kom. Die brief kon opnuut lewe in kerklike gesprek blaas nadat die jongkerke oortuig begin raak het dat die sake wat hier aangespreek word nie ernstige aandag in die Ned. Geref. Kerk kry nie.[147]

Ds EM Mataboge, assessor van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Afrika, was van mening dat die *Brief* die jongkerke bemoedig het: "want so sien ons daar is tog mense in die NG Kerk wat ook soos ons dink. Die briefmanne wys vir die wêreld dat die NG Kerk nie is soos baie mense dink hy is nie."[148] Hy het verder gesê: "Ek het simpatie met die broers wat die brief geskryf het. Miskien dink hulle ook die moeder (NGK) is 'n bietjie stadig. Sommige mense van al die Kerke in die familie begin moed verloor, want die dinge is al so baie gesê en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

elke keer word geantwoord: 'Wag vir die Sinode'. Die brief gee ons moed, maar ek weet nie wat gaan met die gewone ouderlinge op die sinode gebeur nie. Hulle gaan sê die ding het nie die regte pad geloop nie."[149]

Dr C du P le Roux, destydse moderator van die Sinode van die Indiërjongkerk, die Reformed Church in Africa (RCA), het gesê: "die brief kan die verhouding binne die NG familie moontlik ten goede kom".[150] Hy was verder van mening dat "versoening 'n sleutelwoord in Suid-Afrika is, maar dat dit nie so maklik ten uitvoer gebring kan word nie, omdat dit ten diepste te doen het met maatskaplike geregtigheid. Mense kan maklik sê ons moet met mekaar versoen raak, voordat hulle nog hul verskille uitgestryk het. Dan bly dit net leë woorde."[151]

*Die Ligdraer*, kerkblad van die Ned. Geref. Sendingkerk, het in sy redaksionele kolom soos volg om die *Ope Brief* gereageer: "Die brief is 'n belydenis van 'n aantal gelegitimeerdes van die NG Kerk, wat ernstig met die Woord van God geworstel het oor die sake wat hulle aanroer en wat hulle oortuigings langs die weg van hulle kerkblad aan hulle medebroers en -susters bekend maak." Die blad het voorts gesê: "Vir leraars en lidmate van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die NG Sendingkerk is die Ope Brief 'n groot bemoediging. Dit laat hulle 'n kant van die NG Kerk sien wat hulle nie elke dag ervaar nie en wat die hoop op 'n beter dag weer eens laat opvlam."[152]

Die gesindheid van baie mense teenoor die *Ope Brief* word die beste weerspieël deur die brief van mev JL Davies wat in *Die Kerkbode* verskyn het. Sy het geskryf: "As Engelssprekende Suid-Afrikaner wil ek baie graag my ondersteuning gee aan die getuienis van die ope brief se 123 ondertekenaars. Dit was altyd my oortuiging dat die apartheidsbeleid teenstrydig is met die lewenswyse wat Jesus aanbeveel het. Soos ek die Skrif verstaan wil Hy hê dat ons alles in ons vermoë moet doen om almal in ons land vrywillig te laat leef, tuismaak, werk en speel met wie hulle wil.
Ek dank God dat hy hierdie 123 mense sy lig laat sien het en ek bid daagliks dat heelwat meer van my Afrikanerland-genote hierdie vertolking van die Skrif sal aanvaar."[153]

Die openbare media het ook hulle steun aan die *Ope Brief* toegesê.[154] Een van die aangrypendste positiewe reaksies in die verband het gekom uit die pen van dr PG du Plessis, redakteur van die dagblad *Hoofstad*. Hy het



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geskryf: "Telkens wanneer daar iets gebeur soos die brief wat die 121 nou in die Kerkbode laat verskyn het oor veral die profetiese roeping van die Christelike kerk in Suid-Afrikaanse omstandighede, kom ou vrae weer voor die agterdeur van die gewete staan.

Dit is vrae wat hulle kom opdring aan enige gemeenskap wat homself Christelik noem en ook aan enige individu wat daardie benaming ook in sy alledaagse omgang met die gebroke wêreld probeer uitleef.

Om dié vrae te oorvereenvoudig is gevaarlik, maar een oorvereenvoudiging sou kon wees:

In hoeverre moet die kerk hom hoegenaamd met die sosiale sisteem bemoei waarbinne hy die Evangelie predik, sy organisasie laat leef en sy geloof (met die gepaardgaande etiese opvattinge) uitleef?

Is sy plig net die getuienis, die prediking of die vermaning, en nóóit die organisatoriese meedoen om sake wat kennelik nie met die Christelikheid te ryme is nie, doodgewoon te probeer regstel?

Kan die kerk - in eenvoudiger metaforiese gedaante gesien - bysit in 'n rowerspelonk en net getuig van die verkeerdheid binne die hool, of moet hy homself ook met ánder middele tot sy beskikking teen die siedende kwaad verset?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Een stappie verder verdonker die vrae: Durf die individuele Christen, hy wat per slot van sake ook burger is, in sy burgerlike optrede dinge om sekulêre redes laat gebeur wat met sy norme bots?

Soos die armes sal dié vrae altyd tussen ons wees. En in die stil omgang tussen die Christen en sy gewete voor elke daad of besluit wat uit hom kom, sal dié vrae telkens opduik.

Net so sal elke geslag Christene opnuut moet besin oor die wyse waarop hulle die wêreld om hulle benader.

Die gewetenslot van die Afrikaanssprekende, Suid-Afrikaanse, Christen is dubbeld swaar, want sy groep het in die praktyk die verantwoordelikheid van heers. Daar is niemand anders in wie se skotteltjie jy jou Pilatushande kan was nie. Die besluite is jóúne en by elke besluit staan jy voor die beginsels wat uit jou geloof voortvloei en die real-politiek.

Dié dinge skree soms teen mekaar, skuur teen jou gewete, verwar jou tussen die dinge wat vir jou besonders is - jou volk se toekoms, en jou identiteit se toekoms, teenoor die duidelike leer van liefde en geregtigheid wat jy aanvaar het die dag toe die Soendood vir jou as werklikheid in jou diepste wese gedaag het.

Dit is 'n verskrikking dat jy ook hieroor, as Christen,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n voorrang moet toeken. En as Christen is daar maar een voorkeur: Christus allereers, anders moet jy voor die wêreld wat met jou tweespalt spot, erken dat jy maar 'n halwe Christen is.

Daar gaan oor die metode en die bewoording van die 121 se vrae gekibbel word. Die indruk sal vermy moet word dat dit 'n metode is om die standpunt-inname uit te stel, of die ego en die posisietjie te salf en te verstewig.

Dis nie waaroor dit handel nie. Vrae soos dié móét gevra word, móét tussen Christene uitgepraat word, móét vreesloos in die oë gekyk word.

As die kerk in sy openbare getuienis - wat sy reg is - geloofwaardig wil wees; as hy sy lidmate in leierspo-sisies die regte geestelike leiding wil gee, sal hy vir homself moet kan sê: dit het ek getoets aan die letter en die groot oorkoepelende gees van die Woord van God, en só moet ek getuig voor die wêreld oor die praktyk rondom my. Hy dié dinge moet uitpraat. En ons sê dit met hartseer: béter uitpraat as in die verlede waar dié wat maar net vrae wou vra, dalk die sinagoge uitgewerp is met 'n verbetenheid waaroor selfs die wêreld gru.

Laat die debat kaalkop, onpersoonlik en op die Skrif af wees - en oop.

Want dis nie net in die sinodesale, die domineestudeer-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kamers en die broederlike gesprek waar dié vrae om 'n antwoord roep, ook vir hierdie tye nie, maar ook in die harte van die Afrikaner-Christene van dié land.

U word geroep tot debat ten aanhore van u lidmate wat soek na leiding.

Verwerping, bevegting, woordspelery en boosverklaardery sal 'n ondiens wees aan elke lidmaat van die NG Kerk wat dit erns is met geloof én die toekoms van 'n Christelike volk."[155]

Op hierdie artikel het dr W Nicol geskryf: "Hy het ons verstaan! Ons, die ondertekenaars, sê dankie vir honderde ander derglike reaksies waaruit ons agtergekom het dat daar meer mense is wat ons verstaan as wat ons gedink het."[156]

Dit blyk duidelik uit bogenoemde, en talle ander berigte en artikels wat verskyn het dat daar groot steun vir die *Ope Brief* was, en tog was daar van die amptelike Ned. Geref. Kerkleiding min positief. Hulle het hulle nogmaals geskaar by die koor van negatiewe kritiek.

4.3.4.2 Negatiewe Reaksie op die Ope Brief

Wanneer die negatiewe reaksie op die *Ope Brief* bestudeer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

word staan een feit soos 'n paal bo water uit: - byna al die kritiek teen die *Brief* het gewentel om die "kerklike weg" wat nie gevolg is nie, terwyl baie min kritiese klanke oor die inhoud gehoor is.

Hierdie debat is na alle waarskynlikheid aan die gang gesit deur die "begeleidende opmerkings" wat saam met die *Brief* gepubliseer is. Daarin is ondermeer gesê dat die *Brief* teen die middel van Maart aan die voorsitter van die Breë Moderatuur en die hoof-uitvoernde amptenaar van die Algemene Sinode oorhandig is met die versoek: "dat hulle ons adviseer oor hoe ons dit ten beste onder die aandag van die kerk kon bring, en dat die moderatuur die brief hanteer. Na raadpleging met die lede van die Breë Moderatuur, het hulle ons egter meegedeel dat die brief kerkregtelik nie ontvanklik is by die Breë Moderatuur nie en dat hulle nie daarmee kan handel nie."[157] Van die eerste reaksie het gekom van ds JE Potgieter, die voorsitter van die moderatuur van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Hy het hom ten sterkste uitgespreek teen die metode wat gevolg is om die brief wêreldkundig te maak. Hy het gesê: "Indien dit die prosedure word wat in die toekoms algemeen in die kerk gevolg gaan word, voorsien ek verwarring, 'n chaos en selfs 'n skeuring.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is nie die korrekte manier van doen nie."[158]

*Die Kerkbode* het in sy kommentaar bykans dieselfde mening gehuldig. Die publikasie het as volg berig: "Dit het in die jongste jare blykbaar gewoonte geword om te kyk hoeveel steun daar vir verklarings van groepe binne die NGK gemonster kan word. Vir die onderhawige ope brief is 'n stuk of 120 ondersteuners gewerf. Is dit nou 'n metode om teologiese en kerklike sake te hanteer?
Waarom dan nie maar liewer 'n referendum hou vir alle predikante, kerklike amptenare en teologiese dosente om uitsluitsel te bereik oor hoe ons oor teologiese en politieke aangeleenthede oordeel nie?
Die metode is tog nie die werkswyse van die Ned. Geref. Kerk nie. Ons Kerk neem besluite deur sy amptelike kerkvergaderings en sy standpunte word nie verteenwoordig deur petisies nie.
Ingevolge Art. 6.1 van die Reglement van Orde van die Algemene Sinode (wat die Breë Moderatuur ook as bindend vir sy eie handelinge beskou en wat bepaal watter instansies versoeke en dies meer kan voorlê) was die brief nie ontvanklik nie."[159]

*Die Kerkbode* het voorts berig dat met die uitsondering



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

van een lid was al die lede van die Breë Moderatuur dit eens dat hulle die brief nie kon hanteer nie,[160] en verder: "Tot op die datum dat die ope brief aan die Hoof-Uitvoerende Amptenaar voorgelê is (en trouens tot by publikasie daarvan in Die Kerkbode) is dit deur die broeders as 'n saak van uiterste geheim beskou en gehanteer - só geheim dat hulle nie vooraf wou meedeel waaroor hulle 'n onderhoud met die Hoof-Uitvoerende Amptenaar aanvra en advies soek nie.

Op só 'n uiters geheime wyse is die naamtekeninge gewerf, dat niemand behalwe 'n ondertekenaar self - van Windhoek tot Pinetown en van Zimbabwe tot in die Kaap - van die brief te hore gekom het nie.
En so selektief is blykbaar te werk gegaan dat in ten minste een geval 'n leraar wat geteken het, nie geweet het of sy medeleraar ook genader is om te teken nie."[161] en verder: "Waarom so geheimsinnig te werk gegaan? Gee dit dan nie die skyn van manipulering in die Kerk se sake nie? Wat die tydstip betref waarop hierdie sensitiewe sake met betrekking tot afsonderlike ontwikkeling, praktiese politieke aangeleenthede en omstrede wette aan die orde gestel word, kom dit in 'n stadium dat die politieke partye wie se lede hoofsaaklik lidmate van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ned. Geref. Kerk is, juis oor dié sake en dié wette ernstig in gisting verkeer.
Indien die opstellers en organiseerders van die Ope Brief in gedagte het om die Algemene Sinode ten gunste van hulle betoog te beïnvloed, kan hulle dalk net vind dat hulle juis 'n reaksie ontlok wat hulle nie wou hê nie."[162]

Die redakteur sê voorts dat daar veel is wat die inhoud betref, wat onderskryf word. Syns insiens kom die verskilpunte egter ter sprake: "wanneer oor die wesentlike aard en die spesifieke betekenis van die eenheid en oor die versoening in Christus gepraat word" en verder "die eenheid van die kerk word volgens die Twaalf Artikels bely, reg genoeg, maar dit gaan daarin tog immers oor 'n geestelike eenheid in Christus en nie oor 'n strukturele eenheid. Indien dit die geval was, moes ons dan na 'n sigbare strukturele eenheid van al die kerke streef wat die Twaalf Artikels bely?
Die eenheid binne die mensheid en die kerk is fundamenteel, maar so is ook die verskeidenheid. Ons het voorts nie duidelikheid oor hoe die broeders die één kerk in die praktyk in ons ingewikkelde Suid-Afrikaanse samelewing visualiseer nie."[163]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Ten slotte word opgemerk dat slegs sowat 40 van die 120-tal gelegitimeerdes, aktiewe leraars is in die Moederkerk - kerk wat in die brief aangespreek word. "Van die ander ondertekenaars is ten minste 33 leraars in gemeentes van Dogterkerke, sowat 16 dosente by UNISA en 12 dosente en amptenare in diens van die Dogterkerke. Van die res het sommige nie meer hulle status nie, terwyl 'n paar reeds emeritaat aanvaar het. Nie dat hulle menings nie gewig dra nie, maar hulle is nie die mense wat van buite af ons Moederkerk kan lei nie. Dit moet aan die amptelike vergaderings van die kerk self oorgelaat word."[164]

Wat hierdie artikel so belangrik maak is die feit dat al die verskillende punte van kritiek wat uit ander oorde sou kom hier saamgetrek was. Hierdie punte van kritiek was die volgende: Beswaar is duidelik gemaak teen die werkswyse wat gevolg is. Enersyds is steun vir die *Brief* op uiters geheime wyse gewerf, en andersyds is die publikasie daarvan nie die wyse waarop die kerk "werk" nie.

'n Tweede punt van kritiek het gehandel oor die tydstip van die publikasie en die aanname word gemaak dat hier 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

duidelike poging was om die Algemene Sinode wat later in die jaar sou vergader te beïnvloed.

Derdens is die eenheidsstandpunt van die *Brief* gekritiseer. Waar die ondertekenaars juis die Skrif se siening oor sigbare eenheid wou beklemtoon, is hier weer eens gemeld dat die "geestelike eenheid" tog ook in die Suid-Afrikaanse konteks bestaan.

Vierdens is 'n duidelike poging aangewend om die gesag van die *Brief* te negeer deur die meerderheid van die ondertekenaars uit te wys as persone *buite* die Moederkerk.

Die opmerking dat die Breë Moderatuur nie die *Brief* wou ontvang nie, wat saam met die *Brief* gepubliseer is, het die Breë Moderatuur duidelik gedwing om sy optrede te verantwoord. Onder die titel: "Die Breë Moderatuur se leiding oor die ope brief" het ds JE Potgieter die standpunt van die Breë Moderatuur in *Die Kerkbode* gestel. Hy het dit duidelik gestel dat dit nie vir die Breë Moderatuur om die persoon gaan nie, maar om die saak, en verder: "Dit is so dat daar in die verlede uitsonderings gemaak is en dat die Breë Moderatuur 'n versoek of skrywe



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van 'n ring of ander instansie ontvang en daarop gereageer het. Dit was elke keer in nood- of krisistye van droogte of spanning in ons land, en gewoonlik het dit op die bepaling van 'n dag van verootmoediging en gebed uitgeloop.

Wat die Ope Brief betref, is daar geoordeel dat dit nie 'n krisis- of noodgeval is nie, dat die verskillende sake wat daar aangeroer word op verskillende manier en in verskeie verslae aan die Algemene Sinode voorgelê sal word en dat die sake self reeds dikwels in die verlede onder die aandag van die kerklike publiek gekom het.

Die leiding en advies wat in 'n broederlike onderhoud aan die broers gegee is, was om die brief voorlopig te bêre en liefs terug te trek.

Indien die Algemene Sinode oor 'n paar maande nie aan die verwagtinge voldoen nie, kan verdere optrede en besluite oorweeg word. Daar is ook gewys op die belangrike en moeilike vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke wat in Augustus vanjaar in Ottawa gehou word en dat die bekendmaking van so 'n brief op hierdie tydstip dit nie vir die Kerk makliker nie, maar eerder moeiliker maak.

Andermaal is daar nie na die advies en leiding van die Breë Moderatuur geluister nie en het die broers besluit



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om hulle eie weg van optrede te volg. Of hulle daarmee die saak gedien en daaruit wins behaal het, moet die toekoms leer."[165]

Op hierdie antwoord van die Breë Moderatuur kan geen kritiek gelewer word nie. Wat egter wel waar is, is dat daar 'n groot kloof tussen die briefskrywers en die Breë Moderatuur bestaan het. Dit word duidelik uit die feit dat die ondertekenaars dit dringend noodsaaklik geag het dat hulle stem voor Ottawa gehoor word, omdat dit die saak van die kerk sou bevorder, terwyl die Breë Moderatuur duidelik van oortuiging was dat daar geen dringendheid aan die *Brief* was nie, en dat dit juis *nie* voor Ottawa die lig moes sien nie. Hierdie verskil van mening het noodwendig tot die publikasie van die *Brief* gelei. 'n Hele aantal artikels het daarop in *Die Kerkbode* verskyn waarin beswaar gemaak is teen die metode wat gevolg is, onder andere deur dr DD Roslee: "Metode is onkerkregtelik";[166] ds OSH Raubenheimer snr.: "Sinodebeleid is die beste";[167] ds Snyman: "Hierdie pad is vreemd aan die NG Kerk";[168] en 'n venynige artikel aanval deur dr Attie van der Colf: "Nou speel julle vir die pawiljoen".[169]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die metode wat gevolg is was duidelik vir baie 'n steen des aanstoots. Die vraag wat egter gevra moet word is of die metode werklik die probleem was, en of dit nie bloot 'n rookskerm was waaragter diegene wat hulle nie met die inhoud wou of kon vereenselwig nie, geskuil het. Die geldigheid van hierdie vraag word beklemtoon deur die feit dat diegene wat hulle wel met die inhoud van die *Brief* kon vereenselwig nie kon verstaan hoe die kerkorde 'n struikelblok kan wees nie. So skryf dr W du Preez van Sunnyside byvoorbeeld: "Ek wil langs hierdie weg my teleurstelling uitspreek oor die negatiewe reaksie van die Breë Moderatuur by monde van ds Kobus Potgieter (Beeld 9 Junie), en van Die Kerkbode (9 Junie), op die brief van die 123 gelegitimeerdes van die NG Kerk.
Die Breë Moderatuur se verskoning dat hulle aan geen manier kon dink om by die prosedurehindernis verby te kom en hierdie uiters aktuele saak onder die aandag van die Algemene Sinode te bring nie, getuig myns insiens van 'n jammerlike willoosheid om werklik, erns te maak met die inhoud van die brief. Die bekende Afrikaanse spreekwoord is sekerlik hier van toepassing: Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg!"[170]

Op 21 Julie het 'n verdere brief wat deur 'n aantal



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

predikante onderteken is in *Die Kerkbode* verskyn onder die titel: "Gekibbel oor prosedure is betreurenswaardig" Die brief het as volg gelui: "Ons, predikante en gelegitimeerdes van die NG Kerk, voel ons gedronge om soos volg te reageer op die ope brief van die 123:

# Ons vereenselwig ons met die bewoëndheid oor die kerk wat spreek uit hulle brief.

# Ons bely ook ons aandadigheid aan die verskeurdheid binne die kerk en die gevolglike gebrekkige getuienis van die kerk teenoor die samelewing.

# Ons ondervind moeite om te begryp hoe die NG Kerk in sy amptelike gestalte in hierdie tydsgewrig 'n effektiewe getuienis teenoor die samelewing kan lewer, tensy hy homself eers biddend afvra of die Skrif en die Skrif alleen nog die norm vir sy bestaan en boodskap is.

# Hoewel ons die ope brief nie woord vir woord onderskryf nie, beskou ons die deel daarvan wat spesifiek op die kerk betrekking het, as 'n dringende wekroep wat slegs tot verlies van eer vir die Koning van die kerk verontagsaam kan word.

# Gevolglik betreur ons die feit dat die diskussie wat die inhoud van die brief verdien, nie op dreef kan kom nie vanweë die futiele gekibbel oor prosedure-aangeleenthede.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# Alle suggesties as sou die integriteit van die ondertekenaars van die brief onder verdenking staan, asook dat daar bybedoelinge aan die aanvanklike geheimhouding sou wees, word deur ons met nadruk verwerp."[171]

Die brief is onderteken deur: di FP Avenant, JN Boshoff, AJ Burger, GF de Kock, BJ du Toit, FS Marincowitz, MJ Oosthuizen, JC Oosthuysen, AM Pienaar, PDF Strijdom, G Thom, JG van der Watt en WV van Deventer.

Wat die inhoud van die *Brief* betref, was die kritiek wat daarop gelewer is, die "tradisionele beleid" van die Ned. Geref. Kerk. Alles in die *Brief* wat hiermee ooreengestem het, is met rus gelaat, en wat daarvan verkil het is gekritiseer. In die kritiek is telkens teruggeval op die paktiese implikasie en die beleid van afsonderlike ontwikkeling.[172]

In die geheel gesien was die kritiek teen die inhoud maar 'n druppel in die emmer. Die vraag wat hierop gevra moet word, is: Was dit 'n teken van 'n belangrike verruiming wat in die denke van die Ned. Geref. Kerk aan die plaasvind was. - Pas twee jaar gelede is die ondertekenaars van die *Hervormingsdaggetuienis* venynig aangeval



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

oor die inhoud van hulle getuienis. Hier was nou 'n brief wat die inhoud van die *Getuienis* per implikasie heelwat duideliker kom uitspel het en al die kritiek word gelewer op die "kerklike weg" wat nie gevolg is nie - of was die kerkleiding bloot besig om agter 'n rookskerm van die "kerklike weg" te skuil, ter wille van die Ned. Geref. Kerk se posisie by die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke wat later in die jaar in *Ottawa* sou plaasvind? Aan hierdie vrae sal in die beoordeling aandag gegee word.

4.3.5 'n Boordeling van die Ope Brief

Die *Ope Brief* was in geheel gesien 'n positiewe gebeurtenis in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk - 'n gebeurtenis waarvan die waarde nie hoog genoeg aangeslaan kan word nie. Alhoewel die hele debat rondom die metode wat gevolg is 'n groot mate van omstredenheid tot gevolg gehad het, het die *Brief* wel in sy doel geslaag - naamlik om gesprek en diskussie uit te lok. Ongelukkig het daar oor die inhoud min ter sprake gekom en is die debat afgewentel na die prosedure wat gevolg is. Die Breë Moderatuur het inderdaad kerkregtelik korrek opgetree deur nie die *Brief* te ontvang nie, hoofsaaklik omdat hulle nie die dringendheid daarvan kon insien nie. Dit is juis hier waar die groot verskil in



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

denke binne die Ned. Geref. Kerk ook na vore gekom het. Enersyds was daar diegene wat bekommerd begin raak het omdat die uurglas besig was om leeg te loop. Andersyds was daar 'n groep in die kerk wat van mening was dat die Ned. Geref. Kerk wel aan die besin was, en dat die pas vinnig genoeg was. Juis daarom moet gevra word of die optrede van die Breë Moderatuur nie anders sou gewees het, as hulle hulle ten volle met die inhoud kon vereenselwig nie. Alhoewel hulle korrek was in hulle optrede, het húlle die ondertekenaars gedwing om die *Brief* op 'n ander wyse bekend te maak.

Dat die opstellers van die *Brief* op 'n ietwat geheimsinnige wyse te werk gegaan het met die werf van steun van die *Brief* kan nie sondermeer veroordeel word nie. Indien die *Brief* te vroeg bekend sou word, sou dit al sy trefkrag verloor, is die mening van dr W Nicol, een van die ondertekenaars. Die feit dat daar op 'n vertroulike wyse te werk gegaan is, het nie noodwendig iets sinisters veronderstel nie. Die *Brief* is bloot tussen eendersdenkendes gesirkuleer, met die versoek dat dit stilgehou word en tog het die ondertekenaars hulle hierdeur die teiken van verdagmakery gemaak.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Alhoewel daar dus wel geldige kritiek teen die metode wat met die *Brief* gevolg is bestaan, was dit die inhoud van die *Brief* wat 'n groot winspunt was. Hierdie feit word beklemtoon deur die positiewe reaksie wat veral uit die Dogterkerke gekom het.[173]

Prof JA Heyns het in 'n belangrike forum-artikel van *Die Kerkbode* aangetoon waarom die *Ope Brief* 'n belangrike gebeurtenis was. Omdat die artikel binne dieselfde tydsgewrig as die *Ope Brief* geskryf is, is dit van besondere belang.[174] In die betrokke artikel was Heyns ook van mening dat niemand die Breë Moderatuur kon verkwalik dat hulle nie die *Brief* ontvang het nie. 'n Belangrike vraag wat Heyns egter gevra het, is of die betrokke bepaling van die kerkorde 'n goeie bepaling is. "Dien dit die saak van die Kerk of dien dit net die orde?"[175]

Heyns het verder gesê dat hy in hierdie *Brief* "n noodkreet om gespreksgeleentheid" hoor. Hy het voorts gesê: "Ek hoor stemme wat roep om helderheid en duidelikheid te midde van groot onsekerheid en verwarring"[176] en verder "Ons mag dus by 'n geregtelike beoordeling van die hantering van die brief nie bly steek nie. Ons sal dieper moet deurdring en die nood probeer bepaal wat hier agter lê. Die nood om



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gespreksgeleentheid. Die brief mag om ordelike rede weggewys word, maar daarmee is die inhoud van die brief nog nie afgewys nie."[177]

Heyns was verder van mening dat die belangrike vraag wat gevra moes word, was: "Wat is die oordeel van die Skrif oor die sake wat hier aan die orde gestel is? En dan sal niemand durf ontken nie dat hier sake aangeroer word wat uit die hart van die Skrif geneem is."[178] Hy gaan verder deur te vra of die taak van die kerk nie die bediening van die versoening is nie, of die kerk nie 'n profetiese taak het nie, en of die eenheid van die kerk nie ruimte maak vir die verskeidenheid binne die kerk ten opsigte van taal en kultuur nie. Dit is syns insiens hierdie en ander sake wat die ondertekenaars aan die diskussie van die kerk wou onderwerp.

Hy het voortgegaan: "Hulle antwoord nie op alle probleme nie. Byvoorbeeld: Watter gestalte moet aan die eenheid van die Kerk binne die verband van die NG Kerk gegee word? Dit word alleen gekonstateer en geen oplossing word gebied nie. Ons sal dus by 'n beoordeling van hierdie brief ons steeds moet afvra of die Kerk hom hieroor al duidelik genoeg uitgespreek het?" Heyns vra verder die belangrike vraag



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

naamlik: Of die kerk nog met *Ras, Volk en Nasie* wat in 1975 verskyn het kan volstaan, of was daar dalk dinge wat op 'n nuwe manier gesê moes word. "Vra nuwe tye nie ook nuwe antwoorde nie? Het ons bygebly, of het ons die proses van voortdurende reformasie êrens laat stol?"[179]

Heyns was verder van mening dat hy in die *Brief* die noodkreet hoor: "Laat ons tog nie rus op ons louere nie. Laat ons terwyl ons luister na Gods Woord, worstel om dit opnuut vir ons tyd te formuleer. Laat ons ons omstandighede nie sien as 'n verleentheid nie, maar as 'n Godgegewe geleentheid om die heerlike en diepe betekenis van die evangelie konkreet uit te spel tot die eer van Hom wat ons in hierdie land geroep het, maar ook tot 'n klinkende boodskap vir die wêreld."[180]

Hy het voorts gesê: "Die inhoud van die brief mag hier in ons eie land verskillend beoordeel word. In die buiteland weet ek sal dit verwelkom word. Natuurlik doen ons dinge nie steeds met die oog op die buiteland nie. Ons moet dit doen omdat dit reg is, omdat die Bybel ons dit gebied. En tog sal die buiteland dit sien as tekens van 'n kerk wat worstel met fundamentele sake" en verder "Om krities met jouself besig te wees in die lig van die Skrif, is waarlik



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

nie 'n aanslag teen die Kerk nie, maar is geloofsgehoorsaamheid. Om te verander waar verander moet word, is nie lafhartig nie, maar geloofsmoed. Om nie te verander waar verander mag word nie is geloofsinnig" en verder: "Ek het begin deur te sê dat die ope brief 'n belangrike gebeurtenis is. En waar is die belangrikheid geleë? Dit is simptomaties van wat daar lewe in die harte van (sommige) van ons mense: dit is 'n vraag of ons reglemente en manier van sinodale byeenkomste aan die eise van die tyd kan beantwoord, dit is tekens van ernstige worsteling met basiese Skrifwaarhede, en eindelik is dit 'n oproep om self te besin oor sake wat ons bestaan en voortbestaan as kerk in hierdie land raak."[181]

Die geskiedenis het bevestig dat JA Heyns reg was. In die jare voor 1986 het ook hierdie *Brief* 'n reuse rol gespeel in die verandering wat in die Ned. Geref. Kerk aan die plaasvind was. Ook in 1990 staan die kerk nog steeds voor dié oproép!

### 4.4 *DIE VERGADERING VAN DIE WÊRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE: OTTAWA 1982*

Waar die eerste twee belangrike impulse op weg na 'n nuwe beleid *vanuit* die Ned. Geref. Kerk self gekom het sou die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie 'n aanslag teen die Kerk nie, maar is geloofsgehoorsaamheid. Om te verander waar verander moet word, is nie lafhartig nie, maar geloofsmoed. Om nie te verander waar verander mag word nie is geloofsinnig" en verder: "Ek het begin deur te sê dat die ope brief 'n belangrike gebeurtenis is. En waar is die belangrikheid geleë? Dit is simptomaties van wat daar lewe in die harte van (sommige) van ons mense: dit is 'n vraag of ons reglemente en manier van sinodale byeenkomste aan die eise van die tyd kan beantwoord, dit is tekens van ernstige worsteling met basiese Skrifwaarhede, en eindelik is dit 'n oproep om self te besin oor sake wat ons bestaan en voortbestaan as kerk in hierdie land raak."[181]

Die geskiedenis het bevestig dat JA Heyns reg was. In die jare voor 1986 het ook hierdie *Brief* 'n reuse rol gespeel in die verandering wat in die Ned. Geref. Kerk aan die plaasvind was. Ook in 1990 staan die kerk nog steeds voor dié oproép!

## 4.4 *DIE VERGADERING VAN DIE WÊRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE: OTTAWA 1982*

Waar die eerste twee belangrike impulse op weg na 'n nuwe beleid *vanuit* die Ned. Geref. Kerk self gekom het sou die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

ander twee van buite die kerk kom. Nietemin sou hulle van deurslaggewende belang wees. Die eerste van laasgenoemde was die byeenkoms van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WGK) in *Ottawa* 1982. Tydens hierdie byeenkoms is die spreekwoordelike finale spyker in die ekumeniese isolasiekis van die Ned. Geref. Kerk geslaan, en alhoewel die reaksie daarop uiteenlopend was, was dit 'n duidelike teken aan die Ned. Geref. Kerk dat hy met sy beleid van "afsonderlike ontwikkeling" nie meer in ekumeniese kringe welkom was nie.

4.4.1 Die Aanloop

Reeds voor die vergadering van die WGK in Augustus 1982 was daar duidelike aanduidings dat die Ned. Geref. Kerk sou deurloop op die byeenkoms. Hierdie afleiding is gemaak op grond van die uitnodiging wat die WGK aan dr Allan Boesak gerig het om 'n referaat oor rassisme te lewer. *Die Kerkbode* het hom as volg hieroor uitgelaat: "Soos te verwag is van hierdie vurige aanvoerder van die Broederkring en die Swart Alliansie van Gereformeerde Christene, is dit nie net die Blankes van Suid-Afrika wat in sy referaat deurloop nie, maar veral die Ned. Geref. Kerk."[182]

Die titel van dr Boesak se referaat was: "God made us all but ... Racism and the World Alliance of Reformed



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Churches."[183] Omdat hierdie referaat duidelik 'n geweldige invloed sou uitoefen op die WGK is dit nodig om kortliks na die inhoud daarvan te kyk.

Boesak het begin deur te sê dat die WGK sedert 1970 wat rassisme betref 'n lae profiel gehandhaaf het. Alhoewel daar verskeie redes daarvoor bestaan het, was hy oortuig dat die tyd aangebreek het: "for the World Alliance to take a firm stand on the issue of racism, a stand that is its own, based on its concern for and solidarity with those churches within its fellowship that suffer under racism, and based on its own understanding of the gospel and the Reformed tradition."[184]

Hy het voorts 'n aantal redes genoem waarom die WGK 'n meer aktiewe rol in die stryd teen rassisme moes speel. Dit was die volgende:

"1. Black thinker and activist WEB Dubois has been proven absolutely correct in his prediction that one of *the* problems of the twentieth century would be the race problem.

2. The admirable work of the World Council of Churches in this regard for the last ten years or more has shown beyond doubt the insidious and extremely dangerous nature of



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

racism.

3. Moreover, instead of abating, racism has grown. Christians in western Europe have become increasingly aware of the problem there, and in the United States racism in numerous ways has once more taken on a cloak of respectability.

4. Racism has teken on new, subtler forms and has found powerful allies in such ideologies as militarism, nationalism, and the doctrine of national security.

5. In the political field, it seems that 'liberal politics' has come to the end of its solutions and its energies. In the United States, for example, the impasse is painful, and the general reaction of many liberals is to 'out-conserve' the conservatives. The responsibility of the church in such a situation, is, now more than ever before, to challenge not only the myopic theologized patriotism of yet another brand of 'evangelicalsm,' but to proclaim the vision of the kingdom of God that transcends the narrow boundaries of race and nationalism, and brings justice to the poor and oppressed.

6. A last reason lies in the reality of the situation of the Republic of South Africa itself. Not only is South Africa the most blatantly racist country in the world, but it is also the country where the church is most openly identified with the racism and oppression that exist in



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

that society."[185]

Hy het voortgegaan deur die Ned. Geref. Kerk uit te sonder as dié sondebok: "the white Dutch Reformed churches must assume special responsibility for the situation" en verder "for the struggle in South Africa is not merely against an evil ideology; it is against a pseudo-religious ideology that was born in and continues to be justified out of the bosom of the Reformed churches. The consequences of this for the future of the Christian church in South Africa are staggering, for ultimately, beyond denomination and tradition, the credibility of the gospel of Jesus Christ is at stake."[186]

Onder die opskrif: "Racism: Structured Sinfulness" dui Boesak aan wat hy onder rassisme verstaan: "First of all, racism is an ideology of racial domination that incorporates beliefs in the cultural or inherent biological inferiority of a particular ethnos" en verder "It is not merely a vague feeling of racial superiority, but a system of domination, furnished with social, political, and economic structures of domination. To put it another way, racism excludes groups on the basis of race or colour."[187]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Secondly, racism has not always been with us. It came in the wake of European colonization. It became an essential part of an historical process of cultural, economic, political and psychological domination, and continues to manifest itself in all these areas."[188]

"Thirdly, however true these observations may be, Christians must say more. Racism is sin. It denies the creatureliness of others. It denies the truth that all human beings are made in the image of the God and Father of Jesus Christ." Boesak sê voorts: "Racism is a form of idolatry in which the dominant group assumes for itself a status higher than that of groups in society. By its political, military, and economic power it seeks to play God in the lives of others. The history of white racism is replete with examples of it. Racism has brought dehumanization, has undermined Black personhood, destroyed the human-beingness of those who are called to be the children of God."[189] en verder "Most of all, racism denies the liberating, humanizing, reconciling work of Christ, the promised one who has taken on human form, thereby reaffirming human worth in the sight of God."[190]

Hy gaan voort: "In 1981 South African society is still



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

based on white racism, and is maintained by escalating violence and oppression"[191] verder "South Africa is not the only place in the world where oppression and exploitation are the daily bread of the poor and the defenceless. What is unique, however, is the role of the churches. In a very important address given in 1980, the Rev. DP Botha showed conclusively that the present policy of apartheid is essentially the missionary policy of the white Dutch Reformed Church. The white Dutch Reformed Church has not only provided a theological justification for this policy, it also worked out, in considerable detail, the policy itself. It was the white Dutch Reformed Church that, from 1932 on, sent delegation after delegation to the goverment to support proposals for racial legistation"[192] en verder "It was these plans the church finally presented to the Natonalist Party in 1947. The Nationalist Party accepted them and the programme won at the polls in 1948. In fact, Botha says: 'The role of organizations like the FAK and the Broederbond [outspoken pro-apartheid groups] fade into insignificance compared to the overwhelming role of the church [the white Dutch Reformed Church] in preparing the Afrikaner to accept and vote for a socio-political programme that will revolutionize South African life."[193]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na hierdie aanval op die Ned. Geref. Kerk het hy voortgegaan: "Within the Reformed family, racism has made it virtually impossible to share with one another that most significant act within the community of the faithfull, a natural expression of the unity of the body of Christ: the Lord's Supper."[194]

In die laaste deel van sy referaat het hy spesifiek aandag gegee aan die "Challenge to the World Alliance of Reformed Churches."[195] Hy het gesê: "The World Alliance of Reformed Churches is a Confessional family. The rationale for its existence, the the strength of its existence, is the uniqueness and significance of the Reformed tradition and its contribution to the witness of the church of Jesus Christ in the world. It is clear that the World Alliance of Reformed Churches has a special responsibility in this particular situation. Since 1976 the crisis in South Africa has taken on frightening proportions. The events of 1980 underscored it and the blood of hundreds of children is a chilling reminder of the sacrifices needed to still the cravings of the Moloch that apartheid has become."[196]

Hy het voorts gesê: "The World Alliance of Reformed Churches should accept the challenge to condemn apartheid



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

as undergirded by the gospel and presented as to commensurate with the reformed tradition by the white Dutch Reformed churches in South Africa.

The World Alliance of Reformed Churches should reaffirm that racism is a sin, should reaffirm its support for the World Council of Churches, and should encourage those member churches who are also members of the World Council of Churches to continue their prayerful support of the WCC Programme to Combat racism.

With regard to the South African situation, the World Alliance of Reformed Churches should accept its special responsibility. It should declare that apartheid, in the words of the 1978 synod of the Dutch Reformed Mission Church, is 'irreconciliable with the Gospel of Jesus Christ.' If this is true, and if apartheid is also a denial of the Reformed tradition, then it should be declared a heresy."[197]

Nadat hy weer eens na die verdeeldheid binne die Ned. Geref. Kerkfamilie verwys het sluit hy af: "In South Africa, as I have noted, apartheid is not just a political ideology. Its very existence as a political policy has depended and still depends on the theological justification by certain member churches of the World Alliance of Reformed Churches.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

For Reformed churches, this situation should constitute a *status confessionis*. Reformed churches should recognize that apartheid is heresy, contrary to the gospel and inconsistent with the reformed tradition. Consequently the Reformed churches should reject apartheid as such.

I realize that this may be a difficult issue for the World Alliance of Reformed Churches. But it is an issue too long deferred. It would be well to remember the words of Dietrich Bonhoeffer, that fearless partisan in the service of Jesus Christ, as he spoke to the ecumenical movement at a time not unlike that in South Africa today:

> 'Not to act and not to take a stand, simply for fear of making a mistake, when others have to make infinitely difficult desisions every day, seems to me to be almost a contradiction of love ... Too late means *never*. If the ecumenical movement does not see this now and if there are none who are *violent to take heaven by force* (Matt 11:12), then the ecumenical movement is no longer the church, but a useless association for making fine speeches.'

And in terms of the meaning of racism, remember the words of Calvin as he comments on 1 Corinthians 7:23:

> 'That we have been redeemed by Christ at so great a price as our redemption cost him, so that we should not



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

enslave ourselves to the wicked desires of men - much less be subject of their impiety'"[198]

In die lig van die inhoud van hierdie referaat was dit duidelik wat die Ned. Geref. Kerk te wagte kon wees. Dit sou slegs die begin wees van 'n goed georkestreerde poging om die Ned. Geref. Kerk en sy beleid finaal voor die wêreld te ontmasker. Hierin sou Allan Boesak 'n reuse rol speel.

4.4.2 Ottawa 17 - 27 Augustus 1982

Die 21 ste Algemene Vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke is vanaf 17 tot 27 Augustus 1982 in *Ottawa*, Kanada gehou.[199] Die afvaardiging van die Ned. Geref. Kerk het bestaan uit: ds JE Potgieter, dr P Rossouw en proff JA Heyns en J du Preez, terwyl ds PES Smit die verrigtinge bygewoon het as verslaggewer.[200] Heel van die begin af het dinge verkeerd geloop vir die Ned. Geref. Kerk, soos duidelik blyk uit die sogenaamde Nagmaalsboikot.

4.4.2.1 Die Nagmaalsboikot

Die 21 ste Algemene Vergadering van die WGK is op Dinsdag 17 Augustus 1982 geopen met 'n gesamentlike nagmaalsdiens wat om 10:00 begin het en gehou is in Dominion-Chalmers Church (United Church of Canada).[201] Die diens is gelei



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

deur die President, Rev dr James I Mc Cord. Kort voor die nagmaalsdiens sou begin het die gebeure 'n belangrike wending geneem toe dr Mc Cord toestemming verleen het aan 'n afgevaardigde van die Ned. Geref. Kerk in Afrika om 'n verklaring aan al die afgevaardigdes voor te lees. Die verklaring het as volg gelui:

"Dear Sisters and Brothers,

There are some South Africans who have participated with pain up to this point in the Service, and who now feel constrained not to take part in the Lord's Supper, which is the essence of christian fellowship (Matt. 5:23-24). the reasons for this refusal are threefold.

1. In our country, by custom and by church decision which are defended theologically, Black people are not permitted to partake of the Lord's Supper in the N.G.K. and the N.H.K.

2. The theological heresy which undergirds apartheid, racism finds its origin in separate communion. Our refusal to participate is a choice for righteousness and a refusal to reinforce the christian roots of our oppression.

   These churches, which are members of the WARC have consistently refused to have genuine recon-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ciliation with us Black Christians, through a confrontation with the evil of apartheid and by participating in the search for justice and peace and true humanity. To share communion with those who represent this disobedience to the Gospel would mean eating and drinking judgement upon ourselfs. 'For if he does not recognise the meaning of the Lord's body when he eats the bread and drinks from the cup, he brings judgement upon himself as he eats and drinks.' (I Cor. II.29).

3. Our refusal to paricipate, anticipates the day of our freedom when we shall all - Black and White - drink from one cup and eat from one loaf."[202]

Hierop het elf van die Suid-Afrikaners wat die diens bygewoon het, waaronder dr Allan Boesak van die Ned. Geref. Sendingkerk en dr Charl le Roux, moderator van die Reformed Church in Africa uit die diens gestap.[203] Hoewel die boikotgroep nie die nagmaal ontwrig het of 'n grootskaalse onttrekking daaraan deur WGK-afgevaardigdes veroorsaak het nie, het hierdie optrede, meer as enige dokument of toespraak die onoorbrugbare kloof tussen die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Ned. Geref. Kerk en sommige Swart lidmate van die jonkerke geartikuleer. Hierdie simboliese optrede sou die weg aandui waarlangs die vergadering met die Ned. Geref. Kerk sou handel, en tog het die boikotters nie skotvry gekom nie. Betekenisvol was veral die verklaring van die Ned. Geref. Kerk in Afrika afgevaardigdes dat "hierdie soort optrede nie by die kinders van die Here pas nie."[204a]

'n Verdere voorbeeld van die antipatie wat teenoor die Ned. Geref. Kerklidmate geheers het was die feit dat ds Shun Govender wat in Nederland met studies besig was, geweier het om dr Abraham Luckhoff, *Rapport* se verteenwoordiger by die vergadering se hand te skud. Binne hierdie gelaaide atmosfeer sou die res van die vergadering verloop. Dit sou egter nie lank duur voordat nog 'n klap na die Ned. Geref. Kerk uitgedeel sou word nie. Dit sou geskied by wyse van die voorlees van 'n brief van dr Beyers Naudé.

4.4.2.2 Die Naudé-brief

Die vergadering het op Maandag 23 Augustus om 16:00 byeengekom vir die middag-sitting. Nadat die Algemene Sekretaris, dr Edmond Perret, verskeie groeteboodskappe



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

aan die vergadering oorgedra het, het hy die volgende brief van dr Beyers Naudé aan die vergadering voorgelees:

"Although silenced in my own country, I believe that I speak on behalf of many Christians in South Africa, including Christians of the Reformed family of Churches when I assure you of our sincere wishes for a very fruitful gathering and our fervent prayer that the Council's deliberations will convey a clear message of hope for the suffering, of justice for the oppressed and of liberation for all the people of our land from the inhuman system of afpartheid.

Your brother in Christ

Beyers Naudé"[204b]

Dat hierdie brief die beeld van die Ned. Geref. Kerk verder skade berokken het, kan nie ontken word nie. *Die Transvaler* het op sy voorblad onder die titel: "Naudé-brief kelder SA kerke" die gebeure reg geïnterpreteer: "Een van die spykers in die doodskis van die NG en Hervormde Kerk op die Geformeerde Kerkeberaad in Ottawa, Kanada, was 'n brief van dr. Beyers Naudé."[205]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Hier was 'n duidelike lyn in die gebeure sigbaar. Na die Nagmaalsboikot, het dr Allen Boesak op Woensdag 18 Augustus 1982 die Bybelstudie gelei uit Ex 20:18-21.[206] Tydens hierdie geleentheid het hy ook sy referaat gelewer (vgl 4.4.1) en op Maandag 23 Augustus is dr Beyers Naudé se brief gelees. Dit het alles opgeloop na die middag-sessie van Woensdag 25 Augustus 1982, toe die dokument "Racism and South Africa" aan die orde gestel is.[207]

4.4.2.3 <u>"Racism and South Africa" aan die orde</u>

Die Algemene vergadering is om 14:15 deur die President dr JI Mc Cord tot orde geroep. Direk daarna het Mc Cord die vergadering meegedeel dat: "the afternoon session on Apartheid would be televised and he requested that whatever action is taken, the delegates refrain from cheering and applause."[208]

Hierdie was duidelik ook 'n beplande stap om die Ned. Geref. Kerk voor stok te kry. Die feit dat die gebeure op televisie uitgesaai is, het dit in 'n heel ander lig gestel. Die Ned. Geref. Kerk sou nie net voor die vergadering teregstaan nie, maar as't ware voor die wêreld.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dr Lukas Vischer, voorsitter van die: "Committee on Reformed Witness Today" het die eerste deel van die dokument "Racism and South Africa" aan die vergadering voorgehou. Dit het soos volg gelui:

"God in Jesus Christ has affirmed human dignity. Through his life, death and resurrection he has reconciled people to God and to themselves. He has broken down the wall of partition and enmity and has become our peace. He is the Lord of His church who has brought us together in the one Lord, one faith one baptism, one God who is the father of us all (Eph. 4:5,6).

The Gospel of Jesus Christ demands, therefore, a community of believers which transcends all barriers of race - a community in which the love for Christ and for one another has overcome the divisions of race and colour.

The Gospel confronts racism, which is in its very essence a form of idolatry. Racism fosters a false sense of supremacy, it denies the common humanity of believers, and it denies Christ's reconciling, humanising word, It systematises oppression, domination and injustice. As such the struggle against racism, wherever it is found, in overt and covert forms, is a responsibility laid upon



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

the church by the Gospel of Jesus Christ in every country and society.

At the present time, without denying the universality of racist sin, we must call special attention to South Africa. Apartheid (or 'Separate Development') in South Africa today poses a unique challenge to the church, especially the churches in the Reformed tradition. The white Afrikaans Reformed Churches of South Africa through the years have worked out in considerable detail both the policy itself and the theological and moral justification for the system. Apartheid ('Separate Development') is therefore a pseudo-religious ideology as well as a political policy. It depends to a large extent on this moral and theological justification. The division of Reformed churches in South Africa on the basis of race and colour is being defended as a faithful interpretation of the will of God and of the Reformed understanding of the church in the world. This leads to the division of Christians at the table of the Lord as a matter of practice and policy, which has been continually affirmed save for exceptional circumstances under special permission by the white Afrikaans Reformed Churches. This situation brings a particular challenge to the WARC.

This is not the first time that the Alliance has dealt



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

with this issue. In 1964 the General Council, meeting in Frankfurt, declared that racism is nothing less than a betrayal of the Gospel: 'The unity in Christ of members, not only of different confessions and denominations, but of different nations and races, points to the fullness of the unity of all in God's coming kingdom. Therefore the exclusion of any person on grounds of race, colour or nationality, from any congregation and part of the life of the church contradicts the very nature of the church. In such a case, the Gospel is actually obscured from the world and the witness of the churches made ineffective. In 1970, the General Council held in Nairobi confirmed this stance: 'The church must recognise racism for the idolatry it is ... The church that by doctrine and/or practice affirms segregation of peoples (e.g. racial segregation) as a law for its life cannot be regarded as an authentic member of the body of Christ.' This strong language by the WARC was not heeded by the Nederduitse Gereformeerde Kerk and the Nederduitse Hervormde Kerk who were mentioned by name, and it was not given any follow-up by the WARC itself.

The General Council of the WARC meeting in Ottawa 1982 declares:

The promises of God for his world and for his church are



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in direct contradiction to apartheid ideals and practices. These promises, clearly proclaimed by the prophets and fulfilled in Christ, are peace, justice and liberation. They contain good news for the poor and deliverance for the opressed, but also God's judgement on the denial of rights and the destruction of humanity and community.

We feel duty bound by the Gospel to raise our voice and stand by the oppressed. 'None of the brethren can be injured, despised, rejected, abused, or in any way offended by us, without at the same time injuring, despising and abusing Christ by the wrongs we do ... we cannot love Christ without loving Him in the brethren' (Calvin).

In certain situations the confession of a church needs to draw a clear line between truth and error. In faithful allegiance to Jesus Christ it may have to reject the claims of an unjust or oppressive goverment and denounce Christians who aid and abet the oppressor. We believe that this is the situation in South Africa today.

The churches which have accepted Reformed confessions of faith have therefore committed themselves to live as the people of God and to show in their daily life and service what this means. This commitment requires concrete manifestation of community among races, of common witness to injustice and equality in society, and



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

of unity at the table of the Lord. The Nederduitse Gereformeerde Kerk and the Nederduitse Hervormde Kerk, in not only accepting, but actively justifying the apartheid system by misusing the Gospel and the Reformed confession, contradict in doctrine and in action the promise which they profess to believe.

Therefore, the General Council declares that this situation constitutes a *status confessionis* for our churches, which means that we regard this as an issue on which it is not possible to differ without seriously jeopardizing the integrity of our common confession as Reformed churches.

We declare, with Black Reformed Christians of South Africa that apartheid ('Separate Development') is a sin, and that the moral and theological justification of it is a travesty of the Gospel, and in its persistent disobedience to the Word of God, a theological heresy."[209]

Hierna is die tweede deel van die verslag deur dr Hans-Helmut Esser aan die vergadering voorgelees:[210]

1. The General Council of the WARC affirms earlier statements on the issue of racism and apartheid ('separate development') in 1964 and 1970, and reiterates its firm conviction that apartheid



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

('separate development') is sinful and incompatible with the Gospel on the grounds that:

a. it is based on a fundamental irreconcilability of human beings, thus rendering innefective the reconciling and uniting power of our Lord Jesus Christ;

b. in its application through racist structures it has led to exclusive privileges for the white section of the population at the expense of the blacks; and

c. it has created a situation of injustice and oppression, largescale deportation causing havoc to family life, and suffering to millions.

Apartheid ('separate development') ought thus to be recognized as incurring the anger and sorrow of the God in whose image all human beings are created.

2. The General Council expresses its profound disappointment that despite earlier appeals by WARC General Councils, and despite continued dialogue between several Reformed Churches and the white Dutch Reformed Churches over twenty years, the Nederduitse Gereformeerde Kerk (in the Republic of South Africa) and the Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika have still not found the courage to realize that apartheid ('separate development') contradicts the very nature



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

of the Church and abscures the gospel from before the world; the Council therefore pleads afresh with these Churches to respond to the promises and demands of the Gospel.

3. The General Council has a special responsibility to continue to denounce the sin of racism in South Africa as expressed in apartheid ('separate development'). It is institutionalized in the laws, policies and structures of the nation; it has resulted in horrendous injustice, suffering, exploitation and degradation of millions of black Africans for whom Christ died; and it has been given moral and theological justification by the white Dutch Reformed Churches in South Africa who are members of the WARC and with whom we share a common theological heritage in the Reformed tradition.

4. Therefore, the General Council, reluctantly and painfully, is compelled to suspend the Nederduitse Gereformeerde Kerk (in the Republic of South Africa) and the Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika from the privileges of membership in the WARC (i.e. sending delegates to General Councils and holding membership in Departmental committees and commissions), until such time as the WARC Executive Committee has deter-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

mined that these two Churches in their utterances and practice have given evidence of a change of heart. They will be warmly restored to the full privileges of membership when the following changes have taken place:

a. Black Christians are no longer excluded from church services, especially from Holy Communion;

b. Concrete support in word and deed is given to those who suffer under the system of apartheid ('separate development').

c. Unequivocal synod resolutions are made which reject apartheid and commit the Church to dismantling this system in both church and politics.

The General Council pays respect to those within the Nederduitse Gereformeerde Kerk (in the Republic of South Africa) and the Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika who have raised their voices and are fighting against apartheid; the General Council further urges member Churches to pray that these efforts bearing witness to Christ, who frees and unites, may prevail within their Churches.

The General Council asks the Executive Committee of the WARC to keep this whole issue regularly under revue."[211]

Hierna is die derde deel deur dr Lukas Vischer aan die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vergadering voorgehou:[212]

Even as we say these things, we, the delegates at the General Council, confess that we are not without guilt in regard to racism. Racism is a reality everywhere and its existence calls for repentance and concerted action. And so, certain questions emerge for our Churches:

a. How do we combat racism in our own societies and our own churches?

b. How do we come to understand our complicity in the racist structures of South Africa through the economic involvement of especially Western European and North American countries and churches?

c. How do we remain sensitive to the insidious way in which racism and social injustice are so often excused in the name of economic interest an national security?

d. How can we give concrete manifestation to our concern for and solidarity with the victims of racism in South Africa and elsewhere in their struggle for justice, peace, reconciliation and human liberation?

e. Churches should endeavour to develop relationships with Black Reformed churches in South Africa and with churches and Christians (black and white) who are engaged in this struggle.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

f. In expressing solidarity with those who struggle for justice in this situation, we also ask the churches to struggle with the painful and difficult questions of how to witness to the reconciling grace of God for those whom we see as oppressive and in error."[213]

Nadat al drie dele van die verslag as voorstelle voor die vergadering gedien het en gesekondeer is, is debat daaroor gevoer. Dr Oscar J Mc Cloud van die United Prebyterian Church in the USA het die verklaring gesteun. Hy het ondermeer gesê dat 'n groot deel van die tyd van die vergadering deur apartheid in beslag geneem is en dat die verslag voortgevloei het uit 'n pynvolle worsteling. Hy het verder verklaar dat diegene wat daaraan gewerk het konsensus daaroor bereik het.[214]

Dr Rossouw, afgevaardigde van die Ned. Geref. Kerk het op 'n punt van orde gevra of die skorsing konstitusioneel verantwoord kon word. Dr Mc Cord het gereageer deur te sê dat die Algemene vergadering by magte is om so 'n stap te neem.[215] Prof JA Heyns het Suid-Afrika hierna beskryf: "as a deeply divided society which is a microcosm of the racial strife in the world. He stated that blacks and whites have to live together, and that the choice is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

between war or reform, bloodshed or peace. Dr Heyns called for reconciliation rather than polarization and pointed to hopeful signs in the South African churches, namely that changes with regard to apartheid are taking place. He discribed suspension as 'amputation of a deseased or cancerous limb.'"[216] Hy het verder gesê: "that in taking such action the Alliance would embark on a dangerous road. He made the plea that the Alliance continue with the Nederduitse Gereformeerde Kerk in critical dialogue and in critical solidarity for the well-being of the people of South Africa."[217]

Hierop het dr Mc Cloud 'n duidelike onderskeid gemaak tussen "expulsion" en "suspension". "Expulsion would be permanent, suspension is temporary, until such time as the situation in the white South Africa is rectified."[218]

Ds JE Potgieter het hierna sy spyt uitgespreek oor die beslissing van dr Mc Cord dat die beplande skorsing ultra vires is. Hy het verder bekend gemaak dat hyself, dr P Rossouw, Prof JA Heyns en prof J du Preez beswaar maak teen die ordereëling. Hy het voorts gesê dat die Ned. Geref. Kerk een van die stigtingslede van die Wêreldbond was en die aandag gevestig op die talle positiewe aspekte



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

van die Ned. Geref. Kerk se werk in Suid-Afrika. Hy het verder gesê dat hy die afgevaardigdes beny wat nie in so 'n moeilike meer-rassige samelewing leef nie en beklemtoon dat die media 'n groot rol gespeel het in die swart smeer van die Ned. Geref. Kerk. Hy het ten slotte gevra dat die afgevaardigdes sal handel ooreenkomstig die gees van die "Constitution of the Alliance and its Purpose to 'widen and deepen fellowship among member Churches' and to help them fulfill their responsibilities in their own situation rather than to suspend his church."[219]

Dr Mc Cord het die vergadering laat stem oor sy ordereëling, naamlik dat skorsing nie ultra vires is nie. Die vergadering het hom oorweldigend gesteun en om 15:30 het die vergadering vir 'n reses verdaag tot 16:00. Nadat die vergadering weer byeengekom het, het prof EJ Kuiper van die Remonstrante Broederskap, Nederland drie vrae aan die vergadering gevra:

"1. What does *status confessionis* really mean?

2. What are the practical consequences of declaring something a matter of *status confessionis*?

3. Is this meeting in a position to declare something to be a matter of *status confessionis*?"[220]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dr Lukas Vischer het as volg op die drie vrae geantwoord:

"1. To say something constitutes a status confessionis means that our confession of Jesus Christ as Lord would be jeopardized if we admitted differing views on this issue

2. The practical consequences are indicated; namely suspension

3. Whether the Council is competent to take such action is for the Council to decide."[221]

Dit was duidelik uit die res van die debat wat hierna gevolg het, dat skorsing 'n voldonge feit was. Tog het die Ned. Geref. Kerk ook steun uit verskeie oorde gekry. Mr RG Paynton van die Presbyterian Church of Ireland, Rev R Waters van die Congregational Union of Scotland en die United Free Church of Scotland, dr OE Engelen van die Gereja Masehi Injili Sangir - Taland, Indonesië en prof G Yule van Australië was almal van mening dat apartheid veroordeel moes word, maar dat skorsing 'n te kras optrede was.[222]

Dr P Rossouw het hierna gesê hy wonder of die vergadering bereid was om 'n stap te neem wat die Ned. Geref. kerk



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tot 'n "leper church" sou verklaar. Hy het verder ook gemeld dat ketterye ook in ander kerke teenwoordig was. Hy het verder erken: "that his Church was guilty of sins of omission and commission but that it shared many proofs of God's grace."[223]

Na verdere debat het die vergadering om 18:00 verdaag. Nadat die vergadering om 20:30 weer byeen gekom het, is verduidelik dat die skorsing onmiddellik na die laaste sessie van die vergadering op Vydag 27 Augustus van krag sou word. Dr Vischer het hierna 'n aantal kort samevattende opmerkings gemaak.

Hy het ondermeer beklemtoon "that the first part of the statement was addressed to black Christians and that the second part was a declaration of the Alliance to its member Churches, as well as an action taken within the Alliance."[224] Mrs Corine Combes van die Reformed Church of France het gevra dat die tyd wat aan haar toegestaan is vir haar toespraak gebruik word as 'n geleentheid vir gebed voordat daar oor die mosie gestem word.[225]

Hierna is die Statement on Racism and South Africa tot stemming gebring en met 'n oorweldigende meerderheid aan-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

vaar. Hierop het dr Mc Cord elke afgevaardigde gevra om sy eie hart te deursoek vir enige oorblyfsels van rassisme, en hy het voorts gesê dat hy uitsien na die dag waarop die Ned. Geref. Kerk weer sy volle lidmaatskap sou terugkry. Voordat van die onderwerp afgstap is het dr H Ehnes van die National Church of Lippe, Federal Republic of Germany die volgende voorstel ingedien:
"The General Council of the World Alliance of Reformed Churches request the Executive Committee at it's next meeting to take appropriate steps so that the banning of Dr Beyers Naudé and his friends which expires in October 1982 will not be renewed and also no other measures will be taken against him."[226] Ook hierdie mosie is aanvaar.

Hiermee was die debat oor Suid-Afrika, meer nog die debat oor die Ned. Geref. Kerk afgehandel. Die skorsing van beide die Ned. Geref. Kerk en die NHK was 'n voldwonge feit. Die kerke kon op twee maniere reageer. Hulle kon of hulle lidmaatskap van die WGK beëindig, of hulle sou moes terug na die tekenbord. 'n Verdere gebeuretenis, naamlik die verkiesing van dr Allan Boesak tot nuwe president van die WGK, sou ook 'n belangrike invloed op gebeure later in Suid-Afrika hê.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

4.4.2.4 Dr Allan Boesak: President van die WGK

Donderdag 26 Augustus 1982 was die dag waarop die WGK hulle nuwe president sou kies. Die vergadering het om 16:00 byeengekom. Nadat administratiewe reëlings afgehandel is, is 'n geskenk aan die uittredende president, dr Mc Cord oorhandig. Dr Mc Cord het hierna die nuutverkose president van die WGK aan die vergadering voorgestel. Dit was dr Allan Boesak, van die Ned. Geref. Sendingkerk in Suid-Afrika.

Dr Boesak het dr Fred Anderson gevra om 'n gedig van dr Kao van die Presbyterian Church in Taiwan wat in die gevangenis was voor te lees. Die gedig het as volg gelui:

"The burning bush it burns
  it burns in fiercest flame,
Yet it is not devoured,
  but firmly stands the same,
The fire does not depart
  yet still new shoots outsurge
The kindling flames will start
  and blossoms fair emerge

E'en in the fiery flame
  Christ's Church can prosper still
His Holy Spirit burnish
  Those who seek His will
With courage then we strive
  to be Christ's servants true,
And as our pain fills up
  so faith is deepened too

In persedution's urns
  Christ's own their courage keep



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

The burning bush still burns,
  and we are still His sheep
The burning bush it burns,
  it burns in fiercest flame,

Yet it is not devoured,
  but firmly stands the same"[227]

Hierna het dr Boesak met sy presidensiële intreerede begin. Dit het uit twee dele bestaan naamlik: die handelinge van die Wêreldbond oor apartheid en die deelname van dames aan die Wêreldbond. Vir die doeleindes van hierdie studie is eersgenoemde belangrik en word dit daarom in sy geheel weergegee:

"Dear Brothers and Sisters,

I am very happy and deeply honoured to stand before you as your President elect. I admit that I have been overwhelmed by the surprise and the honour of it all. I did not think, when I came to Ottawa, that the outcome of it all would be this. Indeed, nothing was farther from my mind, and I had planned for myself a totally different agenda for my life in the years ahead. This conference has overturned that agenda, has overturned some priorites in my life. This has been so unexpected and so undeserved that I can only think and believe that God himself is speaking to me through the will of the General Council. I thank you deeply for the confidence you have



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

shown to me, and for the sign of commitment this represents, for the determination it represents: that the World Alliance of Reformed Churches want to give content and meaning to the words that we utter. We have taken decisions at this General Council that will surely have a fundamental influence on the life of our churches and on our life together. I have come to the understanding that we are a family.

And we have in these past days experienced the pain of our brokenness, we have destroyed each other by divisions, but I believe that we have also discovered a love that goes much deeper that we had thought. And I believe that within this Council we can find meaning not only so much because of ourselves but because of the love and compassion of God, so much greater than our human desires; and because ultimately our inability to love is transformed through the power of the Holy Spirit, who can make it possible for human beings to reach out to one another, who can make it possible for us to accept the truth that Jesus Christ has indeed broken down the walls of partition, who can make it possible for us to believe that the unity of His church is the desire of His heart. As we go away from here we face an ever changing threatened and challenging world; we must find a way of



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

remaining the Church of Jesus Christ in this world, of loyalty to Jesus Christ alone, and our obedience to Jesus Christ alone.

And for all of us this will mean different things as we go back to our own countries and our own situations. I pray that God will give to each of us and our churches the courage to stand upon His word and to live out the obedience without which we will not be His covenant people. I hope that we will be able to reflect God's purposes for His world, that we will allow ourselves to be taken up by Him as He moves towards the consummation of His kingdom.

As your President, I will endeavour to bring this message to our churches. I believe that we must become ever more of a family, and even though from the churches of the Third World we have not much to give in terms of material goods, we do have a commitment to the Gospel, a hope and a joy in our community in Christ together; a desire to love and be loved, and this we will want to share with other churches. To learn to take up each other's burdens and to share our common responsibility. We must learn anew how to embody in our faith and life the hope we have in Christ Jesus, how to show it through our unremittent strugles for justice, peace, human



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

liberation, our choice for joyful abundant life which Christ has meant for the people he had died for. We must learn how to celebrate even in the midst of the pain of the present, the joy of human freedom, by our participation in the struggle of oppressed people everywhere; we must learn anew how to remain faithful and humble children of God even while so many of us face the temptations of political and economic power. We must learn anew how to live and witness in such a way that our zeal for the Lord does not obscure the Gospel from the world.

There are two things that I want to mention especially; in our dicision taken yesterday as regards the South African situation and 'apartheid', we have not only taken an historical step, we have also taken upon ourselves an awesome responsibility. I am thankful that we have been able to speak out as clearly and as unequivocally as we have and at the same time as pastorally as we have. I sincerely hope that the white churches of South Africa will accept this action in the spirit in which it was taken. This was not an amputation: we are not sending the lot into the wilderness. On the contrary, we refuse to let go of those churches; we want to affirm this, and we hope that they will see this as an opportunity to seriously reconsider their stance so that together, not



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

only in the Alliance but also in the country where I come from, where the need to face the challenges together is so great, that we will learn to walk together, and to find God's will for our land and for our churches."[228]

Dr Boesak het afgesluit met die volgende woorde:

"I can think, brothers and sisters, of many reasons why you should not have elected me as your President. I am acutely aware of my shortcomings, but I am also aware of the power of God who calls people and who empowers them to become His instruments in the world.

I do not know what the future holds, I have many ideals for this organization that I love dearly; I am confident that God the Father of our Lord Jesus Christ is a faithful God, so that one, even one such as I, can count on Him to be true to His promise, not only for me personally, but for His Church, and for this Alliance. I cannot continue without your support and without your prayers, and I ask you, please, to do that.

Let me share with you the words of II Corinthians 4, beginning at verse 5: 'For what we preach is not ourselves, but Jesus Christ as Lord, with ourselves as your servants for Jesus' sake. For it is the God who said, **Let light shine out of darkness** who has shone in



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

our hearts to give the light of the knowledge of the glory of God in the face of Christ. But we have this treasure in earthen vessels, to show that the transcendent power belongs to God and not to us. We are afflicted in every way, but not crushed; preplexed, but not driven to despair; persecuted, but not forsaken; struck down, but not destroyed; always carrying in the body the death of Jesus, so that the life of Jesus may also be manisfested in our bodies. For while we live we are always being given up to death for Jesus' sake, so that the life of Jesus may be manifested in our mortal flesh.

In this spirit I humbly accept this responsibility to serve you, under God, who loves us all. Thank you."[229]

Die 21 ste Algemene Vergadering van die WGK is op Vrydag 27 Augustus 1982 afgesluit met 'n nagmaalsdiens wat gehou is in die Knox Church. Die diens is gelei deur die uittredende president van die WGK, dr JI Mc Cord, terwyl die nuwe ampsdraers ook bevestig is.[230] So het een van die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk tot 'n einde gekom. Die slag was gelewer en die Ned. Geref. Kerk geskors. Uit die reaksie wat op die skorsing gevolg het is dit duidelik dat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie gebeure 'n geweldige invloed op die Ned. Geref. Kerk uitgeoefen het.

4.4.3 Reaksie op die Ottawa-besluit

Byna al die reaksie uit Ned. Geref. Kerkgeledere was positief. Daarvan getuig die berigte wat onder titels verskyn het soos: "Kerk sal deeglik moet besin ná WGK-besluit,"[231] "'n Nuwe begin,"[232] "Keusetyd vir NG Kerk"[233] en "NG Kerk moet binnekamer toe"[234] en tog was daar ook negatiewe reaksie.

Een voorbeeld van negatiewe reaksie het gekom ds DT du P Moolman, moderator van die Oos-Kaaplandse Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Hy het ondermeer gesê: "dit was van die begin van die vergadering in Ottawa en die agitasie teen die twee SA kerke so 'duidelik soos daglig' wat die bedoeling daarmee was en waarop dit afgestuur het. Die besluit om die twee kerke as't ware aktief uit te skakel, was dus geen verassing nie. In die lig hiervan sal verdere bywoning van die WBGK-bedrywighede al 'vergunning' wat die twee kerke nog het, sinloos wees."[235]

Ds Moolman het verder gewaarsku "dat die aandrang teen die NG Kerk vorentoe gaan verskerp" en verder: "Daar is 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besliste infiltrasie van kommunistiese neigings in die kerk van die Here vandag. Die meeste van die kerke van die WBGK is ook lede van die Wêreldraad van Kerke, wie se masker al lank afgeval het en duidelik 'n kerklike front vir die Kommunisme is."[236] Hy het verder beklemtoon dat hulle besluit gesien moet word "in die lig van die totale aanslag om Suid-Afrika te isoleer. Juis daarom moet die NG Kerk bedag wees op soortgelyke eise en druk vorentoe."[237]

'n Meer nugtere standpunt was die van ds GSJ Möller, redakteur van *Die Kerkbode*. Hy was van mening dat die Ned. Geref. Kerk hier voor 'n ernstige ultimatum te staan gekom het. "Die Ned. Geref. Kerk se reaksie daarop gaan ook nie net vir ons toekomstige verbintenis met die Wêreldbond bepalend wees nie (wat nie die belangrikste ding ter wêreld is nie), maar veral vir ons verhouding met die Dogterkerke wat lidkerke van die Wêreldbond bly en wat die besluite van die Wêreldbond onderskryf. Ons reaksie kan voorts belangrik wees vir die bevordering of stremming van die belange van die koninkryk van Christus in Suider-Afrika."[238]

Hy het verder beklemtoon dat die Ned. Geref. Kerk weer 'n keer ernstig sal moet gaan kyk na die teologiese fundering van sy beleid en geloofstandpunte, en dat hy homself eerlik



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

sal moet vergewis of die standpunte werklik die toets van die evangelie kan deurstaan. Die kerk sal vir homself opnuut sekerheid moet kry of sy beleid van afsonderlike ontwikkeling op kerklike en staatkundige gebied, met al die positiewe en negatiewe aspekte daarvan Skriftuurlik gesubstansieer kan word en of hulle in lyn met die Gereformeerde tradisie lê. Dit word immers deur die WGK en ons eie Dogterkerke ontken.[239]

Hier was duidelik die eerste tekens van 'n kritiese selfondersoek wat aan die gang moes kom. In 'n artikel in *Die Vaderland* onder die titel: "Keusetyd vir NG Kerk" is nog verder gegaan. In die artikel is ondermeer gesê dat dit wat by *Ottawa* gebeur het nie die skuld van die teoloë daar was, was nie. "Die onduidelikheid en besluitloosheid lê ongelukkig in die hart van die NG Kerk self. Daarvan getuig die sinodebesluit van 1974, herbevestig in 1978, anderskleuriges kan by geleentheid (dit sluit lidmaatskap tog effektief uit) toegelaat word tot NG Kerkgeboue. Elke gemeente sal self hieroor besluit"[240] en verder: "Tog lê daar vir die leiers van die NG Kerk 'n tyd van diepe en ernstige besinning voor tot die volgende Sinodesitting in 1984."[241] Die berig word afgesluit met die volgende woorde: "Die NG Kerk sal net soos die Nasionale Party ook



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

vind dat hy nie op twee stoele kan sit nie. Hy sal duidelik koers moet kies, selfs al beteken dit vervreemding en afskilfering van 'n deel van sy kudde."[242] Hierdie profetiese woorde sou binne vyf jaar bewaarheid word.

Die afgevaardigdes wat vanaf *Ottawa* teruggekeer het, het egter presies dieselfde bepleit. Prof JA Heyns het in 'n TV-onderhoud gesê dat dit veral die gaping tussen beleid en praktyk was, wat aandag verdien het. Ds JE Potgieter het ook die nodigheid van ernstige selfondersoek beklemtoon.[243]

Dr P Rossouw het aan *Hoofstad* gesê: "Ottawa is nie die einde nie, maar 'n nuwe begin."[244] Volgens *Hoofstad* was dit duidelik dat "die NG Leiers hul kerk se opgskorte lidmaatskap eerder as 'n uitdaging sien, 'n uitdaging om aan die buitewêreld te bewys dat die Afrikaanse Kerke in Suid-Afrika steeds 'n sinvolle bydrae kan lewer ..."[245] In dieselfde trant het dr WD Jonker gesê: "Vir ons is dit egter nou belangrik om onsself van elke vorm van rassisme te distansieer, nie omdat Ottawa dit vra nie, maar omdat rassisme eenvoudig sonde is."[246]

Dit is duidelik dat die reaksie oor die algemeen positief was, maar hoe moet oor *Ottawa* in sy geheel geoordeel word?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Dit verdien ten slotte ons aandag.

4.4.4 'n Beoordeling van die Ottawa-gebeure

Wat op die Algemene Vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke gebeur het, was reeds vooraf duidelik. Die referaat van dr Allan Boesak, die feit dat die nuusmedia elke moontlike geleentheid aangegryp het om die Ned. Geref. Kerk in diskrediet te bring, die nagmaalsboikot, die brief van dr Beyers Naudé, die uitsending van die debat oor rassisme op TV en die verkiesing van dr Allan Boesak tot president van die WGK voltooi as't ware die hele verhaal. Dit was van die begin af duidelik dat hier van 'n georkestreerde poging sprake was, 'n poging wat duidelik teen die Ned. Geref. Kerk gemik was.

Wanneer al die negatiewe aspekte in ag geneem word, moet aan die einde van die dag tog erken word dat hierdie gebeure deels die Ned. Geref. Kerk se eie skuld was. In die talle ekumeniese gesprekke wat tussen 1974 en 1982 gevoer is, was dit duidelik dat die beleid van die Ned. Geref. Kerk nie die mas kon opkom nie. Uit alle oorde, maar veral uit die ekumeniese wêreld het skerp vrae gekom, vrae waarop die Ned. Geref. Kerk - gebind aan sy beleid van afsonderlike ontwikkeling soos wat dit in *Ras, Volk en Nasie*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geformuleer was - nie kon antwoord nie. Indien die buitelandse en binnelandse kerke ernstig was met hulle vrae, en *Ottawa* het bewys dat hulle was, is die blaam vir die gebeure te *Ottawa* slegs voor een deur te lê, en dit is die deur van die Ned. Geref. Kerk self. Die kritiek wat uit die buiteland gekom het is bloot genegeer deur telkens opnuut na *Ras, Volk en Nasie* te verwys. By *Ottawa* is daar nou op besliste wyse aan die Ned. Geref. Kerk gesê dat dit nie meer aanvaarbaar is nie. Die Ned. Geref. Kerk moes terug na die tekenbord, moes weer gaan dink, maar meer nog, moes ook gaan doen!

'n Verdere belangrike gebeure te *Ottawa* wat geweldige implikasies ingehou het, was die verkiesing van dr Allan Boesak tot president van die WGK. Johannes Froneman skryf tereg in *Die Kerkbode*: "Wat 'n oomblik van dankbare trots vir ook die hele NG Kerk kon gewees het, was toe nie. Die verkiesing verlede week van 'n leraar van een van die jong-kerke in die NG Kerk-familie tot president van die Wêreld-bond van Gereformeerde Kerke, was eerder vir sommige die finale bitter pil wat n.a.v. die Ottawa-sitting gesluk moes word."[247] Nadat Froneman die invloed van Boesak op die vergadering beskryf het sluit hy met die belangrike stelling af: "Die 36-jarige Bruinman van die Noordweste met 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kampen-doktoraat én effens Hollandse aksent, is nou finaal kerkman van wêreldwye aansien en verantwoordelikheid. En dit kan seker nóg hy nóg die NG Kerk ignoreer."[248]

Die Ned. Geref. Kerk kon dit inderdaad nie ignoreer nie. Die hele gedagte van status confessionis was van dr Boesak afkomstig. Hy was lid van die Ned. Geref. Sendingkerk, waarvan die sinode binne weke sou vergader te *Belhar* in Kaapstad. By *Belhar* sou die ware invloed van *Ottawa* eers waarlik duidelik word.

## 4.5 *DIE BELHAR-BELYDENIS: 1982*

Die gebeure te *Ottawa*, sou nie alleen 'n duidelike rigtingwyser vir die Ned. Geref. Kerk wees nie, maar het ook 'n direkte rol gespeel in die Ned. Geref. Sendingkerk. Die eerste tekens van vervreemding wat in die verkille op die Federale Raad van Kerke, duidelik na vore gekom het, het in die *Ottawa*-gebeure 'n katalisator gevind. Die aanvaarding van die sogenaamde *Konsep*-belydenis van 1982 was 'n duidelike uitvloeisel hiervan. Die vervreemding tussen moeder en dogter het hierdeur sy piek bereik. Die Ned. Geref. Kerk en die Ned. Geref. Sendingkerk is nou deur 'n bykomende belydenisskrif uitmekaar gedryf. Veel sou moes gebeur om hierdie skynbaar onoorbrugbare kloof tussen die twee kerke te oor-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kampen-doktoraat én effens Hollandse aksent, is nou finaal kerkman van wêreldwye aansien en verantwoordelikheid. En dit kan seker nóg hy nóg die NG Kerk ignoreer."[248]

Die Ned. Geref. Kerk kon dit inderdaad nie ignoreer nie. Die hele gedagte van status confessionis was van dr Boesak afkomstig. Hy was lid van die Ned. Geref. Sendingkerk, waarvan die sinode binne weke sou vergader te *Belhar* in Kaapstad. By *Belhar* sou die ware invloed van *Ottawa* eers waarlik duidelik word.

## 4.5 *DIE BELHAR-BELYDENIS: 1982*

Die gebeure te *Ottawa*, sou nie alleen 'n duidelike rigtingwyser vir die Ned. Geref. Kerk wees nie, maar het ook 'n direkte rol gespeel in die Ned. Geref. Sendingkerk. Die eerste tekens van vervreemding wat in die verkille op die Federale Raad van Kerke, duidelik na vore gekom het, het in die *Ottawa*-gebeure 'n katalisator gevind. Die aanvaarding van die sogenaamde *Konsep*-belydenis van 1982 was 'n duidelike uitvloeisel hiervan. Die vervreemding tussen moeder en dogter het hierdeur sy piek bereik. Die Ned. Geref. Kerk en die Ned. Geref. Sendingkerk is nou deur 'n bykomende belydenisskrif uitmekaar gedryf. Veel sou moes gebeur om hierdie skynbaar onoorbrugbare kloof tussen die twee kerke te oor-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

brug. Tog het die gebeure te *Belhar* in 1982 wortels wat verder terugstrek as *Ottawa*. Hierdie wortels moet reeds op die twee en twintigste vergadering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika wat op 20 September to 4 Oktober 1978 in Belhar plaasgevind het,[249] gesoek word.

4.5.1 <u>Die Aanloop tot die Belhar-sinode</u>

Naas die duidelike pogings van die Ned. Geref. Sendingkerk om reeds in die Federale Raad van Kerke groter eenheid te bewerkstellig,[250] was die eerste daadwerklike aanduidings dat iets aan die gebeur was reeds op die 1978 sinode sigbaar. Dit was veral die besluit wat die sinode oor apartheid geneem het wat 'n belangrike invloed op toekomstige gebeure sou uitoefen.

Die voorstel wat voor die sinode gedien het, het soos volg gelui: "Die N.G. Sendingkerk herbevestig sy diepste oortuiging dat dit nie op die weg van die Kerk lê om 'n bepaalde partypolitieke beleid vir die Suid-Afrikaanse situasie te ontwerp of voor te skryf nie. Kragtens sy profetiese roeping is die kerk egter verplig om kritiek uit te spreek en beswaar aan te teken wanneer die owerheid 'n beleid of beleide volg wat nie die eise van die evangelie kan deurstaan nie, veral as die owerheid daarop aanspraak



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wil maak dat hy 'n Christelike owerheid is.

Die Kerk wil dit as sy oortuiging uitspreek dat die apartheidsbeleid soos deur die owerheid gehandhaaf, in stryd is met die evangelie:

1. omdat dit téénoor die evangelie van Christus se gerigtheid op die versoening van die mens met God én met sy medemens, die gedwonge skeiding van mense op grondslag van ras en kleur ten diepste gebasseer is op die oortuiging van die fundamentele onversoenbaarheid tussen mense wat op so 'n wyse geskei is;
2. omdat die sisteem wat uit so 'n beleid na vore kom, noodwendig moes lei en gelei het tot 'n toenemende polarisasie tussen mense, veral omdat die praktyk onteenseglik aangetoon het dat binne die sisteem een bevolkingsdeel, nl. die blankes, bevoorreg is en dat daar gevolglik nie voldoen is aan die evangeliese eis dat geregtigheid aan almal geskied nie; en
3. omdat daardeur nie alleen die menswaardigheid van die nie-bevoorregte bevolkingsdele nie, maar ook die menswaardighed van almal wat daarby betrokke is, aangetas is."[251] Hierdie beskrywingspunt is ingedien deur JJF Mettler, IJ Mentor en RJ Stevens.

Nadat dit na die tydelike kommisssie vir Aktuele Sake



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

verwys is, het dié kommissie dit soos volg gewysig: "Kragtens sy profetiese roeping is die Kerk egter verplig om kritiek uit te spreek en beswaar aan te teken wanneer *'n* owerheid 'n beleid ..." Die "die" in die beskrywingspunt is dus met "'n" vervang. Die rede wat hulle hiervoor aangevoer het was: "Hier word 'n altyd geldende beginsel gestel wat die Kerk se standpunt sal bly al sou die regering verander."[252] 'n Tweede wysiging wat aangebring is, was: "Die Kerk wil dit as sy oortuiging uitspreek dat die apartheidsbeleid *en of afsonderlike ontwikkeling*, soos deur die owerheid ..." Die rede wat aangevoer is, was: "Van owerheidsweë word nie meer van apartheid gepraat nie maar van afsonderlike ontwikkeling."[253] Hierdeur is die Ned. Geref. Kerk se "tradisionele beleid" van afsonderlike ontwikkeling egter ook in die spervuur geplaas. Die afleiding kan duidelik gemaak word, dat dit nie net die owerheidsbeleid was wat aanstoot gegee het nie, maar ook die van die blanke Moederkerk. Dit word verder beklemtoon deur die daadwerklike pogings tot kerkeenheid binne die Ned. Geref. Kerkfamilie, wat telkens deur die Moederkerk geveto is.

Hierdie gewysigde voorstel is deur die sinode aanvaar,[254] en daarmee is die eerte tree gegee op die weg wat via



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

*Ottawa* op die *status confessionis* van 1982 sou uitloop.

### 4.5.2 Die Drie en Twintigste Vergadering van die Sinode van die Ned. Geref. Sendingkerk: 22 September - 6 Oktober 1982

#### 4.5.2.1 'n Spanningsvolle begin

Al die afgevaardigdes na die sinode het, op 22 September 1982 om 15:00 in die Kerksentrum van die Ned. Geref. Sendingkerk in *Belhar*, Bellville byeengekom.[255] Kort nadat die Scriba Synodi, ds PWL Sinclair, die amptelike sameroeping van die sinode voorgelees het en die vergadering goedkeurend daarvan kennis geneem het, het die poppe begin dans toe die volgende mosie van orde deur di J de Waal en LA Appies ingedien is: "Die Eerw. sinode besluit om die saak van lidmaatskap van leraars wat nog nie lidmaat van die N.G. Sendingkerk is nie na die Tydelike Regskommissie te verwys vir advisering môre-oggend aan die Sinode. Intussen het sodanige leraars wel adviserende stem."[256] Nadat die vergadering hierdie mosie aanvaar het is 'n verdere mosie van orde van ds HJ Kritzinger en oudl Oliphant verwerp. Dit het soos volg gelui: "Die H.E. Sinode aanvaar voorlopig die stemreg van bedienaars van die Woord wat afgevaardig is en wat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie lidmate van die NG Sendingkerk is nie."[257]

Hierdie besluit van die sinode het beteken dat dié betrokke predikante geen effektiewe seggenskap in die verkiesing van die moderator sou hê nie, want dit is gewoonlik op die openingsdag afgehandel.

Ds AP van Wyk, leraar van Durbanville het teen die besluit beswaar gemaak en versoek dat sy beswaar genotuleer moes word. Hy het hom beroep op Art 70 van die Kerkorde, naamlik die "bewaring van orde" en Art 108.1 naamlik die "gedelegeerde plig van die kommissie van orde." Hy het verder beswaar gemaak teen die feit dat die sinode besluite geneem het voordat dit wettig gekonstitueer was. Derhalwe het die sinode geen reg gehad om enige leraar sy stemreg op grond van kerklidmaatskap te ontneem nie, omdat hierdie lidmaatskap gemeenskaplik gewaarborg was.

Hy het verder gesê: "Indien die Sinode sodanige besluit sou neem voordat die Sinode amptelik gekonstitueer is en die beskrywingspunt B190 volgens die ordebepaling behandel is, is dit buite orde en sou besluite wat daarna volg, soos onder andere die uitsluiting van sodanige



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

leraars by die verkiesing van die moderatuur daartoe aanleiding geee, dat genoemde verkiesing en alle besluite daarna geneem, onwettig is en oop is vir regstoetsing."[258] Hy het ook beklemtoon dat hy hom die reg voorbehou om die regsgeldigheid van die besluit te laat toets. Dit was duidelik dat die spanning hooggeloop het.

Nadat die presensielys afgehandel is het die moderator, ds DP Botha, verklaar dat hy ongelukkig nie die vergadering as gekonstitueerd kan verklaar nie, omdat die tydelike regskommissie eers sy opdragte moes uitvoer. Hierdie reëling het ernstige diskussie uitgelok en twee mosies van orde het gevolg: Die eerste, ingedien deur ds JM van Rooyen, dat die Sinode besluit om te konstitueer en dat aan die leraars wat nie lidmate van die Ned. Geref. Sendingkerk is 'n adviserende stem toegeken word is nie aanvaar nie. Die tweede mosie van orde is deur dr HM Beits (Assessor) en ds IJ Mentor (Actuarius) ingedien en is deur die vergadeing aanvaar. Dit het as volg gelui: "Die Vergadering verdaag totdat die Tydelike Regskommissie verslag uitgebring het oor die sake wat die stemreg van die lede raak."[259]

Die sinode het dieselfde aand om 19:30 weer vergader



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waartydens die uittredende moderator, ds DP Botha, sy openingsrede uit Johannes 17 gelewer het.[260]

Die vergadering het op Donderdag 23 Sepetmber om 9:00 weer byeengekom. Die verslag van die tydelike regskommissie is dadelik in behandeling geneem. In die verslag het die kommissie ondermeer bevestig: "Die sinode is verplig om te konstitueer met die afgevaardigdes van wie geldige geloofsbriewe ingelewer is. Geen ander sake kan in behandeling of geldige besluite geneem word, alvorens die vergadering gekonstitueerd is nie."[261] Die aanbeveling is aanvaar en die sinode is as wettig gekonstitueerd verklaar.

Wat die sittingsreg in die sinode van leraars van die Ned. Geref. Sendingkerk-gemeentes, met Ned. Geref. Kerklidmaatskap, betref het die kommissie soos volg geoordeel: "U Kommissie oordeel dat die saak gereël word deur Kerkorde Art. 37, die ou grondwet van die NG Sendingkerk en die Akte van Ooreenkoms gesluit op 27 November 1975 tussen die NG Sendingkerk en die NG Kerk. Kragtens bogenoemde het die broeders wel sittings- en stemreg."[262]

Hierop het die vergadering die reëling ook aanvaar, maar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie sonder dat 'n aantal afgevaardigdes gevra het dat hulle teenstem aangeteken word nie. Hulle was: ds HJ Visser, oudl P Cloete, ds AJ Louw, ds WA Boesak, ds EE Leeuw, drs JC Adonis, AA Boesak en oudl PS Damon.

Dr AA Boesak het sy beswaar as volg gemotiveer: "Ek laat aanteken dat ek teen die reëling van die voorsitter tov Punt B van die verslag van die Tydelike Regskommissie in verband met die stemreg van leraars wat steeds lidmate van die NG Kerk is omdat:

1) Die gedagte van lidmaatskap van een kerk terwyl regte in 'n ander kerk uitgeoefen word totaal vreemd is aan die Gereformeerde Kerkreg.

2) Die kontraktuele ooreenkomste waarop die reëling berus, is op sigself 'n verkragting van die Gereformeerde Kerkreg en die bepalinge wat ons eie Kerkorde bevat.

3) Ek bly daarvan oortuig dat kontraktuele ooreenkomste ondergeskik moet wees aan die beginsels van die Skrif en die Gereformeerde Kerkreg en dat die NG Sendingkerk as volledige selfstandige Kerk volledig in sy reg gehandhaaf bly."[263]

Dit was duidelik dat dr AA Boesak 'n groot invloed op die sinode sou uitoefen en dat hy groot aanhang geniet het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Hierdie stelling word bevestig deur die gebeure rondom die moderatuursverkiesing wat later dieselfde oggend plaasgevind het. Twee kandidate, naamlik ds IJ Mentor en dr AA Boesak is genomineer. Kort daarna het die uittredende moderator ds DP Botha aangekondig dat ds IJ Mentor tot moderator verkies is. Van die 528 stemgeregtigdes het 73 buite stemming gebly, terwyl dr Boesak 235 stemme en ds Mentor 242 stemme gekry het.

In die teepouse het etlike teleurgestelde Boesak-ondersteuners die uitslag sterk betwis in groepies buite die sinodesaal. Met die aanvang na die teepouse is die pasverkose moderator se posisie onmiddellik betwis. Selfs 'n ernstige pleidooi van die lankdienende skriba ds PWL Sinclair kon nie verhoed dat met die protes voortgegaan word nie. Sy woorde: "Ons het so iets nog nooit beleef nie,"[264] eggo waarskynlik die gebeure op die vergadering die beste.

Die pasverkose moderator het verskeie kere onsuksesvol probeer om voort te gaan met die verkiesing van 'n assessor, maar die proteste het voortgegaan.[265] As in ag geneem word dat ds Mentor naelskraap bo dr Boesak verkies is, is dit duidelik dat die beswaar van Boesak-ondersteu-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ners wat steeds ontevrede was oor die stemregkwessie, afkomstig was.[266] Hierdie hoogs plofbare situasie is deur ds LA Appies, sekondant van die voorstel wat vroeër gevra het vir die tydelike opheffing van volle stemreg van die leraars wat nog nie lidmate van die Ned. Geref. Sendingkerk was nie, ontlont toe hy opgestaan het en gepleit het dat die stemming aanvaar word. Daarna het dr Boesak self gevra dat diegene met besware dit moes terughou.[267] Daarmee is die krisis afgeweer en wat tot 'n grootskaalse breuk binne die Ned. Geref. Sendingkerk kon lei, verhoed. Dr Boesak is kort daarna tot Assessor verkies. Die res van die moderatuur het bestaan uit NA Apollis, actuarius en PWL Sinclair, skriba.[268]

Hierdie spanningsvolle gebeure was 'n gepaste inleiding tot 'n sinode-sitting wat met rooiletterwoorde in die geskiedenis opgeteken sou word. Daar was duidelik tweespalt in die geledere van die Ned. Geref. Sendingkerk tussen 'n gematigde groep afgevaardigdes en 'n meer radikale groep Boesak-ondersteuners. 'n Redelike groot groep onpartydiges sou egter in die loop van die sitting deurslaggewend wees.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

4.5.2.2 Die Ned. Geref. Sendingkerk en Apartheid

Op Vrydag 1 Oktober 1982 tydens die negende sitting van die vergadering wat om 9:00 die oggend begin het, is die Eerste Verslag van die tydelike kommissie vir Ekumeniese betrekkinge aan die orde gestel.[269]

4.5.2.2.1 Die Afkondiging van 'n status confessionis

Afdeling I van hierdie verslag het bestaan uit: "Aanbevelings van die afgevaardigdes van die NG Sendingkerk na die Algemene Vergadering van die WARC te Ottawa (1982)."[270] Omdat die vergadering reeds verby was, is daarvan kennis geneem. Deel II het gehandel oor die Ned. Geref. Sendingkerk en Apartheid,[271] en het uit vyf onderafdelings bestaan naamlik:

1 Versoening en Apartheid
2 Die Sinodebesluit van 1978 ivm Apartheid
3 Die eis van Geregtigheid en eie belang
4 Rassisme en Apartheid
5 Artikel 9 van die Apostoliese Geloofsbelydenis.[272]

Onder die opskrif *Versoening en Apartheid* is die volgende stelling gemaak: "Die politieke en kerklike bestel van Suid-Afrika is 'n bestel waarin onversoen-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

baarheid tot 'n samelewingsbeginsel verhef word, en waarin ten spyte van vemeende goeie bedoelinge die hebsug, en vooroordeel van maghebbers en bevoorregtes ten koste van magtelose en minderbevoorregtes verskans word."[273]

Die verantwoording van hierdie stelling is ondermeer gesê: "In '*apartheid*' gaan dit om mense wat *apart van mekaar gehou word.* Die moontlikheid dat die groepe bymekaar gebring kan word en dat 'n vreedsame naasbestaan die spanning en stryd kan vervang, word prinsipiëel afgewys. Daarom moet mensegroepe sover as wat dit moontlik is, selfs deur wetgewing as die moet, uitmekaar gehou word, omdat hulle bymekaarbring noodwendig lei tot konflik en die wedersydse bedreiging van mekaar. Die gebruik van 'eiesoortige ontwikkeling' in 'n poging om die gehate 'apartheid' as term te vervang, bring in wese geen veranderiang aan die basiese uitgangspunt nie: die eie ontwikkeling moet steeds apart plaasvind, omdat die een se ontwikkeling 'n bedreiging is vir die ander s'n" en verder: "In die lig van hierdie onveranderde uitgangspunt verbaas dit nie dat die poging om meer aandag te vra vir die positiewe aspekte van apartheid telkens stukkend breek teen die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

realiteit dat die bevoorregting in die ontwikkeling elke keer swaar oorhel na die kant van die wit bevolkingsdeel nie."[274]

Die verslag het verder gemeld dat dit ten diepste gaan om 'n onversoenbaarheid wat teenoor versoening staan. Die kerk sal hierin altyd moet getuig dat geen samelewingsordening van die fundamentele onversoenbaarheid van mense en mensegroepe mag uitgaan en 'n samelewingsbestel op so 'n uitgangspunt mag baseer nie. "So 'n uitgangspunt bind die mens aan sy verlede van vyandskap en haat ... dit ontkragtig die evangelie."[275] Die kommissie het voorts gesê: "Ons bied nie een of meer Bybeltekste aan nie. Met Bybeltekste kan te maklik omgespring word, soveel so dat dit selfs moontlik was om vir baie jare vol te hou dat apartheid Skriftuurlik is op grond van eintlik net twee: die verhaal van die toring van Babel (Gen 11:1 - 9) en Hand. 17:26.
Nee! die toetssteen vir apartheid is die sentrale Bybelse boodskap van versoening. As dit hier faal, kan enkele desperate Bybeltekste dit nie red nie. Trouens, dan word die tradisionele uitleg van sodanige tekste self grondig bevraagteken."[276]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Onder die tweede opskrif *Die Sinodebesluit van 1978 ivm Apartheid* is gesê dat onversoenbaarheid en 'n beleid wat op so 'n sisteem gebou is gelei het en steeds lei tot toenemende polarisasie wat op sy beurt tot konflik lei, terwyl dit dan as alibi gebruik word om die skeiding ten alle koste te handhaaf.[277]

Onder die opskrif *Rassisme en Apartheid* het die kommissie rassisme soos volg omskryf: "Rassisme kweek 'n valse gevoel van meerderwaardigheid en is gebaseer op die veronderstelling dat karakter en bewaamheid bepaal word deur ras."[278] Daar is voorts gesê: "In Suid-Afrika stem die apartheid in Kerk en Samelewing in 'n groot mate op 'n teologiese en morele regverdiging van die sisteem. Apartheid is dus 'n pseudo-religieuse ideologie sowel as 'n politieke beleid - wat hom laat geld op die terreine van kerk en staat en sodoende die hele Suid-Afrikaanse samelewing beïnvloed en struktureel bepaal."[279]

Onder die opskrif *Artikel 9 van die Apostoliese Geloofsbelydenis* is vervolgens vermeld: "Die bepalende karakter van die pseudo-religieuse ideologie van apartheid maak dit prakties onmoontlik dat die belyde-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nis: 'ek glo aan een heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die gelowiges' die praktyk van kerklike strukture kan bepaal. Die sekulêre evangelie van Apartheid struktureer in werklikheid die kerkwees en kerkverband van die Ned. Geref. Kerke in SA."[280]

Die voorstel van die kommissie wat voor die sinode gedien het, het direk uit bogenoemde voortgevloei en soos volg gelui: Omdat die sekulêre evangelie van Apartheid ten diepste die belydenis van versoening in Jesus Christus en die eenheid van die Kerk van Jesus Christus in sy wese bedreig, verklaar die NG Sendingkerk in SA dat dit vir die Kerk van Jesus Christus 'n *Status Confessionis* daarstel. ('n Status Confessionis beteken dat hierdie saak as 'n aangeleentheid beskou waaroor dit onmoontlik is om te verskil sonder om die integriteit van ons gemeenskaplike belydenis as Gereformeerde Kerke ernstig in gevaar te stel.) Ons verklaar dat apartheid (afsonderlike ontwikkeling) 'n sonde is, dat morele en teologiese regverdiging daarvan 'n bespotting van die evangelie is en dat sy volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God, 'n teologiese kettery is."[281]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Nadat die debat oor hierdie deel van die verslag die hele oggend en die grootste deel van die middag geduur het is die volgende amendement deur FC Pedro van Rehoboth en PJ du P Strauss van Ceres ingedien: "Die HE Sinode besluit dat die Aanbeveling van die Tydelike Kommissie vir Ekumeniese Betrekkinge, onder punt 5 van G.6.1 Bylae 6.1 verwys word na die Permanente Kommissies vir Leer en Studie vir diepgaande en deeglike studie met volledige rapporte aan die volgende Sinode. Die HE Sinode gee ook opdrag aan die Moderatuur om in die reses met die NG Kerk oor die aanbeveling in gesprek te tree."[282] Dit is deur die sinode verwerp, terwyl bogenoemde voorstel van die kommissie oor status confessionis aanvaar is.

Hierna het prof G Bam die volgende aan die vergadering gestel: "Die vergadering het so pas 'n besluit van ingrypende betekenis geneem. Dit is 'n heilige oomblik. Deur die afkondiging van 'n status confessionis sê die Sinode:

"Ek het nou op 'n plek gekom waar ek apartheidsreëlinge oor my lewe, beide vanweë die staat en die kerk, verstaan en beleef as 'n uitvloeisel van opvattinge en oortuiginge wat direk strydig is met die evangelie van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jesus Christus soos ek dit verstaan. Ek ervaar die geloofsbotsing so skerp dat dit my dwing tot belydenis en afwysing van die valse leer wat my bedreig.

Ek bevind my in 'n situasie waar ek óf konfronterend bely teen die magte wat dreig om my geloofsbelydenis in sy wese te neutraliseer en kragteloos te maak, óf swyg en verval tot niks.

Status Confessionis word nie daargestel deur die omvang van armoede of deur die pyn van veronregting nie maar slegs deur 'n besondere bedreiging van die geloof.

Maar, daar is 'n tweede element. Wanneer ek my in 'n status confessionis bevind dan moet die woord wat op hierdie plek spreek die status en die karakter van belydenis hê. Dis nie maar 'n besluit wat ek neem, of 'n beleidsverklaring wat ek uitvaardig, 'n administratiewe reëling wat ek tref of 'n prosedure reëling in my onderhandeling met andere nie.

Dit is 'n belydenis op die vlak van die ander belydenisskrifte van die kerk.

Die ou Christene het in 'n status confessiones gesê: Jesus Christus is die Heer. So het hulle bely teen die Romeinse kreet: Die keiser is heer.

Die Apostoliese Belydenis het gedeeltelik langs die weg gegroei en so ook die klassieke ekumeniese simbole. Al



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was dit nie formeel die geval nie, saaklik was dit wel so.

Die Dordtse Leerreëls kom uit 'n Status Confessionis. Die geloof word duidelik bely en die valse leer wat hiermee strydig is, duidelik afgewys.

Die verklaring van die belydessinode van Barmen, 1934, is die jongste belydenis wat uit so 'n situasie ontstaan het. Ek lees vir u die eerste artikel van die belydenis:

Hier hoor ek die taal van belydenis. Dit is die taal wat ons Sondagmôres gebruik: 'Ek glo in God die Vader, die Almagtige Skepper van hemel en aarde'.

Nog Ottawa,nog die Tydelike Ekumeniese Kommissie kom tot belydenis en tot afwysing van die dwalinge wat verwerp word. Vir Ottawa was dit nie nodig nie. Die WARC is nie 'n kerk nie.

Maar van die kerk vra status confessiones duidelike belydenis en duidelike afwysing. Daar moet 'n simbool geskep word wat deel word van die belydenis van die kerk waardeur die kerk hier en nou homself verklaar, 'n belydenis waarteen die dwaalleer erken kan word.

Daarom broeder voorsitter wil ek die sinode vriendelik versoek om 'n ad hoc-kommissie te benoem om 'n belydenis daar te stel en vir goedkeuring aan die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sinode voor te lê.

Karl Barth, een van die opstellers van die Barmen-verklaring, sê in sy Kerklike Dogmatiek dat so 'n belydenis aan vier eise moet voldoen:

1. Die belydenis mag nooit met enige bymotief geskied nie. Ek mag dus nooit bely omdat ek hoop om daarmee hierdie of daardie wins te maak nie, hierdie of daardie politieke bestel 'n nekslag toe te dien nie. dit mag alleen gaan om die eer van God en om niks, en dan ook niks anders nie.

2. Belydenis is nie 'n opinie wat ek uitspreek nie selfs nie 'n vaste oortuiging nie; dis 'n protes van die geloof wanneer dit gekonfronteer en bevraagteken word deur die lewe, dit sny dwars deur die clichés van die dag en lê tot op die been bloot. En daarom gaan 'n status confessiones nie maar net terug op die ou belydenisse nie, maar dit skep nuwe belydenis.

3. Belydenis is nie 'n lieriese ontboeseming nie of emosionele ontlading nie. Dit is 'n daad van uitdaging en konflik.

4. Belydenis is 'n vrye daad, onder dwang van die Heilige Gees aangegryp deur die Woord van God, en dit alleen. Dit vind nie plaas onder aanstigting van 'n wêreldmening nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Belydenis is nooit iets om mee te speel nie, want dit is soos vuur.

Laat ons hiermee omgaan soos dit ons pas met heilige dinge."[283]

Hierna is die volgende voorstel van die leraars van Beaufort-Wes onbestrede aanvaar: "Die HE Sinode benoem 'n ad hoc kommissie om as uitvloeisel van die afkondiging van 'n status confessionis teenoor apartheid 'n belydenis voor te berei wat nog voor hierdie sinode moet dien."[284] Die moderator het hierop gereël dat die moderatuur 'n kommissie sou aanwys.

4.5.2.2.2 <u>Die Ned. Geref. Kerk beskuldig van kettery</u>

Na die teepouse het die vergadering sy werksaamhede om 16:15 hervat. Afdeling III van die Kommissieverslag wat gehandel het oor die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika en "Apartheid" is aan die orde gestel.[285] In hierdie verslag is aandag gegee aan die historiese ontwikkeling van apartheid. Die Sendingbeleid van 1935, verskeie vergaderings in volkskongresse in die jare 1950 - 1960, die reaksie van die Ned. Geref. Kerk op die *Cottesloe-beraad* en *getuienis* uit die Ekumene het aan die orde gekom.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten slotte het die kommissie die volgende oor *Ras, Volk en Nasie* gesê: "As verantwoording van sy standpunt van 'regverdige rasseapartheid' het die NG Kerk genoemde dokument gepubliseer" en verder: "Die verslag bied allerlei pogings tot aanpassing by die die veranderende politieke situasie, maar sonder om die prinsipiële teologiese uitgangspunte t.o.v. apartheidsbeleid werklik prys te gee en grondig te bevraagteken. Met die historiese feite in hierdie verslag aangehaal, blyk 'Ras, Volk en Nasie' wel 'n vreemde dokument te wees wat nie heeltemal meer op lyn lê met die geskiedenis nie, maar wat tog alleen moontlik is omdat die sekulêre evangelie van apartheid steeds, al is dit in verfynde vorm, die geloofsbasis daarvan is. Hierin bly die dokument konsekwent. Die dokument repudieer geen beginseluitsprake voor 1974 nie. Ook is die Sendingbeleid van 1935 nog nooit herroep nie. In 1978 het die Algemene Sinode van die NGK die 1974-belydenis met enkele kleinere wysinge gehandhaaf."[286]

Die kommissie het hierop aanbeveel: "Die NG Kerk glo na die Sinode se oortuiging in die evangelie van apartheid wat direk in stryd is met die Evangelieboodskap



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van versoening en die sigbare eenheid van die Kerk. Daarom bring die Sendingkerk-besluit van 1978 (soos prinsipiëel beredeneer in Afdeling 1) mee dat hy nie anders kan as om met die diepste leedwese die NG Kerk van teologiese kettery en afgodery te beskuldig nie, gesien in die lig van haar teologies geformuleerde standpunt en die implementering daarvan in die praktyk. Die NG Sendingkerk doen hierdie oproep in diepe ootmoed en selfondersoek dat ons nie 'terwyl ons vir ander gepreek het self verwerplik sou wees nie'. 1 Kor 9:27"[287] Op grond van hierdie voorstel is die volgende amendement van ds DP Botha aanvaar: "Die sinode vervang die woord 'evangelie' in die eerste sin van die aanbeveling op bl. 16 van die verslag van die Tydelike Kommisssie vir Ekumeniese Sake met die woord 'ideologie.'" Dit was 'n duidelike versagting van die oorspronklike aanbeveling. In plaas van "evangelie van apartheid" het die voorstel nou gelui: "ideologie van apartheid."

'n Verdere amendement ingedien deur FC Pedro en PJ du P Strauss naamlik: "Die HE Sinode besluit om die woorde 'en afgodery' in die Aanbeveling van die Kommissie weg te laat" is met 193 teenoor 185 stemme verwerp. 73



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afgevaardigdes het laat aanteken dat hulle teen die besluite; Status Confessionis, Kettery en Afgodery gestem het. Ds FC Pedro het dit as volg gemotiveer:

"1 Dit is nie dat ek met die apartheidsideologie saamstem nie, trouens, ek verwerp dit in toto. Die feit is dat dit my veeloorwoë mening is dat ons eers in broederlike onderhandelinge met ons susterskerk (NG Kerk in SA) moet tree - oor die verklaring van 'n Status Confessionis.

2 Ek glo dat ek my altyd teenoor my God, my medemens en myself moet kan verantwoord oor elke besluit wat ek neem of waarmee ek saamstem of verskil.

3 Persoonlik stel ek 'n hoë premie op intermenslike verhoudinge - ook my verhouding teenoor die blankes - ongeag die apartheidsideologie."[288]

Hier was dus 'n duidelike aanduiding dat daar wel afgevaardigdes op die sinode was wat baie meer gematig was, en wat die Ned. Geref. Kerk eers nog 'n kans wou gee. Die oorgrote meerderheid het egter gevoel dat die Ned. Geref. Kerk genoeg geleentheid gehad het om oor sy beleid te besin. Daar moes nou tot aksie oorgegaan word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

4.5.2.2.3 Die Ned. Geref. Kerk opgeroep tot Skuldbelydenis

Dat hulle egter nie net by 'n *Status Confessionis* wou bly nie, maar ook die Ned. Geref. Kerk voor 'n duidelike ultimatum wou stel blyk uit die vyfde deel van die Kommissieverslag wat gehandel het oor: "Die Verhouding tussen die NG Sendingkerk en die NG Kerk in terme van die Status Confessionis."[289]

Die kommissie het die volgende aanbeveel:

"1. Dat die Sinodebesluit insake die Status Confessionis amptelik by die Algemene Sinodesitting van die NGK in Pretoria oorhandig sal word om ook deurgegee te word aan die onderskeie streeksinodes.

2. Dat die NGSK nie in hierdie stadium bande met die NGK in SA (algemeen) sal verbreek nie, maar as die Algemene Sinode van die NGK by sy eersvolgende sitting en die streeksinodes by hulle eerskomende sittings nie 'n ondubbelsinnige standpunt stel wat hulle bereidheid verklaar om tot berou te kom wat hulle verskaffing van 'n morele en teolgiese begronding vir die beleid van Apartheid betref en hulle gewillig verklaar om die konsekwensies van hulle skuldbelydenis in kerk en staat uit te werk nie, sal die NGSK verplig wees om haar bande met die NGK op te skort.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Sodanige besluit tot opskorting van bande sal, indien nodig, by 'n spesiale Sinodesitting oorweeg word.

3. Dat die NGSK haar rol as profeet en priester teenoor die NGK in SA (algemeen) met pastorale bewoëndheid sal vervul. Met alle weë en kanale tot haar beskikking sal ywer om die NGK te begelei tot erkenning van haar aandeel en skuld in die tot standkoming en vestiging van die pseudo-religieuse apartheidsideologie en politieke beleid wat mense van hulle menswaardigheid beroof het en onnoembare leed en lyding vir talle en talle mense tot gevolg gehad het, en steeds het.

4. Dat die NG Sendingkerk in SA die NG Kerk in SA die woorde van 2 Kroniek 7:13 en 15 toeroep: 'Die Here sê: As Ek die hemel toesluit dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hulle verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees!'

Daarom in diepe bewoëndheid en ootmoed bring ons voor die Here met ons eie skuld en aandadigheid aan die onversoenheid tussen gelowiges in ons familie en ons bely dat ons die waarheid op vele maniere van u terug-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehou het. Ons veroordeel u nie, sodat ons nie dalk self veroordeel word nie.

Ons skuld u niks anders as die liefde nie, want daarin alleen is die vervulling van die wet(Rom 13:8). 'Geliefdes laat ons mekaar liefhê: want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God.'

Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy enigste Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. Geliefdes as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê. as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het. En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde, en hy wat in die liefde bly, bly in God en God in hom.

Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees het nie volmaak geword in die liefde nie.

Ons het Hom lief omdat Hy ons eerste liefgehad het. As iemand sê: 'Ek het God lief - en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wil sy broeder wat hy gesien het,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê.'(1 Joh 4)
Ons spreek u as ons suster aan in hierdie taal, omdat die evangelie van LIEFDE wat u aan ons verkondig het, ons gids en troosbron bly."[290]

Hierdie deel van die verslag is Vrydagaand 1 Oktober 1982 aan die orde gestel. Verskeie amendemente wat nie aanvaar is nie het voor die vergadering gedien. 'n Belangrike voorstel ingedien deur AJ Botha en MG Bosch, wat wel aanvaar is het soos volg gelui: "Die Sinode dra dit aan die Moderatuur op om die besluit van die Vergadering oor die Status Confessionis, asook die 1978-besluite oor apartheid en kerkeenheid aan die Algemene Sinode van die NG Kerk oor te dra en verlof te vra om dit persoonlik te mag doen in die volle vergadering op 'n tydstip waarop dit nog vir die Algemene Sinode moontlik sal wees om aandag te skenk."[291]

Kort daarna het die vergadering verdaag en die debat is Saterdagoggend 2 Oktober om 9:00 hervat. Kort nadat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

die sitting begin het, het die leraar van Gelvandale, GV Ehlers teen die agtergrond van die besluit oor teologiese kettery en afgodery van die Ned. Geref. Kerk, aan die vergadering gevra of hy nog in die vergadering mag wees, of hy nog die gemeente Gelvandale met die Woord sal mag bedien, en of hy saam met die afgevaardigdes tydens die afsluiting van die sitting by die Nagmaalstafel mag aansit.[292] Hier was 'n duidelike aanduiding dat daar heelwat afgevaardigdes was, wat geskok en beswaard was oor die oordeel wat die vergadering oor die Ned. Geref. Kerk uitgespreek het.

Nadat hierdie aangeleentheid na die Tydelike Regskommissie verwys is, is punt 2 van die vyfde afdeling van die verslag aan die orde gestel. 'n Beredeneerde amendement ingedien deur JJW Hayes, DJ Marais, JJF Mettler, DP Botha en PJA Fourie is deur die vergadering aanvaar. Dit het soos volg gelui: "Dat die NG Sendingkerk dit betreur dat ons bande met die NG Kerk nou ernstig in gedrang is. Die HE Sinode oordeel dat die pad van versoening alleen bewandel kan word indien die NG Kerk haar skuld bely, wat betref die verskaffing van morele en teologiese begronding van apartheid en haar berou konkreet toon deur die konsekwensies van sodanige



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skuldbelydenis in kerk en staat uit te werk. daarmee ontken die NG Sendingkerk nie sy eie skuld aan die situasie nie en verklaar hom bereid om in liefde en vergifnis met die NG Kerk op weg te gaan in 'n soeke na 'n uitbouing en nie 'n verbreking nie van ons verhouding. Ons versoek die NG Kerk dringend om saam te werk om dit vir ons moontlik te maak. Die NG Sendingkerk se diepste bede is dat die NG Kerk hierdie weg van bekering sal bewandel en nie sal toelaat dat bande verbreek word nie."[293]

Dit was duidelik dat die bestaan van bande tussen die twee kerke nie vir alle sinodegangers ewe sigbaar was nie. Een van die afgevaardigdes het daarop gewys dat sy gemeente nie meer enige finansiële bande met die Ned. Geref. Kerk het nie en dat daar ook geen ander skakel was nie. Ds DP Botha, wat die amendement aan die vergadering voorgehou het, het hierop erken dat bande "ellendig versteurd" was en op plaaslike vlak gebrekkig was. Hy het gesê: "dit is 'n dwaling om te beweer dat daar finansiële bande kan wees sonder sentimente."[294] Dr Allan Boesak het opgemerk dat hy die bande met die NG Kerk heel anders ervaar. Tog erken hy ander se gevoelens en steun hy daarom die amendement.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy het egter beklemtoon dat: "wat besef moet word is dat die 'raamwerk van gesprek fundamenteel verander het.'"[295]

Hierop is punt 2 van die kommissie tot stemming gebring en verwerp. Hierdie was ongetwyfeld 'n belangrike wending op die vergadering. Die kommissieverslag het die Ned. Geref. Kerk duidelik en radikaal voor 'n ultimatum gestel. Indien die kerk nie daaraan sou voldoen nie, sou alle bande wat "in gedrang" was, en is die Ned. Geref. Kerk versoek om sy skuld te bely. 'n Verdere belangrike faktor wat weggeval het, was die stipulering van 'n bepaalde datum. Die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk sou 'n paar dae na die van die Ned. Geref. Sendingkerk vergader, en sou duidelik nie so gou 'n antwoord gereed kon hê nie. Dit wil voorkom asof rede geseëvier het in 'n vergadering waar die emosionele oorheers het. Van punt 3 en 4 van afdeling vyf is bloot kennis geneem.

4.5.2.2.4 <u>Die Verklaring oor Rassisme en Suid-Afrika (Ottawa)</u>

Kort daarna is die Verklaring oor Rassisme en Suid-Afrika (*Ottawa*) aan die orde gestel.[296] Die volgende voorstel is onbestrede deur die vergadering aanvaar:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Die Sinode neem met dank en waardering kennis van leraars en lidmate binne die NG Kerk wat ten opsigte van apartheid en kerkeenheid bereid is om onverskrokke hul profetiese getuienis te lewer."[297]

Hiermee het die sinode aan die einde van die Verslag van die tydelike kommissie vir Ekumeniese Betrekkinge. Die slag was gelewer. 'n *Status Confessionis* is afgekondig en die Ned. Geref. Kerk is van kettery beskuldig. Die besluite van *Ottawa* is gesekondeer en die Ned. Geref. Kerk is opgeroep tot skuldbelydenis. In alle opsigte het die Dogterkerk nou haar volwasseheid getoon. Sy het nie meer die woord en leiding van haar moeder aanvaar nie, en het haar kritiese stem laat hoor. Die vraag moet egter gevra word of hier nie van 'n "opstandige adollosente" fase sprake was nie, 'n fase waarin die dogter deur haar opstandigheid bepaalde dinge gedoen het wat in die toekoms struikelblokke op haar pad sou word nie.[298] Nietemin het die sinode gewag op die konsepbelydenis wat deur ds IJ Mentor, dr AA Boesak, dr DJ Smit, prof JJF Durand en prof G Bam opgestel sou word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.5.3 Die Konsep-belydenis 1982

Die sinode het op Woensdagoggend 6 Oktober om 8:30 sy werksaamhede hervat, en die Verslag van die *Ad Hoc*-Kommissie vir die daarstelling van 'n belydenis in behandeling geneem.

Nadat geringe wysigings aan die inhoud aangebring is, is die volgende mosie van orde ingedien: "Dat die Sinode hierdie belydenis soos voor die Sinode gelê, aanvaar as die konsep-belydenis van die NGSK in sy antwoord op die verklaring van 'n Status Confessionis tov die dwaling van apartheid en dat die historiese aanloop tot hierdie belydenis in 'n voetnota kursories aangetoon sal word."[299] Hierdie mosie is deur die vergadering aanvaar.

Daarna het prof G Bam aan die vergadering verduidelik dat die voorgestelde belydenis na aanvaarding deur die vergadering die status van 'n konsep-belydenis sou hê wat daarna ingevolge Kerkorde-artikel 40 aan al die kerkrade en ringe voorgelê moes word. Die terugvoering van die mindere vergaderings sou aan die Algemene Sinodale Kommissie voorgelê word. Eers nadat die volgende sinode die belydenis bekragtig het, sou dit nie meer 'n konsepbelydenis wees nie, maar 'n belydenis met dieselfde status as die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ander belydenisskrifte van die kerk soos vervat in die drie formuliere van eenheid. Prof Bam se verduideliking is aanvaar waarop die konsep-belydenis staande aanvaar is. Kort daarna is ook die begeleidende brief deur die Sinode goedgekeur.

#### 4.5.3.1 Die Inhoud

Die begeleidende brief het as volg gelui:

> "1. Ons is daarvan bewus dat daar in die lewe van die kerk oomblikke kan ontstaan van soveel erns dat die kerk die noodsaak kan voel om opnuut sy geloof te bely in die lig van 'n spesifieke situasie. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis nie ligtelik gedoen word nie, maar slegs as geoordeel word dat die hart van die evangelie self op die spel staan en bedreig word. Na ons oordeel verg die kerklike en politieke situasie binne ons land en veral binne die NG Kerk-familie tans so 'n beslissing. Ons doen hierdie belydenis dus nie as 'n teologiese gespreksbydrae of as 'n nuwe samevatting van al ons geloofsgoedere nie, maar as 'n kreet uit die hart, as 'n dwang wat ons opgelê is om die evangelie ontwil in die lig van die oomblik waarin ons staan. Ons bely saam met vele ons skuld daarin dat ons nie altyd duidelik genoeg hieroor getuig het nie en gevolglik medeverantwoordelik is daarvoor dat wat as sonde ervaar en bely is of as sonde ervaar en bely moes word, mettertyd gegroei het tot vanselfsprekendhede en Skrifvreemde ideologieë en dat die indruk by vele geskep is dat die evangelie nie waarlik op die spel was nie. Ons spreek hierdie belydenis uit omdat ons oordeel dat allerlei teologiese argumente daartoe bygedra het om aspekte van die waarheid so eensydig te beklemtoon dat dit in die leuen verander het.
>
> 2. Ons is daarvan bewus dat die enigste



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesag agter so 'n belydenis en die enigste grond waarop dit uitgespreek kan word, die Heilige Skrifte as die Woord van God is. Volkome bewus van die waagstuk verbonde aan so 'n daad, oordeel ons tog dat ons geen ander keuse het nie. Ons is boonop daarvan bewus dat geen ander motiewe of oortuigings, hoe geldig hulle ook al mag wees, ons die reg veroorloof tot 'n daad van belydenis nie. Dit moet 'n kerklike handeling wees ter wille van die suiwerheid en die geloofwaardigheid van die kerk en sy boodskap alleen. Sover dit moontlik is voor die mense verklaar ons hiermee dat ons enigste dryfveer geleë is in ons vrees dat die waarheid en krag van die evangelie self bedreig word in hierdie situasie. Ons wil geen groepsbelang dien, partyskappe bevorder, teologieë bevorder of bymotiewe verwesenlik nie. Terselfdertyd weet ons dat ons diepste bedoelinge slegs na ware beoordeel kan word deur Hom voor Wie alles oop en bloot is. Ons spreek hierdie belydenis nie uit vanaf sy troon en uit die hoogte nie, maar voor sy troon en voor die mense. Ons pleit daarom dat hierdie belydenis nie misbruik sal word deur enigiemand met allerlei bymotiewe nie en dat dit ook nie vanuit sulke motiewe teëgestaan sal word nie. Ons begeerte is om geen valse struikelblokke in die weg te lê nie, maar om heen te wys na die egte struikelblok, die rots Jesus Christus.

3. Ons spreek hierdie belydenis nie uit teen spesifieke mense of groepe mense of 'n kerk of kerke nie. Ons spreek hierdie belydenis uit teen 'n valse leer, teen 'n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig. Ons versugting is dat niemand hulle sal vereenselwig met hierdie verwerplike leer nie en dat almal wat heeltemal of gedeeltelik daardeur verblind is, hulle daarvan sal afkeer. Ons is terdeë bewus van die verleidelike aard van so 'n valse leer en weet dat vele wat daardeur gekondisioneer is, in mindere of meerdere mate die halwe waarheid leer glo het as die volle. Ons betwyfel daarom nie talle sulke mense se Christelike geloof, hulle opregtheid, eerlikheid, integriteit, en goeie bedoelinge en in baie opsigte lofwaardige handelwyse nie. Juis omdat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ons die krag van die misleiding ken, is ons daarvan bewus dat nie die erns, opregtheid of intensiteit van ons sekerhede ons vrymaak nie, dog slegs die waarheid in die Seun. Aan dié bevryding het ons kerk en ons land 'n intense behoefte. Ons praat daarom pleitend en nie beskuldigend nie. Ons pleit om versoening, dié egte versoening wat volg op bekering en verandering van gesindhede en ordinge. Ons is daarby daarvan bewus dat 'n daad van belydenis 'n tweesnydende swaard is, dat niemand van ons die eerste klip kan gooi of nie self 'n balk in die eie oog het nie. Ons weet dat die gesindhede en optrede wat die evangelie teëwerk, by ons almal aanwesig is en sal bly. daarom is hierdie belydenis niks anders nie as 'n oproep tot voortdurende gesamentlike selfondersoek, stryd en bereidheid tot bekering in die Naam van ons Here Jesus Christus in 'n gebroke wêreld. Dit wil geen daad van selfregverdiging en onverdraagsaamheid wees, sodat ons, terwyl ons vir andere preek, dalk self verwerplik sal wees nie.

4. Ons bede is dat hierdie daad van belydenis nie valse struikelblokke in die weg sal lê en daardeur valse verdelinge sal veroorsaak en bevorder nie, dog versoenend en verenigend sal wees. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis en 'n proses van versoening noodwendig veel pyn meebring. Dit verg die pyn van bekering, berou en skuldbelydenis. Dit verg die pyn van lewensvernuwing en -verandering, sowel individueel as gesamentlik. Dit plaas ons op 'n pad waarvan ons die einde nie kan voorsien of na ons eie wense kan manipuleer nie. Op dié pad sal ons onvermydelik intense groeipyne ervaar terwyl ons worstel om die vervreemding, die bitterheid, die onversoendheid en die vrees te oorwin. Ons sal sowel onsself as mekaar nuut moet leer ken en beleef. Ons is terdeë daarvan bewus dat hierdie belydenis roep om die aftakeling van denk-, kerklike en samelewingstrukture wat oor baie jare heen gegroei het. Ons bely egter dat daar ter wille van die evangelie geen ander uitweg moontlik is nie. Ons bede is dat ons broeders en susters in die NG Kerk-familie, maar ook daarbuite, hierdie nuwe begin sáám met ons sal wil maak, sodat ons sáám kan vry



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word en sáám hierdie weg van versoening en geregtigheid kan gaan. Ons bede is dat hierdie droefheid gevolglik 'n droefheid tot verlossing sal wees. Ons glo dat dit moontlik is in die krag van ons Here en deur sy Gees. Ons glo dat die evangelie van Jesus Christus hoop, bevryding, heil en ware vrede vir ons land kan en wil bring."[300]

Hierdie brief het die volgende belydenis vergesel:

"1. Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat deur sy Woord en Gees sy kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe.

2. Ons glo aan een heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.

Ef. 2:11-22 Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as gloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is;

Ef. 4:1-16 dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word;

Joh. 17:20,23 dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo; dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word;

Fil. 2:1-5; 1Kor. 12:4-31; Joh. 13:1-17; 1Kor. 1:10-13; Ef. 4:1-6 dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees, daarin dat ons gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen; daarin dat ons skuldig is om onsself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde gee; daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdronge is, van een brood eet en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ef. 3:14-20 1 Kor. 10:16-17 1 Kor. 11:17-34 Gal. 6:2 2 Kor. 1:3-4

aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel, saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken; saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig;

Rom. 12:3-8 1 Kor. 12:1-11 Ef. 4:7-13 Gal. 3:27-28 Jak. 2:1-13

dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie; dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigngs, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening van Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God;

dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk.

*Daarom verwerp ons enige leer wat óf die natuurlike verskeidenheid óf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolutering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie;*

*wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onversoendheid;*

*wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag sonde is;*

*wat, uitgesproke of onuitgesproke, voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk.*

2 Kor. 5:17-21 Matt. 5:13-16 Matt.5:9 2 Pet. 3:13 Openb.

3. Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon;



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

21-22
Ef. dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees
4:17-6:23 die magte van sonde en dood, en daarom ook van
Rom. 6 onversoendheid en haat, bitterheid en vyand-
Kol. skap, oorwin het; dat God deur sy leweskep-
1:9-14 pende Woord en Gees sy volk in staat stel om
Kol. te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in
2:13-19 die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlik-
Kol. hede kan bring;
3:1-4:6 dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak
word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig;
dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoendende krag van die evangelie by voorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.

*Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en belewing van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en ontkragtig.*

Deut.32:4 4. Ons glo dat God Homself geopenbaar het
Luk.2:14 as die Een wat geregtigheid en ware vrede
Joh.14:27 onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld
Ef.2:14 vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse
Jes. die God van die noodlydende, die arme en die
1:16-17 verontregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom
Jak.1:27 hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg
Jak. laat geskied en brood aan die hongeriges gee;
5:1-6 dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat
Luk. sien; dat Hy die wat bedruk is ondersteun,
1:46-55 die vreemdelinge beskerm en weeskinders en
Luk. weduwees help en die pad vir die goddelose
6:20-26 versper; dat vir Hóm reine en onbesmette
Luk.7:22 godsdiens is om die wese en die weduwees in
Luk. hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk
16:19-31 wil leer om goed te doen en die reg te soek;
Ps.146 dat die kerk daarom mense in enige vorm van
Luk. lyding en nood moet bystaan, wat onder andere
4:16-19 ook inhou dat die kerk sal getuig en sal stry
Rom. teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

6:13-18
Amos 5
reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom; dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.
*Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.*

Ef. 4:15-16
Hand. 5:29-33
1 Pet. 2:18-25
1Pet. 3:15-18

5. Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees.

Jesus is die Heer.
Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid."[301]

### 4.5.3.1 Amptelike Reaksie van die Ned. Geref. Kerk

Dat hierdie belydenis geweldige kommentaar sou uitlok, was duidelik.

*Die Kerkbode* was die eerste om op die gebeure te reageer. Onder die titel: "Kyk kalm hierna" het dié koerant berig: "Ons doen dit ongaarne om kommentaar te lewer op besluite van die sinode van 'n lidkerk van die NG familie. Besluite het egter by die afgelope sinode van die NG Sendingkerk geval wat ons nie sonder reaksie kan laat verbygaan nie" en verder: "Die Ned. Geref. Kerk



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word dus van kettery en afgodery beskuldig! Dit is baie sterk taal vir 'n kerk om teenoor 'n ander kerk te gebruik. En dit is voorwaar 'n ontsaglike verantwoordelikheid wat diegene wat bereid was om so 'n oordeel oor die Christelike kerk uit te spreek, op hulle skouers neem." Die blad het voorts berig: "Die Ned. Geref. Kerk bely met ootmoed dat nie al sy lidmate altyd in alle opsigte Christelik teenoor anderskleuriges optree nie en hy maak ook nie daarop aanspraak dat al sy kerkvergaderings in al hulle formulerings van besluite onfeilbaar is nie" en verder: "Sinodale besluite wat uit emosionele reaksie en argumentvoering gebore word, toon in die reël dat nie genoegsaam met die volle implikasie en konsekwensies rekening gehou word nie. Dat verskeie van die beredeneringe en besluite van die Sendingsinode swaar emosioneel gelaai was, is onontkenbaar."[302]

"'n Senior Kleurlingleraar van die NG Sendingkerk, ds JG Smith, se uitgesproke teleurstelling oor die venynige gesindhede wat soms in die sinode geopenbaar is en oor die gevolge wat dit vir die toekomstige eenheid binne die NG Sendingkerk self kan hê, is bewys hiervan."[303] Ten slotte was *Die Kerkbode* van mening dat: "Vir die oplossing van probleme kan emosionele ontboesemings en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besluite nie blywende en geseënde oplossings bring nie. Oplossings vereis geduldige rasionele benadering. Dit noop ons om te pleit dat ook ons eie Algemene Sinode nie emosioneel sal oor-reageer nie maar kalm die besluite onder oë neem waarmee ons gekonfronteer word."[304] Hierdie was inderdaad insiggewende opmerkings en raad van die Ned. Geref. Kerk se amptelike blad. Dit was duidelik dat daar 'n groot antagonisme ten opsigte van die Ned. Geref. Sendingkerk en sy besluite bestaan het.

Die Algemene sinode van die Ned. Geref. Kerk het vanaf 12 - 22 Oktober 1982 in Pretoria vergader, presies ses dae na die sitting van die Ned. Geref. Sendingkerk.

Na heelwat debatvoering is die volgende antwoord deur die sinode geformuleer:

> "1. Die Algemene Sinode
> 1.1 het kennis geneem van die amptelike skrywe van die NG Sendingkerk maar was tydens hierdie sitting nie in 'n poisisie om 'n diepgaande studie daarvan te maak nie
> 1.2 wil ook sy dankbaarheid te kenne gee vir die feit dat die NG Sendingkerk nie sy bande met die Ned. Geref. Kerk wil verbreek nie maar bereidwilligheid toon om die gesprek voort te sit
> 1.3 wil sy hartseer en ontsteltenis uitspreek oor die onbillike beskuldiging van teologiese kettery en afgodery aan die adres van die Ned. Geref. Kerk
> 1.4 verseker die NG Sendingkerk dat hy steeds selfondersoek en voortgaande studie doen ten



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> einde vas te stel of sy huidige siening met betrekking tot Kerklike- en menslike verhoudinge in lyn bly met die eise van die Heilige Skrif
> 1.5 Is bereid om onbevooroordeeld en op 'n gelyke gespreksbasis saam met die NG Sendingkerk opnuut na die Skrif te gaan ten einde te soek na die antwoorde op verskillende kwelvrae
> 1.6 dra dit aan die Breë Moderatuur op om die stukke van die NG Sendingkerk te bestudeer en onverwyld met die NG Sendingkerk hieroor in gesprek te tree."[305]

'n Verdere oproep aan die Ned. Geref. Kerk is ook gedoen:

> "2. Die Algemene Sinode roep alle lidmate op om
> 2.1 met groter aandag te luister na die geroep vanuit ander kerke in die Ned. Geref. Kerk-familie
> 2.2 in die gesindheid van Jesus Christus se barmhartigheid met groter toewyding hul nood op alle lewensterreine te lenig vir sover die Here ons daartoe instaat stel.
> 2.3 Die Algemene Sinode versoek dringend al die gemeentes van die Ned. Geref. Kerk om nie deur hulle optrede aan mede-gelowiges aanstoot te gee nie, maar eerder hul optrede in ooreenstemming te bring met die Heilige Skrif en die besluite en uitsprake van die Algemene Sinode in die verband."[306]

Dit was duidelik dat hierdie sinode hom nie wou uitlaat oor die gebeure te *Belhar* nie. Dr Dirk Fourie het hom na die sinode as volg teenoor *Rapport* uitgelaat - oor die druk op die Sinode: "My waarneming was dat die Sinode weinig of geensins deur die druk van binne of buite beïnvloed was. Soos 'n lokomotief op 'n spoor het die NG Kerk deur sy meerdere vergadering na vore beweeg." Oor die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kettery-klag een die Kerk: "Die aparte-kerke-is-kettery-leer is vir alle praktiese doeleindes geïgnoreer" en oor die antwoord aan die Ned. Geref. Sendingkerk: "Die antwoord aan die NGSK spreek van liefde en bewoëndheid en was na my oordeel 'n triomf vir die Sinode."[307] Wanneer hierdie woorde van dr Fourie in gedagte gehou word is dit logies dat dr AA Boesak teenoor dieselfde koerant sou opmerk: "'n Onvergeetlike week wat nou nog soos donker, agterna-weer oor ons koppe hang, en sal bly hang, tensy 'n wonder gebeur ..." en verder: "Die onvermoë van die NG Kerk om enigsins te erken wat apartheid gedoen het aan mense (Blank en Swart), aan die kerk, aan die evangelie, en die volgehoue weiering om te erken dat hy berou en bekering nodig het, is nie net verstommend nie, maar ontneem ook alle grond aan die verwagtings oor versoening."[308]

Dit was duidelik dat die verhouding tussen die twee kerke 'n laagtepunt bereik het, en dat dit iewers op 'n groot konfrontasie sou uitloop. Die moderatuur het intussen 'n subkommissie aangestel wat 'n antwoord aan die Ned. Geref. Sendingkerk moes formuleer. Die lede van die subkommissie was ds Dirk Viljoen, dr Dirk Fourie, prof Flip van der Watt en dr Pierre Rossouw.[309] Die moderators van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Ned. Geref. Kerk se elf streeksinodes sou ook om kommentaar genader word terwyl die uiteindelike antwoord eers met die volle dagbestuur van die Breë Moderatuur bespreek sou word en dan aan die res van die Breë Moderatuur voorgelê sou word vir finalisering.[310] Hierdie omslagtige proses wat deurloop moes word, het gesorg dat die "finale antwoord" eers op 4 April 1984 in *Die Kerkbode* gepubliseer is. Hierdie antwoord wat 23 Maart 1984 gedateer was het soos volg gelui:

> "LIEWE BROERS
> Ons groet u in die Naam van ons Here Jesus Christus.
> 1. Die Algemene Sinode van 1982 het dit aan ons, as Breë Moderatuur opgedra om te antwoord op die stukke wat u tydens die Algemene Sinode aan ons oorhandig het.
> 1.1 Allereers wil ons in alle opregtheid verklaar dat ons die Here dank vir soveel wat vir die uitbreiding en opbou van die Koninkryk van God deur die NG Sendingkerk tot stand gebring is. Ons is dankbaar vir besondere samewerking wat daar in die verlede met die NGSK was en hoop en vertrou dat die Here u steeds sal bewaar en gebruik as instrument in Sy hand tot Sy eer.
> Ons spreek die diepe wens uit om saam met die NGSK ook in die toekoms aan die Koninkryk van God te bou. In hierdie gesindheid moet u dan asseblief ook die res van ons antwoord lees.
> Ons aanvaar ook dat hierdie sake waarop ons nou antwoord vir u van groot belang en lewenserns is. Daarom wil ons ook in opregtheid daarop antwoord. Sal u asseblief ook hierdie antwoord as 'n eenheid lees.
> 1.2 Die besluite wat tydens die Sinode as antwoord op u besluite geneem is, is reeds op 4 Oktober 1983 amptelik aan u deurgestuur.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1.3 Aangesien u moderatuur nie ons oortuiging dat 'n voorafgaande gesprek noodsaaklik is, gedeel het nie en aan ons op 21/11/83 laat weet het dat 'die standpunt van die Ned Geref Sendingkerk so duidelik is dat daar geen misverstand kan wees nie', antwoord ons u dus noodgedwonge skriftelik. Dit gaan egter gepaard met die aanbod dat indien daar in ons formulering vir u enige onduidelikheid of ander redes vir 'n persoonlike gesprek mag voorkom, ons ons bereidwillig verklaar. U het trouens self besluit om 'die inisiatief met onderhandelinge te neem en om voortdurend in korrespondensie met die drie susterkerke te bly.'

1.4 Bewus van die feit dat u Belydenis nog onder behandeling en dus nie finaal is nie, is ons antwoord ten opsigte van u Belydenis dus ook voorlopig.

1.5 Ons het weer eens die volgende stukke wat ons van u ontvang het indringend bestudeer:

Die NG Sendingkerk en Apartheid ('n prinsipiële besinning)

Die Sinode van 1978 en Ottawa

Beoordeling van posisie van NG Kerk

Verhouding tussen die NG Sendingkerk en die NG Kerk in terme van die Status Conffesionisbesluit

Besluit oor uitvoering

Die Belydenis 1982 (konsep)

Begeleidende brief

Kerkeenheid

Besluit van die Sinode van NG Sendingkerk 1978 oor Kerkeenheid

Interpretasie van Sinodebesluite oor Kerkeenheid.

2. Graag wil ons nou onder 'n aantal hoofde die inhoud van u besluite saamgroepeer en dan kortliks daarop antwoord:

2.1 DIE VERHEFFING VAN ONVERSOENBAARHEID TOT 'N SAMELEWINGSBEGINSEL

In hierdie verband haal ons die volgende sinsnedes uit u stukke aan:

$ 'Die politieke en kerklike bestel van Suid-Afrika is 'n bestel waarin onversoenbaarheid tot 'n samelewingsbeginsel verhef word.'

$ 'Die keuse van die term: onversoenbaarheid in die sinodebesluit van 1978 was doelbewus.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daardeur vertaal die Sinode sy getuienis in terme van sy eie terrein, dié van kerk en teologie. Immers, onversoenbaarheid staan teenoor gedagte van versoening die hartaar van die Christelike evangelie en juis daarom ook die hartaar van die bestaan en die verkondiging van die kerk.'

$ 'In Suid-Afrika steun die apartheid in Kerk en samelewing in 'n groot mate op 'n teologiese en morele regverdiging van die sisteem. Apartheid is dus 'n pseudo-religieuse ideologie sowel as 'n politieke beleid - wat hom laat geld op die terreine van kerk en staat en sodoende die hele Suid-Afrikaanse samelewing beïnvloed en struktureel bepaal.'

$ 'Ons verklaar dat apartheid (afsonderlike ontwikkeling) 'n sonde is, dat morele en teologiese regverdiging daarvan 'n bespotting van die evangelie is en dat sy volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God, 'n teologiese kettery is.'

$ 'Daarom bring die Sendingkerk besluit van 1978 (soos prinsipieel beredeneer in Afdeling II) mee dat hy nie anders kan as om met die diepste leedwese die NG Kerk van teologiese kettery en afgodery te beskuldig nie, gesien in die lig van haar teologiesgeformuleerde standpunt en die implementering daarvan in die praktyk.'

2.1.1 Ons kan u stelling:

**'die politieke en kerklike bestel van SA is 'n bestel waarin onversoenbaarheid tot 'n samelewingsbeginsel verhef word'**

nie onderskryf nie. Nog nooit het die Ned Geref Kerk onversoenbaarheid tot samelewingsbeginsel verhef of dit teologies of moreel geregverdig nie.

U stel kerk en staat met bogenoemde woorde op 'n ongeoorloofde wyse gelyk asof hulle identies is in wese en opdrag. Die vertrekpunt van u stuk gaan dus uit van 'n stelling wat ongegrond is. Daarop bou u dan u afleidings wat ongeregverdig is.

2.1.2 Ons staan op die standpunt dat die Skrif die wesenlike eenheid en solidariteit van die menslike geslag tesame met die oer-samehang en die prinsipiële gelykwaardigheid van alle mense en volke leer en handhaaf. Die Ned Geref Kerk verwerp dus etnosentrisme. Dit be-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hels 'n prinsipiële verwerping van die onversoenbaarheid van mense en volkere.

2.1.3 Ons aanvaar en handhaaf egter eweneens die feit van die verskeidenheid van volkere, maar verhef dit nie tot enigste en hoogste beginsel nie. Verskeidenheid en verskille word nie deur die versoening in Jesus Christus opgehef nie, maar gehandhaaf en deur die nuwe eenheid in Jesus Christus getransendeer. Die allesoorheersende belangrikheid van die nuwe eenheid in Christus lei geensins tot die opheffing van die samelewingsverbande in hulle verskeidenheid nie.

2.1.4 Daarmee ontken ons nie die gevaar dat volkereverskeidenheid 'n sondige geskeidenheid tussen volkere kan word nie. Die kerk van Jesus Christus en die volkere moet steeds met verwyderingskeppende moontlikhede rekening hou en alles in die werk stel om wedersydse begrip en respek te skep, om probleme uit te praat en brûe te bou wat sal voorkom dat die verskeidenheid 'n sondige geskeidenheid word. Hiermee verwerp ons dus in gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif die 'praktyke van die sondige natuur' naamlik onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid ens. (Gal 5:19) tussen indiwidue en volke. Positief streef ons dan ook na die 'vrug van die gees' naamlik liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid en getrouheid (Gal 5:20) ook tussen bevolkingsgroepe.

Ons staan op die standpunt dat daar gewaak en gewaarsku moet word teen alle vorme van selfsug, selfbevoordeling ten koste van ander, gevoelloosheid en kortsigtigheid ten opsigte van die behoeftes van ander indiwidue en volke.

2.1.5 Ons aanvaar die roeping om as kerk profeties die versoenende en genesende boodskap van die evangelie te verkondig terwyl ons terselfdertyd afwysend teenoor sonde en korrigerend teenoor sondige strukture in die samelewing staan. Ons is geroepe om te waarsku wanneer onreg in die implementering van landsbeleid en in die toepassing van landswette geskied.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel ons, as deel van ons sondige bestaan moet erken dat ons soms versuim het om aan hierdie taak getrou uitvoering te gee deur die lig en gewete van die samelewing te wees, wil ons in alle beskeidenheid ook daarop wys dat die Ned Geref Kerk nooit afsydig gestaan het teenoor die sosio-ekonomiese vraagstukke van minder-ontwikkelde mense en volke nie, maar steeds die geestelike, materiële en liggaamlike node van ander bedien.

## 2.2 VERSKANSING VAN HEBSUG EN VOOROORDEEL

Ons verwys na die sin in u 'Prinsipële besinning naamlik

'waarin ten spyte van vermeende goeie bedoelinge die hebsug en vooroordeel van maghebbers en bevoorregtes ten koste van magelose en minderbevoorregtes verskans word.'

Dit is pynlik dat die Ned Geref Kerk die verwyt moet verneem as sou hy medepligtig gewees het aan die verskansing van haat, hebsug, vooroordeel, ensovoorts.

Het die NGSK werklik hierdie verwytende beskuldiging geweeg?

In u begeleidende brief sê u by punt 3 dat u u belydenis nie teen spesifieke mense of groepe van mense of 'n kerk of kerke uitspreek nie - nogtans beskuldig u die Ned Geref Kerk byname in u 'Beoordeling van die posisie van die Ned Geref Kerk' van teologiese kettery en afgodery. Die implikasie is dat die Ned Geref Kerk 'sonde, haat en vyandskap en geskeidenheid die laaste woord laat spreek. Hierdie verwyt is onwaar en daarom onverdiend.

## 2.3 POLARISASIE VAN MENSE DEUR 'N SISTEEM

U maak die stelling:

In aanvulling tot die teologiese stelling in verband met onversoenbaarheid, gaan die Sinode verder en toon aan dat die sisteem wat uit so 'n beleid (gegrond op onversoenbaarheid) voortkom noodwendig moes lei en gelei het, tot 'n toenemende polarisasie.

2.3.1 Ons wys graag op ons duidelike verwerping van rassisme tydens die laaste Algemene Sinode. Ons haal die volgende besluite aan:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'Aangesien die Nuwe Testement die prinsipiële gelykwaardigheid (RVN 13.1) en die daadwerklike verskeidenheid (RVN 13.4, 13.7 en 23) van mense en volkere, elk met 'n eie bestaansreg (RVN 9) - sowel as die eenheid van die menslike geslag (RVN 8 en 31.2) handhaaf, en aangesien die gebod tot naasteliefde, wat ook in geregtigheid tot uiting kom (RVN 13.9), die etiese norm vir die reëling van volkereverhoudings is (RVN 13.8) verwerp die Algemene Sinode alle rassisme as onskriftuurlik, as sonde (vergelyk Heidelbergse Kategismus, Sondag 40), aangesien dit sommige volke as meerderwaardig en ander as minderwaardig beskou en behandel.

Die Sinode spreek dit verder as sy oortuiging uit dat rasbewustheid en volksliefde as sodanig nie sonde is nie, maar wanneer ras en/of volk deur wie ookal verabsoluteer word, tree rassisme in wat sonde is.' (Hand. A.S. 1982 bl 1383).

2.3.2 Ons wys ook op die besluit van die Algemene Sinode oor menseverhoudings:

'In die huidige tye van woelinge, gevare en wyduiteenlopende menings roep die Algemene Sinode alle lidmate van die NG Kerk op om as Christene die beginsels van die koninkryk van God ook op die politieke terrein met waardigheid, selfbeheersing en verantwoordelikheid deur te voer. In ons veelvolkige situasie impliseer die Versoeningsboodskap van Gods Woord dat daar voortdurend kanale vir doeltreffende kommunikasie (RVN 49.7) en gesamentlike beplanning moet bestaan (RVN 47.3).

Dit is die roeping van die kerk om mee te werk aan die realisering van die beginsels van Gods Koninkryk in die wêreld (RVN 48.4), dus ook in ons geliefde Vaderland, en moet die kerk die norme van Gods Woord vir die onderlinge verhouding van mensegroepe tot mekaar aan die owerheid voorhou en waarsku wanneer onreg mag geskied in die implementering van landsbeleid en in die toepassing van landswette (RVN 49.1).' (Hand A S 1982 bl 1313).

2.3.3 Kragtens sy prinsipiële siening mag die kerk as instituut nie politiek bedryf nie. Hieraan wou die N G Kerk as instituut steeds getrou bly, hoewel ons terdeë daarvan bewus is dat onder andere lidmate en ampsdraers van ons kerk 'n leidende rol gespeel het om die poli-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tieke bestel in die RSA daar te stel.

2.3.4 Ons ontken nie dat die kwessies van die reëling van volkereverhoudings, volkereverskeidenheid en die lig wat die Skrif daarop werp, dikwels in kerklike debatte - mondelings, skriftelik en in kerkvergaderings bespreek is in die verlede nie.

As gevolg van hierdie ontwikkelende debat het daar ook steeds nuwe insig gekom en is die poging van sommige om gedwonge skeiding as imperatief direk uit die Skrif af te lei, geleidelik laat vaar.

Deurgaans word egter gehandhaaf dat naasteliefde en sosiale geregtigheid die norm vir die reëling van hierdie verhoudings moet wees en dat geen onreg in die implementering van landswette ook in hierdie verband, mag geskied nie.

Afsonderlike ontwikkeling, toegepas volgens bogenomde beginsels, is volgens ons, nie in botsing met die eise van die Skrif nie.

Die feit dat u meen dat die Ned Geref Kerk die huidige politieke bestel (apartheid) moes verwerp het of dat hy nie genoeg uitgesproke in sy verwerping was nie, gee in die lig van ons standpunt soos so pas hierbo gestel, tog nie grond om die Ned Geref Kerk as instituut beskuldig as sou hy dit ongekwalifiseerd moreel en teologies regverdig en daarom skuldig sou wees aan 'teologiese kettery en afgodery' nie.

In hierdie verband moet ons daarop wys dat die Ned Geref Kerk 'n aandeel gehad het ten opsigte van die Wet op gemengde huwelike en die Ontugwet, art 16, maar dan wel op grond van morele, welsyns en ander praktiese oorwegings wat uiteraard ook politieke konsekwensies gehad het.

U besluit

'dat die Ned Geref Kerk sy skuld moet bely, sy berou konkreet moet toon, die weg van bekering moet bewandel',

is dus vir ons nie toepaslik nie.

2.3.5 Herhaalde sinne in u stuk, asook die stelling

'dat die NGSK sy rol as profeet en priester teenoor die Ned Geref Kerk met pastorale bewoendheid sal vervul',

dui weliswaar op 'n gesindheid van eg Bybelse



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

liefde en optrede aan u kant. Dit, geliefde broers stel ons waarlik op prys. Dieselfde gesindheid wil ons ook bewaar. Soos u dit stel, wil ons ook vermy dat 'ons terwyl ons vir andere preek, dalk self verwerplik sal wees'.

2.3.6 Ten opsigte van die kenmerke van die ware kerk moet ons dit egter pertinent beklemtoon dat ons steeds alles onderskryf wat die Formuliere van Eenheid hieroor leer. Ons staan ewe sterk op die standpunt dat geen ware gereformeerde kerk ooit selfvoldaan mag wees nie, maar steeds moet aanhou reformeer. Een bewys hiervoor is ons besluit

**'dat die kerk homself nie die weelde kan veroorloof om die besinning oor rasse- en volkereverhoudinge op 'n gegewe monment as afgedaan te beskou nie.'**

Daarom is ook die Ned Geref Kerk besig om opnuut te luister na wat die Woord van God vir ons oor genoemde saak in die huidige situasie te sê het.

Die roeping van die kerk om steeds opnuut na die Woord van God te luister, word nooit beëindig nie. Die huidige situasie is nooit staties nie. Dit is begrepe in die dinamiese proses van verandering wat so kenmerkend van ons tyd is. Ook ons moet ons voortdurend afvra of vroeëre besluite oor rasse- en volkereverhoudings uit die Woord van God verantwoordbaar is.

Die kommissie vir die indringende hersiening van Ras, Volk en Nasie is inderdaad hiermee besig en ook die besluite van u kerk tans onder bespreking, is deel van die bylaes van die Hersieningskommissie.

2.3.7 Hiermee voldoen ons dan ook aan u versoek naamlik:

**'verklaring dat die Ned Geref Kerk weer opnuut in die lig van die besluite van die Hoogeerwaarde Sinode weer sy standpunte met betrekking tot apartheid/eiesoortige ontwikkeling in oenskou sal neem en herformuleer.'**

As uitgangspunt en norm in hierdie verband word steeds slegs die Woord van God aanvaar. Ons gemeenskaplike belydenisskrifte word vanselfsprekend ook eerbiedig.

2.3.8 Natuurlik moet ons erken dat ten spyte van pogings om beter verhoudings te skep, daar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

duidelike tekens is van vervreemding, misverstande, vooroordele en spanninge tussen verskillende bevolkingsgroepe. Rekening moet egter enersyds gehou word met die versoeking tot egoïsme, uitbuiting en diskriminasie deur bevoorregtes teenoor minderbevoorregtes.

Andersyds moet dan ook weer rekening gehou word met die versoeking by minderbevoorregtes om die verantwoordelikhede met betrekking tot hulle eie ontwikkeling nie te aanvaar nie. Dit geld in beide gevalle vir alle bevolkingsgroepe.

Ons erken dat beide hierdie versoekings suk
sesse behaal het en dat dit in versteurde menslike verhoudige tot uiting gekom het en dit ook veroorsaak het.

2.3.9 Met ander woorde: in ons gebroke werklikheid is daar polarisasie tussen belangegroepe. Verskille wat bestaan, is nie per se sondig nie. Verskille bestaan onder andere ook weens die ongelykheid tussen mense, ten spyte van hulle gelykwaardigheid voor God.

Daar is 'n ongelykheid in vermoëns, in verantwoordelikhede en selfs betroubaarheid en prestasies van die individue. Hierdie ongelykheid werk noodwendig deur tot in alle sosiale strukture.

2.3.10 Aan die ander kant meen ons dat daar nie net negatief geoordeel kan word nie. Daar het inderdaad ook goeie en positiewe dinge wel in hierdie land tot stand gekom. Verder meen ons dat ons nie noodwendig beter daaraan toe sou gewees het met 'n ander politieke bestel nie.

Ons meen dat watter politieke stelsel ook al in swang mag wees, geen vertroue daarop geplaas mag word as sou dit die eiesoortige Suid-Afrikaanse vraagstukke uitskakel nie.

Die verskynsel van maatskaplike ongeregtigheid moet eerder gesien word as 'n gevolg van die sondige natuur van die mens en die deurwerking daarvan in die maatskaplike strukture. Dit is nie uiteraard aan 'n bepaalde staatsbestel gekoppel nie.

Hierdie sondige natuur werk oral deur, ook in die maatskaplike strukture. Ons kan byvoorbeeld verwys na state wat na onafhanklikheid eenpartystate met verdwynende menseregte geword het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.3.11 Omdat ons weet dat ons in 'n gebroke wêreld vol sonde leef, is ons oortuig dat die kerk alles in sy vermoë op sy terrein moet doen om die boodskap van verlossing in Jesus Christus in belang van sy koninkryk te verwesenlik. 'n Reformerende kerk het implikasies vir 'n reformerende samelewing. Dit is ons oorwoë mening dat die kerk as instituut nie 'n organisasie of poitieke drukgroep vir sosiale hervorming mag word nie.

Die Ned Geref Kerk wil aan die eenkant hom nie skuldig maak aan die ontduiking van sy verantwoordelikhede nie. Aan die ander kant wil die Ned Geref Kerk hom ook nie op sleeptou laat neem deur die horisontalisme wat al sterker via sekere kerklike ekumeniese liggame na vore kom nie. (Vergelyk meegaande bylae oor Riglyne in verband met die wese van die kerk).

Ons stel dit andermaal dat dit die kerk se primêre taak is om die Woord van God te verkondig en sy lidmate toe te rus vir hulle dienswerk in alle lewensverbande. Lidmate word steeds opgeroep om die beginsels van die koninkryk van God ook op maatskaplike en politieke terrein deur te voer.

2.3.12 In hierdie verband laat die Ned Geref Kerk hom nie amptelik uit oor die uiteenlopende standpunte rondom die nuwe staatkundige bedeling nie. Die ideaal is dat almal Christelik en navolgenswaardig sal optree in die worsteling om die beginsels van die koninkryk van God beter to hulle reg te laat kom ook in die toekomstige nuwe situasie.

Waar daar wel onwaardige gesindhede voorkom, noop dit elke kerk ten opsigte van sy eie lidmate, tot ernstige selfondersoek oor die doeltreffendheid van sy toerusting van lidmate om die beginsels van die koninkryk deur te voer.

2.3.13 Ons verklaar dat ons in beginsel beslis teen polarisasie is: Dat niemand se menswaardigheid aangetas mag word nie; dat niemand ten koste van ander bevoorreg mag word nie en dat niemand onwillig mag wees om die gawes wat hy ontvang het met vreugde tot nut en saligheid van ander aan te wend nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2.4 DIE STRUKTURERING VAN KERKVERBANDE DEUR DIE 'SEKULERE EVANGELIE VAN APARTHEID'

2.4.1 Ons verwerp die standpunt
**'dat die sekulere evangelie van Apartheid die kerkwees en kerkverband van die Ned Gerf Kerke in SA struktureer'.**

Die totstandkoming van onderskeie kerke het geskied uit sendingkundige oorwegings lank voor die beleid van eiesoortige ontwikkeling gestalte gekry het. Ons glo dat dit onder die leiding van die Here geskied het.

2.4.2 Ons is bewus daarvan, en onderskryf dit dat die eenheid van die kerk nie net 'n onsigbare nie, maar ook 'n sigbare werklikheid is wat gesien, gehoor en beleef kan word. Hierdie eenheid moet in woord en daad konkrete uitdrukking vind. En om op hierdie weg te vorder, werk ons saam met die ad hoc kommissie van die Federale Raad oor hierdie aangeleentheid.

Die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk ag juis hierdie punt van soveel belang dat hy besluit het dat die rapport van hierdie kommissie ook na die hersieningskommissie van Ras, Volk en Nasie moet gaan. Hiermee is dit duidelik dat ons oortuig is dat sinvolle en verantwoordelike besinning altyd hieroor noodsaaklik is.

2.4.3 Dit is egter belangrik om daarop te wys dat ons 'n verskeidenheid, 'n pluriformiteit van kerke wat saamhang met en die gevolg is van die verskeidenheid van volkere, binne die een kerk, die liggaam van Christus as Skriftuurlik aanvaar. Die verskeidenheid mag egter nooit ontaard in 'n geskeidenheid nie.

Daar is immers net een Here van die Kerk, en daarom kan daar net een universele kerk wees en hierdie eenheid moet op een of ander wyse tot openbaring gebring word. Hierdie sigbare eenheid bestaan nie slegs in een kerk-instituut nie, en hoef nie noodwendig daartoe te lei nie.

2.4.4 Ons glo dat die belydenis van een, heilige algemene Christelike kerk 'n belydenis van die eienskappe van die kerk is en ons staan steeds in die lig van wat reeds gesê is, hierby. Die kerk van Christus vertoon egter in ons bedeling 'n verskeidenheid van gestal-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tes wat met die volkereverskeidenheid saamhang, maar is nie geslote in die sin dat dit net vir lede van een volk bedoel is nie. Vergelyk in die verband besluite van ons Algemene Sinode oor die wyse waarop oordraagbaarheid van lidmaatskap oorweeg kan word deur kerkrade. (Kyk Hand A S 1982, bl 1386).

### 3. DIE AANVAARDING VAN 'N STATUS CONFESSIONIS

U definieer as volg:
''n Status confessionis beteken dat ons hierdie saak as 'n aangeleentheid beskou waaroor dit onmoontlik is om te verskil sonder om die integriteit van ons gemeenskaplike belydenis as Geref Kerke ernstig in gevaar stel.'

Hoewel die definisie van 'n status confessionis ons lank kan besig hou, wil ons graag net die volgende beklemtoon:

3.1 Ons glo nie dat ons oor die verhouding Skrifbelydenis verskil nie. Daarom laat ons dit daar.

'n Status confessionis handel egter oor:

* sake wat met die Heilige Skrif in stryd is
* nuwe aktuele sake wat nie pertinent genoeg in die bestaande belydenisskrifte na vore kom nie.
* sake wat wesenlike waarhede in bestaande belydenisskrifte aan bande lê, vermink of daarmee in stryd is.

3.2 Ons erken 'n kerk se reg om onder uiterste omstandighede 'n status confessionis daar te stel.

3.3 Dit is egter duidelik dat u 'n beslissing omtrent 'n bepaalde situasie geneem het op grond van u eie evaluasie daarvan. Vir ons kom dit voor dat hierdie evaluering van die situasie die taak van meer as een kerk in die RSA is. Tussen ons en u is daar duidelik 'n radikale verskil in die beoordeling van die situasie.

3.4 Ons wil aanvaar dat daar moontlik 'n uiterste situasie onverhoeds kan ontwikkel wanneer 'n afsonderlike kerk waarskynlik by hoë uitsondering 'n eie status confessionis kan daarstel.

Die verklaring van 'n status confessionis sou onses insiens in die RSA slegs kon geskied



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in 'n krisis-situasie wat so toegeneem het dat daar nou 'n bestaansbedreiging vir die evangelie aangebreek het, met ander woorde, 'n situasie waar alle uitsig menslik verlore en geen ander kanale toeganklik is nie. Om egter op verantwoordelike wyse tot so 'n ingrypende beoordeling van die omstandighede te raak, is in die RSA tans nie die taak van een kerk nie. Ons twyfel ook of daar in die huidige situasie genoegsaam krisis-omstandighede was.

3.5 Ons is dus van oortuiging dat met 'n status confessionis uiters spaarsaam te werk gegaan moet word en dat dit geformuleer moet word na deurlopende raadpleging tussen kerke van dieselfde belydenisgrondslag.

3.6 Al is daar veel in hierdie land wat die Here bedroef, is dit onmoontlik om in die huidige veranderde en veranderende samelewing afdoende rede vir 'n status confessionis te vind.

ONS VIND DIT DUS ONAANVAARBAAR DAT DIE NGSK IN ONS SPESIFIEKE SITUASIE SLEGS MET SY EIE EVALUASIE, MET IGNORERING VAN ONS OPENHARTIGE EN GOEIE GESPREKSVERHOUDING EN VAN SOVEEL BANDE WAT ONS AAN MEKAAR BIND, 'N EENSYDIGE VERKLARING VAN 'N STATUS CONFESSIONIS GEFORMULEER HET. DIT KOM ONSES INSIENS IN WERKLIKHEID NEER OP 'N STATUS ACCUSTIONIS ET DIVISIONIS (M A W 'N STAAT VAN BESKULDIGING EN VERDELING.)

3.7 Ons sê nie dat die saak waaroor dit gaan, gering is nie. Ons erken inteendeel dat die saak waaroor dit gaan uiters gewigtig en verreikend is. Ons ontken egter dat 'n krisis-situasie dermate ontstaan het dat u op u eie 'n noodsein, 'n noodverklaring vrygestel het en dat u daardeur die RSA tot 'n teologiese en politieke 'rampgebied' verklaar het.

## 4. 'DIE BELYDENIS VAN 1983'

4.1 Ons erken die prinsipiële reg van 'n kerk om 'n nuwe belydenisskrif vir homself onder bepaalde omstandighede daar te stel.

4.2 U belydenis beoog klaarblyklik 'n resente toepassing van die leerstukke oor die kerk in die drie Formuliere van Eenheid. In



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# HOOFSTUK 5

# 'N NUWE BELEIDSTUK WORD 'N WERKLIKHEID

## 5.1 *'N HISTORIESE BESLUIT*

Sedert die publikasie van *Ras, Volk en Nasie* in 1975 het kritiek uit alle oorde aangetoon dat die stuk nie die antwoord was wat die wêreld sedert *Cottesloe* van die Ned. Geref. Kerk wou hê nie,[1] en boonop het daar sedert 1980 nuwe positiewe impulse op die Ned. Geref. Kerk ingewerk, wat hom verder genoop het om te besef dat sy beleid nie die mas opgekom het nie.[2] In 1982 is hierdie erkenning tydens die sitting van die Algemene Sinode in 'n konkrete gestalte gegiet, toe die Sesde Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Pretoria besluit het om *Ras, Volk en Nasie* te hersien.

Hierdie historiese besluit is op die derde sittingsdag, Donderdag 14 Oktober geneem en het soos volg gelui:

"1.1 'Die Algemene Sinode bly homself gelyk en besluit dat Ras, Volk en Nasie indringend in die lig van die Skrif hersien word vir oorweging deur die volgende Algemene Sinode' (Hand. bl 1182).

1.2 'Die Algemene Sinode besluit om hierdie studie op te dra aan 'n Studiekommissie en versoek sy Kommissie vir Kommissies



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om die kommissie saam te stel en in sy gewone verslag aan die Sinode voor te lê. Indien nodig mag die Breë Moderatuur die lede van die Kommissie in die reses aanvul.' (Hand. bl 1201)

1.3 'Die Algemene Sinode dra dit aan die Breë Moderatuur op om toe te sien dat hierdie Kommissie so spoedig moontlik met sy werksaamhede begin en dat vorderingsverslae gereeld aan hom voorgelê word.' (Hand. bl 1201)

1.4 'Die Kommissie kry die opdrag om Ras, Volk en Nasie te hersien en indien moontlik die beleid van die Ned. Geref. Kerk korter en duideliker te stel en in 'n eenvoudiger en makliker vorm te stel.' (Hand. bl 1203)

1.5 'Om naas die prinsipiële standpunt waar moontlik ook die praktiese implikasies wat dit vir die Kerk inhou, duidelik uit te spel.' (Hand. bl 1204)

1.6 'Om ook alle sake wat tydens die Sinode of in die reses deur die Breë Moderatuur aan hom opgedra word, te bestudeer en verslag daaroor in te dien.' (Hand. bl 1204)

1.7 'Om die resultate van die studie van die ad hoc kommissie van die Federale Raad van Kerke as belangrike studiemateriaal in ag te neem.' (Hand. bl 1204)

1.8 'Die Breë Moderatuur gee die geleentheid dat binne 'n bepaalde tyd, sake aan hom voorgelê mag word wat vir studie aan die kommissie opgedra kan word. Die geleentheid word in die amptelike orgaan gepubliseer.' (Hand. bl 1204)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

1.9 'Die Sinode laat notuleer dat die feit dat hierdie voorstel (alvorens die verslag finaal afgerond word, roep die Breë Moderatuur die moderature/dagbesture van die Ned. Geref. Kerkfamilie saam om met mekaar oorleg te pleeg) nie aanvaar is nie, nie beteken dat die Ned. Geref. Kerk nie met ander kerke oor hierdie sake by die regte geleentheid wil praat nie.' (Hand. bl 1204)

1.10 'In tussen bly Ras, Volk en Nasie die amptelike standpunt van die Ned. Geref. Kerk, asook moontlike besluite wat by hierdie Sinode geneem word.' (Hand. bl 1204)

1.11 'Die Sinode dra dit aan die Tydelike Kommissie vir Fondse op om vir die uitgawes van die Kommissie te begroot.' (Hand. bl 1204)

1.12 'Die besluit dat die Kommissie bestaan uit die lede van die Dagbestuur van die Breë Moderatuur plus 10 lede wat deur die Kommissie vir Kommissies aangewys word.' (Hand bl 1204)

1.13 'Die Studiekommissie (RVN) streef daarna om die hersiening in duidelike, leesbare trant te hou en maak op 'n ad hoc basis gebruik van taalvaardiges.' (Hand. bl 1380)"[3]

Uit hierdie besluite was dit duidelik dat die sinode die kritiek wat teen *Ras, Volk en Nasie* uitgespreek is, ter harte geneem het. Die beleid van die kerk moes opnuut aan die maatstaf van die Skrif getoets word, die hersiene stuk moes



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

in eenvoudiger taal geskryf wees, en daar moes duidelikheid oor die praktiese implikasies gegee word. Die geskiedenis het geleer dat hierdie besluit inderdaad 'n fenominale stap in die annale van die Ned. Geref. Kerk was.

## 5.2 *DIE HERSIENINGSKOMMISSIE*

Ingevolge 'n besluit van die 1982 sinode het die Studiekommissie vir *Ras, Volk en Nasie* uit die volgende lede bestaan: Ds JE Potgieter (Moderator), wat ook die sameroeper was. Ds GSJ Möller (Assesor), dr DCG Fourie (Aktuarius), ds DJ Viljoen (Skriba), Dogmatiek - prof JA Heyns, Christelike Etiek - prof DA du Toit, Sendingwetenskap - prof CWH Boshoff, Sending - ds DS Snyman, Nuwe Testament - prof AB du Toit, Ou Testament - prof PA Verhoef, Kerkreg - prof PB van der Watt, Behuising/Verstedeliking - prof P Smit (Vise-president RGN), Sosiologies-Kerklik - dr MM Nieuwoudt, Uitvoerende amptenaar - dr P Rossouw.[4]

## 5.3 *DIE WERKSWYSE VAN DIE KOMMISSIE*

Tydens die eerste vergadering van die kommissie is ds JE Potgieter tot voorsitter en dr P Rossouw tot skriba verkies. Die kommissie het duidelik die erns van hulle taak besef, en elke vergadering van die Breë Moderatuur het die vorderingsverslag ontvang terwyl alle inkomende stukke via die Modera-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tuur na die kommissie verwys is.

Die Hersieningskommissie het aanvanklik in vier sub-kommissies verdeel, wat *Ras, Volk en Nasie* vir moontlike wysigings bestudeer het. Dié sub-kommissies het soos volg daaruit gesien:

1. Hoofstuk 1: Skrifgegewens, Ou en Nuwe Testament:

   Ds GSJ Möller (sameroeper)

   Prof PA Verhoef

   Prof AB du Toit

2. Hoofstuk 2: Kerk, Koninkryk en Ekumene

   Dr P Rossouw (sameroeper)

   Prof JA Heyns

   Prof PB van der Watt

3. Hoofstukke 3 en 5: Kerk en Maatskaplike Geregtigheid
   Huwelik en Rasgemengde huwelike

   Dr DCG Fourie (sameroeper)

   Dr P Smit

   Dr DA du Toit

   Ds DJ Viljoen

4. Hoofstuk 4: Kerk en Sending

   Ds JE Potgieter (sameroeper)

   Prof CWH Boshoff

   Ds DS Snyman [5]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos wat die werk gevorder het het die kommissie besluit om met drie sub-kommissies te werk wat die beoogde drie hoofstukke van die hersiene stuk sou hanteer, naamlik die problematiek, die prinsipiële en die praktiese. Elke sub-kommissie het soos nodig vergader, 'n verslag aan die volle kommissie versend, inkomende kommentaar beoordeel en ingewerk, en 'n hersiene verslag het telkens gedien voor die volle kommissie wat sy vergaderings volgens die gereedheid van die sub-kommissies beplan het.[6]

Die kommissie het deurgaans probeer om konsensus te bereik, terwyl daar tog wel minderheidstandpunte voor die sinode gedien het. Die koste van die hersiening het R15 905 beloop, en dit is befonds uit die verkope van *Ras, Volk en Nasie.*

Die erns waarmee die kommissie hulle taak bejeën het, word verder bevestig deur die voorwoord van die verslag wat aan aan die Algemene Sinode voorgelê is. Dit het ondermeer gelui: "Die Hersieningskommissie was deurgaans onder die besef van die moeilike opdrag van en verantwoordelikheid teenoor die Algemene Sinode. Sowel die Buiteland, asook kerke, instansies en individue in Suid-Afrika self het hulle belangstelling getoon deur die Kommissie van 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

magdom studiestukke, kommentaar, voorstelle, wenke, kritiek en besluite te voorsien. Dit spreek vanself dat lede van die Kommissie onderling dikwels verskil en sterk standpunte ingeneem het. Die hoë mate van eenstemmigheid wat wel bereik is, is rede om voor dankbaar te wees en het gekom nadat lank en indringend gepraat, elke moontlike formulering oorweeg is en elkeen bereid was om oor minder ernstige sake toegewings te maak."[7]

Die kommissie het ook by enkele paragrawe aan lede toestemming verleen om as 'n minderheidstandpunt 'n alternatiewe formulering aan te bied, met die name van die betrokke lede daarby wat ook die reg ontvang het om dit aan die sinode voor te dra.[8]

Na vier jaar se intense studie en beredenering was die verslag in 1986 gereed om voor die Sewende Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, wat vanaf 14 - 25 Oktober in Kaapstad gehou is, te dien.

### 5.4 *DIE VERSLAG VAN DIE HERSIENINGSKOMMISSIE VAN RAS, VOLK EN NASIE*

Die titel van die verslag was: "Kerk en Samelewing - 'n Getuienis van die Ned. Geref. Kerk." Dit het uit drie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoofstukke bestaan naamlik:

I Die Problematiek

II Prinsipiële Verantwoording

III Die Praktyk.

Die verslag het 67 bladsye beslaan en die onderskeie paragrawe is van 1 tot 393 genommer.

Die verslag is weens die vertroulikheid daarvan nie by die Agenda van die Algemene Sinode ingebind nie.[9] Slegs 2500 eksemplare is daarvan gedruk en dit is afsonderlik aan die afgevaardigdes gestuur. Hierdie gebeure maak die verslag haas onbekombaar. Dit is juis hierdie onbekombaarheid, en die feit dat hierdie verslag van reuse historiese omvang in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk is, wat maak dat die verslag volledig weergegee word.

"<u>HOOFSTUK I:</u> <u>DIE PROBLEMATIEK</u>

1. <u>Inleiding</u>

Die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk het in 1982 1
besluit 'dat Ras, Volk en Nasie indringend in die lig van die Skrif hersien word vir oorweging deur die volgende Algemene Sinode' (Handelinge, bl 1182).
Hierdie opdrag veronderstel 'n deeglike prinsipiële 2



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verantwoording uit die Skrif. Vooraf moet ons egter kortliks kennis neem van die gekompliseerde samelewing waarin die kerk geroep word om sy werk te doen. Daarmee word dan ook die problematiek geskets waarmee die Ned Geref Kerk in sy verhouding tot die Suid-Afrikaanse samelewing te doen het.

2. <u>Bevolkingsamestelling en -groei</u>

Volgens die 1980-bevolkingsensus is die grootste groep 3
in Suid-Afrika die Zoeloes (22,8% van die bevolking), gevolg deur die Blankes (18,2%), die Xhosas (12%) en die Kleurlinge (10,5%), terwyl al die ander groepe elk minder as 10% uitmaak.

Die <u>persentasie-aandeel</u> van die minderheidgroepe sal 4
in die volgende twee dekades as gevolg van die <u>onderskeie bevolkingsgroei</u> aansienlik verander. As gevolg van <u>vinnige afnames</u> in geboortekoerse sal die <u>relatiewe aandeel</u> van die Blankes, Kleurlinge en Asiërs in die volgende paar dekades aansienlik daal. Na raming sal die Blanke bevolking se aandeel van die huidige 18,2% tot tussen 12 en 13% teen die einde van die eeu afneem. By die Swart volksgroepe is daar ook 'n afname in geboortekoerse maar dit is veel stadiger as by die Blankes, Kleurlinge en Asiërs, terwyl sterfte-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

koerse vinnig daar en natuurlike aanwas derhalwe hoog bly.

Alhoewel syfers met versigtigheid gehanteer moet word, 5
en onder andere deur internasionale immigrasie beïnvloed word, het die lidmatetal van die Ned Geref Kerk as persentasie van die totale Blanke bevolking vanaf 42% in 1951 tot 38% in 1980 gedaal. Dit beteken nie dat die werklike getalle verminder het nie, maar relatief raak die kerk ten opsigte van bevolkingsgroei en by die groei van ander kerke agter.

Indien die demografiese profiel van lidmate ontleed 6
word, kan verwag word dat die groeikoers van die Ned Geref Kerk in die volgende twee dekades verder sal afplat om vroeg in die volgende eeu selfs 'n negatiewe groeikoers te toon.

Hiermee saam moet die volgende belangrike tendense in 7
ag geneem word:

* die skerp styging in die getalle van bejaardes, 8
* die verandering van die etniese samestelling van die 9
  arbeidsmag,
* die bestaan en rol van vakbonde en arbeidskodes, 10
* die toename in werkloosheid en arbeidsonrus, en 11
* die toenemende politieke bewuswording van die onder- 12
  skeie bevolkingsgroepe met gepaardgaande eise om



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deelname aan en selfs oorname van staatkundige besluitneming.

3. <u>Verstedeliking en migrasie</u>

Soos in baie lande van die wêreld is die Suid-Afri- 13
kaanse bevolking <u>toenemend op trek.</u> Afgesien van die verskuiwing van die platteland na die stad, is daar ook ander migrasieverskynsels soos 'n verskuiwing van die suide na die noorde. Dit veroorsaak onder andere dat bepaalde gemeentes se fasiliteite nie ten volle benut word nie, terwyl ander gemeentes 'n tekort aan fasiliteite het. Waar sekere volksgroepe tot 'n paar dekades gelede oorheersend in bepaalde geografiese gebiede saamgetrek was en relatief maklik eie gebruike, gewoontes, geloofsoortuigings en taal kon handhaaf, word die situasie geleidelik deur interne migrasie verander.

Teen 1980 was slegs 53% van die totale bevolking ver- 14
stedelik. Teenoor 89% van die Blankes, 77% van die Kleurlinge en 91% van die Asiërs is slegs 38% van die Swart bevolking in 1980 in stedelike gebiede getel. Nogtans maak die stedelike Swart bevolking reeds meer as die helfte van die totale stedelike bevolking van Suid-Afrika uit en die vraag kan tereg gestel word of ons in die toekoms voortdurend aan stedelike gebiede



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volgens Westerse boustyle en lewenstyle kan dink. Sosio-ekonomiese (veral opvoedkundige), politieke en tegnologiese ontwikkeling sal in die toekoms veral by die Swart bevolking 'n geweldig vinnige plattelands-stedelike migrasieproses veroorsaak. Daar bestaan oor die algemeen min begrip vir die sosio-ekonomiese en politieke kragte wat deur verstedeliking veroorsaak word.

## 4. Taalvaardigheid en geletterdheid

Soos meeste lande in Afrika is Suid-Afrika 'n veelta- 15
lige land en is daar groot kommunikasieprobleme as gevolg van taalverskille.

In die RSA (met uitsluiting van die Transkei, Bophuthatswana en Venda) word minstens 25 huistale gepraat, Benewens Afrikaans en Engels as amptelike tale, is daar nege erkende Swart skryftale.

'n Analise van die 1980-sensus toon dat 67% van die 16
totale bevolking se huistaal 'n Swart taal is. Afrikaans is die huistaal van 20% en Engels van 11% van die bevolking. Daar is nie 'n gemeenskaplike taal waarin al die Swartes met mekaar praat nie. Van die totale Swart bevolking kan 67% nie Afrikaans praat, lees of skryf nie. Dié persentasie vir Engels is 69%. Zoeloe is die bekendste Swart taal (die huistaal van ±



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

36% van die Swart bevolking) in Suid-Afrika, maar daar is ook baie Swartmense wat Zoeloe nie ken nie. Na raming is minder as 10% van die Blanke bevolking in die RSA 'n Swart taal magtig.

In 1980 was die geletterdheidsyfers van die volwasse 17
bevolking soos volg vir die verskillende bevolkingsgroepe: Blankes 99%, Asiërs 80%, Kleurlinge 68,5% en Swartes 45,5%. Ten opsigte van hierdie maatstaf was die totale aantal ongeletterde volwassenes vyf miljoen. Ongeletterdes kom veral in nie-stedelike gebiede voor. Aangesien groot getalle van die volwasse bevolking (15 jaar en ouer) <u>buite skoolverband</u> leer lees en skryf, is geletterdheid in werklikheid hoër en kan dit op 99% vir Blankes, 92% vir Asiërs, 84% vir Kleurlinge en 67% vir Swartes gestel word. Van die totale Suid-Afrikaanse bevolking is 76% geletterd. In die afgelope paar jaar het geletterdheid vinnig toegeneem vanweë groot vordering op onderwysgebied. Die aanwas van die Swart bevolking is egter so groot dat dit byna onmoontlik lyk om op kort termyn vir al die kinders voorsiening te maak vir formele onderwys.

5. <u>Ekonomiese beeld</u>

Verskille in ontwikkelingspeile, geskooldheid, taal- 18



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vaardigheid, deelname aan ekonomiese ontwikkeling en verskille in die afhanklikheidslas (groot gesinne by bevolkingsgroepe met 'n vinnige aanwas) lei daartoe dat groot dispariteite in hoofdelike inkomste tussen die verskillende bevolkingsgroepe voorkom. By die Swart bevolking is dié teenstellings veral groot tussen plattelandse en stedelike gebiede. Nieteenstaande al die pogings om die loongaping te vernou, is daar aanduidings dat die gaping tussen rykdom en armoede al groter word.

6. <u>Sosio-politieke beeld</u>

Suid-Afrika was die ontmoetingsgebied van volksgroepe 19
uit Afrika, Asië en Europa. Die resultaat is 'n mosaïek van groepe en 'n verskeidenheid van tale, gelowe, kulture, opvoedingspeile, ekonomiese aktiwiteit, inkomste, ens. Groot verskille kom voor ten opsigte van die beoordeling van huidige werklikhede én toekomstige verwagtings, veral ten opsigte van die staatkundige bedeling. Nêrens ontmoet die Eerste en Derde wêrelde mekaar skerper as in Suid-Afrika nie. Hierdie ingewikkelde samelewingstruktuur word verder gekompliseer deur vinnige sosio-ekonomise, politieke, tegnologiese en maatskaplike verandering.

Ook binne bepaalde groepe bestaan daar ernstige me- 20



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ningsverskille oor die politieke toekoms van Suid-Afrika, verskille wat ook weerspieël word in maatskaplike onrus en spanning. Die strewe na die behoud en voortbestaan van minderheidsgroepe, gepaard met die noodsaak van politieke, ekonomiese en maatskaplike geregtigheid vorm die agtergrond van hierdie toestande, en tewens die kern van die huidige samelewingsproblematiek. Hierdie en dergelike faktore stel besondere eise aan die verkondigings- en versoeningstaak van die kerk, en met name van die Ned Geref Kerk.

7. <u>Godsdienstige beeld</u>

Daar is in hoofsaak dertien Christelike groeperings en 21
vyf nie-Christelike groeperings in Suid-Afrika en in die vier onafhanlike Swart state. Die seperatistiese Swart kerke (ongeveer 3,500) is die grootste groep met tussen 6 en 7 miljoen lidmate of ongeveer 30% van alle Swartes.

Die tweede grootste groeperings is die familie van Ned 22
Geref Kerke. Die Ned Geref Kerk is onder die blanke bevolkingsgroep sterk, veral in die Kaapprovinsie en in die OVS. In die OVS en in Qwa Qwa is die Ned Geref Kerk in Afrika dominant.

Dit is opvallend dat dit veral die onafhanklike Swart 23
kerke en die Rooms-Katolieke Kerk is wat die vinnigste



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groei. Die belangrikste feit is egter die verblydende saak dat 77% van die totale bevolking aan een of ander Christelike kerk behoort.

8. <u>Kerklike beeld: Die Ned Geref Kerk en die Familie van Ned Geref Kerke</u>

Die Ned Geref Kerk en die Familie van Ned Geref Kerke 24
neem te midde van die verskeidenheid kerke in Suid-Afrika 'n eie plek in. Die geskiedenis van die Ned Geref Kerk begin met die stigting van 'n verversingspos aan Kaap die Goeie Hoop in 1652. In die beginjare is inboorlinge en slawe saam met die blanke nedersetters geestelik bearbei. Die gekerstende Nie-Blankes is aanvanklik (Gedurende die eerste anderhalf eeu) in die kerklike gemeenskap opgeneem.

Naas die duidelike roepingsbewustheid om die gemeente 25
van God op te bou, het die groeiende besef onder die Blankes posgevat dat hulle veral kultureel anders is en is daar gevolglik allerlei skeidingsmaatreëls in die samelewing getref.

Op kerklike terrein het dit tot afsonderlike gods- 26
dienstige byeenkomste gelei, aanvanklik egter nie met die oog op die stigting van afsonderlike gemeentes en kerkverband nie.

Afsonderlike geestelike bearbeiding en byeenkomste van 27



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nie-Blankes het egter sedert 1863 tot die vorming van afsonderlike gemeentes gelei, en tot die stigting op 5 Oktober 1881 van die eerste Nie-Blanke sinode.

Hierna het die planting van afsonderlike kerke 'n 28
vaste patroon in die Ned Geref Kerk se sendingbeleid geword, en het daar sedert 1881 vyftien kerke tot stand gekom. Hierdie patroon van afsonderlike kerke het oor die afgelope jare onder druk gekom omdat van verskillende kante geoordeel is dat die Bybelse eis tot kerklike eenheid op hierdie wyse nie genoegsaam tot sy reg kom nie.

9. <u>Die roeping van die Ned Geref Kerk</u>

Die problematiek van Suid-Afrika lê in 'n samestelling 29
van verskeidenhede wat nêrens in die wêreld geëwenaar word nie. Die verskille van ras, velkleur, volk en kultuur, taal en onderwys, politiek en ekonomie, godsdiens en kerk tesaam met die groot verskeidenheid in ontwikkelingspeil, alles in een samelewing vorm 'n situasie met groot konflikpotensiaal. Plaas hom dan nog verder binne die spanningsveld van eerste en derde wêreld, kommunisme en kapitalisme, en van die stryd om wêreldoorheersing en die situasie kan kritiek word. Dit is dus vir die Ned Geref Kerk dringend noodsaaklik om duidelikheid te verkry oor die eise wat dit aan sy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bediening stel, en gevolglik ook oor die wese van die kerk én oor die konkrete gestalte van sy roeping en diens in hierdie besondere samelewing.

<u>HOOFSTUK II:</u> <u>PRINSIEPIËLE VERANTWOORDING</u>

10. INLEIDENDE OPMERKINGS

10.1 <u>Die besinning moet voortgaan</u>

Reeds vir baie jare is die Nederduitse Gereformeerde 30
Kerk besig om na die wil van God in en vir ons Suid-Afrikaanse situasie te vra. In hierdie verband het die kerk net een verlange: Om God se wil nederig en kinderlik te soek en te gehoorsaam.

In hierdie soeke na die wil van God kan ons ons nie 31
die weelde veroorloof om die besinning op 'n bepaalde stadium as afgehandel te beskou nie en wel <u>om die volgende redes</u>:

* gelowiges moet steeds groei in die beter verstaan 32
van God se wil,

* ons leef in 'n dinamiese situasie wat voortdurend 33
verander,

* die geldigheid van vroeëre uitsprake moet 34
voortdurend getoets word,

* die insigte en kritiek van ander binnelandse en 35
buitelandse kerke en gelowiges en die besinning saam met hulle noop ons om verder na te dink en so tot 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ryker en dieper verstaan van God se wil te kom.

10.2 Die Bybel is die kerk se enigste maatstaf

Ons glo en bely dat die Heilige Skrif die volkome en 36
vir alle tye gesaghebbende openbaring van God is. NGB 2,5,7
Daarom is dit vir ons die enigste maatstaf waaraan standpunte, gesindhede en optredes in die Suid-Afrikaanse situasie getoets moet word.

Dit beteken

* dat ons steeds die Skrif, in gebondenheid aan ons 37
belydenisskrifte as samevatting van sy hoofwaarhede, deeglik en reg moet bestudeer om vas te stel watter boodskap en roeping vanuit die Woord na ons toe kom en wat ons in ons eie situasie moet gaan toepas,

* dat ons steeds moet waak dat geen ander stem, hoe 38
mooi en verleidelik dit ook mag klink, of dit nou dié van 'n bepaalde ideologie, geestesstroming, politieke rigting, tradisie, persoonlike vooroordeel, volksgevoel of wat ook al 'n beslissende woord bo of naas die Bybel sal spreek nie.

10.3 Die Bybel moet na sy eie aard vertolk word

Die Bybel is byna twee duisend jaar gelede voltooi en 39
bevat 'n groot aantal boeke, elk met sy eie karakter, samestelling en styl, en geskryf in 'n heel bepaalde situasie. Om God se wil uit die Bybel te verneem moet



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ons allereers hierdie eie aard van elke Bybelse uitspraak respekteer en in berekening bring.

<u>Dit beteken</u>

* dat die blote op-die-klank-af verklaring en toe- 40
passing van Bybeluitsprake sonder deeglike inagneming van hulle spesifieke karakter, verband, styl, doel en historiese situasie ten sterkste afgewys moet word,

* dat ons nie ons eie omstandighede en vraagstukke in 41
die Bybel mag inlees en so die Woord van God verlaag tot 'n eietydse resepteboek met 'n kitsvoorskrif vir elke probleem in die menslike geskiedenis nie.

10.4 <u>Dit gaan in die Bybel oor God en sy koninkryk</u>

As boek van God en sy koninkryk is die Bybel 'n deur 42
en deur 'godsdienstige' boek en nie 'n handboek vir onder andere die sosiologie, die ekonomie of die politiek nie. As boek van God en sy koninkryk is die Bybel die blye boodskap dat God die mens, wat deur die sonde van Hom vervreemd geraak het, in genade opsoek, verlos, tot sy eiendom maak en aan sy eiendomsvolk 'n hoë roeping toevertrou.

Onder die ou verbond het Hy Israel vir Hom tot 'n eiendomsvolk gemaak met die roeping om Hom te verheerlik en vir al die nasies tot seën te wees. en in die nuwe verbond gaan dit om die verkondiging dat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

God in Jesus Christus die wêreld met Homself versoen het, dat Hy hulle wat in Hom glo en die boodskap aangeneem het, in sy kerk byeenbring en roep om sy koningskap op alle terreine te dien en vir die wêreld tot seën te wees tot op die dag wanneer Hy alle dinge tot voleinding sal bring.

<u>Dit beteken</u>

* dat die Bybel, kragtens sy allesbepalende geestelik 43
-godsdienstige karakter, níe gebruik mag word as 'n bloudruk vir die oplossing van sosiale, ekonomiese of politieke vraagstukke nie. Derhalwe moet alle pogings uit die hede of die verlede om 'n bepaalde sosiale of politieke beleid, of dit nou dié van apartheid of eiesoortige ontwikkeling, of 'n beleid van integrasie is, uit die Bybel af te lees ten sterkste afgewys word,

* dat die nuwe en omvattende verhouding waarin God 44
die burgers van sy koninkryk, en in besonder sy kerk as instrument van sy koninkryk, tot Homself, tot mekaar as medegelowiges, en tot die wêreld geplaas het, nietemin 'n dure roeping op hulle skouers plaas wat nie net op die gebied van kerklike verhoudings nie, maar ook op alle lewensterreine uitgeoefen moet word. Om hierdie rede moet allereers aandag gegee



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

word aan die roeping van die kerk ten opsigte van <u>kerklike verhoudings</u> en tweedens aan die roeping van die kerk en van gelowiges ten opsigte van <u>persoonlike en groepverhoudings</u>.

## 11. DIE KERK: SY WESE EN SY ROEPING 45

### 11.1 <u>Die kerk is 'n unieke skepping van God</u>

Sowel in sy Ou-Testamentiese as sy Nuwe-Testamentiese 46
gestalte is die kerk 'n unieke skeppingswonder van God Deut 7:6vv 2Sam 2:23v
in 'n ou en gebroke wêreld. Onder die ou bedeling was Israel God se geroepe, heilige en uitverkore eiendomsvolk te midde van die nasies. Omdat die God van Israel so onvergelyklik anders as die gode van die nasies was, was sy volk 'n unieke volk onder die volkere.

Dieselfde geld in 'n nog ryker en heerliker sin van 47
die Nuwe-Testamentiese kerk. Midde in 'n ou, gebroke Ef 2:10 2Kor 5:17
en verbygaande wêreld het God 'n nuwe begin gemaak, 1Pet 2:9v 1Kor 3:9
het hy 'n unieke skepping tot stand gebring: sy kerk. Ef 2:15 Ef 2:19,21
Die unieke aard van die kerk word in die Nuwe Testa- 1Kor 12:12v 2Kor 11:2
ment met 'n rykdom van woorde en beelde beskryf: Hy Ef 5:25vv 1Kor 3:16v
is God se volk, sy bouwerk, sy huisgesin, die een nuwe mensheid in Christus, die liggaam, die bruid van Christus, die tempel van die Heilige Gees. Dit toon hoe volkome die wese van die kerk deur God Drieënig be-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

paal word. Die kerk is bo alles Gòd se mense.

Dit beteken

* dat ons die unieke aard van die kerk moet respekteer en dit nie moet beoordeel in die lig van denkskemas van hierdie ou, verbygaande wêreld of moet verwar met die instellings van hierdie gebroke werklikheid nie. Die enigste 'denkskema' wat hier moet geld, is wat ons vind in die Woord onder leiding van die Gees van God. 48

11.2 Die wese van die kerk word deur die Woord bepaal

Christus roep vir Homself 'n kerk byeen en regeer dit 49
deur die verkondiging van sy Woord en die werking van sy Gees. Hierdie Godsvolk moet 'die verlossingsdade verkondig' van Hom wat hulle 'uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.'

Heid Kat Vr 54
1Pet 2:9

In sy verkondigingstaak neem die kerk deel aan die drievoudige amp van Christus: 50

11.2.1 In sy profetiese taak verkondig die kerk die heilsboodskap van die koninkryk en roep almal op om die evangelie te glo en so deelgenote van die ewige lewe te word. Terselfdertyd moet ook die hele lewe met al sy apekte en terreine krities onder die normatiewe lig van die Woord van God geplaas word. 51

11.2.2 In sy priesterlike taak verkondig die kerk die 52



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

liefde en barmhartigheid van God, die versoening tussen God en mens, en die liefde en versoening tussen mens en medemens, en in die besonder tussen geloofsgenote, wat met die kruis en opstanding van Christus en die koms van die Heilige Gees tot stand gekom het.

11.2.3 In sy koninklike taak verkondig die kerk die eis van die heiliging van ons lewe en van die geregtigheid van God wat oor alle onreg en bose magte, ideologieë en sisteme moet en sal triomfeer. 53

In sy verkondigingsroeping moet die kerk grote erns maak met die bedieningsbehoeftes van hulle aan wie die Woord gebring moet word. Om werklik grond te vat in die lewe en hart van elke mens moet die evangelie in sy taal en beleweniswêreld konkrete gestalte vind. Die Nuwe Testament is realisties ten opsigte van die praktiese probleme wat uit die bedieningsbehoeftes van verskillende groepe ontstaan. Die taalwonder van Pinkster moet onder meer vanuit hierdie pastorale oorweging verstaan word. Dit gaan dáárom dat die hoorders elkeen in hulle eie taal die groot dade van God verneem. Dit gaan dus om die effektiewe bediening van die woord. Hierdie selfde motief blyk ook wanneer Paulus stel dat hy vir die Jode 'n Jood en vir almal alles geword het ter wille van die evangelie. Ook geo- 54

Hand 2:1-11

1Kor 9:19-23



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

grafiese faktore, sosiale omstandighede en someer kan ten opsigte van voorsiening in spesifieke bedieningsbehoeftes 'n rol speel. Hierdie voorsiening op bedieningsvlak mag egter nooit die eenheid van die kerk verduister of in gevaar stel nie.

Op grond van bedieningsbehoeftes het daar in baie 55
lande kerke ontstaan wat vir die spesifieke behoeftes van die onderskeie volke voorsiening maak. Hierdie oorweging het 'n belangrike rol gespeel in die totstandkoming van die Familie van Ned Geref Kerke.

Die feit dat die kerk 'n Woordbepaalde en Woordverkon- 56
digende gemeenskap is, <u>beteken</u>

* dat die kerk 'n geloofs-, belydenis- en aanbiddings- 57
gemeenskap is,

* dat die kerk 'n evangelieverkondigende gemeenskap 58
is,

* dat die kerk dankbaar elke geleentheid moet aangryp 59
om die Woord aan iedereen sonder uitsondering te verkondig,

* dat 'n gemeente niemand wat na die verkondiging van 60
die Woord wil luister hierdie voorreg mag ontneem nie,

* dat daar ter wille van effektiewe bediening van die 61
Woord en die bedieninsbehoeftes van verskillende taal- en kultuurgroepe voorsiening gemaak mag word vir die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verinheemsing van die kerk.

## 11.3 <u>Die kerk is 'n geloofs-, belydenis- en aanbiddingsgemeenskap</u>

Om tot die volk van Israel te behoort, het 'n belang- 62
rike rol in die godsdiens van die ou bedeling gespeel. Deut 7:6-8 32:8vv
Tog was dit nie die beslissende faktor nie. Beslis- Gen 15,17 Eks6,19:5v
send was die feit dat God hierdie volk verkies het en Deut 29 Deut 6:4
met hulle 'n verbond opgerig het. Belangriker as die
bloedband was die verhouding tot Jahwe en die belyde-
nis dat Hy die enige Here is. Wie Hom as sy God bely, Rut vgl Jes 2:2-4;60
kon, nadat aan sekere voorskrifte voldoen is, lid van Jer 12:16 Sag 14:16vv
die vergadering van die Here word selfs al het hy tot
'n ander volk behoort.

In die Nuwe Testament is die kerk uit en uit 'n ge- 63
loofs-, belydenis- en aanbiddingsgemeenskap. Wie die Rom 1:15,16 10:8-10
evangelie glo en bely dat Jesus die Here is en God in Ef 2:8;4:5
Gees en waarheid aanbid, word in sy kerk opgeneem.
Tegelyk is die suiwer handhawing van die belydenis vir
die Nuwe-Testamentiese kerk van kardinale belang. By Hand 16:31 1Joh 2:18vv
die beklemtoning van apostolisiteit as een van die 4:1vv Belyd van Nicea
kenmerke van die ware kerk, gaan dit vir die kerk juis
om die suiwer leer soos dit deur die apostels oorgele-
wer is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

<u>Dit beteken</u>: 64

* Dat geloof in die Drieënige God en sy openbaring in 65
die Skrif, die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van
die kerk van Jesus Christus is,

* dat die suiwer belydenis van die geloof die uit- 66
drukking is van gehoorsaamheid aan die Woord van God,

* dat groot verskille in geloofsbelydenis skadelik is 67
vir die onderlinge gemeenskap en belydenis van die
kerk.

11.4 <u>Die kerk is 'n missionêre gemeenskap</u>

Gedring deur die liefde van Christus en as God se eien- 68
domsvolk wat sy verlossingsdade moet verkondig, kan en 2Kor 15:14 1Pet 2:9
mag die kerk niks anders wees as 'n missionerende, dit Matt 28:19 Joh 20:21
wil sê 'n sendingbedrywende gemeenskap nie. Hy moet
as volk wat onder God se koningsheerskappy staan, die
boodskap van die koninkryk aan alle nasies en aan alle
mense verkondig, hulle tot bekering oproep, oorgaan
tot kerkstigting en so God se genade verheerlik.

In hierdie sendingroeping gaan dit vir die kerk nie 69
bloot om <u>Woord</u>verkondiging nie, maar ook om <u>daad</u>ver-
kondiging. Die kerk se optrede, voorbeeld, liefde en
diens moet 'n verkonding wees van die lewensverande-
rende en genesende krag van die evangelie.

Uit die Nuwe Testament blyk voorts dat die verbreiding 70



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die evangelie deur woord en lewe 'n saak is, nie net van <u>sekere</u> gemeentes en gelowiges nie, maar van die <u>hele</u> kerk.

<u>Dit beteken</u>

* dat sending in alle omstandighede, selfs in 'n 71
situasie van gespanne verhoudings, een van die hoogste prioriteite in die kerk behoort te wees,

* dat die voorbeeldige optrede, liefde, begrip en 72
diens van die kerk en gelowiges 'n magtige middel is om die krag van die evangelie in hierdie verskeurde, onregverdige en wantrouige wêreld sigbaar te maak,

* dat omgekeerd die aanvaarbaarheid van die evangelie 73
en die kerk se sendingarbeid ernstig geknou word deur liefdelose, onbegrypende en krenkende optredes.

11.5 <u>Die kerk is 'n diakonale (dienende) gemeenskap</u>

Die kerk se roeping sluit die beoefening van 74
barmhartigheid in. Gegrond in die barmhartigheid van God Drieënig het Jesus Christus wat na die aarde gekom het, nie om gedien te word nie, maar om te dien, die diakonale diens aan sy kerk toevertrou. Daarom is die kerk 'n diakonale gemeenskap met die roeping om te dien.

Hierdie roeping is so omvattend soos die uiteenlopende 75
verskeidenheid van die fisiese, psigo-sosiale en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geestelike behoeftes van die lewe self. Die dienslewering van die kerk, hetsy deur die besondere ampte, amptelike organe of die amp van die gelowige op alle terreine van die daaglikse lewe, is iets heeltemal anders as 'n blote humanitêre benadering. Dit vloei voort uit en word gedra en gekwalifiseer deur die liefde van God wat in die evangelie aan ons geopenbaar is. As daadverkondiging te lei tot die verlossing in Jesus Christus en die beter belewing van die gemeenskap van die heiliges tot eer van God.

11.6 <u>Die kerk is 'n universele gemeenskap</u>

Onder die ou bedeling lê die aksent swaar op die afge- 76
sonderdheid van God se volk, maar dan nie in dié sin Gen 12:2v;18:18 Eks 19:5v
dat Israel in en vir homself bestaan nie. Sy bestaan Jes 61:6 Jes 2:2-4;25:6v
het ingrypende betekenis vir die nasies. Abraham word geroep en bestem om 'n seën vir al die volke van die aarde te wees. Israel moes 'n koninkryk wees wat God te midde van die volke priesterlik sou dien. Die profetiese verwagting was dat daar 'n tydperk van universele heil sou aanbreek waarin die volkere saam met Israel sou deel.

In die nuwe bedeling is die kerk nog veel minder tot 77
een volk of gebied beperk. Dit bestaan uit mense van Hand 15:14 Rom 9:25
alle volke en van die hele wêreld wat deur geloof in 2Kor 6:16 Ef 3:6



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jesus Christus lede van die ware Godsvolk geword het. 1Pet 2:10 vgl 1Kor 12:13
Alle gelowiges uit alle volke word lede van die een volk van God.

Ons erken hierdie groot waarheid wanneer ons in die 78
woorde van die Twaalf Artikels bely dat ons in 'n Twaalf Artikels
algemene kerk glo. Die algemeenheid van die kerk dui allereers op die geheel van die wêreld en die geskiedenis: die kerk omvat alle gelowiges uit alle volke wat op alle plekke geleef het of nog leef.

Dit beteken

* dat die kerk kragtens sy wese as die een universele 79
volk en God nie eksklusief tot een volk of groep beperk mag word nie; en dat niemand op grond van sy herkoms, volksverbondenheid, taal of kultuur uitgesluit mag word nie.

11.7 Die kerk is 'n gemeenskap van mense wat uit die versoening lewe en die bediening van versoening verder dra

As unieke nuwe skepping van God is die kerk 'n 80
gemeenskap van mense wat die versoening uit genade uit Rom 5:8-11
die hand van God ontvang het. Daarom is gelowiges
dankbare en nederige mense wat weet dat alles wat Ef 1:5vv;2:8v Rom 5:1-11
hulle is en het 'n genadegeskenk is. As mense wat Ef 2:13 - 17 2Kor 5:18vv
deur Christus se bloed met God en met mekaar versoen Ef 4:2vv Fil 2:1vv



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

is en nou vrede het, moet kerkmense en kerke die bediening van versoening verder dra en mekaar in 'n gees van versoening, vrede en broederlike liefde dien.

Dit beteken

* dat die styl van die kerk se optrede steeds dié van versoening, vrede en liefde behoort te wees, 81

* dat kerke nie konfrontasie sal bevorder nie, maar vir mekaar sal bid; mekaar nie liefdeloos sal beskuldig nie, maar bereid sal wees om ernstig na mekaar se getuienis te luister; mekaar nie sal vermy, dreig en uitsluit nie, maar om Christus ontwil sal aanvaar. Versoening beteken nie die toesmeer van verskille en die goed praat van wat verkeerd is nie, maar die openhartige deur praat daarvan, 82

* dat kerke nie self-regverdigend sal staan op hulle eie standpunte as onfeilbaar nie, maar bereid sal wees tot ootmoedige selfondersoek, werklik te luister na andere, eie skuld sal erken waar nodig en voortdurend sal reformeer. 83

11.8 Die kerk moet 'n venster wees na God se komende nuwe wêreld

As nuwe skepping van God, as werkterrein van die 84
Heilige Gees, moet die kerk in al sy doen en late iets Rom 8:23 2kor 1:22;5:5
van die toekoms sigbaar maak. Die kerk mag nie in sy Ef 1:14 Jak 1:18



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eie gebrokenheid berus nie. In die kerk moet die liefde triomfeer oor die vyandskap en haat, die waarheid oor die leuen, die eenheid oor die verdeeldheid, die versoening en vrede oor geweld en konfrontasie. Slegs so sal die kerk waarlik kerk wees, 'n geloofwaardige wegwyser na God se voleinding, 'n venster op die toekoms van ons Here Jesus Christus.

11.9 <u>Die kerk is een in God Drieënig</u>

Die kerk is van oorsprong een in God Drieënig, maar 85
moet hierdie eenheid, ook te midde van die verskeidenheid in God se skepping en onder God se volk, en in die verskeurde werklikheid soek, dien en sigbaar maak.

11.9.1 <u>Ons is een in God Drieënig</u> 86

Onder die ou bedeling het die eenheid van die volk van 87
God saamgehang met sy verbondenheid aan die Here as Deut 4:7;6:4 33:27-29
die één, onvergelyklike en lewende God. Dieselfde 2Sam 7:23
geld van die Nuwe-Testamentiese kerk. Te midde en ten 1Kor 12:13 Ef 2:14vv;
spyte van alle verskille tussen Jood en nie-Jood, 4:4-6 Gal 3:28
Griek en nie-Griek, man en vrou, slaaf en vryman ken Joh 10:16
die Nuwe Testament net één kerk.

Hierdie mense is die <u>een</u> unieke volk van God, die <u>een</u> 88
bruid van Jesus Christus, die <u>een</u> tempel van die Belyd van Nicea
Heilige Gees. Alle verskille en verskeidenheid onder



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelowiges word in die Nuwe Testament as ondergeskik aan hierdie eenheid in God-Drieënig beskou. Ons kan hierdie eenheid nog verder uitspel: die kerk is een omdat hy een oorsprong het in die werk van die een Vader, een Seun en een Heilige Gees, maar ook omdat hy een doop, een belydenis, een nagmaal, een gemeenskap, Heid Kat Vr 54
een roeping, een getuienis, een diens en een toekomsverwagting het. Daarom bely ons tereg 'dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord, in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou; en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.'

Hierdie eenheid van en in die kerk is dieper en hoër, 89
wyer en heerliker as enige aardse vorm van eenheid. Dit gaan hier immers om die samebinding van hulle wat nie deur natuurlike faktore nie, maar deur die hemelse Vader; hulle wat nie deur hulle humanistiese gevoelens, entoesiasme of mensgemaakte oortuigings nie, maar deur die Heilige Gees saamgesnoer word; hulle wie se eenheidsband nie aan die einde sal verdwyn nie, maar wat saam die ewige toekoms sal binnegaan om daar die groot loflied saam tot eer van God aan te hef.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

<u>Dit beteken</u>

* dat kerke en gelowiges hier te lande hulle diepe 90
eenheid in Christus beter sal moet raaksien en sal
moet besef dat geen aardse verdeling of verskeidenheid
ooit sal kan opweeg teen die heerlikheid en die
werklikheid van hierdie eenheid nie. Ons kan hierdie
eenheid ontken of verduister, maar nooit ongedaan maak
nie.

11.9.2 <u>Hierdie eenheid wis die verskeidenheid in God se se skepping en onder God se volk nie uit nie, maar gaan alle verskeidenheid te bowe</u>

Kerklike verskeidenheid is in die Nuwe Testament altyd 91
'n verskeidenheid binne die eenheid. Dit kom ook
duidelik na vore in die beeld van die kerk as die een
liggaam van Christus wat uit baie lede bestaan. Juis 1Kor 12:4-30
en slegs as behorend tot die <u>een</u> liggaam kan die
verskeidenheid van lede mekaar tot diens en seën wees.

<u>Dit beteken</u>

* dat die verskeidenheid wat as daadwerklike gegewen- 92
heid in die Bybel erken word, egter nie as grond vir
kerklike verskeurdheid sal dien nie,

* dat die verskeidenheid nie as 'n bedreiging vir die 93
eenheid van die kerk beskou moet word nie, maar as 'n
verryking daarvan en as 'n geleentheid tot onderlinge



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

diens namate elkeen 'n eie genadegawe ontvang het.

11.9.3 <u>Die kerk het die verantwoordelikheid om sy diepliggende en onaantasbare eenheid in Christus in hierdie verskeurde en verdeelde wêreld te bely, te beleef en sigbaar te maak</u> 94

11.9.3.1 <u>Dit is noodsaaklik dat hierdie eenheid beleef en sigbaar word</u>

In 'n wêreld wat uitmekaargeskeur word deur spanning, 95
misverstand, verdeeldheid en agterdog is die feit van Ef 4:3-5
die eenheid van die kerk vir ons 'n ryke vertroosting. Die Woord van God vereis egter van die kerk dat hy hierdie onsigbare eenheid ook hier en nou sal beleef en sigbaar maak. Nie alleen het die gelowiges dit onderling nodig tot hulle eie versterking en opbouing nie, maar die wêreld moet dit ook kan waarneem. Christus se gebed om die eenheid van die kerk kry daarom 'n besondere betekenis: 'sodat die wêreld kan Joh 17:23
weet dat U My gestuur het'. Die duidelik waarneembare eenheid van die gelowiges is vir die wêreld 'n bevestiging van die waaragtigheid van Jesus se sending.

<u>Dit beteken</u>

* dat ons nooit in die verskeurdheid van die kerke 96
met dieselfde gereformeerde belydenis mag berus nie,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar dit as sonde moet erken en bely,

* dat die kerk die verantwoordelikheid het om sy eenheid sover dit fisies moontlik is met alle gelowiges te beleef en sigbaar te maak, 97

* dat die kerk ten spyte van alle struikelblokke wat op hierdie weg mag bestaan en sonder om hierdie struikelblokke te ignoreer, steeds moet streef na die groots moontlike sigbaarmaking en belewing van die geestelike eenheid van die volk van God, 98

* dat hierdie eenheid iets anders is as 'n kunsmatige en gedwonge eenheid wat bloot ter wille van die demonstrasie van 'n sigbare eenheid nagestreef word. 99

11.9.3.2 <u>Die eenheid word beleef in die beoefening van die gemeenskap van die heiliges</u>

Geestelike gemeenskap tussen gelowiges is een van die 100
konkrete wyses waarop die eenheid van die kerk beleef word. Gemeenskap met God beteken immers ook gemeenskap met mekaar. Hulle wat deel het aan die één liggaam en één Gees, aan die één Here, één doop, één geloof, één hoop en één liefde, buig ook afsonderlik en gesamentlik onder die één Woord van God. Hulle ken 'n gesamentlike deelname aan lyding, aan vertroosting, aan voortdurende voorbidding vir mekaar, aan die onderlinge bemoediging en vermaning van mekaar.

Twaalf Art
Heid Kat Vr
en Antw 55

Hand 2:42
Heb 13:16
1Joh 1:7
Rom 15:26
2Kor 8:4;9:13



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

<u>Dit beteken</u>

* dat daar 'n groot verantwoordelikheid op gelowiges 101
en in die besonder op die plaaslike gemeentes rus om
struikelblokke wat in die weg van ware gemeenskapsbe-
oefening staan, biddend en werkend te oorwin en hier-
die gemeenskap daadwerklik te beoefen.

11.9.3.3 <u>Kerklike kontak en ekumeniese betrekkinge is 'n noodsaaklike uitingsvorm van die eenheid van die kerk</u>

Waar daar in die wêreld ook al kerk is en die kerk met 102
sy kerkwees erns maak, daar sal ten spyte van selfs
ernstige konfessionele verskille en 'n verskeidenheid
van selfstandige georganiseerde kerke, 'n innerlike
drang na kontak met mekaar wees. Hierdie drang is
veel meer as 'n bloot menslike behoefte aan gemeenskap
met mekaar: Dit spruit voort uit die wese van die
kerk en word lewend gehou deur die luister na die
Woord en die werking van die Heilige Gees.

<u>Dit beteken</u>

* dat die kerk die roeping het om daarna te streef om 103
in ekumeniese verhouding met ander kerke te tree,

* dat verskillende grade van ekumeniese verhoudings 104
geskep word na gelang van die konfessionele ooreen-
stemming tussen kerke.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

## 12. DIE KERK EN GROEPVERHOUDINGS 105

### 12.1 Ras en volk in die Skrif 106

#### 12.1.1 Die Heilige Skrif beskou die menslike geslag as 'n eenheid

Die skeppingsverhaal wat die ganse menslike geslag na een stamvader en -moeder herlei, beskou die mensdom as 'n wesenlike eenheid. Hierdie gesigspunt word deur die geslagregisters in Genesis 10, 1 Kronieke 1-9 en Lukas 3:23-38 bevestig waarin die wêreldgeskiedenis as 'n uitgebreide familiegeskiedenis gesien word. In Handelinge 17:26 word gestel dat God al die nasie 'uit een mens' gemaak het. In dieselfde gees word Christus beskryf as die 'tweede Adam' wat die ganse menslike geslag, gesien as 'n organiese eenheid, in sy heilswerk betrek. 107

Rom 5:12-21

Hierdie gedagte van die fundamentele eenheid van die menslike geslag is van groot belang ten opsigte van die Bybelse beskouing van die waardigheid van elke mens (vgl ook par 168-208). Dit gaan ook aan alle volkeverskeidenheid as sodanig vooraf. Dit word in die Bybel egter nie uitgebou tot die een of ander ideologie nie, maar staan hier steeds in religieuse verband, naamlik binne die ruimte van die mensdom se gemeenskaplike Godgegewe status, roeping, lotsverbon- 108



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

denheid, sondigheid en die universele aanbieding van die evangelie.

12.1.2 <u>Ras- en kleurverskille speel geen rol in die Bybel se beoordeling van mense nie</u>

'Ras' is hoofsaaklik 'n biologiese begrip wat saamhang 109
met erflike eienskappe soos bloedverwantskap, haar-, oog- en velkleur, vorm van liggaamsdele ensomeer.

Bloedverwantskap is in die Ou Testament 'n belangrike 110
saak. Dit hang hier egter nie saam met raseienskappe nie, maar met die groot plek wat die familie, in enger én ruimer sin, in die Semitiese denke beklee. Bowendien lê die belangrikheid van hierdie soort bloedverwantskap nie in die besondere biologiese kenmerke van Israel as sodanig nie, maar in die feit dat hierdie 'familie' deur God verkies is om sy mense te wees.

Afgesien van bloedverwantskap kry ander raseienskappe 111
in die Ou Testament slegs terloopse aandag. Ons kan Jes 18:2,7 Jer 13:23
sê dat die Ou Testament wel bewus is van die biologiese faktor in die samestelling van mensegroepe, maar nie die ontstaan, kenmerke of geskiedenis van rasse beskryf nie. Baie beslis ken dit geen rassevraagstuk nie. In die Nuwe Testament speel die begrip 'ras' geen rol speel nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

12.1.3 Die Bybel hanteer die begrippe 'volk' en 'nasie' en die volkeverskeidenheid as deel van die bestaande werklikheid

Die Hebreeuse woorde vir 'volk' en 'nasie' naamlik ʿam en goj kom altesame 2444 keer in die Ou Testament voor. In die enkelvoud verwys ʿam gewoonlik na Israel, terwyl die meervoud van albei woorde na 'nasies' verwys. In die algemeen kom ʿam meer ooreen met ons woord 'volk' as kulturele begrip, en goj met ons woord 'nasie' as politieke begrip. Die Ou Testament hou wel rekening met die kulturele en politieke komponente in die lewe van die volke, maar hierdie komponente kry geen eie gewig nie. Hulle funksioneer binne die teenstelling tussen Israel as God se volk en die 'nasies' wat nie tot die Godvolk behoort nie. 112

Van die Nuwe-Testamentiese terme wat gereeld of by geleentheid vir 'volk' en 'nasie' gebruik word (laos, ethnos, fule, genos, glossa demos, ekklesia) is laos en ethnos verreweg die belangrikste. Hulle kom saam 303 keer voor. Albei word in nasionaal-etniese sowel as in primêr religieuse sin gebruik. Laos verwys in verreweg die meeste gevalle na Israel as die volk van God of na die kerk. Ethnos daarenteen word oorheersend vir 'volk' in nasionaal-etniese sin gebruik 1Pet 2:9



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en wel vir Israel sowel as die ander volke. Tog verwys dit soms as religieuse term na die heidennasies in teenstelling met die Christene, en (een keer) na die kerk as volk van God. Van groot belang is die feit dat ook die gebruik van <u>laos</u> en <u>ethnos</u> in nasionaal-etniese sin nog steeds in verband met die beskrywing van God se heilswerk staan en geen 'evaluering' van nasieskap as sodanig bevat nie. Die bestaan en die verskeidenheid van volke as sodanig word nie positief aangeprys of negatief beoordeel nie, maar aanvaar as deel van die gegewe werklikheid.

1Kor 5:1;12:2
1Tess 4:5

Binne die raamwerk van God se genadewerk word die verskeidenheid van volke egter aangewend om die grootsheid en heerlikheid van God se omvattende heil aangrypend te beklemtoon.

Op 5:9,7:9

In besprekings van die oorsprong en die Bybelse evaluering van etniese verskeidenheid word Genesis 10 en 11:1-9, asook Deuteronomium 32:8 en Handelinge 17:26 meermale ter sprake gebring. Sonder om uitvoerig op hierdie gedeeltes in te gaan, moet die volgende bevindings gestel word: 113

* In al vier gedeeltes word die veelheid van nasies en hulle verspreiding oor verskillende woongebiede beskryf as 'n historiese werklikheid wat onder die 114



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorsienige bestel van God plaasgevind het.

* In Genesis 11 word die taalverwarring as 'n oordeel van God oor die sondige hoogmoed van die mens beskryf. Die oordeel bevat egter ook genade en seën vir sover daarmee 'n verdere voortbestaan van die mensheid verseker word, en God sy skeppingsdoel met die menslike geslag bereik. 115

* Die sonde, en die geestelike bankrotskap van die nasies vorm die agtergrond waarteen Abraham se roeping as die stamvader van die Godsvolk, en as die man in wie al die nasies geseën sal word, des te helderder uitstaan. 116

In Deuteronomium 32:8 en Handelinge 17:26 word beklemtoon dat dit God is wat vir die nasies hulle woonplek bepaal het. Eersgenoemde uitspraak is deel van 'n loflied op die heerlikheid van God se genadewerk aan Israel en laasgenoemde deel van 'n sendingpreek wat God se almag en eiendomsreg op die nasies beklemtoon en enige vorm van noodlot of toeval prisipieël afwys. Ten spyte van wisselende omstandighede en grense is God in beheer van alles. 117

Dit beteken

* dat kwessies soos volkerebeleid of die handhawing of opheffing van volksidentiteit nie 'n punt van 118



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

diskussie in die Bybel is nie. Om die volkseie te handhaaf of nie word bepaal deur 'n volk se erns om sy eie kulturele waardes te behou. Die <u>manier</u> waarop hierdie handhawing geskied, moet egter steeds voldoen aan die eise van God se Woord.

12.1.4 <u>Rassisme is 'n ernstige sonde wat geen mens of kerk mag verdedig of beoefen nie</u>

Wie dit teoreties verdedig of prakties deur houding en 119
handeling te kenne gee dat een ras, volk of groep volke inherent meerderwaardig en 'n ander ras, volk of groep volke inherent minderwaardig is, maak hom skuldig aan rassisme. Rassisme is 'n sonde wat geneig is om kollektiewe en gestruktureerde vorme aan te neem. As morele dwaling beroof dit die menslike persoon van sy waardigheid, pligte en regte. Dit lei tot onderdrukking en moet derhalwe in alle vorme afgekeur en beveg word.

<u>Hieruit volg</u>

* dat gesonde volksliefde, wat gerig is op die skep- 120
ping en bewaring van die eie volkskultuur, duidelik van rassisme onderskei moet word,

* dat die kerk alle vorme van rassisme waar dit ook 121
al tot openbaring kom, moet afwys.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

12.2 Die verhouding kerk en volk 122

12.2.1 Kerk en volk staan in 'n nou verband tot mekaar

Die kerk staan in 'n nou verband tot die volk omdat hy 123
die evanglie aan die volk verkondig en uit die volk gelowiges trek wat lede van die kerk word. Dat die kerk wat so ontstaan, kenmerke gaan vertoon wat tipies is van die kultuur van die besondere volk, is vanselfsprekend. Hierdie 'verinheemsing' van die kerk is inderdaad 'n positiewe teken dat die evangelieboodskap werklik op plaaslike bodem wortel geskiet het, dit wil sê dat dit 'gekontekstualiseer' geraak het.

12.2.2 Kerk en volk mag nie vereenselwig word nie

Kerk en volk is twee samelewingsverbande wat in baie 124
opsigte oorvleuel. Hulle moet nietemin baie duidelik van mekaar onderskei word. Waar dit by die volk om natuurlike geboorte, afstammingsverwantskap en kultuurgemeenskap gaan, gaan dit in die kerk om die geloof en om geloofsgemeenskap. Waar volk en kerk wél saamval en alle lede van die volk vanselfsprekend as lede van die kerk beskou word, is daar sprake van 'n volkskerk - iets wat heeltemal onskriftuurlik is. Teenoor die valse opvatting van 'n volks- of staatskerk handhaaf ons die Skriftuurlike gedagte van 'n belydende en 'n belydeniskerk.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

12.2.3 <u>Die kerk moet geestelike leiding aan die volk gee</u>

Die volk is die ruimte waar die bediening van die 125
versoening en die opbou van gelowiges in die allerheiligste geloof moet plaasvind. Dit ontneem die kerk egter nie sy roeping en vryheid om profeties aan die volk leiding te gee en hom te vermaan, tot bekering op te roep en volkssondes in die Naam van die Here te bestry nie. Die behoud van sy identiteit as kerk van Christus is immers noodsaaklik vir die ware en suiwere Woordverkondiging, bediening van die sakramente, toepassing van die kerklike tug, voorbidding, onderrig en diakonale sorg.

12.2.4 <u>In die strukturering van die kerk kan vir taal- en kultuurverskille wat met die verskeidenheid van volke saamhang, voorsiening gemaak word, maar dan op 'n wyse wat die eenheid van die kerk nie benadeel nie</u>

Bedieningsbehoeftes het in talle lande meegebring dat 126
daar in die strukturering van kerke voorsiening vir taal- en kultuurverskille gemaak is. Hierdie ontwikkeling het baie positiewe gevolge gehad omdat die Christelike gemeenskap en die belewing van die godsdiens tussen mense van dieselfde taal, kultuur, gewoontes en tradisies soveel spontaner kan geskied.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

In die lig van die Skrif mag hierdie kontekstualisering (verinheemsing) van kerke egter nie ten koste van die eenheid geskied nie.

Dit beteken

* dat daar voldoende ruimte gelaat moet word vir die verinheemsing van die kerk in die taal en kultuur van volke, 127
* dat die verinheemsing so moet plaasvind dat die eenheid van die kerk gedien en nie bedreig word nie. 128

12.3 Bybelse-etiese riglyne vir medemenslike en groepverhoudings

129 In die lig van die voorafgaande is dit duidelik dat die Woord van God kragtens sy besondere aard geen direkte voorskrif ten opsigte van die konkrete reëling van volkeverhoudings bevat nie. Dit beteken nou egter nie dat die Bybel sonder 'n boodskap vir groepverhoudings is nie. Ons moet dit egter op die regte plek gaan vind, naamlik by die Bybelse riglyne vir medemenslike optrede. God het immers aan sy volk duidelike voorskrifte ten opsigte van hulle medemenslike gesindhede en handelinge gegee. Alhoewel hierdie opdragte meesal op tussenpersoonlike verhoudings afgestem is, moet ons aanvaar dat hulle ook vir groepverhoudings belangrik is. Bowendien gaan dit ook in die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

groepverhoudings ten diepste om die kwaliteit van ons medemenslike optrede van persoon tot persoon.

Die riglyne wat ons vir medemenslike optrede in groepverhoudings aan die orde stel, is nie maar gebaseer op enkele tekste wat atomisties uitgelig is nie, maar op deurlopende etiese rigtingwysers wat dwarsdeur die Bybel loop. Hulle is die volgende:

* die christelike naasteliefde 130
* geregtigheid en reg 131
* barmhartigheid 132
* waarheid 133
* eerbiediging van die Godgegewe waardigheid van die mens. 134

12.3.1 <u>Die Christelike naasteliefde is die etiese norm vir ons medemenslike optrede</u>

Die opdrag dat ons God van harte moet liefhê en ons 135
naaste soos onsself is die samevatting van God se Matt 22:37-39 Rom 13:8-10
ganse wil vir ons lewe. Die opdrag tot naasteliefde Lev 19:18,34
verskyn reeds in die Ou Testament. Hier sluit die
'naaste' ook die 'vreemdeling' van die land in. In Matt 5:43-46 Luk 10:25-37
die Nuwe Testament word die naasteliefde uitgespel as 'n liefde wat <u>alle mense</u>, ook ons vyande, insluit.

Die belangrikste Ou-Testamentiese begrip wat hier ter 136
sprake kom, is die Hebreeuse woord <u>chesed</u> wat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

goedskiks beskryf kan word as 'verbondsliefde'. Hierdie begrip se betekenis hang saam met 'n persoon se verpligtinge en lojaliteit binne en teenoor die verbondsgemeenskap. Die gemeenskap waarbinne die _chesed_ moet funksioneer, word in die Ou Testament bepaal deur die verbond van God wat die hele Israel insluit. Aangesien die verbond nie 'n bloot formele verdrag of kontrak is nie, maar die hart van 'n lewende gemeenskapsverhouding met God uitmaak, is _chesed_ hier 'n verbondsliefde wat gekenmerk word deur 'n solidariteit en lojaliteit binne die verbondsgemeenskap en teenoor alle mense as skepsels en beelddraers van God.

Die Nuwe Testament eis onomwonde dat ons hele bestaan, 137
en daarom ook ons gesindheid en benadering tot medemenslike verhoudings, deur die liefde tot God en ons naaste beheers word.

Hierdie opdrag tot die ware naasteliefde _hou vir ons onder meer die volgende in_:

* dat die noodsaaklikheid van die beoefening van 138
naasteliefde, as die hart van God se wil vir ons medemenslike optrede, steeds in die middelpunt van die kerk se boodskap vir alle groepverhoudings moet staan,

* dat ons God gedurig moet bid vir meer naasteliefde 139
en dat Hy die woekerplante van liefdeloosheid, self- Rom 15:30 Kol 1:8



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sug, agterdog en bitterheid uit ons lewens sal uitroei. Gal 5:22
Die ware naasteliefde is immers 'n wonder wat slegs die Heilige Gees in ons lewens kan bewerk,

* dat ons liefde tot ons naaste nie bepaal mag word 140
deur wie ons naaste is of deur die aard van sy optrede teenoor ons nie. Die Christen hou aan liefhê ten spyte van sy innerlike gevoel, ten spyte van ontmoediging, vyandskap en teenkanting. Dit is inderdaad 'n duur liefde, want dit sluit ook diegene in wat ons mag bedreig of verdruk of vervolg of verneder of haat. Dit slaan 'n brug van welwillendheid oor al die afgronde wat mense van mekaar skei,

* dat ons die omvattende geluk van ons naaste sal 141
soek. Dit sluit allereers in dat ons aan hom die goeie boodskap van redding en versoening in Jesus Christus sal verkondig. Die heil in Christus sluit egter meer in. Christus se liefde het ingesluit dat Hy ook siekes geners, hongeriges gevoed en na alle vorme van sorgbehoewendheid uitgereik het. Daarom sluit die Christelike naasteliefde kommer oor die naaste se geestelike en materiële node in. Die Christelike naasteliefde is ook 'n liefde van die daad. Dit is 'n liefde wat nie net ons broers en susters se omvattende geluk soek nie, maar dié van alle mense.

Jak 2:15v
1Joh 3:16-18
Luk 10:25-37
Gal 6:10



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Daar lê swaar verantwoordelikheid op alle bevoorregte Christene om hierdie omvattende naasteliefde te beoefen. Ons beoefen hierdie liefde wanneer ons Christus se goue reël toepas dat ons aan ander moet doen wat ons wil hê dat hulle aan ons sal doen. Matt 7:12

12.3.2 Ons moet die Bybelse geregtigheid en reg beoefen en dien 142

12.3.2.1 Die beoefening van geregtigheid en reg is 'n belangrike Bybelse voorskrif

Die Bybelse riglyne vir medemenslike handelinge oorvleuel en vul mekaar sterk aan. So kan die begrippe 'reg' (misjpat) en 'geregtigheid' (sedaka) nie van die verbondsliefde geskei word nie. 143

Om waarlik solidêr en lojaal binne 'n gemeenskap te kan wees, moet reg en geregtigheid in daardie gemeenskap gehandhaaf word. 'Geregtigheid' herstel iemand se geskonde 'reg'. Hierdie herstel van die verontregte se 'reg' is die positiewe kant van die 'geregtigheid'. Die negatiewe kant is daarin geleë dat diegene wat iemand se reg hom ontneem het, gestraf word. 'Geregtigheid' betrek ook die strukture van menslike samelewing en hou in dat elkeen ontvang waarop hy as lid van die samelewing geregtig is, ten einde sy Godgegewe roeping te kan vervul. 144



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Misjpat het te make met die herstel van die gebroke 145
orde in die gemeenskap, gewoonlik deur die tussenkoms van 'n derde, soos byvoorbeeld 'n 'regter'. Deur hierdie handeling kom 'n verontregte weer tot sy 'reg'.

Die Nuwe Testament word die woord 'geregtigheid' onder 146
meer gebruik as aanduiding van die gehoorsame doen van Matt 5:6,10,20 6:1,33
God se wil, die beoefening van dit wat voor Hom reg Hand 1035 Ef 4:24
is.

Die Bybelse eis dat gelowiges in alle opsigte sal doen 147
wat voor God reg is en alle onreg sal bestry, het belangrike implikasies vir groepverhoudings in ons land.

Dit behels onder meer

* dat gelowiges steeds sal vra na dit wat voor God 148
reg is ten opsigte van alle fasette van die samelewing en alle onreg sal bestry,
* dat ons ons daarvoor sal beywer dat reg sal geskied 149
aan alle groepe in ons land op sosiale, opvoedkundige, ekonomiese, politieke en alle ander gebiede,
* dat owerheidsbeleid en alle indiwiduele, groeps- en 150
owerheidsoptredes getoets moet word aan die eis van wat reg en billik voor God is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

12.3.2.2 <u>Gelowiges moet sensitief wees en intree vir die reg van die arme en weerlose</u>

Dit is belangrik om daarop te let dat die Bybelse 151
'reg' en 'geregtigheid' in hoë mate - alhoewel beslis
nie uitsluitlik nie - gerig is op die weerloses in die Job 29:12-14 Spr 29:7
verbondsgemeenskap, op hulle wat nie die middele het Jes 58:1-10
om hulleself te handhaaf nie; die weduwee, weeskind, arme, vreemdeling, Leviet. Dat veral aan hierdie mense 'reg' moet geskied, is vir die ware Israeliet net so vanselfsprekend as om sy klere aan te trek. Die 'geregtigheid' en reg wat God van sy volk vra, sluit daarom in dat hulle 'die wat onregverdig gevange gehou word, bevry', 'die juk wat op mense druk, afhaal', 'verdruktes vry maak', aan hongeriges brood gee, 'aan die armes en die dakloses 'n blyplek', aan diegene sonder klere iets om aan te trek, dat hulle hulle 'medemens nie aan sy lot oorlaat nie'. Dit is dan ook 'n blywende opdrag aan God se volk van geslag tot geslag.

Wanneer God se volk op hierdie manier vir die 'reg' 152
van die verontregte intree, volg hulle die voorbeeld Deut 10:8 Ps 17:2;26:1
van God self. Hy is immers by uitnemendheid die Een 35;23v;72.2; 140:13
wat vir die saak van die noodlydende en verontregte intree. Daarom bely die Psalmdigter: 'Ek weet, die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Here behartig die regsaak van die hulpelose, Hy sorg vir die reg van die arme.

In die Nuwe Testament is dit veral die Lukasevangelie 153
wat God beskryf as die Een wat by uitnemendheid omsien Luk 1:46-55 6:19-31
na die minderbevoorregtes en die weerloses.

Omdat die armes, die weduwees, die wese, die vreemde- 154
ling gewoonlik ook die magteloses was, was hulle by Eseg 22:29 Am 2:6;4:1;
uitstek die prooi van uitbuiting en verdrukking. Ook 5:11v;8:4-6 Eks 23:6
in die regspraak is hulle nie altyd billik behandel Jer 5:28 vgl Luk 18:2-6
nie.

Dit is belangrik om raak te sien dat dit hier nie gaan 155
om die 'liefde' of die 'barmhartigheid' nie, maar om die handhawing van die 'reg' van die noodlydende. Liefde, barmhartigheid ensomeer word hier veronderstel, maar staan hier nie op die voorgrond nie. Die arme het 'n eie <u>misjpat</u> (reg) gehad wat niemand hom durf
ontneem nie. As verbondskind, as skepsel en beeld- Deut 10:18;24:17
draer van God is hy 'geregtig' om 'n menswaardige bestaan te voer. Om hom tot sy 'reg' te help, is nie opsioneel nie. Soos liefde en barmhartigheid, is dit
ook plig. Dit is om hierdie rede dat die Bybel so 'n Ps 140:13
besondere sensitiwiteit vertoon ten opsigte van hulle wat uitgebuit en verdruk word. Hierdie sensitiwiteit ten opsigte van verontregtes kan beskou word as 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bybelse beginsel wat vir alle tye en alle gemeenskappe geld.

In Israel het die godsdienstig-sedelike en die juri- 156
diese aspekte van die 'reg' van die arme saamgeval. 2Sam 15:1-6 Ps 72
Om 'reg' te beoefen en te verskaf was almal se verant- Jes 9:3,6 11:3-5
woordelikheid, maar by uitnemendheid dié van die owerheid in die persoon van die koning. Dit was egter die geestelike leiers van die volk van God soos byvoorbeeld die profete wat almal se gewete moes opskerp om die reg in die besonder van die verontregte en die noodlydende nie te verwaarloos nie.

<u>Hieruit volg</u>

* dat gelowiges sensitief moet wees ten opsigte van 157
die handhawing van die reg van die weerlose, die arme en die verontregte,

* dat die kerk in sy verkondiging moet wys op die 158
nood van mense en die noodsaaklikheid om wat reg is teenoor almal te beoefen,

* dat onreg en nood onder die aandag van die owerheid 159
en alle betrokke instansies gebring moet word.

12.3.3 <u>Christelike barmhartigheid en diensbereidheid is 'n baie belangrike aspek van medemenslike optrede in groepverhoudings</u>

Net soos 'reg' en 'geregtigheid' kan ook die 'barm- 160



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

hartigheid' (racham) nie van die liefde losgemaak word nie. Dit is trouens 'n gestalte van die verbonds-liefde. 'Barmhartigheid' is die deur Christus geïnspireerde liefdevolle bewoënheid oor mense, die gesindheid en daad wat meehelp om die lewe en bestaan van diegene wat ly en behoefte het, tot normaliteit te laat terugkeer. Om aan 'n sorgebehoewende 'barmhartigheid' te bewys is om hom te omring met 'n sfeer van liefde en begrip en om aan hom 'n daad van beskerming en bystand te verleen wat hom in staat stel om weer sy volwaardige plek in die samelewing in te neem, om saam te mag deel in die 'seëninge' en die herstel en stabilisering van verhoudinge, die sjalom (vrede), wat God vir daardie gemeenskap gee.

Ps 37:21,26
112:5
Spr 14:21
Sag 7:9

Die Nuwe Testament vertel ons telkens van Jesus se be- 161
woëndheid oor mense se behoeftes en leed. Hy roep die gelowiges op om hulle te ontferm en barmhartigheid te bewys. Woorde is nie genoeg nie. Die barmhartigheid moet in die regte gesindheid en met woord en daad geskied.

Mark 1:41;6:34
Matt 5:7
25:34-46
Luk 3:11,6:36
10:33
Rom 12:20
Jak 2:15-17 vgl
1Joh 3:18

Die Nuwe-Testamentiese diensmotief (diakonia) sluit 162
baie nou by die gedagte van 'barmhartigheid' aan. Christus het gekom om te dien en Hy roep sy volgelinge op om dieselfde te doen.

Mark 10:42-45
Luk 22:26v



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die Christelike barmhartigheid en onderlinge diens is in groepverhoudings buitengewoon belangrik. Die barmhartigheidsdiens van die kerk moet verby alle grense kyk en mense in nood behulpsaam wees. Barmhartigheidsdiens kan 'n magtige brug tussen groepe slaan omdat dit 'n onloënbare bewys is van daadgeworde naasteliefde. 163

<u>Dit beteken</u>

* dat die kerk ook kanale en strukture vir 'n missionêre diakonaat en 'n barmhartigheidsdiens oor alle grense heen behoort te ontwikkel. 164

12.3.4 <u>Waarheid is in medemenslike optredes uiters belangrik</u>

Die woord 'waarheid' (<u>emet</u>) het in die Ou Testament 'n omvattende betekenis. Die 'waarheid' is op die spel as daar in 'n samelewing skyn is wat bedrieg, wanneer geveinsdheid en huigelary die toon begin aangee, wanneer daar in die regspraak geen billikheid en regverdigheid is nie, wanneer die trou ontbreek, wanneer mense nie meer op hulle woord geneem kan word nie. In die 'struikeling' van hierdie omvattende waarheid wankel die grondslae wat vastigheid aan die lewe van 'n samelewing gee. 165

Spr 11:18
Ps 51:8
Spr 12:19
Sag 7:9;8:16,19
Ps 31:6;146:6
Gen 42:16
1Kon 10:6
Jes 59:14

In die Nuwe Testament dui 'waarheid' (<u>aletheia</u>) onder 166



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

meer dit aan wat met die werklikheid ooreenstem en teenoor die leuen staan. As woord wat gewoonlik handel oor die verhouding tussen God en mens of tussen mens en mens kan dit die idee van bestendigheid en betroubaarheid, veral die trou van God, aandui. Rom 2:2;9:1 2Kor 12:6 Rom 3:3-7;19:11

Christene is kinders van die waarheid en is geroepe om 167
die waarheid in alle omstandighede en verhoudings te soek en te dien. Daarom is gelowiges geroepe om in groepverhoudings openhartig en opreg in gesprekke en andersins teenoor mekaar op te tree. Ook moet ons met mekaar in gesprek tree in die besef dat geen groep 'n monopolie op die waarheid het nie. Die waarheid het baie fasette en juis in die openheid vir mekaar en die luister na mekaar se standpunte leer ons die volle waarheid beter ken.

12.3.5 <u>Eerbiediging van die Godgegewe waardigheid van die mens</u> 168

12.3.5.1 <u>Die waardigheid van die mens blyk uit sy unieke plek in God se skeppings- en verlossingshandelinge</u>

Die Godgegewe waardigheid en heerlikheid van die mens 169
blyk allereers uit die unieke plek wat hy in God se skeppingswerk inneem. Hy en hy alleen is immers na die beeld van God geskep in kennis, geregtigheid en Gen 1:26v;9:6 Ef 4:24 Kol 3:10



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

heiligheid. Die feit dat die mens beelddraer van God is, hou onder meer die volgende in:

* Die mens staan in 'n unieke verhouding tot God. 170

* Die mens het die roeping om as God se verteenwoor- 171
diger sy opdrag op aarde te volvoer.

* Hy is geroep en bestem om in sy wese 'n weerspieë- 172
ling van God te wees, soos 'n kind die 'beeld' van sy Gen 5:1
vader is.

* Die unieke aard en plek van die mens blyk uit sy 173
besondere verhouding tot drie wêrelde:

1. Eerstens staan hy as God se beelddraer aan God se 174
kant om in alle verantwoordelikheid oor die aarde en al die skepsele te heers.

2. Tweedens is hy verwant aan die aarde waaruit hy 175
geneem is.

3. Derdens is hy tog ook onderskeie van die engele, 176
al is hy maar 'net bietjie minder as 'n hemelse Ps 8:6
wese'. Hy beklee 'n posisie waarin hy geroep is tot 'n unieke gemeenskapsverhouding van God.

* Alhoewel die sondeval die mens se bestaan ingrypend 177
beïnvloed het, beteken dit nie dat die beeld van God in die mens heeltemal verlore gegaan het nie. In Genesis 9:6 byvoorbeeld dien die feit dat die mens beelddraer dws verteenwoordiger van God is, juis as



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

motivering vir die verbod op die vergieting van mense-
bloed.

* Ook buite die kring van die genadeverbond bly die 178
mens skepsel en beelddraer van God. Sy hoë waardig- Ps 8:6
heid en roeping word wel deur die sonde verduister,
maar is nie daardeur tot niet gemaak nie. Nog steeds
het hy die status van iemand wat deur God 'met aansien
en eer gekroon' is, nie ten volle verloor nie.

Die Godgegewe waardigheid van die mens blyk egter ook 179
uit God se herskeppingswerk. Christus het immers vir Ef 4:24
die mens, ja vir mense van <u>alle</u> volke, aan die kruis
gesterf. Die Goeie Nuus word aan mense van <u>alle</u> volke
verkondig. Die Heilige Gees word aan <u>alle</u> gelowiges
geskenk om hulle tot sy tempel te maak. In Christus Rom 8:18
word die mens in sy volle heerlikheid, waardigheid en
en eer herstel. En al moet die gelowiges nog steeds
worstel met die sonde wat hierdie heerlikheid, eer en
waardigheid loënstraf, weet hulle dat God op pad is om
aan al sy kinders die volle heerlikheid wat vir hulle
bestem is, te skenk.

<u>Hierdie Godverleende waardigheid van elke mens impli-</u> 180
<u>seer</u>

* dat Christene teenoor alle mense moet optree soos 181
dit 'n <u>mens</u> teenoor <u>mense</u>, dit wil sê een beelddraer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van God teenoor ander beelddraers van God, pas. Dit is ware medemenslikheid. Wie andere as blote objekte beskou en hanteer en nie as mense met die volle spektrum van menslike behoeftes, verlangens, vrese, en aspirasies ensovoorts nie, respekteer die mens nie ten volle as mens nie.

* dat alle reëlings en praktyke op owerheids- of so- 182
siale vlak wat die menslike waardigheid van persone of groepe in die samelewing aantas, vir die gelowige onaanvaarbaar is.

Die feit van die unieke posisie van die mens as ver- 183
teenwoordiger en beeld van God en as voorwerp van sy genadewerk roep onder andere drie belangrike kwessies na vore:

1. Die mens se pligte en verantwoordelikhede 184
2. Die aangeleentheid van menseregte 185
3. Die kwessie van 'n huwelik in 'n veelrassige same- 186
lewing

12.3.5.2 Die mens se pligte en verantwoordelikhede

Die gawes wat God aan die mens skenk plaas hom onder 187
'n verantwoordelikheid en 'n verpligting om dit tot eer van God te gebruik. Die mens is derhalwe geroep om alles wat hy ontvang het na die beste van sy vermoë te gebruik ten einde vir homself 'n selfstandige



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lewensbestaan te verseker en om ook ander in hulle nood by te staan.

Ten einde in staat te wees om sy verpligtinge te kan 188
nakom, en so ook sy bestemming as mens te kan realiseer, beskik die mens ook oor aansprake wat hy mag en behoort uit te oefen. Dit is sy basiese regte as mens.

12.3.5.3 <u>Die begrip 'menseregte' moet Bybels gevul en verantwoord word</u>

Die begrip 'menseregte' kom nêrens in die Bybel voor 189
nie. Dit is 'n relatief moderne begrip wat hoofsaaklik uit sekulêre filosofiese en veral humanistiese bronne voortkom. <u>Saaklik</u> stel dit die kerk egter voor 'n ingrypende vraag naamlik wat daardie sake is wat eie is aan die mens, dit wil sê wat deur God bepaal is as <u>onmisbare voorwaardes</u> vir die verwesenliking van die mens se bestemming.

In die eerste plek geld vir die gelowige met nadruk 190
die <u>algemene Bybelse eise</u> van liefde, geregtigheid, reg, barmhartigheid en waarheid wat hulle aanduiding en tipering deurlopend in die Heilige Skrif vind, byvoorbeeld in die Tien Gebooie, die profetiese prediking, Jesus se koninkryksetiek, en die apostoliese vermaning.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tweedens is dit egter <u>die siening van die mens as</u> 191
<u>beeld van God</u> wat besonder belangrik is vir die regte verstaan en invulling van 'n Bybels verantwoorde beskouing oor 'menseregte'. God skep sy beelddraer, die mens, met bepaalde verantwoordelikhede, moontlikhede, opdragte, roepinge en verhoudinge langs die weg waarvan hy tot die volle verwesenliking van sy menswees en bestemming moet kom. Hierdie moontlikhede en noodsaaklikhede vir ware menswees sou in 'n afgeleide sin as 'menseregte' beskryf kon word, mits verstaan word dat dit nie die mens self, buite God om, is wat op enigiets reg sou hê nie. Die 'regte' van die mens is slegs 'regte' omdat God, selfs na die sondeval, die mens se reg handhaaf.

Die Bybel voorsien ons nie van 'n uitgewerkte 'mense- 192
regte-model' nie. Tog kan ons aan die hand van die onderskeie verhoudinge waarin die mens staan en die opdragte en roeping wat hy van God ontvang het, enkele noodsaaklike 'regte' aandui (waarby telkens bepaalde pligte ingesluit is):

1. Wat die mens in sy <u>geskapenheid</u> aanbetref, gaan 193
dit om sy reg

* op 'n volle menslike bestaan: op lewe, voedsel, 194
kleding en beskerming.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

2. Wat sy Godsverhouding aanbetref, gaan dit om sy 195
reg

* op vryheid van geloof, godsdiens en aanbidding, 196
* om verantwoordelik en aanspreeklik voor God te 197
leef.

3. Wat sy medemenslike verhoudings aanbetref, gaan 198
dit om die reg

* om 'n huwelik te sluit, 199
* op kinders en 'n gesinslewe, 200
* op opvoeding, onderwys en opleiding, 201
* op sosiale verband en groepsindentiteit, 202
* op politieke inspraak, deelname en bedrywighede, 203
* op vrye toegang tot die gereg, 'n billike verhoor 204
en 'n menswaardige hantering in die regsprosesse.

4. Wat sy kultuur- en arbeidsopdrag aanbetref, gaan 205
dit om die reg

* op assosiasie en deelname aan kulturele en arbeids- 206
verbande,
* op die vrug van sy arbeid, onder meer in die 207
gestalte van 'n billike vergoeding,
* op 'n billike sosio-ekonomiese bestel. 208

12.3.5.4 Die huwelik in 'n veelrassige samelewing

Die unieke posisie van die mens as verteenwoordiger en 209
beeld van God blyk ook uit die Bybelse siening van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

huwelik.

Die besondere belangrikheid van die huwelik kan nie 210
genoeg beklemtoon word nie. Volgens die Skrif is dit Gen 1:26-28 2:18-24
'n instelling van God wat in die skepping gegrond is. Mark 10:6 Matt 19:1vv

Die skeppingsgegewens wat vir die verstaan en beoorde- 211
ling van die huwelik belangrik is, is onder meer die
volgende:

* Dit is 'n daad en 'n gawe van God waarby Hyself dus 212
betrokke is. Spr 2:17 Mal 2:14

* In onderskeiding van die ander skepsels bestaan die 213
huwelik tussen twee mense wat terselfdertyd beeddraers Gen 2:18-21
van God is.

* Die twee-eenheid in die huwelik word gevorm deur 214
mense wat geslagtelik verskil. Gen 1:27

* In hierdie verhouding is die vrou - wat uit die man 215
geneem is - aan hom gegee om in die ruimste en Gen 2:18;21:23
innigste sin van die woord by hom te pas: as medemens,
maar terselfdertyd as iemand wat hom aanvul en help.

* Onder die seënende hand van die Here ontvang die 216
getroudes die vermoë om kinders voort te bring en ook Gen 1:28;9:1,7 Ps 8
die opdrag om as God se verteenwoordigers oor sy skep-
ping te heers.

* Die huwelik is na sy aard en bedoeling monogaam. 217
Mat 19:4-6 Mal 2:14-16



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

* Die sonde het die huwelik in baie opsigte laat ontaard. Deur die genade van God is dit egter nie vernietig nie en geld dit nog steeds as 'n uiters belangrike samelewingsverband of kring. 218

Mat 19
Ef 5

As ons die <u>wese</u> van die huwelik wil beskryf, moet ons stel dat dit 'n aangeleentheid is waarby twee persone van die teenoorgestelde geslag op die innigste en intiemste wyse betrokke is. Dit berus wesenlik op 'n keuse en beslissing van twee persone wat die reg het en die verantwoordelikheid aanvaar om lewenslank met mekaar in die huwelik verenig te wees. Die aanwysing dat die man sy vader en moeder sal verlaat om liggaamlik en geestelik met sy vrou verenig te word, dui op die aard en selfstandigheid van die huwelik as 'n afsonderlike lewensverband. 219

Gen 2:24

Die feit dat die huwelik 'n afsonderlike lewensverband is, sluit egter nie uit dat die familie, die gemeenskap, kerk en staat elkeen op sy eie manier by die huwelik betrokke is nie. Hierdie betrokkenheid raak egter nie die <u>wese</u> van die huwelik nie, maar is op sy <u>welwese</u> gerig. 220

Wat <u>rasgemengde huwelike</u> betref, is dit so dat die Bybel hom nie direk daarteen uitspreek nie. Ons vind in die Skrif slegs twee vorms van huweliksverbod: 221

Lev 18;20:17-21
Deut 27:20-23
Eks 34:16



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Eerstens dié ten opsigte van verbode grade van bloedverwantskap en tweedens dié teen gemengde huwelike in dié sin van 'n verbintenis tussen 'n lid van God se volk en iemand uit die heidendom. Hierdie laaste verbod is godsdienstig gemotiveerd: Israel se godsdiens mag nie met dié van die heidendom vermeng nie.

Eks 34:11-17
Deut 7:1-6

Dit alles beteken

* dat die kerk bo alles 'n tweërlei roeping in verband met die huwelik van sy lidmate het: Eerstens moet hy hom positief beywer vir die bevordering en verryking van die huwelik as instelling van God. Tweedens moet hy waarsku teen die aangaan van geloofs- en godsdienstig-gemengde huwelike. Hierdie soort huwelike hou immers 'n bedreiging in vir Christene sowel as die gemeente se geloofslewe, 222

2Kor 6:14-18
Mal 2:15
Esra 9,10
Neh 13:23- 30
1Kor 7:15v

* dat die kerk op die breë terrein van die volkslewe 'n positiewe getuienis moet gee oor die heiligheid en belangrikheid van die huwelik as instelling van God; dat hy moet wys op die Bybelse eis dat die huweliksgenote in alle opsigte vir mekaar ware lewensmaats moet wees, en dat hy moet waarsku en waak teen elemente en faktore wat die Bybelse maatstawwe vir die huwelik ondermyn. 223



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

12.4 <u>Die verantwoordelikheid van die kerk ten opsigte van groepverhoudings</u> 224

12.4.1 <u>Die kerk moet duidelik tussen die verskillende samelewingsverbande onderskei en sy eie verantwoordelikheid bepaal</u> 225

Die georganiseerde kerk het nie die taak om die werksaamhede en verantwoordelikhede van die ander samelewingsverbande oor te neem nie. Dit is nie sy taak om vir die staat 'n politieke program, vir die universiteit 'n akademiese, vir die bank 'n ekonomiese en vir die sport 'n oefenprogram op te stel nie. Die <u>koninkryk van God</u> gaan egter veel wyer as die kerk en sluit al die samelewingsverbande in. Daarom het die kerk die roeping om aan die gelowiges en aan al die samelewingsverbande die Koninkrykseise te verkondig wat in die samelewingsverbande aan die orde <u>moet</u> kom. Die program ter uitvoering van daardie verantwoordelikhede is die taak van die kundige gelowiges wat in daardie verbande aktief is. Daar is gevolglik geen enkele terrein in die samelewing, geen handeling van 'n indiwidu of 'n groep, wat nie onder die beligting van die Woord van God geplaas moet word nie. Die kerk moet dit egter doen op 'n wyse wat eie is aan sy aard en opdrag. 226



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die primêre taak van die kerk is om die Woord van God te verkondig en sy lidmate toe te rus vir hulle dienswerk in alle lewensverbande. 227

<u>Dit beteken</u>

* dat die kerk in sy verkondiging lidmate moet oproep om die beginsels van die ryk van God op maatskaplike en politieke terrein deur te voer. Marxisme, rassisme en alle ander onchristelike ideologieë sowel as alle vorme van verontregting moet ten sterkste afgewys word maar sonder dat die kerk self maatreëls van 'n politieke of nie-kerklike aard tref,
* dat die kerk hom tot sy eie taak moet bepaal, 228
* dat die kerk die koninkrykseise ten opsigte van 229 alle samelewingsterreine aan alle indiwidue en instansies moet verkondig.

12.4.2 <u>Die kerk moet in gebed en lofprysing God loof en die diens van voorbidding vir alle mense vervul</u>

Juis in gebed en voorbidding bring die kerk die saak 230 van die koninkryk voor God. Die deurbraak van die koninkryk in die wêreld en die werking van die Gees waardeur dit moontlik word dat Gods wil op aarde soos in die hemel gedoen word, moet in die gebed van God afgesmeek word. Die kerk tree in vir sy eie nood en vir die nood van die Christenheid. Wat kerklike ver-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

houdings betref, bid hy vir die lewe en voorbeeld van die kerk, vir sy missionêre roeping, vir versoening, eenheid en gehoorsaamheid. Hy bid vir die samelewing in al sy verbande. Hy vra om genade dat die eise van die Woord ten opsigte van tussen menslike verhoudings 1Tim 2:1-2
nagekom sal word. Nie net in krisistye nie, maar <u>veral</u> in tye van krisis, moet die kerk in sy voorbidding dié dinge voor God bring waardeur die lewe geknel en bedreig word. In sy voorbidding mag die kerk nie eksklusief of partydig wees nie. Hy moet ook dáárin vir die wêreld tot voorbeeld wees dat vir vriend en vyand gebid word. Die kerk vervul sy versoeningstaak in die wêreld in die eerste instansie al in die gebed.

12.4.3 <u>Die kerk moet sy lidmate oproep, toerus en uitstuur om in die samelewing die koms van die koningkryk te dien</u>

Die georganiseerde kerk het die roeping om sy lidmate 231
toe te rus vir hulle dienswerk in die wêreld. Dit Ef 4:12
beteken dat hy deur al sy werksaamhede - die prediking, pastoraat, jeugsorg, tug en diakonaat - die gemeentelede moet vorm tot mondige en aktiewe burgers van die koninkryk wat op elke lewensterrein vir die koningskap van Christus stry. Die getuienis van die kerk, die gebed, die voorbeeldigheid van lewenswandel,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die broederlike vermaning of bestraffing, die diakonale versorging - al hierdie funksies word ook deur lidmate in hulle daaglikse lewe vervul. So dra hulle die lewensstyl van die koninkryk in alle samelewingskringe in.

12.4.4 <u>Die kerk moet vir die samelewing 'n lewende voorbeeld wees van wat God se herskeppingswerk in mense se lewens verrig</u>

Om sy roeping teenoor God, homself en teenoor die 232
samelewing te vervul en sy eie verkondiging geloofwaardig te maak, moet die kerk in sy eie bestaan 'n sigbare teken en konkrete gestalte van die koninkryk van God oprig. Hy moet vir al die samelewingsverbande 'n lewende vertoonvenster wees van wat God in sy genade doen: hoe Hy verhoudings nuut maak, versoening en begrip en vrede skenk, agterdog in broederlikeliefde omskep.

Teenoor die samelewingsverbande wat uit die skepping 233
opkom, is die kerk die enigste samelewingsverband wat vrug is van God se herskepping. Hy is immers die eersteling van God se komende nuwe skepping. Die kerk Matt 5:16
is nie bedoel as alternatiewe gemeenskap wat die bestaande samelewingsverbande moet vervang nie. Midde in die samelewing moet hy 'n eksemplariese gemeenskap



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

wees, dit wil sê 'n gemeenskap wat vir almal tot voorbeeld dien en wat in sy bestaan nie alleen 'n protes en verset teen die sonde in al sy vorme in die samelewing is nie, maar ook 'n besielende voorbeeld van die krag van die Heilige Gees wat ook in menseverhoudings alles anders kan maak. Tog mag die kerk ook nie maak asof hy 'dit alles al het of die doel al bereik het nie.' Fil 3:12

12.4.5 <u>In navolging van die barmharigheidsdiens van Christus moet die kerk dienste van barmharigheid in die samelewing verrig</u>

Die kerk se barmhartigheidsdiens is gefundeer in die 234
soenverdienste van Jesus Christus en word verrig in Mark 10:45
navolging van God se liefdesdaad. Dit is 'n konkrete vorm van belewenis van die gemeenskap van die heiliges.

Daarom, alhoewel die kerk se onderskeie dienste in die 235
eerste plek uitgaan na die huisgenote van die geloof, Gal 6:10
reik dit ook uit na alle mense in nood. In priesterlike bewoëndheid word versorging en bystand verleen in alle vorme van materiële, maatskaplike, psigo-sosiale, liggaamlike en geestelike nood.

Vanselfsprekend sal en kan die kerk nie alle nood 236
verlig nie, maar hy moet te midde van sy beperkinge ten opsigte van die nood wat onder sy aandag kom, doen



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat sy hand vind om te doen. Dit sluit in dat daaraan gewerk moet word om die oorsake van die sorgbehoewendheid te verwyder - voorkoming is immers beter as genesing.

Dit alles impliseer dat die kerk se diakonale dienste 237

* tot alle mense moet uitgaan en alle grense moet 238
deurbréék;

* alle moontlike samelewingstrukture wat slegte ge- 239
volge vir mense se lewens het, moet bestry en positief moet werk vir beter strukture in die plek daarvan;

* met die owerhede op alle vlakke en alle beherende 240
instansies moet onderhandel om oorsake van nood verwyder te kry;

* maatreëls moet tref vir die daarstelling van toe- 241
paslike versorgingsinstansies (inrigtings- en gesinsorgdienste);

* moet werk vir doeltreffende welsynswetgewing waar- 242
volgens kerk, staat en maatskappy gesamentlik en aanvullend tot mekaar die beste voorkomings-, versorgings- en nasorgdienste vir alle bevolkingsgroepe kan lewer.

4.6 Die kerk moet onbevrees God se eise ten opsigte 243
van medemenslike verhoudings aan sy lidmate, aan die samelewing en aan die owerheid voorhou

Die kerk se eerste en belangrikste taak is die ver- 244



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kondiging van die verlossing in Christus, maar dan moet voorts ook al die implikasies van die heil duidelik aangetoon word, en wel met die oog op mense se persoonlike heiliging sowel as die heiliging van die samelewing.

Dit beteken

* dat die kerk in sy verkondiging die evangelie 245
konkreet en aktueel in die sosiaal-maatskaplike idioom van sy eie tyd moet vertaal en die lig van die Woord op die brandende vrae van ons tyd moet laat val.

## HOOFSTUK III: DIE PRAKTYK

### 13. Inleidende opmerkings

Die Ned Geref Kerk, as deel van die kerk van Christus, 246
bestaan en vervul sy roeping in heel besondere omstandighede (Kyk Hoofstuk I).

Dit beteken dat daar besondere eise aan die Ned Geref 247
Kerk gestel word om die Skrifbeginsels, soos dit in breë trekke in Hoofstuk II beskryf is, in hierdie praktyk uit te werk en toe te pas.

Om dit sinvol te kan doen, moet die Ned Geref Kerk, 248
uitgaande van die suiwere en onvervalste Skrifbeginsels wat vir die wese, bestaan en roeping van die kerk in hierdie wêreld geld, rekening hou:

* met die besondere omstandighede waarin die Ned 249



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geref Kerk sy roeping in hierdie land moet vervul, en

* met sy pastorale verantwoordelikheid om in die toe- 250
passing van die beginsels nie rewolusionêr op te tree nie, maar met die praktiese probleme en gevoelens van sy eie lidmate rekening te hou.

Die konsekwente toepassing van hierdie oorwegings sal 251
noodwendig 'n sekere spanning in die praktiese implementering van die Skrifbeginsels meebring. In hierdie omstandighede is dit van die grootste belang om deurgaans rekening te hou met die feit dat hierdie twee oorwegings nie op dieselfde vlak as die Skrifbeginsels lê nie. Hulle raak die welwese van die kerk en het te maak met die effektiewe bediening van die kerk in die besondere omstandighede in Suid-Afrika.

Die opset van hierdie hoofstuk sluit aan by die skema 252
van hoofstuk II, meet die tweërlei verskil dat dit nou veral gaan om die Ned Geref Kerk in sy verhouding tot ander kerke en lewensverbande, én dat hier net op enkele hoofsake gekonsentreer word.

Die hoofpunte van behandeling is: 253

* Die Ned Geref Kerk en die kerklike situasie in Suid-Afrika, en
* die Ned Geref Kerk en ander lewensverbande.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 14 DIE NED GEREF KERK EN DIE KERKLIKE SITUASIE IN SUID-AFRIKA

### 14.1 Die Ned Geref Kerk as deel van 'die volk van God'

14.1.1 Heel eerste moet gestel word dat die Ned Geref 254
Kerk 'n deel vorm van God se unieke, heilige en uit-
verkore eiendomsvolk te midde van die nasies, en dat Heid Kat Vr 45
die lidmate van die Ned Geref gemeentes dus ook 'n
deel uitmaak van die 'Gemeente' wat God deur sy Woord
en Gees tot die ewige lewe uitverkies het (HK 45).

14.1.2 Dit hou in dat hierdie een 'volk van God' 'n 255
hoër binding en eenheid vorm as enige aardse groepe-
ring en verskeidenheid, en dat die belange van hierdie
kerk van Jesus Christus ook vir ons lidmate die hoog-
ste en eerste prioriteit is.

### 14.2 Die Ned Geref Kerk en die ander kerke in Suid-Afrika

#### 14.2.1 Kerklike groeperings

Die relatiewe verhouding waarin die Ned Geref Kerk tot 257
ander kerke en godsdienstige groeperings binne en
buite Suid-Afrika staan, kan in terme van konsentriese
sirkels uitgedruk word:

* die binneste sirkel word gevorm deur die Familie 258
van NG Kerke,
* die tweede word bepaal deur die drie Afrikaanse 259
kerke,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

* die derde deur die ander Protestantse kerke, 260

* die vierde sirkel bestaan uit die Rooms Katolieke 261
Kerk en die verskillende Sektariese groepe, en

* die wydste sirkel word gevorm deur die groot aantal 262
Separatistiese groepe.

In artikel 71 van <u>Die Kerkode</u> word die amptelike 263
standpunt van die Ned Geref Kerk in sy verhouding tot ander kerke aangedui.

14.2.2 <u>Die Ned Geref Kerk en die Familie van Ned Geref</u> 264
<u>Kerke</u>

14.2.2.1 <u>Die Familie van Ned Geref Kerke</u>

Die volgende afsonderlike kerke, waarvan vier in die 265
RSA is, het uit die Ned Geref Kerk ontstaan:

Hulle is in die volgorde van hulle ontstaan: 266

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Die Ned Geref Sending kerk | 1881 |
| 2. | Die Ned geref Kerk in Afrika: OVS | 1910 |
| | Transvaal | 1932 |
| | Kaap | 1951 |
| | Natal | 1952 |
| | Algemene Sinode | 1963 |
| 3. | Reformed Church in Zambia | 1943 |
| 4. | Reformed Church in Zimbabwe | 1952 |
| 5. | KMAP Malawi 1924 (Nkhoma Sinode) | 1956 |
| 6. | Kerk van Christus in die Soedan onder die Tiv | 1957 |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7. Reformed Church of East Africa (Kenya) 1962
8. Harare Sinode (Zimbabwe) 1965
9. Reformed Church in Africa 1968
10. Reformed Church in Caprivi 1975
11. Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika (NGK) 1975
12. Igreja Reformada em Mocambiqué 1977
13. Dutch Reformed Church in Botswana 1979
14. Eglise Reformée Confessante au Zaïre 1984
15. Igreja Reformada em Portugal 1985

Nota: Die aandag word ook daarop gevestig dat die datums wat gegee word, die stigtingsdatums van die Sinodes is, behalwe in die geval van die Caprivi, Portugal en Zaïre. In al die ander gevalle is gemeentes lank vóór die datums gestig.

Van hulle is die volgende drie nie lede van die Federale Raad van Ned Geref Kerke nie:

* Kerk van Christus in die Soedan onder die Tiv
* Reformed Church of East Africa (Kenya)
* Eglise Reformée Confessante au Zaïre

14.2.2.2 Die Ned Geref Kerk en die ander lidkerke 267

* Die Familie van Ned Geref Kerke is kragtens hulle historiese verbondenheid in 'n gemeenskaplike oorsprong, hulle gemeenskaplike geloof in en verbondenheid aan dieselfde Here en sy Woord, en kragtens die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

erkening van dieselfde gereformeerde belydenis en kerkregering wesenlik één.

* Hulle is egter institutêr onderskeie: hulle beskik elkeen oor 'n eie organisasie, kerkorde, liturgie en besluitnemingsbevoegdheid om desnoods hulle eie belydenisgrondslag te wysig. 268

* Die Bybelse leer van die eenheid van die kerk en die gereformeerde opvatting oor die sigbare eenheid van die kerk roep ons daartoe op om die eenheid van die familie van die Ned Geref Kerke steeds duideliker tot uitdrukking te bring. 269

*Minderheidstandpunt tov par 269*

*Die Bybelse leer van die eenheid van die kerk en die gereformeerde opvatting oor die sigbaarheid van die kerk vereis dat die eenheid van die familie van Ned Geref Kerke steeds duideliker tot uitdrukking sal kom.*

*- Prof DA du Toit*

*Prof AB du Toit*

* Die vraag hoe hierdie sigbare eenheid daar moet uitsien, sal langs die weg van indringende samesprekings tussen die verskillende lidkerke, in die lig van die eise van die Skrif en van praktiese omstandighede, uitgemaak moet word. 270



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Minderheidstandpunt tov par 270*

*Voeg by aan die einde van die paragraaf: 'Die vorming waar enigsins moontlik van een kerkverband met voorsiening vir uiteenlopende bedieningsbehoeftes binne hierdie een kerk, is 'n vereiste wat voortvloei uit die noodsaaklikheid van die sigbaarmaking van die eenheid van Christus se kerk'*

*- Prof AB du Toit*

*Minderheidstandpunt tov par 268 - 270*

*Kragtens die eise van eiesoortige bedieningsbehoeftes* 268
*en om ander historiese redes is hulle egter instituter onderskeie; hulle beskik elkeen oor 'n eie organisasie, kerkorde, liturgie en besluitnemingsbevoegdheid om desnoods hulle eie belydenisgrondslag te wysig.*

*Die Bybelse leer van die eenheid van die kerk en die* 269
*wesenlike eenheid van die Familie van Nederduitse Gereformeerde Kerke roep ons daartoe op om kerkverbande te skep en kerklike verhoudinge te handhaaf waarin die eise van Gods Woord tot uitdrukking kom.*

*Die aard van hierdie kerklike verbande moet langs die* 270
*weg van indringende samesprekings tussen die verskillende lidkerke, in die lig van die Skrif en van praktiese omstandighede, uitgemaak word.*

*- Prof CWH Boshoff*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 14.2.3 <u>Die drie Afrikaanse Kerke</u>

Die afsonderlike bestaan van die drie Afrikaanse kerke 271
is prinsipiëel nie verantwoord nie. Hulle het basies dieselfde belydenis, kerkregering en liturgie; hulle is saam in dieselfde land en vervul hulle roeping onder dieselfde volk; hulle bedieningsbehoeftes is in alle opsigte dieselfde. Daar bestaan dus geen deurslaggewende rede waarom die betrokke kerke nie tot 'n sigbare eenheid kan word nie.

### 14.2.4 <u>Ekumeniese verhoudings</u>

* Ekumeniese verhoudings kom tot stand wanneer kerke 272
deur middel van hulle verteenwoordigers 'n tussenkerklike gesprek voer. Dit kan plaasvind tussen twee of meer kerke, op 'n ad hoc of op 'n permanente basis.

* Die Ned Geref Kerk handhaaf ekumeniese betrekkinge 273
met kerke van gereformeerde belydenis en kerkregering deur middel van korrespondensie en/of amptelike afvaardigings.

* Met ander kerke van algemeen protestants-Christe- 274
like belydenis word ingevolge Artikel 71.3 van Die Kerkorde kontak gesoek 'in ooreenstemming met die roeping van die kerk om in gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif daarna te strewe om die eenheid van die gelowiges prakties te bevorder en te bestendig.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

* Informele kontak oor Bybels-teologiese aangeleenthede is egter moontlik met dié kerke en geloofsgroepe waarmee die Ned Geref Kerk geen amptelike ekumeniese betrekkinge het nie. 275

* Die Ned Geref Kerk beywer hom vir lidmaatskap van ekumeniese liggame waarvan die grondslag, doelstellings en die praktiese uitlewing daarvan verenigbaar is met sy eie konfessionele standpunte. 276

14.3 <u>Die Ned Geref Kerk en enkele praktiese aangeleenthede</u>

14.3.1 <u>Kerklidmaatskap</u> 277

* Geloof in die Drieënige God en sy openbaring in die Skrif is die enigste voorwaarde om 'n lidmaat van die kerk van Jesus Christus te wees. Die kerk moet toesien dat hierdie geloof die regte inhoud het en dat dit opreg bly en uitgeleef word. 278

*Minderheidstandpunt tov par 278*

*Wysig tot: Geloof in die Drieqnige God is die fundamentele voorwaarde om 'n lidmaat van 'n Ned Geref gemeente te word. Die kerk moet toesien ... verder dieselfde*

*- Ds JE Potgieter*
*Dr DCG Fourie*
*Ds DJ Viljoen*
*Prof CWH Boshoff*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



* Die doop van verbondskinders, die kategese, die inskakeling van jongmense en kinders by die gemeentelike werksaamhede, die belydenisaflegging van katkisante en die opneem van lidmate uit ander kerke is in beginsel en praktyk 'n <u>gemeentelike</u> aangeleentheid wat onder die toesig van die kerkraad en in ooreenstemming met die amptelike ordereëls plaasvind. 279

* In die gewone gang van sake word kategetiese onderrig gegee aan die dooplidmate wat binne die gemeentegrense woon. Na aflegging van die belydenis van geloof word hulle belydende lidmate van die gemeente, en deel hulle in al die regte en voorregte wat aan belydende lidmaatskap verbonde is. 280

* Die gewone patroon in die gemeentelike opset is dat gelowiges die Here aanbid en as lidmate ontvang word daar waar vir hulle eie bedieningsbehoeftes voorsiening gemaak word. 281

* Indien lidmate (doop of belydend) uit ander lidkerke van die Familie van Ned Geref Kerke egter om lidmaatskap van 'n Ned Geref gemeente sou aansoek doen, word met hierdie aansoeke en eventuele oorplasing op kerkordelike en verantwoordelike wyse gehandel. 282



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Minderheidstandpunt tov par 282*

*Waar besondere omstandighede gangbaar is en lidmate uit ander lidkerke van die familie van Ned Geref Kerke om lidmaatskap van 'n Ned Geref gemeente sou aansoek doen, neem die kerkraad in die hantering daarvan die belange van die koninkryk van God, die beste belange van die betrokke gemeente en die sieleheil van die aansoeker/s in ag. Die beslissing oor sodanige lidmaatskap geld alleen vir daardie betrokke gemeente.*

*- Ds JE Potgieter*
*Ds DJ Viljoen*
*Prof CWH Boshoff*
*Dr DCG Fourie*
*Dr MM Nieuwoudt*
*Ds DS Snyman*

14.3.2 <u>Legitimasie en beroepbaarheid van evangelie dienaars</u>

* Die Ned Geref Kerk aanvaar dat elke lidkerk in die Familie van Ned Geref Kerke volwaardige bedienaars van die Woord van God oplei en legitimeer. 283

* Die erkenning van die legitimasie en die wedersydse beroepbaarheid van die evangeliedienaars in die onderskeie kerke word by wyse van onderlinge ooreenkomste gereël met inagneming van die verskillende vereistes 284



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die reglemente vir die legitimasie van leraars.

14.3.3 Die Ned Geref Kerk, besoekers en gesamentlike byeenkomste

* Die oorweging dat die kerk 'n 'evangelieverkondig- 285
ende gemeenskap' is, impliseer dat die lidmate en ampsdraers dankbaar elke geleentheid, hetsy op persoonlike vlak deur getuienislewering of op amptelike vlak deur openbare verkondiging, moet aangryp om die Woord aan alle mense te verkondig. Hieruit volg dat eredienste en ander byeenkomste toeganklik moet wees vir alle besoekers wat begeer om in gemeenskap met ander gelowiges na die Woord te luister.

* Waar taal- en kultuurverskille die sinvolle kommu- 286
nikasie van die evangelie bemoeilik, moet afsonderlike voorsiening gemaak word vir die bedieningsbehoeftes van gereelde besoekers, onder meer deur die beskikbaarstelling van kerkgeboue of dergelike fasiliteite, waar hulle in hulle eie taal- en kultuurverband die Here op 'n spontane wyse kan aanbid. Dit geld in besonder vir die werknemers vir wie dit weens omstandighede nie moontlik is om die eredienste in hulle eie gemeentes by te woon nie.

* Die gebruik van lidmate van die Ned Geref Kerkfami- 287
lie om by geleentheid in amptelike byeenkomste saam te



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kom, byvoorbeeld om 'n Christelike feesdag saam te herdenk of om in 'n sendingkonferensie gesamentlik te besin oor die roeping van die kerk in dié verband, behoort verder uitgebou te word. Sodanige amptelike byeenkomste word deur die betrokke kerkrade gereël.

* Gesamentlike nagmaalsviering van kerke met 'n gere- 288
formeerde belydenis word deur die betrokke kerkrade langs die weg van onderlinge oorlegpleging gereël.

* aangesien die Ned Geref Kerk nie 'n ope nagmaals- 289
toelating het nie, moet selfs lidmate van ander Ned Geref gemeentes by die betrokke kerkraad aanmeld om nagmaal in daardie ander gemeente te gebruik. Hierdie reël geld vir besoekers uit alle gereformeerde kerke by nagmaalsvierings.

* Weens die besondere betekenis van die nagmaal vir 290
die beoefening van die gemeenskap van die gelowiges, kan dergelike gesamentlike byeenkomste tot groot seën wees. In die hantering van hierdie geleenthede moet steeds die beste belange van die koninkryk van God in gedagte gehou word.

14.4 Die taak van die Ned Geref Kerk in Suidelike Afrika 291

14.4.1 Die Ned Geref Kerk en Sending

* Sending behoort tot die wese van die kerk van 292



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Christus en van Christenwees in die wêreld. Dit gee uitdrukking aan die eenheid met Christus wat as Gestuurde van die Vader, deur die Heilige Gees die kerk en gelowiges tot medewerkers in die koninkryk van God maak.

* Die sending vind sy oorsprong nie in die kerk nie 293
en ook nie in 'n besondere groep binne die kerk nie.
Dit begin by die Drieënige God self. God Drieënig is Joh 3:16
die sendende God. God die Vader stuur sy Seun, die vleesgeworde Woord, die wêreld in 'sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê'. God die Vader en God die Seun stuur ook die
Heilige Gees sodat die dissipels krag kan ontvang om Hand 1:8
getuies te wees 'in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld'. So word God se sending ook die kerk se sending.

* Die doel van die sending is die eer van God, maar 294
ook die bekering van die heidene en die planting van die kerk. Kerkplanting het ten doel om bekeerlinge wat tot die geloof in Christus gekom het, in die gemeenskap van gelowiges in te skakel en hulle as huisgenote van God te versorg en hulle te leer om as burgers van die koninkryk te leef uit die verwagting



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

van die koms van die koninkryk.

* Sending word in Woord- en in daadverkondiging 295
uitgevoer. Dit wil sê ons verkondig die liefde van God, die heil van die wêreld en die barmhartigheid van Jesus Christus deur ons woorde en ons dade. Ons woorde en dade moet saam getuig van die verlossing wat Christus na hierdie wêreld toe gebring het.

Dit kom tot openbaring in die suiwere prediking van 296
die evangelie, maar ook in die dienste wat die kerk in sy sending lewer in die vorm van onderwys, gesondheids- en sosiaal-ekonomiese bystand. Die gesindheid en onderlinge verhoudings wat tussen mense geld, moet ook deur ons Christenwees as getuies bepaal word.

* In die praktiese sendingsituasie van die Ned Geref 297
Kerk is daar in Suid-Afrika nie meer 'n gebied waar een of meer van die ander lede van die Ned Geref Kerkfamilie nie ook is nie. Tog is daar onder die verskillende bevolkingsgroepe nog 'n aansienlike onvoltooide sendingtaak. Hierdie oorblywende sendingtaak onder die sogenaamde onbereikte groepe moet as die gesamentlike verantwoordelikheid van die onderskeie kerke gesien word en moet op kerkraads-, rings- en sinodale vlak gereël word. Ruimte moet vir praktiese deelname van gelowiges gemaak word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

14.4.2 Die Ned Geref Kerk en die Diens van Barmhartigheid

* Die beoefening van barmhartigheid behoort tot die wese van die kerk en is gegrond in God Drieënig. God die Vader reik in Christus Jesus uit tot die sorgbehoewende mens en bring sy kerk as 'n nuwe, diakonale gemeenskap tot stand. Die Heilige Gees sit hierdie bediening van Christus voort deur sy kerk. 298

* Die barmhartigheidsbetrokkenheid van die kerk moet na vore kom in die bediening van die Woord dat die Almagtige God in sy liefde uitreik na die mens-in-nood wat Hy in Christus met Homself versoen het. Hy sal 'n geknakte riet nie afbreek en 'n lamppit wat dof brand nie uitdoof nie. 299

* In die Woordverkondiging moet die kerk sy lidmate, ampte en organisasies aktiveer en toerus om Christus se dienswerk daadwerklik voort te sit. In die 'diakonale' gemeente moet elkeen 'n gevoelige oog, oor en hart hê vir die sorgbehoewende. Sorgbehoewendheid in sy wye verskeidenheid moet geïdentifiseer word en prakties moet daarvan werk gemaak word in die voorsiening van personeel, fondse, dienste, inrigtings en vakkundigheid. 300

Jes 42:3

* Om barmhartigheid te beoefen behoort tot die amp 301



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

van die gelowige, wat deur sy blymoedige en opofferende hulpbetoon konkrete gestalte gee aan die beoefening van die gemeenskap van die heiliges.

* Die gemeente(s) moet op 'n georganiseeerde wyse 302
sorg vir die strukture, personeel, toerusting en organisasies wat nodig is om die werk van die diakonieë onder toesig van die kerkraad aan sy doel te laat beantwoord.

* Ofskoon die barmhartigheidsdiens primêr in die eie 303
gemeente begin, moet dit ook uitkring tot ander kerke en tot alle mense in nood, afgesien van geloof, ras, kleur, taal of stand. Ekumeniese kanale moet gevind word om selfs in die sin van 'n wêrelddiakonaat na ander kerke en hulle lidmate uit te reik.

* God se opdrag aan die owerheid is om alles ordelik 304
en welvoeglik te orden, en dit sluit ook sy verant- Gal 6:10
woordelikheid ten opsigte van die algemene welsyn van sy onderdane in. Privaat instansies doen op hulle eie manier welsynsdiens. Die kerk mag nie afsydig of afwysend teenoor sodanige dienste staan nie.

* 'n Aspek van die owerheid se taak in hierdie 305
verband is om welsynswetgewing op te stel. Aangesien hierdie tipe wetgewing 'n sosiaal-etiese basis het (Vgl Huweliks-, gesins-, Kindersorg- en ander wetge-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wing), is die kerk ten nouste hiermee gemoeid. Die kerk moet in staat en bereid wees om reeds by die voorbereiding van konsepwetgewing en die uitbreidende regulasies wat daarmee verband hou, grondig en indringend sy insette te lewer.

* Die barmhartigheidsdienste moet die volle spektrum 306
van voorkoming, versorging en nasorg dek. Daar mag nie net gelet word op die simptome van die nood óf op die hulp aan die sorgbehoewende nie, maar daar moet veral gekyk word na die <u>oorsake</u> van die nood. Die oorsake kan geleë wees in die persoon self, in die optrede van die owerheid of in die wyse waarop die sosiaal-ekonomiese strukture ingerig is, veral in die sektore van arbeid en nywerheid. In hierdie en dergelike gevalle moet die kerk sy profetiese getuienis laat hoor.

* Die kerk moet hom ook positief beywer vir 'n nuwe 307
ruimte en bedeling waar die oorsake van die nood uitgeskakel kan word en waaraan elkeen die geleentheid gebied kan word om sy volle potensiaal in Christus te verwesenlik.

* waar die kerk in hierdie opsig geroep word om die 308
goeie aan te prys en die verkeerde te bestraf, mag hy Sag 4:6
hom nie tot rewolusionêre optredes laat verlei nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die styl van die kerk is nie 'deur krag of geweld' nie, maar 'deur die Gees van God'.

15. DIE NED GEREF KERK- EN ANDER LEWENSVERBANDE 309

15.1 Die Ned Geref Kerk en die Afrikanervolk

* Die innige verbondenheid tussen die Ned Geref Kerk en die Afrikanervolk is 'n feit van die geskiedenis. 310

* Die Ned Geref Kerk huldig die opvatting dat kerk en volk twee onderskeie samelewingsverbande is wat mekaar oorvleuel. Die volk is die ruimte waarbinne die kerk sy roeping vervul, sonder om daarmee sy eie identiteit as kerk van Christus in te boet. 311

* Die Ned Geref Kerk is nie 'n 'volkskerk' in die sin dat kerk en volk met mekaar vereenselwig word nie. 312

* Die Ned Geref Kerk erken die goeie reg van die liefde vir die eie volk. Die lidmate lewe as mense in allerlei samelewingsverbande wat die gevoel en die besef van die 'eie' versterk. Hulle sluit huwelike, vorm gesinne, behoort tot kleiner en groter families, is lede van 'n volk en van 'n nasie as kulturele en politieke groothede, van allerlei maatskaplike, kulturele, ekonomiese, akademiese, professionele, politieke en ander organisasies en verenigings, en is ook lidmate van 'n bepaalde kerk en gemeente wat in hoofsaak hierdie mense bedien. Binne hierdie samele- 313



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

wingsverbande en ander bindinge oefen die gemeenskapsbesef 'n sterk invloed uit. Dit lei noodwendig tot liefde, trots en waardering vir die eie geskiedenis, kulturele waardes, gebruike, taal en simbole.

* Die erns waarmee 'n groep sy eie kultuurwaardes 314
bejeen en die wyse waarop hy streef om dit te behou,
moet egter voldoen aan die eise wat God se Woord in Matt 7:12
hierdie verband stel. Liefde vir die eie moet altyd getemper word deur agting, respek en liefde vir lede van 'ander' groepe. aan hulle moet gegun word, wat uit liefde en ywer vir die eie gevra word, in ooreenstemming met Christus se opdrag: 'Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete.'

* Wanneer die 'eie' oorbeklemtoon word ten koste van 315
of met uitsluiting van ander groepe se lewensruimte en lewensmoontlikhede, dan is dit 'n sondige verabsolutering van die 'eie', en vertoon dit die kenmerke van rassediskriminasie, wat onvoorwaardelik veroordeel word.

15.2 <u>Die Ned Geref Kerk en Politike Modelle</u>

* In die oorweging van 'n politieke model vir ons 316
land, moet rekening gehou word met die feit dat die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Skrif nêrens 'n bepaalde politieke model as normatief vir alle tye voorskryf nie.

* Ons mag wel aflei dat dit volgens die Skrif die taak van die owerheid is om reg en geregtigheid aan al sy onderdane te laat geskied. 317

* In Suid-Afrika het die idee en die beleid van afsonderlike ontwikkeling met die ideaal van gebiedskeiding, in die loop van die geskiedenis sy vorm en beslag gekry. Dit was gesien as deel van die voogdyskap van die blankes teenoor die ander groepe en het die moontlikheid van optimale ontwikkeling van alle groepe beoog. 318

* Die oortuiging het allengs gegroei dat 'n beleid van afsonderlikheid nie gesteun en toegepas kan word as dit nie uit die Skrif geregverdig kan word nie. Dit het by sommige die oortuiging laat ontstaan dat afsonderlike ontwikkeling van volke 'n voorskrif van die Bybel is en daarom deur die kerk as Bybelse eis aan die owerheid voorgeskryf moet word. 319

*Minderheidstandpunt tov par 319*

*Voeg by aan die einde van hierdie paragraaf: 'Die verheffing van apartheid tot 'n religieus-gekleurde ideologie, ten opsigte waarvan nie ontken kan word dat dit ook in die Ned Geref Kerk voorgekom het nie, is 'n*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*dwaling wat alhoewel onbedoeld, veral in sy praktiese toepassing tot veel leed, lyding en bitterheid bygedra het. Hiervan moet in alle opregtheid voor God en die mense belydenis gedoen word.'*

*- Prof AB du Toit*
*Prof DA du Toit*
*Prof JA Heyns*
*Prof PA Verhoef*

*Minderheidstandpunt tov par 319*

*Vervang die punt met die volgende:*

*Die debat oor die prinsipiqle en Skriftuurlike begronding van die beleid van afsonderlikheid het, oa in die Ned Geref Kerk ook oor jare heen voortgegaan in die kerklike tydskrifte, konferensies, kommissies en sinodes. Hoewel sommige dit op sekere stadia voorgestaan het, het die besef mettertyd gegroei dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke nie as 'n voorskrif uit die Bybel afgelees kan word nie.*

*- Ds DJ Viljoen]*
*Dr DCG Fourie*
*Ds JF Potgieter*
*Prof CWH Boshoff*
*Dr MM Nieuwoudt*
*Ds DS Snyman*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

* Die Ned Geref Kerk wil hom ondubbelsinnig daarvan losmaak dat die kerk geroep is om enige politieke model of beleid aan die owerheid voor te skryf, en verkondig slegs die eise van liefde, geregtigheid en menswaardigheid wat in die samelewing beliggaam moet word. Daarom sal hy voortgaan om elke voorgestelde model hieraan te toets. 320

15.3 Die Ned Geref Kerk en die Owerheid

* Die Ned Geref Kerk aanvaar die legitimiteit van die bestaan van verskillende state as die gevolg van die voorsienigheid en regering van God. Die owerheid of regering van 'n staat, wat die politieke bestel daarvan bepaal, is 'n tydelike verteenwoordiger van die staat, en mag nie met die staat self gelyk gestel word nie. 321

* Binnelandse verset teen 'n bepaalde politieke bestel sou dus nie gerig word teen die staat as sodanig nie, maar teen die owerheid as verteenwoordiger van die staat op daardie bepaalde tydstip. Die owerheid self het egter ook 'n status (wat verband hou met sy totstandkoming, legitimasie, taak en grense) waarmee steeds rekening gehou moet word. 322

* Hierdie status van die owerheid hang saam met die 323
Goddelike oorsprong en legitimasie daarvan in die Rom 13 1Tim 2:1,2



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Skrif en soos dit oa ook blyk uit Jesus se optrede, en bevestig word deur die beginsels van vrede, orde, gesag en welsyn. Tit 3:1 1Petr 2:13

* Die status van die owerheid word egter ook bepaal deur sy roeping om dienaar van God te wees, om as sy hoogste taak sorg te dra vir die welsyn van al sy burgers, en alleen met die oog daarop die swaardmag wat aan hom toevertrou is, te gebruik. 324

* Ten slotte word die status van die owerheid bepaal deur die eer van God, sy gehoorsaamheid aan God, deur die feit van sy feilbaarheid en die moontlikheid van totale verwording en deur die finale eskatologiese grens van sy bestaan. 325 Openb 13

* Van alle lidmate word verwag om as deel van hulle Christelike lewenswandel die owerheid te gehoorsaam. As instituut onderwerp die kerk hom ook aan die gesag en die wette van die Staat, vir sover die kerk deel het aan die regsverkeer en aan die uitoefening van burgerlike regte, en vir sover die owerheid se regsorde nie met die Woord van God bots nie. 326

* Die Ned Geref Kerk moet die Woord van God ook aan die owerheid verkondig, en sy aandag vestig op die norme van die Skrif ten opsigte van die onderlinge verhoudinge tussen mense en groepe, van maatskaplike 327



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

geregtigheid, van orde en vrede, en van die owerheid se pligte in hierdie verband.

* Die wyse waarop die gesprek of kontak met die 328
Owerheid plaasvind, moet by voorkeur ampshalwe en op ordelike wyse deur die betrokke kerklike instansies geskied.

* Dit is wenslik dat reeds by die opstel van konsep- 329
wetgewing met religieus-etiese aspekte en implikasies, daar die nouste skakeling tussen die Ned Geref Kerk en die owerheid sal wees.

* Skakeling met die owerheid geskied dmv die Kommis- 330
sie vir Skakeling met die Owerheid wanneer dit gaan oor algemene beleidsake. Wanneer 'n bepaalde kommissie van die Algemene Sinode of die sinodes, uit hoofde van sy opdrag, veral op gespesialiseerde terrein of administratief optree, skakel hy direk met die betrokke minister of staatsdepartement.

* Skakeling met owerheidsinstansies deur kommissies 331
van mindere kerkvergaderings is noodsaaklik wanneer dit aangeleenthede behels wat veral op gemeentelike of sinodale terrein voorkom en wat prakties van aard is.

* Ten einde sy roeping te kan uitvoer, het die ower- 332
heid ook die reg om die staat te verdedig. Daarmee is die reg tot oorlog en tot diensplig gegee en is die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

burgers van die land dit verskuldig om aan die staat gehoorsaam te wees.

* Sowel die Ned Geref Kerk as die owerheid moet van tyd tot tyd aandag gee aan gerugte en die werklikheid van rewolusie. Nie net die begrip 'Teologie van Rewolusie' nie, maar ook die gedagte aan rewolusie self as 'n poging deur 'n groep om die bestaande owerheidsgesag met geweld omver te gooi, is in stryd met die prediking van die Skrif. Die gereformeerde teologie ken wel die reg tot opstand in hoogs uitsonderlike gevalle, maar kwalifiseer dit dan in dié sin dat dit op 'n ordelike wyse deur verantwoordelike persone ('mindere magistrate') gehanteer moet word en nie deur die kerk nie. 333

* Weerstand teen 'n bepaalde politieke bestel is eties in beginsel slegs aanvaarbaar wanneer dit verset teen onreg is. Daar moet egter onderskei word tussen weerstand op verskillende vlakke. 334

* Wanneer die onreg slegs te make het met bepaalde praktyke of met afsonderlike stukke wetgewing, sou verset daarteen die weg van hervorming moet volg, met die gebruikmaking van bestaande ordelike en demokratiese weë en middele van byvoorbeeld parlementêre aksie, stembus, openbare pers en ander media, vreed- 335



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

same organisasie, petisie, ens. Om van uiterste maat-reëls en metodes van verset gebruik te maak voordat al die genoemde moontlikhede volhardend en by herhaling ontgin is, is eties volkome onaanvaarbaar.

* Daarom verwerp die kerk enige oproep om disinveste- 336
ring, sanksies of boikotte as 'n geweldlose aksie om radikale politieke veranderinge tot stand te bring. 'n Toestand van werkloosheid, armoede, ontevredenheid, honger en opstand berei alleen die weg tot ekonomiese chaos, 'n radikale politieke bestel en veroorsaak groter lyding en ellende.

* Die onreg kan egter op 'n meer fundamentele vlak 337
lê, nl wanneer dit nie net gaan om bepaalde wetgewing of praktyk nie, maar wanneer die owerheid (as agent van die staat) self so 'n mate van onreg vertoon dat sy legitimiteit volledig onder verdenking is. In so 'n geval behoort daardie owerheid deur 'n ander vervang te word. Dit verander egter nog nie die etiese eise van hervorming nie, en moet ook in hierdie opsig die ordelike en demokratiese weg gevolg word. Weestand teen 'n regering mag nie op so 'n wyse plaasvind dat dit skadelike gevolge vir die staat en sy burgers sal hê nie.

* Die Ned Geref Kerk moet dus by die keuse vir 338



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vreedsame hervorming wat al die fasette van die lewe behels ondubbelsinnig die weg van rewolusie, geweld en anargie veroordeel en afwys.

* As allerlaaste moontlikheid van verset teen onreg 339
(dws nadat alle ander moontlikhede volhardend en by herhaling misluk het) kan geweldlose verset en burgerlike ongehoorsaamheid uit die oogpunt van die etiek ten minste teoreties nie as onaanvaarbaar verwerp word nie. Omdat die ondervinding egter geleer het dat dit in die praktyk dikwels tog tot geweld lei, dat die leiers nie in staat is om hulle volgelinge te beheer nie en die aanstigters tot geweld dikwels hierdie aksies vir hulle eie doeleindes misbruik, kan hierdie optrede en standpunt ook nie deur die Ned Geref Kerk ondersteun word nie.

* Aangesien die Christen die beginsels van die konin- 340
kryk van God ook op politieke terrein moet deurvoer, moet hy die vryheid geniet om politieke denke en aksie op 'n verantwoordelike wyse in die lig van God se Woord te beoefen.

* In 'n veelvolkinge situasie sou die versoenings- 341
boodskap van die Skrif ook impliseer dat daar kanale vir doeltreffende kommunikasie en konsultasie moet bestaan.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# HOOFSTUK 6

# KERK EN SAMELEWING BRING DIE NED. GEREF. KERK IN BEROERING

## 6.1 *ONMIDDELLIKE REAKSIE*

Die aanvaarding van *Kerk en Samelewing* as nuwe beleidstuk van die Ned. Geref. Kerk het tydens die sitting van die sinode alreeds hewige reaksie uitgelok. Hierin het veral die media 'n groot rol gespeel. Dit was veral nuusblaaie wat deur middel van sensasionele beriggewing die nuus oor dié nuwe dokument die wêreld ingestuur het.

Talle dagblaaie het onder opskrifte soos: "Eredienste oop vir almal"[1] "NG Kerk bely! - Apartheid was dwaling"[2] "NG Kerk Synod dubs racism a 'serious sin'"[3] "NG Kerk adopts 'racism is a sin' statement"[4] "Alle rasse kan lidmaat word"[5] "NGK Condems Apartheid"[6] "NG Kerkrade is nou gebind"[7] "Blacks can now be NGK elders, says moderator"[8] en "Sinode lê grondslag vir breuk met Afrikaner"[9], oor die gebeure in die sinodesaal berig. Dit is duidelik dat daar 'n groot mate van opgewondenheid in die media teenwoordig was oor die verreikende stappe wat die Ned. Geref. Kerk geneem het, en tog het hulle deur hierdie beriggewing 'n groot groep konserwatiewe Afrikaanse lidmate van die Ned. Geref. Kerk ontstig. Hierdie ontsteltenis sou binne weke tot groot



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beroering binne die Ned. Geref. Kerk en binne enkele maande tot die stigting van 'n nuwe Afrikaanse kerk lei. Die media was dit egter eens dat hierdie sinode 'n totaal nuwe weg ingeslaan het, wat hulle in geheel as positief beoordeel het.

*Die Transvaler* het as volg oor die gebeure berig: "Die Sinode van die NG Kerk het in die afgelope dae ingrypende besluite oor die kerk se beleid ten opsigte van kontensieuse sake rakende bywoning van eredienste en lidmaatskap deur anderskleuriges geneem. Die Sinode moet geluk gewens word met die deeglikheid en openhartigheid waarmee hy debat gevoer het oor 'n aangeleentheid wat hom lank die verwyt op die hals gehaal het dat hy op twee stoele gelyktydig probeer sit - aan die een kant as verkondiger van die Evangelie en aan die ander kant as dienaar van 'n bepaalde politieke denkrigting. Ons waarneming is dat dié tweeslagtigheid op die hoogste vlak binne die NG Kerk nou uit die weg geruim is. Niemand kan die Sinode daarvan beskuldig dat dit 'n impulsiewe besluit is, geneem onder druk, of om die hervormingspolitiek tot diens te wees nie, want oor dié spesifieke aangeleentheid is daar jare lank deur kerkleiers besin, voordat die voorstelle wat nou voor die Sinode gedien het, op skrif gestel is."[10]

*Die Burger* rapporteer: "Die besluit van die Algemene Sinode



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die NG Kerk om sy lidmaatskap vir gekleurde lidmate uit die familie van NG Kerke oop te maak is epogmakend" en verder: "Die besluite bring die einde van 'n tydperk waarin die NG Kerk oor jare weens wêreldse belangedruk en allerlei beperkinge nie die plek kon wees waartoe alle vermoeides en belastes hulle spontaan aangetrokke gevoel het nie" en: "Dit sal tot die NG Kerk se krediet bly staan dat hy hom nie in gebrokenheid berus het nie, maar hom in reformasie na jare van worsteling met die waarheid binne 'n apartheidsamelewing daaruit losruk. Die verdere besluit van die Sinode dat rassisme sonde is, bring bykomende hoop dat die tydvak waarin die NG Kerk blatant of subtiel voorspraak gedoen het vir uitgediende apartheid vir goed verby is."[11]

Dit is duidelik dat albei hierdie invloedryke Afrikaanse dagblaaie die besluite wat in *Kerk en Samelewing* vervat was, as 'n groot stap in die regte rigting gesien het.

*Die Volksblad* het 'n meer behoudende, maar tog ook positiewe standpunt ingeneem. Onder die opskrif: "Oop NG Kerk" het dié nuusblad soos volg berig: "Sommige lidmate van die NG Kerk reageer dalk met ontsteltenis, selfs woede, op die Algemene Sinode se besluit dat lidmaatskap van die kerk vir alle rasse oop is. Party kan dalk van afstigting en skeuring



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

praat. Maar die reaksie is nie noodwendig 'n weerspieëling van politieke strominge in die land nie. Uit konserwatiewe kringe is op die sinode oor instemming en gelowige aanvaarding van die besluit getuig" en verder: "Dit is te betwyfel of swart, Indiër en selfs bruin Christene nou in groot massas NG eredienste en kerkregisters sal 'oorstroom'. Die Afrikaanse karakter van die NG Kerk en sy manier van doen is nie noodwendig aanloklik vir mense in 'n ander kultuurwêreld nie.

Met die Sinodebesluit waarmee niks verloor word nie, eerder gewen word, gee die NG Kerk gestalte aan die aandrang tot groter sigbare eenheid."[12] Dat *Die Volksblad* se reaksie rondom 'n moontlike kerkskeuring inderdaad 'n profetiese woord was, sou binne maande deur die verloop van gebeure bewys word.

Die Engelse pers, wat van die Ned. Geref. Kerk se bitterste teenstaanders was, het ook ingeval in hierdie koor van positiewe reaksie.

*The Star* het berig: "This week marks a significant moment, perhaps even a watershed, for the Nederduitse Gereformeerde Kerk, sometimes called the National Party at prayer. It would be hard to overstate the impact its new policy document



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

could have on goverment and the country as a whole. Just as down the years, the NGK provided a moral basis for apartheid, so now it seems poised to provide the moral incentive to finally abandon it."[13]

*Pretoria News* het onder die opskrif: "A salute to the NGK" as volg berig: "In the ponderous and often tortured business which is South African political reform, the decision by the NG Kerk to open its doors to all races is a glittering highlight. Here is the biggest single church in the country - and more important, because it is mainly Afrikaans, the biggest church of the ruling class - effectively standing the entire apartheid doctrine on its head."[14] Die berig is afgesluit met die volgende woorde: "We salute the men who found in themselves the courage, the decency, the Christianity to vote as they did yesterday. They could have gone the other way and that would have been yet another dismal pointer to the future. But in voting as they did they have lit a torch for many to follow."[15]

Dat hier 'n nuwe gees van optimisme vaardig was, kan nie ontken word nie. Hierdie gevoel word waarskynlik die beste geïllustreer deur die volgende tekenprent wat in die invloedryke Johannesburgse swart nuusblad, *Sowetan*, verskyn het:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




16

Dit toon duidelik watter geweldige impak die besluite wat deel van *Kerk en Samelewing* uitgemaak het, op Suid-Afrika in sy geheel gehad het. Die Ned. Geref. Kerk was terug uit 'n donker doodloopstraat van beskuldigings en verdagmakery - terug om opnuut weer sy volwaardige plek binne die Suid-Afrikaanse samelewing in te neem.

Alhoewel hierdie gevoel van optimisme by 'n groot meerderheid



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van dié land se mense bestaan het, was daar tog 'n groep wat nie daarin gedeel het nie, en wat fel en heftig gereageer het. Hierdie reaksie is reeds tydens die behandeling van die konsep-dokument aan die gang gesit deur die uitlatings van een van die afgevaardigdes, ds MC Adendorff van die gemeente Sonhoogte in Germiston.

Ds Adendorff het beweer dat bepaalde paragrawe van *Kerk en Samelewing*, net so uit die *Freedom Charter* van die ANC oorgeneem is.[17] Ds Adendorff, 'n stigterslid van die verregse organisasie *Bybel en Volk*, het onder andere gesê: "Die Freedom Charter is opgestel deur Joe Slovo ... en speel 'n groot rol in die opleiding van terroriste. Hoe is dit moontlik dat 'n Kommunis en die Kerk dieselfde taal praat?" Hy het verder tot groot misnoë van die sinode gesê dat alhoewel hy nie 'n refleksie op lede van die hersieningskommissie wil werp nie, hy "stukke, stukke kan kwoteer uit die Freedom Charter wat presies ooreenstem met Kerk en Samelewing."[18]

Hierdie was die begin van die soort reaksie wat soos 'n veldbrand deur verregse politieke geledere versprei het. Hierin het 'n nuusblad soos *Die Afrikaner* veral 'n groot rol gespeel. Onder die opskrif: "Sinode lê grondslag vir breuk



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met Afrikaner" het die blad as volg berig: "By etlike geleenthede is al sinies (en waarskynlik ook met 'n aansienlike kwota kwaadwilligheid) na die NG Kerk verwys as die 'National Party at prayer'. Daarmee is bedoel dat die Kerk nie 'n onafhanklike en Bybelse standpunt inneem nie, maar hom laat lei deur die NP en dié se beleidsrigtings. Uiteraard is dié beskuldiging nog altyd summier deur kerklui verwerp. Niemand moet egter verbaas wees as hierdie beskuldiging opnuut gemaak word ná die pas afgelope Algemene Sinode van die Kerk nie - en die keer met veel meer geloofwaardigheid. Besluite wat op die Sinode geneem is, verskil aansienlik van voriges en toon sterk ooreenkomste met standpunte wat sedertdien deur linkse politici ingeneem is."[19] Na 'n breedvoerige, en blindelings eensydige beskrywing van gebeure in die kerk sedert 1982, word die berig met die volgende woorde afgesluit: "Die laakbare besluite is nogtans geneem en 'n historiese verskuiwing na links het klaarblyklik in die hoogste beleidmakende liggaam van die Kerk plaasgevind. Te oordeel aan die stemming by die Sinode en die driftige uitsprake het daar ook 'n aansienlike mate van liberalistiese heethoofdigheid by sommiges ingetree.

Diegene wat die magsgreep uitgevoer het, gaan nie rus voordat hulle die volle pad geloop het nie, wat moet uitloop op strukturele eenheid met die Sendingkerk. Uiteraard sal in



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die proses die banvloek oor alle vorme van skeiding of afsonderlikheid uitgespreek word.
Hierdie pad sal die Kerkleiding in botsing bring met 'n groot deel van die kerkvolk, wat hom juis nou toenemend tot afsonderlikheid wend as enigste middel vir sy voortbestaan. Mag besinning betyds intree."[20]

Dit is duidelik dat die besluite van die sinode vanuit hierdie kader totaal onaanvaarbaar was, duidelik eensydig polities beoordeel is, en gevolglik skerp veroordeel is.

Dr AP Treurnicht, voormalige redakteur van *Die Kerkbode*, ook leier van die *Konserwatiewe Party* het hom op dié party se nasionale kongres wat vanaf 24 Oktober 1986 in Durban plaasgevind het, by hierdie groep geskaar. Hy het ondermeer gesê dat die Ned. Geref. Kerk in praktyk nou ook bruin of swart predikante kan hê wat die reg sal hê om na die sinode afgevaardig te word. "Hulle sal vir die Moderatuur in aanmerking kan kom, en dan is dit nie ondenkbaar dat die NG Kerk sy eie UDF-moderator, 'n tweede Tutu kan hê."[21]

Met reg kan gevra word hoe hierdie man, wat self diep spore in die Ned. Geref. Kerk getrap het dié kerk so vir eie politieke gewin kon misbruik. Terwyl hy dié kerk daarvan beskul-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

dig het dat sy besluite tot groot verdeeldheid onder Afrikaners kon lei het hy onverpoosd voortgegaan om die onrustigheid wat by konserwatiewe lidmate bestaan het aan te wakker. Hier was duidelik 'n geval van iemand wat die splinter in iemand anders se oog gesoek het, terwyl hy die balk in sy eie oog nie kon raaksien nie, want slegs 'n paar dae later het Treurnicht 'n verdere skerp aanval op die besluite van die Algemene Sinode in Pietersburg gedoen, toe hy voor sowat 350 mense gesê het 'n verantwoordelike kerkvergadering kan nie 'n besluit neem dat apartheid 'n sonde is, as hy geglo wil wees nie.[22]

Alhoewel hy waarskynlik in sy doel geslaag het, was daar ook diegene wat sy optrede veroordeel het. So het *Die Vaderland* onder opskrif: "Nee, dr T" soos volg berig: "Ons vind dit jammer, maar ook onverantwoordelik van dr Andries Treurnicht om op 'n politieke verhoog op die wyse wat hy gedoen het, standpunt teen die Algemene Sinode in te neem. Daardeur het hy die Sinodebesluit in die politieke arena ingedra. In die verband wil ons hoop dat leiers van ander politieke partye die selfbeheersing aan die dag sal lê om nie sy voorbeeld te volg nie.
Die skade wat die KP-leier aanrig is soveel groter omdat hy op sy dag self 'n leidende persoon in die NG Kerk was. Hy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

klee sy uitsprake in 'n idioom wat die indruk wek dat hy steeds met teologiese gesag praat" en verder: "As hy wel bekommerd is oor die moontlike verdeeldheid wat die Sinode-besluit kan bring behoort hy dit te help besweer. Hy laat egter die indruk dat hy liewer politieke voordeel vir sy party daaruit wil trek.
Slegs iemand wat vrees en verdeeldheid wil saai sal te kenne wil gee dat die kerk nou sy eie UDF-moderator kan hê. Komende van dr Treurnicht, wat die NG Kerk so goed ken, is dit gevaarlik naby aan kwaadwillig."[23]

En tog was dr AP Treurnicht 'n klassieke voorbeeld van iemand wat reeds in 1960 fel op *Cottesloe* gereageer het, en na ses en twintig jaar nog dieselfde standpunt gehuldig het.[24] Hierdie onwilligheid van sommige lidmate van die Ned. Geref. Kerk om met die tyd saam te beweeg, sou 'n groot rol speel in die storm wat binne die Ned. Geref. Kerk sou losbars.

## 6.2 *ONWEERSWOLKE OOR DIE NED. GEREF. KERK*

Die publisiteit wat die media aan *Kerk en Samelewing* gegee het, sowel as die optrede van bepaalde politici en met name dr AP Treurnicht, het binne enkele dae onweerswolke oor die Ned. Geref. Kerk laat saampak - 'n groot storm was duidelik aan die broei.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Pretoria News* het reeds op 24 Oktober 1986 onder die titel: "Walkout plan for city NGK"[25] op sy voorblad die volgende berig: "Militant right wingers, angered by this weeks' historic Ned. Geref. Kerk dicisions to admit blacks to church membership and condemn apartheid as 'unacceptable' plan walk-outs at at least one city congregation on Sunday morning."[26] Volgens dié dagblad was 'n groot groep lidmate van die Ned. Geref. Gemeente Meyerspark, ongelukkig oor die besluite van die Algemene Sinode. Dié plofbare situasie het in die gemeente ontstaan as gevolg van 'n uitnodiging aan 'n aantal swart mense na die gemeente se sendingfees, wat dié Sondag-oggend gehou sou word. Een van die beplanners van die uit-stap-aksie, mnr Gerrie Bester het ondermeer aan *Pretoria News* gesê: "We do not want blacks in the church. It is time Afrikaners stood up for their rights."[27]

Dat daar groot ongelukkigheid oor die besluite in konserwa-tiewe kringe bestaan het, het verder geblyk uit 'n dringende oproep van prof CWH Boshoff dat die Breë Moderatuur 'n duidelike uiteensetting van die besluite moes gee.[28] Dat die Ned. Geref. Kerk hierdie onstuimigheid te wagte kon wees, het egter al vroeër geblyk. Reeds in 1983 met die sogenaamde *Silverton-byeenkoms*, was dit duidelik dat politiek 'n groot



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

rol in die toekoms van die Ned. Geref. Kerk sou speel. Om die reaksie op *Kerk en Samelewing* binne die regte perspektief te sien, is dit nodig om weldeeglik ook van hierdie byeenkoms kennis te neem.

6.2.1 Die Silverton-byeenkoms: 2 September 1983

Alhoewel baie min oor die byeenkoms self bekend is, was individuele regse predikante vir die reël daarvan verantwoordelik.[29] Inligting oor die vergadering is deur die organiseerders so dig moontlik gehou en geen openbare aankondiging daaroor, is gedoen nie. Skriftelike uitnodigings is egter aan talle predikante oor die hele Transvaal gestuur, waarin die saamtrek beskryf is as 'n samekoms van konserwatiewe predikante van die drie Afrikaanse kerke.

Die volledige uitnodiging het as volg gelui:

"Kennisgewing

Groot saamtrek van konserwatief-gesinde predikante van die drie Afrikaanse kerke (Ned. Geref., Ned. Herv. en Geref. Kerke)

op Vrydag 2 September 1983 om 09h30

by die terrein van die Opelugmuseum, Silverton (langs ou Hoofweg by Morelettaspruit aan die Oostekant van Silverton)

Spreker: Prof Carel Boshoff.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Namens reëlingskomitee en met vriendelike groete.

Ds Olaf Scheurer

(01341) 5621

Posbus 790, Ermelo"[30]

Dit was veral die betrokkenheid van ds Olaf Scheurer, omstrede predikant van Ermelo, wat 'n bepaalde politieke kleur aan die samekoms verleën het.[31]

Die 193 predikante wat die presensielys onderteken het, het van vroeg af by die opelugmuseum aangekom. Onder die aanwesiges was prof FJM Potgieter, 'n emeritus-professor van Stellenbosch se kweekskool; prof JC Lombard, van die Departement Bybelkunde aan die Vrystaatse Universiteit en dr Hennie Senekal, omstrede en regsgesinde Ned. Geref. predikant van Bronkhorstspruit.[32]

Terwyl die vergadering op prof Boshoff gewag het, is "Prys die Heer" gesing en na sy aankoms, is die vergadering geslote verklaar, en die pers gevra om buite hoorafstand te bly. Na prof Boshoff se toespraak het daar heelwat besprekinge plaasgevind, maar volgens prof Boshoff was daar nie meningsverskille nie. "Hy het die indruk gekry dat die mense daar was "eerder om te getuig as om oortuig te word'"[33]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aan die einde van die vergadering is die voorstel wat nou as die "Getuienis van 193 Predikante" bekend is, voorgelees. Enkele predikante het hierop die vergadering verlaat en het aan *Beeld* gesê dat hulle "net uit belangstelling gekom het."[34]

Dié *getuienis* het soos volg gelui:

1.1 Gedring deur 'n besef van ons verantwoordelikheid teenoor God, die Vader van ons Here Jesus Christus, in 'n baie beslissende uur van die Geskiedenis;
1.2 uit lojaliteit teenoor ons vaderland en liefde vir ons volk;
1.3 en met diepe deernis en begrip vir die aspirasies en frustrasies van alle bevolkingsgroepe in die Republiek van Suid-Afrika;
1.4 reik ons, predikante van die drie Afrikaanse Kerke en ondersteuners van verskillende politieke partye die volgende verklaring uit:-
2.1 Ons glo dat die Here God oor die lotgevalle van volke beskik.
2.2 Ons merk sy beskikkende hand ook in die geskiedenis van ons eie volk.
2.3 En ons glo aan die reg van volke op behoud en eerbiediging van hulle eiesoortigheid, sowel as die reg van elkeen om sy identiteit te handhaaf en selfbeskikking te verwerf.
3.1 In die lig hiervan verwerp ons die aanspraak as sou die voorsgestelde nuwe grondwet vir die Republiek van Suid-Afrika die beliggaming wees van Christelike geregtigheid in ons land.
3.2 Ons bely saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 36 dat die staat 'n verantwoordelikheid het om sorg te dra dat die grondslae van die Christelike samelewing nie ondermyn word nie.
3.3. Dit maak magsdeling met groepe wat die Bybelse grondwaarhede verwerp, prinsipieël onmoontlik.
4. Die voorgestelde nuwe grondwet hou die moontlikheid in om meer verdeeldheid en konflik te skep as wat dit besweer, en sodoende die Republiek van Suid-Afrika swakker in plaas van sterker te maak voor die aanslag van die kommunisme:
4.1 Vir Afrikanereenheid rondom Christelik-nasionale roe-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

pingsgeloof is dit noodlottig. Eendragtige Afrikaneraandrang op Christelike norme in die volkslewe word onmoontlik. Daarmee is Afrikaner-weerbaarheid, wat ook die geheim is van die weerbaarheid van die Republiek van Suid-Afrika tot niet.

4.2 Die verwagte saamhorigheid van Blankes, Kleurlinge en Asiërs vervlugting voor die waarskynlikheid van 'n doodstryd om mag oor één grondgebied.

4.3 By inheemse swart Christene skep dit, ons insiens geregverdig, bitterheid oor hulle uitsluiting ten gunste van Oosterlinge wat Moslems en Hindoes is.

4.4 Buitelands veral, kan dit slegs as verswakking van die posisie van die Blanke gesien word, en aanleiding gee tot verhewigde druk in die rigting van volledige integrasie.

4.5 Binnelandse leiers wie se verklaarde ideaal van 'n eenheidstaat in Suid-Afrika volkome inpas by die meesterplan van die kommunisme, word mederegeerders van die Republiek van Suid-Afrika.

5. Die nuwe grondwet dra die kiem van veel pynliker onreg as die wat dit wil verhelp, en verbeur daarom alle aanspraak op Christelike en Bybelse motiewe, want:

5.1 In plaas van langtermyn veiligheid, vrede, vryheid en voorspoed vir alle mense, open dit in die lig van bostaande oorwegings, eerder die weg vir die soort ellende wat reeds onder swart "meerderheidsregerings" in ons buurlande heers. So 'n toestand dien die heil van geen mens nie, en ook geensins die eer van God nie. Dit druis in teen die 'rustige en stil lewe' waarvoor die kerk beveel is om te bid, en wat die voortgang van die evangelie sal bevorder (1 Tim. 2:1-4).

5.2 'Christelike geregtigheid' is in die Bybelse grondbetekenis van die woord die regte verhouding tot God, en behels onvervreembaar ook die aanvaarding van verantwoordelikheid voor God vir eie doen en late. Ons moet die Here liefhê met ons hart én verstand (Matt. 22:37).

5.3 'Naasteliefde' sluit ook barmhartigheid in teenoor dié weerlose naastes wat die nageslag is. Dit roep ook op tot weerstand teen dié naaste wie se strewe onder andere vir sy eie nagslag kwaad inhou.

5.4 Om 'net maar te glo' dat God vir vrede sal sorg, en self uit vrees vir die dreigemente van mense, willens en wetens die risiko van anargie te neem, is om God te versoek.

6. Die voorgestelde nuwe grondwet is nie die enigste alternatief vir die status quo nie.

6.1 Ons herbevestig hiermee ons gelowige oortuiging saam met die van ons kerke en ons volk in die verlede, dat 'n bedeling van volle selfbeskikking vir elke volk of volksgroep onder eie owerheid en merendeels op eie grond, 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Bybelse verantwoordeliker en daarom vir gelowiges ook 'n begaanbaarder weg is.
6.2 Ons is daarvan bewus dat die bewerkstelliging van so 'n bedeling van volle selfbeskikking vir alle groepe groot offers sal vra. Maar gelowiges deins nie terug vir die bring van offers nie. Die vraagstuk van volkeverhoudings in Suid-Afrika sal nie langs die maklikste weg beredder kan word nie.
6.3 Ons pleit daarom by alle mense om in liefde vir dié naastes wat die nageslag van alle mense in Suid-Afrika is, te kies vir die weg van verantwoordelikheid. En ons betuig aan alle mense: Die God van die hemel, Hy sal ons dit laat geluk ...(Neh. 2:20).

'n Voortsettingskomitee van lede uit al drie die kerke onder die voorsitterskap van ds Mossie van der Berg is ook op die saamtrek aangewys. Ander lede van die komitee was: di Andrew Gerber, MC Adendorff, drr J Visser en PJJS Enslin en prof HG van der Westhuizen.[35]

Die doel van hierdie *getuienis* wat teen die nuwe grondwet gemik was, is verder deur prof Boshoff omskryf. In sy gesprek met persmanne het hy gesê: "een van die kwellinge oor die nuwe grondwet is die 'voorkeursituasie' waarin die blankes in die nuwe bedeling sal wees. Wanneer die voorkeursituasie uiteindelik onder druk verdwyn, volg integrasie."[36] Hy het voorts ontken dat dié teenstand teen die grondwet die predikante midde in die politiek plaas. "Dit is die voorstaanders van die grondwet wat sê die nuwe grondwet is op die beginsel van Christelike geregtigheid gegrond."[37] Die predikante wat die *getuienis* onderteken



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, betwis hierdie feit, en het hulle daarom as predikante daarteen uitgespreek.

Wanneer die inhoud van die *getuienis* bestudeer word, is dit duidelik dat hierdie groep predikante krampagtig aan eiesoortigheid en differensiasie wou vasklou. Belangriker was egter die feit dat hier 'n duidelike teken was dat predikante binne die Ned. Geref. Kerk hulle daadwerklik met die politiek bemoei het. Hierdie teenstand teen voorstelle in 'n nuwe grondwetlike bedeling was fundamenteel polities gemotiveerd. Dit plaas die gebeure in skrille kontras met byvoorbeeld die *Hervormingsdaggetuinis* en die *Ope Brief*.[38]

Dat hierdie gebeure 'n belangrike voorspel en rigtingwyser was, van wat na die Algemene Sinode van 1986 sou gebeur, is deur die geskiedenis as korrek bewys.

Die reaksie op die samekoms was uiteenlopend. Ds JE Potgieter, moderator van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk was van mening dat die hele kwessie van die nuwe grondwet iets was wat bo partypolitiek verhewe was.[39]

In sy kommentaar het *Die Kerkbode* gemaan dat predikante buitengewoon versigtig moes wees om nie vanweë hulle



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

optrede lidmate in gemeentes so te verdeel dat hulle harte vir die evangelieboodskap geslote sou raak nie. "Ons moet onsself ook voortdurend afvra of dit nie die hoë amp van ons bediening in gedrang bring as ons ons openlike steun aan die standpunte van 'n bepaalde politieke party toesê nie" en verder: "Buitendien, ons opper ernstige kritiek wanneer leiers in die Swart kerke en kerklike organisasies in Suid-Afrika en in die buiteland hulle met politieke sake besig hou. Watter verweer het ons wanneer hulle ons beskuldig dat ons dieselfde weg bewandel?"[40] Dié blad het sy kommentaar afgesluit deur te sê: "Wat ons nodig het, is nie die organisering van 'Konserwatiewe' of 'Nasionaalgesinde' of 'Progressief-gesinde' predikante-byeenkomste nie, maar waaragtige ernstige voorbidding met die oog op die referendum."[41]

In *Die Kerkbode* van 21 September 1983 het ds MU Strauss van Vrede-Wes 'n brief geskryf onder die titel: "Sal ons mekaar weer vertrou ná Silverton?"[42] Daarin het hy ondermeer gesê dat hy met hartseer en teleurstelling van die saamtrek verneem het. Hy het voorts gesê: "My teleurstelling en hartseer was nie die gevolg van die een politieke standpunt wat daar gesteun is nie, maar die blote feit dat hierdie manne juis op hierdie tydstip so



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

iets deurgevoer het.

Ek wil ernstig aan hulle vra:

* Was dit in u oë lojaal teenoor ons kerk wat ons sekerlik almal liefhet? Ek vra aan u hierdie vraag in die lig van die besluit van die Algemene Sinode van 1982 wat soos volg lui: 'Die Sinode wys egter daarop dat polariserende groepvorming met die oog op groter effek, gevaar inhou vir die eenheid van die Kerk, en ook vanweë die onsekerheid en onrus wat dit in die Kerk veroorsaak, ontmoedig word'.

* Was hierdie vergadering en die 'Getuienis' én veral die uitwerking daarvan in die gemeentes van die Here, regtig in belang van die koninkryk van God? Nou is ons, predikante mos mooi netjies in twee kampe: die 'julle' wat daar was en die 'ons' wat nie daar was nie. Sal julle en ons mekaar ooit weer regtig kan vertrou?"[43]

Dié *'getuienis'* het ook onder skoot gekom op die Noord-Transvaalse Sinode wat enkele dae na die uitreiking daarvan in Pretoria gehou is. Die volgende verklaring is eenparig deur die moderatuur aan die sinode voorgelê wat dit aanvaar het:

"1. Dat predikante die roeping en dus ook die reg het om individueel en gesamentlik te besin oor en gevolglik 'n eie standpunt te hê aangaande die Christelik-etiese aanvaar-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

baarheid al dan nie van die voorgestelde Konsepgrondwet, mag hulle nie ontsê word nie.

2. Die moet egter duidelik gestel word dat die standpunt waartoe hulle gekom het, die standpunt is van 'n aantal predikante wat hulleself as groep byeengebring het, en dus nie die amptelike standpunt is van die kerke waaraan hulle behoort nie.

3. Deur hulle standpunt egter bekend te maak en dit in die vorm van 'n openbare verklaring te giet, het hulle nie in ooreenstemming gehandel met die standpunt van die Algemene Sinode nie, naamlik dat hulle optrede polariserende groepvorming inhou, en vanweë onsekerheid en onrus wat dit in die Kerk veroorsaak, die eenheid van die Kerk bedreig.

4. Die Sinode doen gevolglik 'n ernstige beroep op sy leraars om hulle te weerhou van verklarings, geskrifte, pamflette en rubrieke waardeur die Kerk met sy roeping as instrument van versoening in gedrang kom, en die saak van die Here noodwendig moet skade ly."[44]

Alhoewel hierdie optrede van die 193 dus allerweë veroordeel is, was dit 'n duidelike teken dat sommige predikante hulle roeping ook deur 'n politieke bril beskou het. Sterk politieke ondertone was duidelik in die Ned. Geref. Kerk aanwesig, en dit was juis hierdie verpolitisering van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ned. Geref. Kerk en sy gemeentes wat na die 1986 Algemene Sinode tot 'n grootskaalse storm gelei het. Die gevaarligte het in 1983 reeds helder geflikker! Die volle implikasie van hierdie gebeure sou eers in 1987 duidelik word.

6.2.2 Protes!: Daad by die Woord gevoeg!

6.2.2.1 Die Aanloop

Dit was gou duidelik dat die ontevredenheid oor die besluite in *Kerk en Samelewing* meer diepliggend was, as wat aanvanklik gemeen is. Alhoewel die Ned. Geref. Kerk kritiek uit regse kringe te wagte moes wees, het die omvang daarvan almal stomgeslaan.

Die eerste duidelike teken dat 'n groot protesaksie geloods sou word het op 2 November 1986 gekom toe 'n "paar honderd" Ned. Geref. lidmate uit alle dele van die land 'n byeenkoms in Verwoerdburg bygewoon het.[45] Die doel van die samekoms was om besware teen *Kerk en Samelewing* te bespreek. Tydens dié vergadering is nie alleen besluit om 'n massa-vergadering op 28 November 1986 te reël nie, maar 'n voortsettingskomitee, wat terselftertyd as studie-komitee gedien het is ook verkies. Prof WJG Lubbe, hoofbestuurslid van die *Afrikanervolkswag*, en 'n voormalige redakteur van *Die Kerkbode* is aangewys as



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorsitter van die komitee. Prof Lubbe was ook nou betrokke by *Aksie eie Toekoms*, 'n voorloper van die *Konserwatiewe Party*, en was ook voorsitter van die vereniging *Bybel en Volk*, 'n eksklusiewe regse organisasie.[46] Die res van die komitee het bestaan uit: Prof Alkmaar Swart, ook 'n hoofbestuurslid van die *Afrikanervolkswag*; ds G Cruywagen, emeritus predikant van Boksburg; ds E Friis, emeritus predikant van Nelspruit; dr JC Krüger, emeritus predikant van Hartbeespoortdam; ds CC Colyn, emeritus predikant van Naboomspruit; mev M Roos, lid van die *Afrikanervolkswag* se geskiedenis- en feesdae-sub-kommissie; prof M Verster, 'n kollega van prof Lubbe by die departement Opvoedkunde aan Unisa en prof S Jacobs, ook 'n *Volkswag*-lid.[47]

Die komitee het opdrag ontvang om die besware teen besluite van die sinode te formuleer en te motiveer, om "kontakte" aan te lê met beswaarde lidmate in alle dele van die land, en om advies aan beswaarde lidmate te gee. Die aanbevelings van die komitee sou op die massa-byeenkoms van 28 November 1986 bespreek word en aanbevelings oor gekoördineerde optrede sou dáár gedoen word.[48] Dat hierdie byeenkoms nie uit die bloute beplan en gereël was nie, is deur prof Lubbe aan *Beeld* bevestig. Hy het gesê



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat dié byeenkoms voorgevloei het uit 'n byeenkoms wat reeds voor die sinode gehou is, en waarop die agenda van die sinode bespreek is.[49] Hy het verder beklemtoon dat hy reeds tydens en ná die sinode oproepe van beswaardes ontvang het. Die vernaamste besware het gehandel oor oop lidmaatskap, oop kerkdeure en die oorbeklemtoning van kerkeenheid ten koste van verskeidenheid.[50]

Dit is duidelik dat hierdie groep lidmate reeds voor die sinode 'n bepaalde plan van aksie gereed gehad het. Hierdie protes het nie bloot op die besluite van die sinode gevolg nie, maar was duidelik 'n bevestiging van die strominge binne die Ned. Geref. Kerk wat reeds in 1983 by Silverton na vore gekom het, naamlik geheime, polities, geïnspireerde groepvorming binne die kerk. Hierdie jammerlike verdrag van sake het egter nie die feit dat baie lidmate diep beswaard en besorgd was, genegeer nie.

'n Duidelike voorbeeld van die gevoel van sommige is 'n brief van JPH Kasselman van Wesselsbron wat in *Die Volksblad* onder die titel: "Sinodebesluite in die 'aand van 'n volk'" gepubliseer is. Hy het geskryf: "Terwyl dit oënskynlik aand geword het in die geskiedenis van 'n volk



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

met 'n roemryke verlede en bose magte dwarsoor die wêreld heen 'n verbete aanslag loods om die Afrikanervolk onder te ploeg, is dit ironies dat die Algemene Sinode van die NG Kerk juis nou besluit oor soos dit populêr deur die wêreld vertolk word, 'apartheid'. In werklikheid is dit maar net 'n stok in die hand van die Kommunis. Wat dit nog meer ironies maak, is die feit dat baie wat die sitting bygewoon het, 'n klompie jare gelede regverdiging vir apartheid op Skriftuurlike grondslag gevind het. Die ware Woord van God het oor die eeue heen nooit verander nie, maar mense en politieke sienings het wel verander. Is dit moontlik dat die Skrif gemanipuleer kan word om aan te pas by die oorwoë politieke siening van die dag wat huidiglik gebuk gaan onder groot druk van 'n algemene verrotte wêreldmening. Ek sal maar net vra: 'Suid-Afrika quo vadis'."[52]

Hierdie brief was 'n bewys van die totale verwarring wat by lidmate van die Ned. Geref. Kerk bestaan het, en heel helder hoor 'n mens hier die noodkreet van iemand wie se kerklike milieu aan die induie stort was, 'n kerklike mileu waarin hy hom nog altyd tuis en veilig gevoel het. Vir baie was die Ned. Geref. Kerk te midde van 'n snelveranderende Suid-Afrika nog die enigste bastion waaraan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

hulle kon vashou. Die Algemene Sinode het deur sy besluite hierdie anker totaal hervorm, en daarmee 'n groot groep van sy lidmate geskud. Dit wat die kerk in die verlede nagelaat het, naamlik om al sy lidmate duidelik van koersveranderings in kennis te stel, het hom nou ingehaal, en die prys wat die Ned. Geref. Kerk daarvoor sou moes betaal, sou baie hoog wees.[53]

Namate die nuus van 'n protesvergadering versprei het, het die omvang van die storm wat die Ned. Geref. Kerk getref het duidelik geword. Hierdie toedrag van sake het gemaak dat prof JA Heyns 'n oproep tot kalmte gemaak het en 'n beroep op lidmate gedoen het, om niks te doen alvorens hulle die publikasie *Kerk en Samelewing* volledig bestudeer het nie.[54]

Verskeie predikante het ondermeer hulle kommer uitgespreek[55] en op baie plekke is protesvergaderings in die geheim gereël.[56] Die ironie en die tragiek van hierdie hele situasie het duidelik uit Heyns se pleidooi geblyk. Hierdie reaksie het gevolg sonder dat iemand nog die volledige dokument *Kerk en Samelewing* in die hand gehad het! Dit sou eers teen die einde van November 1986 beskikbaar wees! Onwillekeurig ontstaan die vraag of



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

diegene wat met die reëling van protesvergaderings besig was, dit nie suiwer op grond van politieke standpunte gedoen het nie. Die feit dat prof WJG Lubbe en sy medestryders reeds voor die sinode met 'n plan van aksie gereed was, maak hierdie stelling nie so vergesog nie! Dit waaraan die Ned. Geref. Kerk hom in 'n groot mate tot en met 1986 skuldig gemaak het, naamlik om die Skrif ondergeskik te stel aan die praktyk, is nou as skietgoed teen hom gebruik.[57]

In 'n poging om gemoedere te kalmeer het 'n informele gesprek op 26 November 1986 tussen die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie en die sogenaamde Studie-kommissie van die beswaarde lidmate in Pretoria plaasgevind.[58] Hierdie samekoms is op uitnodiging van prof JA Heyns gehou.[59] Van die kant van die Dagbestuur was prof JA Heyns, ds JE Potgieter, prof PB van der Watt, dr P Rossouw en ds DJ Viljoen teenwoordig. Die beswaarde lidmate is verteenwoordig deur prof WJG Lubbe, prof A Swart, ds CC Colyn en prof M Verster.[60]

In 'n openhartige gesprek wat plaasgevind het is gepraat oor die implikasies van die beoogde *Skilpadsaal-byeenkoms* wat op 28 November 1986 sou plaasvind. Daar is onder



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meer aan die Studie-kommissie gevra of dit die regte pad van protes was wat hulle wou volg. Prof Lubbe het egter, ten spyte van die versoek om af te sien van hulle beoogde optrede verklaar dat hulle voortgaan met die byeenkoms en dat "hulle beslis nie 4 jaar kan wag om die saak reggestel te kry nie."[61] Prof Heyns het reguit aan hulle gesê dat hulle "hulle voete op 'n heillose weg geplaas het."[62] Ten spyte van hierdie ooglopend diepliggende verskille het die afgevaardigdes hulle tog bereid verklaar om weer te praat.[63]

Dit was duidelik dat daar geen keer aan sake was nie. Die protesvergadering was 'n werklikheid!

6.2.2.2 Die Skilpadsaal-vergadering: 28 November 1986

Die *protesvergadering* van beswaarde lidmate is op Vrydag 28 November 1986 in die Skilpadsaal in Pretoria gehou, dieselfde saal waar ook die *Afrikanervolkswag* gebore is.[64]

Dit was van die begin af duidelik dat planne vir 'n wegbreek-kerk reeds stilweg aan die gang was. Die sowat 2500 mense wat die byeenkoms bygewoon het, het te midde van persoonlike aanvalle op prof JA Heyns besluit op 'n aksieprogram met twee dryfpunte. *Rapport* het soos volg



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daaroor gerapporteer: "Enersyds sal 'stappe van onderhandeling' gevolg word, waarin beswaarskrifte opgestel en gepubliseer sal word, en vertoë tot die Algemene Sinodale Kommissie gerig sal word om die gewraakte Sinodebesluite 'gewysig of ongedaan te kry'. Klem is daarop geplaas dat dit op 'n behoorlik kerkordelike manier gedoen moes word, en 'langs die regte kanale' van kerkrade, ringe en sinodes.
Terselftertyd word voorbereidsels getref vir 'n nuwe kerk onder Afrikaners waarin beswaarde lidmate 'n 'gelukkige geestelike tuiste sal vind. 'n Kerk op dieselfde belydenisgrondslag as waarop ons as beswaardes tans staan.'
Die organisasiewerk vir 'n nuwe Kerk word 'gelyktydig' met die onderhandeling gedoen, sodat beswaardes gereed is as onderhandelings misluk."[65]

Hierdie besluite het duidelik uitgewys dat daar geen omdraaikans meer was nie. Wie sou immers al die moeite doen om 'n "nuwe kerk" te organiseer en dan later besluit dat dit nie meer nodig is nie? Die minimum vereiste wat prof Lubbe gestel het om 'n kerkskeuring te verhoed, naamlik 'n "buitengewone Algemene Sinode" wat sekere besluite ongedaan moes maak, was nooit haalbaar nie, en dit het hy geweet. Prof JA Heyns was ook op navraag van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mening dat so 'n eis totaal onaanvaarbaar was en dat daar geen moontlikheid was dat so 'n sinode sou plaasvind nie.[66] Die koeël was letterlik en figuurlik klaar deur die kerk, voordat daar sogenaamd vry met onderhandeligs begin is.

Daar is verder op die byeenkoms besluit dat 'n finale besluit oor kerkstigting in Julie 1987 geneem sou word.[67] Die vergadering het verder onder luide toejuiging besluit om by beswaarde lidmate aan te beveel om "by wyse van protes" net 'n nominale bydrae (byvoorbeeld 'n rand elk) aan huidige eie gemeentes te doen en die res aan die Voortsettingskomitee te stuur. Die geld sou in 'n spaar-rekening gehou word "vir toekomstige besteding."[68] Prof Lubbe het ook verder gesê daar word voorgegee dat daar nie omvattende besware is teen die besluite van die Algemene Sinode nie. Hy het ook nie verwag dat ernstig gekyk sou word na lidmate se besware teen die besluite nie. "Ek wil u adviseer om u bydraes terug te hou sodat die kerk kan voel hoe wyd die besware loop. Dan sal die plaaslike sinodes en ampsdraers sê: 'Kyk hoe kry ons swaar.'"[69] Hierdie gebeure en uitsprake op die byeenkoms was maar net 'n verdere bevestiging dat hulle nie meer wou of sou omdraai nie. Die voorgestelde handelings met



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

die Algemene Sinodale Kommissie was bloot 'n rookskerm waaragter die Voortsettingskomitee met hulle duistere planne kon voortgaan.

28 November 1986 sou die eerste dag van sekerlik die donkerste maande in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk in hierdie eeu wees.

6.2.2.3 Na die Skilpadsaal - 'n Verklaring uit die Ned. Geref. Kerk

Direk ná die besluite van die *Skilpadsaal-byeenkoms* rugbaar geword het, het die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie die volgende verklaring uitgereik:

"Die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie van die Ned Geref Kerk het met hartseer en ontsteltenis kennisgeneem van die byeenkoms in die Skilpadsaal te Pretoria op 28 November 1986 en wi graag die volgende verklaring daaromtrent doen:
Volgens berigte dui die besprekings en besluite in die rigting van 'n moontlike kerkskeuring en kerkstigting indien sekere pogings tot onderhandeling sou misluk.
Gesien in die lig van die Bybelse leer oor die eenheid van die kerk en van besluite van die Algemene Sinode wat aan die een kant duidelike geleentheid vir gesprekvoering en voorlegging van besware aangedui het en aan die ander kant ernstig teen polariserende groepvorming gewaarsku het, moet teen bogenoemde handelwyse sterk besware ingebring word.
Met ontsteltenis is kennisgeneem dat lidmate gevra word om hulle verset teen sekere sinodale besluite te illustreer deur o.a. dankoffers aan hul eie gemeentes feitlik te staak en tot 'n eie fonds vir toekomstige gebruik by te dra.
Ons wil almal wat hieraan meedoen, versoek om die gewetensvraag aan hulself te stel of hulle nie juis nou besig is om te handel op die wyse waarteen die Nagmaalsformu-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

lier pertinent waarsku, dat almal wat skeuring en oproer in die kerk wil veroorsaak, hulself buite die Nagmaalsgemeenskap van die kerk stel. Daarom wil ons al die betrokke lidmate en ampsdraers weereens versoek om nie op dié wyse voort te gaan nie en betyds met al die implikasies rekening te hou.
Verder wil ons met pastorale bewoënheid 'n beroep doen om al die besware en vrae wat mag bestaan in die lig van die Kerkorde en volgens 'n sinodale besluit wat juis opening hiervoor gee, te hanteer.
Terselftertyd word diepe dankbaarheid uitgespreek teenoor die oorweldigende getal lidmate en ampsdraers wat hul toewyding steeds met lojaliteit in die kerk voortsit."[70]

Uit hierdie verklaring was dit duidelik dat die Ned. Geref. Kerk die volle implikasies van die situasie begryp het. Hierdie verklarig was opnuut 'n ope uitnodigig aan diegene wat besware gehad het, om dit langs kerklike weë te hanteer. Tog sou dit nie veel doen om die gemoedere te kalmeer nie. Die onrustigheid en onweerswolke het in omvang bly groei! 'n Grootskaalse storm was aan die opsteek in die Ned. Geref. Kerk, 'n storm wat deur emosie voortgedryf sou word.

### 6.2.3 'n Grootskaalse storm binne die Ned. Geref. Kerk

Dat die media 'n groot rol gespeel het in die grootskaalse onrustigheid wat binne die Ned. Geref. Kerk losgebars het, kan nie ontken word nie. Alhoewel die meeste lidmate hulle nie met die "beswaarde Skilpadsaalgroep" wou vereenselwig nie, was daar 'n diepe onrus in die harte van baie lidmate. Regoor die land is inligtingskonferensies gehou, waarin



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lidmate oor die besluite van die sinode ingelig is. Op hierdie vergaderigs, wat op sinodale, rings- en gemeentevlak gehou is, het lede van die Dagbestuur, ander lede van die Algemene Sinodale Kommissie en lede van die kommissie vir *Kerk en Samelewing* verduidelik wat die sinode besluit het en wat die implikasies daarvan was.[71] In reaksie hierop het prof WJG Lubbe op sy beurt oral protesvergaderings georganiseer. Dit het gemoedere verder opgejaag en grootliks daartoe bygedra dat die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie oortuig geraak het dat 'n verklaring in dié verband uitgereik moes word. Met die oog hierop is die skriba versoek om 'n brief te rig aan al die skribas van sinodes ten einde hulle te versoek om aandag te gee aan besware van lidmate en om verder inliging van hulle te vra omtrent die omvang van die besware, onder andere die aantal bedankings, terughou van fondse, protesvergaderings en protesbesluite.[72]

Tydens die vergadering van die Algemene Sinodale Kommissie wat op 18 en 19 Maart 1987 in Pretoria gehou is, was dit duidelik dat daar wel van bedankings sprake was, maar dat geen werklike betroubare opname gemaak kon word nie, terwyl dit tog moontlik was om basiese tendense aan te toon. Uit 'n steekproef van 4 streeksinodes was daar slegs van 0,14 %



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

werklike bedankings sprake. Die kommissie was egter van mening dat selfs hierdie geringe persentasie bedankings as ernstig beskou moes word en dat die saak met groot pastorale sorg en liefde benader moes word. Dit was ook verder duidelik dat die oorgrote meerderheid van die lidmate en ampsdraers die besluite van die sinode aanvaar het.[73]

In die algemene diskussie wat tydens dié vergadering gevoer is, het dit ook na vore gekom dat die optrede van predikante 'n bepalende faktor was. In die meeste gevalle waar daar 'n gees van onrus bestaan het, het dit hoofsaaklik om politieke oorwegings gegaan.[74] Die vergadering het na verdere bespreking 'n belangrike besluit geneem - naamlik om 'n verklaring uit te reik wat in *Die Kerkbode* gepubliseer sou word.

Die verklaring is op 25 Maart 1987 in dié blad gepubliseer en het soos volg gelui:

"Die Algemene Sinodale Kommissie van die Ned Geref Kerk het tydens sy vergadering van 18 en 19 Maart 1987 kennis geneem van ontevredenheid wat in sommige gemeentes en by sommige lidmate ontstaan het na aanleiding van sekere besluite van die Algemene Sinode van 1986 soos vervat in die stuk Kerk en Samelewing.
Lidmate wat beswaard voel, word verseker dat die kerk bereid is om met erns na hulle bedenkinge te luister. Dit staan hulle ook vry om hulle besware langs die aangewese kerklike weë onder die aandag te bring.
Intussen verseker die Algemene Sinodale Kommissie lidmate weer eens dat die kerk in sy besluite niks anders wou doen as om gehoorsaam en getrou te wees aan die eise van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Heilige Skrif en ons belydenis nie. Die besluite wat geneem is, is geensins polities gemotiveer nie. Daarom is die Algemene Sinodale Kommissie daarvan oortuig dat vele van die besware op ongelukkige misverstande of op verkeerde vertolking van die besluite berus.
Die Algemene Sinodale Kommissie verseker kerkrade en lidmate graag van sy bereidwilligheid om begrippe wat vir misverstand vatbaar mag wees (byvoorbeeld 'oop lidmaatskap', 'politieke modelle', 'apartheid' en ander) nader te verduidelik, sodat die lidmate van die kerk voortdurend op die hoogte kan bly van die standpunt van die kerk soos ons ons deur die Heilige Skrif laat lei.
Die Algemene Sinodale Kommissie doen 'n beroep op lidmate en ampsdraers van die NGK om self 'n Bybelse, gebalanseerde en eerlike evaluasie van Kerk en Samelewing te doen, en nie die heillose weg van haastige eise en radikale optrede op te gaan nie, maar om as lojale lidmate van die kerk rustig in liefde en gehoorsaamheid saam te soek na die kennis van die suiwer beginsels van die Woord."[75]

Die Algemene Sinodale Kommissie het ook verder probeer om verwarring wat rondom die interpretasie van veral paragraaf 270 en paragraaf 306 bestaan het, op te klaar deur sy interpretasie daarvan ook in *Die Kerkbode* te laat publiseer.[76]

Dié kommissie het paragraaf 270 wat oor *oop lidmaatskap* handel as volg geïnterpreteer:

"Onder 'oop lidmaatskap' word verstaan dat enige persoon aansoek kan doen om lidmaat van die NGK te word. Enige aansoeker moet voldoen aan die vereistes van paragrawe 62-64 en par 265 en 266 van Kerk en Samelewing wat lui:

* 'Geloof in die Drieënige God en sy openbaring in die Skrif is die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

kerk van Jesus Christus; die suiwer belydenis van die geloof is vir die uitdrukking van gehoorsaamheid aan die Woord van God; groot verskille in geloofsbelydenis is skadelik vir die onderlinge gemeenskap en belydenis van die kerk' (par 62-64) en

* 'Geloof in die Drieënige God, sy openbaring in die Skrif en die verwoording hiervan in die aanvaarde Belydenisskrifte is die enigste voorwaarde om aan die kerk van Jesus Christus te behoort; daarom is hierdie geloof ook die fundamentele voorwaarde om 'n lidmaat van 'n Ned Geref gemeente te word. Die kerk moet toesien dat hierdie geloof die regte inhoud het en dat dit opreg bely en uitgeleef word' (par 265-266).

Die volgende riglyne word deur die Algemene Sinodale Kommisie gegee vir die praktiese hantering van aansoeke om lidmaatskap:

* 'Die opneem van lidmate uit ander kerke is in beginsel en praktyk 'n gemeentelike aangeleentheid wat onder toesig van die kerkraad en in ooreenstemming met die amptelike ordereëling plaasvind' (*Kerk en Samelewing*, par 267).

* 'Die gewone patroon in die gemeentelike opset is dat gelowiges die Here aanbid en as lidmate ontvang word daar waar vir hulle eie bedieningsbehoeftes voorsiening gemaak word' (*Kerk en Samelewing*, par 269).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

* 'Elke aansoek om of oordrag van lidmaatskap word deur die kerkraad in behandeling geneem. Die volgende punte dien onder andere as leidraad wat by die oorweging daarvan geld: die beweegrede vir die oorkoms as lidmaat, die getrouheid aan die leer en belydenis, kerklike meelewing, die bedieningsbehoeftes en die gemeentegrense.

* Indien dit gevind word dat daar leemtes in die aansoeker se kennis van die leer van die NGK is, besluit die kerkraad hoe dit bygewerk moet word.'"[77]

Par 306 wat oor *apartheid* handel is soos volg deur dié kommissie geïnterpreteer:

"Die Algemene Sinodale Kommissie is versoek om 'n verduideliking van die Algemene Sinode se besluit oor apartheid te gee aangesien verskillende interpretasies wat gegee word, lidmate verwar.

Vir sodanige verduideliking is dit noodaaklik om rekening te hou met die noue samehang tussen die besluite oor: 'Die NGK en Politieke Modelle' in *Kerk en Samelewing* (paragrawe 302 tot 309).

Die uitgangspunt van dié besluite is 'die feit dat die Skrif nêrens 'n bepaalde politieke model as normatief vir alle tye voorskryf nie' (par 302). Enige beleid moet egter voldoen aan die Bybelse eise van reg en geregtigheid (par



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

303).

Hieruit is dit duidelik dat die Sinode nie bedoel het om oor apartheid as 'n bepaalde politieke beleid sonder meer en *ongekwalifiseerd* 'n uitspraak te gee nie. Die Sinode sou sy terrein oorskry het indien hy apartheid of enige ander politieke model ongekwalifiseerd beoordeel het.

Die Sinode het wel ondubbelsinnig verklaar:

* 'Die Ned Geref Kerk is oortuig dat die hantering van apartheid as 'n politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelike-etiese gronde aanvaar kan word nie, omdat dit in stryd is met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aantas' (par 306).

* 'Die lyding van mense, waarvoor die kerk deernis het, moet egter nie net aan apartheid toegeskryf word nie, maar aan 'n verskeidenheid faktore van ekonomiese, maatskaplike en politieke werklikhede waarin mense van verskillende gemeenskappe mekaar nie aanvaar het nie. In soverre die kerk en sy lidmate hieraan deel het bely hy dit met ootmoed en berou' (par 307).

Ten slotte het die Algemene Sinode ook besluit:

* 'Die Ned Geref Kerk wil hom ondubbelsinnig daarvan losmaak dat die kerk geroep is om enige politieke model of



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beleid aan die owerheid voor te skryf, en verkondig slegs die eise van liefde, geregtigheid en menswaardigheid wat in die samelewing beliggaam moet word. Daarom sal hy voortgaan om elke bestaande en voorgestelde model hieraan te toets' (par 309)."[78]

Met hierdie interpretasies het die Algemene Sinodale Kommissie 'n mate van verwarring uitgeskakel, maar dit blyk ook duidelik dat hier 'n poging was om die besluite oor lidmaatskap en apartheid nader te kwalifiseer. Deur lidmaatskap aan: "die beweegrede vir die oorkoms as lidmaat, die getrouheid aan die leer en belydenis, kerklike meelewing, die bedieningsbehoeftes en gemeente grense" te verbind is die hele kwessie van *oop lidmaatskap* in 'n ander lig gestel. Dit was duidelik dat die kerk in praktyk *oop* was, maar dat nie-blankes moeilik lidmate van die Ned. Geref. Kerk sou kon word. Hier was weer duidelik sprake van beperkings wat ingestel is. Was die kommissie nou aan die terugkrabbel? Die interpretasie wat hulle aan par 306 wat oor apartheid handel, verleen het, bevestig bogenoemde stelling. Die feit dat die kommissie beklemtoon dat: "die sinode nie bedoel het om oor apartheid as 'n bepaalde politieke beleid sonder meer en ongekwalifiseerd 'n uitspraak te gee nie" was 'n duidelike teken dat weer van 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tree of wat agteruit sprake was. Wanneer die grootskaalse beroering waarin die kerk was, in ag geneem word, kan dié kommissie nie daarvoor verkwalik word nie. Gemoedere moes gou gekalmeer word, en daarom was daar geen ander uitweg nie.

Hierdie gebeure was die eerste duidelike teken dat *Kerk en Samelewing* die Ned. Geref. Kerk by 'n kruispad gebring het. Die kerk sou moes kies, hoe moeilik dit ook al sou wees, of hy voortgaan op die nuwe weg wat hy ingeslaan het, en of hy sou afdraai, terug na die paaie van weleer.

Dat die publikasie van hierdie "interpretasies" berusting in die gemoed van baie gebring het, kan sekerlik nie ontken word nie. Die beroering het egter in 'n groot mate voortgeduur. *Kerk en Samelewing* was duidelik die spreekwoordelike kat in die hoenderhok - met 'n groot gefladder tot gevolg. Hierdie gefladder is gestimuleer deur 'n aantal publikasies wat kort na *Kerk en Samelewing* verskyn het, waarvan die volgende die vernaamste was:
*Quo Vadis I: Kerk en Samelewing - Waarheen*: NJ van Loggerenberg; *Geloof en Protes: 'n antwoord names beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing"*: Voortsettingskomitee; *Kerk en Samelewing in Oënskou - Kommen-*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*taar en Kritiek*: CWH Boshoff; *Kerk en Samelewing - wat sê die Ou Testament?*: PA Verhoef; *Kerk en Samelewing - blootgelê*: SA Strauss en *Super-apartheid in die kerk - Die Oortuigings van die beswaardes volgens "Geloof en Protes"*: A König.

Dat die interpretasie wat die Algemene Sinodale Kommissie aan *Kerk en Samelewing* verleen het, ook hierdie verskillende stemme in 'n mate genegeer het is duidelik. 'n Groot aantal lidmate sou hierby volstaan en weer gemoedsrus hê, maar vir ander was dit reeds te laat. Die einde van die pad met die Ned. Geref. Kerk was reeds in sig. Die stigting van nog 'n Afrikaanse Gereformeerde Kerk sou binne enkele maande 'n werklikheid word.

## 6.3 *NOG 'N AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK WORD 'N WERKLIKHEID*

### 6.3.1 'n Onversoenbare Houding

Soos reeds uit die optrede van die beswaarde lidmate tydens die *Skilpadsaal-byeenkoms* geblyk het, het 'n gees van onversoenbaarheid ook hulle verdere optrede gekenmerk. Persoonlike aanvalle op prof JA Heyns en verdagmakende uitsprake "dat daar in elk geval nie na besware geluister sal word nie", het duidelik die weg aangedui waarlangs gesprek met die groep sou verloop.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Na die informele samesprekinge wat reeds op 26 November 1986 voor die *Skilpadsaal-byeenkoms* plaasgevind het, het die sogenaamde Voortsettingskomitee nie weer van hulle laat hoor nie. Op 21 April 1987 het die skriba van die Algemene Sinodale Kommissie 'n brief van die Voortsettingskomitee ontvang. Daarin was drie punte wat "vriendelik tot kennis" van die Algemene Sinodale Kommissie gebring is, naamlik dat hulle hoop om teen die helfte van Mei 1987 'n stuk as reaksie op *Kerk en Samelewing* te publiseer, dat hulle saam met die stuk 'n memorandum met sekere versoeke aan die Algemene Sinodale Kommissie sou rig, en dat die Algemene Sinodale Kommissie gevra sou word om voor einde Junie te reageer op die versoeke.[79]

Hierdie beswaarskrif, wat later onder die titel: *Geloof en Protes* gepubliseer is, is saam met 'n versoekskrif wat 13 Mei gedateer was, aan die skriba van die Algemene Sinodale Kommissie, ds DJ Viljoen deur prof A Swart op 16 Mei by sy huis oorhandig.[80] Die inhoud van dié brief het soos volg gelui:

"Na aanleiding van sekere besware soos in bygaande Beswaarskrif vervat, en in naam van duisende beswaarde lidmate van die NG Kerk, lidmate met wie die VK kontak het, word die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

volgende versoek aan die ASK gerig, in hoofsaak om wille van die eenheid binne die NG Kerk.

1. Die VK versoek die ASK om 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode byeen te roep (kragtens Kerkorde Artikel 40), nie later nie as eind Julie 1987.

   Motivering:

   1. Die ongeduld van beswaarde lidmate, wat tans nog slegs op aandrang van die VK binne die NG Kerk gehou kan word, dwing die VK om met spoed op te tree en om die ASK te versoek om met spoed op te tree.

   2. Die wye en diepe onrus in die NG Kerk, 'n onrus waarvan die VK steeds meer blyke vind, maak spoedige optrede gerade en noodsaaklik.

2. Die VK versoek die ASK om die volgende aanbevelings by die beoogde buitengewone vergadering van die Algemene Sinode te maak:

   2.1 dat die Algemene Sinode, omrede van die wye en diepe onrus wat KES in die NG Kerk veroorsaak het, alle besluite vervat in KES herroep, ingeslote besluite wat reeds uitgevoer is of vir sover hulle uitgevoer is;

   Motivering:

   Daar is soveel besluite in KES wat vir tienduisende lidmate onaanvaarbaar is, en hierdie onaanvaarbare besluite is so verweef met die res van KES dat hulle



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

nie uitgelig kan word sonder dat die hele tekstuur van KES uitgerafel word nie;

2.2 dat die Algemene Sinode dit uitdruklik sal vaslê dat lidmaatskap van die NG Kerk gereserveer word vir blanke Afrikaners, asook vir blankes wat hulle met die blanke Afrikanerdom vereenselwig;

Motivering:

1. Die Bybelse bedoeling dat die Kerk van Christus sal verinheems, dus 'n eie (volkse) gestalte sal aanneem in elke volksbedding, is onweerspreeklik.

2. Dis 'n Bybelse feit dat verinheemsing van die kerk die eenheid van Christus se Kerk, soos gesmee deur die Heilige Gees (Ef. 4:3), nie net ongeskonde laat nie maar selfs verryk.

3. Die noue verbondenheid van die NG Kerk met juis die blanke Afrikanervolk, uit welke verbondenheid nie minder nie as vyftien 'dogterkerke' onder Gods seën ontstaan het, is 'n onweerlegbare historiese feit.

4. As die onderwys 'volkseie' moet wees, die kerk nog meer.

2.3 dat die Algemene Sinode die bevoegdheid van die plaaslike Kerkraad om, volgens Reformatoriese beginsel wat ook in die NG Kerk steeds erken is, alleenseggen-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skap te hê oor met name kerklidmaatskap en toegang tot gemeentelike samekomste, ongeskonde waarborg;

Motivering:

Deur bogenoemde bevoegdheid by die plaaslike Kerkraad weg te neem, het die Algemene Sinode die seggenskap van die plaaslike Kerkraad in sy opsig oor en regering van die gemeente (Kerkorde 26) in sy wese aangetas en 'n uiters gevaarlike stap gedoen in die rigting van Sinodokrasie en Kollegialisme.

2.4 dat die koste verbonde aan die byeenroeping van die beoogde buitengewone sinodale vergadering, deur die Algemene Sinode gedra sal word.

Motivering:

1. Die Algemene Sinode self, met sy besluite in KES vervat, besluite waarin plaaslike kerke vooraf nie (amptelik) geken is nie, het die huidige onrus en onvrede in die NG Kerk veroorsaak.

2. Die belange van die hele NG Kerk (o.m. rus, vrede, eenheid) en nie slegs die belange van die beswaardes nie, is tans op die spel.

3. Die VK vra vriendelik dat die ASK op bogenoemde versoek (punte 1 en 2.1 - 2.4 hierbo) sal antwoord nie later nie as 15 Junie 1987, aangesien die VK volgens sy opdrag aan 'n samekoms van beswaarde lidmate 'vóór 30



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Junie 1987' (die samekoms is belê vir 27 Junie) verslag moet lewer oor die uitkoms van sy onderhandelinge met die ASK.

Die ASK word vriendelik herinner dat die datums 'teen helfte Mei 1987', 'teen helfte Junie 1987', asook 'vóór 30 Junie 1987' reeds aan die ASK genoem is in die VK se brief van 1 Maart 1987.

4. Die VK onderneem om die inhoud van hierdie brief, asook die besonderhede van die VK se onderhandelinge met die ASK vertroulik te hou totdat die onderhandelinge tussen die ASK en VK afgelope is. Die VK vertrou dat die ASK van sy kant dieselfde sal doen.

Die VK bid die ASK wysheid toe in sy beraadslagings."[81]

In reaksie op hierdie versoekskrif het die Dagbestuur vàn die Algemene Sinodale Kommissie, toe hulle op Stellenbosch bymekaar was om voor te berei vir die ontmoeting met die Ned. Geref. Sendingkerk wat op 18 Mei 1987 sou plaasvind, die stukke behandel. Weens die erns van die situasie en die feit dat die Dagbestuur dit nie kon afhandel nie is besluit om 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinodale Kommissie vir 22 Junie 1987 in Pretoria te belê.[82] Die vergadering sou om 08:30 begin en die Dagbestuur het gereël dat die lede van die Voortsettingskomitee uitgenooi



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word om hulle saak persoonlik te kom toelig.[83]

Kennis van hierdie vergadering is ook aan die Voortsettingskomitee gegee. Hulle het intussen op 23 Mei vergader waar hulle van die vergadering kennis geneem het en soos volg daarop gereageer het:

"1. Die Vk waardeer dit dat die Dagbestuur die volle ASK opgeroep het vir 'n beslissing oor die Vk se beswaarskrif en versoeke.

2. Die VK neem met spyt kennis dat die ASK eers op 22 Junie kan vergader maar wil graag begrypend staan t.o.v. probleme wat die ASK ondervind om eerder te vergader.

3. Die VK neem met teleurstelling kennis dat die ASK slegs een uur (11h00 - 12h00) aan gesprek wil afstaan terwyl daar wye en diepe ontevredenheid in ons kerk heers oor "Kerk en Samelewing" soos aanvaar deur die Algemene Sinode. Dat "die weg van onderhandeling" wat die VK sedert 28/11/1986 vir beswaarde lidmate voorgehou het as "'n noodsaaklike weg," op 'n gesprek van slegs sowat een uur gaan uitloop, gaan groot teleurstelling bring.

4. Die Vk het reeds op 28/11/1986 opdrag gekry om 'n beswaarskrif op te stel *en te publiseer*. Vandaar dat die VK slegs sy brief met versoeke aan die ASK, asook verdere onderhandelinge wat daaruit mag voortvloei, *vertroulik* kan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

hou.

5. Die VK verneem graag besonderhede oor die plek waar die ontmoeting met die ASK op 22 Junie DV sal plaasvind. Die VK vra ook vriendelik dat 'n komiteekamer tot beskikking van sy afvaardiging gestel word waar sy afvaardiging vóór en ná die ontmoeting met die ASK, afsonderlik kan beraadslaag.

6. Aangesien die VK om 17h00 op Maandag 22 Junie 1987 vergadering om die ASK se antwoord te behandel, sal ondergetekende *die skriftelike antwoord van die ASK om 16h00 by u kantoor kom afhaal.* Ek vertrou dat dit u so sal pas."[84]

Die blote feit dat die ASK slegs een uur aan onderhandelings wou afstaan was duidelik 'n steen des aanstoots. Vandaar die voorspelling van die kant van die VK dat dit groot teleurstelling sou bring.[85] Dit was vooraf reeds duidelik dat die kanse op versoening skraal was. Van die kant van die Algemene Sinodale Kommissie was die feit dat hulle die gesprek tot slegs een uur wou beperk, egter ook 'n teken van onverbiddellikheid. Terwyl die een kamp bloot eise gestel het, was die ander kamp bereid om slegs een uur aan die aanhoor van hierdie eise af te staan.

Hierdie onwrikbare houding van beide partye het 'n groot



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vraagteken agter die sogenaamde onderhandelings wat vir 22 Junie 1987 beplan was, geplaas. Dat dit nie van die grond af gekom het nie was geen verrassing nie.

### 6.3.2 Die Buitengewone vergadering van die Algemene Sinodale Kommissie: 22 Junie 1987

Dié buitengewone vergadering het om 08:30 in die Sinodale Saal van die Sinodale Sentrum in Pretoria begin. Buiten vir die afwesigheid van dr DCG Fourie, ds J van W du Plessis en dr P Rossouw, was die hele kommissie teenwoordig te wete prof JA Heyns, ds JE Potgieter, ds DJ Viljoen, ds GSJ Möller, prof PB van der Watt, prof PC Potgieter, oudl A van Wyk de Vries, ds JW Hanekom, ds DJ Marais, ds DT du P Moolman, ds JS Marais, ds JJ Vogel, ds PB Botha, ds DS Snyman, ds LA Kriek, ds TE Carpenter, ds JI Roux, ds CP Willemse, ds C Colyn, ds PS Strümpfer, ds GJ Erasmus, dr J du P Malan, ds NJ Mostert, ds F Swanepoel, ds PA du Toit, ds AJ de Klerk, ds AS van Dyk en ds F Maritz.[86]

Nadat prof JA Heyns die vergadering met Skriflesing uit Joh 17 geopen het en dr J du P Malan en ds JI Roux voorbidding gedoen het, is die formele reëlings afgehandel,[87] voordat die versoekskrif aan die vergadering voorgelees is. 'n Kopie van die beswaarskrif, wat intussen onder die titel



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Geloof en Protes* gepubliseer is, is aan al die lede uitgedeel. Die kommissie het nadat hy die kerkregtelike implikasies van die vergadering bespreek het, verder besluit dat net een persverklaring gemaak sal word en dat die besluit wat geneem word daarin uiteengesit sou word.[88]

'n Algemene bespreking van die hele aangeleentheid is hierna ingelei deur prof Heyns. Hy het beklemtoon dat hulle ook te doen het met die kerk se duisende lojale lidmate wat wag op leiding, daarom kon daar nie teruggekrabbel word nie. Hy het verder gesê dat daar duidelik onderskei moes word tussen beswaardes en wegbrekers.[89] In die bespreking wat gevolg het, het die volgende punte na vore gekom:

* 'n Duidelike antwoord moes aan die beswaardes gegee word.

* Die oproeping van 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode sou sinneloos wees aangesien die personeel dieselfde sou wees en van hulle sekerlik nie verwag kon word om na 'n paar maande, dit wat hulle onder die leiding van die Heilige Gees besluit het, weer nietig te verklaar nie.

* Reeds in par 30 van *Ras, Volk en Nasie* staan daar dat 'n kerk nie geslote is nie. Waarom nou eers beswaar maak?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

* Die teologie in *Geloof en Protes* is skokkend. Die volk word as die norm bo die Woord gestel terwyl 'n politieke motief duidelik blyk.

* Die stuk gaan uit van 'n kerkreg-siening oor die outonomiteit van die kerkraad wat indruis teen die Gereformeerde Kerkreg en aan die anderkant nie reg laat geskied aan die kerkverband nie.

* Verskeie lede van die kommissie het ook die gedagte uitgespreek dat 'n groep van hulle sou wegbreek, ongeag wat die antwoord van die kommissie sou wees.

* Alleen die Algemene Sinode kon wysigings aan *Kerk en Samelewing* aanbring.

* Die beswaardes moes met liefde en begrip behandel word.

* 'n Beroep moes op lidmate gedoen word om twee keer te dink, terwyl die groot meerderheid van honderdduisende lidmate gerusgestel moes word.[90] Hierna het die vergadering vir tee verdaag.

Die vergadering is om 11:00 hervat waartydens die ontmoeting met 25 lede van die Voorsettingskomitee van beswaarde lidmate plaasgevind het. Nadat prof Heyns uit Efesiërs 2:11 vv gelees het en di JW Hanekom en E Friis voorgegaan het in gebed, is die lede van die Voortsettingskomitee verwelkom.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die lede wat teenwoordig was, was prof WJG Lubbe, prof A Swart, ds CC Colyn, ds E Friis en lede wat van die volgende plekke afkomstig was: Dendron, Warmbad, Potgietersrus, Witrivier, Pretoria, Delareyville, Rustenburg, Harrysmith, Marble Hall, Springbokvlakte, Derby, Thabazimbi, Lichtenburg, Margate en Nelspruit.[91]

Hierna is aan prof Lubbe geleentheid gegee om toeligting te gee omtrent hulle versoeke. Nadat hy sy dank uitgespreek het vir die buitengewone reëlings het hy gesê dat die Algemene Sinodale Kommissie-lede die hele stuk met hulle standpunte ontvang het, en dat hulle daarom vrae moes vra. Hy het aanvaar dat hulle as Christene opreg met mekaar kon praat, en het beklemtoon dat hulle met hulle gewetens agter *Geloof en Protes* staan.

Prof Heyns het op sy beurt gesê dat daar een saak is waaroor vooraf helderheid verkry moes word, en dit is die feit dat 'n koerant beweer het dat prof Lubbe ontken het, dat hy en sy groep enige afstigting beplan. Hy het beklemtoon dat dit die indruk van die kommissie was dat so 'n moontlikheid wel bestaan het.[92]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Prof Lubbe het hierop geantwoord dat die *Skilpadsaalbyeenkoms* wel opdrag gegee het dat ondersoek ingestel en voorbereidings vir kerkstigting gedoen moes word, indien onderhandelings nie sou slaag nie. Op 'n direkte vraag van prof Heyns, of hulle wel 'n ander kerk sou stig indien nie aan hulle versoeke voldoen word nie, het prof Lubbe geantwoord dat hulle hulle probleme in die lig van die Algemene Sinodale Kommisie-antwoord sou bekyk.[93]

Ds JE Potgieter het op grond van die voorwoord in *Geloof en Protes* waarin vermeld word dat dié dokument 'n bydrae tot gesprek is, gevra of die vergadering die eerste gesprek was, tot wanneer met die gesprek volhard sou word, en of daar 'n terminus is wanneer dit afgesluit sou word. Prof Lubbe het bevestig dat gesprek reeds sewe maande aan die gang was, en dat hy nog nooit voorheen so iets beleef het nie. Hy het beklemtoon dat hy mense eerlik aangeraai het om in gesprek te tree met kerkrade.[94]

Op 'n vraag van ds PB Botha, waarom die normale kerkregtelike kanale wat geskep is, nie gevolg is nie, het prof Lubbe geantwoord dat lidmate aangemoedig is om die normale kanale te volg, maar dat hulle besware so ernstig en die konsekwensies en gevolge van die kerk se besluite so omvat-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tend was, dat daar nie vier jaar gewag kon word nie.[95]

Ouderling Van Wyk de Vries het hierop gevra wat op die sakelys van die 27 Junie se byeenkoms was, en hoeveel die duisende is waarvan die Voortsettingskomitee in hulle brief melding maak. Prof A Swart het hierop geantwoord dat hulle optrede in die lig van die noodtoestand wat in die kerk ontstaan het, gesien moes word. Hy het verder gemeld dat terugvoering lui dat die onrus wyd en diep loop, en beklemtoon dat die agenda van 27 Junie deur die antwoord van die Ned. Geref. Kerk bepaal sou word.[96] Prof PC Potgieter het verder gevra of die beswaardes een gereformeerde teoloog kon aanhaal wat eksklusiewe lidmaatskap van die kerk op deeglike eksegese steun. Prof Lubbe se antwoord was dat hulle nie na teoloë gaan nie, maar na die Skrif alleen.[97]

Op navraag van ds AS van Dyk oor hoe bepaal word wie die Afrikanervolk is, het prof Lubbe gesê dat daar net een instansie is wat oor lidmaatskap kon besluit, naamlik die kerkraad. Hy het verder gesê dat blanke lidmaatskap nie so vergesog is nie en dat die Algemene Sinode van 1962 die vermelding van "blanke" uit die Kerkorde weggelaat het, omdat dit aanstoot sou gee. In praktyk het almal egter



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geweet wat dit beteken het.[98]

Na verdere diskussie het mnr Wagner gesê dat hy pertinent wil vra of die Ned. Geref. Kerk nie meer die kerk vir die Afrikaners wou wees nie. Prof PC Potgieter het hierop geantwoord dat die Ned. Geref. Kerk nie sy bepaalde karakter prysgegee het nie, maar het beklemtoon dat geen kerk kan sê hy is 'n eksklusiewe kerk nie, omdat die wese van die kerk alleen geloof vra.[99]

Ds CC Colyn het hierop genoem dat daar binnelandse en buitelandse teoloë was wat etniese pluriformiteit as 'n grondwaarheid onderskryf het, naamlik A Kuyper, H Bavinck en prof FJM Potgieter. Op 'n vraag van ds DJ Viljoen of hulle gesê het dat lidmaatskap eksklusief moet wees, het hy geantwoord dat eksklusiwiteit daaruit afgelei kan word.[100] Na heelwat diskussie oor die kerkbegrip het prof Heyns 'n mosie van orde aanvaar waarin daar afgestap is van die bespreking oor die kerk, en is besluit dat algemene vrae gevra word. Na verdere bespreking oor die kerklike weg wat beswaarskrifte moes loop het die vergadering vir ete verdaag.[101]

Die gesprek met die Voortsettingskomitee is om 14:15 voort-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

gesit. Ds LA Kriek het gevra of al die lede van die Voortsettingskomitee nog lidmate van die Ned. Geref. Kerk was. Prof Lubbe het hierop geantwoord dat almal lede van die Ned. Geref. Kerk was. Hy wou hom nie uitlaat oor die moontlikheid dat van die lede intussen hulle lidmaatskap opgesê het nie. Prof Heyns het pertinent aan die groep gevra of enige van hulle reeds uit die Ned. Geref. Kerk bedank het. Mnr Bester van Margate het in antwoord op die vraag bevestig dat hy en nog 20 gesinne reeds bedank het, maar dat hulle bedankings nog nie aanvaar was nie.[102]

Uit verdere gesprek het lede van die Voortsettingskomitee onder meer gesê:

* Indien hulle nie eise gestel het nie, hulle nie aandag sou gekry het nie.

* Mnr Odendaal het vertel dat 'n groep van 130 lidmate van Naboomspruit hulle eie diens met 'n bandmasjien hou. Hy was van mening dat hulle die een skaap was wat teruggebring moes word.

* Dit het hulle ter ore gekom dat die Ned. Geref. Kerke een gaan word en dat die kerk hom in die laaste kwartier van die verwikkelinge bevind.

* *Kerk en Samelewing* moet opgeskort word en by elke kerkraad moes 'n opname gemaak word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

* "Ons het geen idee van die omvang nie. Mense wil verbroeder. Die volgende is 'n eenheidskerk."[103]

Na verdere diskussie het prof Lubbe die Algemene Sinodale Kommissie bedank dat hulle reguit kon praat, en dat die gesprek in 'n mooi gees plaasgevind het. Hy het voorts gesê dat as hy reg verstaan het, die Algemene Sinodale Kommissie van mening was dat *Kerk en Samelewing* Bybels was, terwyl die Voortsettingskomitee gemeen het dat dit nie volstrek Bybels was nie. Hy het gevra dat daar nie nou met modder gegooi moes word nie, en beklemtoon dat die toets wedersydse gesindhede sou wees en nie of eenstemmigheid bereik sou word nie. Hy het beklemtoon dat hulle nie ultimatums gestel het nie, maar slegs die opdrag van beswaardes uitgevoer het.[104] Hierop het prof Heyns gereageer deur daarop te wys dat dit nie gaan oor gewete teen gewete nie, maar oor Woordgebondenheid, en het verder beklemtoon dat daar tussen beswaardes en wegbrekers onderskei moes word. Heyns het voorts gesê: "Wat u ook al doen, vra ons in die Naam van die Here van die kerk dat u dit baie, baie ernstig sal oorweeg voordat u loop. Vanuit 'n teologiese sin het hierdie land nie behoefte aan nog 'n kerk nie, maar aan die ware kerk van die Here Jesus. Ons wil u bewoë vra om die Ned. Geref. Kerk nie te verlaat nie sodat u saam met



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie kerk die aanslae van die Bose kan teen staan."[105]

Heyns het hierop aan prof Lubbe gevra of lede van die Algemene Sinodale Kommissie welkom sou wees om die vergadering op Saterdag 27 Junie 1987 in die Skilpadsaal by te woon. Prof Lubbe het negatief geantwoord en bevestig dat dit 'n vergadering net vir die beswaardes sou wees. Die lede van die Voortsettingskomitee het die vergadering hierna verlaat en die Algemene Sinodale Kommissie het sy antwoord finaal geformuleer.

6.3.3 <u>Die Antwoord van die Ned. Geref. Kerk</u>

Dit het soos volg gelui:

"1. Vanaf die Voortsettingskomiteee van beswardes in die Ned. Geref. Kerk omtrent Kerk en Samelewing is die volgende versoeke ontvang:

'1. Die VK versoek die ASK om 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode byeen te roep (kragtens Kerkorde Artikel 40), nie later as einde Julie 1987.

2. Die VK versoek die ASK om die volgende aanbevelings by die beoogde buitengewone vergadering van die Algemene Sinode te maak:

2.1 dat die Algemene Sinode, omrede van die wye en diepe onrus wat KES in die NG Kerk veroorsaak het, alle



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

besluite vervat in KES herroep, ingeslote besluite wat reeds uitgevoer is of vir sover hulle uitgevoer is;

2.2 dat die Algemene Sinode dit uitdruklik sal vaslê dat lidmaatskap van die NG Kerk gereserveer word vir blanke Afrikaners, asook vir blankes wat hulle met die blanke Afrikanerdom vereenselwig;

2.3 dat die Algemene Sinode die bevoegdheid van die plaaslike Kerkraad om, volgens Reformatoriese beginsel wat ook in die NG Kerk steeds erken is, alleenseggenskap te hê oor met name kerklidmaatskap en toegang tot gemeentelike samekomste, ongeskonde waarborg;

2.4 dat die koste verbonde aan die byeenroeping van die beoogde buitengewone sinodale vergadering, deur die Algemene Sinode gedra sal word.'

2. Na indringende samesprekings met die Voortsettingskomitee en ernstige oorweging van die versoeke deur die ASK, verklaar die ASK dat dit nie moontlik is om daaraan te voldoen nie, om die volgende redes:

2.1 Kerk en Samelewing word deur die beswaarskrif van die Voortsettingskomitee, nl. Geloof en Protes op 'n wyse geïnterpreteer wat nie reg laat geskied aan sy inhoud en bedoeling nie.

2.2 Die eis dat die Ned. Geref. Kerk as kerk uitsluitlik vir blanke Afrikaners en diegene wat hulle met die blanke



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrikanerdom vereenselwig verklaar moet word, maak die kerk sodanig eksklusief dat dit nie meer in ooreenstemming is met die Bybelse kerkbegrip nie.

2.3 Die standpunt van die VK omtrent die seggenskap van die plaaslike kerkraad is kerkregtelik independentisties en nie in ooreenstemming met die Gereformeerde Kerkreg nie.

3. 'n Buitengewone vergadering van die Algemene Sinode wat sy eie koste moet dra, is nie te regverdig nie, veral ook in die lig van die feit dat al die sinodes nog in hierdie jaar alle beswaarskrifte teen Kerk en Samelewing in behandeling neem.

4. Terwyl die ASK daarop wys dat Kerk en Samelewing 'n studiestuk is wat nie finaal en onveranderlik is nie, en dat die Algemene Sinode self weë geskep het vir die ontvangs van voorstelle wat tot verbetering van die inhoud en formulering kan dien, wil die ASK dit duidelik stel dat Kerk en Samelewing tans onveranderd die standpunt van die Ned. Geref. Kerk bly.

5. Die ASK nooi nietemin die VK uit tot voortgaande gesprekke langs die regte kerkordelike weë.

6. Hoewel daar sekere formulerings in Geloof en Protes gestel word waarmee ons kan saamstem en wat ook in Kerk en Samelewing voorkom, is daar ernstige besware teen sekere standpunte in genoemde stuk. Die ASK verwys derhalwe



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geloof en Protes na die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake vir spoedige en deeglike kommentaar wat aan die ASK voorgelê moet word vir bekendstelling aan die kerk.

7. Die ASK roep alle beswaarde lidmate en ampsdraers, en in die besonder die lede van die VK, op om getrou te bly aan die kerk en die eenheid te bewaar. Afskeiding van die kerk is 'n heillose en onomkeerbare weg wat alleen die kerk verswak en die eenheid verbreek waarvoor die Hoof van die kerk so ernstig gebid het in Joh 17."[106]

Uit hierdie antwoord was dit duideik dat daar nie meer omgedraai sou word nie. Wanneer die hele gesprek tydens die vergadering op 22 Junie 1987 in oënskou geneem word, is dit duidelik dat die betrokke partye niks nader aan mekaar gekom het nie. Die antwoord van die Algemene Sinodale Kommissie was bloot 'n bevestiging van bogenoemde stelling. Dat 'n groep lidmate van die Ned. Geref. Kerk sou wegbreek het 'n voldwonge feit geword. Hoeveel sou loop, was egter onduidelik. Die vergadering wat die Voortsettingskomitee vir 27 Junie 1987 in die Skilpadsaal beplan het, sou die waterskeiding wees.

### 6.3.4 Kerkstigting word 'n werklikheid: 27 Junie 1987

27 Junie 1987 sal vir ewig in die annale van die Ned.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geref. Kerk opgeteken staan as een van sy donkerste dae. Onderhandelinge tussen die Algemene Sinodale Kommissie en die Voortsettingskomitee het misluk en die Ned. Geref. Kerk het geweier om aan die eise van die beswaardes toe te gee. Die stigting van 'n nuwe kerk was daarom onafwendbaar.

Sowat 2500 mense het die vergadering in die Skilpadsaal bygewoon. Dit was sowat die helfte minder as waarvoor aanvanklik voorsiening gemaak is.[107] Die vergadering, onder voorsitterskap van prof WJG Lubbe, voorsitter van die Voortsettingskomitee, het baie voorskriftelik verloop. Die aanwesiges sė eerste keuse - volgens die "vertroulike stembrief" wat in alle gevalle onderteken moes word met volle besonderhede van woonadres, posadres, telefoonnommer en huidige gemeente - was om óf alle besware teen *Kerk en Samelewing* te laat vaar; óf binne die Ned. Geref. Kerk te bly en die stryd om *Kerk en Samelewing* gewysig te kry, binne die Ned. Geref. Kerk voort te sit; óf om 'n nuwe kerk te help stig. Die nuwe kerk sou volgens die bewoording van die stembrief "'n kerk wees wat staan by die Bybel as God se onfeilbare Woord, 'n kerk wat ook staan by die Belydenisskrifte, te wete die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls as



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

betroubare samevatting van die waarhede van die Bybel."[108]

As naam vir die nuwe kerk moes die beswaardes kies tussen die Gereformeerde Boerevolk Kerk en die Afrikaanse Gereformeerde Kerk (met subtitel: "'n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners".)[109]

Alhoewel 80 persent van die teenwoordiges ten gunste van kerkstigting gestem het, het die byeenkoms 'n belangrike wending geneem toe 'n groep van 70 die saal verlaat het om buite hulle eie vergadering te hou.[110]

Dié groep het besluit dat hulle as beswaarde lidmate nog binne die kerk wou bly en vandaar gesprek met die Ned. Geref. Kerk wou voortsit. Hulle sou voortaan as die "NG Kerk Beswaarde Komitee" bekend staan.[111] Vyf van die aanvanklike 43 lede van die Voortsettingskomitee was onder diegene wat besluit het om te bly. Hulle was mnre Chris Wagenaar, Roelf Odendaal en Theo le Roux sowel as emiritus dominees CC Colyn en G Cruywagen.[112]

Hierdie gebeure was ongetwyfeld 'n belangrike keerpunt. Soos wat prof JA Heyns tereg beweer het, was hier nou van beswaardes en wegbrekers sprake. Eersgenoemde sou hulle



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

band met die Ned. Geref. Kerk behou terwyl laasgenoemde 'n nuwe kerk gestig het.

Nadat die vergadering besluit het om tot kerkstigting oor te gaan, is die Voortsettingskomitee geherkonstitueer as 'n Komitee vir Kerkstigting. Die komitee het uit die volgende persone bestaan: proff WJG Lubbe (voorsitter), A Swart (sekretaris); mnre Faan Bester, HJ Botha, MJ Cornelius, J de Bruyn, CJ de la Ray, CC du Preez; ds E Friis; mnr HCW Joubert; dr PJ Kotze; mnre PM Murray, HJ Olivier, JCK Opperman; dr L Pretorius; mev MS Roos; mnre AJ Snyman, DS Swiegers, P de W van der Spuy, JA van Niekerk, JE van Rensburg, HD van Wyk; ds JA Visser; meve SS Visser, AC Wessels; prof N Wessels; mnre JH Wilsenach, CE Prinsloo, JJ Prinsloo, JG Terblanche, HCG Bester en Gert van Rooyen."[113]

Hierdie persone het almal meegewerk aan die Stigtingsakte van die nuwe kerk wat soos volg gelui het:

> "As lidmate van die NG Kerk wat beswaard voel oor besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk (Oktober 1986) soos vervat in die geskrif Kerk en Samelewing (KES), verklaar ons op hierdie 27 ste dag van Junie 1987 te Pretoria soos volg:
> 1. Ons het mekaar sedert November 1986 aangemoedig om, ondanks ons besware, in ons NG Kerk te bly en elke moontlike geleentheid tot gesprek met ons kerklike owerhede te soek en te benut. Ons het ons besware op verskillende wyses en langs verskillende



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weë aan ons kerk se ampsdraers probeer voorlê. Ons besware is soms summier verwerp asof ons geen reg tot beswaar het nie; soms uit agendas geweer; soms na kennisname verwerp; soms na oorweging verwerp; Nêrens is onder leiding van 'n kerklike owerheid 'n huis-tot-huis-opname gemaak om vas te stel hoeveel lidmate werklik oor KES beswaard voel nie.

2. Ons Voortsettingskomitee wat in opdrag van en namens ons beswaardes opgetree het, het ons vernaamste besware kortliks verwoord en gemotiveer in die geskrif Geloof en Protes (GEP), en dié geskrif saam met sekere versoeke aan die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) voorgelê. Ons vernaamste besware (bv. dat KES afwyking van Bybel en Belydenis vervat asook afwykinge van erkende beginsels van die Gereformeerde kerkreg; dat KES die Afrikaner vervreem van die NG Kerk en die NG Kerk vervreem van die Afrikaner; dat KES die Christelike huweliks- en gesinslewe aantas en die inheemse kerk aftakel; dat KES hom besondig aan dubbelpratery en inkonsekwensies; dat KES onstellende klanke en spore van partypolitiek bevat) - hierdie en dergelike besware is deur die ASK verwerp. Ook die versoek van die VK aan die ASK (om 'n buitengewone Algemene Sinode (AS) byeen te roep, en by dié AS aan te beveel om KES te herroep (ten einde die debat in die hele kerk te heropen; om die Kerkraad se uitsluitlike reg te herstel om plaaslik oor lidmaatskap en gemeentelike samekomste te besluit; om lidmaatskap van die NG Kerk vir blanke Afrikaners te reserveer; om die koste van 'n buitengewone AS te dra) - al hierdie versoeke is deur die ASK geweier. Dit het vir ons duidelik geword dat die Algemene Sinode van die NG Kerk 'n nuwe koers gekies het, die koers van die liberalisme, en dat die ASK onversetlik en onverbiddellik op die nuutgekose koers voortbeur, ondanks wye en diepe ongelukkigheid onder tienduisende lidmate van die N.G. Kerk.

3. Ons as beswaardes wat elkeen met sy Bybelgeskoolde gewete voor die Here staan, die Here aan wie ons bo almal gehoorsaamheid verskuldig is (Hand 5:29), het dus geen ander keuse nie as om geliefde NG Kerk te verlaat - en ons verlaat ons kerk met hartseer.

4. Ons ag dit in huidige omstandighede gewens en wys om vir onsself 'n nuwe kerklike tuiste te stig onder die naam Die Afrikaanse Gereformeerde Kerk. Ons sal bly staan op grondslag van die Bybel en van ons Belydenisgeskrifte (t.w. die Nederlandse Ge-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

loofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls) as betroubare samevatting van die waarhede in die Bybel. Ons sal ook bly staan by die beginsels van die Gereformeerde kerkreg. Op dié grondslag sal ons die Koninkryk van God dien binne en buite die blanke Afrikanervolk waar en soos God vir ons nuwe deur open.

5. Ons verklaar dat slegs blanke Afrikaners en ander Blankes wat hulle met die blanke Afrikaners vereenselwig, lidmaatskap van hierdie kerk mag geniet omdat ons glo dat God die verskeidenheid van volkere - ook die Afrikanervolk - geskep het; dat God uit elke volk - ook uit die Afrikanervolk - vir Hom 'n Godsvolk roep; dat waar Christus in 'n volk kom woon, 'n allerintiemste band tussen volkskap en Christenskap gesmee word; dat elke volk sy eie aanbiddingsgeleentheid mag hê en moet hê waar hy intiem met sy God kan verkeer; dat die geroepe Godsvolk in elke volk - ook in die verskeidenheid van kerkformasies aan die Godgewaarborgde eenheid van die kerk van Christus niks afdoen nie maar eerder hierdie eenheid verryk; dat ons as lede van die een Kerk van Christus geroepe is om dié 'eenheid te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe' (Ef. 4:3) en deur 'een in liefde, een van hart, een in strewe' (Filip. 2:2) te wees ter wille van Gods Koninkryk.

6. Ons gee volmag aan die Voortsettingskomitee (VK) om voort te gaan as Komitee vir Kerkstigting; om lede te koöpteer as en soos hy nodig mag vind; om alle besluite te neem en stappe te doen wat in belang is van die stigting en die opbou van ons kerk; om daartoe gemeentes en kerkvergaderings (ring en sinode) tot stand te bring; om voorts alle kerklike belange te behartig wat gewoonlik deur kerklike vergaderings en kommissies behartig word; om rapport aan die eerste Sinodale vergadering te lewer en daarna homself as KVK te ontbind.

7. Die KVK kry volmag om hierdie Stigtingsakte namens die Stigtingsvergadering te onderteken en die geleentheid aan stigterslede te bied om die Stigtingsakte in die KVK-kantoor te gaan onderteken."[114]

Voordat die vergadering verdaag het, het prof Lubbe die nuwe lidmate aangesê om hulle kinders aan die kategeseskole van die Ned. Geref. Kerk te onttrek. Die nuwe kerk sou



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dadelik oorgaan tot gemeentestigting, terwyl reisende predikante aangestel sou word om dienste te behartig en lidmate te werf.[115]

6.3.4.1 Reaksie op die Kerkstigting

Hartseer en spyt oor die ontstaan van die nuwe kerk is deur verskeie teoloë en predikante uitgespreek. Prof JA Heyns, voorsitter van die Algemene Sinodale Kommissie van die Ned. Geref. Kerk het gesê: "Dit is duideik dat hulle oorhaastig opgetree het en daaroor is ek baie jammer." Hy was verder van mening dat daar geen rede was waarom nie gewag kon word tot na die elf streeksinodes van die Ned. Geref. Kerk klaar gesit het voordat 'n finale besluit oor die saak geneem is nie.[116]

Prof SA Strauss, van die Teologiese Fakulteit in Bloemfontein, wat ook die vergadering in die Skilpadsaal bygewoon het, het gesê: "hy voel jammer daaroor dat daar nie geleentheid gebied is dat beswaardes wat nie met dr Lubbe en die Voortsettingskomitee se standpunt oor kerkstigting saamgestem het nie, om hul saak te stel nie."[117] Prof Strauss was een van die sowat 500 mense wat die saal verlaat het voor die besluit tot kerkstigting geneem is. Prof Strauss het voorts beklemtoon dat dit bekend is dat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hy gekant is teen sekere formuleringe in *Kerk en Samelewing*, maar dat hy hom geheel en al van die kerkstigting distansieer.


Prof Mias de Klerk, dekaan van die teologiese fakulteit in Bloemfontein het gesê: "Dis 'n hartseersaak. Ek hoop en vertrou dat almal met probleme tog maar eers sal wag om te kyk wat gebeur voordat hulle loop,"[118] terwyl prof PB van der Watt, hoogleraar in kerkgeskiedenis en kerkreg aan die Universiteit vaan Pretoria daarop gewys het dat die geskiedenis aantoon dat waar 'n skeurkerk ontstaan om ander redes as teologiese redes, hy nie voortbestaan nie. Hy het voorts gesê: "In die 35 gemeentes waar ek al opgetree het oor KS, het kerklike en teologiese argumente eenvoudig nooit gedien nie. Politieke vooroordele en groepsbelange tel by hierdie mense die meeste."[119]

Hierdie standpunt van prof Van der Watt, naamlik dat politiek die aanleidende oorsaak tot die kerkskeuring was, word die beste geïllustreer deur die volgende tekenprent:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




120

Dr AP Treurnicht, leier van die *Konserwatiewe Party*, en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

een van die persone wat deur sy opruiende uitsprake grootliks daartoe bygedra het om gemoedere te laat opvlam, het gou bollemakiesie geslaan deur 'n persverklaring uit te reik waarin hy 'n oproep op alle ontevredenes en verantwoordelike leiers in die kerk gedoen het om hulle uiterste te doen om misverstand uit die weg te ruim, eenstemmigheid te bereik en 'n breuk te vermy. Hy het ondermeer gesê: "Ontevredenes behoort eers al die kanale binne die kerk te volg om hersiening van besluite of reformasie te verkry, voordat aparte kerkformasie oorweeg word."[121] Hierdie Pilatus-handeling sou egter nie veel help nie, want die koeël was reeds deur die kerk.

*Die Kerkbode*, amptelike blad van die Ned. Geref. Kerk het gereageer met 'n *Ope brief* wat aan prof WJG Lubbe gerig was. Die brief het soos volg gelui:

"GEAGTE prof Lubbe

Die blad waarvan u 17 jaar gelede die redakteur was, doen met hierdie brief in die Naam van die Here 'n laaste baie ernstige beroep op u.

Saterdag, 27 Junie, moet as 'n tragiese dag in die geskiedenis van die Ned Geref Kerk beskou word. Soos meermale in die verlede, het 'n breuk ontstaan toe die kerk dit die minste kon bekostig. U en u medestanders



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, ten spyte van herhaalde en dringende pleidooie uit alle oorde, besluit dat u die NGK wil verlaat om 'n nuwe kerk te stig. Met hierdie brief wil Die Kerkbode nog 'n keer vra: moenie hiermee voortgaan nie! Die vyftal versoeke wat u Voortsettingskomitee tot die Algemene Sinodale Kommissie gerig het, was só geformuleer dat dit vir die ASK onmoontlik was om daaraan gehoor te gee. U het onder meer gevra dat die ASK by 'n spesiale sitting van die Algemene Sinode moet aanbeveel dat *alle besluite* vervat in *Kerk en Samelewing* (KS) herroep moet word. U het geweet dat die ASK dit nie sal kan doen nie. Maar die vraag is nou: is daar dan heeltemal niks in KS wat vir u in die lig van die Skrif aanvaarbaar is nie? Dit kan tog nie wees nie, aangesien gerespekteerde teoloë en predikante van ons kerk in die opstel van KS juis daarna gestrewe het om in dié stuk te verwoord wat die Skrif vir ons in ons omstandighede te sê het. En daarbenewens was in die Kommissie wat KS voorberei het én in die Algemene Sinode verlede jaar talle behoudende Christen-Afrikaners vir wie die Afrikaner en sy toekoms óók baie belangrik is.

Ons stel dit juis só omdat uit u versoek aan die ASK blyk dat dit vir u in 'n besondere sin om 'die blanke Afrikaners' gaan. U vra 'n bepaling dat net blanke Afrikaners



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en blankes wat hulle met die Afrikanerdom vereenselwig, lidmate van die NGK moet kan word. U vra hiermee iets wat nie voorheen op dié manier in die NGK kerkordelik bepaal is nie. En, belangriker, u vra iets wat nie só uit die Bybel afgelei kan word nie. Natuurlik kan en moet die kerk hom inrig om 'n bepaalde groep mense in hulle taal en kultuurpatroon met die evangelie te bedien. Natuurlik kan daar 'n besondere band tussen 'n kerk en 'n volk bestaan. Maar 'n direkte of geïmpliseerde verbod op mense uit ander groepe om aan 'n kerk te behoort, is mos onbybels. In u hart weet u dit tog ook.

Prof Lubbe, ons glo daar is selfs in hierdie laat uur nog 'n kans dat u u sal bedink en dat die besluit tot aparte kerkstigting van verlede Saterdag verander kan word. 'n Kerkskeuring kan nie maklik weer heel gemaak word nie. Die geskiedenis van die drie Afrikaanse susterkerke bied die tragiese bewys daarvan. Die redes waarom u nou van die NGK wegbreek, is nie Bybels regverdigbaar nie. Moenie toelaat dat u naam in die geskiedenis opgeteken word as nóg 'n kerklike skeurmaker nie. Die Kerkbode pleit by u: laat ons verder oor die verskilpunte praat en mekaar rondom die Woord van die Here probeer vind.

In die Naam van Jesus Christus en ter wille van sy kerk: kom terug na die Ned Geref kerk, u geestelike moeder!



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die uwe in Christus

Die Redakteur."[122]

Hierdie brief is 'n juiste samevatting van die gevoel wat in die Ned. Geref. Kerk bestaan het. Uit alle oorde is spyt en hartseer uitgespreek, maar tog het niemand veroordeel nie. Die deur was nog oop, en sou nog lank oopbly. Tog het die geskiedenis geleer dat die gebeure van 27 Junie 1987 finaal was. Daar was nie meer omdraaikans nie, al het baie struikelblokke op dié wegbreekpad gewag!

6.3.4.2 <u>'n Naamkrisis</u>

Die eerste krisis wat dié nuwe kerk getref het, was rondom die naam van die kerk. Predikante van die werklike Afrikaanse Gereformeerde Kerk het reeds op Dinsdag 30 Junie 1987 hulle ontsteltenis uitgespreek oor die feit dat die nuwe kerkstigters hulle naam oorgeneem het.[123]

Dié werklike Afrikaanse Gereformeerde Kerk, met ds DJ Denkers as moderator het reeds in 1984 van die Ned. Geref. Sendingkerk afgestig en het uit sewe gemeentes bestaan. Ironies geoeg was dit ook 'n konserwatiewe kerk wat ontstaan het omdat lidmate die Ned. Geref. Sendingkerk as te polities beskou het. Ds Behardien is deur die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

moderator van dié kerk versoek om met prof Lubbe in verbinding te tree. Ds Behardien het sy kommer uitgespreek oor moontlike verwarring wat kon ontstaan, en die "stigma" wat aan hulle kon kleef vanweë die wye publisiteit wat die kerkstigting geniet het. Hy het bevestig dat hulle lidmate is van 'n geregistreerde kerk wat hoofsaaklik uit bruin en swart lidmate bestaan het, maar vir almal "oop" is.[124] Hierdie gebeure het die nuwe Afrikaanse Kerk vroeg reeds in die verleentheid laat beland. Dat die skeurkerk 'n nuwe naam moes soek was duidelik!

Op 8 Julie 1987 het *The Daily News* gerapporteer dat die nuwe kerk sy naam voorwaardelik verander het na die "Afrikanse Protestantse Kerk". Prof Lubbe het aan dié blad gesê: "We have no wish to cause offence. Without our knowledge, another church has already registered the name. Our new name will, however, first have to be ratified at our first synod in three months time."[125] Dié sinode sou die naam vasstel as "Afrikaanse Protestantse Kerk - 'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners."[126]

### 6.3.4.3 Die Afrikaanse Protestantse Kerk brei uit

Die eerste dienste van die Afrikaanse Protestantse Kerk



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(APK) is reeds op Sondag 28 Junie 1987 gehou. Sowat 500 mense het 'n diens in die skoolsaal van die Hoërskool Hendrik Verwoerd in Deernis, Pretoria bygewoon.[127] Die diens is deur ds E Friis, emiritus leraar van die Ned. Geref. Kerk gelei.[128] Dit was hieruit duidelik dat die kerk nie op hom sou laat wag nie.

Byna weekliks het berigte onder titels soos: "APK stig OVS gemeente met 130 lidmate,"[129] "APK 'het nou 37 gemeentes'",[130] "APK stig 42$^{e}$ gemeente"[131] en "Nuwe kerk stig nog 5"[132] in die media verskyn. Alhoewel lidmaatgetalle nie empiries bepaal kon word nie, is syfers van tot 15 000 genoem.

Dat hierdie nuwe kerk aan die groei was, kon nie ontken word nie. Op 21 Augustus 1987 het *Die Transvaler* berig dat: "minstens een NG-predikant in Noord Transvaal" sonder werk was, nadat meer as die helfte van van die lidmate hulle by die APK aangesluit het. Dié gemeente, Dendron, het op 'n gemeentevergadering aan die predikant, ds LH Jacobs gesê dat die oorblywende lidmate nie meer die verpligting verbonde aan die pos van 'n predikant kon dra nie.[133]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Hierdie gebeure het duidelik getoon dat die stigting van die APK veral in kleiner plattelandse gemeentes 'n groot invloed op die Ned. Geref. Kerk gehad het.

Aan die begin van Oktober 1987 het die Algemene Sinodale Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie van die Ned. Geref. Kerk 'n betroubare aanduiding gekry van hoeveel lidmate die Ned. Geref. Kerk ten gunste van die APK verlaat het.

Die opname is deur ds MJ Smuts behartig.[134] Alhoewel 'n blitsopname van hierdie aard nooit op 100 persent betroubaarheid aanspraak kon maak nie, kon die opname binne alle grense van redelikheid as betroubaar aanvaar word.

Uit die opname het dit geblyk dat 467 van die 1265 gemeentes van die Ned. Geref. Kerk wel lidmate aan die APK afgestaan het. Dit het 39.9 % van alle gemeentes van die kerk verteenwoordig. Wat beduidend was, is die feit dat 63 % van die gemeentes van die Ned. Geref. Kerk tot op 1 Oktober 1987 geen lidmate aan die APK afgestaan het nie.[135] Die getalle en persentasies van doop- en belydende lidmate wat volgens dié opname uit die Ned. Geref. Kerk bedank het om na die APK oor te gaan het soos volg



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

| | | | |
|---|---|---|---|
| daaruit gesien: | Belydende lidmate | 5716 | 0,5 % |
| | Dooplidmate | 2035 | 0,36 % |
| | Doop- en Belydend | 7751 | 0,44 % |

Verder het die verlag aangetoon dat 344 ouderlinge (0,45 %) en 256 diakens (0,62 %) die Ned. Geref. Kerk verlaat het om by die APK aan te sluit. Dit was tussen 9 en 10 ouderlinge uit elke 1 000 en ongeveer 6 diakens uit elke 1 000. Volgens die verslag het 19 diensdoenende predikante teen 1 Oktober 1987 die Ned. Geref. Kerk verlaat en by die APK aangesluit.[136] Die predikante wat oorgegaan het was: di MC Adendorff, A Boshoff, WA Burger, JA du Plessis, JH Engelbrecht, MJ Hartzenberg, LH Jacobs, WA Jooste, JN Joubert, LD Pienaar, CJ Prins, NJ Rautenbach, HCG Robbertze, OD Scheuer, DR Schwartz, JH Therom. AE van den Berg, AS van Jaarsveld, AS van Staden en AP Viljoen. Die volgende emeriti het ook by die APK aangesluit: di CJS Botha, E Friis, WJG Lubbe, JD Malan, JM Rheeder, CFW Snyman, JA Visser en PFD Weiss. Proponent P Stans het ook oorgeloop.[137]

Die onderstaande tabel toon aan hoe lidmate die Ned. Geref. Kerk verlaat het om na die APK oor te gaan.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| NAAM VAN SINODE | AANTAL GEMEENTES IN SINODE | HOEVEEL GEMEENTES IN SINODE HET LIDMATE AFGESTAAN | % | HOEVEEL HET DIE KERK VERLAAT T.G.V. DIE APK | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | ouderlinge | diakens | leraars | belydende lidmate (bg ingesluit) | dooplidmate | % |
| Wes-Kaap | 239 | 27 | 11,3 | 4 | 3 | 2 | 116 | 50 | 0,05 |
| Oos-Kaap | 116 | 39 | 33,6 | 6 | 3 | – | 71 | 14 | 0,08 |
| Noord-Kaap | 82 | 24 | 29,2 | 7 | 9 | – | 269 | 174 | 0,59 |
| Natal | 69 | 31 | 44,9 | 11 | 13 | – | 203 | 95 | 0,48 |
| O.V.S. | 173 | 99 | 57,2 | 64 | 35 | 4 | 932 | 388 | 0,69 |
| Wes-Tvl | 150 | 89 | 59,3 | 92 | 76 | 5 | 1521 | 676 | 1,25 |
| Noord-Tvl | 133 | 94 | 70,7 | 72 | 60 | 3 | 1442 | 119 | 0,86 |
| Suid-Tvl | 136 | 64 | 46,3 | 21 | 7 | 3 | 370 | 79 | 0,26 |
| S.W.A. | Blykbaar nog geen gemeentes van die APK gestig | | | | | | | | |
| Midde-Afrika | Blykbaar nog geen gemeentes van die APK gestig | | | | | | | | |
| Oos-Tvl | 90 | 41 | 45,6 | 67 | 50 | 3 | 729 | 440 | 0,96 |
| TOTAAL | 1265 | 467 | | 344 | 256 | 19 | 5716 | 2035 | 0,44 |

Uit hierdie verslag wat voor die Algemene Sinodale Kommissie gedien het, wat dit duidelik dat die hoeveelheid lidmate van die Ned. Geref. Kerk wat by die skeurkerk betrokke was, persentasiegewys nie beduidend was nie, en tog het die kerk byna 8 000 lidmate verloor. Alhoewel



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie gebeure daarom nie 'n kerkskeuring genoem kan word nie, bly dit steeds 'n reuse tragedie dat sóveel lidmate die Ned. Geref. Kerk verlaat het. Dit het die APK in staat gestel om enkele maante later 'n eerste sinode te hou.

6.3.4.4 <u>'n Eerste Sinode vir die Afrikaanse Protestantse Kerk</u>

Die eerste sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk is van 2 - 6 November 1987 te Constantia Minerale Bron in die distrik Naboomspruit gehou.[139] Hierdie gebeure was ongetwyfeld die laaste spyker in die onderhandelings-doodskis. Alhoewel die kanse op versoening tussen die wegbreekgroep en die Ned. Geref. Kerk nooit werklik bestaan het nie, was dit nou onherroeplik verby!

Nadat al die afgevaardigdes om 16:00 byeengekom het, is 'n aantal administratiewe reëlings getref, waarna die vergadering oorgegaan het tot die verkiesing van 'n voorsitter. Die groslys het bestaan uit: di E Friis, MC Adendorff, JA Theron, prof A Swart en prof WJG Lubbe. Prof Lubbe is met die eerste stemming tot voorsitter van die vergadering verkies.[140] In die verkiesing van 'n ondervoorsitter, is prof A Swart met die eerste stemming verkies.[141] Die res van die ampsdraers was ds MC Aden-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dorff - skriba; ds A Boshoff - hulpskriba en ds AS van Jaarsveld - aktuarius.[142]

Nadat die vergadering om 18:15 vir ete verdaag het, het al die afgevaardigdes om 19:30 weer byeengekom vir die amptelike opening van die sinode. Prof WJG Lubbe het Gesang 10:1 - 3 laat sing en die vergadering voorgegaan het in gebed. As teks het hy geneem Gen 2:7, 1Kor 7:23 en Rom 14:12. In sy openingsrede het hy gesê dat as hy 'n gedenkteken moes oprig 'n jaar nadat die eerste beswaardes vergader het, en vier maande na die stigting van die eerste gemeente van die APK, dit "Ebenhaezer" sou wees. "Die Here het wonderlik voorsien en sterk groei verseker tov lidmate, gemeentes, ampsdraers en predikante. 'n Fontein van vrede, verligting, blymoedigheid, hartlikheid en geluk het oopgegaan onder die lidmate van die Kerk wat 'n fontein van die Heilige Gees was."[143] Prof Lubbe het vervolgens ook enkele onsigbare grondwaarhede oor die mens aan die afgevaardigdes voorgehou, onder andere oor die waarde van elke mens se siel, die vryheid van elke mens se siel en die verantwoordelikheid van elke mens. Na 'n slotgebed het hy Gesang 190:1 - 5 laat sing en die byeenkoms met die uitspreek van die seën beëindig.[144] Daarmee was hierdie eerste



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sinode amptelik geopen.

'n Volgende belangrike gebeurtenis op die sinode was die "Oorhandiging deur en Ontbinding van die Komitee vir Kerkstigting." Dit het tydens die aandsitting op 3 November 1987 plaasgevind.

Die voorsitter, prof WJG Lubbe het ondermeer gesê: "Vandag is ons dankbare getuienis van God se genadige voorsiening, seëninge en liefde. Ons het aanskou hoe deur die werking van die Gees van God 'n nuwe Kerk: Die Afrikaanse Protestantse Kerk ('n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners) verskyn, gestalte en identiteit kry, teen 'n verbysterende tempo groei en dwarsoor die land gevestig word. Binne die kort bestek van 4 maande is 113 gemeentes gestig en het 30 predikante tot sy bediening toegetree en kan ons vandag die eerste Sinodesitting hou" en verder: "Die Afrikaanse Protestantse Kerk het 'n eie en onderskeidende identiteit verwerf.

Na sy groei - verbysterend.

Na sy staanplek - 'n Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners.

Na sy belydenis - Christosentries - Bybelgefundeerd en Gereformeerd.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na sy hart - gelowig, vry, jubelend, dankbaar, blymoedig, vredevol."[145]

Hy het verder gesê: "Op hierdie geskiedkundige oomblik wil die Komitee vir Kerkstigting sy verantwoordelikheid aan die Afrikaanse Protestantse Kerk se beheer oordra met die boodskap: Die toekoms van die APK sal nie deur sekondêre faktore bepaal word nie, soos byvoorbeeld deur die feit dat hy met reaksie en protes teen die NG Kerk sy beleid-, koers-, en karakterafwyking ontstaan het of dat hy 'n kerk onder blanke Afrikaners is nie, maar sy toekoms sal primêr bepaal word deur sy Christusbelydenis en Christengetuienis en deur die Geesbeheersdheid van sy lidmate, deur suiwerheid en Christosentrisiteit van die Woorduitleg en Woordbediening."[146]

Hy het die vergadering verwys na die uitspraak van Paulus in 1Kor 2:1 - 5, en beklemtoon dat dit die innige bede van die Komitee vir Kerkstigting was dat die APK sou volhard in geloof, en gebed en waaksaamheid. Prof Lubbe het afgesluit: "Eer, lof en aanbidding kom toe aan die Koning van die Kerk, Die Here Jesus Christus die Verlosser, die Oorwinnaar en ewige Heerser."[147] daarna het hy die verslag van die Komitee vir Kerkstigting aan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die waarnemende voorsitter van die sinode, prof A Swart oorhandig as simboliese daad van die oordrag van werksaamhede. Die APK was onderweg ...

Ietwat ironies, was die groeteboodskap van die *Ned. Geref. Bond* aan die sinode. Dit het soos volg gelui: "Dankie vir die twee dae wat ek u sinode as waarnemer kon bywoon. Kennelik is die Here hier teenwoordig.
Ek was deurentyd onder die indruk dat slegs die Here se wil gesoek word in alles wat u onderneem en wil onderneem. Ek dra hiermee ook die groete oor, en beste wense, van die NG Bond aan hierdie eerste Sinode van die APK en vertrou dat al u werksaamhede, nou en te alle tye, sal wees tot die eer van God en sy Koninkryk." Dit was onderteken deur mnr Chris Wagner, sekretaris van die Ned. Geref. Bond.[148]

Was hierdie presensie en groeteboodskap 'n daadwerklike versoeningspoging van die kant van die beswaardes wat hulle duidelik nie op 27 Junie 1987 in die Skilpadsaal met die wegbreekaksie kon vereenselwig nie? Hoe was hierdie teenwoordigheid te ruim met die doelstelling van die *Bond*, naamlik: dat hulle lidmate wou oorreed om nie die Ned. Geref. Kerk te verlaat nie? Hulle sou die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

APK immers hierdeur benadeel.

Die vergadering het in die daaropvolgende dae talle besluite geneem waarvan enkele uitstaande sake hier aangehaal word:

* 'n Kerkorde met ordereëls vir kerklike vergadering is goedgekeur. Die mees uitstaande kenmerk van hierdie kerkorde is ongetwyfeld par 3 wat oor lidmaatskap handel. Dit lui soos volg: "Net blanke Afrikaners asook ander blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom 10:9 - 10) wat die belydenis en ordereëls van die Kerk onderskryf en die leer van die Kerk bly kan lidmaatskap van 'n kerk (gemeente) verkry en geniet."[149]

* Rondom die naam van die kerk het verskeie voorstelle voor die sinode gedien, onder andere: *Die Afrikaanse Protestantse Kerk - 'n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners; Die Afrikaanse Protestantse Kerk - 'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners; Gereformeerde Afrikaanse Kerk* en *Die Blanke Afrikaanse Protestantse Kerk.*[150] Nadat die verskillende voorstelle na die tydelike kommissie vir Regte verwys is, het die sinode op Woensdag 4 November besluit dat die amptelike



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

naam van dié nuwe kerk *Die Afrikaanse Protestantse Kerk - 'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*, sou wees.[151]

* Rakende die gebruik van die Bybel is besluit om lidmate vryheid te gee om self te besluit watter vertaling hulle wil gebruik.[152]

* 'n Kuratorium is saamgestel, daar is besin oor teologiese opleiding vir studente en *Die Boodskapper* is aanvaar as maandelikse nuusbrief van die APK.[153]

* Die sinode het ook besluit dat lidmate wat aan geheime organisasies soos die Vrymesselaars en die Afrikaner Broederbond behoort nie verkiesbaar is vir die diens in die amp van ouderling en diaken nie.[154]

* 'n Interressante besluit, wat egter duidelik in ooreenstemming met die naam van die kerk is, was die bywoning van spesiale dienste deur anderskleuriges. Die sinode het naamlik besluit dat indien bywoning van 'n anderskleurige 'n skeuring in die gemeente sou veroorsaak, dit afgekeur moes word. Hierdie besluit het by elke gemeente berus en moes "eenparig" deur elke gemeente



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanvaar word.[155]

* In lyn met bogenoemde besluit was die versoek van dr WM van Heerden dat kerke en ander geboue van die APK slegs deur blankes skoongemaak moes word en dat die tuine ook deur hulle bewerk moes word.[156]
Dit was duidelik dat hulle die naam van hulle kerk tot alle uiterstes wou voer. Met reg moet gevra word of hier nie tekens van rasisme waarneembaar was nie?

Voordat die sinode op 6 November 1987 verdaag het, is 'n Sentrale Kerkekommissie verkies. Prof WJG Lubbe, prof A Swart en ds E Friis is met 'n volstrekte meerderheid verkies. Die sinode moes weer stem om nog twee lede aan te wys uit: di MC Adendorff, OA Scheuer, AS van Jaarsveld en A Boshoff. Na 'n tweede stemming is di MC Adendorff en A Boshoff verkies.[157]

Die afsluiting van die sinode is deur ds J Theron waargeneem. Hy het Ps. 23:1 laat sing en gelees uit Job 39:34 - 38 en Job 42:2 - 6. Na hy in gebed voorgegaan het, het die sinode hul slotgebed saam uit Ges. 294 gesing.[158] Die sinode het om 16:15 verdaag.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die eerste sinode van die APK het so tot 'n einde gekom. Die nuwe Afrikaanse Kerk was op 'n weg, 'n weg wat hom maar te duidelik al verder van die Ned. Geref. Kerk sou weglei. Die kanse op versoening was onherroeplik verby. Dié sinode het die finaliteit daarvan beklemtoon terwyl die kerk sou voortgaan en verder sou uitbrei. In hierdie droewige gebeure sou die geskiedenis bewys dat die gevaarligte wat reeds helder na *Ras, Volk en Nasie* geflits het tydige waarskuwingstekens was.[159] Met reg kan gevra word hoe mense wat enkele maande tevore met "hartseer" die kerk verlaat het, nou jubelend sinode kon hou? Is die moontlik dat opregte droefheid oor die afskeiding só vinnig kon oorwaai, of was hierdie gebeure net nóg 'n duidelike teken dat die wegbrekers nooit waarlik in versoening belang gestel het nie?

## 6.4 *DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE BOND*

### 6.4.1 Die beswaardes hergroepeer

Tydens die stigtingsvergadering van die Afrikaanse Protestantse Kerk op 27 Junie 1987 het, soos reeds beskryf, 'n groep beswaarde lidmate hulle van die kerkstigting gedistansieer.

Op 15 Julie 1987 is 'n brief van die sameroeper van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Beswaarde NG Kerk-lidmate-komitee", mnr RF Odendaal in *Die Kerkbode* gepubliseer. In die skrywe het hy beklemtoon dat die beswaardes die Ned. Geref. Kerk wou behou as binnekamer van die Afrikaner.[160]

Hierdie was die eerste aanduiding dat beswaarde lidmate binne die Ned. Geref. Kerk nie sou stilsit nie. Die eerste daadwerklike aksie het gekom toe 'n vergadering vir Maandag 20 Julie 1987 in Pretoria belê is. Mnr Chris Wagner, die sameroeper van die beswaardes het aan *Beeld* gesê dat dit 'n bestuursvergadering was, waarop 'n voorsitter gekies en 'n plan van aksie opgestel sou word. Hy het voorts gesê: "Ons kry talle navrae van mense wat hulle aanvanklik nie wou verbind met prof Lubbe nie weens die suggestie dat hulle al besluit het om 'n kerk te stig nog voordat gesprekke met die NG Kerk afgehandel was."[161]

Sowat tien predikante en oud-predikante en veertig lidmate wat verteenwoordigend was van al die streke van die Ned. Geref. Kerk het die vergadering in Pretoria bygewoon. Tydens die vergadering is besluit dat hulle voortaan bekend sou staan as die Nederduitse Gereformeerde Bond.[162] Die subtitel van die bond was: "'n Aksie vir die behoud van die Ned. Geref. Kerk as gereformeerde belydeniskerk binne Afri-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kanervolksverband."[163]

Prof SA Strauss, 'n dogmatikus van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van die Oranje Vrystaat, is verkies tot voorsitter en prof CWH Boshoff, sendingwetenskaplike aan die Universiteit van Pretoria en voorsitter van die Afrikanervolkswag, tot ondervoorsitter. Mnr Wagner was die administratiewe sekretaris en mnr RF Odendaal die penningmeester.[164] Verskeie dienende- en emeritus predikante het ook die vergadering bygewoon. Onder hulle was di MC Adendorff en AS van Jaarsveld van die gemeente Sonhoogte in Germiston, ds LLE de Lange van die gemeente Vierfontein in die Vrystaat, dr Müller Pretorius van die gemeente Brakpan-Suid en ds J Gerber van die gemeente Coligny-Oos. Onder die emeriti wat die vergadering bygewoon het was di CC Colyn, JA Kriel en G Cruywagen.[165]

Na afloop van die vergadering is die volgende persverklaring uitgereik:

"1. Verteenwoordigers van lidmate van die Ned. Geref. Kerk wat beswaard is oor Kerk en Samelewing, maar binne die kerk sal voortgaan om hulle vir die hersiening daarvan te beywer, het hulleself georganiseer onder die naam Die Nederduitse Gereformeerde Bond, Aksie vir die behoud van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

die Ned. Geref. Kerk as gereformeerde belydeniskerk binne Afrikanersvolksverband met

Prof SA Strauss, voorsitter

Prof CWH Boshoff, ondervoorsitter

Mnr C Wagner, sekretaris

Mnr RF Odendaal, penningmeester as dagbestuur.

2. In die lig van die ernstige krisis waarin die Ned. Geref. Kerk hom bevind wat op 27 Junie 1987 selfs tot die stigting van 'n nuwe kerk gelei het, verklaar die Bond dit as sy diepe oortuiging dat die skriftuurlike gronde vir die behoud van die historiese karakter van die Ned. Geref. Kerk as gereformeerde belydeniskerk binne Afrikanervolksverband bo alle twyfel vasstaaan en doen 'n beroep op lidmate en kerkrade om hulle onomwonde aan hierdie oortuiging te verbind. Die bedoeling hiervan is vanselfsprekend nie polariserende groepvorming in die kerk nie, maar die handhawing van 'n historiese situasie op skriftuurlike gronde.

3. Die Bond doen 'n ernstige beroep op die kerkleiding in die Ned. Geref. Kerk, by name op die huidige voorsitter van die ASK en plaaslike predikante om hulle te weerhou van uitsprake en oordele wat lidmate van die Kerk verder vervreem en uit die kerk dryf.

4. Verder om alles in hul vermoë te doen om in die gesindheid van die Here Jesus Christus versoening en herstel van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die eenheid met beswaarde lidmate wat reeds weggebreek het, te bewerkstellig en nie die houding in te neem dat die kerk net met 'n afsplintering te doen het nie. Vir die kerk is elke gelowige lidmaat kosbaar.

5. Die Bond oordeel dat ons tans 'n wesenlike aanslag van die liberalisme beleef, om van die Ned. Geref. Kerk 'n agent vir verandering te maak en hom diensbaar aan moderne politieke strominge te maak, waardeur ook die eiesoortigheid van die Afrikanervolk vernietig kan word. Die Bond beskou dit as 'n volk se reg om hierdie aanslag die hoof te bied, ook wanneer dit langs godsdienstige kanale geloods word.

6. Die Bond het dit aan sy Bestuur opgedra om binne die kerk en met handhawing van ons regte as lidmate 'n indringende onderhoud met die ASK te voer, ten einde besware teen Kerk en Samelewing oor te dra en aan te dring op weë waarlangs hierdie geskrif hersien kan word."[166]

Uit hierdie verklaring was dit duidelik dat hierdie beswaardes dieselfde mening as die wegbrekers gehuldig het, naamlik dat *Kerk en Samelewing* deel was van 'n liberalistiese aanslag op die Afrikanervolk. Dat hulle uitgangspunt ook dié volk as norm geneem ht, en dat daar van 'n Skriftuurlike fundering van hulle standpunt geen sprake was



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie, is voor die hand liggend. Prof CWH Boshoff het onder meer tydens die nuuskonferensie gesê dat die openbare mening *Kerk en Samelewing* as 'n veroordeling van apartheid vertolk, 'n vertolking waarmee hy homself nie kon vereenselwig nie. Hy het beklemtoon dat hierdie besluit dringend hersien sou moes word.[167]

Hierdie uitspraak sowel as bogenoemde persverklaring sou die *Bond* binne dae in die spervuur plaas.

6.4.2 Die Nederduitse Gereformeerde Bond in die spervuur

6.4.2.1 Die Voorsitter bedank

Die eerste ernstige terugslag wat die *Bond* getref het was die bedanking van sy voorsitter, prof SA Strauss. Presies tien dae na die stigting van die *Bond*, het prof Strauss op 30 Junie verklaar dat hy as voorsitter van die *Bond* bedank. Hy het die volgende persverklaring uitgereik:

"Na ernstige en biddende oorweging het ek besluit om aan die wens van die moderatuur en die dagbestuur van die kuratorium van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die OVS gehoor te gee en as voorsitter van die Nederduitse Gereformeerde Bond te bedank. Ek neem hierdie vir my ingrypende stap ter wille van die Fakulteit Teologie van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Oranje Vrystaat, en my akademiese opdrag daar. Ek moet dit as my eerlike oortuiging bevestig dat die doelstelling van die Bond skriftuurlik verantwoord en onder die huidige omstandighede pastoraal noodsaaklik is. Derhalwe wil ek die vertroue uitspreek dat die Bond die geleentheid gegun sal word om in 'n toenemende mate sy regmatige rol in ons kerklike lewe te vervul. Die gesprek *binne* die kerk oor daardie sake wat steeds onderlinge spanning veroorsaak *moet* voortgesit word, tot die eer van God en die heil van die Nederduitse Gereformeerde Kerk."[168]

Hierdie gebeure het van prof CWH Boshoff, ondervoorsitter van die *Bond* nou die waarnemende voorsitter gemaak. Die eerste vergadering van die dagbestuur van die Bond is op 30 Junie 1987 aan die huis van prof Boshoff gehou. Na hierdie vergadering is 'n verdere persverklaring uitgereik. Daarin is ondermeer gesê dat die *Bond* sy vorming regverdig onder Artikel 70[169] van die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk en dankbaarheid is betuig oor die feit dat 'n positiewe gesindheid by 'n beduidende groep lidmate van die kerk was. Die *Bond* het die doel van sy bestaan soos volg geformuleer: "Die Bond beywer hom op skriftuurlike gronde vir die behoud van die historiese



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

karakter van die Ned. Geref. Kerk as gereformeerde belydeniskerk binne Afrikaner volksverband."[170] Voorts is gesê dat daar reeds aan die teologiese komitee van die *Bond* opdrag gegee is om motivering van en voorstelle vir die wysiging van *Kerk en Samelewing* in lyn met die *Bond* se doelstelling te formuleer. Die *Bond* was ook van oordeel dat die kanale wat deur hom geskep word deur beswaarde lidmate gebruik moes word om hulle oortuigings bekend te maak. Beswaarde lidmate wat binne die kerk bly is derhalwe geroep om by die *Bond* in te skakel. Die *Bond* het verder beklemtoon dat hy sy omskrewe doelstelling langs 'n openlike weg wou nastreef, en het verder onomwonde verklaar dat hy nie die aanleiding van sy stigting van die *Gereformeerde Bond* in die Nederlands Hervormde Kerk gevind het nie, maar wel in 'n wesenlike behoefte wat in die Ned. Geref. Kerk ontwikkel het. Dit is verder duidelik gestel dat die *Bond* hom wou beywer vir versoening tussen lidmate van die APK en die Ned. Geref. Kerk. Die *Bond* het sy teleurstelling uitgespreek oor die optrede van die Moderator van die Ned. Geref. Kerk in die OVS rondom prof SA Strauss. Ten slotte is die betrokke instansies in die kerk versoek om met meer verdraagsaamheid geleentheid te skep om die koninklike weg van gesprekvoering oop te hou, en dat optrede teen individue



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verdere polarisasie op die spits sou dryf. In 'n laaste opmerking het die *Bond* verklaar dat die optrede van die OVS Moderator hom geensins stuit in sy vasberadenheid om hom steeds te beywer vir sy doelstellings nie.[171]

Hierdie verklaring was 'n poging tot selfverontskuldiging. Die Ned. Geref. Kerk en sy leidslede is as die sondebokke geteken, en sou iets verkeerd loop, dan sou dit hulle skuld wees. Die beswaardes was ook duidelik ongelukkig oor die "druk" wat op prof SA Strauss uitgeoefen is, om as voorsitter van die *Bond* te bedank. Dit word bevestig deur 'n verklaring wat prof CWH Boshoff aan *Die Afrikaner* en *Die Patriot* gemaak het.[172] Daarin het hy ondermeer gesê: "Dit is met diepe teleurstelling dat ek verneem het van die oorhaastige optrede van die dagbestuur van die kuratorium van die Ned. Geref. Kerk van die OVS om druk op prof SA Strauss uit te oefen om as voorsitter van die NG Bond te bedank.
Ek is van oordeel dat die dagbestuur sonder die nodige inligting en behoorlike oorlegpleging wat in die lig van die ernstige omstandighede waarin die Kerk verkeer in ag geneem behoort te word, gehandel het."[173] Die is ironies dat diegene wat die grootste aandeel aan oorhaastige optrede gehad het, nou ander daarvan kon beskuldig. Het



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

die beswaardes nie immers hulle eerste protesvergadering in die Skilpadsaal gehou nog voordat *Kerk en Samelewing* gepubliseer was nie? Die spreekwoord dat iemand wat self in 'n glashuis woon nie met klippe moet gooi nie, som hierdie situasie waarskynlik die beste op. Was dit nie juis hierdie aanmatigende houding van die beswaardes wat van die begin af die protesaksie op emosionele brandstof aan die loop gehou het nie?

6.4.2.2 In Gesprek met die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie

Die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie het op 31 Augustus 1987 in Pretoria vergader. Tydens die vergadering het die Dagbestuur 'n afvaardiging van die *Ned. Geref. Bond* te woord gestaan. Die *Bond*-afvaardiging het bestaan uit prof CHW Boshoff, mnr C Wagner en mnr RF Odendaal.[174]

Prof Boshoff het hulle kant van die saak aan die orde gestel deur te verwys na:

* die krisis waarin die kerk hom bevind het,
* 'n beslissing wat gevra is omtrent die posisie van die beswaardes,
* die wyse waarop gesprek voortgesit moes word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy het verder gepleit vir 'n voortgaande broederlike gesprek wat ook 'n "staakvuur" sou wees.[175]

Nadat mnr Wagner verwys het na die behandeling wat prof SA Strauss van die Kuratorium in Bloemfontein ontvang het, het mnr Odendaal die aandag gevestig op verskeie uitsprake wat omtrent die *Bond* gemaak is, en het verder gevra of daar nog enige sin in voortgaande gesprek was.[176]

Prof Heyns het gereageer deur te beklemtoon dat die gesprek beslis voortgesit moes word. Die gestruktureerdheid van die beswaardes het egter die hele situasie verander, en kon nou 'n probleem word. Ds PB Botha het verduidelik dat prof SA Strauss nie onder druk geplaas was nie, maar dat hy na gesprek self tot die besluit gekom het. Die *Bond* is verder versoek om hulle hele organisasie te heroorweeg, veral omdat daar nog nie 'n konstitusie was nie, en alles dus nog oop was.[177] 'n Beroep is ook op die *Bond* gedoen om "verstandig" op te tree, dat die kerk met hulle doelstellings moes saamstem, dat hulle kerklike weë moes volg en dat hulle veral nie groepvorming en beswaardheid moes aanmoedig nie.[178]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nadat die vergadering sy konsensus uitgespreek het oor die volgende:

1. dat daar nie probleme was dat voortgaande gesprek met AKLAS gevoer word nie,
2. dat die ASK bereid was om ook weer met die beswaardes te praat,
3. dat die ASK later kon besluit oor die posisie van die *Bond* in die lig van hulle vormgewing aan die organisasie,
4. dat daar nie 'n gesamentlike persverklaring uitgereik word nie,

het prof Boshoff die Dagbestuur vir die gesprek bedank en belowe dat hulle binne hulle doelstellings aandag sou gee aan die probleme wat geopper is.[179]

Later dieselfde middag het die Dagbestuur die hele aangeleentheid rakende die *Ned. Geref. Bond* bespreek. Die vergadering het die volgende persverklaring goedgekeur: "'n Indringende gesprek het tussen die ASK-Dagbestuur en lede van die Ned. Geref. Bond plaasgevind. Die DB het duidelik herbevestig dat die gesprek met lidmate wat probleme het met Kerk en Samelewing in liefde en met begrip moet voortgaan en die ontmoeting het in die eerste instansie gegaan oor die wyse van toekomstige gesprekvoe-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ring.

Die ASK-Dagbestuur het egter ondubbelsinnig gewaarsku teen enige polariserende groepvorming binne die NGK wat geskep mag word deur hierdie organisasie. Reeds in 1966 en weer in 1982 het die Algemene Sinode uitdruklik gestruktureerde verskynsels afgewys in die kerklike praktyk, wat tot polariserende groepvorming lei en/of na die oordeel van die Algemene Sinode hulle op die terrein van die kerk beweeg, die gesag van en die orde in die kerk in gedrang bring, voorgee dat hulle die werk van die kerk beter kan doen as die kerk self, lidmate van die kerk wil voorlig en afwyk van die Skrif-verantwoorde leer en beleid van die kerk.

Die AS (1966) het lidmate versoek om hul trou teenoor die NGK te bevestig en hulle aan sulke organisasies te onttrek.

Die voorgestelde Ned. Geref. Bond het wel nog geen konstitusie nie, dog het hy sy doelstellings en werkswyse in 'n openbare verklaring bekend gestel. Die Bond sal beoordeel moet word in die lig van bestaande beleidsverklarings van die Algemene Sinode voordat die Bond die kerk se steun as 'n vrye vereniging onder Art 70 kan verlang.

Op grond van wat die Dagbestuur van die ASK tot op datum



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Bond se doelstellings soos vervat in die openbare verklaring weet, het hy nie die vrymoedigheid om die Bond se aanspraak as vrye vereniging onder Art 70 te erken nie.

In die lig van bogenoemde besluite van die Algemene Sinode en die gesprek wat plaasgevind het, is lede van die Ned. Geref. Bond ernstig versoek om die Bond se posisie in heroorweging te neem."[180]

Dit was uit hierdie verklaring duidelik dat die Dagbestuur nie vrede met die *Ned. Geref. Bond* gehad het nie. Die vraag moet egter gevra word of hierdie standpunt nie te onverbiddelik was nie. Alhoewel die Dagbestuur teoreties reg opgetree het, kon 'n voorwaardelike erkenning van die *Bond* as 'n groot weerligafleier in hierdie stormagtige dae van die Ned. Geref. Kerk se geskiedenis gedien het. Daar was immers nog geen konstitusie waarop hulle beoordeel kon word nie. Bogenoemde mening is ook deur ds JE Potgieter, gehuldig. Hy het gesê: "Daar is mense in die kerk wat ongelukkig voel oor die beleidstuk Kerk en Samelewing, maar wat nie die NGK wil verlaat nie. Hier is nou 'n organisasie wat as hulle mondstuk wil optree. Die Bond kan 'n doel dien as dit hierdie lidmate kan help om in die kerk te bly."[181] In hoe 'n mate hierdie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

standpunt van die Dagbestuur lidmate wat nog getwyfel het of hulle na die APK wou oorgaan beïnvloed het, is moeilik om te bepaal. Dat dit egter bygedra het om beskuldigings dat die Ned. Geref. Kerk nie werklik oor die beswaardes begaan was nie, meer gewig te laat dra, kan nie ontken word nie.[182]

In reaksie op die persverklaring van die Dagbestuur, het ook die *Ned. Geref. Bond* op 31 Augustus 1987 'n persverklaring uitgereik. Daarin is ondermeer gesê: "Die dagbestuur van die Bond het sedert die samesprekings met leedwese verneem van die besluit van die dagbestuur van die ASK dat hulle met die bestaan van die Bond nie vrede het nie." Die *Bond* het ook sy kommer uitgespreek dat "as hierdie houding van die kerk gaan voortduur, hulle die goeie gesindheid van steeds groter wordende getalle lidmate gaan verloor."[183]

Dat daar met reg kommer bestaan het oor die moontlikheid van 'n drukgroep binne die kerk, is waar, en tog sou groter diplomasie veel gedoen het om gemoedere te kalmeer. Dat die *Bond* egter 'n probleemkind vir die Ned. Geref. Kerk was, is duidelik.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6.4.2.3 Die Ned. Geref. Bond: - Probleemkind van die Ned. Geref. Kerk

Verskeie teoloë het relevante en geldige kritiek teen die *Bond* geopper. Prof AB du Toit, Nuwe Testamentikus aan die Universiteit van Pretoria was van mening dat hier nou 'n groep lidmate van die kerk was, wat hulle op georganiseerde wyse wou beywer om die tradisionele karakter van die kerk, wat na hulle mening deur liberalisme bedreig is, te verdedig. Syns insiens wou die *Bond* eintlik die werk van die kerk self, naamlik om voortdurend te reformeer, doen. Hy het beklemtoon dat dit dan sou uitloop op 'n ecclesia in ecclesia, 'n kerk binne 'n kerk, wat kerkregtelik 'n onhoudbare situasie was. Hy het verder gesê dat die *Bond* dieselfde pad kon loop as die stigting van die *Gereformeerde Bond* in die Hervormde Kerk in Nederland, wat uiteindelik tot bondsgemeentes binne dié bepaalde kerk gelei het.

Prof du Toit het voorts gevra: "As die lede van die groep se standpunt en doelstelling nie deur die eersvolgende Algemene Sinode aanvaar word nie, sal hulle voor 'n keuse gestel word: óf handhawing van die status quo, óf die stigting van eie gemeentes binne *Bond*-verband óf 'n nuwe wegbreek van die kerk."[184]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Prof PB van der Watt, hoogleraar in kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, het oor die ontstaan van die *Ned. Geref. Bond* gesê: "Gevaarlike rooiligte flits as gevolg van hierdie aksie."[185] Hy het beklemtoon dat die Algemene Sinode inderdaad onsekerheid en probleme rondom *Kerk en Samelewing* verwag het, vandaar die uitnodiging aan beswaarde lidmate om na vore te tree, hetsy langs die gewone Kerkorde-weg of deur middel van die spesiale "meganisme" wat die Algemene Sinode geskep het, naamlik direkte voorleggings aan die Algemene Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele sake. Nou word met die *Ned. Geref. Bond* 'n derde werkswyse vir beswaardes ingevoer.

Hy het verder aangevoer dat die stigting van die organisasie kerklike lidmate verwar. "In Bloemfontein is die NG Bond taboe, want 'n teologiese professor is gevra om as voorsitter daarvan te bedank, maar in Pretoria word 'n hoogleraar deur die Kuratorium toegelaat om as voorsitter op te tree, terwyl sy kollegas hom versoek het om enige verbintenis met die NG Bond te beëindig!"[186] Prof van der Watt het beklemtoon dat die *Bond* 'n oorsaak van georganiseerde en polariserende groepvorming geword het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy het verder daarop gewys dat hulle beroep op Artikel 70 van die Kerkorde ook nie opgaan nie. Volgens die Kerkorde moet die grondslae en doelstellings van so 'n organisasie deur die kerk onderskryf word. Van der Watt het gesê: "in die onderhawige geval kan dit nie, want die vereniging opereer nie komplementerend of kompromitterend nie, maar kontrasterend tot die beleid en besluite van die NGK!"[187]

In beide hierdie menings, was die vernaamste punte van kritiek teen die *Ned. Geref. Bond* saamgevat. Dit was duidelik dat daar met die stigting van die *Ned. Geref. Bond* 'n probleemkind vir die Ned. Geref. Kerk "die eerste lewenslig aanskou het". Wie weet wat hierdie kind sou doen wanneer hy volwasse sou word? Die grootste gevaar het juis verskuil gelê in dié feit dat niemand sy optrede in die toekoms kon voorspel nie. Te midde van al die versoeke en kritiek het die *Ned. Geref. Bond* egter gekom om te bly! Dit blyk duidelik uit 'n artikel van die voorsitter van die *Bond*, prof CHW Boshoff in *Die Kerkbode* van 7 Oktober 1987 onder die titel: "Die NG Bond - 'n kind van sy tyd,"[188] waarin hy opnuut die bestaan van die *Bond* probeer regverdig het. Die *Bond* sou voortstu, maar gelukkig sou dit 'n koersverandering beleef, wat sy impak



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op die Ned. Geref. Kerk sou verminder.[189]

*Kerk en Samelewing* het die Ned. Geref. Kerk só geskud, en weer geskud. Die intensiteit van die storm wat in dié kerk losgebars het, het niemand verwag nie. Die geskiedenis het intussen geleer dat nie alleen die Ned. Geref. Kerk nie, maar ook die APK en die *Ned. Geref. Bond*, hoewel in 'n ietwat ander gedaante[190] die storm oorleef het. Met reg kan gesê word: die Ned. Geref. Kerk het getreur maar was nie sonder troos nie.

## 6.5 *"DIE NED. GEREF. KERK TREUR, MAAR IS NIE SONDER TROOS NIE"*

Die storm wat rondom *Kerk en Samelewing* in die Ned. Geref. Kerk losgebars het, het in omvang nie sy gelyke in die geskiedenis van dié kerk gehad nie. Inderdaad was hier sprake van 'n reuse orkaan wat die Ned. Geref. Kerk geskud het, en nadat dit bedaar het was die spoor van verwoesting wat dit nagelaat het in talle gemeentes van die kerk duidelik sigbaar! Alhoewel die stormskade persentasiegewys gering was wanneer die sterkte van die storm in ag geneem word, kon dit geen reggeaarde lidmaat van die Ned. Geref. Kerk onbewoë gelaat het nie. Prof JA Heyns, voorsitter van die Algemene Sinodale Kommissie het as volg na dié gebeure verwys: "Wie die Hoof van die Kerk liefhet, wie in die kerk gebore is en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

groot geword het, wie die kerk as geestelike moeder aanvaar en vir jare deur haar getrou en toegewyd met woord en sakramente gevoed is, kan nie anders as om te ween by die aanskoue van wat nou gebeur."[191]

Die afskeiding van bykans 8 000 van sy lidmate met die daaropvolgende stigting van die *Afrikaanse Protestantse Kerk* en die ontstaan van die *Ned. Geref. Bond* as 'n gestruktureerde oragnisasie van beswaarde lidmate binne die Ned. Geref. Kerk, het inderdaad hierdie agt maande, vanaf November 1986 tot Junie 1987 geteken as van die swartste maande in die geskiedenis van die kerk. Daarom kon die kerk nie anders as om te treur nie. Die moeder het immers van haar kinders onherroeplik verloor!

En tog was daar ook troos vir die Ned. Geref. Kerk. Terwyl hierdie gebeure aan die gang was het die streeksinodes van die Ned. Geref. Kerk gedurende 1987 vergader, en almal, het *Kerk en Samelewing* in beginsel met 'n groot meerderheid onderskryf.[192] Te midde van droefheid oor lidmate wat die kerk verlaat het, was hierdie instemming wat met *Kerk en Samelewing* betuig is, 'n bron van groot dankbaarheid en vreugde.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Alhoewel hierdie sinodes *Kerk en Samelewing* in beginsel gekondoneer het, was die groot aantal beswaarskrifte wat op hierdie sinodes gedien het, 'n duidelike bewys dat baie lidmate ontevrede was oor die beleidstuk.

Tydens die Noord Transvaalse Sinode wat vanaf 8 - 18 September 1987 in Pretoria gehou is, het byvoorbeeld 27 beswaarskrifte voor die sinode gedien.[193] Hierdie beswaarskrifte was afkomstig van individue, groepe lidmate en kerkrade, en het veral betrekking gehad op twee sake, naamlik: die feit dat die Ned. Geref. Kerk oop was (par 270) en die verwerping van apartheid (par 306 - 309). Dié sinode het oor hierdie sensitiewe sake op 'n "openhartige en diepgaande wyse gesels, gesels met hoof en hart. Aan die einde van die dag was daar die oortuiging dat eenstemmigheid bereik is."[194]

Verder is besluit om 'n spesiale pastorale brief wat oor hierdie aangeleentheid gehandel het, aan alle gemeentes en aan alle individue wat beswaarskrifte opgestuur het, te rig.[195] In dié spesiale pastorale brief, is punt vir punt aandag gegee aan die verskillende besware wat teen *Kerk en Samelewing* ingebring was. Dit het gehandel oor: Eenheid en verskeidenheid, Oop lidmaatskap, Oop deure, die leiding van die Heilige Gees, Apartheid, Kategese en die Skool, Die gesag



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

van die Kerkraad, Wedersydse erkenning van legitimasie, Gemengde huwelike, Politiek, Menseregte, Terughouding van bydraes en Optrede teen persone.[196]

In die slot van die brief is ondermeer beklemtoon dat die sinode eerlik probeer het om sy belofte teenoor beswaarde lidmate gestand te doen: "Ons het probeer om u te oortuig dat ons wel omgee; dat u 'n gewaardeerde lidmaat is wat ons graag wil behou en dat ons die hele pad met u wil loop om u gelukkig en bly in ons kerk te sien." Die sinode het voortgegaan om twee dringende sake te beklemtoon:
"Eerstens is ons oortuig dat die Nederduitse Gereformeerde Bond 'n kerk binne 'n kerk vorm. Dit polariseer ons mense verder en lei tot 'n toename in ontevredenheid, eerder as rus en vrede.
Ons pleit dus ernstig by u om u te weerhou daarvan om by die NGB aan te sluit, of indien u reeds aangesluit het, om u lidmaatskap in heroorweging te neem.
Die tweede saak is vir ons nog ernstiger en stem ons tot nog groter droefheid. Ons praat van die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk. Ons is hartgrondig oortuig dat die besware teen *Kerk en Samelewing* binne die kerk en langs die kerklike weg behandel moet word. Die beweegredes vir die stigting van die kerk is nie vir ons aanvaarbaar nie. Die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

kerk van Jesus Christus kan mos nie verdere versplintering en verdeeldheid bekostig nie, want dit maak dat ons geloofwaardigheid al hoe meer betwyfel word in die wêreld. Ons pleit met Christelike bewoëndheid dat al ons lidmate sal meehelp om hierdie breuk te heel.
Die subtitel van KS is, ''n getuienis van die Ned. Geref. Kerk.' Ons bede is dat die Heilige Gees u sal lei om hierdie getuienis met u hele hart te aanvaar."[197]

Die pastorale gesindheid waarmee hierdie sinode die talle beswaarde lidmate as't ware omvou het, kan nie ontken word nie. 'n Duidelike poging is aangewend om na hulle te luister, en hulle besware aan te hoor. Dat die sinode diep onder die besef was dat almal nog nie tevrede sou wees nie, is eweneens duidelik. Vandaar die oproep teen die *Ned. Geref. Bond* en die APK.

Net soos die sinode van Noord-Transvaal, was die streeksinodes van die Ned. Geref. Kerk almal bereid om die pad met die beswaarde lidmate te loop. Belangriker was die feit dat hulle die gevaarligte wat selfs na die kerkstigting nog helder bly flits het, raakgesien het. Die onrus oor *Kerk en Samelewing* sou nie oornag bedaar nie, daarvoor sou onder andere die *Ned. Geref. Bond* sorg.[198] Talle lidmate was



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bereid om nog te wag tot die volgende Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1990.

Die Ned. Geref. Kerk het met sy beleidstuk *Kerk en Samelewing* 'n nuwe koers ingeslaan. Die reaksie vanuit die kerk self, het die kerk egter by die eerste kruispad op die nuut ingeslane weg gebring ... 'n kruispad wat sy toekoms kan bepaal!

## 6.6 *SAMEVATTING*

Die nuwe beleidstuk van die Ned. Geref. Kerk, *Kerk en Samelewing* het binne enkele dae dié kerk in beroering gehad! Alhoewel die onmiddellike reaksie van veral die media oorweldigend positief was, was dit juis die openbare pers wat as gevolg van sensasionele beriggewing stormwolke oor die Ned. Geref. Kerk laat saampak het.

Kort na die sinode verdaag het, was dit reeds duidelik dat 'n grootskaalse storm in die kerk aan die broei was. Nadat 'n groep beswaarde lidmate in Verwoerdburg vergader het, is besluit om 'n protesvergadering te belê. Hierdie vergadering is op 28 November 1986 in die Skilpadsaal in Pretoria gehou. Dit was duidelik dat politiek 'n groot rol gespeel het in die beswaarde lidmate se oordeel oor *Kerk en Samelewing*.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Hierdie verpolitisering van die kerk het egter al drie jaar vroeër by die sogenaamde Silverton-byeenkoms kop uitgesteek.

In 'n poging om die krisis af te weer het die Algemene Sinodale Kommissie en die Voortsettingskomitee mekaar op 22 Junie 1987 in Pretoria ontmoet. Na afloop van die gesprek was dit egter duidelik dat die partye onversoenbaar was, en dat 'n kerkskeuring onafwendbaar was.

Die beswaarde lidmate het op 27 Junie 1987 weer in die Skilpadsaal vergader, en het met 'n groot meerderheid besluit om 'n nuwe kerk te stig - die Afrikaanse Protestantse Kerk is gebore. Dié vergadering het egter ook 'n belangrike wending geneem toe 'n aantal lidmate hulle van die kerkstigting gedistansieer het. Hierdie beswaarde lidmate wat nie wou wegbreek nie, het hulleself hergroepeer in die *Nederduitse Gereformeerde Bond*. Dié *Bond* sou een van die probleemkinders van die Ned. Geref. Kerk word.

Die Afrikaanse Protestantse Kerk het na 'n naamgeskil tog vinnig uitgebrei, sodanig so dat 'n eerste sinode vanaf 2 - 6 November 1987 in die distrik Naboomspruit gehou is. Dit was die finale spyker in die onderhandelingsdoodskis. Die nuwe kerk was op weg.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Hierdie gebeure was sondermeer van die donkerste maande in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk. Die kerk was diep bedroef oor 'n groot getal lidmate wat hy verloor het, en tog was daar ook troos in die feit dat tienduisende van die kerk se lidmate hulle instemming met *Kerk en Samelewing* betuig het. Die steun wat die Streeksinodes aan hierdie dokument toegesê het, het dit bevestig. Die Ned. Geref. Kerk was op 'n nuwe koers - maar sou aanstons die eerste kruispad op hierdie nuwe weg nader...

Hierdie kruispad het die Ned. Geref. Kerk met 'n kritieke keuse kom konfronteer: moet hy voortgaan op sy nuwe koers en een wat ook ondermeer die vraag van organisatoriese kerkeenheid pertinent sal moet aanspreek; moet hy na regs afdraai op 'n pad wat hom weer in die doodloopstraat van weleer sal laat beland, of moet hy vir 'n oomblik as't ware die pas makeer, voordat hy weer voortgaan?

Die antwoorde op hierdie vrae maak dit duidelik dat die kerk geen keuse het nie. Gaan die Ned. Geref. Kerk direk voort op sy nuwe koers, wat ondermeer mag lei na organisatoriese kerkeenheid dan sal hy ongetwyfeld bereid moet wees om nog 'n groep van sy lidmate te verloor. Draai die kerk terug



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na die doodloopstraat waarin hy hom vir 26 jaar bevind het, is isolasie en totale irrelevansie in 'n toekomstige Suid-Afrika sy voorland. Daarom, ten spyte van die moontlike verlies van nog 'n groep beswaarde lidmate is die keuse voor die handliggend, - die Ned. Geref. Kerk moet voortgaan - omdat hierdie kerk geroepe is om Skrifgebonde te vernuwe en as belydeniskerk getrou te wees aan die dictum: Ecclesia reformata semper reformanda!

## 6.7 *VOETNOTAS*

1. Die Burger, 22 Oktober 1986, p 7
2. Die Vaderland, 20 oktober 1986, p 1
3. Business Day, 21 Oktober 1986, p 3
4. The Citizen, 21 Oktober 1986, p 3
5. Die Burger, aw, p 1
6. The Citizen, 23 Oktober 1986, p 1
7. Die Vaderland, 23 Oktober 1986, p 1
8. The Star, 23 Oktober 1986, p 11
9. Die Afrikaner, 29 Oktober 1986, p 4
10. Die Transvaler, 23 Oktober 1986, p 18
11. Die Burger, 22 Oktober 1986, p 14
12. Die Volksblad, 22 Oktober 1986, p 14
13. The Star, 22 Oktober 1986, p 10
14. Pretoria News, 22 Oktober 1986, p 16



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

15. Pretoria News, aw, p 16
16. Sowetan, 22 Oktober 1986, p 4
17. Die Burger, 21 Oktober 1986, p 11
18. Die Burger, aw, p 11
19. Die Afrikaner, aw, p 4
20. Die Afrikaner, aw, p 4
21. Die Burger, 25 Oktober 1986, p 1
22. Die Burger, 3 November 1986, p 2
23. Die Vaderland, 27 Oktober 1986, p 16
24. In hoofstuk 1 van hierdie studie word die standpunt van dr AP Treurnicht rondom die Cottesloe-beraad weergegee.
25. Pretoria News, 24 Oktober 1986, p1
26. Pretoria News, aw, p 1
27. Pretoria News, aw, p 1
28. Pretoria News, aw, p 1
29. Beeld, 2 September 1983, p 1
30. Beeld, aw, p 1
31. Ds Scheuer het enkele maande vroeër opslae gemaak met 'n pamflet waarin hy gesuggereer het, dat vooraanstaande regeringslede instrumente in die hande van die Kommuniste was, wat die volk sag gemaak het vir Marxisme. Die pamflet is ten tyde van die tussenverkiesings gedurende Mei 1983 onder KP-lede versprei. Ds Scheuer het op 2 September ook vir heelwat opwinding gesorg toe hy 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

fotograaf van beeld wou aanrand, nadat dié 'n foto van hom geneem het. Hy het onder andere geëis dat die film uit die kamera verwyder moes word, maar is later deur ander predikante tot bedaring gebring.

32. Beeld, 3 September 1983, p 2
33. Beeld, aw, p 2
34. Beeld, aw, p 2
35. Beeld, aw, p 2
36. Beeld, aw, p 6
37. Beeld, aw, p 6
38. Vergelyk hoofstuk 4 van hierdie studie
39. Beeld, aw, p 6
40. Die Kerkbode, 7 September 1983, p 8
41. Die Kerkbode, aw, p 8
42. Die Kerkbode, 21 September 1983, p 8
43. Die Kerkbode, aw, p 8
44. Handelinge van die Noord-Transvaalse Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1983, p 508 - 509
45. The Citizen, 3 November 1986, p 5
46. Die Burger, 3 November 1986, p 2
47. Die Burger, aw, p 2
48. Die Burger, aw, p 2
49. Beeld, 3 November 1986, p 1
50. Beeld, aw, p 1



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

51. Die Volksblad, 6 November 1986, p 16

52. Die Volksblad, aw, p 16

53. Die reaksie op *Ras, Volk en Nasie* het reeds in 1975 getoon dat daar 'n groot kloof tussen die beleid van die kerk en die mening van sommige van sy lidmate was. Die blote feit dat min lidmate ooit 'n hand op *Ras, Volk en Nasie* gelê het, het die skok wat met *Kerk en Samelewing* gekom het, soveel groter gemaak.

54. Die Vaderland, 11 November 1986, p 4

55. Die Vaderland, 13 November 1986, p 6

56. Vergelyk hiervoor: Die Vaderland, aw, p 4 en Die Burger, 11 November 1986, p 2

57. Vergelyk hoofstuk 2 van hierdie studie

58. Beeld, 27 November 1986, p 6

59. Agenda van die ASK van die Ned. Geref. Kerk, 18 en 19 Maart 1987, p 8

60. Agenda, aw, p 8

61. Agenda, aw, p 8

62. Agenda, aw, p 8

63. Agenda, aw, p 8

64. Rapport, 30 November 1986, p 1

65. Rapport, aw, p 1

66. Rapport, aw, p 1

67. Die Burger, 29 November 1986, p 2



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

68. Die Burger, aw, p 2

69. Die Burger, aw, p 2

70. Agenda, aw, p 35

71. Agenda, aw, p 9

72. Agenda, aw, p 9

73. Notule van die ASK van die Ned. Geref. Kerk 18 en 19 Maart 1987, p 12

74. Notule, aw, p 12

75. Notule, aw, p 40 - 41

76. Die Kerkbode, 25 Maart 1987, p 5

77. Die Kerkbode, aw, p 5

78. Die Kerkbode, aw, p 5

79. Die Kerkbode, 8 Julie 1987, p 8

80. Die Kerkbode, aw, p 8

81. Byvoegsel tot die agenda van die ASK van die Ned. Geref. Kerk, 22 Junie 1987

82. Agenda van die ASK van die Ned. Geref. Kerk, 22 Junie 1987, p 1

83. Byvoegsel, aw

84. Byvoegsel, aw

85. Vergelyk byvoegsel

86. Notule van die ASK van die Ned. Geref. Kerk, 22 Junie 1987, p 1

87. Notule, aw, p 2



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

88. Notule, aw, p 4

89. Notule, aw, p 4

90. Notule, aw, p 4 - 5

91. Notule, aw, p 7

92. Notule, aw, p 7

93. Notule, aw, p 7

94. Notule, aw, p 7

95. Notule, aw, p 8

96. Notule, aw, p 8

97. Notule, aw, p 8

98. Notule, aw, p 9

99. Notule, aw, p 9

100. Notule, aw, p 9

101. Notule, aw, p 10

102. Notule, aw, p 12

103. Notule, aw, p 13

104. Notule, aw, p 13

105. Notule, aw, p 14

106. Notule, aw, p 14 - 16

107. Beeld, 29 Junie 1987, p 4

108. Beeld, aw, p 4

109. Beeld, aw, p 4

110. Die Transvaler, 29 Junie 1987, p 13

111. Die Transvaler, aw, p 13



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

112. Beeld, aw, p 4

113. Handelinge van die APK, 1987, p 30

114. J Orsmond, Die Beswaardes en die Afskeiding van Beswaarde Lidmate vanaf die Ned. Geref. Kerk 1987 en die Regsgrondigheid daarvan, 1988

115. Beeld, 30 Junie 1987, p 2

116. Beeld, aw, p 2

117. Beeld, aw, p 2

118. Beeld, aw, p 2

119. Beeld, aw, p 2

120. Die Transvaler, 29 Junie 1987, p 14

121. Die Kerkbode, 1 Julie 1987, p 2

122. Die Kerkbode, aw, p 4

123. Beeld, aw, p 1

124. Beeld, aw, p 1

125. The Daily News, 8 Julie 1987, p 3

126. Handelinge, aw, p 39

127. Beeld, aw, p 2

128. Beeld, aw, p 2

129. Die Volksblad, 13 Julie 1987, p 1

130. Die Burger, 4 Augustus 1987, p 2

131. Die Vaderland, 6 Augustus 1987, p 7

132. Die Vaderland, 13 Julie 1987, p 1

133. Die Transvaler, 21 Augustus 1987, p 2



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

134. Agenda van die ASK van die Ned. Geref. Kerk 23 en 24 November 1987, p 47
135. Agenda, aw, p 48
136. Agenda, aw, p 49 - 51
137. Agenda, aw, p 54
138. Agenda, aw, p 53
139. Handelinge van die APK, 1987
140. Handelinge, aw, p 2
141. Handelinge, aw, p 3
142. Handelinge, aw, p 12 - 13
143. Handelinge, aw, p 10
144. Handelinge, aw, p 10
145. Handelinge, aw, p 30
146. Handelinge, aw, p 30
147. Handelinge, aw, p 30
148. Handelinge, aw, p 22
149. Handelinge, aw, p 40
150. Handelinge, aw, p 13
151. Handelinge, aw, p 39
152. J Orsmond, aw, p 123
153. J Orsmond, aw, p 123
154. Handelinge, aw, p 49
155. Handelinge, aw, p 64
156. Handelinge, aw, p 54



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

157. Handelinge, aw, p 55 - 59

158. Handelinge, aw, p 70

159. Vergelyk hoofstuk 3 van hierdie studie

160. Die Kerkbode, 15 Julie 1987, p 13

161. Beeld, 14 Julie 1987, p 6

162. Hierdie naam sou in Junie 1988 verander na die Afrikaanse Gereformeerde Bond

163. Beeld, aw, p 6

164. Beeld, aw, p 6

165. Beeld, aw, p 6

166. Bylae DB - 4, Agenda van die ASK van die Ned. Geref. Kerk, 23 en 24 November 1987, p 55

167. Beeld, 22 Junie 1987, p 4

168. Bylae, aw, p 55

169. Artikel 70 van die Kerkorde lei soos volg:

70.1 Die Kerk wil graag die vorming van vrye verenigings op positief Christelike grondslag aanmoedig.

70.2 Die mate waarin 'n bepaalde vereniging aanspraak op die steun van die Kerk mag maak, hang af van die grondslag en doelstellings van 'n bepaalde vereniging en sy uitlewing van daardie grondslag en doelstellinge in die praktyk.

170. Bylae, aw, p 56

171. Bylae, aw, p 56



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

172. Bylae, aw, p 55

173. Bylae, aw, p 55

174. Notule van die Dagbestuur van die ASK, 31 Augustus 1987, p 6

175. Notule, aw, p 6

176. Notule, aw, p 6

177. Notule, aw, p 6

178. Notule, aw, p 7

179. Notule, aw, p 7

180. Notule, aw, p 9

181. Die Kerkbode, 29 Julie 1987, p 1

182. Prof WJG Lubbe het veral hierdie beskuldiging teenoor die Ned. Geref. Kerk gemaak.

183. Bylae, aw, p 57

184. Beeld, 28 Julie 1987, p 12

185. Die Kerkbode, 9 September 1987, p 7

186. Die Kerkbode, aw, p 7

187. Die Kerkbode, aw, p 7

188. Die Kerkbode, 7 Oktober 1987, p 12

189. Nadat die *Bond* in Junie 1988 die Afrikaanse Gereformeerde Bond geword het, het lidmate en predikante uit die APK en die twee Susterskerke ook daarby aangesluit. Hierdie gebeure het van die *Bond* 'n oorkoepelende ekumeniese organisasie gemaak, derhalwe het hy sy impak op



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Ned. Geref. Kerk verloor.

190. Die APK het gegroei tot 'n kerk met 176 gemeentes en 26 714 lidmate - en sien soos volg daaruit:

| *Gemeente* | *Stigtingsdatum* | *Lidmate* |
|---|---|---|
| *KAAPPROVINSIE* | | |
| *1. Algoa* | *20-09-1987* | *138* |
| *2. Aberdeen* | *16-11-1989* | *60* |
| *3. Barkly-Wes* | *15-01-1988* | *61* |
| *4. Barkly-Oos* | *14-04-1988* | *77* |
| *5. Beaufort-Wes* | *09-08-1987* | *111* |
| *6. Bosrand* | *19-07-1987* | *26* |
| *7. Britstown* | *23-03-1988* | *40* |
| *8. Carnarvon* | *25-04-1988* | *28* |
| *9. Clanwilliam* | *07-02-1988* | *62* |
| *10. De Aar* | *07-03-1988* | *69* |
| *11. Douglas* | *03-08-1987* | *60* |
| *12. Fort Beaufort* | *18-06-1988* | *29* |
| *13. Fraserburg* | *14-10-1988* | *73* |
| *14. George* | *28-08-1987* | *42* |
| *15. Gerdonia* | *25-11-1987* | *180* |
| *16. Graaf-Reinette* | *07-02-1988* | *26* |
| *17. Groblershoop* | *01-10-1987* | *47* |
| *18. Jamestown* | *03-07-1988* | *19* |
| *19. Kathu* | *24-07-1987* | *170* |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

| | | |
|---|---|---|
| 20. Kimberly | 01-08-1987 | 379 |
| 21. Kuruman | 01-02-1988 | 49 |
| 22. Louwna | 26-07-1987 | 58 |
| 23. Leeudoringstad | 08-11-1988 | 42 |
| 24. Molopo | 13-07-1987 | 59 |
| 25. Mosselbaai | 02-04-1989 | 62 |
| 26. Namakwaland | 04-09-1988 | 53 |
| 27. Olifantshoek | 11-07-1987 | 159 |
| 28. Oudtshoorn | 30-08-1987 | 161 |
| 29. Paarl | 30-08-1987 | 74 |
| 30. Pools | 28-02-1988 | 30 |
| 31. Postmasburg | 28-09-1989 | 34 |
| 32. Prieska-Fontein | 18-08-1988 | 42 |
| 33. Reivilo | 06-09-1987 | 53 |
| 34. Riversdal | 20-08-1987 | 35 |
| 35. Somerset-Oos | 03-09-1987 | 79 |
| 36. Stellenbosch | 16-08-1987 | 58 |
| 37. Steynsburg | 06-03-1988 | 29 |
| 38. Strydenburg | 15-06-1988 | 48 |
| 39. Sutherland | 07-04-1989 | 9 |
| 40. Tygerberg | 20-09-1987 | 167 |
| 41. Uitenhage | 08-03-1989 | 105 |
| 42. Venterstad | 26-06-1988 | 46 |
| 43. Vaalharts Noord | 02-08-1987 | 53 |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| 44. Vaalharts Suid | 02-08-1987 | 104 |
| 45. Vryburg | 06-09-1987 | 140 |
| ORANJE VRYSTAAT | | |
| 46. Bethlehem | 09-08-1987 | 436 |
| 47. Bloemfontein | 12-07-1987 | 1055 |
| 48. Boshoff | 26-08-1987 | 40 |
| 49. Bothaville | 30-04-1989 | 52 |
| 50. Brandfort | 09-08-1987 | 96 |
| 51. Bultfontein | 17-09-1989 | 40 |
| 52. Clococlan | 17-03-1988 | 43 |
| 53. Cornelia | 02-08-1987 | 82 |
| 54. Dealesville | 27-09-1987 | 48 |
| 55. Dewetsdorp | 06-12-1988 | 40 |
| 56. Ficksburg | 26-10-1987 | 143 |
| 57. Frankfort | 22-10-1987 | 165 |
| 58. Goudveld Sentraal | 13-11-1987 | 198 |
| 59. Graniet | 16-08-1987 | 339 |
| 60. Harrysmith | 27-07-1987 | 124 |
| 61. Heilbron | 02-09-1987 | 344 |
| 62. Henneman | 25-10-1987 | 112 |
| 63. Koppies | 03-03-1988 | 42 |
| 64. Kroonstad | 15-11-1987 | 308 |
| 65. Marquard | 26-11-1987 | 53 |
| 66. Memel | 03-07-1987 | 81 |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

| | | |
|---|---|---|
| 67. Paul Roux | 25-10-1987 | 152 |
| 68. Petrusburg | 29-07-1987 | 24 |
| 69. Sasolburg | 16-04-1987 | 30 |
| 70. Senekal | 23-08-1987 | 143 |
| 71. Tweeling | 04-10-1987 | 27 |
| 72. Verkeerdevlei | 13-09-1987 | 56 |
| 73. Viljoenskroon | 04-10-1987 | 29 |
| 74. Villiers | 06-09-1987 | 100 |
| 75. Vrede | 27-07-1987 | 160 |
| 76. Warden | 02-09-1987 | 33 |
| NATAL | | |
| 77. Dundee | 21-10-1987 | 45 |
| 78. Groter Durban | 02-08-1987 | 291 |
| 79. Hluhluwe | 28-02-1988 | 62 |
| 80. Ladysmith | 21-04-1988 | 46 |
| 81. Newcastle | 04-09-1987 | 202 |
| 82. Suidkus | 01-07-1987 | 68 |
| 83. Utrecht | 02-03-1988 | 53 |
| 84. Vryheid | 22-10-1987 | 74 |
| TRANSVAAL | | |
| 85. Alberton | 07-06-1989 | 90 |
| 86. Alfa | 05-07-1987 | 138 |
| 87. Arnot | 18-08-1988 | 94 |
| 88. Belfour | 15-01-1989 | 35 |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

| | | | |
|---|---|---|---|
| 89. | Baberton | 06-09-1987 | 53 |
| 90. | Belfast | 09-08-1987 | 216 |
| 91. | Benoni | 09-09-1987 | 157 |
| 92. | Biesiesvlei | 12-07-1987 | 207 |
| 93. | Bloemhof | 19-01-1988 | 85 |
| 94. | Boksburg | 27-04-1988 | 187 |
| 95. | Bosveld | 12-06-1987 | 459 |
| 96. | Brakpan | 21-10-1987 | 450 |
| 97. | Brits | 12-07-1987 | 336 |
| 98. | Bronkhorstspruit | 27-08-1987 | 152 |
| 99. | Buhrmansdrif | 16-08-1987 | 183 |
| 100. | Carletonville | 08-09-1988 | 55 |
| 101. | Carolina | 16-09-1987 | 268 |
| 102. | Christiana | 10-03-1988 | 45 |
| 103. | Coligny | 03-09-1987 | 159 |
| 104. | Cullinan-Rayton | 20-09-1987 | 143 |
| 105. | Delareyville | 14-08-1988 | 82 |
| 106. | Delmas | 15-11-1987 | 73 |
| 107. | Dendron | 26-07-1987 | 219 |
| 108. | Devon | 18-06-1989 | |
| 109. | Derby | 04-07-1987 | 205 |
| 110. | Ermelo | 15-07-1987 | 216 |
| 111. | Fochville | 13-08-1987 | 131 |
| 112. | Germiston | 24-08-1987 | 214 |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

| | | |
|---|---|---|
| 113. Groblersdal | | |
| 114. Groot Marico | 13-08-1987 | 160 |
| 115. Hartbeesfontein | 18-05-1989 | 27 |
| 116. Hartbeespoort | 02-08-1989 | 72 |
| 117. Heidelberg | 23-08-1987 | 282 |
| 118. Hoedspruit | 26-11-1989 | 48 |
| 119. Hoeveldrif | 23-08-1987 | 236 |
| 120. Kemptonpark | 10-09-1987 | 214 |
| 121. Klerksdorp | 05-08-1987 | 300 |
| 122. Koedoesrand | 06-09-1987 | 37 |
| 123. Koster | 28-02-1988 | 81 |
| 124. Laersdrif | 19-11-1987 | 145 |
| 125. Lebombo | 26-06-1988 | 42 |
| 126. Lichtenburg | 07-07-1987 | 629 |
| 127. Linden | 30-08-1987 | 246 |
| 128. Louis Trichardt | 02-10-1987 | 218 |
| 129. Lydenburg | 24-01-1988 | 166 |
| 130. Marble Hall | 09-08-1987 | 285 |
| 131. Messina | 22-01-1989 | 33 |
| 132. Meyerton | 22-02-1989 | 27 |
| 133. Middelburg | 15-07-1987 | 630 |
| 134. Migdol | 02-07-1987 | 148 |
| 135. Mooinooi | 12-07-1987 | 377 |
| 136. Moot-Sentraal | 05-07-1987 | 370 |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| 137. Morgenzon | 10-07-1987 | 141 |
| 138. Naboomspruit | 05-07-1987 | 376 |
| 139. Nelspruit | 15-07-1987 | 287 |
| 140. Nigel | 14-09-1987 | 238 |
| 141. Ottosdal | 10-01-1988 | 54 |
| 142. Perdekop | 18-10-1987 | 52 |
| 143. Phalaborwa | 26-07-1987 | 260 |
| 144. Piet Retief | 17-09-1987 | 96 |
| 145. Pietersburg | 02-08-1987 | 615 |
| 146. Potchefstroom | 30-08-1987 | 343 |
| 147. Pretoria-Oos | 08-11-1987 | 467 |
| 148. Pretoria-Sentraal | 12-02-1989 | 137 |
| 149. Primrose | 11-09-1987 | 153 |
| 150. Randfontein | 07-08-1987 | 121 |
| 151. Roedtan | 12-07-1987 | 59 |
| 152. Roodepoort | 02-08-1987 | 353 |
| 153. Rustenburg | 16-08-1987 | 328 |
| 154. Sabie | 06-11-1988 | 22 |
| 155. Sanddrif | 25-02-1988 | 224 |
| 156. Sannieshof | 07-07-1987 | 248 |
| 157. Schweizer-Reneke | 07-09-1987 | 106 |
| 158. Springs | 22-02-1988 | 212 |
| 159. Standerton | 25-05-1988 | 53 |
| 160. Thabazimbi | 26-08-1987 | 442 |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

| | | |
|---|---|---|
| *161. Transmagalies* | *08-02-1988* | *277* |
| *162. Tuinplaas* | *19-07-1987* | *104* |
| *163. Tzaneen* | *23-08-1987* | *275* |
| *164. Vanderbijlpark* | *09-09-1987* | *275* |
| *165. Ventersdorp* | *12-07-1987* | *258* |
| *166. Vereniging* | *26-07-1987* | *229* |
| *167. Verwoerdburg* | *06-07-1987* | *341* |
| *168. Warmbad* | *09-08-1987* | *114* |
| *169. Waterberg* | *09-09-1987* | *268* |
| *170. Weipe* | *20-03-1988* | *37* |
| *171. Witbank* | *12-09-1987* | *157* |
| *172. Witrivier* | *01-11-1987* | *158* |
| *173. Zeerust* | *30-07-1987* | *115* |
| *"SUIDWES-AFRIKA"* | | |
| *174. Keetmanshoop* | *04-06-1989* | *35* |
| *175. Outjo* | *20-11-1988* | *87* |
| *176. Windhoek* | *23-07-1989* | *28* |

191. Die Kerkbode, 22 Julie 1987, p 6

192. Vergelyk Die Kerkbode, 28 Oktober 1987, p 1 en Die Kerkbode, 23 September 1987, p 1

193. Handelinge van die Noord-Transvaalse Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1987, p 588

194. Handelinge, aw, p 620 vv



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

195. Handelinge, aw, p 686

196. Handelinge, aw, p 686

197. Handelinge, aw, p 629 - 634

198. Handelinge, aw, p 634

199. Die AGB het via AKLAS hulle eie aanbevelings rondom *Kerk en Samelewing* wat voor die Algemene Sinode van 1990 sal dien.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BRONNELYS

## I *ARGIVALE BRONNE*

### A <u>ONGEPUBLISEERDE BRONNE</u>

*Afrikaanse Protestantse Kerk: Argief Lêers*

soos volg gemerk:

2. *Byeenkoms van Beswaarde NG Kerk lidmate in Skilpadsaal op 28 November 1986*: Verslag van Studiekomitee en besluite

3.1 *Voortsettingskomitee;* Vergaderings, notule, verslae

3.2 *Voortsettingskomitee;* Dagbestuur: vergaderings, agendas en notules

3.3 *Voortsettingskomitee;* Lys van beswaarde lidmate

3.4 *Voortsettingskomitee;* Beswaarskrif *"Geloof en Protes"* en voorbereiding vir nuwe kerk

3.5 *Voortsettingskomitee;* Onderhoud met Algemene Sinodale Kommissie van die NGK

4. *Byeenkoms van Beswaarde NG lidmate in Skilpadsaal op 27 Junie 1987:* Besluite

5. *Komitee vir Kerkstigting*: Konstituering en Opdrag

5.1 *Komitee vir Kerkstigting:* Vergaderings, Agendas, Verslae en Notule

5.2 *Komitee vir Kerkstigting:* Dagbestuur: Vergaderings, Agendas en Notule

*Algemene Sinodale Kommissie;* Agenda 1-2 November 1983



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

*Algemene Sinodale Kommissie;* Agenda 18 - 19 Maart 1987

*Algemene Sinodale Kommissie;* Agenda 22 Junie 1987

*Algemene Sinodale Kommissie;* Agenda 23 - 24 November 1987

*Algemene Sinodale Kommissie,* *Korrespondensie* met die *Afrikaanse Protestantse Kerk*, byvoegsel by Agenda van 22 Junie 1987

*Algemene Sinodale Kommissie;* Notule 18 - 19 Maart 1987

*Algemene Sinodale Kommissie;* Notule 22 Julie 1987

*Algemene Sinodale Kommissie;* Notule 23 - 24 November 1987

*Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie;* Notule 31 Augustus 1987

*Dosente Raad van die Teologiese Fakulteit,* Universiteit van Pretoria: Korrespondensie: Brief van ds GJC Venter namens die Kuratoruim aan die Dosente Raad, November 1980

*Hersieningskommissie;* *Ras, Volk en Nasie*; Bylae 1982

*Hersieningskommissie;* *Ras, Volk en Nasie*; Verslag van die Oorsese Deputasie aan die Breë Moderatuur 1979



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Samekoms van Beswaarde NG Kerklidmate:* 28/11/1986: Pretoria - Program

*Die Afrikaanse Protestantse Kerk:* Leidrade vir Voorgangers by Stigting van 'n Gemeente

B GEPUBLISEERDE BRONNE

1. *Nederduitse Gereformeerde Kerke*

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in die *OVS*, *1960*

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in *Suid-Afrika*, *1961*

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in *Transvaal*, *1961*

Handelinge van die *Raad* Ned. Geref. Kerk, *1961*

Handelinge van die *Algemene Sinode* van die Ned. Geref. Kerk, *1966*

Handelinge van die *Algemene Sinode* van die Ned. Geref. Kerk, *1970*

Handelinge van die *Algemene Sinode* van die Ned. Geref. Kerk, *1974*

Handelinge van die *Algemene Sinode* van die Ned. Geref. Kerk, *1978*

Handelinge van die *Algemene Sinode* van die Ned. Geref. Kerk, *1982*

Handelinge van die *Algemene Sinode* van die Ned. Geref. Kerk, *1986*

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in *Suid-Afrika*, *1965*

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in *Suid-Afrika*, *1969*

Handelinge van die *Natalse* Sinode van die Ned. Geref. Kerk, *1975*

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in *Midde-Afrika*, *1975*

Handelinge van die Ned. Geref. Kerk in *Suid-Afrika*, *1975*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Handelinge van die *Noord-Transvaalse* Sinode van die Ned. Geref. Kerk, *1975*

Handelinge van die *Oos-Kaaplandse* Sinode van die Ned. Geref. Kerk, *1975*

Handelinge van die *Suid-Transvaalse* Sinode van die Ned. Geref. Kerk, *1975*

Handelinge van die *Vrystaatse* Sinode van die Ned. Geref. Kerk, *1975*

Handelinge van die *Wes-Transvaalse* Sinode van die Ned. Geref. Kerk, *1975*

Handelinge van die *Noord-Transvaalse* Sinode van die Ned. Geref. Kerk, *1983*

Handelinge van die *Noord-Transvaalse* Sinode van die Ned. Geref. Kerk, *1987*

2. *Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk*

Handelinge van die Ned. Geref. Sendingkerk in Transvaal, *1960*

Handelinge van die Ned. Geref. Sendingkerk, *1978*

Skema van Werksaamhede van die Ned. Geref. Sendingkerk, *1982*

3. *Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode*

Acts of the Reformed Ecumenical Synod, *1972*

Acts of the Reformed Ecumenical Synod, *1976*

Acts of the Reformed Ecumenical Synod, *1980*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Acts of the Reformed Ecumenical Synod, *1984*

Acts of the Reformed Ecumenical Synod, *1988*

4. *Wêreldbond van Gereformeerde Kerke*

Proceedings of the 21st General Council of the World Alliance of Reformed Churches, 1982

5. *Afrikaanse Protestantse Kerk*

Handelinge van die Eerste Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk, 1987

6. *Algemeen*

*Facing the Facts:* The United Kingdom and South Africa - The Report of a Working Party conducted under Chairmanship of the Revd. Peter Wheatly, member of the General Synod for the Diocese of London, and of the International Affairs Committee of the Board for Social Responsibility of the General Synod of the Church of England: 1982

*Konsep: Kerk en Samelewing:* Verslag voorgelê aan die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, 1986

*Switserse Federasie van Protestantse Kerke:*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Bericht der "Arbeitsgruppe Südafrika"* uber die Südafrika - Intiative des Schweizerischen Evangelischen Kirchenbundes, 1976 - 1982

Von Allem, D *Theology - Advocate or Critique of Apartheid?* A critical study of the "Landman Report" (1974) of the Dutch Reformed Church (S.A.) Berne 1977

*Racism in South Africa*: Report on: Consultation of Church Representatives: Published by: The South African Council af Churches

II *PERIODIEKE PUBLIKASIES*

Die Afrikaner, 1980; 1986

The Argus, 1974; 1984

Beeld, 1981 - 1984; 1986 - 1987

Die Bondgetuie, 1988

Die Boodskapper, 1987

Die Burger, 1974; 1980; 1982 - 1986

Business Day, 1986

The Citizen, 1986

The Daily News, 1981; 1986

De Kat, Julie 1990

DRC Africa News, Vol 4 1979

The Ecumenical Review, October 1960



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstad, 1982

Jaarboek: Afrikaanse Protestantse Kerk, 1990

Die Kerkbode, 1975 - 1987

Kerk en Volk, 1987

Die Ligdraer, 1982; 1984 - 1986

NGTT, Junie 1961

Die Patriot, 1986

Pretoria News, 1986

Rand Daily Mail, 1980

Rapport, 1980; 1984; 1986

Sowetan, 1986

The Star, 1981; 1986

Die Transvaler, 1974 - 1987

Tydskrif vir Geesteswetenskappe; Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Maart 1985

Die Vaderland, 1982; 1984; 1986

Die Volksblad, 1980; 1984; 1986; 1987

## III *PAMFLETTE*

*Waarom moes die Afrikaanse Protestantse Kerk gestig word?*:

opgestel deur ds A Boshoff

*Ontmoet die APK*:

opgestel deur die VK en goedgekeur deur die sinode van die APK 1987



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Die getuienis van 193*: uitgereik na afloop van die Silverton-byeenkoms in 1983

## IV *ALGEMENE LITERATUUR*

Adonis, JC 1982 — *Die Afgebreekte Skeidsmuur weer opgebou*
Amsterdam: Ropodi

Algemene Sinode: NGK 1975 — *Ras, Volk en Nasie en Volkere Verhoudinge in die lig van die Skrif*

Algemene Sinode: NGK 1986 — *Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk*

Bax, DS — *A Different Gospel: A Critique of the Theology behind Apartheid*
Johannesburg: Presbyterian Church of South Africa



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Boesak, A
1984
*Black and Reformed: Apartheid, Liberation and the Calvinist Tradition - Black Theology Series no 2*
Braamfontein: Skotaville Publishers

Bosch, DJ; König, A; Nicol WD (reds)
1982
*Perspektief op die Ope Brief*
Kaapstad: Human & Rousseau

Boshoff, CWH
1976
*Kerklike verhoudinge in die Nederduitse Gereformeerde Kerk*
Pretoria: NG Kerkboekhandel

Boshoff, CWH
1987
*Kerk en Samelewing in Oënskou, Kommentaar en Kritiek*
Pretoria: V&R Drukkery

Botha, AJ
1986
*Die Evolusie van 'n Volksteologie*: Teks en Konteks no 4
Universiteit van Wes-Kaapland



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brink, CB
1957
*Die Kerk en die Rassevraag-stuk*
Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers

Carr, EH
1986
*What is History?*
London: Macmillian

Cloete, GD; Smit, DJ
1984
*'n Oomblik van Waarheid*
Kaapstad: Tafelberg

Cottesloe Consultation sp
1960
*The Report of the Consultation among South African member churches of World Council of Churches.*

De Gruchy, JW
1979
*The Church struggle in South Africa*
Cape Town: David Philip Publishers

Crafford, D
1982
*Aan God die Dank Deel 1*
Pretoria: Transvaal: NG Kerkboekhandel



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

De Gruchy, JW; Villa-Vicencio, C
1983
*Apartheid is a heresy*
Cape Town: David Philip

De Villiers, E; Kinghorn, J (red)
1984
*Op die Skaal: gemengde huwelike en ontug*
Kaapstad: Tafelberg

De Vleeschauwer, HJ
1960
*Handleiding by die Wetenskaplike Tegniek*
Johannesburg: Voortrekkerpers

Engelbrecht, B
1982
*Ter wille van Hierdie Wêreld: Politiek en Christelike heilsbeskouing in Suid-Afrika*
Kaapstad: Tafelberg

Esterhuyse, WP
1988
*Broeders buite Hoor-afstand*
Kaapstad: Tafelberg

Fourie, DCG
1986
*Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*
Pretoria: Transvaal: NG



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kerkboekhandel

Gaum, F 1981 — *Die kerk en die toekoms van Suid-Afrika* Pretoria: Transvaal: NG Kerkboekhandel

Geldenhuys, O'Brien FE 1982 — *In die Stroomversnellings* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk

Groenewald, EP 1961 — *Die Transvaalse kerk en die Cottesloe-beraad* NGTT, Junie p 142

Heyns, JA 1989 — *Teologiese Etiek 2/2* Pretoria: NG Kerkboekhandel 1988 (EDMS) BPK

Hofmeyr, JW 1981 — *Die Hervormingsdaggetuienis: Terugblik en Evaluering* Die Kerkbode: 4 November p 8 - 9



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kinghorn, J (red) 1986 — *Die NG Kerk en Apartheid* Johannesburg: MacMillian

König, A 1987 — *Super-apartheid in die kerk: Die oortuigings van die beswaardes volgens :Geloof en Protes* Pretoria: Transvaal: NG Kerkboekhandel

Leach, G 1989 — *The Afrikaners, Their Last Great Trek* Johannesburg: Southern Book publishers

Lombard, RTJ 1981 — *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en Rassepolitiek met spesiale verwysing na die jare 1948 - 1961* Pretoria: NG Kerkboekhandel

Loubser, JA 1987 — *The Apartheid Bible - a Critical Review of Racial Theology in South Africa*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cape Town: Maskew Miller Longman

Luckhoff, AH 1978 — *Cottesloe* Kaapstad: Tafelberg

Marais, JC 1986 — *Die NG Kerk en die regverdiging van Apartheid* Sovenga: Stofberg Teologiese Skool

Meiring, PGJ 1977 — *Die Kerk op pad na 2000* Kaapstad: Tafelberg

Meiring, PGJ; Lederle, HI 1979 — *Die Eenheid van die Kerk* Kaapstad, Tafelberg

Orsmond, J 1988 — *Die Beswaardes en die Afskeiding van Beswaarde lidmate vanaf die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1987 en die Regsgrondigheid daarvan* Ongepubliseerde BD Skripsie, UP



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Pelser, AN (red) *Verwoerd aan die Woord*
1963 Johannesburg

Scholtz, A *The Story of Allan Boesak*
1989 Herford: Verlag Busse

Smith, NJ; O'Brien Geldenhuys, FE; Meiring, PGJ *Storm-kompas: Opstelle op soek na 'n suiwerkoers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig*
1981 Kaapstad: Tafelberg

Steenkamp, JJ *Die Wêreldraad van Kerke se bemoeienis met die Rasse-vraagstuk in Suid-Afrika 'n Histories-analitiese oorsig van die periode 1950 - 1970*
1987 Ongepubliseerde DD Proefskrif UP

Serfontein, JHP *Apartheid, Change and the NG Kerk*
1982 Johannesburg: Taurus



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Strauss, PJ 1983 — *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland - betrekkinge rondom die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk* Pretoria: Ongepubliseerde DD proefskrif

Strauss, SA 1987 — *"Kerk en Samelewing" blootgelê* Pretoria: SACUM

Treurnicht, AP 1965 — *Op die Keper* Kaapstad: Tafelberg

Van den Berg, AE 1988 — *Moeder ek kla u aan* Pretoria: Piet Roodt Drukkers

Van der Merwe, PJ 1972 — *Die Bronnelys en Voetnote* Kaapstad: Tafelberg-uitgewers



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Van der Merwe, WJ 1985 *Die Pad Vorentoe: Die NG familie se strewe na eenheid* Kaapstad: NG Kerk-uitgewers

Van der Watt, PB 1975 *Gedagtes rondom 'n Kontemporêre Kerkgeskiedenis - Met besondere verwysings na die Ned. Geref. Kerk* Pretoria: Universiteit van Pretoria

Van der Watt, PB 1977 *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834 - 1899* Pretoria: NG Kerkboekhandel

Van der Watt, PB 1987 *Die Ned Geref Kerk 1905 - 1975* Pretoria: Transvaal: NG Kerkboekhandel

Van Loggerenberg, NJ *Quo Vadis I: Kerk en Samelewing (Nederduitse Gereformeerde Kerk) waarheen?* Pretoria



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verhoef, PA
1987
*Kerk en Samelewing, Wat sê die Ou Testament*
Kaapstad: NG Kerk-uitgewers

Viljoen, AC (red)
1979
*Ekumene onder die Suiderkruis*
Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika

Voortsettingskomitee
1987
*Geloof en Protes: 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing"*
Pretoria: Aurora

Vorster, JD (red)
1978
*Veelvormigheid en Eenheid*
Kaapstad: NG Kerk-uitgewers

Vorster, WS (red)
1978
*Kerk en Samelewing - Verrigtinge van die eerste simposium van die Instituut vir Teologiese Navorsing (Unisa) gehou te Pretoria by die Universiteit van Suid-Afrika op 20 en 21 September 1977*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika

Wethmar, CJ; Vos CJA (reds) 1988 — *'n Woord op sy tyd* Pretoria: NG Kerkboekhandel

V *PERSOONLIKE ONDERHOUDE*

| | |
|---|---|
| Adonis, JC | 26 Junie 1990 |
| Borchardt, CFA | 15 Mei 1990 |
| Boshoff, CWH | 26 Julie 1990 |
| Botha, AJ | 27 Junie 1990 |
| Durand, JJF | 26 Junie 1990 |
| Heyns, JA | 25 Mei en 27 Augustus 1990 |
| Jonker, WD | 27 Junie 1990 |
| Mentor, IJ | 25 Junie 1990 |
| Nicol, W | 5 Junie 1990 |
| Van Loggerenberg, NJ | 10 Augustus 1990 |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SAMEVATTING

## "RAS, VOLK EN NASIE" EN "KERK EN SAMELEWING" AS BELEIDSTUKKE VAN DIE NED. GEREF. KERK - *'N KERK-HISTORIESE STUDIE*

DEUR

JOHAN MATTHYS VAN DER MERWE

PROMOTOR: PROF DR PB VAN DER WATT

DEPARTEMENT: KERKGESKIEDENIS, FAKULTEIT TEOLOGIE AFDELING B, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, SUID-AFRIKA

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN 'N DEEL VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD DOCTOR DIVINITATIS

PRETORIA SEPTEMBER 1990

Die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk (NGK) draai sedert 1960 om twee belangrike hoofmomente - die publikasie van twee beleid-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stukke: *Ras, Volk en Nasie* (RVN) 1974 en *Kerk en Samelewing* (KES) 1986.

Na afloop van die historiese *Cottesloe-beraad* in 1960 is die NGK met kritieke vrae rondom die rassekwessie gekonfronteer. Vir 14 jaar het die kerk via verskillende sinodes met hierdie vraagstuk geworstel voordat 'n antwoord in 1974 gereed was: *Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*. Binne sowel as buite Suid-Afrika het die kerk hom egter vasgeloop teen geweldige kritiek op hierdie standpunt. Dit was teen 1979 duidelik dat die kerk hom in 'n doodloopstraat bevind het.

Dit was egter nie alleen die kritiek op sy beleid wat die kerk weer laat dink het nie. Vanaf 1980 tot 1982 het vier belangrike gebeurtenisse plaasgevind wat soos impulse op die kerk ingewerk het. Dit was die *Hervormingsdaggetuienis*, die *Ope Brief*, die Vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in *Ottawa* en die aanvaarding van 'n *Belhar-belydenis* deur die Ned. Geref. Sendingkerk. Hierdie gebeure het met woord en daad gehelp dat die kerk in 1982 'n historiese besluit kon neem, naamlik om RVN te hersien.

Na vier jaar van hernude Skrifstudie en diskussie het 'n konsepverslag in 1986 voor die Algemene Sinode gedien, waar dit aanvaar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

is onder die titel: *Kerk en Samelewing - 'n Getuienis van die Ned. Geref. Kerk.* Oop kerkdeure, oop lidmaatskap, en die veroordeling van apartheid as sonde het duidelik getoon dat die kerk 'n totaal nuwe koers ingeslaan het - met tragiese gevolge!

Die beroering wat binne die kerk losgebars het, het binne maande in omvang gegroei, en op 27 Junie 1987 het 'n groep lidmate van die kerk weggebreek om die Afrikaanse Protestantse Kerk te stig. Hierdie gebeure en die stigting van die *Ned. Geref. Bond* het die NGK by die eerste kruispad op sy nuut ingeslane weg gebring!



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

*"Human Relations and the South African scene in the light of Scripture" (HR)* 1974 and *"Church and Society" (CS)* 1986.

After the historic *Cottesloe-consultation* in 1960, the DRC was confronted with critical questions on the racial dispute. For 14 years, the church struggled with the matter via different synods till an answer was provided: *"Human Relations and the South African scene in the light of Scripture".* But in South Africa as well as abroad the church was met with severe criticism on this point of view. By 1979 it was clear that the church found itself at a dead end.

However, it wasn't only the criticism on its policy that made the church rethink matters. From 1980 - 1982 four important events affected the church. They were the *"Reformed Day Witness"*, the *"Open Letter"*, the *Meeting of the World Alliance of Reformed Churches,* 1982 and the acceptance of the *Belhar-confession* by the Dutch Reformed Mission Church. These events helped the church in making an historic decision, namely to revise HR.

After four years of renewed study of the Bible and discussion a draft report was lain before the General Synod, where it was accepted under the title: *"Church and Society: a Witness of the Dutch Reformed Church".* Open doors, open membership and the condemnation of discriminating apartheid as a sin showed clearly



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

that the church followed a complete new line of action - with tragic consequences!

The perturbation that was caused in the church, grew within months and on 27 June 1987 a group of members broke away from the church to establish the "Afrikaanse Protestantse Kerk". These events and the foundation of the "Ned. Geref. Bond" brought the DRC to the first cross-road on its new course!



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012